# AGENDA

## vir die 14de vergadering van die

# ALGEMENE SINODE

## van die

# NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

**BIRCHWOOD KONFERENSIESENTRUM, BOKSBURG**
**Maandag 10 tot Vrydag 14 Oktober 2011**

# ROEPINGSVERKLARING

## van die Nederduitse Gereformeerde Kerk

## 2007

Ons besef opnuut God roep die NG Kerk deur sy Woord en Gees om aan Hom te behoort. Christus, die Hoof van die kerk, stuur ons om ons roeping te gehoorsaam en ons daaraan toe te wy:

(a) *Om met 'n leerbare gees die wil van God deur sy Woord te leer ken en uit te leef in die uitdagende en komplekse wêreld waarin ons lewe.*
Ons is daarvan oortuig dat slegs die evangelie van Jesus Christus mense op die pad van verlossing, versoening en lewende hoop plaas. Daarom wil ons die Woord van die Here tydig en ontydig verkondig, as profete optree en oral getuienis aflê van die hoop wat in ons leef.

(b) *Om voortdurend in liefde na mekaar te luister en in ons vertroue van mekaar te groei.*
Bewus van ons diversiteit, verbind ons ons aan groter eenheid tussen gemeentes, aan die hereniging van die kerkfamilie, asook aan die versterking van ons ekumeniese bande. Ons wil graag met alle ander Christene saamwerk om veilige ruimtes te skep waarbinne ons eerlik met mekaar kan praat en bly praat.

(c) *Om in deernis met ander saam te leef.*
Ons word deur God geroep as deel van sy liggaam in Afrika. Ons is dankbaar vir alle positiewe ontwikkelinge op ons kontinent, waaronder die snelle groei van die Christelike geloof. Daar is ook vele tragiese verhale van geweld, misdaad, armoede, hongersnood en die gevolge van MIV-Vigs. Ons betuig ons meegevoel aan die talle slagoffers hiervan en wil meewerk aan genesing vir mens, dier en omgewing. God roep en stuur sy kerk om 'n verskil te maak. Ons verseker alle owerhede van ons voorbidding.

(d) *Om met openheid onvoorwaardelik diensbaar te wees in die wêreld.*
Ons wil graag met alle ander Christene hande vat om ons samelewings op te bou en pynlike omstandighede te verlig. Ons wil mekaar as gemeentes en leiers met liefde aanspoor, begelei en toerus om by die genesing van ons lande betrokke te raak. Ons is beskikbaar en is verbind tot diens aan gemeenskappe. Ons dank die Here vir die toewyding van lidmate en die talle positiewe aksies waarvan ons oral hoor. As gestuurde gelowiges is ons sout van die aarde en lig vir die wêreld. Ons staan in diens van die koms van God se koninkryk.

Ons buig voor die Here. Ons is hier. Ons is sy kerk. Ons is gestuurdes.

Aan God al die eer.

# VOORWOORD

Die veertiende vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vind plaas in die jaar voor die Algemene Sinode in 2012 50 jaar oud sal wees. Hierdie tyd 50 jaar gelede het die NG Kerke in die Raad van Kerke reeds begin sien dat die droom van een kerkverband nie net 'n droom sal bly nie – dit was om die draai! Lees mens die geskiedenis word jy geraak deur die onvermoeide werk deur so baie jare – selfs die deurvoer van 'n wet deur die parlement om die een kerkverband moontlik te maak – ter wille van hierdie kerkverband.

Ons vergader in 'n tyd waar daar vrae is oor hierdie kerkverband en kerkverband per se. Daar is ook bepaalde verwagtinge, soms onrealisties en onprakties, ten opsigte van hierdie kerkverband se Algemene Sinode. Sommige mense, binne en buite die kerk, gee baie hoog op oor die vergadering van die Algemene Sinode asof dit die plek is waar die towerstaffie is, waar alle probleme opgelos word en waar ewigheidsuitsprake gemaak word. Ander weer dink 'n Algemene Sinode het eintlik geen plek nie en ons ivoortoring-gepraat raak nog kant nog wal. Ons moet ook eerlik wees en sê dat daar ook die is wat ons vergadering van 10-14 Oktober 2011 met wantroue bejeën. Na 50 jaar skuld ons mekaar 'n goeie gesprek oor ons siening van en verbintenis tot ons kerkverband. Daar is verskeie punte in die Agenda waar dit op tafel kom.

Hierdie vergadering is een van die vergaderings van 'n *geloofsgemeenskap* bestaande uit gemeentes, ringe en sinodes wat met mekaar ooreengekom het om op 'n bepaalde manier met mekaar op weg te wees. Die 10 sinodes stuur hulle afgevaardigdes na die Algemene Sinode om as *kerkvergadering-in-eie-reg* die sake te hanteer waarop met mekaar ooreengekom is itv Artikel 43 van ons Kerkorde. Ons moet mekaar help om gefokus te bly op die sake wat *hierdie* vergadering se taak is.

As *kerkvergadering* vergader ons met ons oop Bybels in die teenwoordigheid van die Hoof van die Kerk, Jesus Christus ons Here. Ons moet *sy stem* hoor. Ons moet onderskei wat *sy wil* is met betrekking tot die sake in die Agenda én die leiding wat die Algemene Sinode aan die kerkverband moet gee oor ons roeping in ons wêreld. In die verslag van die Agendakommissie word meer gesê oor die wyse waarop die vergadering funksioneer.

Ons *Roepingsverklaring* (2007) dien as noodsaaklike agtergrond vir ons vergadering. Só sien ons op die oomblik ons koers in die land, streek, kontinent en wêreld waar God ons geplaas het.

Met hierdie vergadering gaan die NG Kerk weereens in die kerklike en publieke oog wees. Almal gaan én mag deelneem aan die openbare diskoers oor die vergadering van die Algemene Sinode. Dit gaan deur middel van alle tipe media gebeur. Dit gaan positief en negatief beleef word. As kerk-op-die-markplein is dit deel van die konteks van ons vergadering. Ons is egter een reaksie verskuldig: ons moet met teologiese integriteit verantwoordelike geloofsonderskeiding beoefen ter wille van die eer van die Koning van die Kerk en *sy missie* in die wêreld.

'n Groot dankie aan almal wat meegewerk het aan die voorbereiding met die oog op die Algemene Sinode, ook hierdie Agenda. My gesin verdien besondere dank vir hulle ondersteuning en geduld. Uiteindelik kom alle eer ons Here toe!



**Dr JJ Gerber**
**Algemene Sekretaris van die NG Kerk**

# INHOUDSOPGAWE

## A. VERSLAE

**A.1 AGENDAKOMMISSIE** ........ 10

**A.2 ARGIEF EN BESTUURSINLIGTINGSDIENSTE** ........ 28
Oordrag van die Argief ........ 28
Sentralisering van gemeentelike registers ........ 29
Digitalisering van argivalia ........ 30
Nuwe reglement vir die ATABID ........ 31,33
Reglemente vir die hantering van argief- en museummateriaal/ kerklike registers ........ 31
Argief- en inligtingswetgewing en die NG Kerk ........ 31

**A.3 BEVOEGDHEID** ........ 34
Ampsbevoegdheid ........ 34
Hersiening van hoofstuk 6 van die A tot Z-Beleid ........ 36
Teologiese opleiding ........ 41
Sentralisering van data van persone wat oor bevoegdheid beskik/ sentrale kantoor ........ 43

**A.4 BYBELVERTALING, -VERKLARING EN -VERSPREIDING** ........ 46
Bybelvertaling ........ 46
Bybelverklaring ........ 47
Bybelverspreiding - Bybelgenootskap ........ 48
Algemeen ........ 50

**A.5 DIENS EN GETUIENIS** ........ 51
Ontwikkeling van die VDDG/ verhouding ADD en VDDG ........ 51
Verdere konseptualisering van die begrip "Diens en Getuienis" ........ 52
Gemeentelike ekklesiologie ........ 52
Kerk in konteks ........ 53,59
Evangelisasie ........ 53,64
2010 Fifa Wêreldbekersokkertoernooi ........ 54
Versoening ........ 54
Ekonomiese geregtigheid en armoedebestryding ........ 55
Misdaad en geweld ........ 55
Vennootskappe ........ 56
Kerklike maatskaplike welsynsdienste ........ 56
Christelike Lektuurfonds ........ 57
Hugenote Kollege ........ 57,68
Ekumeniese vennootskappe ........ 57

**A.6 DIENSVERHOUDINGE** ........ 71
Bestuurshandleiding vir Diensverhoudinge ........ 71
Diensooreenkomste en vergoeding van bestuurspersoneel ........ 71
Verlofreglement ........ 71

**A.7 FONDSE** ........ 72
Strukturering van die Algemene Sinode se werksaamhede ........ 72
Beginsels/ beleid vir die pad vorentoe ........ 72
Finansiële bestuursbenadering ........ 72
Personeel en vergaderings ........ 72
Befondsing van begroting ........ 73
Beleggings ........ 73
Bedrae beskikbaar vir die werk van die Algemene Sinode ........ 74
Finansiële state ........ 74
Situasies van die verskillende gemeentes in die verskillende sinodes ........ 74
Advies ivm vergoedingspakket van leraars ........ 74
Koste van die vergadering van die Algemene Sinode ........ 74
Kantoor van die Algemene Sinode ........ 75
Lede van die ATF ........ 75

**A.8 GEMEENTE-ONTWIKKELING** .......... 76
Erediens/ liturgie .......... 76
Prediking .......... 76
Predikantebegeleiding .......... 77,80
    Sabbatstyd .......... 80,84
    Bedieningsvreugde: omvattende model .......... 80,87
Teologiese opleiding .......... 77,88
    Gewysigde Art 5 van die Kerkorde .......... 101
    Reglement vir die Kuratoria vir Teologiese Opleiding .......... 102
    Reglement vir die reëling van die opleiding en legitimasie van Evangeliedienaars .......... 104
    VBO: ooreengekome punte .......... 110
Lidmaatbemagtiging .......... 77,112
Vrouelessenaar .......... 77,115
Nuwe gemeente-ontwikkeling, evangelisasie en kerklos lidmate .......... 77,118
FLAM .......... 78,121
VONKK .......... 78,124
JONK .......... 78,127
Kategesebediening .......... 78,128
Missionale ekklesiologie .......... 78,130
Doopviering .......... 79,142
Klein gemeentes .......... 79,148
Voortsetting van werksaamhede .......... 79

**A.9 KERKLIKE MEDIA** .......... 162
Bediening onder een sambreel .......... 162
Publikasies .......... 162
Elektroniese media .......... 162
Missionêre bedienings .......... 163
Tydskriftemaatskappy .......... 163
Bybel-Media Handel .......... 164
Fondswerwing en bemarking .......... 164
Versending .......... 164
Kategesebediening .......... 164
Hugenote Bybelinstituut .......... 165
Gemeentedienstenetwerk (GDN) .......... 165
Musiekbediening .......... 165
Andrew Murray-prysfonds .......... 165
Kerklike kommunikasie .......... 165
Vigsbediening .......... 165
Bedryf van kerklike media .......... 166

**A.10 LEER EN AKTUELE SAKE** .......... 167
Werkwyse en opdragte .......... 167
HK Vraag en Antwoord 80 en die Roomse Mis .......... 168
Die bediening van bevryding .......... 174
Skrifbeskouing .......... 190
Die huwelik en saamwoon .......... 193
Eietydse verklaring van die Apostolicum .......... Laatstuk

**A.11 MODERAMEN** .......... 206
Funksionering .......... 206
Visionering en roepingsontwikkeling .......... 206
Verhoudingsbou .......... 206
Leiding tov die koördinering van werksaamhede .......... 207
    Strukturering .......... 207,214
    Koördinering van besluite/ opdragte .......... 207
    Algemene Bedieningsfonds .......... 207
Openbare getuienis en skakeling met die owerheid .......... 207
    Zimbabwe .......... 207
    Ontmoeting met dr Frank Chikane .......... 208
    Parlementêre skakeling .......... 208
    Lessenaar vir Publieke Getuienis .......... 208

Geweld en misdaad ........ 208
Onderwys ........ 209,220
Gesprekke met politieke partye ........ 209
Handves van godsdiensregte en vryhede ........ 209
Verkiesings ........ 209
Lanbou/ Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling ........ 209,223
Gesprek met vakbonde ........ 209
Security Services Christian Advisory Board ........ 209
Kommunikasie/ Media ........ 209
Kommunikasiestrategie ........ 209
Strukturering van kerklike media ........ 209
Redakteur Kerkbode ........ 210
Kletskerk ........ 210
Openbare uitsaaier ........ 210
Teologiese besinning/ beleidsvorming ........ 211
Diversiteit ........ 211,228
Ekologie/ ‘n Teologie van die aarde ........ 211
Ekonomiese geregtigheid ........ 211
Saamwoon ........ 212
Doop en Doopviering ........ 212
Evolusie/ Kerk en Wetenskap ........ 212
Kerkhereniging ........ 212,239
Ekumene ........ 212,250
Seisoen van Luister ........ 212,262
Navorsing ........ 213,266
Algemene Sinode 2011 ........ 213
Bestuursake ........ 213
Spoedeisende sake ........ 213

**A.12 REGTE** ........ 269
Ekklesiologiese gespreksdokument ........ 269
Nuwe gemeente-ontwikkeling ........ 269
Beskrywingspunt B.1.2 Algemene Sinode 2007 ........ 269
Artikel 48.2 ........ 270
Approbasie by belydeniswysiging en/ of kerkeenheid ........ 270
Regsadvies tov kerkvereniging ........ 271
Kerklike tribunale/ tug en dissipline ........ 271
Predikante A tot Z/ Algemene Bevoegdheidsraad ........ 275
Sabbatsjaar vir predikante ........ 279
Bedieningsbevoegdheid ........ 279
Bevoegdheid van proponente tov die sakramente ........ 279
Kontrakposte/ termynposte ........ 280
Alternatiewe bane (teologiese opleiding) ........ 281
Jeugbediening ........ 282
Jeugwerkers ........ 282
Lidmaatbemagtiging ........ 282
Kerklike tug ........ 282
Inskakeling oor gemeentegrense ........ 283
Bevoegdheid van geestelike werkers ........ 283
Vrywaring van aanspreeklikheid ........ 283
Argief- en inligtingswetgewing ........ 283
Verenigde Diensgroep Diens en Getuienis ........ 284
Verkiesing van die Moderatuur ........ 284
Hersiening van reglemente ........ 284
Verlofreëlings ........ 284
Werking van die sinode ........ 285
Bevoegdheidsaangeleenthede ........ 285
Ander sake waaraan die ATR aandag gegee het ........ 285
Hersiening van die Kerkorde ........ 286

**B. BESKRYWINGSPUNTE** ........ 291

# AFKORTINGS

## A

| | |
|---|---|
| AACC | All Africa Conference of Churches |
| ABF | Algemene Bedieningsfonds |
| ABID | Argief- en Bestuursinligtingsdienste |
| ABR | Algemene Bevoegdheidsraad |
| ACK | Afrikaanse Christen Kerk |
| ADD | Algemene Diensgroep Diens en Getuienis |
| ADGO | Algemene Diensgroep Gemeente-ontwikkeling |
| AGS | Apostoliese Geloofsending |
| AJK | Algemene Jeugkommissie |
| APK | Afrikaanse Protestantse Kerk |
| ARCA | Alliance of Reformed Churches in Africa |
| ASGISA | Accelerated and Shared Growth Initiative for South Africa |
| ASM | Algemene Sinodale Moderamen |
| ATABID | Algemene Taakspan Argief- en Bestuursinligtingsdienste |
| ATBV | Algemene Taakspan Bybelvertaling |
| ATDV | Algemene Taakspan Diensverhoudinge |
| ATF | Algemene Taakspan Fondse |
| ATKM | Algemene Taakspan Kerklike Media |
| ATLAS | Algemene Taakspan Leer en Aktuele Sake |
| ATR | Algemene Taakspan Regte |

## B

| | |
|---|---|
| Bep | Bepaling |
| BIG | Basiese Inkomste Toelaag (Basic Income Grant) |
| BM | Bybel-Media |
| BSA | Bybelgenootskap van Suid-Afrika |

## C

| | |
|---|---|
| CABSA | Christen Vigsburo vir Suidelike Afrika |
| CAD | Christelike Afhanklikheidsdiens |
| CCAP | Church of Central Africa Presbyterian |
| CEC | Evangelical Community in the Congo |
| CPK | Calvyn Protestantse Kerk |
| CLF | Christelike Lektuurfonds |
| CMR | Christelike Maatskaplike Raad |
| CRCA | Communion of Reformed Churches in Africa |
| CRCA | Christian Reformed Churches of Australia |
| CRCNA | Christian Reformed Church in North America |
| CRWRC | Christian Reformed World Relief Committee |
| CUM | Christelike Uitgewersmaatskappy |

## D

| | |
|---|---|
| DL | Dordtse Leerreëls |
| DRC | Dutch Reformed Church (NGK) |
| DRCB | Dutch Reformed Church in Botswana |
| DVK | Diensverhoudingkommisie |

## F

| | |
|---|---|
| FIM | Forum for Intercultural Missionaries |
| FJKM | Church of Jesus Christ in Madagaskar |
| FLAM | Eietydse Musiekbediening |

## G

| | |
|---|---|
| GCF | Global Christian Forum |
| GDN | Gemeentedienstenetwerk |
| GEKA | Gereformeerde Evangeliese Kerk van Australië |
| GER | (REC) Gereformeerde Ekumeniese Raad |
| GISA | Ginealogiese Instituut van Suid-Afrika |
| GKSA | Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika |

## H

| | |
|---|---|
| HK | Hugenote Kollege |
| HK | Heidelbergse Kategismus |

## I

| | |
|---|---|
| IFAPA | Inter-faith Action for Peace in Africa |
| IFRB | Independent Forum for Religious Broadcasting |
| IKOO | Interkerklike Kommissie vir Opvoeding en Onderwys |
| ISWEN | Instituut vir Sendingwetenskaplike Navorsing |

## J

| | |
|---|---|
| JONK | Jeugbediening van die NG Kerk |

## K

| | |
|---|---|
| KBB | Kommissie vir Buitelandse Bediening |
| KJWV | Kerklike Jeugwerkersvereniging |
| KO | Kerkorde |

## L

| | |
|---|---|
| LPG | Lessenaar vir Publieke getuienis |
| LXX | Septuaginta |

## N

| | |
|---|---|
| NAV | Nuwe Afrikaanse Vertaling |
| NBI | Nehemia Bybelinstituut |
| NBO | Nuwe Bedieningsontwikkeling |
| NDR | Nasionale Demokratiese Revolusie |
| NEK | Nuwe Gemeente-ontwikkeling, Evangelisasie, Kerkplanting |
| NGB | Nederlandse Geloofsbelydenis |
| NG Kerk | Nederduitse Gereformeerde Kerk |
| NGKA | (DRCA) Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika |
| NGKU | NG Kerk Uitgewers |
| NGSK | NG Sendingkerk |
| NGO | Nuwe Gemeente-ontwikkeling |
| NGTT | Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif |
| NHK | Nederduitsch Hervormde Kerk |
| NRLF | National Religious Leaders Forum |
| NT | Nuwe Testament |

**O**

| | |
|---|---|
| OT | Ou Testament |

**P**

| | |
|---|---|
| PASD | Predikant in Algemene Sinodale Diens |
| PCUSA | Presbyterian Chuch in the USA |
| PKN | Protestantse Kerk in Nederland |
| PL | Parlementêre Lessenaar |
| Prim | Primarius |
| PSD | Predikant in Sinodale Diens |

**R**

| | |
|---|---|
| REC | (GER) Reformed Ecumenical Council |
| RCA | Reformed Church in Africa |
| RCEA | Reformed Church in East Africa |
| RCH | Reformed Church in Hungary |
| RCJ | Reformed Church in Japan |

**S**

| | |
|---|---|
| SAARC | Southern African Alliance of Reformed Churches |
| SAKOV | Suid-Afrikaanse Kerkorrelistevereniging |
| SACLA | South African Christian Leadership Assembly |
| SAKV | Suid-Afrikaanse Koorvereniging |
| SAPD | Suid-Afrikaanse Polisiediens |
| SARK | Suid-Afrikaanse Raad van Kerke |
| Sek/Sec | Sekundus/Sekundi |
| SKB | Sentrum vir Kontekstuele Bediening |
| STDV | Sinodale Taakspan Diensverhoudinge |

**T**

| | |
|---|---|
| TEASA | The Evangelical Alliance of South Africa |
| TIW | Toerustingsburo vir Interkerklike Werkers |
| TM | Tydskriftemaatskappy |
| TKK | Tussenkerklike Kommissie |
| TKR | Tussenkerklike Raad |
| TSO | Teologiese Studente Opleiding |

**U**

| | |
|---|---|
| UCA | Uniting Church in Australia |
| UMSW | Uniting Ministry for Service and Witness |
| UP | Universiteit Pretoria |
| UPCSA | Uniting Presbyterian Church in Southern Africa |
| URCSA | Uniting Reformed Church in Southern Africa |
| US | Universiteit Stellenbosch |
| UV | Universiteit Vrystaat |

**V**

| | |
|---|---|
| VBO | Voortgesette Bedieningsontwikkeling |
| VCSV | Verenigende Christelike Studentever-eniging |
| VDDG | Verenigde Diensgroep Diens en Getuienis |
| VDM | Verbi Divini Minister (Bedienaar van die Goddelike Woord) |
| VGKSA | (URCSA) Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika |
| VONKK | |
| VTO | Voortgestette Teologiese Opleiding |

**W**

| | |
|---|---|
| WARC | World Alliance of Reformed Churches |
| WBG | Wêreldbond van Bybelgenootskappe |
| WBGK | (WARC) Wêreldbond van Gereformeerde Kerke |
| WCRC | World Communion of Reformed Churches |
| WGGK | Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke |
| WRF | World Reformed Fellowship |
| WRK | (WCC) Wêreldraad van Kerke |
| WVK | Waarheids- en Versoeningskommissie |

# A. VERSLAE

# A.1 AGENDAKOMMISSIE

## 1. OPDRAG

**1.1 Reglement 15 pt 3.1:** *Die Kommissie vir die Agenda word deur die Moderamen saamgestel…*
Die Moderamen het besluit om 'n Ontwerpspan saam te stel wat die beplanning vir die Algemene Sinode sal doen. Die Ontwerpspan het aan die Moderatuur/ Moderamen verslag gedoen van sy werksaamhede.

**1.2 Personeel**
Die personeel was die volgende: dr Kobus Gerber (sameroeper), me Rinel Hugo (Kantoor- en prokekbestuurder van die Algemene Sinode), dr Ferdie Clasen, di Nelis J van Rensburg, Willie van der Merwe, Nico J van Rensburg, Norma Rossouw, Cobus van Wyngaard, Pieter Raath, Johan Brink, mee Ester Steyn, Hermien Bezuidenhout, Francine van Niekerk en mnr Gerhard Potgieter.

## 2. PLEK EN DATUM VAN SINODE

**2.1 Datum**
Die Moderamen het by die vergadering van September 2007 die datum vir die Veertiende Algemene Sinode bepaal vir 10-14 Oktober 2011.

**2.2 Kennisgewing**
Skribas en saakgelastigdes van die tien sinodes is op 21 Februarie 2011 kennis gegee van die vergadering asook voorsien van die noodsaaklike inligting soos dit in die Reglement vir Orde vermeld word.

**2.3 Gasheersinode**
Die Moderamen het in Junie 2009 goedgekeur dat die Sinode van Wes-Transvaal as gasheersinode vir die Veertiende Algemene Sinode optree.

**2.4 Plek**
Die Moderamen het in November 2010 besluit om die Algemene Sinode by die Birchwood Konferensiesentrum te Boksburg, naby die OR Tambo Internasionale Lughawe, te hou.

## 3. AFGEVAARDIGDES

**3.1** Die name van die afgevaardigde predikante en ouderlinge/diakens (met sekundi) verskyn in die lys van afgevaardigdes in die Agendaboek.
**3.2** In ooreenstemming met Reglement 15 pt 1.2 berus hierdie lys op die gesamentlike geloofsbriewe wat deur die skribas van sinodes ingedien is op grond van Kerkorde Art 38.2.1 tot 38.2.3. Die berekening verskyn ook in die Agendaboek. Die berekening is deur die Moderamen goedgekeur.
**3.3** Die dosenterade van die drie Teologiese Fakulteite is adviserend teenwoordig (Kerkorde Art 38.3).
**3.4** Aan die predikante in algemene sinodale en in sinodale diens, sowel as aan skribas van permanente kommissies en amptenare van soortgelyke status wat mede-verantwoordelikheid dra vir verslae wat voor die Algemene Sinode dien, en wat nie afgevaardigdes na die Algemene Sinode is nie, word reg van sitting met adviserende stem verleen wanneer daardie verslae en sake wat hulle werk raak, behandel word.
**3.5 Alle wysigings van die lys afgevaardigdes moet tydens registrasie op Maandag 10 Oktober 2011 voor 13:00 by die Algemene Sekretaris, dr Kobus Gerber, ingehandig word**.
**3.6** Plekke word gereserveer vir die ekumeniese verteenwoordigers en besoekers wat die Moderatuur/ Moderamen uitgenooi het.
**3.7** 'n Beperkte getal sitplekke is beskikbaar vir besoekers.

## 4. REGISTRASIE

**4.1** Die registrasie van afgevaardigdes vind **Maandagoggend 10 Oktober 2011 vanaf 09:00 tot 13:00** plaas in die lokaal soos aangedui in die omsendskrywe aan elke afgevaardigde.
**4.2** Elke sinodeskriba is verantwoordelik vir die registrasie van die betrokke sinode se afvaardiging.
**4.3** Afgevaardigdes ontvang naamkaartjies wat hulle deurgaans as identiteitskaartjies moet dra.

## 5. VERBLYF

**5.1** Sinodes is versoek om verblyfbehoeftes aan te dui binne die raamwerk van die konferensiepakket wat beding is.
**5.2** Kamerindelings word in oorleg met die sinodes gedoen.
**5.3** Kamernommers word tydens registrasie voorsien.

## 6. OPENINGSGELEENTHEID

Die Openingsliturgie wat Maandagmiddag 10 Oktober 2011 om 14:00 plaasvind, is die amptelike opening van die Algemene Sinode. Die geleentheid word gereël en aangebied soos deur die Ontwerpspan ooreengekom met die Sinode van Wes-Transvaal.

## 7. KONSTITUERING

**7.1** Die afgevaardigde **leraar met die langste diens**, wat die oudste in jare is, neem die konstituering van die Algemene Sinode waar (vgl Reglement van Orde 1.1). Die leraar se naam verskyn in die *laatstukke*.
**7.2** Hy/ sy doen die konstituering as deel van die openingsliturgie.

## 8. SITTINGSTYE

Die sittingstye word in die *Werkskema* weergegee.

## 9. VERLOF EN PERSONEELVERANDERINGS

**9.1** 'n Dringende beroep word op elke afgevaardigde gedoen om die hele tyd teenwoordig te wees. Elke sinode tref self reëlings ten opsigte van die verlof van sy afgevaardigdes. Elke sinode se skriba hanteer die gewone verlofaansoeke van sy afgevaardigdes. Die betrokke sinode kan ook iemand anders vir hierdie doel aanwys.
**9.2** Die betrokke skriba moet alle personeelveranderings aan die Notulekommissie deurgee vir plasing in die notule.
**9.3** Die sameroeper van die Steunspan moet toesien dat die kworum van die vergadering nie in gedrang kom nie.

## 10. ANDER REËLINGS

**10.1 Vervoer**
Lug-/padvervoer van groepe is deur die kantoor van die Algemene Sinode en sinodes gereël/gekoördineer. Sinodes is ook versoek om te reël dat afgevaardigdes wat per motor kom, saamry ter wille van kostes. Afgevaardigdes wat per vliegtuig kom, word deur Birchwood se pendelbussies van en na die OR Tambo Internasionale Lughawe vervoer.
**10.2 Sitplekindeling**
**10.2.1** Afgevaardiges word by ronde tafels geplaas. Die spesifieke tafelnommer word aangedui op die naamkaartjie.
**10.2.2** Indien 'n sekundus ná die verskyning van die Agenda (en tydens die vergadering) opgeroep word, neem hy/sy sy/haar sitplek in op die naam van die primarius wat hy/sy vervang.
**10.3 Mikrofone**
Staanmikrofone word orals in die saal opgerig. Indien iemand 'n spreekbeurt wil hê, moet hy/sy betyds na die mikrofoon beweeg.
**10.4 Parkering**
Daar is genoeg parkering by die wooneenhede. Alles op die terrein is binne loopafstand.
**10.5 Dienstafel**
'n Dienstafel word tydens die sitting ingerig met voltydse personeel. Hier kan afgevaardigdes boodskappe ontvang en stuur en algemene inligting, posdienste en reisinligting verkry. Daar word ook voorsiening gemaak vir internettoegang en e-posfasiliteite. Die ligging van die Dienstafel verskyn in die inligtingstuk wat tydens registrasie voorsien word.
**10.6 Administrasiekantoor**
'n Administrasiekantoor word ingerig om aandag te gee aan al die nodige administrasie.
**10.7 Etes en verversings**
**10.7.1** Alle etes vir alle afgevaardigdes word bedien soos aangedui op die inligtingstuk wat tydens registrasie verskaf word. Afgevaardigdes kan nie op sinodekoste elders gaan eet nie.
**10.7.2** Tee/koffie en verversings word bedien soos aangedui op die inligtingstuk.
**10.8 Uitstallings**
**10.8.1** ‘n Aantal instansies stal hulle werksaamhede en produkte uit. Hulle het vooraf toestemming daartoe verkry.
**10.8.2 Geen ander boeke, pamflette, artikels, ware, ensovoorts mag op enige plek op die terrein uitgestal, verhandel of uitgedeel word nie, of enige opname van die verrigtinge gemaak word behalwe met vooraf-goedkeuring deur die Moderatuur.**
**10.9 Mediese dienste**
Enige persoon wat dringend mediese hulp nodig het, kan navraag doen by die Dienstafel.
**10.10 Media**
Die Algemene Sinode is ‘n oop vergadering tensy per geleentheid anders ter vergadering gereël word. Die pers is welkom by die Sinode.
**10.11 Bring asseblief saam**
**Afgevaardigdes moet die Bybel, die *Liedboek van die Kerk* en die jongste uitgawe van die Kerkorde (2007) met hulle saambring.**
**10.12 Kleredrag**
Kleredrag word oorgelaat aan die eie diskresie van elke afgevaardigde. Die aanbeveling is netjies-informeel.
**10.13 Besoekers**
***1** Ons werk met twee kategorieë van besoekers: die wat volledig vir die hele tyd daar is (Besoekers wat die sitting volledig wil bywoon moet asseblief met hulle sinodes onderhandel – ook tov hulle registrasie en die

betaling van hulle koste) en besoekers wat net bloot kom inloer/bysit vir sekere verslae. Laasgenoemde aanvaar volledig verantwoordelikheid vir eie verversings en etes by nabygeleë eetplekke asook eie verblyf. Daar kan 'n geringe fooi van die Konferensiesentrum wees.
***2** Daar is nie onbeperkte plek vir beide kategorieë beskikbaar nie.
***3** Dit is nie moontlik om te reël vir ekstra verversings/ etes vir besoekers nie (behalwe die wat by die volledige pakket inskakel).

**10.14 Internettoegang**

Internettoegang is afgevaardigdes se eie verantwoordelikheid. Toegang is teen betaling by Birchwood beskikbaar. Die Dienstafel sal in dringende gevalle behulpsaam wees.

## 11. AGENDABOEK

**11.1** Die Agendaboek is deur NUMASA Drukkers (Pretoria) gedruk. Die Agenda is ook deur die drukkers op disket geplaas en dit is ook op die webwerf van die NG Kerk beskikbaar gestel nadat afgevaardigdes dit ontvang het.

**11.2** Die Agenda is deur die Algemene Sekretaris saamgestel op grond van die verslae van Diensgroepe/ Taakspanne van die Algemene Sinode. Toestemming is deur die Moderamen verleen dat bepaalde verslae laat mag wees.

**11.3** Volgens besluit van die Algemene Sinode word die koste van die Agenda- en Handelingboeke/diskette deur gemeentes gedra. Rekeninge word egter aan sinodes gestuur wat die geld self by gemeentes moet insamel of op hulle eie wyse verkry. Dit vorm alles deel van die totale koste van die sitting.

**11.4** In ooreenstemming met die Reglement van Orde pt 3.1 word Agendaboeke/diskette aan *"alle diens-doende predikante van die NG Kerk, sowel as amptenare en belanghebbende instansies"* voorsien. Sinodes het aangedui hoeveel eksemplare van die boeke/diskette hulle nodig het.

*Hierdie Algemene Sinode word so omgewingsvriendelik en papiervry as moontlik ingerig. In die lig hiervan is besluit om (a)* ***afgevaardigdes te versoek om hulle skootrekenaars (indien hulle het) saam te bring en met 'n elektroniese agenda wat op disket voorsien word, te werk****, en (b) gemeentes via sinodes te versoek om eerder die elektroniese kopie op disket te bestel. Hierdie werkwyse bespaar ook duisende rande vir die kerkverband as geheel.*

**11.5 Alle** navrae in verband met die Agenda moet gerig word aan die Algemene Sekretaris, dr Kobus Gerber.

**11.6 Die** Agenda sal tydens die sinodesitting as gelese beskou word. Die *Werkskema* dui die verloop van die sitting aan. Kruisverwysings is duidelik aangebring waar nodig. Die Reglement van Orde bepaal (3.3) dat die Algemene Sekretaris aantekeninge moet maak van sake wat op meer as een plek in die Agenda voorkom en die aantekeninge tot beskikking van die voorsitter van die Algemene Sinode moet stel. Dr Kobus Gerber gee aandag aan hierdie opdrag.

**11.7** Daar word nie 'n embargo op die inhoud van die Agendaboek geplaas nie **-** vgl besluit van Algemene Sinode 1998 (bl 465: 2.3 onder C.1.2): *Die Algemene Sinode plaas geen embargo op toekomstige agendas nie, afgesien van spesifieke sake waaroor die Kommissie vir die Agenda vooraf sou kon besluit dat ten opsigte daarvan 'n embargo nodig is.*

## 12. KOMMISSIES TYDENS DIE ALGEMENE SINODE

Die volgende "sinodekommissies" en "tydelike kommissies" wat tydens die sitting moet funksioneer, word aanbeveel.

**12.1 SINODEKOMMISSIES EN -FUNKSIONARISSE**

**12.1.1 Notulekommissie**

**12.1.1.1** Die Notulekommissie word saamgestel deur die Sinode van Wes-Transvaal. Die sameroeper is ds Con Maritz.

**12.1.1.2** Die Notulekommissie is in opdrag van en in oorleg met die Algemene Sekretaris verantwoordelik vir die noukeurige notulering van die handelinge van die Algemene Sinode.

**12.1.1.3** Die notule word daagliks aan die Sinode voorgelê. Nadat dit uitgedeel is, kan skriftelike kommentaar en verbeterings aan die aangewese lid van die Notulekommissie gegee word. Die Notulekommissie werk dit in en lê dit, waar toepaslik, aan die Sinode voor by die behandeling van die notule.

**12.1.2 Skakelkommissie**

Drr Kobus Gerber en Ben du Toit met die hulp van die Moderamen se Taakspan Kommunikasie.

**12.1.3 Steunspan**

Me Ester Steyn (Kantoor van die Algemene Sinode) en teologiestudente van die Teologiese Fakulteite.

**12.1.4 Liturgie/ Aanbidding/ Musiek**

Die Sinode van Wes-Transvaal. Ds Nico van Rensburg is die sameroeper. Die musiek van VONKK en FLAM word saam met die van die Liedboek gebruik.

**12.1.5 Tafelleiers**

Vergelyk die uitdeelstuk wat by registrasie beskikbaar is.

**12.1.6 Logistiek**

Die Ontwerpspan sorg dat alle logistieke reëlings voor en tydens die sitting in plek is.

**12.1.7 Stemtellers**

‘n Span uit die afgevaardigdes van Wes-Transvaal.

**12.1.8 Tolke**

Reëlings word getref om tolkdienste te verskaf.

**12.1.9 Sinodebode**

Die personeel van Kerkbode voorsien elke dag 'n spesiale uitgawe van die *SINODEBODE.*

**12.1.10 Die proses ter vergadering**

***1** Die Moderatuur word tydens die vergadering bygestaan deur die volgende groepe mense ten einde die vergadering vlot te laat verloop:

* *Die voorsitters van die tien sinodes se diensrade/ sinodale kommissies/ moderamens* (vgl verslag van die Taakspan Strukturering pt 4.4.2.3).

* *Die lede van die Ontwerpspan.*

***2** Die Moderamen het ook fasiliteerders benoem met die volgende opdrag:

* om die onderskeidende proses tydens die vergadering te hanteer

* om die verloop van die vergadering dop te hou en te help bepaal waar fasilitering nodig is

* om fasiliteringbystand te verleen aan die verhelderingsgesprekke.

**12.2 TYDELIKE KOMMISSIES**

**12.2.1 Samestelling en taak**

**12.2.1.1** Die Reglement van Orde bepaal dat Tydelike Kommissies, behalwe waar anders voorgeskryf, deur die Kommissie vir die Agenda aangewys word en reeds voor die aanvang van die Sinode met hulle werksaamhede mag begin (Reglement van Orde, pt 7.1.).

**12.2.1.2** Predikante/amptenare in diens van die sinodes en van die Algemene Sinode het sitting met adviserende stem in die betrokke tydelike kommissies, mits hulle magtiging verkry het van die kommissie in wie se diens hulle staan (Reglement van Orde, pt 7.3.).

**12.2.1.3** Amptenare/predikante in diens van die Algemene Sinode wat afgevaardigdes na die Algemene Sinode is, het stemreg in hulle betrokke tydelike kommissie (Reglement van Orde, pt 7.4.).

**12.2.1.4** Tydelike kommissies behandel beskrywingspunte wat na hulle verwys is en dien die Algemene Sinode met aanbevelings. Insenders van beskrywingspunte mag die betrokke punt by die tydelike kommissie persoonlik toelig. Tydelike kommissies maak nie aanbevelings oor die verslae van Diensgroepe/ Taakspanne nie, tensy daar 'n beskrywingspunt oor dieselfde saak is wat nuwe aspekte na vore bring, of wanneer 'n saak deur die Algemene Sinode na hulle verwys is. Tydelike kommissies moet sover moontlik uit lede van die ooreenstemmende Diensgroepe/Taakspanne bestaan (Reglement van Orde, 7.5 - 7.8.).

**12.2.2 Personeel van Tydelike Kommissies**

Die Moderamen het goedgekeur dat die Tydelike Kommissies soos volg saamgestel word:

***12.2.2.1 Tydelike Kommissie vir sake wat met taakspanne verband hou***

Die kommissie funksioneer afhangende van die hantering van die verslag van die Taakspan Funksionering.

***12.2.2.2 Tydelike Kommissie vir algemene en ekumeniese sake***

Die lede van die uittredende Moderamen ter vergadering asook ‘n kerkraadslid uit sinodes wat nie ‘n kerkraadslid op die Moderamen het nie. Die kerkraadslede word deur sinodes aangewys en die name aan die Algemene Sekretaris gegee. Die Algemene Sekretaris is sameroeper.

***12.2.2.3 Tydelike Kommissie vir sake wat met diens en getuienis verband hou***

Die lede van die uittredende Diensgroep ter vergadering asook die betrokke amptenare. Ds Willie van der Merwe is die sameroeper.

***12.2.2.4 Tydelike Kommissie vir sake wat met gemeente-ontwikkeling verband hou***

Die lede van die uittredende Diensgroep ter vergadering asook die betrokke amptenare. Me Rinel Hugo is die sameroeper.

***12.2.2.5 Tydelike Kommissie vir sake wat met fondse verband hou***

Die lede van die uittredende Taakspan asook die betrokke amptenare. Ds Callie Visagie is die sameroeper.

***12.2.2.6 Tydelike Kommissie vir sake wat met leer en aktuele sake verband hou***

Die lede van die uittredende Taakspan ter vergadering. Verteenwoordigers van die dosenterade van die Teologiese Fakulteite dien ook op hierdie Tydelike Kommissie. Dr Ben du Toit is die sameroeper.

***12.2.2.7 Tydelike Kommissie vir sake wat met regte/ kerkordelike sake verband hou***

Die lede van die uittredende Taakspan ter vergadering. Dr Johann Ernst is die sameroeper.

**12.2.3 Vooraf-vergaderings van Tydelike Kommissies**

Die aanbeveling is dat slegs die *Tydelike Kommissie vir sake wat met regte/ kerkordelike sake verband hou* vooraf vergader. Al die ander tydelike kommissies hoef nie vooraf bymekaar te kom nie en kan hulle werk tydens die sinodesitting afhandel. Die Ontwerpspan kom reeds op Sondag 9 Oktober 2011 bymekaar.

**12.2.4 Funksionering van Tydelike Kommissies**

**12.2.4.1** Sodra 'n tydelike kommissie 'n redelike deel van sy agenda afgehandel het, word die betrokke deel van sy verslag aan die Notulekommissie oorhandig wat dit nasien ten opsigte van die regte vorm en numerering en wat sorg vir die tik en duplisering daarvan. Proefleeswerk word deur die Notulekommissie en die skriba van die betrokke tydelike kommissie gedoen.

**12.2.4.2** Die verslae van tydelike kommissies kry dieselfde nommer as die afdeling van die Agenda waarop die saak betrekking het, met 'n T vooraan, byvoorbeeld T.1.4. Indien daar meer as een verslag van die betrokke tydelike kommissie is, word dit T.1.4 (1), T.1.4 (2), ens.
**12.2.4.3** Tydelike kommissies moet die beskrywingspunt of punte uit 'n verslag waaroor dit gaan, duidelik aandui en, indien hulle dit aanbeveel, in hulle aanbeveling die volledige besluit wat deur die sinode geneem moet word, weergee, sodat dit woordeliks in die Handelinge van die Algemene Sinode opgeneem kan word.

## 13. WERKSKEMA

Die *Werkskema* verskyn op bladsy 16 van hierdie Agendaboek. Dit is belangrik om daarop te let dat die vertrekpunt die *fokuspunte* vir die spesifieke dag is. *Sake wat daaronder verpak is, kom aan die orde soos wat die betrokke sessie se proses verloop.* ‘n Finale Werkskema word op 10 Oktober 2011 voorsien.

## 14. OPMERKINGS OOR DIE FUNKSIONERING VAN DIE SINODE

**14.1** Die Moderamen het besluit om in aanloop tot die Algemene Sinode dmv ‘n deelnemende proses te probeer onderskei wat die fokuspunte/ prioriteite vir die Algemene Sinode 2011 behoort te wees. Sinodes is gevra om in ‘n verteenwoordigende struktuur van hulle keuse te onderskei wat die sake is wat hulle op die tafel van die Algemene Sinode sou wou sien. Hierdie proses het uitgeloop op ‘n uitgebreide vergadering van die Moderamen op 9-10 Maart 2011. Tydens hierdie vergadering, waar ongeveer vier bykomende lede per sinode teenwoordig was, is ‘n aantal temas geïdentifiseer wat aan die orde moet kom tydens die vergadering en ook die steunpunte vorm vir die hantering van die agenda van die Algemene Sinode: *gemeenskapsbetrokkenheid, ons Afrika-konteks, versoening (as raamwerk waarbinne kerkhereniging hanteer moet word, ons (gereformeerde) identiteit/ die Skrif, lidmate en hulle toerusting/ bemagtiging, predikante en hulle opleiding/ toerusting/ versorging.*
**14.2** Bogenoemde temas is gebruik in die verpakking van die werkskema vir die vergadering van die Algemene Sinode.
**14.3** Tydens die vergadering van die Algemene Sinode maak die Sinode as *kerkvergadering* besondere moeite om in die teenwoordigheid van die Here te wees en na sy stem te luister. Die Woord van Here staan hierin sentraal. As mense wat aan mekaar verbonde is, het ons byeengekom om saam-op-weg te gaan en saam te onderskei wat die wil van die Hoof van die kerk in hierdie dae vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk is. In die ontmoeting met mekaar wil ons ons ook die lewende Here Jesus Christus ontmoet.
**14.4** In die vergadering word tyd gemaak (1) om stil te word en te bid, (2) die Here te loof, (3) vir diepgaande omgang met die Woord van die Here om sy stem te hoor mdo op die sake wat ter tafel is, (4) om rekening te hou met die konteks waarin ons is en te onderskei waar God reeds aan die werk is en waarmee ons dink God besig is, (5) saam sy wil te soek vir die sake waaroor daar besluite geneem moet word.
**14.5** Die liturgiese momente en die besprekings-/besluitnemingsprosesse vorm ‘n geheel.
**14.6 Dit is baie belangrik dat afgevaardigdes hulle Bybels en Liedboeke sal saambring.**
**14.7** ‘n Baie belangrike deel van die vergadering is die ***verhelderingsgesprekke*** waarvoor in die aandsessies voorsiening gemaak word. Aangesien die agenda vol is en daar genoeg tyd nodig is om die aangesig van die Here gedurende ons vergadering te soek, word afgevaardigdes versoek om van die geleenthede gebruik te maak om (a) met lede van die permanente/ tydelike kommissies te gesels oor aspekte waaroor daar verheldering nodig is, (b) beoogde amendemente/ voorstelle te probeer uitklaar en konsensus te kry en (c) die vergadering te dien deur besprekings (indien enigsins moontlik) daar te voer. Die *verhelderingsgesprekke* sal so gestruktureer word dat afgevaardigdes by meer as een betrokke kan wees.
**14.7** Die waardes van die Seisoen van Luister geld ook vir hierdie vergadering.

## 15. ANDER SAKE

**15.1 Liturgiese geleenthede/ aanbidding**
Die kommissie het gereël dat die Sinode van Wes-Transvaal verantwoordelik sal wees vir die liturgiese wydingsgeleenthede. Afgevaardigdes word versoek om betyds hulle plekke in te neem sodat die verrigtinge stiptelik en sonder enige steurnis kan begin.
**15.2 Groeteboodskappe**
Groeteboodskappe word deur die loop van die vergadering hanteer.
**15.3 Ekumeniese verteenwoordigers**
* Die volgende kerke is uitgenooi om die sinodesitting by te woon:
*Kerke uit Suid-Afrika:* Die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika, NG Kerk in Afrika, Reformed Church in Africa, Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Uniting Presbyterian Church in Southern Africa, United Congregational Church of Southern Africa, Anglican Church of Southern Africa, Methodist Church of Southern Africa, South African Catholic Bishops Conference, Calvyn Protestantse Kerk van Suid-Afrika, Volkskerk van Afrika, Evangeliese Lutherse Kerk (NT), The Evangelical Alliance of South Africa, Suid-Afrikaanse Raad van Kerke
*Kerke uit Suider-Afrika:* Swaziland Reformed Church, Reformed Church in Zimbabwe, Reformed Church in Zambia, Reformed Church of East Africa, Igreja Reformada em Moçambique, Dutch Reformed Church in Botswana, Church of Central Africa Presbyterian (Nkhoma Synod), Church of Central Africa Presbyterian (Harare Synod), Church of Jesus Christ in Madagascar

*Kerke elders in die buiteland:* Protestantse Kerk in Nederland, Reformed Church in Hungary, Reformed Church in Japan, Christian Reformed Church in Sri Lanka, Christian Reformed Churches of Australia, Uniting Church in Australia, Gereformeerde Evangeliese Kerk van Australië, Afrikaanse Christen Kerk van Nieu-Seeland, Christian Reformed Church in North America
* Die verteenwoordigers wat kan bywoon, kry deur die loop van die vergadering kans om ‘n 5min groeteboodskap aan die vergadering oor te dra. Ander boodskappe word skriftelik ontvang en in die Handelinge opgeneem.
* ‘n Spesiale middagete word vir ekumeniese verteenwoordigers beplan.
* Ekumeniese verteenwoordigers sal by gereserveerde tafels sit en per geleentheid inskakel by die tafelgesprekke van die vergadering.
* Tolkdienste word voorsien.

**15.4 Spreekbeurte**

Afgesien van die oordra van groeteboodskappe word spreekbeurte vir persone van buite tydens die sitting tot die absolute minimum beperk word. Die Moderatuur saam met die Ontwerpspan oefen hier hulle diskresie uit.

**15.5 In-werking-stel van besluite**

Die Algemene Sinode het in 1994 besluit dat ’n besluit van die Sinode *in werking tree met die publikasie van die Handelinge van die Algemene Sinode tensy die sinode anders besluit. Die Kerkorde en Reglemente tree in werking by die publikasie daarvan.* (Handelinge 1994, bl 426)

## 16. AFSLUITING VAN DIE SINODE

Die afsluiting van die sinode word bepaal vir nie later nie as **12:30** op **Vrydagmiddag 14 Oktober 2011 met verdaging om 13:00. Afgevaardigdes moet asseblief hulle reisreëlings so tref dat hulle die sitting enduit kan bywoon.**

## 17. AANBEVELING: REËLINGS SINODE 2011

**Die Algemene Sinode keur die reëlings van die Agendakommissie/Ontwerpspan goed.**

# WERKSKEMA

(KYK ASSEBLIEF OPMERKINGS BY PT 13 VAN DIE VERSLAG)

## MAANDAG 10 OKTOBER 2011

09:00 **Registrasie** (laatste teen 13:00)
13:00 MIDDAGETE
14:00 **Openingsliturgie** olv die Sinode van Wes-Transvaal
FOKUS: Ons identiteit
Konstituering word liturgies hanteer
Die groeteboodskappe van die VGKSA, NGKA en die RCA word as deel van liturgie hanteer.

16:00 VERVERSINGS
16:30 **1. Verkiesing van die Moderatuur** neem 'n aanvang
1.1 Die verslag *Regte* pt 2.23 (hersiene Kerkorde Art 39 en 40) word hanteer
1.2 Die verslag *Strukturering* pt 4.4.2 word hanteer
1.3 Verkiesing neem 'n aanvang

**2. Verslag van die Agendakommissie**
2.1 Verslag dien.
2.2 Die vergadering word ingelig oor die prosesse waarmee gewerk gaan word.
2.3 Tafelgesprekke tov die waardes waarmee hierdie vergadering wil funksioneer.

**3. Die program vir Dinsdag 11 Oktober 2011** word hanteer.

18:30 AANDETE
19:30 **4. Verhelderingsgesprekke/ tydelike kommissies**
4.1 Afgevaardigdes kry geleentheid om met tydelike kommissies ingesprek te gaan oor bepaalde verslae/ sake waaroor daar verheldering nodig is. Verslae en lokale sal aangedui word.
4.2 Tydelike kommisses gee aandag aan sake wat hulle mag raak.

## DINSDAG 11 OKTOBER 2011

08:30 OPENING
08:45 **5. Verkiesing van die Moderatuur** (vervolg)
**6. Strukturering** (Moderamen bl 207, 214; Regte bl 285)

FOKUS: Ons gemeentes, lidmate en predikante
**7. Missionale ekklesiologie** (Gemeente-ontwikkeling bl 78, 130; Diens en getuienis bl 52, Regte bl 269)
**8. Evangelisasie** (Diens en getuienis bl 53, 54, 64)
**9. Nuwe gemeente-ontwikkeling/ gemeentegrense** (Gemeente-ontwikkeling bl 77, 118; Regte bl 269, 283)
**10. Klein gemeentes** (Gemeente-ontwikkeling bl 79, 148)
**11. Lidmaatbemagtiging** (Gemeente-ontwikkeling bl 77, 112; Regte bl 282)
**12. Vrouelessenaar** (Gemeente-ontwikkeling bl 77, 115)
**13. Erediens/ liturgie** (Gemeente-ontwikkeling bl 76; Regte bl 270 (Art 48.2))
**14. Musiek (Flam en Vonkk)** (Gemeente-ontwikkeling bl 78, 121, 124; Kerklike Media bl 165)
**15. Jeug/ kategesebediening** (Gemeente-ontwikkeling bl 78, 127, 128; Kerklike Media bl 164; Regte bl 282)
**16. Teologiese opleiding** (Gemeente-ontwikkeling bl 77, 88; Regte bl 282)
**17. Predikantebegeleiding/Sabbatstyd/verlof** (Gemeente-ontwikkeling bl 77, 80; Regte bl 279, 284; Diensverhoudinge bl 71)
**18. Bevoegdheid/ Bevoegdheidsraad/ Predikante A-Z** (Bevoegdheid bl 34; Regte bl 275, 279, 280, 285)
**19. Kerklike tribunale/ tug/ dissipline** (Regte bl 271, 282)
**20. Termynposte/ jeugwerkers** (Regte bl 280, 281)
**21. Aftree-ouderdom van predikante** (Beskrywingspunt B.7)
**22. Diensverhoudinge** (Diensverhoudinge bl 71)

10:30 VERVERSINGS
11:00 FOKUS: Ons gemeentes, lidmate en predikante (vervolg)

13:00 MIDDAGETE
14:00 FOKUS: Ons gemeentes, lidmate en predikante (vervolg)

15:30 VERVERSINGS
16:00 **23. Fondse** (Fondse bl 72)
**24. Befondsing van die Algemene Sinode** (Beskrywingspunt B.6)
**25. Regte (ATR)/ Hersiening van die Kerkorde** (Regte bl 269, 286)

18:00 AANDETE
19:00 **26. Verhelderingsgesprekke/ tydelike kommissies**
26.1 Afgevaardigdes kry geleentheid om met tydelike kommissies ingesprek te gaan oor bepaalde verslae/ sake waaroor daar verheldering nodig is. Verslae en lokale sal aangedui word.
26.2 Tydelike kommisses gee aandag aan sake wat hulle mag raak.

## WOENSDAG 12 OKTOBER 2011

08:30 OPENING
08:45 FOKUS: Ons identiteit
**27. Apostolicum** (Leer en Aktuele Sake *Laatstuk*)
**28. Skrifbeskouing** (Leer en Aktuele Sake bl 190) en **Leerdwaling** (Beskrywingspunt B.4)
**29. Kerk en wetenskap** (Moderamen bl 212)
**30. Bybelvertaling** (Bybelvertaling, -verklaring en -verspreiding bl 46)
**31. Huwelik en saamwoon** (Leer en Aktuele Sake bl 193; Moderamen bl 212)
**32. Bediening van Bevryding** (Leer en Aktuele Sake bl 174)
**33. HK v&a 80** (Leer en Aktuele Sake bl 168)
**34. Doop** (Beskrywingspunte B.1 en B.2)
**35. Doopviering** (Gemeente-ontwikkeling bl 79, 142; Moderamen bl 212)
**36. Aborsie** (Beskrywingspunt B.5)

10:30 VERVERSINGS
11:00 FOKUS: Ons identiteit (vervolg)

13:00 MIDDAGETE (parallel: Middagete vir ekumeniese verteenwoordigers)
14:30 FOKUS: Ons identiteit (vervolg)

16:00 VERVERSINGS
16:30 **37. Regte (ATR)/ Hersiening van die Kerkorde (vervolg)** (Regte bl 269, 286)
**38. Argief en Bestuursinligtingsdienste** (bl 28; Regte bl 283)

18:30 AANDETE
19:30 **39. Verhelderingsgesprekke/ tydelike kommissies**
39.1 Afgevaardigdes kry geleentheid om met tydelike kommissies ingesprek te gaan oor bepaalde verslae/ sake waaroor daar verheldering nodig is. Verslae en lokale sal aangedui word.
39.2 Tydelike kommisses gee aandag aan sake wat hulle mag raak.

## DONDERDAG 13 OKTOBER 2011

08:30 OPENING
08:45 FOKUS: versoening, vrede, geregtigheid
**40. Versoening** (Diens en getuienis bl 54)
**41. Diversiteit** (Moderamen bl 211, 228)
**42. Seisoen van Luister** (Moderamen bl 212, 262)
**43. Grondhervorming** (Moderamen bl 209, 223)
**44. Kerkhereniging** (Moderamen bl 212, 239; Regte bl 270)
**45. Belhar** (Beskrywingspunt B.3)
**46. Approbasie tov belydeniswysiging** (Regte bl 270)
**47. Ekumene** (Moderamen bl 212, 250; Diens en getuienis bl 57)

10:30 VERVERSINGS
11:00 FOKUS: versoening, vrede, geregtigheid (vervolg)

13:00 MIDDAGETE
14:00 FOKUS: Ons konteks

**48. Diens en getuienis** (Diens en getuienis bl 51, 52)
**49. Kerk en konteks** (Diens en getuienis bl 53, 59)
**50. Ekonomiese geregtigheid/ armoede/ ekologie** (Diens en getuienis bl 55; Moderamen bl 211)
**51. Maatskaplike welsynsdienste** (Diens en getuienis bl 56)
**52. VDDG** (Diens en getuienis bl 51; Regte bl 284)
**53. Hugenote Kollege** (Diens en getuienis bl 57, 68)
**54. Onderwys** (Moderamen bl 209, 220)
**55. Openbare getuienis (misdaad/ geweld/ verhouding kerk en staat, ens)** (Moderamen bl 207; Diens en getuienis bl 55)

15:30 VERVERSINGS
16:00 FOKUS: Ons konteks (vervolg)

18:00 AANDETE

19:00 **56. Prioritisering (1)**
20:30 AANDWYDING
21:00 Tydelike kommissies indien nodig

## VRYDAG 14 OKTOBER 2011

08:00 OPENING
08:15 **57. Kommunikasie/ Kerklike Media** (Kerklike Media bl 162; Moderamen bl 209)
**58. CLF** (Diens en getuienis bl 57)
**59. Moderamen (uitstaande sake)**
**60. Ander uitstaande sake**

10:30 VERVERSINGS
11:00 **61. Prioritisering (2)**
**62. ‘n Geloofsonderskeidende reis vir die kerkverband**

12:30 **63. Afsluiting**

13:00 MIDDAGETE
14:00 Vertrek

# LYS VAN AFGEVAARDIGDES ALGEMENE SINODE 2011

Let wel: Hierdie lys word vóór die konstituering van die Sinode deur die skriba van elke Sinode verbeter of aangevul. Die konstituering geskied dan aan die hand van die verbeterde en getekende lys wat as geloofsbrief dien. Die gegewens hieronder is soos dit van die 10 sinodes ontvang is:

## SINODE VAN WES- EN SUID-KAAP

**PRIMARII: PREDIKANTE**

Dr AR Hanekom
Ds C Janse van Rensburg
Ds MP Sahd
Ds R Potgieter *
Ds Q Heine
Dr JW Burger
Ds DH de Wet
Ds JG le Roux
Ds CFJ Meyer
Ds CJ Stander
Ds H van Niekerk
Ds JH Nieder-Heitmann
Dr GH Smit
Ds RC Thorne
Ds AJ Verwey
Ds FE Marais
Dr GF Wessels
Ds CP du Plessis
Ds GP Kellerman
Ds JH le Roux
Ds HAH van den Heever
Ds SW Kotzé
Ds DS Kriel
Ds LJ Venter
Ds DP Wium
Ds GJ Beyers
Ds LC Buchner *
Ds HC van Wyk
Ds AL O'Kennedy
Ds J Barnard
Ds JJ Steyn
Ds JvS Momsen

**SEKUNDI: PREDIKANTE**

Ds AP van Zyl
Ds FRL Coetzee
Ds CJ Mocke
Ds E Acher
Ds ISW Lambrechts
Ds JA Groenewald
Ds F Truter
Ds GF Volschenk
Ds MC Britz
Ds J Le Roux
Ds CR du Buisson
Ds JG Marais
Ds C Botha
Ds van H Rauch
Ds JD Smit
Ds JPN Heenop
Ds FJ Human
Ds WC Liebenberg
Ds PJ Bester
Ds RJ Holloway
Ds L Smith
Ds T Bosman *

**PRIMARII: KERKRAADSLEDE**

E Morkel *
FW Bosman
M Thirion *
JAM Potgieter
CPR Cronje
JJ Duvenhage
JS Louw
FJ Rootman
AR van der Spuy
J Malherbe *
W Fry
DA van der Berg
L Serfontein
R de Villiers
NL Rossouw *
G Boonstra
JH Groenewald
SJ de Jager *
AF Neethling
FC Smit
JJ Swart
H Hanekom

**SEKUNDI: KERKRAADSLEDE**

BB Burger
F Brand
CM de Wet *
J Baard
CJ van der Merwe
JA Engelbrecht
SH Jordaan *
S Muller
MN Beukes
Ds JC Landman
S Els
DE Jordaan *
W Greeff
C van Wyk
A Viljoen
K Smit
JA Fouché
V Thomson
A Rabie
W van Velden
JM Crous
ME Janse van Rensburg *

Prop AS Jordaan
BJ Greeff *
FH Lamprecht
DJC Theart
ME Janse van Rensburg *
JC Furniss *
JI Cronjé
JA Boonzaaier
HA Pieterse
H van Huyssteen
LJ Benn *
L Neethling *
L Marais *
PR de Wet

**WAARNEMERS**
Ds CT Visagie
Dr JG Botha
Ds MH Loubser
Dr CW Burger
Dr FJ Marais
Dr PM Goosen
Ds FJ Cillié
Dr BJ du Toit
Ds AH Minnaar

## SINODE VAN OOS-KAAP

**PRIMARII: PREDIKANTE**
Ds DH Davel
Ds EP De Kock
Ds JC Longland
Ds E Malan
Ds DW Mouton
Ds DF Oelofse
Dr A Oliphant
Ds EGJdeG Schutte
Ds AL Steyn
Ds CJ Stümke
Ds PB Swanevelder
Ds JSJ Swart
Ds DC Thomas
Ds MR Van der Spuy
Ds M Van Niekerk *
Ds RM Van Tonder
Ds A Van Wyk
Dr ACV Van Wyk

**SEKUNDI: PREDIKANTE**
Ds FJ Greeff
Ds JJ Louw
Ds DO Strydom
Ds HJ Alberts
Ds M Van der Spuy

Ds CP Crouse
Dr JGM Richter
Ds CJ Du Raan
Ds TJ Van Schoor
Ds G Gouws
Ds WP Petzer
Ds WD Schoeman
Ds AJ Beyers
Ds AHG Lötter
Dr JP Cloete
Ds JN Taljaard

**PRIMARII: KERKRAADSLEDE**
CPP Van der Walt
H Koornhof
JJ Pienaar
MM Bosch *
PJ Roodt
LM Snyman
JZ Du Plessis
A Olivier
JC Greyling
ds GV Ehlers
W Erasmus
A Swanevelder *
ds WH Van Niekerk
C Veldsman, *
ds GEG Louw
M Oliphant *
CR Peyper
dr JWJ Viljoen

**SEKUNDI: KERKRAADSLEDE**
DH Meiring

CJ Nel *
IJR Vermaak
W Koedyk
MIL Ferreira
AJ Adendorff
GJ Slabbert
B Strydom *
N Visser *
G Kitching
P Mey
DP de W Coetsee
CJ Nel *
HC Olivier *
FD Terblanche
WS Van der Merwe
EJ Langenhoven *

## SINODE VAN NOORD-KAAP

**PRIMARII: PREDIKANTE**

Ds JPJ van Tonder
Dr JJ Knoetze
Ds PG Otto
Ds GJ Duursema
Ds JP Jooste
Ds P van Zyl
Ds JG van Tonder
Ds NB Roux
Ds VR Terblanche
Ds SJ Schoeman
Ds JS Kloppers
Ds LB de Villiers
Ds MF Scholly
Ds PL Louw
Ds BP Benadé

**SEKUNDI: PREDIKANTE**

Ds HK Viljoen
*Ds N Venter*
Ds UP Malherbe
Ds HW de Jager
Ds EL de Kock
Ds C Jonck
Dr JD van der Westhuizen
Ds BJ Stroebel
Ds CM Rautenbach
Ds R BritzDs A Gerrits
Ds WJ van Zyl
Ds PF Coetzee
Ds WF du Plooy
Ds MJ Coetzer

**PRIMARII: KERKRAADSLEDE**

WH Peek
GV Faber
FJ Augustyn
MD Botha
JA Fourie
NJB Rens
LJP van Niekerk
SAC Klopper *
HJ Steyn
PJ Malan
S Kruger
S du Toit
NB Kotze
M vd S Loubser
JA Swiegers

**SEKUNDI: KERKRAADSLEDE**

S van Niekerk *
AJW Agenbag
JP Smit
J Badenhorst
EL Riley *
DJ Olivier
DG Cilliers
JC Brown
CH Loots
GJJ van Niekerk
WJ Fourie
BP Diedericks
WJ Becker
NJ de Wet
AD Grové

**WAARNEMERS**

Ds JPL Mostert (predikant in sinodale diens)
Ds FD Hugo (bestuurder NG Welsyn)

## SINODE VAN KWAZULU-NATAL

**PRIMARII: PREDIKANTE**

Ds PJ Raath
Dr LG Schoeman
Ds FJ van der Merwe
Ds SWP Scott
Ds BJ van Dyk
Ds GJ van Jaarsveld
Dr H Eagleton
Ds JH Hattingh
Dr H Theunissen
Dr BJ Tolmay
Ds L van der Walt
Ds GJ Kok
Ds JG de Wet
Ds AC Steyn *
Dr DGS Oosthuysen
Ds PJ Botha

**PRIMARII: KERKRAADSLEDE**

G de Lange
WP Hatting
CHJ van Dam
A Cloete
C Stander

R de Wet
R Naudé *
AJ Human
D van der Schyff *
Ds MS van Rooyen
GF Snyman
LJ van der Walt *

**WAARNEMERS**
Dr RB van Aarde
Dr ZRA Strydom
P Nel

## SINODE VAN DIE VRYSTAAT

**PRIMARII: PREDIKANTE**
Dr PJ van Jaarsveld
Prof J Janse van Rensburg
Ds WH van Zyl
Ds HJ Swart
Ds JS Els
Dr PR van Heerden
Dr BF Joubert
Ds J Steurer
Ds CH Jacobs
Ds JH Els
Ds RR Botha
Dr NS Dicks
Ds CJ Stoltz
Prof PJ Strauss
Ds DV le Roux
Ds JJ Louw
Ds JJ Lubbe
Ds AP van Zyl
Ds A de Wet *
Dr CHJ van Schalkwyk *
Ds S Spamer
Ds GPM de Wet
Ds HM Janse van Rensburg

**SEKUNDI: LERAARS**
Ds E Barnard
Ds MG van Rooyen
Ds T Oosthuyzen
Ds PJ Louw
Dr HJ Kleynhans
Ds DK Swart
Ds I Jonker
Ds FWC van Niekerk
Ds JPM Maree

Ds M Greeff
Ds RCH Kemp
Ds JS Haggard
Ds CEG Schutte
Ds SF Coetzee
Ds DR Oliphant
Ds JJ Hamman
Ds G Lamprecht
Ds WB Müller
Dr J Faasen

**PRIMARII: KERKRAADSLEDE**
GJ Roetz
DJ Wepener
JFT du Plessis
Prof SD Snyman
AF Ferreira
PD Marais
WJ Strauss
HP Olivier
PH van Niekerk
F Jooste
WHC Fryer
W du Plooy
SJ de Jager
SJ Nel
Dr HS Wolvaardt
E Behrens
HJ Botma
C Hurter
JA de Beer
M Venter *
JC Vorster
J Jansen van Rensburg

**SEKUNDI: KERKRAADSLEDE**
P Kruger
JJ Pienaar *
Prof AH Strydom
HP Smit
HS de Jager
E Olivier *
W Kotzé
MC Fourie
HL Potgieter
SJ Marais
AC Viviers
M van Tonder *
JP Matthews
S Orton
DJ Bredenkamp
J Truscott

## SINODE VAN WES-TRANSVAAL

**PRIMARII: PREDIKANTE**
Dr MJG du Plessis
Ds DW Kruger
Dr NJG van der Westhuizen
Dr HJG Gous
Ds J Orsmond
Dr JA Kritzinger
Ds AP Burger
Ds JJ Pelser
Ds BC Botha
Ds JPA Brink
Ds JN Janse van Rensburg
Ds NWJ van Rensburg
Dr HA Smith
Ds A Mathee *
Ds G Jansen van Rensburg
Ds PJ Kruger
Ds N Rossouw *
Dr TW Marais
Ds CD Smit
Ds JP Gerber
Ds AJ Mocke
Ds PN Klopper

**SEKUNDI: PREDIKANTE**
Ds D Gerber
Ds JA Burger
Ds WJ van der Merwe
Ds TW Marais
Ds T de Bruin
Ds F van Heerden
Ds JP Gerber
Ds CD Smit
Dr AR Brunsdon
Ds SJ Cloete
Ds SS Hansen
Ds I van Rensburg *
Ds JF Vermeulen
Dr A Schmidt
Ds JD Scott
Dr ZB Loots

**PRIMARII: KERKRAADSLEDE**
MA Strydom *
SW van der Walt *
Ds J v W du Plessis
I Engelbrecht *
AC Winter *
M van der Westhuizen *
AJ Oberholzer
A du Plessis *
FE la Rett *
RC Lindeque
P E Muller *
PJ van der Merwe
M Grove *
JY Buitendach *
E Scott *
AJ Bezuidenhout
ME Jansen van Rensburg *
RSP Feldtmann

**SEKUNDI: KERKRAADSLEDE**
WP Nel
CJ Fourie *
LS Taljaard
J Smit
TF van den Berg
EF Glass
A Visagie *
DW de Beer
BJ Robbertse
EEV Bootha *
PJS Grove
BJ van den Berg
PJ Malan
TNJ van der Walt

**WAARNEMERS**
Ds GS Cordier
Ds JD Scott
Ds JP Rademeyer

## NOORDELIKE SINODE

**PRIMARII: PREDIKANTE**
Dr MJ Benade
Ds MJ Bosman
Dr JA Botha
Dr HL Carelsen
Dr GF Claassen
Dr SI Cronje
Dr C Gericke
Ds MJ Grobler
Ds EL Haarhoff
Dr JCF Harris
Ds GG Haumann

**SEKUNDI: PREDIKANTE**
Ds LA Badenhorst
Dr G Bothma
Ds FCA de Beer
Ds FF du Toit
Ds JH Groenewald
Ds JG Haasbroek
Dr HP Kotze
Ds PJH Kriel
Dr JJ Laas
Ds HJP Lambrechts
Ds JF Mouton

Dr JD Kirkpatrick
Dr AK le Roux
Ds M Nel *
Dr WA Pretorius
Ds L Schoeman *
Dr M Strydom *
Dr L Ungerer
Dr MN van der Merwe
Dr ACJ van Niekerk
Ds DHJ van Rensburg
Ds PFJ van Vuuren
Ds WHS Wolhuter

Ds JAS Peens
Ds C Schunke
Dr CS Steyn
Dr J van den Heever
Dr BJ van Tonder
Ds I van Tonder
Ds CJJ van Vuuren
Ds PA Viljoen

**PRIMARII: KERKRAADSLEDE**
HN Barnard
C Brand
TA Brough
Dr GJ Cloete
R Coertzen *
DS de Klerk
D du Toit
HLW Ehlers
RJ Engelbrecht
EOM Hanisch
O Khwinana
Prof M Nel
MW Odendaal
PCN Prozesky
WP Roux
JA Scholtz
HA Schreuder
PJ Smit
FJ Snyman
P van der Merwe
FJ van Staden
P Visser

**SEKUNDI: KERKRAADSLEDE**
AC Baird *
JAG Boshoff
FS Botha
LJ Cremer
CJ du Toit
JC Erasmus (ds)
AK Fleming *
MH Pieters
L Pistorius *
JF Pretorius
JJ van Eck
JW van Schoor
GJ van Zyl

## SINODE HOËVELD

**PRIMARII: PREDIKANTE**
Dr AL Bartlett
Ds MMD Britz
Ds T Danzfuss
Ds ADP de Villiers
Ds CA du Plessis
Ds ECA du Preez
Dr CdK du Randt
Dr JC Gouws
Ds BD Klut
Ds P Kruger
Dr DJ Malan
Ds GC Nel
Prof CJP Niemandt
Ds DS Oosthuizen
Ds JJC Rossouw
Ds MC Roux
Dr SH Rudolph
Ds JS Sandenbergh
Ds WP Strauss
Ds FAJ Ströh
Dr HH Van der Linde

**SEKUNDI: PREDIKANTE**
Ds TN Bekker
Ds EJM Bergh
Ds JS Botha
Ds PJ Botha
Ds SMJ Dry
Ds RF Geyser
Ds SJ Heine
Ds DC Human
Dr GMH Loubser
Ds AG Scheepers
Ds LR Swanepoel
Dr JD Theron
Ds AL van Rooyen
Ds DAR Venter

**PRIMARII: KERKRAADSLEDE**
E Arnott *
Dr RJ De Beer
DJ Dippenaar

WDP Doubell
CR du Plessis
PA Froneman
NC Gey van Pittius
Ds DL Jones
PD Klut
HdeW Louw
C Maartens
Ds GC Olivier
GC Roets
JG. Scheepers
IP Schoeman *
NRP Scholtz
SP Swanepoel
JW van der Poel
RW van Niekerk
JJN Visser
WH Weber

**WAARNEMER**
Dr AS Koorts

## OOSTELIKE SINODE

**PRIMARII: PREDIKANTE**
Dr J van Schalkwyk
Dr FJ Clasen
Dr LL Bosman
Ds van der Spuy
Dr EP Büchner
Ds F Schoeman
Ds JPT Koen
Dr LK Louw
Ds FJ Retief
Ds HJ van der Schyff
Dr JH Ernst
Dr H van Blerk
Ds T Erasmus
Ds DF Ehlers
Ds LJ Pienaar
Ds PL du Toit *
Dr PJ Dorey
Ds WA Esterhuizen
Ds FM van Vuren *
Ds JJ de Jager

**SEKUNDI: PREDIKANTE**
Ds GF du Toit
Ds WJ Pietersen
Ds JF Strauss
Ds G van Zyl
Ds PA Malherbe
Ds JS Venter

**PRIMARII: KERKRAADSLEDE**
EJ Bezuidenhout *
SC Marais *
Dr JM van der Merwe
EH Steyn
DS van Garderen
E Koen
GJ Marais
Dr MS Strydom *
SM Sutherland *
HJN van Niekerk
Dr GJ Cilliers
SJ Vermaak
J Smook
M Janse van Vuuren
SJ Viljoen
Ds PL Moolman
JJ Jacobs
H Muller
Prof PGJ Meiring

**SEKUNDI: KERKRAADSLEDE**
NPA Madsen-Liebold
GJ Agenbag
DJV Maartens
LC Smith *
WG Olivier
JE Potgieter
E Jacobs *
C Malan *

Dr SJJ Niemand

## SINODE VAN NAMIBIË

**PRIMARII: PREDIKANTE**

Ds WHJ Coetzee
Ds ST Malan
Ds C Marais
Ds JHG Maritz
Ds JJ Pienaar
Ds PG Poggenpoel
Ds JF Serfontein
Ds EJ Strydom
Dr F Van den Berg
Ds HJ Van Zyl
Ds TM Venter
Dr JC Woest

**PRIMARII: KERKRAADSLEDE**

FH Badenhorst
JN De Klerk
TF Dreyer
Dr ME Grobler *
JH Le Grange
JM Lubbe *
JG Maritz
SE Moolman *
MM Van der Merwe *
GP Van der Westhuizen
CJ Van Lill
BN Venter

**SEKUNDI: KERKRAADSLEDE**

T Conradie *

**BEREKENING VAN DIE PROPORSIONELE KOMPONENT VAN SINODES SE AFGEVAARDIGDES NA DIE EERSKOMENDE ALGEMENE SINODE ITV KERKORDE ARTIKEL 38.2.2. DIE BEREKENINGE IS GEDOEN VOLGENS DIE STATISTIEK IN DIE 2011-UITGAWE VAN DIE JAARBOEK**

### KOMPONENT GEBASEER OP DIE AANTAL GEMEENTES VAN SINODES

| Sinode | Getal | % | Afvaardiging |
|---|---|---|---|
| Wes-en-Suid-Kaap | 229 | 19.78% | 19 |
| Oos-Kaap | 104 | 8.98% | 9 |
| Noord-Kaap | 81 | 6.99% | 7 |
| Natal | 57 | 4.92% | 5 |
| Vrystaat | 160 | 13.82% | 14 |
| Wes-Transvaal | 145 | 12.52% | 12 |
| Noordelike Sinode | 125 | 10.79% | 11 |
| Hoëveld Sinode | 126 | 10.88% | 11 |
| Oostelike Sinode | 87 | 7.51% | 8 |
| Namibië | 44 | 3.80% | 4 |
| | 1,158 | 100.00% | 100 |

### KOMPONENT GEBASEER OP DIE AANTAL LIDMATE VAN SINODES

| Sinode | Getal | % | Afvaardiging |
|---|---|---|---|
| Wes-en-Suid-Kaap | 268,915 | 25.02% | 25 |
| Oos-Kaap | 71,456 | 6.65% | 7 |
| Noord-Kaap | 44,466 | 4.14% | 4 |
| Natal | 34,016 | 3.17% | 3 |
| Vrystaat | 116,700 | 10.86% | 11 |
| Wes-Transvaal | 122,892 | 11.43% | 11 |
| Noordelike Sinode | 147,282 | 13.70% | 14 |
| Hoëveld Sinode | 114,834 | 10.68% | 11 |
| Oostelike Sinode | 132,893 | 12.37% | 12 |
| Namibië | 21,281 | 1.98% | 2 |
| | 1,074,735 | 100.00% | 100 |

# A.2 ARGIEF EN BESTUURSINLIGTINGSDIENSTE

Geagte voorsitter, broers en susters, u Taakspan doen graag soos volg verslag van werksaamhede vir die tydperk 2007-2011:

## 1. OORDRAG VAN DIE ARGIEF (ARGIEF EN BESTUURSINLIGTINGSDIENSTE) VANAF DIE ALGEMENE SINODE

**1.1** Die Algemene Sinodale Moderamen (ASM) het op 17.03.2009 besluit dat die Algemene Sinode uit die "driehoekige ooreenkoms" rakende die "Eenheidsargief" tree. Hierna het verteenwoordigers van die deelnemende sinodes van Kaapland en Transvaal mekaar by 'n paar geleenthede ontmoet om oor die toekoms van hulle vennootskap in ABID te besin. Van dié sinodes wou om bepaalde regstegniese redes nie die beginsel- en prosesbesluite van die ASM aanvaar nie. Daar is 'n versoek aan al die sinodes, wat tans as vennote in die eenheidsargief betrokke is, gerig om twee afgevaardigdes uit die leierskap van die betrokke sinode aan te wys vir 'n vergadering oor die argief onder leiding van die ASM/ ATR. Van die sinodes het ook sekere voorstelle oor die toekoms van die argief aan dié byeenkoms.

**1.2** Op 12-13.10.2010 het 'n Werkgroep aangewys deur afgevaardigdes van die sinodes, die ATR en die ASM besluit om die volgende besluite vir gelykluidende goedkeuring by die Algemene Sinodale Moderamen, die Gesamentlike Sinodale Kommissie van die NG Kerk van Transvaal en die Moderamen van die NG Kerk in Suid-Afrika (Wes- en Suid-Kaapland) aan te beveel:

*1. dat die NG Kerk in Suid-Afrika (Wes- en Suid-Kaapland) 'n veilige en doelmatige argiefbewaarplek voorsien, beheer en laat bestuur, waarby ander sinodes dienste per ooreenkoms kan inkoop.*
*2. dat sinodes wat dienste by die Kaapse Argiefbewaarplek inkoop, die keuse sal hê om benewens die basiese argiefdiens wat gelewer word, teen bykomende betaling 'n gevorderde en gespesialiseerde argiefdiens te ontvang.*
*2.1 dat die basiese argiefdiens sal insluit:*
*2.1.1 die veilige bewaring van gemeentes, ringe en sinodes se ingehandigde argivalia;*
*2.1.2 die indeksering en/of katalogisering van die ingehandigde argivalia;*
*2.1.3 die beskikbaarstelling van die inhoud van die ingehandigde argivalia aan die betrokke kerkvergaderinge en navorsers; en*
*2.1.4 die bekendstelling van die historiese skat van die kerk op 'n toeganklike wyse aan die breë publiek.*
*2.2 dat die gevorderde argiefdiens sal insluit:*
*2.2.1 die verdere ontsluiting van die argivalia sodat kerkvergaderinge nie nodig het om die oorspronklike te raadpleeg nie, maar elektronies of andersins toegang daartoe sal hê;*
*2.2.2 die gedrukte en/of elektroniese publisering van die argivalia waartoe meer dikwels toegang gevra word; en*
*2.2.3 die voorsiening van die In Memoriam-verslag aan die sinodale vergadering.*
*2.3 dat die gespesialiseerde argiefdiens sal insluit:*
*2.3.1 die besoek aan gemeentes, ringe en/of sinodes om die nodige opleiding in argiefbewaring te gee en om argivalia vir bewaring in die Kaapse Argiefbewaarplek te ontvang; en*
*2.3.2 die publisering van artikels en boeke waarin die storie van gemeentes, die kerkverband en kerklike instansies vertel en visueel uitgebeeld word.*
*3. dat die ooreenkomste tussen die NG Kerk in Suid-Afrika (Wes- en Suid-Kaapland) en die deelnemende sinodes aanvanklik vir 'n tydperk van 5 (vyf) jaar sal wees, waarna dit vir 'n onbepaalde of bepaalde tyd hernu sal kan word.*
*4. dat die versekering aan al die deelnemende sinodes gegee word dat die huidige standaard van dienslewering voortgesit word en dat daar steeds na uitnemendheid gestreef word.*
*5. dat die oordrag van die ABID aan die NG Kerk in Suid-Afrika (Wes- en Suid-Kaapland) op 1 September 2011 plaasvind en dat die huidige driehoekige vennootskap op 31 Augustus 2011 ontbind.*
*6. dat die Assistent-direkteur na bereiking van die verpligte aftree-ouderdom op 28 Februarie 2011 uit diens tree en dat die pos nie weer gevul word nie.*
*7. dat die Direkteur op 30 September 2011 emeriteer en dat die Transvaalse Sinodes verseker dat die kontraktuele verpligting ten opsigte van die voorsiening van 'n bykomende behuisingsrentesubsidie op hierdie datum nagekom is.*
*8. dat die NG Kerk in Suid-Afrika (Wes- en Suid-Kaapland) 'n interim bestuurskomitee aanstel om die oordrag van die ABID te beplan en met die deelhebbende sinodes te onderhandel.*
*9. dat die oorblywende argiefpersoneel op 1 September 2011 in terme van Artikel 189 van die Wet op Arbeidsverhoudinge vanaf die Algemene Sinode na die NG Kerk in Suid-Afrika (Wes- en Suid-Kaapland) oorgedra word.*
*10. dat die NG Kerk in Suid-Afrika (Wes- en Suid-Kaapland) met die ander deelnemende sinodes afsonderlike ooreenkomste beding vir implementering op 1 September 2011.*
*11. dat die ATABID 'n nuwe reglement vir die Algemene Sinode se Taakspan Argief voorberei vir voorlegging aan die Algemene Sinode in Oktober 2011.*

*12. dat die huidige drie vennote ’n ses maande begroting vir die boekjaar 2011/12, wat reeds die nuwe bedeling weergee, opstel en vóór 28 Februarie 2011 goedkeur.*
*13.dat die ATABID versoek word om die huidige 2010/11-begroting in die lig van die nuwe bedeling te hersien en slegs noodsaaklike uitgawes aan te gaan.*
*14. dat die Algemene Sinode tot 31 Augustus 2011 sy finansiële verpligting ten opsigte van die ABID nakom en dat die Algemene Sinode se voortgesette deelname per nuwe ooreenkoms met die NG Kerk in Suid-Afrika (Wes- en Suid-Kaapland) bepaal word.*

**1.3** Hierdie besluit is deur die Algemene Sinodale Moderamen, die Gesamentlike Sinodale Kommissie van die NG Kerk van Transvaal en die Moderatuur (Moderamen?) van die NG Kerk in Suid-Afrika (Wes- en Suid-Kaapland) goedgekeur. Die Moderatuur (Moderamen?) van die NG Kerk in Suid-Afrika (Wes- en Suid-Kaapland) het in die lig daarvan op 17.01.2011 soos volg besluit:
*“4.1.1 Ds Bossie Minnaar te versoek om ’n taakspan saam te stel wat ’n omvattende en uitvoerbare plan vir die Argief vanaf 1 September 2011 kan opstel. Die huidige lede van die SKA (Albé Theunissen, voorsitter, Kobus Kriel en Jacques Steenkamp) moet deel van die taakspan wees. Die taakspan kan nog lede koöpteer ter wille van die uitbreiding van kundigheid;*
*4.1.2 die nuwe taakspan se doel en begrensing aanvanklik te vind in die besluite van die werkgroep van die rolspelers in 4.1.1 genoem (Bylae B);*
*4.1.3 die reiskoste vir die lede van die taakspan uit fondse van die Sinode van Wes-en Suid-Kaapland te vergoed;*
*4.1.4 bykomende kompensasie aan die kerkraad van die NG Kerk Franschhoek te betaal namate die kommissie vorder met die uitvoering van sy opdrag en die sinode in ’n meerdere mate van ds Minnaar se dienste gebruik maak.”*
**1.4** Hierdie taakspan het reeds op 25.01.2011 en 02.03.2011 saam met lede van die Dagbestuur van ATABID vergader om aan hierdie besluite uitvoering te gee. ATABID het op 20.04.2011 met instemming kennis geneem van die proses wat buite om die Taakspan plaasgevind het.

## 2. SENTRALISERING VAN GEMEENTELIKE REGISTERS

**2.1** Die Algemene Sinode het in 2007 besluite oor die sentralisering van gemeentelike registers geneem en dit aan sy Taakspan vir ABID opgedra om dit uit te voer. Tot in 2009 is daar goed met die projek gevorder totdat die vraag ontstaan het in welke mate die NG Kerk reeds kontraktueel verbind was én of ATABID self besluite oor dié saak kon neem. Die Algemene Sinodale Moderamen (ASM) het by verskeie geleenthede gedurende 2009 die saak op sy agenda gehad en daar is telkens advies ingewin oor hoe die saak hanteer behoort te word. In Junie 2009 is besluit om met die hulp van ‘n onafhanklike IT- en regsadviseur uitsluitsel te kry oor die eiendomsreg en gebruik van bestaande sagteware en wat die moontlike implikasies vir die NG Kerk en die Sentraliserinsproses kan wees. In Januarie 2010 is ‘n regskundige - kundige op die gebied van ooreenkomste in die IT en IE omgewing - aangewys om ooreenkomste voor te berei. Die vraag het ontstaan of “Sentralisering” as diens vanaf ‘n diensverskaffer ingekoop moet word en of die Algemene Sinode eerder die volle program vir die Sentrale Register - met bronkode - moes aankoop.
**2.2** Op 14.07.2010 het die ASM die volgende besluit geneem ná verslag deur verteenwoordigers van ATABID, ATF en die ATR:

*1. Die besluit van die Algemene Sinode van 2007 in verband met die Sentralisering van Gemeentelike Registers bepaal dat dit 'n besluit van die Algemene Sinode is dat die Algemene Sinode al die ooreenkomste met die diensverskaffers moet aangaan en onderteken.*
*2. ATBID verkry uitstaande tegniese spesifikasies vir die betrokke sagteware en versoek mnr Botha Ernst om die ooreenkomste daarmee uit te brei. Hierdie ooreenkomste word aan die ATF oorhandig vir die uiteindelike bedinging van kostes.*
*3. ATBID stel 'n ad hoc-kommissie saam, uitgebrei met kundiges en 'n lid van ATF, om die programme te evalueer ten einde die beste werkswyse/produk daar te stel.*
*4. ATABID se ad hoc-kommissie lê die tegniese spesifikasies aan nog twee IT spesialiste/ maatskappye voor vir kwotasies.*
*5. ATABID lê hierdie kwotasies saam met die van Infokerk aan ATF voor vir hulle onderhandelinge om die beste prys te beding.*
*6. ATF en ATABID lê 'n gesamentlike aanbeveling aan die ASM voor oor die aanwys van 'n (sagteware-ontwikkelaar en -instandhouer) diensverskaffer vir die Sentraliserings- proses.*
*7. Die ATR sal die ooreenkomste wat in samewerking met die aanbevole diensverskaffer (sagteware-ontwikkelaar en -instandhouer) opgestel is, nagaan en gereed maak vir ondertekening deur die Algemene Sinode se gevolmagtigde.*

**2.3** Die ad hoc-kommissie het mnr Ralph Pina, Direkteur, eBesigheid, Informasietegnologie, Universiteit van Stellenbosch in Stellenbosch ontmoet en in Pretoria is gesprek gevoer met mnre Raymond Wright (Network Alliance) en Chris Krause (WNNR). Ná die gesprekke met die drie IT-kundiges, was die ad hoc-kommissie in die

algemeen tevrede dat die program, die programmerings-databasis en die -taal wat Infokerk onderneem het om te gebruik en te skep, voldoen aan die vereistes soos deur die kundiges voorgestel is.
**2.4** Ook die koste het geblyk in lyn te wees met wat die mark bepaal. Die ad hoc-kommissie was van mening dat dit nie nodig was om die nog twee IT-spesialiste/ maatskappye om kwotasies te nader nie omdat die deskundiges van mening was dat 'n beter kwotasie nie wesenlik van die Infokerk-kwotasie sou verskil nie. Dit sou ook nie nodig wees om die bronkode aan te koop nie omdat die kerk kontraktueel beskerm kon word. Die koste, wat reeds tydens 'n vorige vergadering voorgelê is, was ongeveer R617,220 per jaar met jaarlikse eskalering. Die ad hoc-kommissie het geoordeel dat hierdie koste te duur vir die gemeentes is en dat die uiteindelike koste in die jare wat kom, nie voorsien kan word nie. Ook die logistieke reëlings om die projek uit te voer, het problematies geblyk, omdat drie sinodes aangedui het dat hulle nie die insameling van die fondse van die gemeentes gaan onderneem nie. 'n Aantal gemeentes het ook aangedui dat die verkryging van die ID-nommers problematies is. Die ad hoc-kommissie was van mening dat indien die grootste motivering vir sentralisering was om die oorplasing van lidmaatskap te vergemaklik, die huidige diensverskaffers self die diens aan hulle kliënte kan lewer.
**2.5** Op 01-03.11.2010 het die ASM die volgende besluit oor die Sentralisering van Gemeentelike Register geneem:

"*6.2 SENTRALISERING VAN REGISTERS*
*6.2.1 Die Moderamen besluit dat ATABID die opdrag uitgevoer het, maar dat daar nie met Sentralisering van Gemeentelikeregisters voortgegaan word nie.*
*6.2.2 Die ASM beëindig die onderhandelinge met Infokerk.*
*6.2.3 Die ASM versoek Infokerk en die ander diensverskaffers om te oorweeg om hulle programme uit te brei om dit vir hulle kliënte moontlik te maak om lidmaatskapsbewyse te kan oorplaas. In dié proses moet aan die kerkordelike vereistes vir die registerstelsel van die NG Kerk voldoen word.*
*6.2.4 Die ASM besluit dat sinodes en gemeentes 'n eie reg het om inligting te beskerm.*"

## 3. DIGITALISERING VAN ARGIVALIA VOLGENS OOREENKOMSTE MET GISA EN DIE GSU

**3.1 Argivalia by ABID reeds gedigitaliseer:-** Die digitering van alle gemeentelike Doop- en Lidmateregisters en registerafskrifte in bewaring by ABID is afgehandel. Die beraamde waarde van dié projek wat gratis vir die kerk gedoen is, beloop reeds meer R60 miljoen. Die indeksering van hierdie digitale registers deur die GSU nader ook voltooiing en sal elektroniese soektogte daarin moontlik maak.
**3.2 Argivalia by ABID in proses van digitalisering:-** Die GSU het hulle bereid verklaar om voort te gaan met die gratis digitering van alle handgeskrewe brieweboeke (oudste 1670 onder die slawe-tema) en kerkraadsnotules van voor 1915 wat ABID sou wou digiteer. Hulle het hulle ook bereid verklaar om alle betrokke dokumente/acta ten opsigte van "*Die NG Kerk en die Apartheidstydperk*" vir die tydperk 1910-1994, te digiteer.
**3.3 Alle lidmaat- en huweliksregisters tans nog by gemeentes:-** Daar is 'n baie groot aantal registers (3,900+) en registerafskrifte (1,120,000pp) nog in besit van gemeentes en die vier Kerkargiewe wat gedigiteer behoort te word. Die totale aantal bladsye en beligtings vir hierdie projek is ±1.9 miljoen teen 'n beraamde koste van ±$20 miljoen (±R140 miljoen) vir die GSU. Wanneer hierdie projek voltooi is, sal die GSU sedert 1998 reeds ±$34 miljoen spandeer het aan die digiteringsprojekte vir die NG Kerk sonder koste vir die kerk. Die GSU is gereed om, volgens die bestaande ooreenkoms, ook dié lidmaat- en huweliksregisters te digiteer. Die GSU was bereid om alle registers in gemeentes van al die sinodes volgens 'n program vanaf gemeentes na ABID in Stellenbosch te laat koerier, waar dit deur hulle gedigiteer sou word. Ná verfilming sou dit weer na die gemeentes teruggeneem word en waar gemeentes te ver van Stellenbosch geleë is, sou met die gemeentes gereël word om dit by die gemeente self te digiteer. Die logistiek om registers heen en weer te koerier is egter te moeilik en duur. Die GSU beplan nou om die digitering by gemeentes te laat doen deur digiteringspanne, behalwe in groter dorpe en stede waar registers na 'n sentrale punt geneem sal word vir digitering.
**3.4 Het Jan Marais Nationale Fonds (HJMNF)-** Net ná ABID in Oktober 2004 in die Kerkargiefgebou ingetrek het, het die NG Gemeente Stellenbosch se *Historiese Kommissie* met ABID begin saamwerk ten opsigte van die digitering van die gemeente se registers. In Mei 2005 is 'n skenking van R35,000 vanaf die HJMNF bekom vir 'n digiteringsprojek by ABID. Hiermee is gemeentelike/ kerklike argivalia wat gevaar staan om verlore te gaan, gedigiteer. Deeltydse personeel is hiermee vir hulle dienste vergoed. Op grond van die besonderse werk aan die betrokke digiteringsprojek, het proff Andreas van Wyk en Robbie Reinecke teen die einde van 2008 weer bemiddel om fondse vanaf dieselfde instansie te bekom en 'n bedrag van R100,000 is geskenk vir die digitering van oudiovisuele stukke en van gemeentelike/ kerklike argivalia wat gevaar staan om verlore te gaan. Prof Reinecke is steeds die nie-amptelike "toesighouer" oor die projek en werk nou saam met die direkteur van ABID.
**3.5 AANBEVELING: DIGITERING VAN ARGIVALIA**
**3.5.1 Die Algemene Sinode neem met dank kennis van die digitering van gemeentelike argivalia en van die ouer gemeentes deur beide die GSU en deur ABID met ondersteuning van die HJMNF.**
**3.5.2 Die Algemene Sinode keur die beplande digiteringsprojek goed waarvolgens die GSU ooreenkomstig die bestaande ooreenkoms met die NG Kerk, alle lidmaat- en huweliksregisters wat nog by gemeentes in al die sinodale gebiede is, stelselmatig volgens 'n program te digiteer.**

**3.5.3 Die digitering van alle registers tans nog by gemeentes word deur digiteringspanne van die GSU by gemeentes gedoen, behalwe in groter dorpe en stede waar registers na ‘n sentrale punt geneem sal word vir digitering.**

## 4. NUWE REGLEMENT VIR DIE TAAKSPAN ARGIEF EN BESTUURSINLIGTINGSDIENSTE (BYLAAG 1)

**4.1 Noodsaaklikheid van ‘n nuwe reglement:-** Met die oordrag van ABID vanaf die Algemene Sinode na die NG Kerk in SA is dit noodsaaklik om te besin oor die samestelling van die Taakspan, sowel as oor ‘n nuwe reglement vir die Taakspan se werksaamheid.

**4.2 Samestelling en opdrag van die Taakspan:-** Die Taakspan behoort baie kleiner te wees as die bestaande Taakspan, omdat dit slegs oor die NG Kerk se Argief en Museumbeleid moet besin en nie meer oor die uitvoering daarvan en die bestuur van ABID nie.

**4.3 AANBEVELING: REGLEMENT VIR DIE TAAKSPAN ARGIEF EN BESTUURSINLIGTINGSDIENSTE**
**Die Algemene Sinode verwys die Reglement vir die Algemene Taakspan vir Argief en Inligtingsdienste na die Moderamen en die Algemene Taakspan Regte vir finalisering.**

## 5. REGLEMENTE VIR DIE HANTERING VAN ARGIEF- EN MUSEUMMATERIAAL ÉN KERKLIKE REGISTERS

**5.1 Hersiening en herverdeling:-** Hierdie Reglemente behoort hersien te word deur pt 6 (*6. Inlewering van Argivale Bronne*) uit die Reglement vir die Hantering van Argief- en Museummateriaal te laat en saam met die Reglement vir Kerklike Registers in ’n afsonderlike, uitgebreide “Handleiding vir Kerklike Registers en Rekordbeheer” op te neem. Hierdie handleiding moet nadat dit goedgekeur is, aan alle gemeentes, sinodes en Kerkargiewe beskikbaar gestel word as beleidsdokument vir die hantering van kerklike registers en die bewaring en vernietiging van argivalia.

**5.2 AANBEVELING: REGLEMENTE ARGIEF- EN MUSEUMMATERIAAL EN HANTERING VAN KERKLIKE REGISTERS**

**5.2.1 Die Reglemente vir die hantering van Argief- en Museummateriaal, soos in Die Kerkorde (Algemene Sinode, 2007) opgeneem is, word weer in Die Kerkorde opgeneem met die weglating van *6. Inlewering van Argivale Bronne* in Bylaag 1.**

**5.2.2 *6. Inlewering van Argivale Bronne* en die *Reglement vir die Hantering van Kerklike Registers* word in ’n afsonderlike, uitgebreide “Handleiding vir Kerklike Registers en Rekordbeheer” opgeneem.**

**5.2.3 Die “Handleiding vir Kerklike Registers en Rekordbeheer” word, nadat dit goedgekeur is deur die ASM, aan alle gemeentes, sinodes en Kerkargiewe beskikbaar gestel as beleidsdokument vir die hantering van kerklike registers en die bewaring en vernietiging van argivalia.**

**5.2.4 Die Algemene Sekretaris dra die besluit hierbo aan Sinodes en Sinodale Kerkkantore oor sodat gemeentes ingelig kan word oor die gebruik van Kerklike Registers en die korrekte toepassing van Rekordbeheer.**

## 6. ARGIEF- EN INLIGTINGSWETGEWING EN DIE NG KERK

Die NG Kerk is soos alle instansies onderhewig aan wetgewing. Sommige, soos die volgende, impakteer direk op die werk van die kerk se sinodes, ringe, gemeentes en kommissies:

**6.1 Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting (Wet 2 van 2000)** - Gemeentes, Ringe en Sinodale Kerkkantore moet jaarliks 'n inventarisvorm indien van alle dokumente/argivalia wat in die kerkkantore bewaar word volgens reglemente en wetlike vereistes. Minder as 50% van die gemeentes het al ’n inventaris voltooi en by ABID ingedien sedert Wet 2 van 2000 in 2005 ook op die kerk van toepassing gemaak is. Minder as 25% van die gemeentes het al 3 of meer keer die jaarlikse opdatering van hulle inventaris ingestuur; en minder as 15% van die gemeentes het elke jaar sedert 2005 hulle inventaris ingestuur. Meer as 50% van alle gemeentes het nog nooit of minder as 3 keer inventarisvorms na ABID gestuur. Weinig inventarisvorms is al deur Ringskommissie ingedien en ’n paar Sinodale Kerkkantore het nog nooit ’n vorm 'n by ABID ingedien om aan die vereistes van dié wet te voldoen nie.

In 2004 het die Algemene Sinode dr CJJ Froneman in sy hoedanigheid as Direkteur van ABID aangewys as die “Inligtingsbeampte van die NG Kerk” vir die doeleindes van Wet 2 van 2000. Met die emeritering van dr Froneman moet ’n opvolger vir hom aangewys word.

**6.2 Nasionale Erfenis-wetgewing (Wet 25 van 1999) -** Hierdie wetgewing het direk betrekking op kerklike eiendomme en die bewaring van dokumente, kunswerke en artifakte. Dit is aangevul deur **Goewermentskennisgewing No 1313 van 25.10.2002** en bepaal onder andere dat alle geboue (van die kerk) ouer as 60 jaar deur die wet beskerm word en dat toestemming verkry moet word voordat enige vervreemding, restourasie of verbouings mag plaasvind. Dit verwys na byna alles wat verder terug as 50 jaar in Suid-Afrika geskep is [Boeke, manuskripte, dokumente, argivalia, kaarte, afdrukke, foto’s, films, klankmateriaal en enige

materiaal wat uniek is ten opsigte van "filling-the-gap", wat die mondelinge geskiedenis van Suid-Afrika aanvul]. ’n Lang lys verskyn in Bylaag A tot Goewermentskennisgewing No 1313 van 25.10.2002.

**6.3 Wetgewing ten opsigte van E-Kommunikasie en Transaksies (Wet 25 van 2002)** - Hierdie wetgewing fasiliteer en reguleer elektroniese kommunikasie (e-pos) en transaksies; maak voorsiening vir die ontwikkeling van 'n nasionale e-strategie vir SA; bevorder universele toegang tot elektroniese kommunikasie ens; poog om die misbruik van inligtingstelsels te voorkom; die gebruik van die staat se e-dienste aan te moedig; en om dienste daarmee verbandhoudend, te voorsien.

**6.4 Elektroniese Rekordbestuur**

Al die wetlike bepalings ten opsigte van die bewaring van 'n regspersoon se notules, korrespondensie en finansiële rekords in “*papier-formaat*” (hardekopie), is ook op elektroniese dokumentasie van toepassing. Byna geen kerklike instansie (kerkkantoor of amptenaar) tref reëlings om hulle elektroniese dokumente se bewaring, integriteit en voortbestaan van een sagteware-weergawe tot die volgende opgradering te verseker nie.

**6.5 Beskerming van Persoonlike Inligting -** (Voorgestelde wetgewing)

Die omvang en impak van hierdie wetgewing op gemeentes sal eers later duidelik word. Dit sal die insamel, gebruik, openbaarmaak van, stoor en toegang tot “persoonlike inligting” (met baie wye definisie) reël. Dit is nou reeds duidelik dat die wet die bestuur van personeelinligting grootliks gaan raak. Of dit inligting van lidmate in dieselfde mate gaan raak, is nog onseker, maar dat dit wel 'n inpak gaan hê is seker.

**6.5 AANBEVELINGS: ARGIEF- EN INLIGTINGSWETGEWING**

**6.5.1 Sinodes word versoek om al hulle gemeentes, ringe, kerklike instansies en die Sinodale Kerkkantoor te vra om as ’n saak van dringendheid uitvoering te gee aan die vereistes van Wet 2 van 2000.**

**6.5.2 Sinodes word versoek om al hulle gemeentes, ringe, kerklike instansies en die Sinodale Kerkkantoor te vra om kennis te neem van die implikasies van Wet 25 van 2002 en die vereiste dat dokumente wat elektroniese geskep word (op ’n rekenaar/ skandeerder); elektronies gestuur en ontvang word (e-pos/faks), ook aan alle wetlike vereistes ten opsigte van bewaring moet voldoen.**

**6.5.3 ATABID volg die gang van die wetgewing ten opsigte van die beskerming van persoonlike inligting.**

**6.5.4 Die Moderamen wys ’n opvolger in die plek van dr CJJ Froneman aan as “Inligtingsbeampte van die NG Kerk” vir die doeleindes van Wet 2 van 2000 en stel die Kantoor van die Kommissie vir Menseregte daarvan in kennis.**

JC Carstens (Voorsitter)
CJJ Froneman (Skriba)

**ATABID BYLAAG 1**

# REGLEMENTE VIR ALGEMENE TAAKSPAN VIR ARGIEF EN INLIGTINGSDIENS (ATAI)

## 1. NAAM

Algemene Taakspan vir Argief- en Inligtingsdiens (ATAI).

## 2. SAMESTELLING

**2.1** Die argivarisse of persone belas met die argiewe van sinodes met die voorsitter/verteenwoordiger van elk van die betrokke kommissies as sekundus.
**2.2** 1 x Deskundiges

## 3. OPDRAG

Die Taakspan
**3.1** adviseer die Algemene Sinode
**3.1.1** in verband met die argiefreglemente en handleidings vir die gebruik deur sinodes:
**3.1.2** met betrekking tot wetgewing wat bewaring van en toegang tot inligting raak.
**3.2** sien toe dat die stukke van die Algemene Sinode en sy kommissies in die aangewese kerkargiefbewaarplek versorg en ontsluit word.
**3.3** sien toe dat inligting vir In Memoriamverslae volgens die prosedure in die Argief- en Museumbeleid tussen sinodes uitgeruil word.

## 4. KONSTITUERING EN VERGADERINGS

**4.1** Die Taakspan konstitueer en vergader hoogstens een maal per jaar.
**4.2** By die konstituering word 'n dagbestuur saamgestel, bestaande uit die voorsitter, ondervoorsitter en skriba.
**4.3** Die Taakspan benoem subkommissies volgens behoefte.

# A.3 BEVOEGDHEID

## 1. PERSONEEL

Drr Flip du Toit (voorsitter), Dewyk Ungerer (skriba), ds Hannes Windell, dr Theo Swart en ds Danie Mouton.

## 2. OPDRAG VAN DIE ALGEMENE SINODE 2007

Hoewel sodanige Ad hoc-Taakspan deur die Algemene Sinode van 2007 voorsien is, is die Taakspan eers op aanbeveling van die ATR in Junie 2009 aangewys. Die Taakspan is sedert einde 2010 besig met die studieopdrag en kon derhalwe nog nie verslag aan die ASM lewer nie. Die Ad hoc-Taakspan versoek dat die Algemene Sinode in Oktober 2011 die verslag direk in ontvangs neem en tydens die vergadering hanteer.

### 2.1 OPDRAG

BEDIENINGSBEVOEGDHEID: (vgl Agenda Deel I bl 326, A.3.4.1 Verslag van die Algemene Taakspan Regte pt 1.2.3 asook Agenda Deel II bl 23. Notule bl 117).
Die Algemene Sinode besluit op versoek van die ATR om ’n klein taakspan van kundiges aan te wys en om daarvoor te begroot, met die doel om ’n omvattende ondersoek te doen na:
1. Alle sake rakende die toetrede tot die bediening en die behoud van bedieningsbevoegdheid;
2. Die problematiek rondom die predikant “as werknemer van die kerkraad” aan die een kant en sy/haar ampsbevoegdheid kragtens sy legitimasie en bevestiging aan die ander kant;
3. Of daar sekere bedieningstake (bv Sakramentsbediening) slegs aan die bevestigde leraar toevertrou kan word en of sodanige take ook deur nie-bevestigde leraars uitgevoer mag word;
4. Die moontlikheid van verskillende kategorieë van predikante, beide wat opleiding, legitimasie en verantwoordelikhede betref;
5. Verdere sake deur die Algemene Sinode geïdentifiseer.
6. Hierdie ondersoek moet spoedeisend afgehandel word met verslag en afhandelingsbevoegdheid aan die Moderamen.

## 3. UITVOERING VAN OPDRAG

Die Taakspan doen soos volg verslag:
**3.1** Ten opsigte van punt 5 in die opdrag is daar geen ander sake in dié verband na die Taakspan verwys nie.
**3.2** Punt 6 is reeds na verwys. Die Taakspan oordeel dat die verslag direk aan die Algemene Sinode gelewer word.
**3.3** Die Taakspan het van die opdragte gekombineer sodat ’n beter geheelbeeld van die opdrag verkry kan word.

## 4. AMPSBEVOEGDGHEID

Die Taakspan het gepoog om ’n definisie daar te stel sodat duidelikheid verkry kan word met wat bedoel word met “Ampsbevoegdheid.”

### 4.1 WAT WORD BEDOEL MET AMPSBEVOEGDHEID ?

**4.1.1** In die artikels van die Kerkorde of in die Reglemente word daar nie ’n definisie van bevoegdheid gegee nie. In Reglement 3 (Reglement vir die reëling van die bevoegdheid van Predikante en Proponente) § 1 word na bevoegdheid verwys as die vermoë om binne ’n gemeente ampspligte uit te voer. In Kerkorde Artikel 6 word aangedui dat die Algemene Sinode[1] deur middel van die Algemene Taakspan Regte[2] bevoegdheid in al sy gestaltes (vgl Art 9) aan ’n bedienaar van die Woord verleen en dit ook kan wegneem.

**4.1.2** Die AS stel dus kandidate wat aan al die akademiese en ander vereistes voldoen aan die breë Kerkverband beskikbaar vir beroeping. Hierdie is die resultaat van die nodige ondersoeke deur ’n Proponenteksamenkommissie en ’n aanbeveling deur die onderskeie kuratoria. Indien suksesvol, word die student gelegitimeer en verkry hulle proponentsbevoegdheid. Hierna is die proponent beroepafwagtend en word aan hom/haar die bevoegdheid van predikant verleen nadat hy/sy na ’n gemeente beroep is, die beroep aanvaar het en in die gemeente bevestig is. (Die inwendige roeping word dus deur ’n uitwendige roeping bevestig.) Predikantsbevoegdheid word verkry wanneer die ring toestemming verleen vir die bevestiging van die proponent in die gemeente (vgl Artikel 8.1.3).

**4.1.3** Predikantsbevoegdheid kan dus as volg omskryf word:
Volle predikantbevoegdheid word aan ’n persoon verleen, wat:
** Aan die akademiese vereistes voldoen het*
** Deur ’n kuratorium vir legitimasie aanbeveel is*
** Deur die AS (ATR) gelegitimeer is*
** Tydens ’n wettig-gekonstitueerde kerkraadsvergadering na ’n gemeente beroep is*
** Na approbasie (met handoplegging in die geval van proponente) in die gemeente bevestig is.*

[1] Voortaan AS.
[2] Voortaan ATR.

Daar is egter gevalle waar daar ŉ behoefte aan beperkte bevoegdheid is sowel as bevoegheid van predikante wat nie aan ŉ gemeente gekoppel is nie, bv teologiese dosente, kapelane, persone wat bevoegdheid behou in terme van Artikels 11 en 12.

**4.1.4** In die lig hiervan stel die Taakspan die volgende kategorieë van ampsbevoegdheid voor:

**4.1.4.1 Teologiese kandidaat**

Dit is 'n persoon wat aan bepaalde akademiese vereistes voldoen en aan wie preekvergunning gegee is deur ŉ kuratorium. So ŉ teologiese kandidaat kan:

** Die Woord bedien op uitnodiging van en onder toesig van ŉ kerkraad*

** Ander geestelike werk in ŉ gemeente verrig, bv jeugwerk ens.*

So ŉ teologiese kandidaat mag nie:

** Sakramente bedien nie*

** Liturgiese handelinge (bv handgebare by seëngroet en seën) uitvoer nie.*

**4.1.4.2 Proponentsbevoegdheid**

Dit is 'n persoon wat aan bepaalde akademiese vereistes voldoen, wie gelegitimeer is en vir die breë kerkverband beskikbaar gestel is. ŉ Proponent beskik oor die volgende ampsbevoegdheid:

** Die Woord bedien op uitnodiging en toesig van ŉ kerkraad*

** Liturgiese handelinge verrig tydens eredienste*

** Ander geestelike werk in ŉ gemeente verrig, bv jeugwerk ens.*

ŉ Proponent beskik nie oor die volgende ampsbevoegdheid nie:

** Bediening van sakramente*

** Om as huweliksbevestiger aangestel te word nie*

** Leiding van kerkraadsvergaderings (slegs nadat hy/sy verkies en bevestig is as ouderling).*

**4.1.4.3 Volle ampsbevoegdheid**

Dit is 'n persoon wat aan bepaalde akademiese vereistes voldoen en gelegitimeer is, na 'n gemeente beroep is, die beroep aanvaar het en in die gemeente bevestig is. ŉ Persoon wat oor volle ampsbevoegdheid beskik, kan:

** Alle ampspligte uitvoer soos beskryf in Artikel 9*

** Voorsitter wees van ŉ kerkraad*

** As huweliksbevestiger deur die Departement van Binnelandse Sake aangestel word.*

Verder beteken dit dat ŉ predikant met volle ampsbevoegdheid:

** Aan een van die kerk se goedgekeurde pensioenfondse moet behoort (voltyds)*

** Aan ŉ ander erkende pensioenfonds behoort in die geval van tentmakers*

** Aan die goedgekeurde mediese fonds, of soos met kerkraad ooreengekom, moet behoort.*

**4.1.5** Ten einde duidelikheid te verkry oor predikante met volle ampsbevoegdheid, maar wie op verskillende wyses hierdie ampsbevoegdheid beoefen, word die volgende onderskeid getref:

**4.1.5.1 Volle ampsbevoegdheid (gemeentekoppeling)**

Dit is 'n proponent/predikant wat na 'n gemeente beroep is, die beroep aanvaar het en in die gemeente bevestig is. ŉ Persoon wat oor volle ampsbevoegdheid beskik, kan:

** Alle ampspligte uitvoer soos beskryf in Artikel 9*

** Voorsitter wees van ŉ kerkraad*

** Huweliksbevestiger word.*

**4.1.5.2 Volle ampsbevoegdheid (nie-gemeentekoppeling)**

Dit is 'n proponent/predikant wat in ŉ ander hoedanigheid in ŉ sinodale of ander pos beroep/benoem is, die beroep/benoeming aanvaar het en in die bepaalde pos bevestig/aangestel is. ŉ Persoon wat oor volle ampsbevoegdheid beskik, kan:

* *Alle ampspligte uitvoer soos beskryf in Artikel 9 op uitnodiging en toesig van ŉ kerkraad*

** Huweliksbevestiger word.*

Die volgende sou kwalifiseer vir hierdie kategorie ampsbevoegdheid:

*(1) Kerklike teologiese dosente*

*(2) Kapelane*

*(3) Predikante in diens van die Bybelgenootskap*

*(4) Predikante in sinodale diens*

*(5) Hoofde van kerklike inrigtings.*

**4.1.5.3 Volle ampsbevoegdheid (emeritus)**

Dit is 'n predikant wat die aftree-ouderdom bereik het en geëmeriteer het. ŉ Persoon wat oor volle ampsbevoegdheid (emeritaat) beskik, kan:

** Alle ampspligte uitvoer soos beskryf in Artikel 9 op uitnodiging en toesig van ŉ kerkraad.*

ŉ Persoon wat oor volle ampsbevoegdheid (emeritaat) beskik:

** Is nie beroepbaar nie.*

**4.1.5.4 Volle ampsbevoegdheid (Artikel 12)**

Dit is 'n predikant van wie die band met die gemeente losgemaak is as gevolg van die gemeente se bedryfs- en/of finansiële behoeftes. ŉ Persoon wat oor volle ampsbevoegdheid(Art 12) beskik, kan:

** Alle ampspligte uitvoer soos beskryf in Artikel 9 op uitnodiging en toesig van ŉ kerkraad*

** Huweliksbevestiger bly*
** Beroep word.*
**4.1.6 Beperkte bevoegdheid**
**4.1.6.1** Die toekenning van hierdie beperkte bevoegdheid is nie die taak van die ATR nie. Ringe (vgl aanbeveling aan die einde van die verslag) behoort die verantwoordelikheid te aanvaar om:
* Die standaard van die bepaalde kandidaat se opleiding te evalueer
* Die voorgestelde pos en pligtestaat te evalueer
* Die diensooreenkoms te kontroleer.

**4.1.6.2** Beperkte bevoegdheid skep nie 'n nuwe amp nie en daarom kan die persoon bepaalde ampspligte uitvoer soos ooreengekom en goedgekeur. Kerkrade kan wel sodanige persone in die amp van ouderling/diaken verkies. Wanneer 'n persoon oor beperkte bevoegdheid beskik kan hy/sy alleen hierdie bevoegdheid beoefen binne die gemeente waartoe die ring goedkeuring gegee het.
**4.1.6.3** In hierdie groep val persone wat aan bepaalde beperkte akademiese vereistes voldoen en wie op versoek van 'n gemeente deur die ring toegelaat is om beperkte ampspligte uit te voer.
**4.1.6.4** Persone wat oor beperkte bevoegdheid beskik, kan:
** Net die Woord bedien (indien kwalifikasie dit toelaat) onder opsig en toesig van die kerkraad en ring*
** Diens van die gebede*
** Onderrig en toerusting*
** Beperkte opbou van die gemeente*
** Beperkte dienswerk in die gemeente*
** Beperkte leiding en organisering van die gemeente*
** Beperkte pastorale versorging.*

**4.2 AANBEVELINGS: AMPSBEVOEGDHEID**
**4.2.1 Die Algemene Sinode keur die volgende kategorieë van ampsbevoegdheid goed:**
**4.2.1.1 Teologiese student**
**4.2.1.2 Proponent**
**4.2.1.3 Volle ampsbevoegdheid**
**4.2.1.4 Beperkte bevoegdheid**
**4.2.2 Die Algemene Sinode voeg 'n nuwe Artikel 31.8 in die Kerkorde in:**
**"Die toekenning van beperkte bevoegdheid op versoek van kerkrade" (vgl Riglyne: Toekenning van beperkte bevoegdheid aan lidmate).**

## 5. HERSIENING VAN DIE A TOT Z-BELEID
Die opdrag van die Algemene Sinode 2007 in die verband is uitgevoer.

**5.1 AANBEVELING: HERSIENING VAN HOOFSTUK 6 VAN *DIE A TOT Z-HANDLEIDING AANGAANDE PREDIKANTE (BELEIDSAGTERGROND)*.**

**5.1.1 Die Algemene Sinode vervang Hoofstuk 6 van die A tot Z-Handleiding aangaande predikante (beleidsagtergrond) (vgl Agenda Algemene Sinode 2007, bl 253 tot 257) met die goedkeuring van die onderstaande Hoofstuk 6:**

# HOOFSTUK 6

## 6. LEGITIMERING EN ORDENING

### 6.1 ONDERSKEID LEGITIMASIE EN ORDENING
**6.1.1 Legitimasie**
Legitimasie is die verlening van bevoegdheid aan 'n persoon en die beskikbaarstelling van daardie persoon aan die kerkverband met die oog op beroeping. Bepaling 2.1 van Reglement 3 omskryf dit as iemand wat:
"*2.1.1 die innerlike roeping van die Here ontvang het,*
*2.1.2 die teologiese opleiding volgens die voorskrifte van die Algemene Sinode deurloop het,*
*2.1.3 aan 'n ondersoek ten opsigte van leer en lewe en die geskiktheid vir die bediening onderwerp is ..."* Die tradisionele onderskeid tussen legitimasie en ordening is dat ordening eers plaasvind na die uitwendige roeping deur 'n gemeente.
**6.1.2 Ordening**
Deur ordening (bevestiging) word die leraar wat deur 'n gemeente of ander kerklike instansie beroep is in die amp bevestig. Ordening beteken die amptelike (ordelike) handeling van die kerk waardeur 'n opgeleide persoon in diens van die Evangelie gestel word. Dit dui op die proses waardeur die kerk bevestig dat 'n persoon diensbaar aan die Evangelie is sowel as die liturgiese praktyk waardeur so 'n persoon toegelaat word tot die amp. Die liturgiese praktyk geskied by wyse van 'n formulier, deur gebed en met handoplegging. Die huidige bepalings beteken dus

dat ’n proponent deur bevestiging die bevoegdheid van predikant ontvang. Bepaling 1.2 van Reglement 3: *“Die bevoegdheid vir die uitvoering van die werk van die bedienaar van die Woord is nie geleë in bepaalde vermoëns of besondere kwaliteite, of ’n aparte geestelike stand wat beklee is met ’n blywende eer of mag en wat deur die daad van ordening verkry word nie. Daar bestaan nie so iets soos ’n ampstatus wat aan die persoon kleef en aan hom/haar sekere regte en bevoegdhede verleen sonder dat hy/sy hulle amp binne gemeentelike of kerkverband beklee nie.”*

### 6.2 ONDERSKEID: INWENDIGE EN UITWENDIGE ROEPING EN BEVOEGDHEID AS PROPONENT EN PREDIKANT

#### 6.2.1 Inwendige roeping

Dit is wanneer iemand die innerlike roeping ontvang. Legitimasie is die finale bevestiging van ’n persoon se inwendige roeping en die beskikbaarstelling van ’n opgeleide persoon aan die kerkverband in afwagting op die uitwendige roeping. *(“’n Predikant is iemand wat die vereiste teologiese opleiding deurloop het, deur middel van legitimasie vir die bediening van die Woord bevoeg verklaar is en beskikbaar is om ’n beroep te ontvang”* (Bepaling 3.1 van Reglement 3)

#### 6.2.2 Uitwendige roeping

Dit is wanneer iemand wat innerlik geroep is die nodige opleiding ondergaan het, goedgekeur is vir evangeliebediening en dan beroep (uitwendig geroep) en georden word om Evangeliedienaar te wees. So ’n persoon ontvang die bevoegdheid van predikant *(“’n Predikant is iemand wat ook deur ’n gemeente of ander kerklike instansie beroep is, en in die amp bevestig is”* Bepaling 2.1 van Reglement 3).

### 6.3 BEVOEGDHEID AS PREDIKANT

Die huidige bepalings verwoord ’n beskouing dat persone wat nie ’n uiterlike roeping ontvang het nie se dienswerk net beperk is tot Woordverkondiging. Proponente mag op uitnodiging van ’n kerkraad die Woord tydens eredienste en ander geleenthede verkondig (Bepaling 3.2 van Reglement 3). Proponente mag nie sakramente bedien nie (Die Algemene Sinode van 2004 het juis hierdie aspek vir verdere studie verwys: *“of daar sekere bedieningstake (bv sakramentsbediening) slegs aan die bevestigde leraar toevertrou kan word en of sodanige take ook deur nie-bevestigde leraars uitgevoer kan word”* (Besluiteregister Algemene Sinode 2004 punt 5 p. 18).

Reeds in 2002 besluit die Algemene Sinode insake die simboliese gebare deur proponente (Acta, bl 537: 2.2.10.2) *“die Algemene Sinode besluit dat proponente die simboliese gebare by die seëngroet en seën, wat gepaard gaan met die Woordbediening in liturgie en prediking, kan uitvoer”* (na aanleiding van Beskrywingspunt B.6.3).

Die betrokke reglement spreek hom nie uit oor ander aspekte van die dienswerk van predikante wat proponente nie beskore is nie. Hier word byvoorbeeld gedink aan die diens van gebede; die kerklike onderrig, in samewerking met die ander ampte en die gelowiges; die behartiging van die herderlike sorg, veral in die vorm van huisbesoek saam met die kerkraadslede; en die ywer vir die uitbreiding van die koninkryk van God. Dit is gestaltes van dienswerk wat in praktyk gereeld deur predikante behartig word en wat nie op goeie teologiese gronde weerhou kan word nie.

Predikante beklee die amp soos omskryf in Artikel 9 van Die Kerkorde.

### 6.4 ’N PREDIKANT GEKOPPEL AAN ’N GEMEENTE

Reglement 3 bepaal in 1.3: *“Die amp funksioneer binne gemeentelike verband met dien verstande dat persone in 2.3 genoem, naamlik die wat deur die kerkverband beroep is as dosente aan die teologiese opleidingsentra van die NG Kerk of in diens van ringe, sinodes of die Algemene Sinode, per ooreenkoms met ’n gemeente in ’n gemeente beroep en bevestig kan word. Predikante in diens van die Kerkverband en teologiese dosente het beperkte ampsbevoegdheid wat beperk is tot die bediening van Woord en sakramente tensy hulle, benewens hulle verbandswerk, ook per ooreenkoms met ’n gemeente na die gemeente beroep en bevestig is as predikant. In laasgenoemde geval verkry hulle volle ampsbevoegdheid.”*

Dit is duidelik dat ampsbevoegdheid en ampsbegrip in die NG Kerk baie sterk aan ’n gemeente gebonde is. Dit bou voort op ’n bedieningverstaan wat baie sterk op die instandhouding van die gemeente fokus. Die byna eksklusiewe koppeling aan ’n gemeente het die NG Kerk reeds voor etlike praktiese probleme gestel.

In 2002 besluit die Algemene Sinode:
*BEVOEGDHEID PREDIKANTE EN PROPONENTE (Acta, bl 573: 6.6) - Die Algemene Sinode gee opdrag aan die ARK om ondersoek te doen na die huidige reëlings met betrekking tot bevoegdheid van predikante en proponente met spesifieke verwysing na:*
*1. die moontlike struikelblok wat huidige reëlings tot gevolg het om proponente as predikante te bevestig;*
*2. die moontlikheid om predikantsbevoegdheid nie aan 'n gemeente te koppel nie;*

*3. die kerkordelike weg waardeur proponente in staat gestel kan word om in die kerk te werk.*

Daar bestaan talle uitsonderings op die sterk koppeling aan 'n gemeente dat net dit alleen die kerkverband noop om opnuut na te dink oor die teologiese begronding van die koppeling van die predikant net aan 'n gemeente. Van die uitsonderings is:
(1) Dosente wat beroep word om studente aan teologiese opleidingsentra op te lei;
(2) Kapelane wat deur gemeentes beroep word, maar waar 'n gemeente nie gevind kan word nie of waar praktiese omstandighede dit noodsaak, word kapelane deur die Algemene Sinode beroep;
(3) Sekretarisse van die Bybelgenootskap word deur die Algemene Sinode beroep;
(4) Hoofde van kinderhuise word deur die Algemene Sinode beroep;
(5) Predikante in sinodale diens het die bevoegdheid van predikant, hoewel hulle nie binne gemeentelike verband funksioneer nie.

Die saak word verder gekompliseer weens die groot aantal uitsonderings wat veroorsaak dat persone predikantsbevoegdheid ontvang hoewel hulle nie binne gemeentelike verband funksioneer nie, soos in gevalle waar:
(6) Predikante ingevolge Kerkorde Artikel 12.7.2 en 12.7.3 demissie ontvang het;
(7) Emeriti ingevolge Kerkorde Artikel 14 uit diens tree;
(8) Predikante ingevolge Bepaling 2.5.1.2 van die Reglement vir die Sending/Getuienis van die NG Kerk deur kerkvergaderings of hulle gemagtigdes uitgestuur word vir getuieniswerk (Predikante wat ingevolge bepaling 2.5.1.3 van die Reglement vir die Sending/Getuienis van die NG Kerk werk by ander kerke of sendingorganisasie aanvaar, kan egter net proponentsbevoegdheid behou).

Ten einde sinvol uitvoering te gee aan die nuwe situasie wat na 1962 ontstaan het toe die NG Kerk in die Algemene Sinodale verband verenig is waar 'n gemeenskaplike Kerkorde aanvaar is (en waarby die onderskeie sinodes slegs eie bepalings kon byvoeg), is dit nodig dat daar 'n *sentrale kantoor moet wees waar alle sake rakende bevoegdheid van predikante en proponente geadministreer moet word*. Dit moet ten nouste in samewerking met die ATR wat bevoegdheid verleen en kan wegneem, geskied.

Eenvormige beleid (strategie) met betrekking tot die opleiding, legitimering en ander kwessies rakende bevoegdheid van die predikante wat deel vorm van die NG Kerk kan alleen sinvol hanteer word as dit vanuit een sentrale kantoor geskied wat ten nouste saamwerk met die betrokke ringe asook die ATR.

Na aanleiding van herbesinning oor hierdie saak is dit duidelik dat die kommissie aanvanklik dalk die oplossing vir die probleem op die verkeerde plek gesoek het. Daar sal ander maatreëls getref moet word wat verseker dat bevoegdheidsake seepglad verloop – onder andere ook deur gereelde aanmelding van alle persone wat oor bevoegdheid wil beskik.

**6.5 'N NUWE BENADERING**

**6.5.1 'n Sentrale kantoor vir die administrasie van die bevoegdheid van predikante en proponente**

In die lig van bogenoemde vestig die kerkverband 'n sentrale kantoor vir bevoegdheid met die oog daarop dat:
**6.5.1.1** alle inligting rakende 'n gelegitimeerde van die NG kerk in 'n sentrale kantoor geberg word vanaf die oomblik van legitimasie deur die ATR;
**6.5.1.2** die sentrale kantoor se advies verkry word vir elke beroep wat uitgebring word alvorens die ring dit kan goedkeur;
**6.5.1.3** sodra 'n proponent 'n beroep na 'n gemeente of ander kerklike werkkring ontvang, vind daar 'n gesprek plaas tussen die ring en die beroepene nadat die approbasie tydperk verstryk het en voordat die ordening plaasvind;
**6.5.1.4** dat in alle gevalle van verandering van die beroepene se bevoegdheid (predikant, termyngekoppelde leraar, tentmaker) daar onmiddellik aan hierdie kantoor kennis daarvan gegee word;
**6.5.1.5** die sentrale kantoor die plek is waar elke predikant se huweliksbevestigerstatus gehou en gekontroleer word.

**6.5.2 Motivering vir die sentrale kantoor**

**6.5.2.1** Die situasie in die NG Kerk het oor die jare baie verander. Die tyd is lankal verby dat die meeste predikante net voltyds aan 'n gemeente verbonde is. Verby is ook die tyd dat feitlik alle predikante aan een van die kerk se pensioenfondse behoort het (met die gepaardgaande verlies aan basiese inligting).
**6.5.2.2** Die instelling van die tentmakerleraar het 'n nuwe tydvak ingelui - baie gebruik die geleentheid as 'n tentmaker net om bepaalde bevoegdheid te kan verkry om te kan preek. Die hoofbron van inkomste is dikwels nie uit die kerklike omgewing nie. Daar is verder 'n wye verskeidenheid pensioenfondse, aftreefondse of voorsorgfondse waaraan behoort word.
**6.5.2.3** Vanweë die kerk se besluite het baie predikante wat oorsee in die bediening is ook die vergunning (indien daarvoor aansoek gedoen is) om steeds beroepbaar in die NG Kerk te bly.

**6.5.2.4** Hoewel die tyd van die groot ooraanbod van opgeleide predikante verby is, sal daar steeds vanweë bogenoemde redes baie persone wees wat die bevoegdheid as proponent het en ook so wil behou terwille van 'n verskeidenheid van redes.
**6.5.2.5** Sodanige kantoor is ook die ideale plek waar alle gegewens oor die verwerwing van krediete vir voortgesette bedieningsontwikkeling bestuur kan word.
**6.5.2.6** In die geval waar 'n kerklike kommissie gemoeid is met bepaalde dissiplinêre optrede kan toegang verkry word tot die persoon se geskiedenis.
**6.5.2.7** Daar is groot verwarring oor die status van huweliksbevestigers. Vanweë verskuiwings oor sinodale grense is daar geen doeltreffende beheer meer oor wanneer 'n persoon se huweliksbevestigerstatus tot 'n einde kom nie (gevalle het onder die aandag gekom van predikante wat as NG predikant bedank het en steeds twee dekades later nog huwelike bevestig kragtens die oorspronklike aanstelling).

**6.6 LEGITIMASIE**
**6.6.1 Gemeente**
Getuienis oor geskiktheid vir legitimasie: Aangesien die opleiding voorsiening maak dat die student die laaste studiejaar 'n gemeentejaar doen, is dit die mees onlangse gemeente waarvandaan 'n getuienis ingewin kan word. Reglement 12 bepaal:
*"5.1.3.1 'n Verklaring van die kerkraad waar die kandidaat sy/haar gemeentejaar doen aangaande kerklike meelewing, die suiwerheid van sy/haar leer, getrouheid, voorbeeldigheid van lewenswandel en die onbesprokenheid van gedrag."*

Die bepaling kan gehandhaaf word.

**6.6.2 Ring**
**6.6.2.1 Finale evaluering**
Die uitkoms van die begeleidingsproses is 'n finale verslag wat die begeleidingskommissie in gesprek met die teologiese student opstel. Die verslag gee aandag aan:
(1) Die student se roeping
(2) 'n Persoonlike getuienis oor geloofsekerheid en die ervaring van die genade van God
(3) Die student se oortuiging oor wat dit beteken om teologiese opleiding in die Gereformeerde leer te ontvang
(4) Die student se getuienis oor sy/haar lewensverhaal, wat insluit sy/haar sorg vir geestelike, fisiese en emosionele gesondheid.
(5) Die student se getuienis oor sy/haar verstaan van die inhoud van 'n predikant se dienswerk, wat insluit sy/haar bewussyn van sy/haar gawes en groeigeleenthede. Die finale verslag word deur die kuratorium ontvang met die oog op toestemming tot legitimasie.
**6.6.2.2 Verslag aan kuratorium**
Daar word aanbeveel dat die ring 'n verklaring oor die geskiktheid vir legitimasie uitreik na luid van die volgende: "'n Verklaring van die ring binne wie se resort die kandidaat sy/haar gemeentejaar doen aangaande kerklike meelewing, die suiwerheid van sy/haar leer, getrouheid, voorbeeldigheid van lewenswandel en die onbesprokenheid van gedrag", en dat die betrokke Reglement dienooreenkomstig gewysig word.

**6.6.3 Sinodale verband – Kuratorium**
**6.6.3.1 Legitimasie**
Artikel 5 van Die Kerkorde bepaal:
*"5.1 Vir die toelating tot die bediening van die Woord word vereis:*
*5.1.1 'n geskiktheid vir die amp;*
*5.1.2 'n deeglike teologiese opleiding; en*
*5.1.3 die ondertekening van die legitimasieverklaring waarin die ondertekening van die Formuliere van Eenheid vervat is."*
**6.6.3.2 Aanmelding by Algemene Sinode (ATR)**
Die rol van die Algemene Sinode word verduidelik in Reglement 12.

Die Proponentskommissie ondersoek kandidate met die oog op toelating. Die omvang word as volg vasgestel in Bepaling 5.1.2 van Reglement 12:
*"5.1.2 Omvang van proponentseksamen*
*5.1.2.1 Die proponentseksamen bestaan uit 'n ondersoek na die akademiese kennis en bedieningsvaardighede van die studente en word deur die Proponentskommissie van die kuratoria afgeneem.*
*5.1.2.2 Die ondersoek na die bedieningsvaardigheid word deur die Proponentskommissie gedoen met die oog op die volgende:*
*5.1.2.2.1 die geskiktheid van die kandidaat om die Kerk ooreenkomstig die Skrif en die Belydenis te dien en sy/haar innerlike gehegtheid aan die leer van die Kerk;*

*5.1.2.2.2 sy/haar beweegredes om bedienaar van die Woord te word en sy/haar persoonlike godsvrug (soos onder meer verwoord in die Profiel van die Afgestudeerde student);*
*5.1.2.2.3 sy/haar bekwaamheid in die beoefening van die predikkunde, ook deur mondelinge voordrag wat, indien moontlik, voor 'n lid van die Proponentskommissie gelewer is. Met die oog hierop moet 'n voorgeskrewe proefpreek 'n maand voor die eksamen ingelewer word;*
*5.1.2.2.4 sy/haar bekwaamheid in die beoefening van pastorale sorg, waarvoor die Proponentskommissie insae het in die vertroulike verslag van die leraar(s) onder wie die student sy/haar praktiese werk in 'n gemeente gedoen het.*
*5.1.2.2.5 Verder word die geskiktheid van die kandidaat in 'n samespreking tussen die Proponentskommissie en die raad van NG Kerk-dosente bespreek. Die raad van NG Kerk-dosente bevestig skriftelik dat die kandidaat die voorgeskrewe kursusse met vrug gevolg het en die eksamen suksesvol afgelê het; dat onder toesig van 'n diensdoende leraar van die Kerk ondervinding opgedoen is van die vereiste praktiese aspekte van die gemeentelike bediening; dat onder die toesig van een van die dosente 'n proefpreek gelewer is en dat die kandidaat se gedrag onbesproke is.*

*5.1.3 Bykomende vereistes*
*5.1.3.1 'n Verklaring van die kerkraad waar die kandidaat sy/haar gemeentejaar doen aangaande kerklike meelewing, die suiwerheid van sy/haar leer, getrouheid, voorbeeldigheid van lewenswandel en die onbesprokenheid van gedrag.*
*5.1.3.2 'n Mediese sertifikaat op 'n voorgeskrewe vorm ten opsigte van goeie gesondheid. Bostaande stukke moet een maand voor die eksamen by die skriba van die Proponentskommissie ingelewer wees. Die skriba lê by die aanvang van die eksamen die stukke aan die Proponentskommissie voor.*
*5.1.3.3 Bewys van deurlopende sielkundige evaluering soos deur die kuratorium bepaal."*

**6.6.3.3 Legitimasie**
Bepaling 5.3 van Reglement 12:
*"5.3 Legitimasie*
*5.3.1 Die Algemene Regskommissie behartig die legitimasie van goedgekeurde kandidate (KO Artikel 6). Hierdie kommissie sien toe dat die legitimasieverklaring afgelê en onderteken word.*
*5.3.2 Plegtige toelating*
*Die geëksamineerde word met 'n gepaste woord deur die aktuarius van die Algemene Sinode of 'n lid van die Algemene Regskommissie tot die evangeliebediening toegelaat. In die reël geskied dit by geleentheid van 'n openbare kerklike byeenkoms wat vir die doel as afsluiting van die jaar se werksaamhede in oorleg met die kuratorium gereël is. 'n Akte van Legitimasie namens die Algemene Sinode, onderteken deur twee lede van die Regskommissie, word aan hom/haar uitgereik. Die gelegitimeerde kry die bevoegdheid van proponent".*

**6.7 BEROEPING EN ORDENING**
Beroeping en Bevestiging (ook Ordening) geskied volgens die bepalings van die Kerkorde.

**5.2 AANBEVELING: HERSIENING VAN *A TOT Z-BELEID AANGAANDE PREDIKANTE***
**5.2.1 Die Algemene Sinode vervang pt 6 van die A-Z Beleid aangaande predikante (vgl Agenda Algemene Sinode 2007, bl 279) met die goedkeuring van die onderstaande pt 6:**

## 6. LEGITIMASIE, BEROEPING EN ORDENING

**6.1 LEGITIMASIE**
Legitimasie is die afsluiting van die proses van opleiding. Met legitimasie word die teologiese kandidaat as proponent beskikbaar gestel vir beroeping in die kerk.

**6.1.1.Rol van die gemeente**
Getuienis oor geskiktheid vir legitimasie: Aangesien die opleiding voorsiening maak dat die student die laaste studiejaar 'n gemeentejaar doen, is dit die mees onlangse gemeente waarvandaan 'n getuienis ingewin kan word. Dit behels 'n verklaring van die kerkraad waar die kandidaat sy/haar gemeentejaar doen aangaande kerklike meelewing, die suiwerheid van sy/haar leer, getrouheid, voorbeeldigheid van lewenswandel en die onbesprokenheid van gedrag.

**6.1.2 Rol van die ring**
**6.1.2.1 Finale evaluering**
Die uitkoms van die begeleidingsproses is 'n finale verslag wat die begeleidingskommissie in gesprek met die teologiese student opstel. Die verslag gee aandag aan:
(1) Die student se roeping

(2) ’n Persoonlike getuienis oor geloofsekerheid en die ervaring van die genade van God
(3) Die student se oortuiging oor wat dit beteken om teologiese opleiding in die Gereformeerde leer te ontvang
(4) Die student se getuienis oor sy/haar lewensverhaal, wat insluit sy/haar sorg vir geestelike, fisiese en emosionele gesondheid.
(5) Die student se getuienis oor sy/haar verstaan van die inhoud van ’n predikant se dienswerk, wat insluit sy/haar bewussyn van sy/haar gawes en groeigeleenthede. Die finale verslag word deur die Kuratorium ontvang met die oog op toestemming tot legitimasie.

**6.1.2.2 Verslag aan kuratorium**

Daar word aanbeveel dat die ring ’n verklaring oor die geskiktheid vir legitimasie uitreik na luid van die volgende: “’n Verklaring van die ring binne wie se resort die kandidaat sy/haar gemeentejaar doen aangaande kerklike meelewing, die suiwerheid van sy/haar leer, getrouheid, voorbeeldigheid van lewenswandel en die onbesprokenheid van gedrag”.

**6.1.3 Rol van die Sinodale verband – Kuratorium**

Die betrokke kuratorium doen die finale aanbeveling aan die ATR rakende legitimasie. Dit geskied op aanbeveling van ’n positiewe verslag oor elke kandidaat deur die betrokke Proponentskommissie.

**6.1.4 Rol van die Algemene Sinodale verband**

Na Legitimasie aanvaar die Algemene Sinodale verband die verantwoordelikheid vir die volgende:
6.1.4.1 alle inligting rakende ’n gelegitimeerde van die NG kerk word in ‘n sentrale kantoor geberg vanaf die oomblik van legitimasie deur die ATR;
6.1.4.2 die sentrale kantoor se advies word verkry vir elke beroep wat uitgebring word alvorens die Ring dit kan goedkeur;
6.1.4.3 sodra ‘n proponent ’n beroep na ‘n gemeente of ander kerklike werkkring ontvang, vind daar ’n gesprek plaas tussen die ring en die beroepene nadat die approbasietydperk verstryk het en voordat die ordening plaasvind;
6.1.4.4 dat in alle gevalle van verandering van die beroepene se bevoegdheid (predikant, termyngekoppelde leraar, tentmaker) daar onmiddellik aan hierdie kantoor kennis daarvan gegee word;
6.1.4.5 die sentrale kantoor is die plek waar elke predikant se huweliksbevestigerstatus gehou en gekontroleer word.

**6.2 BEROEPING EN ORDENING**

Beroeping en Bevestiging (ook Ordening) geskied volgens die bepalings van die Kerkorde.

## 6. TEOLOGIESE OPLEIDING

### 6.1 DIE GEÏNTEGREERDE KURSUS

**6.1.1** Goeie teologiese opleiding was nog altyd vir die NG Kerk uiters belangrik. Dit het oor die afgelope paar dekades weinig verander.

**6.1.2** Die grootste verandering in die tydperk sedert 1962 was toe daar in 1978 besluit is om die opleidingstyd te verminder van 7 na 6 jaar met die veronderstelling dat daar verpligte verdere opleiding sou wees. Met die verkorting van die opleiding na ses jaar is dit belangrik om kennis te neem daarvan dat hierdie verskuiwinge later met reg bevraagteken is. Die vraag is of die nuwe model uit kerklike oorweginge ’n verbetering op die vorige een was. Veral drie probleme word met die huidige opleidingsmodel (geïntegreerde kursus) ondervind:
*Eerstens* word studente op ’n baie vroeëre stadium met die teologie in aanraking gebring wat meebring dat hulle dikwels nie daarvoor gereed is nie;
*Tweedens* bied die huidige program weinig keusemoontlikhede vir sover dit vakke uit die hulpwetenskappe betref (en veral ly die bestudering van die grondtale ook hieronder); en
*Derdens* bring dit mee dat studente wat byvoorbeeld na drie of vier jaar van kursus sou verander, weinig ander beroepsmoontlikhede het.

**6.1.3** Die verdere gevolg van die verandering was dat studente verplig was om vir die volle duur van hulle teologiese studie by slegs een van die drie opleidingsentra te studeer (die met bepaalde vooraf-opleiding uitgesluit).

**6.1.4 I**nspraak by die aanstelling van dosente en toesig oor teologiese opleiding vir sover dit die vorming van toekomstige predikante raak, was altyd vir die kerk belangrik.

### 6.2 HUIDIGE VEREISTES

**6.2.1** Vir die huidige formuleer Reglement 12 (Kerkorde 2007) die huidige uitgangspunt vir die Kerk se standpunt hieroor. Kortliks saamgevat kom dit neer op die volgende:
***1** Die NG Kerk vereis van sy studente ’n sesjarige opleiding in gereformeerde teologie, wat die verkryging van die gepaardgaande grade insluit. Hierdie sesjarige opleiding moet ten minste ’n tweejarige opleiding in Grieks en Hebreeus, asook ’n praktiese gemeentejaar in die laaste jaar, insluit.

***2** Vereiste kursusse
Die inhoud van die kursus behels die volgende:
* Ou-Testamentiese Wetenskap
* Nuwe-Testamentiese Wetenskap
* Historiese vakke en Kerkreg, insluitende Kerkgeskiedenis van die NG Kerk en Gereformeerde Kerkreg
* Dogmatologiese en etiese vakke/Sistematiese Teologie
* Godsdiens- en Sendingwetenskap/Missiologie
* Praktiese (amptelike) vakke/Praktiese Teologie
* Spesialisering in ŉ bepaalde studiegebied, insluitend 'n verhandeling oor 'n gespesialiseerde onderwerp.

**6.2.2** Hierdie beskrywing veroorsaak dat die toelatingsvereistes met die oog op legitimasie redelik rigied is en nie veel ruimte laat vir ander moontlikhede nie.

**6.3 VERANDERDE SITUASIE BY OPLEIDINGSENTRA**

**6.3.1** In Gereformeerde kringe was daar tradisioneel groot waardering vir ŉ hegte verhouding maar tegelyk ook kritiese afstand tussen kerk en teologie. Dit is in so ŉ verhouding van vryheid en gebondenheid dat die teologie die kerk op die beste manier kan help om kerk van die Woord te wees. Teen hierdie agtergrond beteken dit dat teologiese fakulteite ŉ mate van vryheid en onafhanklikheid behoort te geniet. Dit is in die kerk se eie belang om hierdie afstand te respekteer. Terselfdertyd is dit vir die kerk om voor die hand liggende redes belangrik om die vorming van teologiese studente kerklik te begelei.

**6.3.2** Die situasie by die drie opleidingsplekke het oor die afgelope dekades heelwat verander. Vanweë verskeie (verstaanbare) redes is daar groter aandrang op die inskakeling van meer kerklike vennote en ook ŉ meer ekumeniese benadering . Dit bied besondere uitdagings en ook besondere geleenthede vir die NG Kerk. Met die gepaardgaande vermeerdering van ŉ dosentekorps wat nie net meer NG Kerk is nie, en medestudente uit verskeie kerklike groeperinge, is daar baie positiewe aspekte wat benut kan word.

**6.3.3** Die groot uitdaging hierbinne is dat die NG Kerk al meer verantwoordelikheid sal moet aanvaar vir die NG Kerk se studente. Die vraag na eie opleidingsbehoeftes binne so ŉ opset vergroot. Dit kan beteken dat die kerk op ŉ gegewe stadium, in die lig van bedieningseise en die kerk se roepingsverstaan, met die fakulteite onderhandel met die oog op ŉ bepaalde kerkeie fokus in die aanbieding van die onderskeie vakke.

**6.3.4** Benewens die behoefte aan ŉ sentrale, oorhoofse siening oor die teologiese opleiding, sal die kerk jaarliks by wyse van prosesse in staat gestel moet word om die spesifieke en kerkeie behoeftes van die kerk mbt opleiding uit te spel en ook die voldoening aan daardie vereistes te moet kan evalueer.

**6.3.5** Die vraag is watter meganismes die NG Kerk hiervoor in plek het. In praktyk sal dit waarskynlik aan ŉ taakspan van kundiges (aangewys deur bv die beoogde Algemene Kuratorium) opgedra moet word om deurlopend spesifieke opleidingsbehoeftes te identifiseer, die implikasies daarvan vir die aanbieding van bepaalde vakgebiede (bv 'n spesifieke fokus) uit te maak, en dit op 'n vakkundig-verantwoordelike manier met die plaaslike kuratorium en die fakulteite te onderhandel.

**6.3.6** Dit is belangrik om die perspektief te behou dat geslaagde opleiding aan ekumeniese fakulteite nie beteken dat studente van eie kerklike identiteit afstand moet doen nie, maar dat hulle juis groter duidelikheid daaroor moet hê. Oor wat laasgenoemde in die praktyk beteken, is nog lank nie klaar gepraat nie.

**6.3.7** In die lig van al die bostaande moet die volgende vrae ten opsigte van die formele akademiese opleiding gevra word:
* Moet steeds volstaan word met 'n minimum van twee jaar Grieks en Hebreeus (veral as in gedagte gehou word dat die aandrang op ŉ vyfjaar opleiding baie hiermee te make het)?
* Moet al ses huidige vakdissiplines op dieselfde wyse hanteer word – met die implikasie dat almal min of meer dieselfde gewig onderrigtyd moet kry?
* Waar vind die werklike evaluering van die bestaande kursusse plaas? Die onderskeie Proponents(eksamen)kommissies? Dit terwyl daar geen eenvormige beoordeling plaasvind ten opsigte van dit wat spesifiek vir die NG Kerk belangrik is nie.
* Daar bestaan geen gemeenskaplike beoordeling oor die erkenning van vooraf verworwe leer of kwalifikasies ten opsigte van persone wat aanmeld met die oog op teologiese studies as tweede of verdere loopbaan in die NG Kerk, en met die erkenning van voorafgaande teologiese studie nie.

Oplossings vir al die vrae kan uiteraard nie hier aangebied word nie.

**6.3.8** ŉ Verdere invalshoek wat vir die kerk by kurrikulering belangrik behoort te wees, is die singewing aan die profiel vir die afgestudeerde student. Die profiel verwoord immers ŉ verwagte uitkoms in die opleiding.

**6.3.9** Dit is binne hierdie veranderde situasie dat die NG Kerk beslis meer aandag sal moet gee aan die kerkeie (ook genoem aanvullende kerklike) opleiding vir sy studente. Dit word al meer voorsien dat die NG Kerk in hierdie verband ŉ eie kerklike diploma moet uitreik. En hoe meer die kerk hieraan aandag gee, hoe meer sal die moontlikheid verbreed dat hierdie soort blootstelling ook vir tweedeloopbaanstudente van waarde kan wees - veral as daar bepaalde selfstudie-onderwerpe en voorgeskrewe materiaal aangedui word wat oor tyd en deeltyds bestudeer kan word.

### 6.4 LEWENSLANGE LEER

**6.4.1** Soos in ander beroepe word die beginsel van lewenslange leer as ŉ noodsaaklikheid vir predikante wêreldwyd erken. Op grond van die besluite van die Algemene Sinode is dit onontbeerlik vir alle predikante om gereeld kursusse en programme in voortgesette opleiding te volg.

**6.4.2** Daar is wêreldwyd verskeie moontlikhede wat gevolg word. Die een metode is om die formele opleiding uit twee dele te laat bestaan: 'n "pre-ordination phase" tydens die laaste een of twee studiejare gevolg deur 'n verpligte "post-ordination phase" in die eerste twee bedieningsjare. As motivering vir sodanige besluit word genoem:

**eerstens** moet aanvaar word dat die akademiese kursus nie in alle opleidingsbehoeftes kan voorsien nie;

**tweedens** is daar aspekte van die opleiding wat meer effektief aangebied kan word in ŉ praktiese gemeentekonteks; en

**derdens** word hiermee bygedra tot die vestiging van ŉ kultuur van voortgesette opleiding en lewenslange leer. Wanneer hierdie soort benadering al meer gevolg word, sal dit ook bepaalde voordele kan inhou vir tweedeloopbaanstudente.

**6.4.3** Persone wat telematies studeer se opleidingstyd mag nooit net gekoppel word aan die jare van opleiding nie – dit moet geweeg kan word. In sodanige gevalle sal dit sekerlik oor ŉ langer tydperk strek as diegene wat residensieel by ŉ inrigting voltyds studeer.

### 6.5 MOONTLIKE OPLOSSINGS

**6.5.1** Die Taakspan is van oortuiging dat die huidige ses jaar teologiese opleiding die normale wyse behoort te wees (byvoorbeeld ŉ vierjarige B-graad, aangevul deur ŉ eenjarige Diploma en/of Lisensiaat, of dan ŉ jaar waarvoor die NG Kerk die verantwoordelikheid neem).

**6.5.2** Hierbenewens moet daar geleentheid geskep word dat kandidate ook op ŉ ander wyse voorberei kan word. In hierdie geval is dit noodsaaklik dat daar ŉ sterk sentrale teologiese liggaam is wat op ŉ eenvormige dog soepel manier elke individuele aansoek kan hanteer. So is dit byvoorbeeld noodsaaklik dat daar ook erkenning gegee sal word vir ander teologiese opleiding wat persone gehad het, telematies of andersins.

**6.5.3** In elke geval behoort daar op ŉ sinvolle manier bepaal te word aan welke verdere formele teologiese vereistes ŉ kandidaat moet voldoen ten einde ŉ pakket (mandjie) van kennis te verkry wat soortgelyk is aan die formele vierjarige teologiese B-graad by een van die sentra. Ten einde dit te kan bereik, mag dit gebeur dat ŉ kandidaat by ŉ sentrum moet kan registreer met die oog daarop om net vir bepaalde vakke (en die verwerwing daarvan vir nie-graaddoeleindes) erkenning te kry.

**6.5.4** Aanvullend hierby behoort daar die ekwivalent van twee jaar se studie te wees waarvoor die kerk self verantwoordelikheid neem. Van hierdie twee jaar kan een ŉ volledige gemeentejaar wees - gemonitor deur een van die plaaslike kuratoria. Die res moet opgemaak kan word uit bepaalde kerkeie sake (ook genoem aanvullende teologiese opleiding). Die bestaande drie VBO-sentra moet versoek word om hierin behulpsaam te wees sodat in samewerking met die plaaslike Kuratorium meegewerk word aan sinvolle telematiese en/of ander vakansie/naweek/of formele VBO-kursusse (alternatiewelik ook bepaalde leeskennis wat ge-evalueer kan word). Sodoende sal Tweede-loopbaan studente in staat gestel word om ŉ groot deel van hulle opleiding in die plaaslike omgewing te kan doen.

### 6.6 AANBEVELINGS: TEOLOGIESE OPLEIDING

**6.6.1 Die Algemene Sinode aanvaar steeds dat die normale opleiding vir teologiese studente ses jaar van suksesvolle studie moet wees.**

**6.6.2 Die Algemene Sinode verleen tot by die volgende Algemene Sinode aan ŉ algemene teologiese liggaam die volmag om met groot diskresie alle aansoeke van tweedeloopbaanstudente of persone op meer gevorderde ouderdom te oorweeg en die nodige aanbevelings te maak oor aanvullende studie met die oog op legitimasie.**

## 7. SENTRALISERING VAN DATA VAN ALLE PERSONE WAT OOR BEVOEGDHEID BESKIK

### 7.1 AGTERGROND

**7.1.1** Met die totstandkoming van die Algemene Sinode in 1962 is besluit dat legitimasie van teologiese studente ŉ werksaamheid van die Algemene Taakspan Regte sou wees. Dit het beteken dat die legitimasie wat tot op daardie stadium onderskeidelik by Stellenbosch en Pretoria geskied het met hierdie reëling vervang is. Die derde opleidingsplek, naamlik Bloemfontein, het later tot stand gekom. Hierdie besluit rakende legitimasie het ongelukkig nie voorsiening gemaak vir die voortgaande byhou van die afgestudeerde studente se inligting en verdere verloop van hulle loopbane nie.

**7.1.2** Die predikantekorps van die NG Kerk bly een van die belangrikste menslike hulpbronne vir die kerk. Dit is noodsaaklik om, in lyn met baie ander Gereformeerde kerke wêreldwyd, ŉ volledige databasis met die nodige dokumentasie van alle gelegitimeerdes in stand te hou. Die gebrek aan reëlings hieroor het daartoe gelei dat inligting op verskeie plekke versamel is, in baie opsigte nie volledig is nie en sonder enige koördinering is:

* Die lêers van afgestudeerdes word by verskillende instansies bewaar.
* Verskillende sinodes het elkeen afsonderlik gegewens (veral ten opsigte van huweliksbevestigers).
* Die verskillende kerkargiewe.
* Die Jaarboek.
* Bevoegdheidsregister (ten opsigte van diegene wat nie meer in voltydse bediening is nie).
* Pensioenfondse beskik nie meer oor inligting na emeritaat nie.
* Die persoon wat verantwoordelik is vir die *In Memoriam.*

**7.1.3** Om hierdie probleem aan te spreek, stel die Ad hoc-Taakspan 'n sentrale databasis in die vooruitsig. So 'n sentrale databasis sal baie daartoe bydra dat alle inligting so volledig moontlik vir elke student, predikant en emeritus bygehou word, bv:
* Biografiese inligting
* Opleiding en kwalifikasies
* Bedieningsgeskiedenis
* Huweliksbevestigerstatus
* Verwerwing van VBO-krediete
* Kerklike ervaring/ondervinding


**7.1.4** So 'n sentrale databasis/kantoor sal verseker dat daar geen onsekerheid by beide predikante en gemeentes sal onstaan van waar inligting gehou word en waarheen dit deurgestuur en/of vanwaar dit aangevra moet word nie. Hierdie sentrale kantoor kan ook die predikantekorps en gemeentes bedien met:
* Die samestelling en bywerk van 'n Bestuurshandleiding vir Diensverhoudinge
* Advies gee ten opsigte van die diensverhoudings van predikante en ander kerklike personeel
* Inligting verskaf rakend veranderende wetgewing wat arbeids- en diensverhoudinge raak.

**7.1.5** Wanneer die Algemene Sinode so 'n sentrale kantoor tot stand bring, wat gemoeid is met bevoegheid en diensverhoudinge, kan sy werksaamhede ook uitgebrei word om die Algemene Sinode se personeelsake te hanteer.

**7.2 NOODSAAK VAN 'N SENTRALE KANTOOR**

**7.2.1 Sentrale Kantoor**

In die lig van die bogenoemde sake, stel die Ad Hoc Taakspan voor dat die Algemene Sinode 'n sentrale kantoor tot stand bring met die volgende take:
*Kantoor: Leraarsake, Personeel en Diensverhoudinge (LPD)* met vier onderafdelings wat sake hanteer wat so onderling verband hou met mekaar dat dit onderskei kan word maar nooit geskei word nie:




**7.2.2 Beskrywing**

**7.2.2.1 Persone wat oor bevoegdheid beskik in die NG Kerk**

***1** Skep 'n sentrale register van alle leraars en indekseer dit by bv 'n S-lêer; 'n P-lêer en 'n E-lêer. Dit beteken dat daar nou op een sentrale punt 'n volledige loopbaangeskiedenis van 'n leraar gehou word vanaf S(Studente), L(Leraar) tot by E(emeritaat).
So word die volledige rekord gehou van waar:
* 'n Student aanmeld
* Studiejare
* Legitimasie

Vervolgens word die S-lêer 'n P-lêer waar:
* Ordening

* Bevestiging in die onderskeie gemeentes (bewegings van leraars)
* Verdere studie – loopbaanontwikkeling
* Tug/bedank/ondersoeke
* Aansoek en bestuur van huweliksbevestigers
* VBO-krediete en hantering daarvan
* Sake rakende ampsbevoegdheid, bv jaarlikse registrasie, verlies, na colloquium doctum, bedankings, ens
* Kundigheid (vir aanwending deur taakspanne)
* Administrasie, bv Jaarboekgegewens
Daarna word dit oorgeplaas na die E-lêer:
* Waar kontakbesonderhede van emeriti bygehou word
* Kontak met emeriti
* Tug/Ondersoeke ens waar emeriti betrokke is.
In terme van bogenoemde kan die Kantoor sy inligting verkry van:
* Kuratoria
* Ringe – wat nuwe aansoeke hanteer
* Waar tughandeling plaasvind
* Kerkrade (beroeping, emeritaat)
* Instansie wat VBO krediete hanteer
* Predikante Begeleiding (ook Streeksvlak)
* Leraars self – korrespondensie, aanmeldings, registrasie, ens.
***2** Die Ad hoc-Taakspan ondersteun die aanbeveling oor die Algemene Bevoegdheidsraad.
**7.2.2.2 Algemene Diensverhoudinge**
Hier plaas ons alle diensverhoudingaangeleenthede van die Algemene Sinode se personeel asook in die breë NG Kerk:
* Samestelling van die Bestuurshandleiding vir Diensverhoudinge
* Op-datum-hou van die Bestuurshandleiding vir Diensverhoudinge
* Bywerk van nuwe wetgewing, ens
* Antwoord algemene navrae insake diensverhoudings op gemeentelike, rings- en sinodale vlak
* Opleiding vir gemeentelike DVK's.
In terme van bogenoemde kan die kantoor sy inligting verkry van:
* Bestuurshandleiding vir Diensverhoudinge
* Personeelkundiges
* Arbeidsregkenners.
**7.2.2.3 Regsdienste**
Hier kan adviese gegee word wat te doen het met diensverhoudinge/ diensooreenkomste (arbeidsregtelik) en ampsbevoegdheid. Dit hou weer direk verband met die onderafdeling wat handel oor leraars (ampsbevoegdheid), die Bestuurshandleiding en dissiplinêre optrede.
**7.2.2.4 Personeel van die Algemene Sinode**
Sake wat in hierdie onderafdeling hanteer word, is onder andere:
* Hulp aan die Algemene Sekretaris met bestuur van alle personeel
* Diensooreenkomste (opstelling en aanpassings)
* Pligtestate (opstel en aanpassings)
* Hulp aan Algemene Sekretaris met dissiplinêre bestuur
* Evaluering van poste en aanpassings (bedryfsvereistes)
* Jaarlikse prestasiebeoordeling
* Personeelbegroting.
**7.2.2.5 Befondsing van die Sentrale Kantoor**
As deel van die werksaamhede van die Algemene Sinode kan die hele saak van ampsbevoegdheid en die bestuur daarvan ook meer professioneel hanteer word. Daar is verskeie ander professionele liggame wat as analogie gebruik kan word waar jaarlikse registrasie vereis word om as professionele persoon werksaam te wees. Die Algemene Sinode moet 'n professionele registrasiebedrag bepaal wat jaarliks gehef moet word. Hierdie registrasiegeld kan die Kantoor befonds.

**7.3 AANBEVELINGS: SENTRALE KANTOOR**
**7.3.1 Die Algemene Sinode skep 'n Sentrale Kantoor vir Bevoegdheid soos verwoord in pt 5.1 (pt 6.5) en pt 7 van hierdie verslag.**

# A.4 BYBELVERTALING, -VERKLARING EN –VERSPREIDING

## 1. BYBELVERTALING

**1.1 OPDRAG**
Adviseer die Algemene Sinode in verband met die aanwysing van Bybelvertaling(s) wat amptelik gebruik moet word (KO Art 43.1.2).

**1.2 UITVOERING**
**1.2.1 Bybel vir Dowes (ABD)**
Die projek *Die Afrikaanse Bybel vir Dowes* (ABD) (kyk 3.1) (waaraan lede van die ATBV meegewerk het) is voltooi. Dit is in Februarie 2008 bekendgestel.
**1.2.2 Afrikaanse Bybelvertalingsprojek (ABV)**
Die lede van die ATBV verteenwoordig die NG Kerk by 'n *Kerklike Advieskomitee (Die Bybel in Afrikaans)* van die *Bybelgenootskap van Suid-Afrika* (BSA) wat die Bybelgenootskap adviseer in sake alle aspekte van Bybelvertaling in Afrikaans. Soos reeds in 2007 aan die Sinode meegedeel, het die BSA op versoek van die *Kerklike Advieskomitee* besluit dat aan die versoek van die kerke vir 'n nuwe Afrikaanse vertaling van die Bybel voldoen word.
**1.2.3 Begeleidingskomitee**
Die Begeleidingskomitee en Projekleier (prof Bernard Combrink) gee leiding aan die Afrikaanse Bybelvertalingsprojek (ABV) met verslag aan die BSA. Die BSA het die ongeveer 100 eksegete en brontaalkenners op voordrag van die kerke aangewys. Daar word meestal van spesialiste op 'n bepaalde boek as eksegete gebruik gemaak. Verder is daar meer as 40 erkende Afrikaanse skrywers/digters en opgeleide vertalers wat by die formulering van die Bybelteks in Afrikaans betrokke is, asook Literêre en Taalkundige Adviespanele.
**1.2.4 Vertalingsprojek**
Die projek het in 2006 begin met twee opleidingseminare. Die **vertaalopdrag** lui: Skep 'n goedverstaanbare, bronteksgeoriënteerde Afrikaanse vertaling van die Bybel wat geskik is vir voorlesing en gebruik in eredienste, asook vir kategese, Bybelstudie en persoonlike gebruik. Daar is ook 'n omvattende *Werkboek* vir die medewerkers saamgestel.
**1.2.5 Proefvertaling**
Gedurende 2008 is die eerste proefvertaling van bepaalde Skrifgedeeltes gepubliseer om saam te val met die 75-jarige viering van die vertaling van die Bybel in Afrikaans. Daar is heelwat positiewe kommentaar hierop ontvang.
**1.2.6 Redaksionele Komitee**
Die Redaksionele Komitee ('n brontaalkenner, 2 eksegete, 2 letterkundiges, 1 taalkundige, 1 vertaalkundige, Projekleier) is verantwoordelik vir die finalisering van die Ou Testament, Nuwe Testament en Deuterokanonieke boeke (DKB).
**1.2.7 Fases in die proses**
Die projek verloop in 5 fases. In die lig van ervaring is die vertaalproses in bepaalde opsigte reeds aangepas. Na die deeglike kruiskontroles in Fase 1 en 2, word die teks in Fase 3 aan die benoemde kerklike lesers vir kommentaar gestuur, asook op die BSA se webblad bekend gestel. Daarna volg die oorhoofse kontrole van konsekwentheid en die finalisering van die teks deur die Begeleidingskomitee vir oorhandiging aan die BSA.

**1.3 BEVINDING**
**1.3.1 Bybel vir Dowes**
Dat *Die Bybel vir Dowes* in 2007 gepubliseer en vroeg in 2008 bekendgestel is. Dit is daarna in die lig van die groot algemene aanvraag as *Die Bybel vir almal* gepubliseer.
**1.3.2 Medewerkers aan die ABV**
Dat 'n groot aantal NG Kerk-eksegete en -brontaalkenners asook 'n hele aantal NG-lidmate as skrywers/digters, opgeleide vertalers, taal- en letterkundiges saamwerk aan die ABV.
**1.3.3 Verteenwoordiging**
Dat – anders as by vorige vertalings – tans bykans alle denominasies met Afrikaanse lesers van die Bybel, op die *Kerklike Advieskomitee* verteenwoordig is en by die projek betrokke is. Dit sluit in die NGK, NHK, GKSA, VGKSA, APK, AGS, PPK, VEKGSA, Metodiste, Lutherane, Rooms-Katolieke en Anglikane.
**1.3.4 Fondse**
Dat die BSA aanvanklik geoordeel het dat dit 'n tienjaarprojek sal wees, en vol vertroue is dat die nodige fondse ingesamel sal kan word, mits die betrokke kerke mede-eienaarskap vir die projek aanvaar en hulle lidmate aanmoedig om die projek finansieel te ondersteun. Die BSA sal egter nie die verskillende kerke vra om spesifieke ondernemings te maak nie. Die Gereformeerde Kerke van SA het egter reeds fondse beskikbaar gestel sodat akademici doseerhulp ontvang om meer aandag aan die vertaling te kan gee.
**1.3.5 Beplanning**
Dat die ABV ongelukkig stadiger vorder as beplan, hoofsaaklik as gevolg van die groot druk waaronder akademici aan tersiêre inrigtings verkeer.
**1.3.6 Vordering**

Dat die vordering teen Mei 2011 soos volg daar uitsien:
Fase 1 OT: 19.89% DKB: 18.39% NT: 60.31%
Fase 2 OT: 17.25% DKB: 11.10% NT: 29.75%

**1.3.7 Proefvertalings 2008**

Dat die eerste Proefvertalings in 2008 gepubliseer is en dat sommige boeke na Fase 2 reeds aan kerklike lesers en op die BSA se webblad vir kommentaar beskikbaar gestel word.

**1.3.8 Kommer**

Dat daar in sommige kringe agterdog teen die projek gewek word as sou Christus en die Heilige Gees doelbewus uit die Ou Testament wegvertaal word (deur die weglating van hoofletters by benamings soos "dienaar van die Here"). Dat die BSA teen hierdie agtergrond sinvolle gesprekke gevoer het met die kerklike leiding van die VEKGSA, AGS, ABK, EGK, PPK EN APK.

**1.3.9 Webblad**

Dat op die webblad van die BSA http://www.bybel.co.za daar 'n skakel is na die webblad van *Die Bybel in Afrikaans: 'n Direkte vertaling* waar die projek verder bekendgestel word.

**1.3.10 Entoesiasme by kerke**

Dat daar steeds by die *Kerklike Advieskomitee* groot entoesiasme heers vir die projek omdat daar 'n wye behoefte aan juis so 'n Bybelvertaling is. Dit is verder belangrik dat hierdie vertaling nie in opposisie of ter vervanging van die NAV (1983-vertaling) gesien moet word, maar om in 'n wyd gevoelde behoefte te voorsien.

**1.3.11 Ekumene**

Dat hierdie projek baie sentraal staan ten opsigte van die *prioriteit* wat die netwerk van kerke (ekumene) in die Sinode se *visie* behoort te beklee.

### 1.4 AANBEVELINGS: BYBELVERTALING

**1.4.1 Voltooide vertalings**

**Die Algemene Sinode betuig sy dank teenoor die *Bybelgenootskap van Suid-Afrika* en die betrokke vertaalspan vir die voltooiing van *Die Bybel vir Dowes* (en *Die Bybel vir almal)* en doen 'n beroep om lidmate om die gebruik hiervan wyd aan te moedig.**

**1.4.2 Vordering met die nuwe vertaalprojek (ABV)**

**Die Algemene Sinode neem met dank kennis van die mate van vordering in die projek vir die bronteksgeörienteerde vertaling van die Bybel in Afrikaans.**

**1.4.3 Rol van NG Kerk-lidmate**

**Die Algemene Sinode neem met dank kennis van die groot aantal lidmate wat as teoloë, brontaal- en doeltaalkenners as medewerkers betrokke is by die ABV.**

**1.4.4 Webblad**

**Die Algemene Sinode moedig ons lidmate en gemeentes aan om op die BSA se webblad kennis te neem van die projek en sy vordering, asook van enige proefvertalings wat daar bekendgestel word.**

**1.4.5 Finansiële steun vir ABV**

**Die Algemene Sinode neem met dank daarvan kennis dat die BSA geen direkte bydrae vir die ABV van onderskeie kerke vra nie, maar moedig ons eie lidmate en gemeentes aan om die projek finansieel te ondersteun.**

**1.4.6 Opdrag**

**Die Algemene Sinode gee opdrag aan die ATBV om steeds sy volle medewerking aan die BSA te verleen vir hierdie groot projek.**

## 2. BYBELVERKLARING

### 2.1 OPDRAG

Neem inisiatief en adviseer die Algemene Sinode in verband met die publikasie van Bybelverklarings na aanleiding van die behoefte van lidmate (KO Art 43)

### 2.2 UITVOERING

**2.2.1 Publikasie**

Sedert 2002 het die Taakspan voortgegaan om die voortbestaan van die reeks *Skrifuitleg vir Bybelstudent en gemeente* (SBG) te fasiliteer.

**2.2.2 Samesmelting van Lux Verbi en Bybelmedia (BM)**

Die saamgesmelte *Lux Verbi.BM* het onderneem om die publikasie van die orige dele in die reeks SBG te behartig. In die lig daarvan is medewerkers genooi om die Ou-Testamentiese gedeelte van die reeks te voltooi, spesifiek met die oog op die elektroniese beskikbaarstelling daarvan.

**2.2.3 Via Africa, BM en NG Kerkuitgewers**

Intussen het daar beduidende veranderings in Lux Verbi.BM se houermaatskappy, Via Africa plaasgevind wat meebring dat die kontrak tussen Lux Verbi en NG Kerkuitgewers en BM gekanselleer is. Die verantwoordelikheid vir die SBG-reeks berus dus voortaan by BM.

**2.2.4 Verklaring van Die Evangelie van Matteus**

Die verklaring van *Die Evangelie van Matteus* (HJB Combrink) is in 2007 in die SBG-reeks gepubliseer.

**2.2.5 ATBV en VGKSA**
Die Taakspan funksioneer steeds gesamentlik met die VGKSA wat deur twee lede van die VGKSA op die ATBV verteenwoordig word.

**2.3 BEVINDING**
**2.3.1 SBG-reeks**
Dat die SBG-reeks hopelik eindelik weer op dreef sal kom en dat medewerkers weer aangemoedig kan word om die OT te voltooi.
**2.3.2 Lux Verbi.BM**
Dat die voortgaande ondersteuning van die SBG-reeks deur Lux Verbi.BM, ten spyte van ingrypende veranderinge deur die jare heen, ’n onbaatsugtige diens aan die verstaan van Skrif deur gewone lidmate is.
**2.3.3 Elektroniese formaat**
Dat die beskikbaarstelling van Skrifverklarings in elektroniese formaat wat in die vooruitsig gestel word, van besondere hulp behoort te wees om uitvoering te gee aan die prioriteit in die Algemene Sinode se visie van *geloofsvorming en fokus op God*.
**2.3.4 VGKSA**
Dat die bestaande samewerking met die VGKSA op die terrein van Bybelvertaling en -verklaring steeds verder uitgebou word.

**2.4 AANBEVELING: BYBELVERKLARING**
**2.4.1 SGB-reeks**
**Die Algemene Sinode versoek die ATBV om voort te gaan met die SGB-reeks en dit tot voltooiing te bring.**
**2.4.2 Dank teenoor Lux Verbi.BM**
**Die Algemene Sinode betuig sy dank teenoor Lux Verbi.BM vir die diens wat deur die jare gelewer is ten opsigte van die elektroniese en ander vorme van publikasie van die SBG-reeks.**
**2.4.3 Samewerking met die VGKSA**
**Die Algemene Sinode ondersteun die nouer samewerking met die VGKSA op die terrein van Bybelvertaling en –verklaring.**

## 3. BYBELVERSPREIDING - BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

Geagte Voorsitter en lede van die Algemene Sinode
**3.1 HONDERD-EN-NEGENTIG EN NIE UIT NIE**
**3.1.1 190 jaar van Bybelwerk in Suid-Afrika**
Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika het verlede jaar **190 jaar** van Bybelwerk in Suid-Afrika gevier!
**3.1.2 Missie en waardes**
Met die Bybel as grondslag en gemotiveer deur die Groot Opdrag van Matteus 28:18-20, vervul die Bybelgenootskap deur al die jare sy **missie** om bekostigbare Bybels vir elkeen in hul eie taal en in geskikte formate beskikbaar te stel sodat almal die lewegewende boodskap van die Woord mag ervaar. Daar word ook altyd gepoog dat die **waardes** van integriteit, vertroue, respek, diens en aanspreeklikheid al sy aktiwiteite rig.
**3.1.3 Artikel 21-maatskappy**
'n Nuwe era het vir die Bybelgenootskap op 1 April 2009 aangebreek met sy registrasie as 'n **Artikel 21-maatskappy** sonder winsmotief. Hierdie verandering is genoodsaak deur die herroeping van die Wet op die Bybelgenootskap, Wet 15 van 1970. Die oorgrote meerderheid **kerke is lede** van die Bybelgenootskap en mag verteenwoordigers op die elf streekkomitees van die Bybelgenootskap benoem. Die elf streekkomitees het verteenwoordiging op die Algemene Jaarvergadering wat op sy beurt weer die Raad van Direkteure aanwys.
**3.1.4 Vernuwing**
Om werklik relevant te bly, het die Bybelgenootskap deur 'n proses van **vernuwing** gegaan wat reeds die gewenste resultate tot gevolg het. So is byvoorbeeld met 'n bemarkingsafdeling begin en die bestellings en versending van Bybels is ook uitgekontrakteer. Die Bybelgenootskap, met sy hoofkantoor in Bellville en 11 streke, handhaaf gesonde sakebeginsels ten einde die mees effektiewe en doeltreffende diens te lewer.
**3.1.5 Kerke as vernaamste vennote**
Met die verskillende **kerke as vernaamste vennote** in die verspreiding van die Woord, kan met dankbaarheid gerapporteer word dat dit die afgelope jare goed gegaan het met al die projekte en werksaamhede van die Bybelgenootskap.

**3.2 'N MENS LEEF ... VAN ELKE WOORD WAT UIT DIE MOND VAN GOD KOM (MATT 4:4)**
**3.2.1 Marknavorsing**
Volgens **marknavorsing** wat Ipsos Markinor vir die Bybelgenootskap gedoen het, is daar steeds 'n groot behoefte aan Bybels. Daar is 10% Christenhuishoudings (hoofsaaklik swart) sonder 'n Bybel en 61% huishoudings het behoefte aan een of meer Bybels. Christene verkies ook die Bybel in hul eie taal. Die oorgrote meerderheid mense het ook aangedui dat die Bybel baie belangrik in hulle lewe is. Die meerderheid mense lees die Bybel 'n paar keer 'n week en dit neem toe met ouderdom, opvoeding en inkomste.

### 3.3 HOE HOOR ELKEEN VAN ONS DAN SY EIE MOEDERTAAL (HAND 2:8)

#### 3.3.1 Bybelfeeste

Groot **Bybelfeeste** is gedurende die verslagtydperk gevier. Die **Tswana Bybel** was 150 jaar oud en die **Tsonga Bybel** was 100 in 2007; die **Afrikaanse Bybel** was 75 in 2008 en die **Xhosa Bybel** was 150 in 2009! Hierdie jaar word die 400ste bestaansjaar van die **King James Bybel** gevier!

#### 3.3.2 Die Bybel vir Dowes

'n Ander hoogtepunt was die bekendstelling van die **Afrikaanse Bybel vir Dowes** in 2008. Dit word ook as *Die Bybel vir Almal* bemark en is baie gewild.

#### 3.3.3 Suid-Ndebele Bybel

Vertaalwerk aan die **Suid-Ndebele** Bybel, die laaste amptelike taal van Suid-Afrika sonder 'n volledige Bybel, is voltooi en sal DV volgende jaar bekend gestel word!

#### 3.3.4 !Xuhn Bybelgedeeltes

In 2009 is twee Bybelgedeeltes, *Jesus en sy wonders* en *Kom ons lees van Jesus* in **!Xuhn**, een van ons San tale, bekend gestel. Dit is die eerste keer dat Bybelgedeeltes vir hierdie minderheidsgroep by Platfontein naby Kimberley gepubliseer is.

#### 3.3.5 Zulu

Tans werk 'n vertaalspan in Durban ook aan die voltooiing van 'n dinamies-ekwivalente vertaling van die Bybel in **Zulu**.

#### 3.3.6 Bybel in Afrikaans: 'n Direkte Vertaling

Prof HJB Combrink, projekleier van die **Bybel in Afrikaans: 'n Direkte Vertaling**, lewer onder punt 1 hierbo verslag aan die Sinode.

### 3.4 BYBELS IN VERSKILLENDE FORMATE EN VIR SPESIALE PROGRAMME

#### 3.4.1 30 miljoen volledige Bybels

Sedert 1965, toe die Bybelgenootskap van Suid-Afrika selfstandig geword het, is sowat 30 miljoen volledige Bybels versprei. Ons doelwit is om voortaan minstens **1 miljoen Bybels per jaar** te versprei en in 2010 is 902 000 versprei. In 2008 is wel net meer as 1 miljoen Bybels versprei. Die oorgrote meerderheid hiervan is die **Standaardbybel** wat tans teen R48 beskikbaar gestel word. **Uitreikbybels** teen R20 is in Xhosa, Zulu en Engels beskikbaar. **Luukse uitgawes** is ook beskikbaar. **Bybelprodukte vir kinders** word ook gepubliseer.

#### 3.4.2 Selfoonbybels en ander digitale formate

Bykans 130 000 **Selfoonbybels** in 8 tale is verlede jaar gratis by m.bibles.co.za afgelaai en blyk 'n wenner te wees! Ander **digitale formate** sluit in Bybels op Internet (www.bybel.co.za en www.bibles.co.za) en e-Bybels vir elektroniese lesers. Op die Facebookbladsy, Die Bybel, asook op Twitter word ook gereeld Bybelgedeeltes gedeel en blyk in 'n behoefte te voorsien. 'n Gedramatiseerde **Nuwe Testament om na te luister** op 'n spesiale luisterapparaat (Proclaimer, gelaai met 'n mikroskyfie) is beskikbaar in 10 van ons tale. Hierdie gratis Geloof kom deur Gehoor-program stel groepe (en ongeletterdes) in staat om na die Nuwe Testament te luister. Daar is pragtige getuienisse oor die invloed van hierdie program.

#### 3.4.3 Gratis Bybels

**Gratis Bybels** is versprei aan die gevangenes, die armstes en hulle wat gely het onder die xenofobiese geweld.

#### 3.4.4 Bybels vir die Weermag

**Bybels vir die Weermag** met 'n spesiale kamoefleeromslag word ook jaarliks gedruk en geborg.

#### 3.4.5 Spesiale Bybelgedeeltes

**Spesiale Bybelgedeeltes** word van tyd tot tyd gepubliseer soos dié vir vroue en mans, *Ek is sy* en *Ek is hy.*

### 3.5 MY GETUIES … TOT IN DIE UITHOEKE VAN DIE WÊRELD (HAND 1:8)

#### 3.5.1 Wêreldbond van Bybelgenootskappe

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika is lid van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe wat uit 147 lede bestaan en is gevolglik ook betrokke buite ons eie grense. Die Bybelgenootskap gee byvoorbeeld ook spesiale ondersteuning aan Bybelgenootskappe in ons buurlande, Swaziland, Lesotho, Botswana en Namibië. Gedurende die verslagtyd het di GS Kritzinger en HJ Geyer ook onderskeidelik op die Wêreldraad en Afrikaraad van Wêreldbond van Bybelgenootskappe gedien. Wêreldwyd het Bybelgenootskappe verlede jaar meer as 29 miljoen Bybels versprei waarvan 5,1 miljoen in lande in Afrika.

### 3.6 DIE NG KERK SE GROOT ROL

#### 3.6.1 Betrokkenheid van die NG Kerk

Die NG Kerk is en bly die Bybelgenootskap se grootste vennoot. Die betrokkenheid van die NG Kerk is onder andere te sien in die besondere finansiële bydraes van gemeentes en lidmate; die betrokkenheid van kundige teoloë en lidmate by die vertaling van die Bybel, soos die Bybel vir Dowes asook die huidige Afrikaanse vertaling; inisiatiewe tov Bybelverspreidingsprojekte; NG Kerklidmate wat dien op die verskillende streekkomitees, die Algemene Jaarvergadering en die Raad van Direkteure.

#### 3.6.2 NG Predikante in diens van die BSA

Predikante in diens van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika word beroep deur die Algemene Taakspan vir Bybelvertaling, -verklaring en -verspreiding. Gedurende die verslagtyd is dr CF Sieberhagen en dr Quintus Heine beroep as Organiserende Sekretarisse en ds WP van Niekerk as Ontwikkelingsbeampte. Elf NGK predikante is

ook tans in diens van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika asook drie van die VGKSA. Die predikante skakel ook in by van die *VBO* kursusse wat aangebied word.

**3.7 AANBEVELINGS- BYBELVERSPREIDING**
**3.7.1 Dank vir ondersteuning**
**Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika spreek sy groot en opregte dank uit teenoor die leraars, gemeentes, lidmate en akademici van die NG Kerk vir hul besondere en volgehoue ondersteuning van die Bybelgenootskap in gebede, in bydraes, in Bybelvertaling, in die verspreiding van die Bybel asook diens op die verskillende beheerliggame van die Bybelgenootskap.**
**3.7.2 Aktiewe betrokkenheid, gebed en finansiële ondersteuning**
**Die Algemene Sinode versoek alle gemeentes en lidmate om deur volgehoue gebeds- en finansiële ondersteuning aktief by die verskillende programme van die Bybelgenootskap betrokke te bly wees. Elke R35 help die Bybelgenootskap om een Bybel bekostigbaar beskikbaar te stel en kan as doelwit per lidmaat per jaar gestel word.**
**3.7.3 Streekkomitees van die BSA**
**Die Algemene Sinode versoek streeksinodes om gereeld, by verstryking van termyne, predikante en lidmate, vir wie die saak van Bybelverspreiding na aan die hart lê, as verteenwoordigers op die Streekkomitees van die Bybelgenootskap te benoem.**

Die seën van die Here word die Sinode toegebid.
Ds Gerrit Kritzinger
Uitvoerende Hoof
Februarie 2011

## 4. ALGEMEEN

**4.1 UITVOERING**
Die Kommissie is in 2007 soos volg saamgestel:
**4.1.1 NG Kerk Dosenterade**
Deur die  NGK Dosenterade van die drie Teologiese Fakulteite aanbeveel: OT: Proff HL Bosman (US), DJ Human (UP), SD Snyman (UV); NT: Proff HJB Combrink (US) (Voors), JG van der Watt (UP), HC van Zyl (UV)
**4.1.2 VGKSA**
Proff PJJS Els (OT), G D Cloete (NT)
**4.1.3 Bybelgenootskap van Suid-Afrika**
Di GS Kritzinger en HJ Geyer
**4.1.4 Vakkundiges deur die ATBV aanbeveel:**
Proff JA Naudé en CHJ van der Merwe (Hebreeus/Vertaalkunde), JA du Rand (NT) en DF Tolmie (NT)..

**4.2 AANBEVELING: FUNKSIONERING VAN TAAKSPAN ATBV**
**4.2.1 Personeel**
**Die Algemene Sinode wys die volgende lede aan om vir die volgende termyn in die ATBV te dien:**
**4.2.1.1 Deur NG Kerk Dosenterade van die drie Teologiese Fakulteite aanbeveel:**
**OT: Proff HL Bosman (US), DJ Human (UP), SD Snyman (UV)**
**NT: Proff HJB Combrink (US), GJ Steyn (UP), HC van Zyl (UV)**
**4.2.1.2 Deur VGKSA aanbeveel:**
**Proff PJJS Els (OT), GD Cloete (NT)**
**4.2.1.3 Deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika aanbeveel:**
**Di GS Kritzinger en HJ Geyer**
**4.2.1.4 Vakkundiges deur ATBV aanbeveel:**
**Proff JA Naudé en CHJ van der Merwe (Hebreeus/Vertaalkunde), JA du Rand (NT) en DF Tolmie (NT).**
**4.2.2 Begroting**
**Die Algemene Sinode begroot vir die werksaamhede van die Taakspan ATBV**

HJB COMBRINK   (Voorsitter)
JA DU RAND  (Skriba)

# A.5 DIENS EN GETUIENIS

## 1. INLEIDING

Die kerk van die Here Jesus is die enigste organisasie op aarde wat besigheid doen, nie ter wille van sy eie lede nie, maar dié wat *nie* lede is nie. So het William Temple, die aartsbiskop van Canterbury, jare gelede gesê. En hy was reg. Dit is hoe die Here Jesus sy dissipels geleer het, dit is waarvan die hele Nuwe Testament getuig: dat die kerk dáár is ter wille van die wêreld, dat die bestaansrede van die kerk juis dit is, om in woord en daad aan mense wat die boodskap baie nodig het, te verkondig hoe lief die Here God die wêreld gehad het, so lief dat Hy sy Seun na die aarde gestuur het.

Dit is ook die oortuiging van die NG Kerk. Ons wil daar wees vir die wêreld, die hele wêreld, in ons land – maar ook ver buite die grense van Suider-Afrika.

En wat is op die agenda van die kerk as ons in woord en daad die liefde van die Here wil demonstreer? Heel aan die begin van sy bediening het die Here Jesus aan sy eie mense in Nasaret vertel wat Hy kom doen het, wat van die Messias verwag kan word. Met die Jesaja-rol in sy hand het Hy gesê:
*"Die Gees van die Here is op my omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan armes te verkondig. Hy het My gestuur om vrylating vir gevangenes uit te roep en herstel van gesig vir blindes; om onderdruktes in vryheid uit te stuur, om die genadejaar van die Here aan te kondig" (Lk 4:18v).*

In navolging van die Here is dit die sake wat die NG Kerk ook op sy agenda het. Waar mense die Here Jesus nie ken nie, moet die evangelie verkondig word. Waar mense in nood verkeer – watter nood dit ookal is – moet die liefde van Jesus sigbaar en ervaarbaar gemaak word. Ons is geroep om die mond en die ore, die arms en die hande, die voete van Jesus te wees, sy verteenwoordigers in 'n stukkende wêreld.

Dit is daarom vir die Algemene Diensgroep vir Diens en Getuienis (ADD) 'n groot vooorreg om soos volg verslag te doen van ons werksaamhede die afgelope vier jaar. Uit die onderstaande verslag kan bo alles twee sake afgelei word. In die eerste plek: hoe belangrik dit vir ons is dat *getuienis* en *diensbetoon* één aksie moet wees. Ons moet van die liefde van die Here vertel én dit ook demonstreer.

Tweedens is dit vir ons geweldig belangrik dat die aksie 'n gesamentlike aksie van die hele NG Kerkfamilie moet wees. Een van die beste en mees inspirerende dinge wat die afgelope tyd gebeur het, is dat die getuienis- en diensaksies van die NG Kerk, die VGKSA, die NG Kerk in Afrika én die RCA één aksie geword het, dat ons in alle opsigte saam kon werk én dat ons die onderstaande verslag *tesame* aan ons onderskeie algemene sinodes kan deurgee.

## 2. DIE ONTWIKKELING VAN DIE VERENIGDE DIENSGROEP VIR DIENS EN GETUIENIS (VDDG) EN DIE VERHOUDING TUSSEN ADD EN VDDG

**2.1** Die vorige vergadering van die Algemene Sinode het die totstandkoming van die Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis (VDDG) goedgekeur. Die Verenigde Diensgroep funksioneer op die basis van 'n Memorandum van Ooreenkoms wat deur al vier deelnemende kerke, naamlik die NG Kerk (NG Kerk), die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (VGKSA), die NG Kerk in Afrika (NGKA) en die Reformed Church in Africa (RCA), goedgekeur is. Die vier kerke het ook die beleidsdokument *Ons Roeping tot Diens en Getuienis in Eenheid* aanvaar wat die teologiese vertrekpunte vir diens en getuienis as 'n geïntegreerde konsep aandui. Die beleid is 'n basisdokument vir beide die ADD en die VDDG.
**2.2** Sedert die totstandkoming van die VDDG in 2006 het 'n hegte verhouding tussen die diens en getuienisbedieninge van die vier kerke op Algemene Sinodale vlak ontstaan en die werkswyse, naamlik dat gesprekke gesamentlik gevoer en projekte gesamentlik gedoen word, is goed gevestig. Die werkwyse het meegebring dat perspektiewe uit die ander kerke en ander kontekste die besinning deurgaans verryk het. Vorderingsverslae is gereeld aan al vier kerke gelewer en produkte wat ontwikkel word, byvoorbeeld studiestukke, word eweneens aan al vier kerke aangebied.
**2.3** Die gesamentlikheid het so kosbaar vir die Diens en Getuienis-bedieninge van die vier kerke geword dat verskeie pleidooie aan die taakspan wat werk aan die strukturering van die Algemene Sinodale werksaamhede gerig is waarin versoek word dat die VDDG behoue moet bly. Die VDDG het vir talle mense 'n simbool van hoop ten opsigte van kerkeenheid geword. Daar is ook sinodes wat in proses is om die model oor te neem. Die oortuiging binne die VDDG is dat die NG Kerkfamilie in die Suider-Afrikaanse konteks gesamentlik behoort te getuig van die goeie nuus van die evangelie van Jesus Christus en ook gesamentlik die samelewing behoort te dien. Juis in die gesamentlikheid is daar reeds 'n getuienis.
**2.4** In die lig van bogenoemde werkwyse het die ADD al die opdragte wat die vorige sinode en die Moderamen van die Algemene Sinode na die diensgroep verwys het, ook op die agenda van die VDDG geplaas en

verteenwoordigers van die ander drie kerke se diens en getuienisbedieninge het saamgewerk in die uitvoering van die opdragte.

## 3. VERDERE KONSEPTUALISERING VAN DIE KONSEP DIENS EN GETUIENIS

*Die Algemene Sinode het die verdere teologiese besinning oor die konsep "Diens en Getuienis" goedgekeur en sinodes versoek om die besinning na hulle kommissies en diensgroepe vir Diens van Barmhartigheid en Getuienis te verwys vir bespreking en kommentaar.*
*Die Algemene Sinode het ook die Diensgroep versoek om met die teologiese besinning voort te gaan in samewerking met die ander drie kerke in die NG Kerkfamilie. (Handelinge 2007:95)*

**3.1** Die ADD het hierdie besluit na die VDDG geneem wat 'n projekspan hiervoor aangewys het onder leiding van dr Eddie Orsmond. Die VDDG het aanvanklik 'n afsonderlike projekspan aangewys om die historiese aanloop van die VDDG te beskryf, maar soos die studie gevorder het, is besluit dat die verhaal van die VDDG deel van die besinning oor die konsep behoort te wees. Die besinning is toe in vier afdelings verdeel en vir elke afdeling is 'n subgroep aangewys bestaande uit verteenwoordigers van al vier die meewerkende kerke. Die vier subgroepe moes aan die volgende sake aandag gee:
**3.1.1** Die geskiedenis van die VDDG en die ontwikkeling van die teologiese basisdokument
**3.1.2** Die Bybelse begronding vir die konsep en model van Diens en Getuienis
**3.1.3** Die hantering van die konsep in die teologie
**3.1.4** Die neerslag van hierdie Bybelse en teologiese besinnig in die praktyk van Diens en Getuienis asook ander bedieninge van die kerk.
**3.2** Die werk van die projekspan is verder verryk deur 'n daglange werkwinkel met mnr Andrew Ryskamp, uitvoerende hoof van die Christian Reformed World Relief Committee (CRWRC) van die Christian Reformed Church in North America. Die organisasie is die wêreldsendingorganisasie van die CRC en het vroeër deur 'n soortgelyke proses oor die konseptualisering en operasionalisering van Diens en Getuienis as een konsep gegaan. Die werkwinkel was baie insiggewend en het daartoe gelei dat die projekspan tot die oortuiging gekom het dat ten einde die konsep en model van gesamentlike Diens en Getuienis in al vier kerke in die NG Kerkfamilie goed te vestig, 'n program bestaande uit 'n reeks werkboeke nodig sal wees. Die afsonderlike werkboeke behoort die verskillende praktiese aspekte van die model verder te ontwikkel aan die hand van voorbeelde en voorstelle vir projekte en behoort op gemeentes se bediening te fokus. Die stel werkboeke sal voorafgegaan word deur 'n inleidende boek wat uit vier afdelings sal bestaan:
**3.2.1** 'n Inleidende hoofstuk waarin die teologiese beleidsdokument soos dit reeds in die vier meewerkende kerke goedgekeur is, aan die orde gestel word en die metodologie van die reeks werkboeke verduidelik word.
**3.2.2** Die onstaansgeskiedenis van die VDDG en die beleidsdokument
**3.2.3** 'n Bybelse en teologiese begronding vir die konsep en model van Diens en Getuienis
**3.2.4** Die praktyk van Diens en Getuienis in die kerklike bediening.

| |
|---|
| Die ADD hoop om tydens die sinodesitting 'n konsep van die inleidende boek aan sinodegangers beskikbaar te stel. |

**3.3** Die opdrag het ook behels dat die konsep Diens en Getuienis aan sinodes bekend gestel word. Die ADD het die beleidsdokument aan die verskillende sinodes se Diens en Getuienis-bedieninge gestuur met die versoek dat hulle self sal besin oor die bekendstelling daarvan aan gemeentes in die onderskeie sinodale gebiede. Die Kommissie vir Getuienisaksie van Kaapland wat 'n gesamentlike aksie van die NG Kerk (Wes- en Suid-Kaapland) en die VGKSA (Kaapland) is, het in Mei 2010 'n konferensie gehou waartydens aandag gegee is aan die geskiedenis, teologiese begronding van die proses en model, asook wat die Bybel daaroor leer en hoe dit tans in praktiese bedieninge neerslag vind en verder uitgewerk kan word. Die konferensie is deur 'n groot getal ringsverteenwoordigers sowel as verteenwoordigers van die teologiese fakulteite bygewoon. Gesprekke oor die konsep en 'n gesamentlike bediening is ook in ander sinodes aan die gang, byvoorbeeld Namibië, KwaZulu Natal, Hoëveld, Noordelike Sinode en Noord-Kaap.
**3.4** Dit het mettertyd duidelik geword dat die besinning oor die konsep Diens en Getuienis as deel van die kerk se bediening raakvlakke het met die werk wat in ander taakspanne gedoen word**,** byvoorbeeld die besinning oor 'n gemeentelike missionêre ekklesiologie, die gesprek oor Evangelisasie, die Kerk in Konteks-projek, ensovoorts.

## 4. GEMEENTELIKE EKKLESIOLOGIE

*Die Algemene Sinode wys 'n ad hoc- taakspan aan bestaande uit verteenwoordigers van die al die diensgroepe om 'n geïntegreerde, praktiese gemeentelike ekklesiologie daar te stel. (Handelinge 2007:92)*

Die Moderamen het die ADGO aangewys as die verantwoordelike diensgroep en derhalwe word daar in die verslag van daardie diensgroep gerapporteer oor die vordering met die projek.

## 5. KERK IN KONTEKS

*Die Algemene Sinode het die volgende besluit geneem:*
*Die Algemene Sinode*
*5.1.8.1 Wys ’n ad hoc-taakspan aan bestaande uit verteenwoordigers van al die diensgroepe om ’n omvattende, geïntegreerde beleidsdokument waarin ‘n strategie vir die implementering van die kerk se roeping in die Suider-Afrika konteks soos dit verwoord is in die Verklaring (2007), voor te berei. Die vorige opdragte rakende strategiëe vir armoedebestryding, die bekamping van misdaad en geweld, die MIV en Vigsstrategie (die Goeie Herder strategie) moet ook in die beleidsdokument opgeneem word.*
*5.1.8.2 Versoek die Moderatuur om met die ander drie kerke te onderhandel sodat dit ’n gesamentlike projek sal wees waarin die Verenigde Diensgroep Diens en Getuienis die leiding neem. (Handelinge 2007:89)*

**5.1** Die Taakspan het vroeg besef dat die opdrag omvangryk is en dat dit uiteindelik afstuur op ‘n omvangryke standpuntiname oor die *NG Kerk- in- konteks*. Die Taakspan het ook besef dat die betrokkenheid van verteenwoordigers uit die ander drie kerke in die NG Kerkfamilie die moontlikheid open dat dit nie net ‘n NG Kerk standpunt sal wees nie maar hopelik ‘n standpunt van die NG Kerkfamilie sal kan word. Die opdrag skep verder die ruimte dat ‘n dokument ontwikkel kan word wat ook vir sinodes en gemeentes ‘n basis kan wees vir hulle publieke getuienisrol ten opsigte van die brandende kwessies in die Suider-Afrikaanse gemeenskap, byvoorbeeld armoede, ekonomiese en sosiale ongeregtigheid, morele verval, geweld en misdaad, versoening, menseregte en ekologiese brandpunte.
**5.2** In die aanpak van die opdrag het die Taakspan vier vertrekpunte aanvaar:
**5.2.1** Die NG Kerk, asook die ander kerke in die NG Kerkfamilie, het reeds verskillende besluite geneem en beleidsdokumente opgestel wat betrekking het op die kerk se rol in die konteks. Dieselfde het ook in ander kerke met wie ons ekumeniese kontak het, gebeur.
**5.2.2** Die ideaal is dat daar in die ontwikkeling van die beleidsdokument wye gesprek sal wees oor die voorgestelde standpunte: in die verskillende kerkverbande van ring, sinode en Algemene Sinode, maar ook in die gemeente.
**5.2.3** Die dokument wat in die vooruitsig gestel word, behoort nie alleen ‘n verklaring te wees wat namens die hele kerkverband uitgereik word nie, maar moet ook ‘n raamwerk bied wat gemeentes, ringe, en sinodes kan help in hulle eie gesprekke oor hulle rol in die spesifieke kontekste waarin hulle hul bevind.
**5.2.4** Die taakspan werk van die begin af met die aanname dat die resultaat van die projek aan die NG Kerkfamilie aangebied sal word en nie slegs aan die NG Kerk nie.
**5.3** Vanweë die omvang van die opdrag het die Taakspan besluit om die projek in fases aan te pak. In ‘n eerste fase is besluite oor die kerk se rol in die konteks wat reeds in die onderskeie kerke in die NG Kerkfamilie geneem is asook die tersaaklike dokumente versamel. Die Taakspan het besluit om op die afgelope twintig jaar te konsentreer. Die Beyers Naude Sentrum aan die Teologiese Fakulteit van die Universiteit Stellenbosch is versoek om die VDDG by te staan om die besluite en dokumente te interpreteer ten einde tendense, ooreenkomste en verskille tussen die kerke te probeer vasstel. Die Sentrum het dr Gerrit Brand as navorser aangewys en hy is bygestaan deur proff Dirkie Smit en Nico Koopman.
**5.4** Nadat die Taakspan die verslag oorweeg het, is besluit om ‘n gespreksdokument op te stel. Dit is in die vooruitsig gestel om die dokument in ‘n aantal gespreksessies wat in die onderskeie sinodes gehou sou word, te bespreek om sodoende die insette van ‘n wyer groep te verkry. Vanweë die koste-aspek hiervan moes hierdie fase, wat bedoel was as ‘n tweede fase van die projek, gekanselleer word. Deel van die gesprekke sou wees om praktiese riglyne saam met die sinodegesprekke te ontwikkel.
**5.5** Die taakspan het ook ‘n derde fase gevisualiseer, naamlik moontlike publikasies. Die fase kon ook nie realiseer nie. Die VDDG meen egter dat die tema Kerk-in-konteks deel kan vorm van die reeks werkboeke oor die kerk se diens en getuienis waaroor hierbo gerapporteer is.
**5.6** Uit die werk tot hiertoe het die duidelik begin blyk dat die manier hoe die kerk na die wêreld waarin sy funksioneer kyk, haar houding en ook haar optrede teenoor die wêreld beïnvloed. In die gespreksdokument wat hierby aangeheg is as **Bylaag 1** het die taakspan ‘n keuse vir ‘n bepaalde siening gemaak naamlik God ⇨ die wêreld ⇨ kerk.

## 6. EVANGELISASIE

*Die vorige Algemene Sinode het ‘n studiestuk oor die bediening aan kerkloslidmate goedgekeur as gespreksdokument en ‘n verdere besluit geneem wat soos volg lui:*
*1. Die Algemene Sinode keur goed dat die Seisoen van Luister in 2010 verder gevoer word deur ’n "Seisoen van Evangelisasie" uit te roep. Nie alleen moet daar dan met soveel as moontlik vennote saamgewerk word om 2010 ’n besondere jaar in ons land se geskiedenis en die Koninkryk van God te maak nie, maar behoort daar ook byvoorbeeld materiaal ontwikkel te word wat na 2010 goed gebruik kan word.*
*2. Die Algemene Sinode keur goed dat die spesifieke naamgewing vir die seisoen later gedoen word.*
*3. Die Algemene Sinode wys vir die doel ’n uitgebreide taakgroep aan wat soos volg saamgestel word:*
*Verteenwoordiging van die ADGO;*

*Verteenwoordiging van die ADD;*
*Verteenwoordiging van die VGKSA, RCA en NGKA;*
*Verteenwoordiging van FIM;*
*Verteenwoordiging van relevante mobiliseringsorganisasies soos SAVGG en Kingfisher;*
*Verteenwoordiging van die Teologiese Fakulteite en VTO's;*
*Ander ekumeniese verteenwoordiging.*
*4. Die taakgroep Nuwe Gemeente-Ontwikkeling, Evangelisasie en Kerkplanting (NEK) word as sameroeper aangewys.*
*5. Die Algemene Sinode dra dit aan die dagbesture van ADGO en ADD op om begrotings- en ander logistieke detail uit te klaar.*
*6. Die Algemene Sinode versoek die Moderamen om aan hierdie verslag aandag te gee. (Handelinge 2007:91)*
Die Moderamen het tydens sy eerste vergadering na die sinodesitting die volgende besluit geneem*: Die Moderamen dra dit aan die ADD op om die drywer te wees in die uitvoering van die besluite oor die verder voer van die Seisoen van Luister, evangelisasie en die Wêreldbeker 2010. (Notule11-12 September 2007)*

**6.1** Die ADD het bostaande opdragte ook na die VDDG geneem en 'n Taakspan onder leiding van dr Arno Meiring is aangewys wat verteenwoordigers van die ADGO en die VGKSA ingesluit het. Aan die begin van die projek het die projekspan met verteenwoordigers van die Seisioen van Luister gesprek gevoer. Tydens die besprekings is daar tot die oortuiging gekom dat die Seisoen van Luister nie in 'n nuwe Seisoen van Evangelisasie behoort op te gaan nie. Daarbenewens het die Taakspan ook vroeg besef dat die 2010 Fifa Wêreldbekersokkertoernooi nie die enigste fokus vir evangelisasie behoort te wees nie.
**6.2** Die Taakspan was verder van mening dat voordat daar gewerk kan word aan 'n Seisoen van Evangelisasie, daar eers gepoog moet word om konsensus te bereik oor wat met die konsep bedoel word. Die term *evangelisasie* het 'n komplekse – en in sekere kontekste selfs 'n gelade – term geword en daarom het die Taakspan besluit om op die konseptualisering van die term in 'n hededaagse konteks te fokus. Tweedens het die Taakspan die term *seisoen* verstaan as 'n leefwyse eerder as spesifieke projekte of 'n program. Derdens het die Taakspan geoordeel dat dit buite die opdrag van die Algemene Sinode val om spesifieke praktiese projekte aan te bied. In die lig van hierdie verstaan van die opdrag, het die Taakspan begin om 'n konseptuele (teologiese) raamwerk te ontwikkel wat 'n basis kan vorm wanneer spesifieke projekte, byvoorbeeld veldtogte, materiaal, publikasies beplan word. Die resultaat van die projekspan se besinning word in **Bylaag 2** as 'n gespreksdokument aangebied.

## 7. 2010 FIFA WÊRELDBEKERSOKKERTOERNOOI

*Die Algemene Sinode het dit aan die ADD opgedra om gereeld tersaaklike inigting in die verband aan sinodes te stuur en aan sinodes leiding te gee oor hoe gemeentes by die projek betrokke kan raak. (Handelinge 2007:125)*

**7.1** In die uitvoering van die opdrag het die VDDG deel geword van die Suid-Afrikaanse Sportkoalisie (SASCOL), 'n ekumeniese netwerk van kerke en Christelike organisasies, wat gevorm is om uitreikprojekte vir evangelisasie en lewensvaardigheidontwikkeling te ontwikkel en te koördineer. Ds Victor Pillay (RCA) het die VDDG in SASCOL verteenwoordig met ds Tinus Grobler (NG Kerk) as die sekundus. SASCOL het veral twee groot projekte ontwikkel. *UBABALO eAFRICA* is 'n lewensvaardigheidsontwikkelingsprogram wat daarop fokus om die jeug van Afrika deur middel van sokkerafrigting te bereik. Die projek strek wyer as Suid-Afrika en is reeds in 'n groot aantal ander Afrikalande aan die gang. Die ander projek, *The Ultimate Goal (TUG**),*** is 'n uitreikaksie wat deur middel van sokker die evangelie en liefde van Christus wil verkondig.
**7.2** Die ADD het van die begin af sinodes en gemeentes geadviseer om voor, en tydens, die toernooi by hierdie projekte asook ander ekumeniese inisiatiewe in hulle omgewing betrokke te raak. Dit blyk dat talle NG Kerk gemeentes inderdaad by die inisiatiewe ingeskakel het. Daar is ook verhale van gemeentes en sinodes wat naas die ekumeniese inisiatiewe ook hulle eie projekte geloots het. Die Sinode van die Wes- en Suid-Kaap het byvoorbeeld saam met die VGKSA (Kaapland Sinode) vir ds Ben Marais in 'n termynkontrak aangestel om 'n sportbediening, nie net in dié twee sinodes nie maar ook in plaaslike gemeentes, te help vestig.
**7.3** Opsommend kan gesê word dat die Wêreldbeker Sokkertoernooi 2010 inderdaad 'n katalisator was om opnuut sportbediening as 'n fokusarea op die kerk se agenda te plaas. Die uitdaging is nou om die momentum wat in 2010 ontstaan het, te behou. Hierin kan sinodes 'n groot rol speel.

## 8. VERSOENING

*Die Algemene Sinode versoek die ADD om saam met die ander drie kerke in die Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis so spoedig moontlik riglyne vir versoening te ontwikkel. (Handelinge 2007:113)*

**8.1** Die VDDG het by verskeie geleenthede en op verskillende maniere uitvoering aan die opdrag gegee. Een manier was 'n werkwinkel wat op 6-8 September 2010 gehou is. Na afloop van die werkwinkel is 'n kort verslag daarvan in *Kerkbode* gepubliseer. In die verslag word ses gevolgtrekkings van die werkwinkel kortliks bespreek:
**8.1.1** Versoening is 'n werklikheid, 'n gawe van die drie-enige God aan die kerk en aan die wêreld

**8.1.2** Versoening is nie net ‘n gawe nie maar ook ‘n opdrag
**8.1.3** Versoening en waarheid gaan hand aan hand
**8.1.4** Versoening en geregtigheid kan nie van mekaar geskei word nie
**8.1.5** Ons het ‘n dure plig om ons lidmate op die pad van versoening te bemagtig en te begelei
**8.1.6** Versoening is ‘n duur maar ook ‘n vreugdevolle opdrag.

**8.2** Uit die werkwinkel het dit ook geblyk dat versoening nie net as ‘n losstaande tema hanteer kan word nie. In die Suider-Afrikaanse samelewing het die tema raakvlakke met talle ander sake, byvoorbeeld armoede en ekonomiese ongeregtigheid, misdaad en geweld, grondhervorming. Dit is ook in die kerkherenigingproses ‘n kernsaak. Die prosesse van versoening is nie eenvoudig nie en dikwels is ‘n omvattende, meerkantige benadering nodig. Dit is ‘n diepliggend saak met baie emosie en eenvoudige, oppervlakkige oplossings sal waarskynlik nie blywende resultaat lewer nie. Die gesprekke oor restitusie in die samelewing én in die kerk lewer één bewys van hoe kompleks die versoeningsproses dikwels is.
**8.3** Die VDDG is tans besig om die resultaat van die werkwinkel verder te ontwikkel met die oog op die daarstelling van ‘n praktiese werkboek vir gebruik in gemeentes en kleingroepe. Die publikasie sal deel vorm van die reeks publikasies wat handel oor die konseptualisering en operasionalisering van die konsep Diens en Getuienis. Intussen het die VDDG in samewerking met die Christelike Lektuurfonds (CLF) vir prof Piet Meiring versoek om ‘n Bybelstudiehandleiding te skryf wat riglyne vir die versoeningsproses in ons land bevat. Die boekie het in 2010 verskyn met die titel *Geseënd is die Vredemakers.*
**8.4** Die VDDG is ook baie besorg oor die groot mate van onversoendheid tussen die kerke in die NG Kerkfamilie onderling en is oortuig daarvan dat dit die getuienis van die NG Kerkfamilie in Suider-Afrika ernstig benadeel. Hieroor het die VDDG by verskeie geleenthede in briewe of verslae aan die leierskapstrukture van al vier kerke getuig met die versoek dat prosesse in werking gestel moet word om versoening tussen die kerke te bevorder. Uit die gesprekke binne die VDDG blyk dit dat sodanige prosesse ook aan die verskillende kontekste en behoeftes van gemeentes en sinodes aandag sal moet gee. Van die sake wat in die VDDG geopper is, is onder andere die ongelykhede tussen kerke in terme van die getal leraars wat gemeentes bedien asook die vergoeding en pensioen van leraars in die familie van NG Kerke.

## 9. EKONOMIESE GEREGTIGHEID EN ARMOEDEBESTRYDING

*Die vorige Algemene Sinode het kennis geneem dat die ADD saam met die ander kerke in die Verenigde Diensgroep Diens en Getuienis na weë soek om ‘n gemeentelike gesprek oor die temas van die ACCRA Verklaring (2004) te inisieer (Handelinge 2007: 113)*

**9.1** Die VDDG was deel van ‘n projek wat deur die VGKSA en die Evangelies-Gereformeerde Kerk (EGK) in Diutsland in samewerking met die Beyers Naudé Sentrum aan die Teologiese Fakulteit van die Universiteit Stellenbosch, aangepak is. In die projek is die Accra Verklaring indringend bestudeer**.** Dit het reeds gelei tot ‘n aantal publikasies. Die projek is in 2010 voltooi en ‘n verslag onder die titel *Dreaming a Different World, Globalisation and Justice for Humanity and the Earth. The Challenge of the Accra Confession for the Churches* is in Junie 2010 aan die World Communion of Reformed Churches aangebied.
**9.2** Deel van die projek was ook om hulpmiddels te ontwikkel vir gebruik in gemeentes om die ontvangs van en belangstelling vir die temas van die Accra Verklaring in gemeentes te bevorder. In die verband is gefokus op preekstudies, liturgieë en ander hulpmiddels vir die gemeentelike bediening. Aanvanklik is ‘n paneel predikante uit die NG Kerkfamilie en die EGK in Duitsland gevra om hierdie materiaal te begin ontwikkel. Twee werkwinkels om die materiaal te evalueer is reeds gehou, een in 2010 en een in 2011. Verteenwoordigers van al die meewerkende kerke in die VDDG was betrokke by hierdie werkwinkels. Tans word die resultate van die werkswinkels verwerk. Die ideaal is dat die materiaal in die NG Kerkfamilie versprei sal word in die verwagting dat dit sal meewerk om die kerklike gesprek oor ekonomiese en sosiale ongeregtigheid in die wêreld, veral op plaaslike vlak, te stimuleer.
**9.3** Die besinning sluit nou aan by die gesprek oor ‘n eenvoudiger en meer volhoubare leefstyl asook die besinning oor die die kerk se verantwoorderlikheid ten opsigte van die ekologie. Vanweë die belangrikheid en erns van die saak sou die ADD en die VDDG graag wou sien dat dié besinning op ‘n meer gekoördineerde en geïntegreerde wyse in die NG Kerkfamilie voortgesit word.

## 10. MISDAAD EN GEWELD

**10.1** In die VDDG het die gesprek oor vrede en geregtigheid in ‘n konteks van misdaad en geweld voortgegaan alhoewel die ADD nie ‘n spesifieke opdrag van die Algemene Sinode in die verband gehad het nie. In dié besinning het die VDDG deurgaans gevra hoe vrede, versoening en geregtigheid tot stand kan kom in ‘n samelewing waar misdaadvlakke so hoog is en verskillende soorte geweld hoogty vier.
**10.2** Naas die bydraende faktore soos armoede en maatskaplike ongeregtigheid toon navorsing wat tot beskikking van die VDDG gekom het dat die morele standaard in die samelewing, die gebrek aan respek vir ander mense en die misbruik van mag, bydra tot die hoë vlakke misdaad en geweld waarmee ons te kampe het. Die vraag waarmee die VDDG begin worstel het, is: wat is die kerk se roeping in so ‘n konteks? Die gevolgtrekking waartoe

gekom is, is dat die antwoord nie eenvoudig is nie en die VDDG is van mening dat ‘n omvattende en geïntegreerde benadering tot die groot samelewingskwessie nodig is. Dit is ‘n saak wat die ernstige aandag van die Algemene Sinode, in samewerking met die NG Kerk se ekumeniese vennote, verdien. Maar dat die verskillende sinodes van die kerk, en veral plaaslike gemeentes, ‘n reuse bydrae kan lewer, is ewe duidelik. Die VDDG het bewus geword van getuienisse van gemeentes en gemeenskappe wat met daadwerklik optredes besig is en die getuienisse behoort verder nagespeur te word.
**10.3** Die omvattende benadering in die hantering van hierdie sake waarna verwys word, sal uiteraard verskillende aspekte, soos die omstandighede dit vereis, behels.
**10.3.1** Een aspek van so’n strategie is die rehabilitasie van gevangenes. Die ADD het in die tydperk sedert die vorige sinode met Christelike netwerke en ander kerke wat ook op die terrein arbei, kontak gemaak. Hierdie aksie moet nog verder uitgebou word.
**10.3.2** Nog ‘n aspek van so ’n strategie is die ondersteuning van slagoffers van misdaad en geweld. In dié verband het die Christelike Lektuurfonds (CLF), ‘n vennoot van die VDDG, begin met ‘n reeks pamflette. Voorbeelde van titels is:
**10.3.2.1** *Kan misdadigers verander?* (Kan jy simpatie hê met misdadigers?, Kan hul verander? Hoe kan ek begrip hê vir hulle?
**10.3.2.2** *Misdaad - van slagoffer tot oorwinnaar* (Wat kan ons doen vir mense wat slagoffers van misdaad en geweld is?)
**10.3.2.3** *Verkragting* (Hoop vir slagoffers van hierdie geweldsmisdaad).
**10.3.3** ‘n Derde aspek sal sekerlik ook betrokkenheid van lidmate by misdaadvoorkoming en -bekamping moet wees. Ook op hierdie terrein wil die CLF die gesprek dien met ‘n pamflet getitel: *Keer, die pot kook oor.*
**10.4** Maar ‘n groter, meer omvattende benadering wat al vier kerke in die NG Kerkfamilie sowel as die wyer ekumeniese familie betrek, is nodig. Dit het nodig geword dat die kerk oor hierdie ernstige samelewingskwessie leiding neem en die boodskap van die Koningskap van God luid op elke terrein van die samelewing uitbasuin.

## 11. VENNOOTSKAPPE

*Die Algemene Sinode het die sinodale indeling vir vennootskappe vir diens en getuienis binne die NG Kerkfamilie in Afrika wat vroeër goedgekeur is, herbevestig en goedgekeur dat ‘n konferensie oor vennotskappe tussen kerke in die breë NG Kerkfamilie in Afrika in 2008 gehou word. (Handelinge 2007:106)*

**11.1** Die beplande konferensie kon eers in 2009 plaasvind en is goed bygewoon, Naas die verteenwoordigers van die vier NG Kerke in Suid-Afrika was daar ook verteenwoordigers van die meeste kerke van die NG Kerkfamilie in Afrika. Dit was nie die eerste konferensie van die aard nie. ‘n Soortgelyke konferensie het ook in 2006 plaasgevind onder leiding van die destydse AKGA. NG Kerk sinodes met wie die kerke vennootskappe het, het vir die reiskoste van die verteenwoordigers gesorg.
**11.2** Die tema vir die konferensie was *Called to witness in and from Africa, in partnership* en mnr John Rogers van Brittanje was die fasiliteerder vir die konferensie. Hy is van ‘n internasionale sendingorganisasie wat fokus op vennootskapontwikkeling en is op verskillende maniere by Suid-Afrikaanse inisiatiewe betrokke. Die doelwitte vir die konferensie was, eerstens, om ‘n ruimte te voorsien waar nuwe vennootskappe kan ontwikkel, huidige vennootskappe versterk kan word en ou vennootskappe hernu kan word. Tweedens was dit die doel om ‘n teologiese (teoretiese) én praktiese raamwerk te ontwikkel wat kerke en gemeentes kan gebruik wanneer hulle in vennootskappe wil tree.
**11.3** ‘n Sentrale aspek van die konferensie was die *koinoniale* aard van vennootskappe. In sulke vennootskappe is verhoudings belangrik, is die een vennoot nie belangriker, groter of sterker as die ander vennoot nie. In sulke vennootskappe gaan dit oor deel: die deel van gawes en die deel van bronne. In sulke vennootskappe gaan dit oor saamwees en saamdoen: dit gaan nie oor een vennoot wat iets vir ‘n ander doen nie. ‘n Tweede aspek wat sterk na vore gekom het, is die geleenthede wat reeds bestaan en wat benut moet word. Die gereedheid en die gretigheid van die kerke in die breë NG Kerkfamilie om deel van die familie te wees en om saam te werk, het uitgestaan.
**11.4** Kernuitkomste van die konferensie is:
**11.4.1** Die VDDG (as ‘n Algemene Sinodale struktuur) kan ‘n belangrike rol speel om vennootskappe te fasiliteer en te energeer, maar die ware kontakpunte is sinodes en gemeentes.
**11.4.2** Die NG Kerke buite die VDDG (die ander Kerke in die breër NG Kerkfamilie in ander lande in Afrika) versoek dat meganismes geskep word sodat hulle ook deel van die VDDG kan wees
**11.4.3** Daar is ‘n duidelike behoefte dat meer skakeling ook met ander kerke en netwerke wat ook in die Afrika konteks funksioneer, moet plaasvind, byvoorbeeld met Europese en Amerikaanse kerke en Christelike organisasies.

## 12. KERKLIKE MAATSKAPLIKE WELSYNSDIENSTE

**12.1** Die NG Kerk en die VGKSA is reeds baie jare betrokke by vakkundige en professionele maatskaplike welsynsdienste. Selfs voor die totstandkoming van staatsdepartemente vir Welsyn en later Maatskaplike

Ontwikkeling én voordat Maatskaplike Werk as ‘n vakdisipline en professie in Suid-Afrika gevestig is, was die NG Kerk met maatskaplike welsynsprojekte, byvoorbeeld kinderhuise, institute vir dowe en blinde persone, tehuise vir ongehude ouers, ensovoorts as deel van haar barmhartigheidsbediening besig.

**12.2** Die proses om die maatskaplike welsynsektor te organiseer en te reguleer deur staatsbeleid en wetgewing het veral in die laaste helfte van die vorige eeu momentum gekry. Een van die gevolge daarvan was dat die destydse Algemene Kommissie vir Diens van Barmhartigheid (AKDB) asook die onderskeie Sinodale Kommissies vir Diens van Barmhartigheid (SKDB’s) almal as welsynsorganisasies kragtens die Nasionale Welsynswet (Wet 100 van 1978) geregistreer is. Die stap het aan die kommissies ‘n soort dubbelslagtigheid verleen, naamlik om aan die een kant ‘n sinodale kommissie en aan die ander kant ‘n geregistreerde welsynsorganisasie te wees.

**12.3** Die inwerkingstelling van die Wet op Organisasies sonder Winsoogmerk (Wet 71 van 1997) het meegebring dat die onderskeie sinodes hulle maatskaplike welsynsaktiwiteite in afsonderlike organisasies moes struktureer. Die organisasies is almal kragtens genoemde wet as organisasies sonder winsoogmerk geregistreer.

**12.4** Die behoefte aan ‘n oorkoepelende forum wat die kerk se werk op nasionale en selfs internasionale vlak kan verteenwoordig, het aanleiding gegee tot die stigting van die Kerklike Maatskaplike Dienste Raad (KMDR) in 2001.

**12.5** Die verwydering, in baie gevalle, tussen die kerklike maatskaplike dienste en die gemeentelike diakonaat is lank reeds ‘n bron van kommer die KMDR. Die afgelope paar jaar is daar dikwels hieroor besin en elke keer het die kerklike maatskaplike diensorganisasies dit herbevestig dat die kerklike maatskaplike dienste ‘n hulpdiens, ‘n verlengstuk, ‘n instrument vir die gemeente en haar diakonale bediening wil wees.  Kerklike maatskaplike dienste wil niks anders wees as ‘n bediening van die kerk nie. So gesien is die kerklike maatskaplike dienste vir die NG Kerkfamilie ‘n belangrike besit. Oor baie jare is daar groot kundigheid en bronne opgebou. Die KMDR is goed geplaas in die breë maatskaplike welsynsektor.  Nie nie net in Suid-Afrika nie, maar ook in Namibië is die kerklike maatskaplike diens ‘n belangrike rolspeler.

**12.6** Tans ondervind die kerklike maatskaplike diensorganisasies dat die verhouding met die staat allerlei bedreigings inhou wat die potensiaal het om dié besit van die kerk ernstig te knou. Een so ‘n bedreiging is die groeiende verwagtinge wat die Staat aan die organisasies stel ten opsigte van groter betrokkenheid in die gemeenskappe.  Om aan al hierdie verwagtinge te kan voldoen, het groot finansiële implikasies vir die organisasies. Alhoewel daar dikwels ooreenkomste is tussen die verwagtinge van die staat en die verwagtinge van die kerk, byvoorbeeld armoedebekamping, gesonde gesinne, die beskerming van kinders en die ontwikkeling van ‘n gemeenskap waar ouer persone met respek en eerbied behandel word, om maar enkeles te noem, gebeur dit egter dat die staat se spesifieke verwagtings tot gevolg het dat die kerk haar nie altyd meer met die diens kan vereenselwig nie.  Nog ‘n ernstige bedreiging is die finansieringsbeleid van die Staat wat al meer die finansiële verpligting vir die dienslewering op die organisasies afskuif.

**12.7** In die gesprekke oor die verhouding tussen die kerklike maatskaplike welsynsdiens en die kerk het die stand van die kerklike diakonaat ook ter sprake gekom. Vanweë ‘n verskeidenheid faktore is die prentjie van die gemeentelike diakonaat in die NG Kerk, soos ook in die ander kerke in die VDDG,  nie duidelik nie. Daar bestaan klaarblyklik ‘n persepsie dat dit nie in alle gemeentes en kerke ewe goed funksioneer nie.  Die VDDG het daarom ‘n werkgroep saamgestel wat tans weë ondersoek hoe om die gesprek oor die gemeentelike diakonaat te bevorder.

## 13. VERHOUDINGE  MET ANDER KERKLIKE INSTANSIES OP DIE DIENS EN GETUIENIS TERREIN: DIE CHRISTELIKE LEKTUURFONDS EN HUGENOTE KOLLEGE

**13.1** Die NG Kerk was tot dusver via die ADD betrokke by die Beheerraad van die *Christelike Lektuurfonds*. In die lig van die veranderinge wat deur die Taakspan vir die strukturering van die sinodale werksaamhede voorgestel word, het die CLF besluit om hulle Konstitusie sodanig te wysig dat die VDDG voortaan die kerklike verteenwoordigers in die Beheerraad sal aanwys.

**13.2** *Die Hugenote Kollege* is nog altyd geassosieer met die NG Kerk en later ook die VGKSA se diens- en getuienisaksie. Die Kollege het in die verlede ook via die AKDB en die ADD aan die sinode verslag gedoen. Die verslag van Hugenote Kollege is derhalwe aangeheg as **Bylaag 3**.

## 14. EKUMENIESE VENNOOTSKAPPE

**14.1** Die KMDR is lid van die National Religious Association for Social Development (NRASD). Deur hierdie verhouding het die VDDG betrokke geraak by ‘n groep wat op  programme fokus wat veral gerig is op die hantering van MIV en Vigs. Die groep het saamgewerk om ‘n aansoek vir finasiering deur die *Global Fund* voor te berei. Die aansoek  was verlede jaar suksesvol en tans is die NG Kerkfamilie deur die KMDR by die projek betrokke.

**14.2** Die model waarop die KMDR werk is dat plaaslike projekte befonds word. Die kanaal waar die befondsing geskied, is die maatskaplike diensorganisasies van die onderskeie sinodes. Laasgenoemde organisasies tree ook op as mentors en toesighouers vir die plaaslike projekte.

## 15. AANBEVELINGS: DIENS EN GETUIENIS

**15.1 Die Algemene Sinode besluit dat, in die lig van die voorgestelde strukturering van die Algemene Sinodale werksaamhede, die ooreenkoms met die ander kerke rakende ‘n Verenigde Diensgroep vir Diens**

**en Getuienis in stand gehou word en dat verteenwoordigers van die NG Kerk om in die VDDG te dien, aangewys word.**
**15.2 Die Algemene Sinode identifiseer die volgende sake as prioriteite en verwys dit na die Moderamen om in terme van die voorgestelde strukturering verder daarmee te handel:**
**15.2.1 die voortgaande besinning oor diens en getuienis as 'n geïntegreerde bediening en hoe dit verder in die kerklike praxis neerslag kan vind;**
**15.2.2 die ontwikkeling van 'n omvattende beleidsdokumument oor die kerk se getuienis en betrokkenheid in die samelewing wat as 'n raamwerk die kerk in al haar verbande (Algemene Sinode, sinodes, ringe en gemeentes) sal dien. Hierdie dokument moet nie net 'n teologiese besinning wees nie, maar ook riglyne ten opsigte van die praxis bevat;**
**15.2.3 versoening in die NG Kerkfamilie en in die breë Suider-Afrikaanse gemeenskap;**
**15.2.4 'n seisoen vir evangelisasie;**
**15.2.5 die bestryding van armoede en ekonomiese ongeregtigheid;**
**15.2.6 globalisering en die effek daarvan op die mens en die ekologie;**
**15.2.7 die kerk se rol in die bekamping van misdaad en geweld.**

PGJ Meiring (Voorsitter)
WC van der Merwe (Skriba)

## ADD BYLAAG 1

# TEOLOGIESE VERTREKPUNTE VAN ’N BEOOGDE STANDPUNTINNAME OOR DIE NG KERKFAMILIE IN KONTEKS

## 1. INLEIDING

***Die NG Kerkfamilie se konteks is die wêreld in al sy dimensies***
**1.1** Om die NG kerkfamilie (NG Kerk, NGKA, RCA en VGKSA) se verhouding met haar konteks te verstaan, is dit nodig om die konteks self te verstaan. “Konteks” verwys hier na die omringende wêreld waarin die kerk haar bevind en waarvan sy self deel uitmaak – nie net die menslike samelewing in sy sosiale, kulturele, ekonomiese en politieke dimensies nie, maar ook die omgewing, wat ekosisteme insluit, en tegnologiese ontwikkelings en sisteme as produk van mense se interaksie met hul omgewing. Hierdie konteks – of dit nou plaaslik, nasionaal, kontinentaal of internasionaal beskou word – neem op verskillende tye en plekke verskillende vorms aan.

***Naas alle ander maniere om die konteks te ondersoek, is die belangrikste om dit in verhouding tot God te sien***
**1.2** Die konteks kan op baie maniere uit verskillende perspektiewe en met uiteenlopende middels ondersoek word, byvoorbeeld fisies, biologies, sielkundig, sosiologies, histories, filosofies of deur die kunste. In die Christelike tradisie, en met name ook in Gereformeerde kerke, is hierdie verskillende maniere om die wêreld te leer verstaan meestal verwelkom, aangemoedig en benut. Nogtans is vir Christene die belangrikste waarheid oor hul konteks dat dit in verhouding tot God staan. Hierdie verhouding is die omvattendste en deurslaggewendste verband of “konteks” waarin elke konteks verstaan moet word. Die NG Kerkfamilie se verstaan van haar konteks berus derhalwe op ’n verstaan van God.

## 2. GOD

***Ons ken God net in verhouding tot ons en ons wêreld***
**2.1** Die Bybelse geskrifte praat deurgaans oor God in verhouding tot ons: God vir ons (*pro nobis*). Oor God insigself word slegs bely dat dit wat “ondeurgrondelik” en “onnaspeurbaar” in God is (Rom 11:16) nie in stryd kan wees met wat wel aan ons geopenbaar is nie.

***As die Drie-enige is God die Skepper, Verlosser en Voleinder van ons en ons wêreld***
**2.2** God se verhouding tot ons en ons wêreld, soos dit in die Bybelse geskrifte na vore kom, word tradisioneel in die kerk se trinitariese belydenis verwoord: Die God wat in die Bybel Vader, Seun en Heilige Gees genoem word, is één God, maar dié God se verhouding met ons het meer as een gestalte wat onderling saamhang en gesamentlik betroubaar laat blyk hoe God werklik is. As Vader of Moeder is God die Skepper van hemel en aarde, die Bron van alles wat is, en die Een wat in almag die wêreld instandhou, regeer en versorg. As Seun of vleesgeworde Woord is God die een wat in selfontlediging as die mens Jesus Christus ons verlossing bewerk en die getransformeerde, verheerlikte skepping inlui. As Gees, Vertrooster of Advokaat versamel, inspireer en bekragtig God deur Woord en sakrament ’n kerk waarin, waardeur en waarnaas die hele skepping in die sleurstroom van Christus se oorwinning tot sy bestemming gebring word.

***Die drie-enige God se skeppingswerk is nie afgehandel nie, maar stu voort na ’n eindbestemming***
**2.3** Die Drie-enige God is nie staties nie maar het ’n missie. God skep en onderhou alles wat is met die oog op ’n eindbestemming of *eskaton*: die koninkryk van God, ’n innige verbondsverhouding, ’n nuwe, verheerlikte hemel en aarde waarin God alles in almal sal wees. Christus kondig die nabyheid van dié koninkryk aan maar vervul dié profesie ook in sy koms, lewe, dood, opstanding en verheerliking deurdat hy self die *Eskatos* ís – die beliggaming van God se bedoeling met die skepping, die Een waarin die verbond reeds gerealiseer is en die koninkryk reeds gekom het. Só voltrek Hy God se oordeel oor ons, bekragtig Hy God se toewyding aan ons deur die oordeel heen, ontmasker en verslaan Hy die magte van vyandigheid teen God waardeur ons gevange gehou is, en versoen hy ons met God. Deur sy Gees regeer Christus op so ’n wyse, ook in en deur die kerk, dat alles wat reeds in Hom verwesenlik is vir die hele skepping ’n werklikheid kan word. Op die weg wat deur Christus gebaan is, lei die Gees die kerk, die “mense van die weg”, as God se ligdraer en rigtingaanwyser na die wêreld se eindbestemming.

***God se missie word deur die sending van Christus en die Gees uitgevoer: die* missio Dei**
**2.4** Die uitvoering van hierdie omvattende missie heet tradisioneel die *missio trinitatis Dei* (missie van die drie-enige God) of *missio Dei* (missie van God). Dit sinspeel op Bybelse verwysings na die “sending” van die Seun deur die Vader (Joh 20:21; Hand 3:20; Rom 8:3; 1 Joh 4:10), en die “sending” van die Gees deur die Vader en die Seun (Joh 14:16; 14:26; 15:26; 16:7), om God se missie in die wêreld uit te voer. (Die Latynse *missio* kan sowel “missie” as “sending” beteken.)

## 3. WÊRELD (KONTEKS)

***Elke konteks staan in verhouding tot God***
**3.1** Omdat God die Drie-enige is wat as Skepper, Verlosser en Voleinder in verhouding met die wêreld handel, kan die wêreld ten diepste slegs aan die hand van hierdie verhouding reg verstaan word. Dit geld nie net van die wêreld in die algemeen nie maar ook van elke konkrete konteks in sy dimensies van kultuur, identiteit, ekonomie, politiek, kuns, vermaak, ontspanning, werk, liefde, seksualiteit, ouerskap, kindskap, vriendskap, fauna, flora, water, atmosfeer, tegnologie, kommunikasie en so meer. Alles moet verstaan word in verhouding tot die *missio trinitatis Dei*.

***Omdat God die Skepper is, is die wêreld 'n weldaad***
**3.2** Dat God die Skepper en Voorsiener is, beteken dat die persoonlike, plaaslike, streek-, nasionale, kontinentale, internasionale of kosmiese kontekste waarvan die kerk deel uitmaak, goed is, 'n weldaad of geskenk van God. Die wêreld waarmee gelowiges op 'n spesifieke tyd en plek, en onder bepaalde omstandighede, te doen het, moet derhalwe in 'n gees van verwondering, dankbaarheid en aanbidding gevier, geniet, ontgin en bewaar word. "Die hemele getuig van die mag van God, die uitspansel maak die werk van sy hande bekend (Ps 19:1)." Ook wanneer gelowiges dit met tye nie self so kan sien of ervaar nie, kan vasgehou word aan die Skrif se herhalende refrein dat God die geskape dinge as goed (Gen 1:10, 12, 18, 21, 25), en selfs baie goed (31), sien, 'n welbehae daarin het (Luk 2:14) en dit liefhet (Joh 3:16).

***Omdat God met die wêreld op pad is, is geen konteks 'n Goddelike verordening nie***
**3.3** God se voorsienigheid is nie net daarop gerig om die skepping in stand te hou en die kwaad aan bande te lê nie, maar veral om die wêreld tot sy bestemming te bring. Die skepping is nie afgerond, voltooi, gearriveer nie, maar onderweg na God se toekoms. Dit is geen tekortkoming in die skepping en doen geen afbreuk aan die goedheid daarvan, nie – net so min as wat met 'n kindjie iets skort omdat hy of sy nog moet groei, ontwikkel en volwasse word. Die "gespanne verwagting", "belofte van hoop" en geboortepyne (Rom 8:19-21) wat die wêreld kenmerk, is 'n aspek van die goedheid daarvan. Elke konteks is vol met moontlikhede en verrassings, nie uit sigself nie, maar danksy die almagtige Vader. Geen deel of aspek van die wêreld soos dit is, ís God se koninkryk nie; geen bestaande instelling, praktyk, sisteem of struktuur is 'n ewige Goddelike verordening nie. Niks in die wêreld móét wees en bly soos dit is nie. Die skepping ís skepping, nie Skepper nie; wêreldlik, nie Goddelik nie; sekulêr, nie sakraal nie; betreklik, nie absoluut nie. Slegs as sodanig is dit "baie goed".

***Omdat die wêreld deur sonde geskend is, staan elke konteks onder God se genadige oordeel***
**3.4** Dat die wêreld verlossing nodig het, soos veral in Christus geblyk het, het nie met onvoltooidheid, beperktheid, betreklikheid of wêreldlikheid te doen nie maar met die sonde as weerstand teen, en vervreemding van, God. Juis daar waar mense aan hul geskapenheid wil ontkom, hulself wil verewig en soos God wil wees (Gen 3; 4:3-12; 6:1-6; 11:1-9), kom hulle in verset teen God. Juis daar waar die bestaande orde verabsoluteer en teen elke prys in stand gehou wil word, of waar ander eindbestemmings as God se beoogde *eskaton* in die vooruitsig gestel word, en gepoog word om die *missio Dei* te verydel, kom die mens téén God te staan, met rampspoedige gevolge vir die hele skepping. Dit is weens die sonde dat God se onstuitbare missie langs 'n kruisweg moet gaan. Die *missio Dei* kan nie verydel word nie omdat God daaraan getrou bly en selfs die hoogste prys betaal om versoening met 'n wederstrewige skepping te bewerkstellig. Christus se offer aan die kruis openbaar hoe diep die wêreld, ook ons en ons konteks, met sonde deurdrenk is. Wie hul konteks reg verstaan, sal nie die boosheid daarin, wat dikwels verbloem en selfs as goedheid vermom is, misken nie – 'n bykomende rede om geen bestaande orde ongekwalifiseerd te verwelkom of verbete in stand te hou, en dit sodoende te verabsoluteer en sakraliseer nie. Om dít te doen is afgodery.

***Omdat die sonde nie God se missie kan stuit nie, is daar hoop in elke konteks***
**3.5** Christene kan dit waag om die pynlike waarheid oor hul konteks te praat omdat hulle weet dat dit nie die laaste woord is nie. Nie alleen het Christus die sonde en die magte ontmasker, ontmagtig en oorwin nie, maar Hy het ook die toekoms van God se wêreld in die hede geplant. As daardie stukkie wêreld wat reeds tot sy Godbedoelde bestemming gekom het, trek Christus soos 'n magneet – deur sy lewegewende, vernuwende, transformerende Gees, en in, deur en naas die kerk – die hele wêreld na daardie eindbestemming. Die wêreld hét steeds 'n toekoms, ís steeds na sy eindbestemming op pad, dra reeds spore van die inbraak van die toekoms in die hede. Om die wêreld, en dus ons konteks, te sien soos dit werklik is, hou in om te vertrou, en God daarvoor te dank, dat die sonde nie die bepalende werklikheid daarin is nie, ook wanneer dit lyk asof dit so is. Om die wêreld waarvan die kerk deel uitmaak as geskape, verlos en op weg na die voleinding te sien is om met hoop en verwagting daarin te leef. Naas die wete dat die goeie skepping steeds na sy eindbestemming onderweg is en die besef dat die wêreld deur die magte van weerstand teen God se missie geskaad is, weet gelowiges ook dat die *missio Dei* nie gestuit kan word nie – dat daar altyd hoop vir die wêreld is. Waar dit bely word, is die kerk van Jesus Christus.

## 4. KERK

***Die kerk se missie (*missio ecclesiae*) is ingebed in God se missie***
**4.1** Hoe pas die kerk by die *missio Dei* in? Waartoe bestaan die kerk en waartoe is sy gestuur? Gesien die kerk se verstaan van wie God, en wat die wêreld in die lig daarvan is, kan haar sending in elke konteks, die *missio ecclesiae*, niks anders wees nie as die *missio Dei*. Aangesien, volgens die Ou Testament se getuienis, Israel as die volk van God reeds in die tyd voor Christus as ’n lig vir die nasies by God se missie betrek is, is die kerk ’n voortsetting van, eerder as ’n plaasvervanger vir, Israel. Soos Israel, en in gemeenskap met Israel, kan die kerk geen ander sending hê as om in diens van God se missie te staan nie: “Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook (Joh. 20:21).” Die kerk is nie die primêre agent in die uitvoering van haar missie nie. Dat God die kerk in die uitvoering van die *missio Dei* betrek, beteken nie dat daardie missie in die kerk se hande geplaas en van haar gehoorsaamheid, toewyding, vermoëns, insig en trou afhanklik word nie. Ook ’n ontroue kerk kan nie God se missie verydel nie.

***Die kerk is daardie deel van die ou wêreld (in elke konteks) wat die smaak van die nuwe wêreld ken***
**4.2** As Christus na sy mensheid daardie stukkie wêreld is waarin die koninkryk reeds gekom het, is die kerk die stukkie skepping wat deur die Heilige Gees hiervan weet, dit vier en verkondig, daaruit leef en dit weerspieël. Op dié manier is Christus deur sy Gees in die kerk aanwesig, deel die kerk in die opstandingslewe en is gelowiges diegene wat “deur God verlig is, die hemelse gawe ontvang en deel gekry het aan die Heilige Gees, die goeie woord van God leer ken het en die kragte van die toekomstige wêreld ondervind het (Heb 6:4-5).” Die kerk ís nie, soos Christus, ’n nuutgemaakte skepping nie, maar sy is ook nie bloot die ou skepping nie. Sy is die stukkie ou skepping wat die smaak van die nuwe wêreld ken – ’n brug of spanningslyn tussen die oue en die nuwe; verbonde met die nuwe te midde van die oue; in die wêreld, maar nie van die wêreld nie (Joh 17:14-16).

***Die kerk is kragtens haar missie een, heilig, algemeen en Christelik***
**4.3** Omdat alle gelowiges deur dieselfde Gees in dieselfde Christus glo en dieselfde God aanbid, kan daar net een kerk wees. Hierdie eenheid maak die kerk anders as die res van die wêreld, onderskei haar, plaas haar eenkant, sodat sy ook heilig genoem kan word. Omdat sy in God se wêreldomvattende missie opgeneem is, en haar identiteit en roeping daaraan ontleen, is sy vir die hele wêreld daar en nie net vir sommiges nie: sy is katoliek of algemeen. Sy dra geen ander boodskap en het geen ander missie as dié waarvan die eerste gelowiges getuig, en wat Christene deur die eeue beaam, het nie: sy is apostolies of Christelik. Dit geld die kerk in elke konteks; daarin bestaan haar sending, die *missio ecclesiae*.

***Die kerk se missie kan met ’n rykdom aan beelde en begrippe aangedui word***
**4.4** Waartoe gelowiges in hul konteks gestuur is – hoe hulle by God se missie betrek word – word in die Bybel met ’n rykdom aan beelde en begrippe geskets. Die Jesus-beweging word onder meer genoem: *ekklesia* of vergadering van gelowiges, volk van God, liggaam van Christus; woonplek of tempel van die Heilige Gees, bruid of familie van Christus, priesters, profete, konings, nuwe skepping, eerste vrugte van God se oes, deelhebber aan die kragte van die toekomende tyd; gemeenskap onderweg, lig vir die wêreld en sout van die aarde; vreemdelinge en bywoners; dopelinge wat saam met Christus gesterf het en in sy opstandingslewe deel; gaste wat by Christus se maaltyd aansit. Hierdie Bybelse perspektiewe, en nog ander, is deur die eeue in nuwe kontekste beaam, maar ook vertaal en nuut geformuleer: die kerk as gemeenskap; boodskapper; sakrament; dienskneg; sigbaar en onsigbaar; instituut en organisme; gekonstitueer deur suiwer verkondiging, regte sakramentbediening en interne dissipline; en so meer.

***Die kerk ís haar missie: aanbidding, verkondiging, onderlinge gemeenskap en diensbaarheid***
**4.5** Omdat die kerk slegs kragtens en ter wille van die wêreldomvattende *missio Dei* bestaan, is haar sending in die wêreld, haar betrokkenheid by die konteks, nie bykomend tot al hierdie aspekte nie maar eerder dit waarop elke aspek gemik is en waartoe dit bydra. Alles wat die kerk is en doen, het ’n missionêre dimensie. Die kerk se sending, die *missio ecclesiae*, is niks anders nie as om kerk te wees; die kerk ís haar missie. Vier begrippe uit die Nuwe Testament, waarvan die wortels in die Ou Testament lê, word soms deur teoloë gebruik om aspekte van die kerk se lewe as deelname aan God se missie na vore te bring: *leiturgia* (aanbidding), *koinonia* (lewensgemeenskap), *kerugma* (verkondiging) en *diakonia* (diensbaarheid). Hierdie begrippe kan nie skerp van mekaar onderskei word nie maar oorvleuel en vul mekaar aan. Ook in die praktiese lewe van die kerk kan die verskillende funksies nie geskei word nie. Dit is onder meer deur praktyke soos dié dat die kerk in haar konteks in die *missio Dei* betrek word.

***Die kerk word in elke konteks deur aanbidding by God se missie betrek***
**4.6** Omdat die kerk nie net ín bepaalde kontekste leef nie, maar self ook deel daarvan uitmaak en ’n uitwerking daarop het, kan dit in die kerk nooit oor suiwer “geestelike” sake gaan nie. Ook politieke, ekonomiese, kulturele en omgewingsaangeleenthede, om maar enkeles te noem, is vir haar van belang. Die eindbestemming van die *missio Dei*, en daarom ook van die *missio ecclesiae*, is nie net vir die kerk nie maar vir die hele skepping. Christus heers ook oor die hele wêreld. Dit sal egter ’n fout wees om alte aktivisties oor die kerk se konteks-betrokkenheid te dink. Die opsigself legitieme eis dat die kerk ’n positiewe impak en verskil moet maak, ’n openbare stem moet hê, ’n

“publieke” bydrae moet lewer en tasbare “tekens van die koninkryk” moet oprig, kan daartoe lei dat Christene hulself, en nie God nie, as die primêre agent in die *missio ecclesiae* begin sien asof die sukses van God se missie van hulle afhang. Daarom moet *leiturgia* of aanbidding as ’n kernaspek van kerkwees in enige konteks benadruk word. Om God se goeie skepping te vier, God se heilsdade te onthou, vir die koms van God se koninkryk te bid, die sakramente as voorskot op die nuwe skepping te deel en God vir dit alles te dank en te loof, is nie iets wat die kerk naas haar “publieke” betrokkenheid doen nie. Deur bloot daardie deel van die skepping te wéés wat van God se onstuitbare missie weet en dit met dankbaarheid en lof in die erediens vier, verander die kerk haar konteks radikaal – ook wanneer sy nie deur “publieke” aksieplanne en projekte ’n verskil gemaak kry nie.

***Die kerk word in elke konteks deur lewensgemeenskap by God se missie betrek***
**4.7** In aansluiting hierby moet die kerk nie aan haarself dink as net ’n aksiegroep of vrywillige organisasie wat die wêreld “daarbuite” probeer verander nie maar as ’n alternatiewe of kontrasgemeenskap waarin die verandering of herskepping van die wêreld reeds sigbaar begin word. Dit gaan hier oor die kerk as *koinonia* of verbondsgemeenskap waarin vir almal plek is, mense hul eie belange nie bo dié van ander stel nie, en materiële en ander gawes as God se eiendom beskou en daarom vrywillig gedeel word; waar eensgesindheid, vrede, onderlinge diens en onderskraging ’n voelbare werklikheid word – alles as uitvloeisels van God se versoeningswerk in Christus. Hierdie dinge gebeur in die kerk, nie omdat kerkmense verplig voel om dit te láát gebeur nie, maar omdat die kerk in die viering en verkondiging van die nuwe hemel en aarde wat op pad is, leer om nou reeds daarna te smag en te leef. Waar die kerk ’n stukkie wêreld word waarin iets van die koninkryk reeds sigbaar is, is ’n stuk van die wêreld reeds verander. Die kerk is nie net daar vír die samelewing nie maar ís ook self ’n samelewing met ’n eiesoortige interne politiek, ekonomie en kultuur.

***Die kerk word in elke konteks deur verkondiging by God se missie betrek***
**4.8** *Kerugma* beteken verkondiging of getuienis. Dit hang saam met die kerk se profetiese roeping. Die kerk wat van God se heilsdade weet, en dit vier en beliggaam, is ook die kerk wat daarvan vertel – reeds in die viering en beliggaming daarvan. Die evangelie word nie net aan buitestanders verkondig om hulle sodoende tot deelname in die gemeenskap uit te nooi nie. Ook in die samekomste van gelowiges, as deel van die viering en aanbidding in die erediens, word die Woord van God keer op keer verkondig – in die prediking, maar ook in sakramente, gebede, geloofsbelydenisse, offergawes en gesange. Verkondiging en viering is twee kante van dieselfde munt, en in albei word die gemeente tot beliggaming van Christus se versoeningswerk aangespoor en bemagtig. Waar die evangelie só verkondig word, hoef gelowiges hulle nie aan andere op te dring nie maar sal die nasies na Sion stroom om onderrig te word, en sal gelowiges die geleentheid kry om ’n antwoord te gee aan elkeen wat van hulle ’n verduideliking eis van die hoop wat in hulle leef. Dit sluit nie uit dat die kerk haar ook soms in die openbaar en teenoor ’n groter gehoor oor gebeure en ontwikkelings in die wêreld buite die kerk moet uitlaat nie – hetsy vertroostend, onderskragend, rigtinggewend of met profetiese kritiek. Nogtans is dit dikwels deur self die Woord te hoor, te vier en te beliggaam dat die kerk die goeie nuus van God se liefde vir die wêreld die hoorbaarste laat weerklink.

***Die kerk word in elke konteks deur diensbaarheid by God se missie betrek***
**4.9** ’n Belangrike manier waarop die hoop wat in die kerk leef in haar konteks oorspoel, is deur die kerk se diensbaarheid. Hoewel die woord *diakonos* (diaken) in die Nuwe Testament moontlik na ’n lerende en verkondigende amp, eerder as na liefdesdiens in ’n breër sin verwys, is die amp van diaken, veral in die Gereformeerde tradisie, primêr met die diens van barmhartigheid verbind. Dit behels die aanwending van middele en vermoëns waaroor die gemeente beskik om nood te verlig, sowel in eie kring as daarbuite. Waar die evangelie nog nie ter harte geneem is nie het Christus se verlossingswerk nog nie sy doel bereik nie. Die kerk as die gemeenskap van dié wat wel die goeie nuus omhels het, wil egter, sover dit van haar afhang, in vrede met alle mense leef. Dié vrede behels nie ’n soort skietstaking waarin die ongelowige met moeite verdra word nie, maar ’n besorgdheid oor alle mense op wie die Vader sy son laat skyn en sy reën laat val, en vir wie Christus sy lewe gegee het. Jesus se dissipels moet hulle, soos hul Leermeester, oor almal in nood ontferm en, waar moontlik, heling en verligting bring. In dié sin is *diakonia* ’n verdere uitvloeisel en vergestalting van die kerk se viering, beliggaming en verkondiging van die goeie nuus. Waar gelowiges in hierdie gees die nood in die wêreld probeer verlig, is doeltreffendheid nie die hoogste maatstaf nie, want selfs waar sulke pogings skynbaar misluk, na ’n druppel in die emmer lyk of deur nuwe en groter lyding en kwaad in die skadu gestel word, bly dit ’n viering, beliggaming en getuienis van die hoop wat in die kerk leef. Aan die ander kant kan die kerk nie onverskillig staan teenoor die uitkoms van haar liefdesdiens nie. God gee die gawes van verstand, insig en kreatiwiteit om ook in diens van hierdie saak aangewend te word. Wie hoegenaamd nie oor die uitkoms besorg is nie, is nie werklik besorg oor die nood wat verlig moet word nie. Daarom sal die kerk as *diakonia*, waar moontlik, ook op strukturele en beleidsvlak die magte van verontmensliking te lyf moet gaan.

***Die kerk neem in elke konteks meerdere gestaltes aan***
**4.10** Die kerk is nie anders kerk as deur die viering, beliggaming, verkondiging en uitdeel van die evangelie nie. Só word die kerk se lewe in elke konteks deur haar geloof in God as Skepper, Verlosser en Voleinder, en haar verstaan van die wêreld in die lig daarvan, bepaal. Die kerk weet dat die skepping ’n weldaad is, dat dit onvoltooid en onderweg is, dat dit deur sonde geskend is, maar dat dit, danksy Christus se versoeningswerk, deur die Gees

die Godbedoelde bestemming sal bereik. Hierdie wete, en niks anders nie, maak van die kerk *leiturgia*, *koinonia*, *kerugma* en *diakonia*. Die kerk bestaan egter in verskillende gestaltes. Wanneer met verwysing na die konteks oor die kerk gepraat word, is dit gewoonlik óf gemeentes met hul kerkrade, óf meerdere kerklike vergaderings soos sinodes wat ter sprake kom. Selfs gelowiges is dikwels geneig om van "die kerk" in hierdie sin te praat en hulle dan verwytend te verknies oor wat die kerk nalaat om te doen, of verkeerd doen, in 'n bepaalde konteks. Die kerk is egter ook 'n versameling van aanbiddende gelowiges, denominasies, ekumeniese liggame en gemeenskappe, individuele gelowiges in hul alledaagse lewe, Christelike aksies buite die formele kerkstrukture, en samewerking tussen kerklidmate en mense van ander oortuigings in belang van gedeelde belange soos armoedeverligting of gemeenskapsontwikkeling. Al hierdie gestaltes is gestaltes van die een, heilige, algemene, Christelike kerk, en elke gestalte doen dit by wyse van *leiturgia*, *koinonia*, *kerugma* en *diakonia*. Die aksent sal egter in verskillende gestaltes verskillend val: in die erediens sal uitdruklike woordverkondiging (*kerugma*) byvoorbeeld meer prominent wees as in 'n gesamentlike drukgroep van Christene en andere waar praktiese liefdesdiens dalk sigbaarder na vore sal kom. In haar verskillende gestaltes beskik die kerk ook oor verskillende moontlikhede om die evangelie in 'n bepaalde konteks te vier, te beliggaam, te verkondig en uit te deel. Die multidimensionele aard van sowel kerk as konteks moet dus deurgaans in gedagte gehou word wanneer die vraag na waar, wanneer en hoe "die kerk" in haar konteks behoort op te tree ter sprake kom.

## 5. SLOT

***Die kerk moet haar teologiese vertrekpunte oor God, wêreld en kerk konkreet maak deur verskillende dimensies van haar konteks aan die hand van daardie vertrekpunte te interpreteer en daarvolgens te handel***

**5.1** Aspekte van die konteks waarin die NG kerkfamilie haar tans bevind, en wat om besinning, gesprekvoering, beplanning en handeling in die lig van haar verstaan van God, wêreld en kerk vra, sluit in sake soos die ekonomie (die ontginning en aanwending van hulpbronne – met probleemgebiede soos armoede, werkloosheid, ongelykheid, ekonomiese onstabiliteit en verbruikerisme), die politiek (die uitoefening van mag en die soorte mag wat gebruik word – met probleemgebiede soos magsmisbruik, korrupsie, miskenning van menseregte, ondemokratiese praktyke, swak dienslewering en 'n kultuur van aggressiewe vyandigheid en die oorheersing van die algemene belang deur partybelange), kultuur (die lewenswyses van maatskaplike groepe en hul onderlinge interaksie en invloed – met probleemgebiede soos aantasting van kulturele regte, kulturele oorheersing en miskenning, en die materiële gevolge hiervan) en omgewingskwessies (die onderlinge verhouding en wedersydse invloede van mense en hul natuurlike omgewing – met probleemgebiede soos versteuring van ekosisteme, uitwissing van spesies, wreedheid teenoor diere, besoedeling, en die ekonomiese en politieke gevolge hiervan). Met betrekking tot elkeen van hierdie kontekstuele vraagstukke, asook talle ander, moet die kerk se blik eerstens verskillende vlakke (plaaslik, nasionaal, internasionaal en so meer) in ag neem, tweedens konkreet nadink oor die verskillende gestaltes waarin die kerk op elkeen van hierdie vlakke by die betrokke vraagstuk betrokke kan raak, derdens te besin oor hoe hierdie betrokkenheid op die wyses van kerygma, diakonia, koinonia en leiturgia gestalte kan vind, en vierdens hierdie vraag probeer beantwoord vanuit die oortuiging dat elke dimensie van die konteks skepping van God en daarom goed is; dat dit egter onvoltooid en nog onderweg is, en dus nie in sy huidige vorm as finaal en onveranderlik beskou kan word nie; dat dit deur sonde geskend is en dus elemente van weerstand teen God se missie vertoon wat ontmasker en teengestaan moet word; en dat, aangesien God se missie nie verydel kan word nie, daar ook hoop met betrekking tot daardie lewensgebied is en dit dus nooit aan sigself oorgelaat mag word nie.

## ADD BYLAAG 2

# GESPREKSDOKUMENT OOR EVANGELISASIE

## 1. AGTERGROND

Die NG Kerkfamilie was nog altyd evangelies! Die kerk het ‘n sterk evangeliese tradisie wat teruggaan na die Pinksterherlewing van die 1860s én die Skotse evangeliese invloed van Andrew Murray en ander leiers. Dit het uiting gekry in die sendingentoesiasme van die 19de en 20ste eeue met spesiale klem op persoonlike bekering en geloofsekerheid, die verlange na herlewing en heiligmaking. Evangelisasieprediking en -veldtogte, en ook (in) aksies waarin uitgereik word na die totale menslike nood, was aan die orde van die dag.

Sedert die Wêreldsendingkonferensie van Edinburgh 1910 met die tema *The evangelisation of the world in this generation*, is die belangrikheid van evangelisasie wêreldwyd beklemtoon by onder andere die stigting van die Wêreldraad van Kerke (1948), die Willingensendingkonferensie (1952) en die totstandkoming van die Lausanne-wêreldsendingbeweging (1974). Hierdie fokus is in 2010 voortgesit en versterk met internasionale sendingkonferensies in Edinburgh, Tokio, Kaapstad en Boston.

Die hedendaagse gesprek oor evangelisasie gee baie aandag aan die nuwe uitdagings van ons tyd, en hou rekening met, aan die een kant, die toenemend gesekulariseerde Weste en, aan die ander kant, die dinamiese groei van Christelike kerke in die sg Globale Suide. Hooftemas waarvoor veral aandag gevra word, is die missionêre identiteit van die kerk (vanuit die Missio Dei), die noodsaak van ekumene en samewerking, asook intensionele, praktiese sendingstrategieë.

Ook in Suid-Afrika is daar ‘n hernude en groeiende belangstelling in evangelisasie wat verband hou met ‘n breër bewustheid van die beginsel van Missio Dei, die uitdagings en geleenthede vir evangelisasie in ons tyd (soos die 2010 Fifa Wêreldbekersokkertoernooi), asook kommer oor oënskynlike krimpende lidmaatgetalle in baie kerke.

Die Algemene Sinode van die NG Kerk het in 2007 besluit om ‘n “seisoen van evangelisasie” uit te roep om aandag te gee aan die geleenthede van 2010, en om materiaal te ontwikkel wat ná 2010 vir evangelisasie deur gemeentes gebruik kan word. Die Taakspan vir Evangelisasie het geoordeel dat ons moet konseptualiseer en teologiseer oor evangelisasie, dat ons oor maniere om saam te werk met bestaande evangelisasie-projekte tydens die Wêreldbeker moet nadink, en dat aandag aan die skepping en beskikbaarstelling van evangelisasiemateriaal gegee moet word.

Hierdie verslag gee aandag aan die eerste twee doelwitte.

## 2. DIE TERM “EVANGELISASIE”

Ons het besef dat ‘n term soos “evangelisasie” nie so eenvoudig is nie. “Evangelisasie”, “evangelisering” en “evangelies” is die afgelope jare verskillend geïnterpreer en in verskillende kontekste gebruik. ‘n Duidelike herdefiniëring het nodig geword. Die verhouding tussen evangelisasie en ander soorte sending- en kerklike werk moet verder uitgepluis word. Presies wat ons bedoel met ‘n evangeliese identiteit moet vasgestel word.

## 3. TEOLOGIESE VERTREKPUNT

As NG Kerk (en VDDG) wil ons evangelisasie beskryf en bedryf vanuit ons Gereformeerde belydenis asook ons verstaan van die Missio Dei.

Ons invalshoek is altyd om te begin by wat *God* doen. As gereformeerdes glo ons dat God die inisiatief neem, Hy stuur Homself na die wêreld toe, Hy oortuig ons van sy bestaan en knoop ‘n verhouding met ons aan. Om te “evangeliseer” beteken nie in die eerste plek om ander te probeer oortuig nie, maar eerder om te getuig; om te reageer op die verhouding wat die Here met ons begin het en om dankbaar daarvan te vertel.

Verder herinner die Missio Dei ons dat God se liefde en sy werk nie tot die kerk beperk is nie. Hy steek grense oor waar die Kerk nog nie is nie. Die Kerk is nie God se uitsluitlike spreekbuis nie en ons insig in God en God se werk met mense is beperk.

Uiteindelik kan ons vanuit óns verstaan van God, net baie persoonlik en voorwaardelik, getuig oor wat God vir ons beteken, wetende dat ons hoegenaamd nie God kan beskryf of vasvat nie (inteendeel, ons beste poging is noodwendig menslik en gebrekkig), maar met dié gerusstelling dat dit ook nie van ons afhang nie: God getuig (veral deur sy Gees, leer die Bybel ons) vir Homself en van Homself. Is dit nie die bekende frustrasie én troos van elke dominee wat op ‘n preekstoel “so sê die Here” sê nie?

## 4. SELFONDERSOEK

Waar ons graag ons kerk se evangeliese tradisie vier, het ons ook baie om te bely. Die gevaar bestaan altyd dat baie van die kerk se evangeliese praktyke nie veel te make het met wat ons oor God glo nie, asook dat dit soms die Evangelie verskraal en mense in die proses seermaak en vervreem. Dit pas ons om gedurig, in ons evangeliese ywer, ons motiewe te ondersoek. Gaan dit om ons kerk, ons getalle – of gaan dit om die eer van God?

**4.1** Die gevaar bestaan altyd dat ons in ons evangeliese programme veral die klem gelê het op die vraag "weet jy verseker dat jy eendag hemel toe gaan (en nie hel toe nie)?" - wat nie net mense deur middel van vrees probeer evangeliseer nie maar sekerlik ook 'n verskraling van die Evangelie is.
**4.2** Die gevaar bestaan eweneens dat ons mense met ons eie, baie spesifieke verstaan van die Evangelie konfronteer en op allerhande maniere probeer oorreed om die regte keuse te maak – en dít terwyl ons die hele tyd bely dat dit die *Here* is wat mense oortuig.
**4.3** Suksesvolle, effektiewe programme is met mekaar vergelyk én om die beurt aan die orde gestel, met min gevoel vir die *mense* met wie ons te make het, met hul verskillende persoonlikhede en onderskeie kontekste – programme wat dikwels min ruimte vir God gelaat het om op sy onpeilbare wyse Homself sélf aan mense te openbaar. Ons was dalk te haastig om"siele te versamel" eerder as om ruimte te maak vir verhoudinge.
**4.4** Evangelisasie was dikwels eensydig op die bekering van individue gefokus, waar 'n persoon se "siel" deur 'n mooi "sondaarsgebed" vir ewig gered is, maar die res van die mens en die gemeenskap waarin hy of sy leef, afgeskeep is.

Hiermee wil ons nie die evangelisasiewerk van die verlede en die goeie bedoelinge van mense in die NG Kerk afmaak nie. Daar bestaan méér inspirerende getuienisse oor die evangelisasiewerk van die NG Kerk as wat daar foute gemaak is. Natuurlik het die Here ons beste pogings gebruik om by mense uit te kom. Maar dit pas ons om in ons nuwe omstandighede ons opdrag en ons optredes nuut te bekyk.

## 5. WAT EVANGELISASIE IS, EN WAT DIT NIE IS NIE

David Bosch beskryf evangelisasie as 'n onderdeel van die kerk se meer algemene sendingroeping. In terme van die Missio Dei, is die kerk se sending die *omvattende taak* waarby God die kerk betrek met die oog op die verlossing van die wêreld. In hierdie sendingbetrokkenheid tree die kerk uit haarself die breër wêreld in. Daarmee steek die kerk allerlei grense oor: geografies, sosiaal, polities, etnies, kultureel, religieus, ideologies, ensovoorts. In die oorsteek van hierdie grense dra die kerk dan die boodskap van verlossing binne die nuwe kontekste in. Sending is dus die omvattende betrokkenheid by die verlossing van die hele wêreld (mens, aarde, natuur, hele skepping), tot eer van God. Die omvattende sendingtaak van die kerk word dikwels in terme van *kerugma* (woordverkondiging), *diakonia* (liefdesdiens, daadgetuienis) en *koinonia* (die planting en opbou van die kerk) beskryf.

In die hart van sending, trouens in die hart van al die aktiwiteite van die kerk (gemeentebediening, diens van barmhartigheid, getuienis na buite, ensovoorts), het ons egter met evangelisasie te make. Evangelisasie is daardie dimensie wat spesifiek daarop gerig is om aan elke persoon, oral, 'n egte geleentheid te bied om deur die evangelie uitgenooi te word tot geloof in Christus Jesus – met die oog op die aanvaarding van Christus as Verlosser, die inskakeling by die gemeenskap van gelowiges en die betrokke raak by die kerk se bediening van versoening, vrede en geregtigheid op aarde.

**5.1** Evangelisasie is gerig op 'n totale mens, in sy/haar totale konteks. Die Evangelie bring vir mense en gemeenskappe goeie nuus in hul uiteenlopende lewensfases, maatskaplike en ekonomiese uitdagings, en geestelike nood.
**5.2** Die evangeliseerder bring dus daarom nie pasklaar antwoorde en kitsoplossings nie maar luister saam met haar gespreksgenoot na wat die Here vir albei partye sê.
**5.3** Evangelisasie sluit dus die evangeliseerder in deurdat sy/hy ook in die proses aangespreek, uitgenooi en verander word.
**5.4** Evangelisasie gaan nie oor lidmaatgetalle nie, is nie die plek waar ons ons sekerhede uitstal of apologeties verwoord nie. Evangelisasie, waar ons saam na God luister, manipuleer en dreig nie.

Wat is die verhouding tussen sending en evangelisasie en die res van die kerk se aktiwiteite? In ons verstaan van die Missio Dei is dit duidelik dat die kerk nie anders kan wees as 'n missionêre kerk nie, dat die kerk ter wille van die sending bestaan. Die *Missio Dei* (die sending van God) mond vanselfsprekend uit in die *Missio ecclesiae* (die sending van die gemeente). Alles wat in die gemeente gebeur – die eredienste en die prediking, die kategese en die pastorale versorging, alles wat op die agenda van die kerkraad staan – moet 'n *missionêre dimensie* hê. Al die dinge moet gedoen word vanuit ons evangeliese identiteit met 'n oog op die kerk se getuienis in die wêreld. Maar dis nie genoeg nie. In die gemeente moet ook spesifieke aksies geloods word wat 'n duidelike *missionêre intensie* het, wat spesifiek daarop ingestel is om die evangelie in al sy konsekwensies na buite te dra (die sendingprogram van die gemeente) en om mense wat die Here nie ken nie tot geloof in Christus te nooi (evangelisasie-aksie).

## 6. EVALUERING VAN BESTAANDE PROJEKTE EN PRODUKTE

Die Nuwe Testament is baie duidelik daaroor dat die evangelisasie- en getuienisopdrag nie maar net vir enkelinge in die gemeente bedoel is nie. Elke gelowige moet ‘n getuie wees! Elkeen, man, vrou en kind moet uitgedaag en toegerus word om waar hulle leef en werk hulle lig te laat skyn.

Maar die kerk het ook behoefte aan spesifieke en doelbewuste evangelisasieprojekte en uitreikprogramme. Daarvoor moet die gemeentelede toegerus word. In hierdie toerusting gaan dit veral om blootstelling en ondersteuning, om die integrasie van die evangelie in mense se eie lewens voordat hulle dit met ander deel; dit gaan nie om die aanleer van of afrig in metodes en strategieë nie. Kursusse soos *Getroue Getuies*, *EE111*, *Just walk across the room* en *Becoming a contagious Christian* (Bill Hybels – Willow Creek), *Friendship Evangelism, Life-Style Evangelism*, die *Alpha*-kursus, *Service Evangelism* en “L-10-T” as gebedstrategie, asook die kursusse van *Veritas*, *Amos* en ander, kan nuttig wees, maar moet beslis ook vir elke ander konteks aangepas word. Nie een van hulle bied ‘n finale antwoord nie. Dit kan ook goed wees dat daar nuwe kursusse vir nuwe omstandighede geskep word.

Leonard Sweet beklemtoon dat as ons regtig kontekstueel te werk wil gaan ons beide die verpakking én inhoud van ons boodskap nuut moet bedink en verander. Ons huidige evangelisasiemodelle verpak dieselfde goeie nuus net anders – dít terwyl die soort bevryding wat die evangelie bring waarskynlik heelwat verskil van mens tot mens. In die seisoen van evangelisasie is dit belangrik dat ons nie net nog ‘n verpakking vir bestaande modelle skryf nie maar mense help om nuut na hulle konteks te gaan luister en hulle te help om vanuit die Bybel die “goeie nuus” vir hulle konteks te gaan ontdek.

### 6.1 SPORTEVANGELISASIE

Die 2010 Fifa Wêreldbekersokkertoernooi het die potensiaal van sportevangelisasie benadruk. ‘n Aantal organisasies, onder meer Suid-Afrikaanse Sportkoalisie (SASCOL), het die opwinding van die Wêreldbeker gebruik om ‘n raamwerk daar te stel waarbinne evangelisasie (tesame met ander fokusse soos dissipelskap, leierskapsontwikkeling en jeugwerk) kon gestalte kry. Die wins van só ‘n breë projek is dat dit die geleentheid bied vir uiteenlopende kerke en netwerke om saam te werk sodat verskillende mense van verskillende kontekste op verskillende vlakke ook die geleentheid kry om na mekaar én na die Here te luister. Daar bestaan reeds ‘n program om hierdie sportevangelisasie-inisiatief voort te sit en deel te maak van die NG Kerk se werksaamhede.

### 6.2 DIALOOG

Binne die huidige postmoderne en multi-godsdienstige konteks van Suid-Afrika is die voer van dialoog waarskynlik een van die heel belangrikste sending- en evangelisasiebenaderings. Dis ‘n ou metode wat reeds in die Nuwe Testament beslag gekry het – en wat in die eeue daarna met groot vrug gebruik is. Die dialoog, om ‘n indringende gesprek met ander oor ons geloof te voer, as ‘n manier om oor God te praat, rus op wat ons van God glo en bely – naamlik dat God self saam met my en my gespreksgenoot aan tafel gaan sit, dat Hy ons deur ons gesprekke met mekaar én met Hom tot ‘n nuwe ervaring van sy teenwoordigheid en liefde wil lei. Die dialoog gaan van die veronderstelling uit dat ons gesprek nie in die eerste plek daarop afgestem is dat ek my gespreksgenoot van my standpunt moet oortuig nie – dan was dit ‘n monoloog – maar eerder daarop dat ons na mekaar sal luister en mekaar sal probeer verstaan. Dialoog laat ons toe om nie ewige aansprake oor God te maak nie maar eerder baie persoonlik ons ervarings met mekaar te deel. Ons hoef ook nie ons siening te verdedig of ons gespreksgenoot se oortuigings af te maak nie, want ons maak nie aanspraak op al die antwoorde of eksklusiewe waarheid nie. Want uiteindelik, verduidelik hierdie model, neem God óók deel aan ons gesprek. Die dialoog word ‘n trialoog: Hy oortuig wie oortuig moet word, Hy knoop verhoudings aan soos Hy wil. Ons stel ons en ons ervaring eenvoudig tot sy beskikking. Dialoog verwag dat God deelneem aan ons wêreld, dat Hy mense deur sy Gees tot geloof en bekering lei. Die merkwaardige is dat ons self (soos Petrus in sy gesprek met Kornelius) keer op keer deur die dialoogervaring tot nuwe en opwindende ontekkings in ons eie geloofsverstaan en geloofslewe kom.

Die dialoog-model vra dat ons met openheid en respek, as gelykes, na mekaar sal luister en mekaar sal probeer verstaan. Ons betree die gesprek met verwagting. Ons gaan sit by mekaar, elk met ons eie oortuigings en sekerhede. Ons kom na mekaar met ‘n opregte begeerte om nuut oor ons eie geloof te besin. Ons kom met ‘n nuuskierige bewondering vir ons gespreksgenoot se oortuigings en belewenis. Ons weet vooraf dat ons nie oor alles hoef saam te stem nie maar ons praat met mekaar in die verwagting en vertroue dat ons groot Gespreksgenoot, die Here self, in ons dialoog an die werk is.

## 7. DIE PAD VORENTOE

Vennootskappe is uiters belangrik. Hoewel daar reeds heelwat netwerke bestaan en gemeentes gemaklik saamwerk met ander sendingorganisasies, is ekumeniese samewerking op plaaslike en nasionale vlak onontbeerlik; óók ter wille van die geloofwaardigheid van die Evangelie self.

Een vraag is of dit dalk tyd is dat die NG Kerkfamilie weer groot evangelisasiesaamtrekke en -veldtogte moet organiseer: Ons moet dalk landswye kongresse en werkswinkels hou, nuwe kursusse uitwerk en navorsing doen,

eredienste organiseer en klein forums vir dialoog aanknoop? Ons moet sekerlik nuwe modelle vir nuwe gemeente-ontwikkelling en kerkplanting oorweeg. Hoewel al hierdie sake nie heeltemal op die tafel van die Algemene Sinode lê nie, kan ons sekerlik hieraan aandag gee. Ons behoort hier ook kennis te neem van ander taakspanne wat oor van hierdie sake gewerk het.

## ADD BYLAAG 3

# VERSLAG VAN DIE HUGENOTE KOLLEGE AAN DIE ALGEMENE SINODE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK: 2011

Sedert die vorige verslag van die Hugenote Kollege aan die Algemene Sinode in 2007 het heelwat eksterne faktore meegebring dat die Hugenote Kollege 'n dramatiese proses van transformasie en strategiese omwenteling sou ondergaan. Hierdie verslag gee in hoofsaak insae oor dié proses en hoe dit die Kollege geraak het in terme van sy bedryf en strategiese bestuur.

## 1. OORSIG VAN PERIODE VAN STRATEGIESE OMWENTELING

**1.1** Twee faktore kan ter aanvang genoem word wat aanleiding gegee het tot die dramatiese proses van transformasie en strategiese omwenteling wat sedert 2007 sou volg:
**1.1.1** die besluit van die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA) in 2007 om die vennootskap met die Hugenote Kollege te beëindig wat aanleiding gegee het tot 'n noodgedwonge proses van uitfasering van UNISA geakrediteerde akademiese programme tot en met einde 2012;
**1.1.2** die aandrang van die Kollege se direksie dat die Hugenote Kollege 'n outonome privaat instelling bly.
**1.2** Hierdie faktore het daartoe aanleiding gegee dat die Kollege sedert 2007 in onderhandelingsprosesse sou tree met 'n aantal universiteite om 'n nuwe akademiese vennootskap te beding ten einde as outonome instelling voort te gaan met sy tersiêre opleiding in die maatskaplike diensberoepe. Die aanvanklike uitkoms hiervan was dat die Kollege en sy uitvoerende bestuur in suksesvolle onderhandeling met die Universiteit van Stellenbosch gevoer het om as 'n outonome instelling 'n nuwe akademiese vennootskap te vestig. Hoewel 'n eerste groep studente in terme van 'n interim reëling wel in 2010 ingeneem kon word om die nuwe akademiese programme in Maatskaplike Werk en Gemeenskapsontwikkeling van Stellenbosch Universiteit op die Hugenote Kollege kampus te volg, het die Departement van Hoër Onderwys in dieselfde jaar volstaan met 'n besluit om nie die akademiese vennootskap goed te keur nie. Die enkele rede wat verstrek was vir die besluit was dat die Departement vanweë veranderde hoër onderwysbeleid nie langer vernootskappe tussen publieke en private opvoedkundige instellings goedkeur nie – in dié geval Universiteit Stellenbosch as 'n publieke staatsinstelling en die Kollege as 'n privaatinstelling.
**1.3** Die besluit van die Departement van Hoër Onderwys om nie die vennootskap met Stellenbosch Universiteit goed te keur nie, sou die Hugenote Kollege en sy Direksie uiteindelike daartoe dwing om opnuut terug te gaan na die tekenbord gedurende die laaste 6 maande van 2010. In kort sou 'n nuwe strategiese proses volg waarvan die volgende die belangrikste besluite en uitkomste was:
**1.3.1** 'n noodgedwonge uitfasering van die Kollege se hoër onderwysprogramme oor 'n periode van 2 jaar (2011-2012) vanweë die gebrek aan beleid rakende privaat/publieke vennootskappe;
**1.3.2** 'n noodgedwonge herstrukstureringsproses wat moes lei na vermindering van personeel en einde Februarie 2011 afgehandel is;
**1.3.3** geen inname van nuwe studente in 2011 nie;
**1.3.4** 'n proses ten einde die Kollege in 'n instelling vir Voortgesette Onderwys en Opleiding (VOO Kollege) te omskep wat opleiding bied in die Maatskaplike en Gemeenskapsontwikkelingsvelde op NQF vlakke 2-4, maar ook 'n beduidende nuwe kerklike baan insluit wat sal fokus op toerusting van lidmate en opleiding in kerklike en missionêre bediening;
**1.3.5** oophou van die moontlikheid om met 'n hoër onderwysinstansie te onderhandel en saam te werk, om naas die voorgenome nuwe VOO aktiwiteite, die toekoms van tersiêre opleiding in Maatskaplike Werk en Gemeenskapsontwikkeling op Wellington te verseker;
**1.3.6** 'n gesprek op inisiatief van die Kaapse Skiereilandse Universiteit vir Tegnologie (CPUT) in Desember 2010 om die moontlikheid van oorname van die HK tersiêre aanbod in Maatskaplike Werk en Gemeenskapsontwikkeling te ondersoek en in eie reg in samewerking met die Kollege se akademiese personeel hierdie rigtings as akademiese aanbod te vestig;
**1.3.7** ontvangs van 'n brief van voorneme van CPUT gerig aan die HK se waarnemende rektor op 14 Februarie 2011 waarin dié universiteit sy voorneme uitspel om in samewerking met die HK 'n aanbod in Maatskaplike Werk en Gemeenskapsontwikkeling te ontwikkel wat sal deel vorm van die akademiese aanbod van CPUT se Fakulteit van Opvoedkunde en Sosiale Wetenskappe op Wellington;
**1.3.8** onverspoosde ywer aan die kant van HK personeel sedert Januarie 2011 om beide strategiese rigtings – VOO Kollege en CPUT voorneme – te laat realiseer itv voorbereiding en voorlegging van relevante dokumentasie.

## 2. HERSTRUKTURERING EN VERMINDERING VAN PERSONEEL

**2.1** Die besluit van HK se direksie dat daar nie 'n nuwe inname van eerstejaar studente in 2011 kon wees nie en dat die hoër onderwys akademiese aanbod van die HK moet uitfaseer, sou noodgedwonge 'n traumatiese proses van herstrukturering en gepaardgaande vermindering van personeel tot gevolg hê. Geskoei op die rasionaal dat die HK slegs personeel in terme van sy oorblywende kernbesigheid (onderrig van oorblywende studente) kon behou, behalwe in die geval waar alternatiewe ontwikkelinge nuwe moontlikhede vir personeel sou kon bied, sou die HK uiteindelik skeidingspakkette aan 18 personeel uitreik wat die diens van die HK einde Februarie 2011 sou

verlaat. Tesame met enkele ander personeel wat intussen die diens van die Kollege verlaat het, het die Kollege se getal derhalwe in die periode 1 Februarie tot 31 Mei 2011 van 67 na 47 personeel verminder. Ten opsigte spesifiek van die Kollege se akademiese personeel het dit beteken dat die totale getal sedert einde Februarie 2011 van 24 na 13 verminder het. Dit is grootliks teweeggebring deur die totale uitfasering van die akademiese aanbod in Spelterapie wat oorbodig geword het vanweë die gebrek aan 'n nuwe inname van studente.

**2.2** Betreffende die situasie van personeel vorentoe is die hoop dat die suksesvolle uitkoms van beide die huidige strategiese prossesse (VOO en CPUT) sal meebring dat geen van die huidige personeel hulle poste sal verloor nie. In die verband het CPUT homself reeds in beginsel verbind om akademiese personeel en enkele bykomende ondersteuningspersoneel van die Kollege in diens te neem indien die programme in Maatskaplike Werk en Gemeenskapsontwikkeling suksesvol geakrediteer word. Aangesien die uitkoms hiervan egter nog onseker bly, word voorsien dat 'n tweede herstruktureringsproses wel in die tweede helfte van 2011 geïnisieer sal moet word. Die proses behoort egter uiteindelik oorbodig verklaar te word indien beide bg. strategiese prossesse realiseer.

## 3. ONDERRIG EN STUDENTE

**3.1** In vergeleke met die hoogtepunt van 629 geregistreerde voorgraadse en 187 nagraadse studente in 2009, asook die getal van 554 voorgraadse studente wat op die HK kampus kon registreer in 2010 ogv die oorblywende UNISA-geregistreerde studente en die ooreenkoms met Universiteit Stellenbosch wat op daardie stadium geldig was, het die verwikkelinge waaroor reeds gerapporteer is onvermydelik 'n dramatiese daling in studentegetalle vir HK in 2011 meegebring. Meer spesifiek in dié verband kan gerapporteer word dat:

**3.1.1** 201 voorgraadse studente in 2011 by die HK geregistreer het en in geheel die oorblywende groep in die UNISA-programme wat teen einde 2012 sal uitfaseer, uitmaak;

**3.1.2** die graadaanbod in Gemeenskapsontwikkeling einde 2011 termineer indien alle studente in die program daarin slaag om hulle studies suksesvol te voltooi;

**3.1.3** die enigste oorblywende studente by die HK in 2012 'n finale jaar groep (4de jaar) van 57 studente in Maatskaplike Werk sal wees;

**3.1.4** 10 meestersgraadstudente in Maatskaplike Werk en 9 meestersgraad studente in Spelterapie in 2011 nog geregistreer is by die HK, wat die algehele totaal van geregistreerde studente by die HK in 2011 op 220 te staan bring.

## 4. KONSEP VAN NUWE STRATEGIESE RIGTINGS

**4.1** Daar is reeds in hierdie verslag melding gemaak van die tweeledige strategiese inisiatief wat die Hugenote Kollege sedert einde 2010 onderneem het. Terwyl hierdie verslag uiteraard erkenning wil gee aan die volharding van personeel in die bereiking van die doelwitte en die enorme werk wat reeds ingesit is in die konseptualisering en voorbereiding van dokumentasie, kan die volgende gedetaileerde konsep van beide strategiese rigtings wat tydens 'n Algemene Jaarvergadering van die Kollege op 24 Mei 2011 goedgekeur is ter insae vermeld word.

**4.2** Ten einde die besluit in die praktyk te implementeer word besluit om:

**4.2.1** 'n akademiese aanbod met die oog op opleiding vir maatskaplike, opvoedkundige en verwante diensprofessies op vlakke 2 – 4 van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk te ontwikkel;

**4.2.2** die Kollege as Verdere Onderrig en Opleidingskollege (VOO Kollege) te registreer;

**4.2.3** die Kollege met 'n kursus in Kinder- en Jeugsorg by die HWSeta te akkrediteer;

**4.2.4** vennootskappe met reeds geakkrediteerde diensverskaffers aan te gaan ten einde so spoedig moontlik met die opleiding van studente in Maatskaplike Hulpwerk, Vroeë Kindontwikkeling en Gemeenskapsontwikkeling te begin;

**4.2.5** kursusse in Maatskaplike Hulpwerk, Vroeë Kindontwikkeling en Gemeenskapsontwikkeling in eie reg as 'n Hugenote Kollege aanbod te ontwikkel en by die HWSeta te akkrediteer;

**4.2.6** 'n aanbod in Kerklike en Missionêre Bediening te ontwikkel;

**4.2.7** die Kollege te posisioneer as kerkgerigte diensspilpunt vir die toerusting van lidmate in samewerking met ander kerklike vennote;

**4.2.8** kortkursusse op deurlopende basis met die oog op voortgesette opleiding van professionele persone (Voortgesette Professionele Ontwikkeling) te ontwikkel en aan te bied;

**4.2.9** sonder benadeling van Kollege-aktiwiteite samewerking met die Kaapse Skiereilandse Universtiteit vir Tegnologie (CPUT) te onderneem in onder meer:

**4.2.10** die ontwikkeling van 'n CPUT-aanbod in Maatskaplike Werk en Gemeenskapsontwikkeling op graadvlak;

**4.2.11** die benutting van Kollegekantore, lesinglokale, infrastruktuur, koshuise, ensovoorts op verhuringsbasis;

**4.2.12** die benutting van akademiese kundigheid van personeel en voorgenome indiensneming van huidige Kollegepersoneel ten einde die nuwe vakaanbod aan te bied.

**4.3** Dit is inderdaad net realisties om ten slotte te vermeld dat die nuwe VOO-inisiatief nie aanvanklik finansieël al die huidige personeel, en in besonder die huidige akademiese personeel, sal kan akkommodeer nie. Indien die proses met CPUT (met spesifieke verwysing na dié universiteit se aansoekproses by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding om Maatskaplike Werk en Gemeenskapsontwikkeling as vakaanbod in te stel om vanaf 2012 aan te bied) dus nie suksesvol is nie, staar die Kollege noodwendig die voltrekking van 'n tweede personeelherstrukturering (189 proses) in die gesig (soos reeds melding van gemaak hierbo).

**4.4** Nieteenstaande bogenoemde kwalifisering bestaan daar egter tans geen rede waarom daar nie met vertroue uitgesien kan word na die suksesvolle realisering van al die strategiese inisiatiewe wat in bogenoemde konsep vermeld word nie. Die visie van die huidige Kollegeleierskap is inderdaad een waarin ‘n sinergiese samesyn van die voorgenome aktiwiteite van beide strategiese rigtings – die aktiwiteite van die “nuwe” Hugenote Kollege met sy nuutgevonde Christelike identiteit en die hoër onderwysbaan in Maatskaplike Werk en Gemeenskapsontwikkeling van CPUT – sal lei tot ‘n nuutgevonde florerende, komplementerende en finansieël volhoubare kampus.

Prof Ignatius Swart
Waarnemende Rektor: Hugenote Kollege

# A.6 DIENSVERHOUDINGE

## 1. INLEIDING
Gedurende 2010 is die bestaande Algemene Taakspan vir Diensverhoudinge (ATDV) deur die Algemene Sinodale Moderamen (ASM) ontbind en dr Dewyk Ungerer, dr Johann Voges, en mnr Johan Kruger is aangewys om bepaalde sake mbt die diensverhoudinge van die Algemene Sinode te hanteer. Dr Ungerer is verkies as voorsitter en mnr Johan Kruger as skriba.

## 2. BESTUURSHANDLEIDING VIR DIENSVERHOUDINGE
### 2.1 OPDATERING VAN DIE BESTUURSHANDLEIDING VIR DIENSVERHOUDINGE
Die bestaande riglyn vir beleid insake diensverhoudinge van die NG Kerk nl die 'Bestuurshandleiding vir Diensverhoudinge', is gedurende 2010 onder redaksie van dr Dewyk Ungerer opgedateer en op die webblad van die Algemene Sinode geplaas.

### 2.2 TOESIG EN BEHEER OOR DIE BESTUURSHANDLEIDING VIR DIENSVERHOUDINGE
In die lig van die risiko wat veral die arbeidsregtelike komponent van die diensverhouding meebring, asook die beplanning mbt toekomstige bestuur van diensverhoudinge in die NG Kerk, is die toesig oor die Bestuurshandleiding vir Diensverhoudinge gedurende 2010 op versoek van die ATDV oorgedra aan die Algemene Taakspan Regte (ATR). Die ATR het dr Ungerer aangewys om die Bestuurshandleiding te hanteer namens die ATR.

### 2.3 AANBEVELINGS: DIENSVERHOUDINGE EN BESTUURSHANDLEIDING
**Die Algemene Sinode**
**2.3.1 besluit dat, in die lig van die voorgestelde Kantoor van die Algemene Bevoegdheidsraad, die werksaamhede van die ATDV in die toekoms 'n werksaamheid van hierdie kantoor sal word.**
**2.3.2 besluit dat die ATDV as Taakspan ontbind en sy werksaamhede word oorgeplaas na die werksaamhede van die Kantoor van die Algemene Bevoegdheidsraad.**
**2.3.3 gee opdrag aan die ATDV/Kantoor van die Algemene Bevoegdheidsraad om voortdurend die Bestuurshandleiding te hersien in die lig van veranderende wetgewing en sinodale besluite.**
**2.3.4 begroot vir die voortdurende hersiening van die Bestuurshandleiding vir Diensverhoudinge.**

## 3. DIENSOOREENKOMSTE EN VERGOEDING VAN BESTUURSPERSONEEL
### 3.1 DIENSOOREENKOMSTE
Diensooreenkomste en posbeskrywings vir die Algemene Sekretaris en die senior bestuurspersoneel in die kantoor van die Algemene Sinode is deur die ATDV met personeel onderhandel en deur die ASM goedgekeur. Die Diensooreenkomste van die Algemene Sekretaris en die senior bestuurspersoneel is onderteken en in die Algemene Sinode se kantoor ingedien vir bewaring.

### 3.2 VERGOEDING VAN PREDIKANTEPERSONEEL
**3.2.1** Die vergoeding van die administratiewe personeel van die kantoor van die Algemene Sekretaris word sedert die vorige Algemene Sinode reeds in terme van die Totale Koste van Indiensneming (TKVI) benadering, gebaseer op 'n Peromnes posvlak-struktuur, bestuur. Die predikante se vergoeding is egter steeds vooraf saamgestel as 'n basiese salaris met die byvoeging en jaarlikse verhoging van bepaalde toelaes.
**3.2.2** Die Taakspan het, in ooreenstemming met die posbeskrywings wat met die predikante onderhandel is, hulle poste ingesluit by die 2011/12 evaluering wat volgens die Peromnes posvlak-struktuur gedoen is. 'n Aanbeveling hieroor word aan die Moderamen voorgelê vir oorweging. Met die skryf van die verslag is die saak nog in proses van afhandeling.

## 4. VERLOFREGLEMENT
**4.1** Die volgende besluit is tydens die vorige Algemene Sinode geneem:
*"3.2 gee opdrag aan die ATR om, in oorleg met die ATDV die locus standi van Reglement 22 te heroorweeg in die lig van die behoefte van sommige kerkrade om aanpassings te onderhandel en daaroor vir afhandeling aan die ASM verslag te doen" (Handelinge Algemene Sinode 2007, bl 200 pt 7).*
**4.2** Met die hersiening van die Kerkorde deur die ATR het dr Dewyk Ungerer 'n voorgestelde hersiene Reglement 22 aan die ATR voorgelê. Die ATR het dit in behandeling geneem en sal daaroor verslag doen.
**4.3 AANBEVELING: VERLOFREGLEMENT**
**Die Algemeen Sinode neem kennis dat die ATR oor die locus standi van Reglement 22 verslag sal doen.**

L Ungerer (Voorsitter)
JB Kruger (Skriba)

# A.7 FONDSE

## 1. STRUKTURERING VAN DIE ALGEMENE SINODE SE WERKSAAMHEDE

**1.1** Die verslag van die Taakspan Strukturering wil die werksaamhede van die Algemene Sinode in lyn met die Roepingsverklaring en Artikel 43 bring. Die Taakspan Strukturering het versoek dat Artikel 43 fyner geformuleer word sodat slegs die wesenlike sake op die tafel van die Algemene Sinode kom. Die sinodes is ook gevra om te help bepaal wat die huidige prioriteite is. Die Algemene Sinode behoort slegs hierdie sake te hanteer.
**1.2** Die begroting van die Algemene Sinode is in oorleg met die Moderamen hiervolgens aangepas en bestuur.
**1.3** Na aanleiding van die besluit van die Moderamen van die Algemene Sinode is verder oor die werkswyse van die Algemene Taakspan Fondse besin.

## 2 BEGINSELS / BELEID VIR DIE PAD VORENTOE

**2.1** Die ATF het die volgende beginsels / beleid vir die pad vorentoe neergelê:
**2.1.1** Rentmeesterskap, die bestuur van alles wat die Here aan ons toevertrou volgens Bybelse beginsels, vra ook waarde vir geld. Dit wil sê: effektiwiteit en doeltreffendheid – alle projekte moet lewensvatbaar wees.
**2.1.2** Die Algemene Sinode is ’n beleidsinode en funksioneer kragtens Artikel 43. Alle uitgawes moet gemeet word aan Artikel 43.
**2.1.3** Die begroting van die Algemene Sinode word befonds deur bydraes van sinodes wat 0.3% van die gemeentes se totale lopende inkomste bedra én die kontantopbrengs van beleggings gegewe die beleid dat die beleggings sover moontlik beskerm word teen kapitaalverlies sodat daar kapitaalgroei is (in die wete dat kontant nodig is om die begroting te diens). Binne dié raamwerk moet inkomste en uitgawes klop.
**2.1.4** ’n Vergadering van die Algemene Sinode kan nie meer gehou word soos tans nie aangesien dit te duur is (sien Artikel 38.1 “Die Algemene Sinode bestaan uit ’n maksimum van 400 lede wat saamgestel word uit afgevaardigdes van die sinodes”). Die vergadering van die Algemene Sinode moet so klein en ekonomies as moontlik wees.
**2.1.5** Dienswerk is vrywillige werk. Die begroting van die Algemene Sinode kan nie meer die ongeveer R230 000 wat aan die “inkoop van dienste” van funksionarisse bestee word, bekostig nie. Die ATF voel baie sterk daaroor dat wie ookal verkies word vir ’n bepaalde leierskap- of dienswerkposisie die werk moet doen binne die riglyn dat leraars ongeveer 10% van hulle tyd aan werk in die kerkverband bestee.
**2.1.6** Die dagbestuur ondersteun volledig die verslag van die Taakspan Strukturering ten opsigte van ’n projekbestuursbenadering.
**2.1.7 AANBEVELING: INKOOP VAN DIENSTE**
**Die Algemene Sinode besluit om die inkoop van dienste tot uitgawes van funksionarisse te beperk. Leraars wat vir bepaalde dienswerk verkies word, moet dit binne die riglyn van 10% van hulle tyd aan die kerkverband uitvoer. Taakspanne van die Algemene Sinode moet so funksioneer dat hulle hulle personeel binne hierdie riglyn aanwend.**

## 3. FINANSIËLE BESTUURSBENADERING – FIDUSIÊRE VERANTWOORDELIKHEID

### 3.1 FINANSIËLE BESTUURSBENADERING

**3.1.1** Die finansiële bestuursbenadering is tydens die sitting van die Algemene Sinode 2007 goedgekeur. Dit is ’n omvattende dokument wat die hantering van die fondse van die Algemene Sinode bepaal.
**3.1.2** Die riglyne vir die hantering van beleggings moes gewysig word sowel as ’n aantal sake wat steeds ontbreek het. Hierdie wysigings is aan die Moderamen van die Algemene Sinode vir goedkeuring voorgelê. Die finansiële bestuursbenadering is ’n lewende dokument en lede van die Taakspan Fondse is verantwoordelik om te sorg dat ter sake wysigings aanbeveel word.

### 3.2 VERSLAGDOENING VAN MAATSKAPPYE

Volledige inligting oor die Maatskappyewet (Wet 71 van 2008) en King II en III is beskikbaar gestel. Dr AS Koorts het met die dagbestuur in gesprek getree oor moontlike implikasies vir die vir die Algemene Sinode.

## 4. PERSONEEL EN VERGADERINGS

**4.1** Die Reglement vir die Algemene Taakspan vir Fondse, pt 2 en 4 lui:
*2. Samestelling*
*2.1 Een lid (met sekundus) uit elkeen van die sinodes, verkieslik die voorsitter, ondervoorsitter of skriba van die betrokke sinode se ooreenstemmende kommissie;*
*2.2 Die saakgelastigdes van die sinodes, met sekundi;*
*2.3 Deskundiges beperk tot ’n maksimum van drie gekoöpteerde persone.*

*4. Konstituering en vergaderings*
*4.1 Die Taakspan konstitueer tydens die vergadering van die Algemene Sinode en vergader hoogstens drie maal tussen twee vergaderings van die Algemene Sinode;*
*4.2 By die konstituering word ’n dagbestuur saamgestel, bestaande uit die voorsitter, ondervoorsitter en skriba;*

*4.3 Die dagbestuur tree op as Kerkkantoorkommissie van die Algemene Sinode met regshandelingsbevoegdheid kragtens die Reglement vir die reëling van eiendomme, goedere en fondse;*
*4.4 Die Taakspan benoem subkommissies volgens behoefte.*

In lyn met die verslag van die Taakspan Strukturering sal die werkswyse van die Algemene Taakspan Fondse hersien moet word. Byvoorbeeld:
* Die dagbestuur, bestaande uit die voorsitter, ondervoorsitter, skriba en 'n paar kundiges vergader soos nodig.
* Die taakspan benoem subkommissies volgens behoefte.
* Alle notules en dokumentasie word aan alle lede van die Algemene Taakspan Fondse gestuur vir kommentaar.
* Een of twee keer per jaar word die saakgelastigdes van die sinodes telefonies op hoogte gebring – die lede van sinodes kan by dié telefoniese vergaderings betrek word.

**4.2** Die dagbestuur het kwartaalliks telefonies met die persone wat die finansiële administrasie hanteer, vergader. Die werk van die dagbestuur behels in hoofsaak vier funksies, naamlik hantering van spoedeisende sake, begrotingsbestuur, oudit en beleggingsbestuur.
**4.3** Die Taakspan Fondse kan subkommissies aanwys (sien Reglement 7, pt 4.4). Die volgende subkommissies is aangewys: begroting, oudit en bates en beleggings.
**4.4** Die drie fidusiêre amptenare van die Algemene Sinode is die Algemene Sekretaris, sowel as die voorsitter en skriba van die taakspan fondse.
**4.5** 'n Ooreenkoms is met dr JH Voges en Lynnwoodgemeente gesluit sodat dr Voges se diens vir een dag 'n week as kantoorbestuurder bekom kon word. 'n Kompensasie is aan die gemeente betaal. Hierdie ooreenkoms was vanaf 1 Januarie 2009 tot 31 Desember 2010.

## 5. BEFONDSING VAN BEGROTING - ELKE SINODE SE BYDRAE

### 5.1 BEGROTING

**5.1.1** Die begroting van die Algemene Sinode word befonds deur bydraes van sinodes wat 0.3% van die gemeentes se totale lopende inkomste bedra én die kontantopbrengs van beleggings gegewe die beleid dat die beleggings sover moontlik beskerm word teen kapitaalverlies sodat daar kapitaalgroei is (in die wete dat kontant nodig is om die begroting te diens). Binne dié raamwerk moet inkomste en uitgawes klop.

### 5.2 SINODES SE BYDRAES

**5.2.1** Die verskillende sinodes se bydraes het soos volg verander:

| **Sinode** | **Bydrae 2008/2009** | **Bydrae 2009/2010** | **Bydrae 2010/2011** | **Bydrae 2011/2012** |
|---|---|---|---|---|
| Wes- en Suid-Kaapland | R 881 634 | R 933 474 | R 957 016 | R 965 337 |
| Oos-Kaapland | R 184 384 | R 193 169 | R 186 987 | R 184 410 |
| Noord-Kaapland | R 147 775 | R 159 746 | R 186 346 | R 197 375 |
| KwaZulu-Natal | R 125 934 | R 136 586 | R 148 911 | R 157 318 |
| Vrystaat | R 382 755 | R 423 274 | R 488 156 | R 552 537 |
| Wes-Transvaal | R 339 099 | R 358 495 | R 398 181 | R 410 047 |
| Noordelike Sinode | R 378 662 | R 401 805 | R 434 675 | R 446 184 |
| Hoëveld Sinode | R 399 456 | R 426 350 | R 462 161 | R 469 427 |
| Oostelike Sinode | R 426 089 | R 487 946 | R 537 039 | R 551 271 |
| Namibië | R 95 505 | R 107 854 | R 115 212 | R 119 649 |
| **TOTAAL** | **R 3 361 293** | **R 3 628 700** | **R 3 914 684** | **R 4 053 555** |

## 6. BELEGGINGS

**6.1** Al die beleggings van die Algemene Sinode en die verskillende kommissies is in die naam van die Algemene Sinode gekonsolideer.
**6.2** Die beleggings word bestuur ten einde jaarliks lopende inkomste vir die begroting te voorsien sowel as om die beleggings te laat groei.
**6.3** Die stand van die beleggings was op 28 Februarie 2011 as volg:

| | |
|---|---|
| Plaaslike Aandeleportefeulje | R 13 271 825 |
| Effektetrusts | R 11 823 516 |
| Gestruktureerde Produkte | R 16 707 893 |
| Gewaarborgde Produkte | R 7 096 248 |
| Kontant & Ekwivalente | R 1 219 203 |
| **Totaal** | **R 50 118 685** |

## 7. BEDRAE BESKIKBAAR VIR DIE WERK VAN DIE ALGEMENE SINODE

**7.1** Die totale beskikbare bedrag die afgelope jare was as volg:

| | 2008/2009 Werklik | 2009/2010 Werklik | 2010/2011 Werklik | 2011/2012 Begroot |
|---|---|---|---|---|
| Bydrae sinodes | R 3 361 293 | R 3 628 700 | R 3 914 684 | R 4 053 555 |
| Opbrengs: Reserwes | R 3 365 980 | R 2 977 641 | R 2 764 941 | R 2 096 471 |
| Ander | R 193 000 | R 351 968 | R 530 797 | R 336 632 |
| **Totaal** | **R 6 920 273** | **R 6 958 310** | **R 7 210 422** | **R 6 486 657** |

**7.2** Die wyse waarop die fondse van die Algemene Sinode se inkomste-gebaseerde begroting bestuur word, laat geen ruimte vir tekorte nie. Die Taakspan Fondse het hulle verbind om hulle begrotings so te bestuur dat daar geen tekort ontstaan nie.

## 8. FINANSIËLE STATE

**8.1** Die finansiële state van die Algemene Sinode word jaarliks met die ouditeur bespreek, deur die Taakspan Fondse bekragtig en deur die Moderamen goedgekeur.
**8.2** Die state is by die kantoor van die Algemene Sekretaris ter insae beskikbaar.

## 9. SITUASIES VAN DIE VERSKILLENDE GEMEENTES IN DIE VERSKILLENDE SINODES

### 9.1 FINANSIËLE OMSTANDIGHEDE VAN DIE SINODES

**9.1.1** Jaarliks word die finansiële omstandighede van die sinodes, na aanleiding van die gemeentes se finansiële state, in oënskou geneem. Hieruit kan verskillende tendense binne die NG Kerk afgelei word.

### 9.2 SAMEVATTENDE VERGELYKING TUSSEN 2008/2009 EN 2009/2010

**9.2.1** Die belydende lidmate het verminder van 844 646 tot 838 610. Dit is ’n afname van 6 036 of -0,71%. (Die vorige drie jare was -1,34%, -1,81% en -1,85%.)
**9.2.2** Die totale lopende inkomste van al die sinodes het gestyg van R1 320 781 696 tot R1 351 184 709, dit wil sê met 2,30%. (Die vorige drie jare was +7,88%, +8,51% en +11,10%.)
**9.2.3** Die gemeentes het verminder van 1 135 tot 1 133 en van dié gemeentes het 449 met ’n tekort afgesluit. Dit is 124 meer as die vorige jaar (325).
**9.2.4** Die aantal predikante het verminder van 1 646 tot 1 588. Dit is 58 minder teenoor die vorige jaar se vermindering van 12.

### 9.3 SAMEVATTENDE TENDENSE

**9.3.1** Die invloed van die resessie is merkbaar in die gemeentes.
**9.3.2** Die aantal lidmate word toenemend minder. Klem word toenemend op die bediening in die plaaslike gemeentes gelê. Mense begin anders oor ’n gemeente dink en hoe ’n lidmaat gedefinieer word.
**9.3.3** Die finansies is ’n simptoom daarvan dat die bediening van die NG Kerk onder druk is. Daar moet dus primêr aan die bediening aandag gegee word.
**9.3.4** Die (soms) negatiewe beriggewing in die openbare media oor die Kerk as instituut het ’n effek op die lidmate.
**9.3.5** Bestuur en leierskap moet beter aandag kry. Die wyse waarop die predikante hiervoor aangewend word, moet nuut bedink word.

## 10. ADVIES IN VERBAND MET DIE VERGOEDINGSPAKKET VAN LERAARS

**10.1** Jaarliks word die vergoedingspakket van leraars in diens van die Algemene Sinodale verband bepaal. Hierdie syfers word as aanbevelings aan die verskillende sinodes deurgegee. Elk handel daarmee volgens hulle eie besluite.
**10.2** Die aanbevelings word gemaak nadat ekonomiese tendense, neigings in die arbeidsmark, gemeentelike inkomste en bekostigbaarheid in ag geneem is.

## 11. KOSTE VAN ’N VERGADERING VAN DIE ALGEMENE SINODE

**11.1** Die koste van ’n vergadering van die Algemene Sinode is baie duur. Moontlikhede vir die verlaging van die koste is bespreek, maar binne die huidige samestelling van die Algemene Sinode is verdere kostebesparing of inkorting van die sinodale vergaderings se tyd nie moontlik nie.
**11.2** ’n Vergadering van die Algemene Sinode kan nie meer soos tans gehou word nie (sien Artikel 38.1 “Die Algemene Sinode bestaan uit ’n maksimum van 400 lede wat saamgestel word uit afgevaardigdes van die sinodes”). Die vergadering van die Algemene Sinode moet so klein en ekonomies as moontlik wees.
**11.3 AANBEVELING: VERGADERING VAN DIE ALGEMENE SINODE**
**Die Algemene Sinode besluit om die aanbeveling van die Taakspan Strukturering ten opsigte van die verkleining en frekwensie van vergadering van die Algemene Sinode goed te keur.**

## 12. KANTOOR VAN ALGEMENE SINODE – NOODSAAKLIKE INSTANDHOUDINGSWERK
Die eiendom in Hatfield is opgradeer en ’n doelmatige argief is ingerig.

## 13. LEDE VAN DIE TAAKSPAN FONDSE
**13.1** Algemene Sekretaris: dr JJ Gerber (ampshalwe)
**13.2** Sinodale Verteenwoordigers
Wes-en Suid-Kaapland: ds CT Visagie
Oos-Kaapland: ds CH van Heerden
Noord-Kaapland: ds C Steenkamp
NG Kerk in KZN: mnr CHJ van Dam
Oranje-Vrystaat: ds LM Foot
Wes-Transvaal: ds JPA Brink
Noordelike Sinode: dr MN van der Merwe
Hoëveld Sinode: ds DS Oosthuizen
Oostelike Sinode: ds FJ Retief
Namibië: ds MJN van der Merwe
**13.3** Saakgelastigdes / Ampsdraers
Wes-en Suid-Kaapland: ds FJ Cillié (Saakgelastigde)
Oos-Kaapland: dr JWJ Viljoen (Direkteur Administrasie)
Noord-Kaapland: ds JPL Mostert (Predikant in Sinodale Diens)
NG Kerk in KZN: ds BJ van Dyk (PSD Gemeentebediening en Ondersteuningdienste)
Oranje-Vrystaat: mnr JA Esterhuizen (Direkteur Administrasie en Finansies)
Wes-Transvaal: ds NWJ van Rensburg (Predikant sinodale bedieninge (Hoof Uitvoerende Beampte)
Noordelike Sinode: mnr JB Kruger (Saakgelastigde)
Hoëveld Sinode: dr AS Koorts (Algemene Kantoorbestuurder)
Oostelike Sinode: ds HJ van der Schyff (Uitvoerende Amptenaar)
Namibië: ds C Marais (Algemene Sekretaris)
**13.4** Dagbestuur: di CT Visagie (voorsitter), FJ Cillié (ondervoorsitter), DS Oosthuizen (Beleggingskommissie), JPL Mostert (skriba) en dr JJ Gerber (Algemene Sekretaris)
**13.5** Personeel: mnr G Potgieter

CT Visagie (voorsitter)
JPL Mostert (skriba)

# A.8 GEMEENTE-ONTWIKKELING

## 1. INLEIDING

Plaaslike gemeentes is die instrumente waarmee God se liefde na die wêreld gedra word. In ’n verslag voor die Algemene Sinode van 2002 (Gemeentebediening: Verslag aan AS 2002 Agenda bl 115 – 120) is gestel: “In 'n tyd waarin mense soms twyfel oor die verskil wat gemeentes kan maak as draers van die evangelie, wil ons ons oortuigings dat gemeentes die basis van die kerk is, bevestig. Gemeentes is nie net die ruimte waarin ons persoonlike geloof gevoed en versterk word nie, dit is ook die grondslag waarop alle aktiwiteite van die breër kerk en ekumene steun.”

“Vanuit die Nuwe Testamentiese perspektief is alle gelowiges voltydse verteenwoordigers van Christus op elke plek waar hulle hulself bevind. Kerkwees gebeur daarom binne elke lewenssfeer. Formele kerklike byeenkomste is inoefen-geleenthede om God gesamentlik te eer en om toegerus te word om Christus se voltydse getuies te wees.” Op praktiese vlak word die liefde sigbaar in konkrete aktiwiteite van omgee, gasvryheid, materiële hulp, gebed, vergifnis en die wedersydse versorging van mekaar en ander” (Verslag van ADGO, Algemene Sinode 2007 bl 44-56).

Gestuurde gemeentes fokus op die vorming van dissipels. “Dissipels is mense wat Christus volg, wat van Hom leer om nuwe mense te wees en wat, soos Christus, die wêreld nuut maak deur nuwe verhoudings” (Verslag ADGO, Missionale ekklesiologie, Algemene Sinode 2011).

ADGO fokus daarop om gemeentes en lidmate so te ondersteun dat gemeentelike aktiwiteite en geestelike groeigeleenthede tot die vorming en “inoefening” van dissipels sal lei. Lidmate is die kerk se grootste hulpbron wat toegerus moet word om God se roeping in die wêreld uit te leef. Die Diensgroep vir Gemeente-Ontwikkeling het ‘n wye verskeidenheid gemeentebedieningsake hanteer en ook gesorg dat gereedskap ontwikkel word om lidmate toe te rus om werklik dissipels te wees wat met God se missie (missio Dei) besig is. Dit is die verantwoordelikheid van die kerk om toe te sien dat daar voldoende hulpmiddels en toerustingsmateriaal is sodat gemeentes “God se instrumente” kan wees om die wêreld te bereik.

Die *Handleiding vir die Erediens*, asook preekhulpe en liedere, dra tot die verryking van aanbiddingsgeleenthede en verdieping van geloof by. *Kategesemateriaal* begelei ons kinders op hulle geloofsreis, en *JONK* fokus op jeugwerkers en bedieningshulp vir die jeug. *Rimpels* fokus daarop dat lidmate so bemagtig word dat elkeen sy/haar gawes tot voordeel van die liggaam van Christus sal aanwend en as “gestuurdes” na die wêreld uitreik. *Predikantebegeleiding* en *ATTO* fokus op die voorsiening van goedtoegeruste predikante vir gemeentes asook hulle voortgesette bedieningsontwikkeling en begeleiding. *Vrouelessenaar* fokus op geestelike groeigeleenthede vir vroue en die ondersteuning van predikante- en emeriti-gesinne. *NEK* help met uitdagings ten opsigte van nuwe gemeente-ontwikkeling of bedieningsontwikkeling. Hierdie sake vorm alles deel van die kerk se gemeenskaplike identiteit en toerusting sodat die kerk haar roeping kan uitleef.

ADGO het vier jaarvergaderings gehou waar gemeentebediening en -aktiwiteite, sowel as uitdagings en oplossings in ‘n vinnig-veranderende wêreld, bespreek is.

Die dagbestuur het (saam met ander rolspelers) ook ’n rol gespeel in die proses van die strukturering van die Algemene Sinode.

Die ADGO het na die Algemene Sinode van 2007 volgens die nuwe reglement van ADGO met ’n dagbestuur, tien sinodale verteenwoordigers, ses fokusareas en vier steungroepe gefunksioneer. Alle sake wat betrekking op gemeentes en gemeente-ontwikkeling het, is hier gegroepeer.

Hier volg ‘n kort opsomming van ADGO se werksaamhede:

## 2. EREDIENS (LITURGIE)

Die Taakspan vir Liturgie het die afgelope vier jaar aan die finalisering van die *Handleiding vir die Erediens* gewerk. Nadat die proefbundel, *Vir die Erediens – ‘n handleiding*, tydens die sitting van die Algemene Sinode in 2007 bekendgestel is, het ‘n evalueringsproses plaasgevind. Die resultate van dié proses, tesame met heelwat nuwe materiaal, is in die finale produk bygewerk. Die eindproduk is bedoel vir leraars, ander persone wat by die beplanning en inrigting van eredienste betrokke is, sowel as teologiese studente. Die *Handleiding vir die Erediens* is deel van ‘n voortgaande proses en sal hopelik verdere nadenke oor die erediens stimuleer. Die riglyne en voorbeelde wat daarin verskyn, vra om op ‘n kreatiewe manier verder ontgin te word.

## 3. PREDIKING

Die werkgroep het dit sy taak gemaak om predikante te help om beter predikers te wees. Die werksaamhede het uitgeloop op die publisering van ’n preekboek in 2010 getitel: “*Teen my sin en beterwete.”* Hierdie boek is geskryf

*deur* 18 predikers *vir* predikers. Elke prediker moes vier vrae beantwoord: *Wat* is prediking? *Hoekom* moet daar nog gepreek word? *Hoe* kom ek by my preekpraktyk en *wat* moet in die konteks vandag gepreek word? Die bedoeling is dat predikante en studente die boek kan gebruik om hul eie preekpraktyk kan verbeter. Werkswinkels sal nou die publikasie van die boek opvolg.

Die werkgroep het jaarliks vergader om die verskillende preekhulpaktiwiteite te monitor en te stimuleer. Die werkgroep het bestaan uit die volgende lede: Proff Hennie Pieterse, Johan Cilliers en Kobus Schoeman, drr Coenie Burger, Ian Nell, Deon Bester (sameroeper).

## 4. PREDIKANTEBEGELEIDING (Bylaag 1)

Die Algemene Sinode se Taakspan vir Predikantebegeleiding is ŉ netwerk wat al tien die sinodes laat saamwerk om predikante se bedieningsvreugde te vermeerder. Deurentyd, maar veral op ŉ jaarlikse werkswinkel waar al die sinodes verteenwoordig is, word die A tot Z-Beleid aangaande predikante van die NG Kerk, voortgesette bedieningsontwikkeling, mentorverhoudings, diensverhoudinge, brugpredikante, inskakeling van nuwe dominees in gemeentes, kleiner-wordende gemeentes en minder fondse, asook meer beroepe en skuiwe vir dominees deeglik hanteer. Nuwe sake wat tans aandag kry, is die effek van ongeveer vyftig persent van predikante wat binne 10 tot 15 jaar aftree-ouderdom bereik, asook die stagnering van dominees wat baie jare in dieselfde gemeente is. Die versorging van emeriti, wat onder groot finansiële druk is, sal ook dringend in die toekoms aangespreek word.

## 5. ALGEMENE TAAKSPAN TEOLOGIESE OPLEIDING (ATTO) (Bylaag 2)

Hoe daar ook al oor die rol van die predikant as pastorale leier geoordeel word, sal daar altyd behoefte wees aan goed opgeleide predikante. Die werk waarmee ATTO dus gemoeid is, het inderdaad te doen met die hartklop van die kerk. Die teologiese opleiding wat gebied word by die teologiese fakulteite van Stellenbosch, Pretoria en Bloemfontein is van kardinale belang. Hier word gewerk met hoe die kerk van die toekoms daar gaan uitsien. By al die fakulteite het ingrypende veranderinge die afgelope dekade ingetree: van eksklusiewe NG Kerkopleiding tot veelkerklike (ekumeniese) fakulteite. Dit is daarom te begryp dat op hierdie gebied al meer en groter opofferinge van die kerk gevra sal word. In hierdie verband is ook die rol van lewenslange leer (voortgesette bedieningsontwikkeling) ononderhandelbaar.

## 6. LIDMAATBEMAGTIGING (Bylaag 3)

Die Taakspan vir Lidmaatbemagtiging beywer haar veral daartoe om predikante, gemeentes en lidmate te ondersteun sodat lidmate verder op hulle geloofsreis gevorm, geïnspireer en bemagtig kan word. Elke gedoopte is ‘n geroepene of gestuurde dissipel na die wêreld. Elkeen ontvang gawes van God om as deel van die liggaam die Goeie Nuus uit te dra. Met die oog daarop wil die NG Kerk haar lidmate graag help en toerus om hulle rol en plek in die liggaam van Christus te verstaan en hulle gawes te ontdek, en hulle veral aanspoor om elke dag met vreugde en toewyding dissipels van Jesus in hulle omgewing te wees. Op die *Rimpels*-webtuiste is daar baie waardevolle bedieningsmateriaal beskikbaar. Bybelmedia produseer en voorsien die Rimpels-DVD’s wat baie doeltreffend aangewend kan word om lidmate se roepingsbesef aan te wakker. Elke Geesvervulde lidmaat is immers ‘n bedieningsvennoot in God se Koninkryk!

## 7. VROUELESSENAAR (Bylaag 4)

Die Vrouelessenaar skakel ekumenies met vroue uit die NG Kerkfamilie asook uit ander kerke en organisasies in Suid-Afrika en op internasionale vlak. Die lessenaar besin oor nuwe uitdagings, behoeftes en tendense in vrouebediening. Dit word gedoen om gemeentes te help om vroue te bemagtig om hulle roeping prakties uit te leef en hulle gawes tot opbou van die Liggaam te gebruik. Wanneer nodig, word nuwe eietydse materiaal vir toerusting in samewerking met vennote ontwikkel wat vrouepotensiaal en -leierskap bevorder. Die lessenaar is aktief betrokke by die Wêreldbiddag vir Vroue en dien op die Nasionale Komitee wat die internasionale program verwerk en gebedsgeleenthede aanmoedig. Die riglyne vir vrouebediening en wenke is op die webblad van die NG Kerk (www.ngkerk.org.za ).

## 8. NUWE GEMEENTE-ONTWIKKELING (NEK) (Bylaag 5)

Nuwe Gemeente-Ontwikkeling (NGO) bring in uitdagende en moeilike situasies nuwe, vars moontlikhede van kerkwees na die tafel. Byna spontaan het daar in die laaste klompie jare ‘n verskeidenheid van bedieninge en nuwe gemeentes ontwikkel in uiteenlopende situasies – van uitbreidende stadsgebiede, die realiteite van multi- en interkulturele middestede, kwynende landelike gebiede tot verskillende randgroepe wat net nie meer deur hoofstroom bedieninge bereik word nie.

NEK (*Nuwe Gemeente-Ontwikkeling, Evangelisasie & Kerklos lidmate)* is daarom al sedert 2006 besig om ‘n omvattende strategie vir NGO in die NG Kerk te ontwikkel. Dit bestaan onder andere uit strategiese rigtingwysers vir die ‘HOE’, tot verskeie getoetste modelle vir die ‘WAT’. Nuwe Gemeente-Ontwikkeling (NGO), gedryf en gemotiveer deur ‘n koninkryksperspektief en ‘n missionale hart, is ‘n saak van dringende noodsaaklikheid vir die NG Kerk.

## 9. FLAM (Bylaag 6)

*Flam* versamel en keur nuwe Afrikaanse kontemporêre aanbiddingsliedere vir groepsang, noteer dit in bladmusiekvorm en publiseer dit op 'n webblad, www.flam.co.za, om dit sodoende toeganklik, relatief vinnig en maklik bekombaar te maak vir gebruik deur die Kerk oor die wêreld. Daarbenewens help die Taakspan met die toerusting van begeleidingsgroepe in die kerk asook ondersteuning aan liedskrywers deur werkswinkels met dié doel te organiseer. In 2010 het die Taakspan 'n uitgewer in die BM-stal gevorm. 'n CD *F-luister* met 'n meegaande begeleiersboek het reeds die lig gesien en 'n suster-webtuiste, www.fluister.co.za verkoop die mp3's via die internet.

## 10. VONKK (VOORTGESETTE ONTWIKKELING IN NUWE KLASSIEKE KERKMUSIEK) (Bylaag 7)

VONKK fokus op die ontwikkeling van nuwe, eietydse kerkliedere in 'n klassieke styl. In die drie jaar wat VONKK bestaan, is daar reeds 155 nuwe liedere en response deur VONKK gekeur en tot beskikking van gemeentes gestel. Daar word veral gefokus op die skep van Afrikaanse meditatiewe liedere en kortvorm psalms wat maklik singbaar is. Ander bekende ekumeniese liedere en ook Halleluja- en multikulturele liedere is van nuwe Afrikaanse tekste voorsien. Die Power Point-materiaal en bladmusiek met orrel-, klavier- en instrumentale begeleiding en kantoryverwerkings, asook kort oudio-snitte, word op die VONKK webwerf (www.vonkk.co.za) saam met heelwat ander bruikbare hulpmiddels aan gemeentes beskikbaar gestel. In April 2011 is die eerste VONKK DVD en CD vrygestel. Bykans 400 gemeentes is reeds gebruikers van die VONKK-liedere.

## 11. JONK (Bylaag 8)

In Augustus 2009 is ds Ben Marais deur JONK, KGA Wes-Kaap en die Ring van Kaapstad gekontrakteer om NG gemeentes landwyd voor te berei om die 2010 Fifa Wêreldsokkerbekertoernooi maksimaal te benut. Die uitkomste was dat gemeentes die energie in die aanloop tot die geleentheid sou gebruik om lidmate voor te berei en toerusting te gee om na die duisende toeriste uit te reik wat die toernooi kom bywoon het. Ongeveer 40% van die fokus was hierop gemik, veral op die 9 gasheerstede waar die wedstryde plaasgevind het. Die ander 60% fokus was om die geleentheid te benut om deur sokker-gedrewe inisiatiewe na eie lidmate en ander persone in die gemeenskap uit te reik. Nagenoeg 140 gemeentes landwyd was aktief betrokke met nagenoeg 300 in totaal wat aan een of ander aksie of projek deelgeneem het. Daar was landwyd ongelooflike kragtige getuienisse van samewerking tussen rasse en kerke met duisende lewens wat aangeraak is. BM het 'n DVD wat deur ds Ben Marais saamgestel is met inligting en toerustingsmateriaal daarop landwyd na 1200 gemeentes versprei.

## 12. KATEGESEBEDIENING (Bylaag 9)

Die Taakspan vir Kategese is verantwoordelik om gemeentes, in hulle omvattende bediening, te ondersteun om effektiewe kategese *(onderrig in die Woord en leer van die Kerk)* aan hulle kinders en jongmense binne hulle eie konteks aan te bied. Hierdie verantwoordelikheid word uitgevoer deur die daarstel van eietydse materiaal, ander hulpmiddels, kundigheid, navorsing en die gee van voorligting. 'n Kategesefasiliteerder (deelpos) is in 2007 aangestel om die taakspan behulpsaam te wees om hierdie verantwoordelikhede uit te voer. Sy fokus is veral voorligting aan leiers en kategete. Daar word ook hande gevat met baie vennote in die uitvoering van hierdie verantwoordelikheid.

LP3 (Lyne, Panele, Portrette en Prente) is vir die juniors (Gr 1-6) ontwikkel wat die heilshistoriese openbaring van God deur middel van Bybelverhale visueel op 12 panele uitbeeld. Kinders se Bybelkennis en insig in die geheelprentjie van die Bybel is hier die fokus. Daar word tans ook gewerk aan nuwe stof vir hierdie ouderdomsfase. Vir die seniors (Gr 7-10) is 'n hele nuwe generasie produkte (*GPS vir die lewe, Jpeg – prente van God, Faceboek – vriende van God* en *Die weg – die reis saam met God*) ontwikkel. Hierdie produkte wil jongmense op hulle geloofsreis begelei om in 'n ontmoeting met God te kom en as dissipels vir Hom te lewe. Daar word tans ook gewerk aan 'n hele nuwe kurrikulum vir hierdie groep.

'n Belangrike nuwe fokusarea by die taakspan is die gesin wat vandag anders lyk en deeglik mee rekening gehou moet word. Die kategese is nie die enigste plek waar geloofsvorming kan of behoort plaas te vind nie. Ouers behoort in hulle geloofsontwikkelingstaak ondersteun te word. Daar is ook toenemend 'n wêreldwye tendens wat rondom gesinsbediening sigbaar raak en wat in die literatuur as "faith@home" bekend staan. Die Taakspan gee indringend hieraan aandag en is tans besig om materiaal te ontwikkel waarmee gemeentes ouers kan ondersteun en bemagtig as die primêre begeleiers van hulle kinders.

## 13. MISSIONALE EKKLESIOLOGIE (Bylaag 10)

*Die Algemene Sinode wys 'n ad hoc- taakspan aan bestaande uit verteenwoordigers van die al die diensgroepe om 'n geïntegreerde, praktiese gemeentelike ekklesiologie daar te stel. (Handelinge 2007:92)*

Die basis van die verslag oor missionale ekklesiologie is besluite van die NG Kerk (soos oor Gereformeerde Identiteit) wat oor die afgelope aantal jare vorm en inhoud begin gee het aan die verstaan van gemeentes en kerkwees. In hierdie verslag word die kerk en die kerk se sending vanuit die wese van God self verstaan. Die konsep van die *missio Dei* verduidelik dit goed – die oortuiging dat die Drie-enige God op wie die bestaan van die kerk gerig is, ’n sturende God is. Dié sending van God mond uit in die sending van die kerk. Die kerk is die vrug van God se sending en bestaan om deel te neem en diensbaar te wees aan die voortgang van daardie sending. Die omstandighede waarin die kerk haar bevind, verg verbeeldingsryke nuwe uitdrukkings van kerkwees. Hierdie verslag kan help om vorm en inhoud daaraan te gee.

## 14. DOOPVIERING (Bylaag 11)

Die Algemene Sinode het in 2007 die opdrag oor doop en doopviering herhaal aangesien dit telkens weer na vore kom. Lidmate wat ‘n behoefte aan doopviering het, is waarskynlik persone wat op hulle geloofsreis ‘n spesiale belewenis van toewyding of verbintenis ervaar het en hulle geloof op ‘n tasbare wyse wil herbevestig. Die behoefte aan ‘n doopviering is waarskynlik ook as gevolg van ander redes soos onder andere vandag se soeke na sekerhede in ‘n komplekse wêreld, postmodernisme of die soeke na ‘n geestelike ervaring. Die Taakspan het met verskeie rolspelers oop, inklusiewe gesprekke gevoer en verskeie riglyne voorgestel vir die viering van ‘n doop of doopherdenking.

## 15. KLEIN GEMEENTES (Bylaag 12)

Die Algemene Sinode het in 2007 besluit om ondersoek na prosesse en bediening in klein gemeentes te doen. Kleiner gemeentes vorm meer as 25% van gemeentes in die NG Kerk, is in verskeie opsigte uniek en kom voor besondere uitdagings te staan. ’n Navorsingskonferensie bestaande uit verteenwoordiging uit elke sinodale gebied is gehou. By hierdie geleentheid is insigte, bronne en sinodale inisiatiewe gedeel. Op grond hiervan is die navorsingsverslag vir die Algemene Sinode opgestel. Die groep is opgewonde oor die toekoms van klein gemeentes. Die kerkverband kan hierdie gemeentes help deur ’n kerklike klimaat en struktuur te skep waarin hulle kan floreer.

## 16. VOORTSETTING VAN WERKSAAMHEDE

Die strukturering van die werksaamhede van die Algemene Sinode beteken onder andere dat huidige werksaamhede nie outomaties gekontinueer word nie. Die Sinode-in-sitting en die Moderamen daarna sal die prioriteite vir werksaamhede bepaal en dan hierdie prioriteite in projekte en programme verpak. Hierdie proses word in die verslag van die Taakspan vir Strukturering uiteengesit. Die werk waarmee die ADGO tot en met die Algemene Sinode van 2011 besig was, sal aan hierdie nuwe proses onderwerp word wat beteken dat ’n bepaalde werksaamheid met motivering vir voortsetting op die tafel gesit moet word.

Gedurende die afgelope vier jaar is ’n diversiteit van sake binne die raamwerk van gemeente-ontwikkeling deur die ADGO-Dagbestuur en fokusareas van ADGO hanteer. Dit beklemtoon die belangrikheid van ’n koördineringsfunksie op Algemene Sinodale vlak vir bedieningsake. Die ADGO-Dagbestuur het ook ’n belangrike funksie vervul binne die hele struktureringsproses. Alle verslae van ADGO vir die Algemene Sinode word aangebied met die nuwe werkswyse in gedagte.

André Barlow (Voorsitter)
Rinel Hugo (Skriba)

## ADGO BYLAAG 1

# PREDIKANTEBEGELEIDING

## 1. INLEIDING

### 1. 1 OPDRAG EN WERKSWYSE

Die Algemene Sinode se Taakspan vir Predikantebegeleiding (ATPB) netwerk die spektrum van werksaamhede in verband met Predikantebegeleiding uit al tien sinodes. Deurentyd, maar veral op 'n jaarlikse werkswinkel waar al die sinodes verteenwoordig is, word saam beplan, saamgewerk, en veral saam gedoen om predikante se bedieningsvreugde te vermeerder. Sake wat tans hanteer word, is onder andere die volgende: die A tot Z-Beleid aangaande predikante van die NG Kerk, Voortgesette Bedieningsontwikkeling (VBO), mentorskap, diensverhoudinge, brugpredikante, inskakeling van nuwe dominees in gemeentes (induksie), kleiner-wordende gemeentes en krimpende fondse, asook hoe om groter mobiliteit van dominees te verseker. Nuwe sake wat identifiseer is en meer aandag sal kry, is die effek van ongeveer vyftig persent predikante wat binne 10 tot 15 jaar aftree-ouderdom bereik, die stagnering van dominees wat baie jare in dieselfde gemeente is, die versorging van emeriti wat onder groot finansiële druk is, en insette om die opleiding van predikante meer vaartbelyn te maak.

### 1.2 SAKE VOORUITSPRUITEND UIT DIE ALGEMENE SINODE 2007

#### 1.2.1 A tot Z-Beleid aangaande predikante van die NG Kerk

Hierdie saak is via die A tot Z-Taakgroep, en in samewerking met hulle, aan die Taakspan Predikantebegeleiding gegee vir uitvoering. Dr Theo Swart (voorsitter van die Taakgroep Predikantebegeleiding) en ds Peet Neethling (Bybel-Media) het namens die twee taakgroepe 'n interaktiewe CD vir die bekendstelling van die **A tot Z-Beleid** saamgestel wat aan alle gemeentes en predikante uitgestuur is. Op 10 Junie 2008 het die Taakspan Predikantebegeleiding, tydens hulle jaarvergadering en waar al die sinodes verteenwoordig was, amptelik die CD aan professor Malan Nel, voorsitter van die A tot Z-Taakgroep, oorhandig en is die uitrol van die A tot Z-Beleid volgens die riglyne soos ooreengekom, oorgeneem deur die Taakspan vir Predikantebegeleiding (kyk ook VERSLAG OOR DIE UITROL VAN DIE  A TOT Z-BELEID EN VOORTGESETTE BEDIENINGSONTWIKKELING).

#### 1.2.2 Voortgesette Bedieningsontwikkeling (VBO)

Die jaarlikse werkswinkel van die Algemene Sinode se Taakgroep vir Predikantebegeleiding het die rolspelers by VBO uitgenooi om saam as uitgebreide Taakgroep vir VBO te vergader. Hierdie vergadering van 'n Algemene Taakgroep vir VBO het nou reeds in 2009 en 2010 plaasgevind en so onlangs soos 23 en 24 Maart 2011. Langs hierdie weg het die die Taakgroep vir Predikantebegeleiding inspraak gekry vir predikante van die NG Kerk, via hulle verteenwoordigers, oor wat vir VBO ontwikkel en aangebied word. Die ATPB het ook verteenwoordiging op die VBO-Forum saam met die diensverskaffers en ander direkte betrokkenes.

#### 1.2.3 Sabbatststyd

Die Algemene Sinode 2007 het die volgende besluit goedgekeur (Handelinge bl 228): *Die Algemene Sinode dra dit aan AKPB /ATR op om die konsep van 'n Sabbatsjaar vir predikante as sinvolle aanwending van langverlof te ondersoek en indien werkbaar na goeddunke te implementeer (F Schoeman/ A Cilliers).* Die ATR het die saak hanteer en op sy vergadering van 8 Julie 2010 die volgende besluit geneem: *Die vergadering wag die voorstel van ATPB af voordat Kerkordewysiginge aanbeveel sal word.*

Die Algemene Taakspan Predikantebegeleiding het hierdie saak hanteer. Die verslag is aangeheg as **BYLAAG 1.1**.

## 2. SAKE WAARAAN AANDAG GEGEE IS

### 2.1 BEDIENINGVREUGDE-MODEL

**2.1.1** Die Bedieningsvreugde-model vir predikantebegeleiding is by die Algemene Sinode van 2004 goedgekeur as "uitgangspunt, denkraamwerk en teoretiese raamwerk vir toekomstige bediening aan predikante". Die ADGO Taakspan Predikantebegeleiding het dit as opdrag ontvang om toe te sien dat hierdie model nie net op papier bly staan nie, maar werklik holisties deur  al die sinodale gebiede (op eiesoortige manier in elke unieke konteks) in werking sou tree.

**2.1.2** Tydens die Algemene Sinode van 2007 is die verdere uitbou en implementering van die model aan die ATPB opgedra. Dr Theo Swart, voorsitter van die ATPB, het die bedieningsvreugde model gesinchroniseer met die A tot Z-Beleid sodat daar nou 'n omvattende model is wat alle aspekte, ook die Voortgesette Bedieningsontwikkeling (VBO) van predikante, insluit. Die omvattende model is aangeheg as **BYLAAG 1.2.** Hierdie finale model, wat ook nou by verskeie ander kerke as uitgangspunt gebruik word, is goedgekeur deur die sinodale verteenwoordigers vir predikantebegeleiding, en opgeneem in die inligtingstuk by die interaktiewe CD vir die A tot Z-Beleid.

### 2.2 JAARLIKSE WERKSWINKELS VIR SINODALE VERTEENWOORDIGERS VIR PREDIKANTEBEGELEIDING

Hierdie uiters vrugbare werkswinkels het in 2008, 2009, 2010 en 2011 plaasgevind. Die hele spektrum van predikantebegeleiding, in al die sinodes, is hanteer en uit die samewerking het verdere inisiatiewe in byna elke

sinode gevolg. **Van die belangrikste sake wat in die jongste werkswinkel van 2011 na vore getree het, is die volgende:**

**2.2.1** Die gevoel dat die NG Kerk nie omgee vir sy predikante nie is besig om te verander. Ook tussen predikante groei 'n groter gevoel van omgee vir mekaar, betrokkenheid by mekaar en 'n gesamentlike soeke na groter bedieningsvreugde in die uitleef van ons roeping.

**2.2.2** Fondse bestee aan predikantebegeleiding: Hierdie bedrag het van 'n skamele ongeveer R90 000 in 2004 gestyg tot ongeveer R1,8 miljoen in 2011. Daar was egter reeds weer 'n klein besnoeiing sedert 2010.

**2.2.3** Mentors opgelei: Meer as 300 predikante is reeds as mentors opgelei in die NG Kerk.

**2.2.4** Kontrak- en ander nie-voltydse poste: Dit blyk dat hierdie poste aan die styg is in byna al die sinodale gebiede. Die moontlikheid bestaan dat permanente, voltydse predikante vir elke gemeente al meer van 'n luukse sal word.

**2.2.5** VBO vir predikante word oor die algemeen goed ontvang. Meer as 65% van predikante uit die sinodes het al VBO geleenthede bygewoon. Kerkrade is soms selfs meer positief oor VBO as hulle dominees.

**2.2.6** Ongeveer 50% van predikante tree af binne die volgende 10 tot 15 jaar. Die navorsing oor personeelvoorsiening behoort voorkeur te geniet en hiermee saam ook alternatiewe wyses van bediening aan (minder) gemeentes wat moontlik nie meer (voltydse) predikante sal hê nie.

**2.2.7** Die versorging van emeriti wat tans onder groot finansiële druk is. Die nuwe golf van emeriti wat binne die volgende paar jaar bykom, sal ook op een of ander wyse effektief gehelp en gebruik moet word. Emeriti sou byvoorbeeld in diens van sinodes of ringe kon tree en dan aangewend word waar daar nood is en volgens die betrokke predikante se roeping en vaardighede, bv as mentors, brugpredikante, toerusters, fasiliteerders, afloslerears, ens.

**2.2.8** Diensverhoudinge en DVK's: In baie gemeentes is die verhouding tussen DVK's en dominees gespanne. In baie gevalle is daar by DVK's nie duidelikheid oor hulle rol nie. Die salaris en verlof van predikante is veral sake wat tot konflik lei.

**2.2.9** Die vergadering het besluit om die moontlikheid te ondersoek om meganismes daar te stel sodat gereelde gesprekke met leraars in verskillende lewensfases gevoer kan word oor die behoud van roeping en toewyding aan die bediening, asook emeritaat.

**2.2.10** Die aftree ouderdom van predikante (tans 65) behoort weer aandag te kry.

**2.2.11** Daar bestaan 'n groot behoefte aan die koördinering van alle rolspelers wat by predikante betrokke is. Die ATPB sal graag hierin wil help. Die Moderamen het reeds goedgekeur dat die ATPB, ATTO, ATR en VBO-Forum saam met ATPB moet vergader. Die ATPB sal dringend aan hierdie opdrag aandag gee.

### 2.3 MENTORPROGRAM

#### 2.3.1 Huidige stand van sake

**2.3.1.1** Ongeveer 300 predikante is reeds in die verskillende sinodes as mentors opgelei. Minder predikante het reeds mentors, alhoewel VBO punte verdien word om as mentor op te tree en om deur 'n mentor begelei te word. In al die sinodes is daar 'n mentorprogram wat funksioneer. Opleiding van mentors vind plaas met die gebruik van min of meer dieselfde materiaal.

**2.3.1.2** Daar is verdere opleiding en prosesse nodig om die basiese opleiding op te volg.

**2.3.1.3** Meer aandag moet gegee word om mentorverhoudings tussen predikante te vestig. Daar bestaan min twyfel oor die behoefte daaraan en waarde daarvan.

**2.3.1.4** Die blootstelling van teologiese studente aan mentorskap is baie belangrik. Daar sal met teologiese fakulteite geskakel word om dit so gou as moontlik effektief te implementeer. Studente wat reeds mentors gehad het tydens hulle studiejare sal die waarde daarvan besef en bydra tot die kultuur van mentorskap, omgee en belangstelling in mekaar – aspekte wat die mentorprogram probeer bevorder.

#### 2.3.2 Pad vorentoe

**2.3.2.1** Op 1 Maart 2011 het al die verteenwoordigers vir mentorskap van die onderskeie sinodes bymekaar gekom na 'n aanvanklike verkenningsgesprek in die Kaap gedurende September 2010. Die belangrikste doel hiermee was om 'n netwerk te skep en mentorskap te koördineer, en veral om by mekaar te leer.

**2.3.2.2** Daar is besluit om 'n Netwerk vir Mentorskap te vorm wat onder die ATPB sal funksioneer. Hierdie netwerk sal jaarliks tydens die werkswinkel vir predikantebegeleiding kan vergader.

**2.3.2.3** Die netwerk wil ook graag by die teologiese fakulteite betrokke raak om die opgeleide mentors beskikbaar te stel om 'n pad met die studente te loop.

**2.3.2.4** Die Algemene Sinode behoort kennis te neem van die suksesverhale van mentorskap vir verskeie predikante. Die mentorprogram behoort dus ook steeds verder uitgebrei te word en is steeds 'n prioriteit vir die ATPB.

### 2.4 BRUGBEDIENING

#### 2.4.1 Inleiding

Brugbediening ("Interim Ministry, Transitional Specialisation") gaan oor die begeleiding van gemeentes veral ten tye van vakatures vir predikante. Gemeentes word gehelp om tydens die oorgangsfase afskeid te neem van 'n vorige bedeling en voor te berei vir 'n nuwe tyd van bediening. Sedert dié bediening in 2003 by die Hoëveld Sinode begin is, is reeds meer as 61 predikante van die NG Kerk formeel as brugpredikante opgelei, hoewel baie van hulle tans nog in (ander) vaste poste werksaam is. Die jaarlikse opleiding vind by twee sentra plaas, nl by die Universiteit

Pretoria (Afrikaanse en Engelse kursusse) en by die Universiteit Stellenbosch. Die opleiding is gekoppel aan die teologiese fakulteite. Verskeie gemeentes in die noorde van ons land en nog meer in die Kaap het al brugpredikante benut met geseënde gevolge vir die betrokke gemeentes.

**2.4.2 Wyer samewerking**

Gedurende 2008 is 'n ekumeniese en tweetalige netwerk, NIMSA (Network for Interim Ministry in Southern Africa – webwerf: www.nimsa.co.za), in die lewe geroep waarby 6 denominasies betrokke is. In die Brugbediening word veral aangesluit by die insigte en ervaring van die Noord-Amerikaners wat al vir meer as 3 dekades aktief betrokke is by die "interim ministry". Ook in ander lande, oa Nederland, is enkele jare gelede daarmee begin. Veral met Nederland bestaan daar goeie samewerking oor hierdie belangrike saak.

**2.4.3 Pad vorentoe**

Insigte uit ander lande word in ag geneem, maar ons eie konteks bepaal spesifieke plaaslike aksente in Brugbediening. Bystand aan gemeentes ten tye van ingrypende veranderings in die kerke en samelewing van ons land sal in die toekoms waarskynlik meer nodig en dringender raak. Ervare en opgeleide brugpredikante wat vir 12-18 maande 'n pad saam met gemeentes stap, kan onder leiding van die Gees waardevolle werk lewer vir die kerk in die 21 ste eeu. Hierdie bediening word ook in die A tot Z-Beleid aangespreek.

**2.4.4 Brugbediening en ATPB**

Brugbediening word deur die ATPB beskou as 'n belangrike diens in die begeleiding van predikante en gemeentes. Die saak van Brugbediening sal via die ATPB op die agenda bly en geleentheid gebied word vir verdere uitbreiding.

**2.5 INDUKSIE**

Vinnige en gladde inskakeling by 'n nuwe gemeente na 'n beroep is vir die nuwe predikant en gemeente van groot belang. Hierdie sinchronisasie tussen predikant, gemeente en leiers staan bekend as induksie. Ongeveer 30 predikante, in verskeie van die sinodes, is reeds opgelei om die proses te fasiliteer. Die sukses van hierdie prosesse om bedieningsvreugde vir dominees en 'n gemaklike oorgang vir gemeentes (in aansluiting by Brugbediening) daar te stel, is reeds in baie gemeentes beleef. Dié proses behoort plaas te vind in elke gemeente waar 'n nuwe predikant begin. Sake soos die storielyn van die gemeente, persoonlikhede, leierskap en leierskapstyl, ens is van die sake wat aangespreek word. Hierdie saak word ook in die A tot Z-Beleid aangespreek.

**2.6 PERSONEELVOORSIENING: PREDIKANTE**

**2.6.1** Die ATPB het in Junie 2010 sy voorsitter, dr Theo Swart, versoek om 'n navorsingsvoorstel voor te berei oor 'n ondersoek na die mobiliteit, toekomstige voorsiening en emeritaat van predikante in die NG Kerk en die effek daarvan op die bediening in gemeentes van die kerk. Dit het geblyk, uit huidige statistiek, dat ongeveer 50 persent van predikante binne die volgende tien tot 15 jaar sal emeriteer, met groot gevolge vir die tradisionele bediening en funksionering van gemeentes. Die aantal studente wat jaarliks afstudeer, ongeveer veertig, is nie genoeg om die vakatures aan te vul nie.

**2.6.2** Die ADGO-Dagbestuur het ook op sy vergadering van 4 November 2010 besluit dat 'n dringende ondersoek oor personeelvoorsiening in die NG Kerk gedoen moet word deur die Taakgroep Predikantebegeleiding. Die ondersoek behoort holisties en omvattend te wees sodat dit predikante en gemeentes se insette insluit. Die saak is spoedeisend en behoort dringend aandag te kry. Die Taakgroep of ADGO beskik egter nie oor fondse hiervoor nie. Hierdie saak is na die Algemene Taakspan vir Navorsing verwys wat dit gedurende 2011 by sy vergaderings hanteer het. Tans is daar nog nie fondse vir hierdie navorsing nie. Die ADGO-Dagbestuur het intussen 'n bedrag bewillig sodat die navorsing gedoen kan word.

## 3. AANBEVELINGS: PREDIKANTEBEGELEIDING

**3.1 Die Algemene Sinode besluit dat predikantebegeleiding, in lyn met die strukturering van die Algemene Sinode se werk, 'n saak is wat as prioriteit hanteer word.**

**3.2 Indien Hoofstuk 6 van die A tot Z-Beleid goedgekeur word (sien VERSLAG OOR DIE UITROL VAN DIE A TOT Z-BELEID EN VOORTGESETTE BEDIENINGSONTWIKKELING), word die ATPB versoek om 'n opgedateerde inligtingstuk en CD voor te berei vir alle leraars en gemeentes.**

**3.3 Die Algemene Sinode keur die vervanging van langverlof deur Sabbatstyd goed soos uiteengesit en aanbeveel in BYLAAG 1.1: SABBATSTYD (5. VOORGESTELDE REGLEMENT VIR SABBATSTYD (WAT LANGVERLOF VERVANG).**

**3.4 Die Algemene Sinode bevestig die geïntegreerde "Bedieningsvreugde-Model" as uitgangspunt vir 'n holistiese benadering vir predikantebegeleiding in die NG Kerk.**

**3.5 Die Algemene Sinode gee opdrag aan die ATPB om, indien dit met die strukturering van die Algemene Sinode se werk as prioriteit bepaal word, moontlikhede te ondersoek vir meganismes om gereelde gesprekke met leraars op verskillende lewensfases te voer oor die behoud van roeping en toewyding aan die bediening, asook emeritaat.**

**3.6 Die Algemene Sinode besluit dat die ATPB dringend uitvoering sal gee aan die opdrag mdo op die koördinering van alle rolspelers wat by predikante betrokke is en so spoedig moontlik sorg dat die ATPB, ATTO, ATR en VBO-Forum saam vergader.**

**3.7 Die Algemene Sinode versoek dat dringend navorsing gedoen word oor die mobiliteit, toekomstige voorsiening en emeritaat van predikante in die NG Kerk en die effek daarvan op die bediening in gemeentes van die kerk.**

## BYLAAG 1.1

# SABBATSTYD VIR PREDIKANTE

## 1. BESLUIT EN OPDRAG

**1.1 ALGEMENE SINODE 2007**
Die Algemene Sinode 2007 het die volgende besluit goedgekeur (Handelinge bl 228): *Die Algemene Sinode dra dit aan AKPB /ATR op om die konsep van 'n Sabbatsjaar vir predikante as sinvolle aanwending van langverlof te ondersoek en indien werkbaar na goeddunke te implementeer.*
**1.2 VERDERE VERLOOP**
Die ATR het die saak hanteer en op sy vergadering van 8 Julie 2010 die volgende besluit geneem: *Die vergadering wag die voorstel van ATPB af voordat Kerkordewysiginge aanbeveel sal word.*

## 2. AGTERGROND

**2.1 AANBEVELING AAN DIE ALGEMENE SINODE 2004 DEUR DIE AKDV**
By die Algemene Sinode van 2004 het ŉ verslag oor hierdie saak gedien (Agenda Deel 2, bl 159 en 160, pt 3.2 en volgende). Daar was ook 'n BYLAE 1 tot hierdie verslag, naamlik STUDIESTUK: LANGVERLOF. Die betrokke aanbevelings was die volgende:
*"3.2.2 Ten opsigte van langverlof word ŉ studiestuk wat deur die kommissie behandel is, as Bylae 1 aangeheg. Uit die betrokke studiestuk blyk dat langverlof vir predikante nie meer ŉ funksionele doel dien nie en behoort te verval. Aangesien dit as ŉ deel van ŉ predikant se vergoedingspakket beskou moet word, kan dit egter nie weggeneem word sonder ŉ quid pro quo nie. In die aanbeveling hieronder word aanbeveel dat ŉ kontantaanpassing gemaak word. Die jaarlikse 10 dae verlof en die totale vergoedingspakket is as basis vir berekening gebruik.*
*3.2.3 Die betrokke studiestuk raak ook die belangrikste sake in verband met studieverlof aan. In sy beoordeling van die situasie het die kommissie tot die gevolgtrekking gekom dat daar nie meer ŉ aparte verwysing na studieverlof moet wees nie. Verlof, vir watter rede ook al, moet bloot tussen werkgewer en werknemer onderhandel word. Indien ŉ leraar verlof met die oog op studie wil hê moet hy dit met sy werkgewer onderhandel wat dit na meriete van die betrokke situasie moet beoordeel. In sekere omstandighede, byvoorbeeld verlof met die oog op bywoning van kursusse of voortgesette teologiese opleiding, behoort verlof as amptelike verlof (dit wil sê verlof met die oog op aksies wat ŉ deel van die leraar se ampsuitvoering is) beskou te word.*
*3.2.4 Die Algemene Sinode het reeds besluit dat selfs gewone verlof (vakansieverlof) onderhandelbaar is (Handelinge 2002:556:172). Verlof behoort in die betrokke diensooreenkoms vervat te wees. Die AKDV oordeel gevolglik dat die hele saak rondom verlof nie meer per reglement bepaal moet word nie, maar dat (soos met die vergoedingsvoordele van ŉ predikant) bloot riglyne gegee moet word.*
*3.2.5 Aanbevelings*
*Die Algemene Sinode besluit*
** dat langverlof, as deel van ŉ leraar se diensvoordele, verval maar dat dit nie sonder ŉ teenvergoeding moet gebeur nie. Daar word dus by werkgewers aanbeveel, om na onderhandeling met leraars, die verlofregister op ŉ bepaalde datum (byvoorbeeld 31 Maart 2005) ten opsigte van langverlof skoon te maak (verlof wat nie vooraf geneem kan word nie word uitbetaal teen 50% van maksimum 90 dae, vgl Reglement 22) en om daarna die vergoedingspakket met 2½% of gelykwaardige voordele te verhoog;*
** dat Reglement 22 ( Reglement vir die Verlof van Predikante en Sinodale Amptenare) verval maar dat riglyne in die Bestuursgids vir Diensverhoudinge opgeneem word.*
**2.2 BESLUIT VAN DIE ALGEMENE SINODE 2004**
Langverlof (Handelinge bl 536 pt 1.7.2.3) "Die huidige reëlings met betrekking tot langverlof bly staan en die hele saak word na die ATDV en ATR terugverwys vir herbesinning."

## 3. HANTERING VAN DIE BESLUIT VAN DIE ALGEMENE SINODE 2007

Daar is in 2008 reeds ŉ studiegroep saamgestel wat aandag aan die saak van Sabbatsrus gegee het (besluit soos vervat in 1.1 en 1.2 hierbo). Die saak is vanaf 2008 tot 2011 by die jaarlikse werkswinkel vir al die sinodale verteenwoordigers vir predikantebegeleiding bespreek (gereël deur die ATPB van ADGO). Die volledige dokument hiervan is beskikbaar by die voorsitter van die ATPB, dr Theo Swart, by theo@uitsigkerk.co.za. Daar is uiteindelik besluit op die term **Sabbatstyd** in plaas van Sabbatsrus, Sabbatsjaar of ander moontlikhede.

## 4. KORT AGTERGROND VIR DIE AANBEVELING OOR SABBATSTYD EN REGLEMENTSWYSIGINGS

**4.1** Gesonde, entoesiastiese gemeentes word gelei deur gesonde, vreugdevolle predikante.
**4.2** Langverlof leen hom tot misbruik en is dikwels niks meer as ŉ spaarplan met die oog op aftrede nie. Waar leraars langverlof neem, lei dit dikwels tot spanning tussen kerkraad en leraar. Hierdie spanning bereik gewoonlik sy hoogtepunt wanneer kerkrade gekonfronteer word met die uitbetaling van langverlof by diensbeëindiging. Die

vraag kan ook gestel word waarom moet kerkrade langverlof uitbetaal as dit as so ’n belangrike onderbou vir geestelike toerusting beskou is. As langverlof ’n bepaalde funksie in belang van die leraar en die gemeente moes vervul, moes dit vir daardie doel alleen aangewend word.
**4.3** Vir die behoud van predikante se bedieningsvreugde, soos volledig omskryf in die A tot Z-Beleid, is die volgende sake van belang:
**4.3.1** die pro-aktiewe versorging van predikante om hulle te help tot ’n vreugdevolle bediening
**4.3.2** die herhaaldelike stemme wat opgaan teen die praktyk van die huidige langverlof
**4.3.3** die praktyk van sabbatstyd wat al vir verskeie jare in ander geloofsgemeenskappe ’n algemene gebruik is wat effektief werk.
**4.4** Ons is bekend met die Bybelse ritme van “sabbat” (Latyn *sabbaticus*, Grieks *sabbatikos*, Hebreeus *shabbathon*). In die Bybel word op plekke soos Levitikus 25 deur die Here aangedui dat die Sabbatsrus selfs vir ’n jaar gehou moet word na ses jaar van be*werk*ing.
**4.5** Jesus self het gereeld weggebreek vir tye van innerlike vernuwing. Of dit in ’n boot of teen ’n berg is, Hy het die kontakgeleenthede met sy Vader as uiters noodsaaklik vir sy bediening beskou.
**4.6** In die moderne tyd het hierdie “sabbatical” in akademiese en ander kringe die betekenis gekry van ’n tyd weg vir navorsing of om ’n bepaalde doel te bereik. Na so ’n tyd word gewoonlik teruggekeer met nuwe passie.
**4.7** ’n Sabbatstyd het ten doel om ons weer in pas te bring met die **ritme van genade**. Hoewel ons bely dat ons deur genade alleen gered word, verval ons met die verloop van jare en as gevolg van al die verskillende verwagtings in ’n soort werksgeregtigheid. Ons voel ons het net betekenis as ons oorbeskikbaar, oorwerk en oormoeg is. ’n Sabbatstyd moet ons help verstaan dat ons uit die genade van God alleen kan leef.
**4.8** Sabbatstyd is ’n tyd vir die (her)ontdekking van ons roeping en visie, die vernuwing van ons passie, die herrangskikking van prioriteite en waardes, en die versorging van noodsaaklike verhoudings. Dis om met intensionele ontdekking en refleksie God te ontmoet en weer die kreatiwiteit en entoesiasme vir ons besondere roeping en lewe te herwin. Hierin ontdek ons dat God ons kom ontmoet op sy tyd omdat ons ook tyd daarvoor het. Na so ’n tydperk weg, begin gewoonlik ’n nuwe hoofstuk in die gemeente se storie.
**4.9** Sabbatstyd vervang nie die noodsaak van gereelde selfsorg en geestelike groei nie. Tog is dit ’n noodsaaklike bousteen in die handhawing van ’n volhoubare langtermyn bediening in die bepaalde gemeente en gemeenskap.
**4.10** Die doel van die Sabbatstyd is nie om in ’n reaktiewe siklus van herstel te verval nie maar om **intensioneel** die siklus van (HER)ONTDEK, (HER)ORIËNTEER, EN (HER)ORGANISEER in plek te kry. Dit is ’n (her)ontdekking van jou roeping en visie binne die konteks van genade, ’n (her)oriëntering van jou verstaan van jouself en jou identiteit om met nuwe moed en ywer te leef en werk. In hierdie tyd sal dit ook moontlik wees om jou bediening te (her)organiseer sodat nuwe gewoontes in plek gestel word, en met groter volhoubaarheid.
**4.11** Sabbatstyd kan dien as stimulasie-en energiepunt van ons bediening waarna ons kan uitsien!
**4.12** Langverlof in sy huidige vorm kon dit nie regkry om predikante te laat rus tot voordeel van hulleself en gemeentes nie. Sabbatstyd moet gesien word as poging tot ’n strukturering van die heilsame versorging van die predikant.
**4.13** Strukturering hiervan kan predikante help om dit nie maar net te sien gewone vakansie of ’n blote wegbreek. Hierdie strukturering help ons om weer **perspektief** te kry deur
**4.13.1** afstand te kry van ons daaglikse werk
**4.13.2** tyd te gee vir noodsaaklike refleksie oor ons roeping en lewe
**4.13.3** nuwe inligting om nuwe denkpatrone te vestig
**4.13.4** nuwe gewoontes aan te leer om ’n vreugdevolle bediening mee te bring.
**4.14.**Nie net die predikant het hierdie sabbatstyd nodig nie. Die gemeente en personeel het ook hierdie tyd nodig.
**4.15** Sabbatstyd is nie ’n “beloning vir goeie werk” of net iets om die predikant gelukkig te hou nie. Dis ook nie gewone verlof nie. Dit is ’n belangrike komponent van die versorging en groei van die geestelike leier.
**4.16** Roy M. Oswald (*Why You Should Give Your Pastor a Sabbatical*, Alban Institute), wys op verdere voordele van Sabbatstyd:
**4.16.1** Dit moedig langer bedieningstermyne aan.
**4.16.2** Dra by tot geestelike groei.
**4.16.3** Gee ’n herfokus op ’n stagnante bedieningsbenadering.
**4.16.4** Dit bied die geleentheid aan die gemeente vir nuwe idees en ’n nuwe lewenskragtigheid in leierskap.
**4.16.5** Verhoed uitbranding.
**4.16.6** Versterk gemeentelike leierskap omdat leiers sekere verantwoordelikhede vir ’n tyd moet oorneem.
**4.17** Die doel van sabbatstyd is om predikante in staat te stel om ’n aaneenlopende tydperk te gebruik vir geestelike verdieping, toerusting en verkwikking.

## 5. AANBEVELING: REGLEMENT VIR SABBATSTYD (WAT LANGVERLOF VERVANG)

**Die Algemene Sinode besluit om die Reglement vir Sabbatstyd goed te keur en deel te maak van die Reglement vir die verlof van predikante en sinodale amptenare (huidige Reglement 19, Kerkorde 2007):**

**REGLEMENT VIR SABBATSTYD VIR PREDIKANTE**
**Leraars is bo en behalwe jaarlikse verlof, met goedkeuring van die kerkraad/kommissie, en soos ooreengekom in die diensooreenkoms, geregtig op sabbatstyd onderhewig aan die volgende voorwaardes:**

**5.1 Die doel van sabbatstyd is om predikante in staat te stel om ter wille van groter bedieningsvreugde 'n aaneenlopende, verlengde tydperk van rus (anders as vakansieverlof) te gebruik vir geestelike verdieping, -toerusting en -verkwikking.**
**5.2 Na 'n verloop van 3 jaar in dieselfde werkkring is 'n predikant geregtig op 30 dae sabbatstyd. (Die sabbatstyd word bereken op 'n basis van 10 dae per jaar diens).**
**5.3 Sabbatstyd kan slegs in periodes van minstens 30 dae of langer geneem word.**
**5.4 'n Predikant mag in enige stadium slegs 90 dae sabbatstyd tot sy/haar krediet hê.**
**5.5 Sabbatstyd word verkieslik ten minste drie maande voor die tyd met die kerkraad, en indien nodig, in samewerking met die ring- en/of sinodale kommissie vir predikantebegeleiding, beplan, gekontrakteer en gestruktureer.**
**5.6 Sabbatstyd geskied met volle behoud van traktement, toelaes en ander voordele.**
**5.7 Met sabbatstyd moet die predikant nie in die gemeente beskikbaar wees vir enige take wat met gewone gemeenteverpligtinge geassosieer word nie.**
**5.8 Na die sabbatstyd gee die predikant skriftelik terugvoer aan die kerkraad en ring- en/of sinodale kommissie vir predikantebegeleiding indien dit soos aanbeveel in 1.5 in oorleg met die betrokke kommissie(s) beplan is.**
**5.9 Sabbatstyd tel vir VBO-akkreditering. 'n Minimum van 30 punte word toegeken vir elke 30 dae sabbatstyd.**
**5.10 Sabbatstyd is nie uitbetaalbaar by diensbeëindiging nie.**
**5.11 Sabbatstyd kan nie van die een gemeente/werkkring na die ander oorgedra word nie. Die sabbatstyd kan wel voor die wisseling na 'n ander werkkring geneem word.**
**5.12 Die predikant mag tydens sabbatstyd geen ander werk doen waarvoor hy/sy vergoeding ontvang nie.**

**BYLAAG 1.2**

## BEDIENINGSVREUGDE: OMVATTENDE MODEL



## ADGO BYLAAG 2

# TEOLOGIESE OPLEIDING

Die Algemene Taakspan Teologiese Opleiding (ATTO) bring graag die volgende sake onder aandag van die Algemene Sinode:

## 1. UITGANGSPUNTE VIR DIE TEOLOGIESE OPLEIDING

### 1.1 INLEIDING

Die Algemene Taakspan Teologiese Opleiding besef dat ons in ’n situasie is waar omstandighede van buite en ook die eise van die tyd ons dwing om van tyd tot tyd indringend te herbesin oor die teologiese opleiding van ons predikante.

In so ’n situasie is dit belangrik om te onderskei tussen wesenlike uitgangspunte van teologiese opleiding en elemente wat wel verhandelbaar is.

### 1.2 AANBEVELINGS: UITGANGSPUNTE VIR DIE TEOLOGIESE OPLEIDING

**Die Algemene Sinode keur die volgende stellings goed as uitgangspunte van hoe daar gedink word oor teologiese opleiding en gee dit aan die voorgestelde Algemene Kuratorium en die Kuratoria deur as ’n basis vir hulle werk:**

**1.2.1 Die NG Kerk staan in ’n tradisie wat deur die eeue deeglike teologiese opleiding as ’n uiters belangrike saak vir die kerk beskou het en baie tyd en bronne daarin geïnvesteer het. Die NG Kerk wil graag hierdie tradisie handhaaf en beskou die verantwoordelikheid vir teologiese opleiding as een van die sentrale take van die Algemene Sinode.**

**1.2.2 Die teologiese opleiding van die kerk is primêr gefokus op die opleiding en vorming van predikante vir die bediening van die kerk.**

**1.2.3 Die NG Kerk erken dat benewens hierdie hoofoogmerk die teologiese opleiding van die kerk ons ook moet rekening hou met**

**+ Die opleiding van potensiële teoloë wat die kerk en evangelie dien deur voltyds te doseer en navorsing te doen oor die teologie en bv werk soos Bybelvertaling te kan doen.**

**+ Die opleiding van ander dienste/ampte soos wat die kerk dit mag nodig ag (bv jeugwerkers, pastorale werkers, evangeliste, ens)**

**+ Die opleiding en toerusting van lidmate wat geestelike werk in die gemeente of buite die gemeente wil doen in lyn met hulle gawes.**

**1.2.4 Die teologiese opleidingsinstansies moet ook help skep aan ’n wyer teologiese klimaat en gesprek in die kerk – onder predikante en lidmate. As die NG Kerk sy geloof reg wil leef, sal ons ook daaroor moet reflekteer en praat. Die kerk self het ook ’n verantwoordelikheid om hierdie gesprek te stimuleer en in stand te hou. Sonder hierdie teologiese klimaat en gesprek in die kerk sal teologiese skole ook moeilik hulle werk behoorlik kan doen.**

**1.2.5 Die NG Kerk is oortuig dat die teologiese opleidingsinstansies saam met sinodale sisteme en die gemeentes verantwoordelikheid dra vir die leeramp van die kerk – ’n wesenlike element van ons gereformeerde tradisie. Die kerk het ’n mede-verantwoordelikheid om die ruimte te help skep vir opleidingsinstansies om hierdie rol te kan speel.**

**1.2.6 Die NG Kerk aanvaar dat daar in die opleiding van predikante aandag gegee sal word aan die geïntegreerde vorming van kennis (logos), karakter (etos) en vaardighede en houdings (patos). Nie een van hierdie elemente “gebeur“ vanself nie – dit vra intensionele aandag en tyd. Dit vra dat daar aan ten minste die volgende fasette gereelde aandag gegee moet word: aan die studente**

**+se geestelike lewens en dissiplines;**

**+se roepingsbewustheid;**

**+se psigiese gesondheid en persoonsgroei;**

**+se Bybelse en teologiese kennis en insig;**

**+se kontekstuele insig en oordeel;**

**+se verstaan van die kerk en van die roeping en werking van gemeentes;**

**+se vorming van spesifieke vaardighede wat vir die bediening nodig is.**

**1.2.7 Die NG Kerk aanvaar dat die kerk in nuwe tye en situasies gekonfronteer word met nuwe uitdagings. Dit mag van ons vra om nuwe antwoorde vir nuwe probleme te soek, om nuwe weë te eksploreer en selfs nuwe bedienings en praktyke te ontwikkel. Daarom wil die NG Kerk die persone betrokke by opleiding aanmoedig om hierdie uitdagings op te neem – met die nodige openheid, kreatiwiteit en verantwoordelikheidssin.**

**1.2.8 Teologiese opleiding kan nooit konteksloos gedoen word nie. Dat ons nou in Suider-Afrika leef en werk, is deel van die werklikheid van die NG Kerk. Ons glo dat een van die groot uitdagings vir die kerk is om saam met ander gelowiges in ons land te vra wat ons gesamentlike roeping nou in Afrika is.**

**1.2.9 Hoewel die teologiese opleiding van die kerk veel meer vra as net akademiese opleiding, wil die NG Kerk bly streef na akademiese uitnemendheid in ons opleiding. Daarom sou die NG Kerk graag, solank dit moontlik is, die opleiding aan die universiteite in ons land, wat daarvoor voorsiening maak, wil koppel. Op die manier behou die kerke ook hulle presensie by die universiteite en het hulle ŉ besondere geleentheid vir publieke getuienis en gesprek.**
**1.2.10 Die NG Kerk is bewus van die feit dat teologiese fakulteite ter wille van dienslewering aan meer denominasies in die land meer ekumenies geraak het in hul aanbod van kursusse. Ons het volle begrip daarvoor en oordeel dat dit ook belangrike voordele vir die kerke inhou. Kontak met studente van ander denominasies kan ons studente voorberei vir ŉ bediening waarin daar meer rekening gehou word as in die verlede met die eenheid van die kerk.**
**1.2.11 Terwyl ekumene en die eenheid van die kerk vir die NG Kerk baie belangrik is, glo die NG Kerk dat ŉ kreatiewe getrouheid aan ons eie gereformeerde identiteit en tradisie uiters belangrik is en deel is van wat ons in die huis van die ekumene inbring. Ons besef dat die gereformeerde tradisie nie iets staties is nie, maar in nuwe situasies herbedink moet word. Die NG Kerk besef ook dat ons hierdie herformulering nie sal kan doen as ons ons eie tradisie nie teologies en histories baie goed ken nie. Wanneer die teologiese fakulteite in hul formele kursusse nie meer genoegsaam hieraan aandag kan gee nie, moet die kerk self verantwoordelikheid hiervoor aanvaar.**
**1.2.12 Hoewel maksimale residensie vir ons ŉ voorkeur sal bly, wil ons dit moontlik maak vir meer tweedeloopbaanstudente om hulle roeping tot die bediening op te neem. Kuratoria word versoek om alternatiewe weë te ondersoek waardeur dit vir tweedeloopbaanstudente moontlik word om ŉ groter deel van hul studie deeltyds te doen – sonder dat die nodige vormingswerk en praktiese voorbereiding vir die bediening afgeskeep word.**
**1.2.13 Die NG Kerk glo dat teologiese en bedieningsopleiding ŉ lewenslange taak en verantwoordelikheid is. Daarom wil die NG Kerk graag ŉ tradisie van lewenslange leer by ons predikante vestig. Ons is dankbaar vir die Algemene Sinode se verbintenis aan, en besluite oor, VBO en vra dat sinodes alles in hul vermoë doen om die vestiging van die praktyk goed te vestig.**

## 2. ALGEMENE KURATORIUM

Die nadenke oor ŉ Algemene Kuratorium wat onderskei moet word van die bestaande (plaaslike) kuratoria het die afgelope paar jaar indringende aandag geverg. Besinning hieroor is volledig op die tafel van ATTO geplaas deur ŉ verskeidenheid van sake:
+ die historiese agtergrond
+ die veranderende situasie by die onderskeie opleidingsentra
+ die voorbeeld van die VGKSA
+ die aanbevelings van die A tot Z-verslag aangaande predikante in die NG Kerk.

### 2.1 HISTORIESE AGTERGROND

Tot voor die Algemene Sinode van 1962 het kuratoria te Stellenbosch en Pretoria self die legitimasie van proponente behartig. By die Algemene Sinode van 1962 het ŉ beskrywingspunt (B.I.5) oor die Bedienaar van die Woord gedien: "**Die opleiding en legitimasie van die bedienaar van die Woord is die taak van die Algemene Sinode**" (Acta 1962: bl 132).

Oor hierdie bekrywingspunt word gerapporteer:"Die Sinode besluit om (i) die beginsel te aanvaar; (ii) ŉ versoek te rig aan die betrokke sinodes om die nodige toestemming daartoe te verleen; (iii) dit op te dra aan die Algemene Regskommissie om op al die implikasies hiervan in te gaan en aan die volgende Algemene Sinode te rapporteer." Dit is so goedgekeur (Acta 1962: 182, 245). Die Algemene Sinode gaan nog verder en formuleer as deel van die taak van die Algemene Sinode soos volg by Art 43 "(d) **die vasstelling van die vereistes vir die opleiding van bedienaars van die Woord en die ondersteuning van die sinodes, finansieel sowel as andersins, waar die opleiding geskied**" (Acta 1962: 292 - Art 43 van die Kerkorde 1962). In die 1966 uitgawe van die Kerkorde lui die betrokke artikel soos volg: "d) die vasstelling van die vereistes vir ***en toesig oor*** die opleiding van bedienaars van die Woord en die ondersteuning van die sinodes, finansieel sowel as andersins, waar die opleiding geskied" (Dit is in 1990 verander om te lui: "43.1.5 die vasstelling van die formele vereistes vir die opleiding van die bedienaars van die Woord.")

Die Kerkorde van 1962 het verder by Art 5.2 bepaal "Die Algemene Sinode bepaal die vereistes vir die opleiding, die aard en die toesig daaroor en die plekke waar dit moet geskied." Die legitimasie van die proponente word voortaan ook deur die Algemene Taakspan Regte hanteer as deel van die Algemene Sinode se verantwoordelikhede (KO 1962, Art 6).

Hieruit trek IL Ferreira in sy doktorale studie tereg die gevolgtrekking dat die Kuratoriumlede deputate van die Algemene Sinode is deurdat die Algemene Sinode in 1962 besluit het om die opleiding en legitimasie van die bedienaars van die Woord die taak van die Algemene Sinode te maak. Hierdie afleiding korreleer eweneens met ŉ regsmening wat die Kuratorium in Pretoria aangevra het rakende ŉ appèl wat ontvang is. Daarvolgens word die

afleiding ook gemaak dat "Kuratoria is dus kommissies en kan dit slegs van die Algemene Sinode wees."

Met die ontstaan van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van die Vrystaat is voorsiening gemaak vir ʼn Algemene Kommissie vir Teologiese Opleiding. Kragtens sy reglement is ATTO net ʼn skakelliggaam wat gewoonlik eenmaal per jaar vergader. Daar word wel aandag gegee aan die bepaling van beleid vir teologiese opleiding, het ʼn koördineringsfunksie en bespreek sake van gemeenskaplike belang.

**Gevolgtrekking:**
Toesig oor die teologiese opleiding vir die NG Kerk is dus nooit gesentraliseer nie. Weereens vertoon sake ʼn soort ambivalensie: Die vereistes vir erkenning word deur die Algemene Sinode bepaal. Hoedat ʼn kuratorium saamgestel moet word, word eweneens deur die Algemene Sinode bepaal.

**2.2 VERANDERDE SITUASIE**
Daar moet rekening gehou word met die huidige realiteit: die NG Kerk het nie meer ʼn teologiese fakulteit nie! Hieronder word verstaan: ʼn teologiese inrigting waar die NG Kerk self bepaal wie die dosente is (hoewel die besoldiging in geheel of grotendeels deur die betrokke universiteit geskied het), wie as dekaan optree, waar die dosente beroep word op grond van beide akademiese kennis en bewese kerklike betrokkenheid. Dit is ook nie meer so dat daar ʼn teologiese fakulteit bestaan waar die NG Kerk se dosente uit en uit die betrokke departemente beman (hetsy dit selfstandige departemente was of nog is en of dit ʼn samevoeging van departemente is).

Die huidige situasie is dat die fakulteite almeer veelkerklik (of ekumenies) word, dat dit geen gegewe is dat die dekaan ʼn NG Kerklidmaat is nie, dat in ʼn departement of samevoeging van departemente die NG Kerk-komponent selfs die minderheid kan wees. Verder moet rekening gehou word met die realiteit dat dosente almeer beroep word ten einde die navorsingsuitsette van die betrokke universiteit te dien (met die oog daarop om die universiteit finansieel te bevoordeel) en nie noodwendig die belange van die kerk nie.

Binne hierdie realiteit sal die kerk toenemend aandag daaraan moet gee om gebruik te maak van die poel van kundigheid binne die kerk om self bepaalde vereistes vir die opleiding as ideaal te stel ... nie vir ʼn bepaalde streek nie, maar vir die Kerk as geheel. Hierdie werksaamheid sal toenemend ʼn baie belangrike onderafdeling van ʼn Algemene Kuratorium se taak moet word.

Die Kerk moet die realiteit aanvaar dat daar toenemend self bepaal sal moet word wat noodsaaklik vir die opleiding van predikante is.

**2.3 VOORBEELD VAN VGKSA (URCSA)**
Die VGKSA funksioneer met ʼn Algemene Kuratorium en dan streekskuratoria (Reglement 22; Kerkorde VGKSA 2008). Die Algemene Kuratorium se taak word in Art 5 omskryf as onder andere om as bewaarders van die visie en beleid oor predikante opleiding op te tree; om ʼn eenvormige vormingsproses in die VGKSA te begelei wat gelykwaardige standaarde daarstel hoewel daar rekening gehou word met diversiteit in die streke; die goedkeur van nuwe aansoeke vir predikante-opleiding; koördinering; begroting vir die kerk as geheel rakende opleiding op grond van die begrotings deur die streekskuratoria; om vooruit te besin oor neigings en ontwikkelinge rakende predikante-opleiding wêreldwyd in vennootskap met die VGKSA se ekumeniese vennote, en om rigting hieroor aan te dui by die Algemene Sinode.

Die Algemene Kuratorium van die VGKSA is dus oorhoofs verantwoordelik vir teologiese opleiding vir die hele kerk. Die lede is die aktuarius, die voorsitters of skribas van die streekskuratoria; verteenwoordigers uit die streeksinodes waar daar nie teologiese opleiding is nie; die administrateur van die Algemene Sinode; een verteenwoordiger van die dosente uit elke opleidingsinstansie en twee teologiese studente (Art 6 van Reglement 22). Daar word van verskeie sub-komitees gebruik gemaak.

**2.4 A TOT Z-HANDLEIDING VIR PREDIKANTE**
Hierdie saak word beredeneer in Hoofstukke 4 en 5 van die A tot Z-Handleiding vir Predikante. Die argumente word nie hier herhaal nie.

**2.5 ʻN ALGEMENE KURATORIUM**
ʼn Algemene Kuratorium behoort ʼn verteenwoordigende instelling te wees vir die NG Kerk as geheel. Die opgeleide predikante moet uiteindelik tot beskikking van die hele NG Kerk wees. Dit moet uitdrukking gee aan die Kerk se eenheid en diversiteit. ʼn Algemene Kuratorium behoort daar te wees vir onderlinge betrokkenheid, hulpverlening en algemene teologiese opleiding en voortgesette bedieningsontwikkelingsake vir die hele Kerk. Per slot van sake bly dit net een liggaam wat kan legitimeer.

In die aangehegde Reglement vir ʼn Algemene Kuratorium word dit voorsien dat die vergadering om die beurt by die drie opleidingsplekke sal plaasvind, dat elke sinode die geleentheid sal hê om by hierdie Algemene Kuratorium verteenwoordig te wees (ʼn sinode sou steeds die reg kon uitoefen om ook by die plaaslike kuratorium betrokke te

wees). Die plaaslike kuratorium behou steeds die verantwoordelikhede ten opsigte van die eie studente, skakeling met die betrokke fakulteit en Universiteit ens.

Die totstandkoming van die Algemene Kuratorium skep wel die moontlikheid vir soepelheid in beoordeling van veral tweedeloopbaanstudente se aansoeke.

Sodanige Algemene Kuratorium sou voortaan ook kon aandag gee aan dit wat vir die NG Kerk in geheel van belang is soos gelykwaardige (indien nie dieselfde) opleiding by die onderskeie inrigtings.

Die volgende bylaes is van belang:
**Bylaag 2.1** (Art 5 van die Kerkorde herbewoord)
**Bylaag 2.2** (Reglement Algemene Kuratorium)
**Bylaag 2.3** (Reglement 12)

**2.6 AANBEVELINGS: ALGEMENE KURATORIUM**
**2.6.1 Die Algemene Sinode keur goed dat daar ŉ Algemene Kuratorium tot stand kom en dat Artikel 5 van die Kerkorde gewysig word soos voorgestel in Bylaag 2.1 (met tweederde meerderheid).**
**2.6.2 Die Algemene Sinode keur Bylaag 2.2 en Bylaag 2.3 goed.**
**2.6.3 Die Algemene Kuratorium word versoek om 'n fyn balans te handhaaf tussen sentralisering van wesenlike sake waaroor daar eenstemmigheid moet wees en genoeg selfstandigheid aan plaaslike kuratoria om hulle werk te doen.**

## 3. NUWE GRAADSTRUKTUUR

### 3.1 AGTERGROND
Die afgelope paar jaar het herstrukturering van die graadstruktuur ten opsigte van teologiese opleiding baie aandag geniet by alle teologiese inrigtings.

Binne die NG Kerk is hierdie saak ook deeglik bespreek. Pretoria het in 2010 met ŉ nuwe vierjarige graadstruktuur begin, Bloemfontein in 2011 en Stellenbosch begin in 2012 daarmee.

Dit is duidelik dat met die infasering van die nuwe graad dit steeds ŉ vierjarige B-graad is waarvan onder andere Grieks 2 en Hebreeus 2 ŉ vereiste is. Diensleer word ŉ integrale deel vir die verwerwing van die graad.

By al drie sentra is dit ook duidelik dat die vierjarige graad gevolg behoort te word deur ŉ eenjarige Diploma of eenjarige M Div graad. Daar is verder ooreenstemming dat daar ook ŉ sesde jaar van opleiding moet wees. Hieroor is daar verskil van mening oor of dit ŉ suiwer kerklike jaar moet wees en of dit steeds met die verwerwing van ŉ akademiese graad/diploma gepaard moet gaan.

Dit is egter baie duidelik dat die Kerk self toenemend verantwoordelikheid moet aanvaar vir ŉ komponent wat kerkeie opleiding of ook aanvullende teologiese opleiding genoem moet word. Daar is instemming dat dit uiteindelik moet lei tot ŉ eie kerklike diploma – aanvullend tot die akademiese kwalifikasies.

ATTO is dit eens dat die hele stelsel by die volgende Algemene Sinode herevalueer moet word. Daar moet dan ook konkrete voorstelle hieroor kom wat onder andere die volgende aspekte moet bevat: Professionele opleiding; verband met die kerkverenigingsproses; finansies; beter tydsbenutting. Hierby moet ook rekening gehou word met die erkenning van voorafleer sowel as die NKR (Nasionale Kwalifiseringsraamwerk) se vlakke van opleiding.

Dit sal ook behels dat daar in die lig van bogenoemde faktore die kwessie van ŉ vyfjarige opleiding evalueer moet word. ŉ Volledige gemotiveerde verslag moet dien waarin alle voor- en nadele belig word.

### 3.2 AANBEVELING: NUWE GRAADSTRUKTUUR
**Die Algemene Sinode besluit die saak rakende die lengte, inhoud en skedulering van teologiese opleiding met die oog op legitimasie moet ondersoek word.**

## 4. KERKEIE OPLEIDING
Met die verandering van voorheen uitsluitlik (NG) kerklike fakulteite aan die drie universiteite na veelkerklike (ekumeniese) fakulteite het die rol en betekenis van die kerk se betrokkenheid uiteraard ook verander.

Tans word daar baie groot klem geplaas op die eie kerklike sake wat moet aandag geniet. Hoewel dit verskillend genoem word (kerkeie opleiding of aanvullende teologiese opleiding) bly die saak belangrik.

Hiervoor moet nie net die kerke/sinodes wat betrokke is verantwoordelikheid aanvaar nie, maar die Kerk as geheel.

Dit gaan immers om teologiese studente wat opgelei word vir die hele Kerk en nie net vir sommige gebiede nie. Dit is bemoedigend om te kan ervaar dat al die kuratoria hieraan ernstige aandag verleen.

Hoewel die algemene ervaring is dat die studente nog nie hierdie kerklike opleiding so ernstig bejeën soos die suiwer akademiese nie, word daar maatreëls getref om dit te verander.

## 5. STUDENTEGETALLE

Vir die eerste keer is daar nou ŉ sentrale databank van alle studente wat besig is met opleiding. Daar is groot dankbaarheid vir die toename in die getal studente wat aanmeld met die oog op teologiese studie.

Daar is ŉ paar tendense waarvan die kerk moet kennis neem: al meer dames berei hulle voor. Dit is verblydend dat soveel dames in die beroep staan. Dit plaas ŉ groter verantwoordelikheid op die Kerk as geheel om mee te help dat die dames beroep word. Verder moet kennis geneem word van die feit dat daar weer ŉ situasie is waar ook baie skoolleiers kom vir opleiding, sowel as kandidate wat kan kwalifiseer om enige rigting op universiteit te kan studeer.

In teenstelling tot ŉ paar jaar gelede toe ŉ kleiner getal studente afstudeer het en lank moes wag op beroepe, het hierdie proses in die afgelope paar jaar ingrypend verander. Dit klop met die gegewens van Kerkspieël sowel as die onderskeie Pensioenfondse oor die groot getal predikante wat begin aftree. Dit is duidelik dat nie alle vakatures wat so ontstaan noodwendig gevul sal word. Dit maak ook akkurate vooruitskattings baie moeilik. Die feit is egter dat die afgestudeerdes redelik vinnig na hulle universitêre opleiding voltooi is, beroepe kry.

Die aangeleentheid rakende voldoende opgeleide studente moet deeglike aandag geniet. Volgens ŉ verslag van Predikantebediening (Febr 2010) wat by ADGO gedien het, is dit ŉ feit dat 50% van die predikantekorps (die groottotaal bestaande uit 1638 predikante) van die NG Kerk op daardie stadium ouer as 50 jaar was en dus binne die volgende anderhalf dekade nie meer in diens sal wees nie.

## 6. SAMEWERKING TUSSEN DIE FAMILIE VAN NG KERKE

Ten spyte van die feit dat daar van die VGKSA se kant af ŉ moratorium op die eenheidsgesprek tussen die VGKSA en die NG Kerk was, het dit nie samewerking op die gebied van teologiese opleiding geraak nie. Daar moet trouens met dank vermeld word dat daar noue samewerking was tussen al die lede van die Familie van NG Kerke.

Benewens die samewerking met die onderskeie kuratoria van die drie opleidingsplekke, was daar ook op die vlak van ATTO goeie samewerking en het bande hegter geword. Hoewel nie al die kerke altyd die vergaderinge van ATTO en die VBO-Forum kon bywoon nie, is almal altyd genooi en was die verteenwoordigers, indien enigsins moontlik, teenwoordig.

## 7. VERSLAG VAN DIE DRIE KURATORIA

Hieronder volg die verslae van die drie kuratoria oor die sake waaroor ooreengekom is

## 7.1 STELLENBOSCH

### 7.1.1 INLEIDING

**Onderskeid tussen Fakulteit en Kweekskool**

Dit is belangrik om met die lees van hierdie verslag en ook in die algemeen duidelik te onderskei tussen die Fakulteit Teologie van die Universiteit Stellenbosch en die Teologiese Kweekskool van die NG Kerk.

Daar het die afgelope paar jaar 'n belangrike verskuiwing plaasgevind weg van 'n enkel-denominasionele inrigting na 'n ekumeniese fakulteit. Anders as in die verlede toe daar op Stellenbosch byna uitsluitlik NG Kerkstudente deur NG Kerkdosente vir die bediening opgelei is, bestaan die Fakulteit tans ook uit dosente en studente van ander kerke.

Die belange van die NG Kerk is duidelik in ’n ooreenkoms met die Universiteit van Stellenbosch verskans. Die NG Kerk het steeds inspraak in alle aanstellings in die Fakulteit asook in die kurrikulering en die bepaling van programme. Hierdie inspraak word veral via die Kerklike Skakelraad in samewerking met ander deelnemende kerke uitgeoefen.

Die benaming "Kweekskool" verwys nie net na die gebou van die NG Kerk waarin die Fakulteit van die Universiteit kragtens ooreenkoms gehuisves word nie, maar ook na die kerklike tuiste wat op verskeie maniere **vir die NG Kerk**studente geskep word. Reeds hier moet melding gemaak word van samewerking met die VGKSA op alle vlakke vanuit die droom van een herenigde kerk.

**7.1.2 INLIGTING**
**7.1.2.1 Samestelling**
Die Kuratorium word saamgestel uit 10 lede van die Sinode van die NG Kerk in SA en een verteenwoordiger uit elk van die ander sinodale gebiede. Die voorsitter van die NG Kerk Dosenteraad dien ampshalwe op die Kuratorium terwyl die Dekaan van die Teologiese Fakulteit van Stellenbosch met adviserende stem dien. Die Kuratorium verrig sy take en dienste deur middel van die volgende subkommissies: Dagbestuur, Begeleidings-, Beurse- en Proponentskommissie.

**7.1.2.2 Studentegetalle**

Studentegetalle NG Kerk 2009-2011:

| NGK | 2009 | 2010 | 2011 |
|---|---|---|---|
| BTH I | 14 | 12 | 14 |
| BTH II | 18 | 14 | 11 |
| BTH III | 19 | 18 | 12 |
| BTH IV | 10 | 19 | 18 |
| MDIV | 14 | 10 | 17 |
| LISENSIAAT | 5 | 14 | 9 |
| **Totaal** | **80** | **87** | **82** |

**7.1.2.3 Dosente**
Die volgende dosente is tans betrokke by Teologiese Opleiding: *Dekaan*: prof Nico Koopman; *Sistematiese Teologie*: proff Nico Koopman, Dirkie Smit, drr Clint le Bruyns, Gerrit Brand; *Kerkreg en Kergeskiedenis*: drr Robert Vosloo, Mary-Anne Plaatjies van Huffel; *Ou Testament*: proff Hendrik Bosman, Louis Jonker, Julie Claassens; *Nuwe Testament*: proff Elna Mouton, Jeremy Punt; *Praktiese Teologie*: proff Kalie August, Johan Cilliers, drr Ian Nell, Christo Thesnaar, me Elmé Bosman; *Missiologie*: dr Xolile Simon; *Jeugwerk*: dr Anita Cloete, me Chantelle Weber.

**7.1.3. ENKELE WESENLIKE SAKE RAKENDE TEOLOGIESE OPLEIDING**

**7.1.3.1 Deurlopende besinning**
Die Kuratorium is daarvan oortuig dat 'n grondige praktykgerigte teologiese opleiding onontbeerlik is vir 'n predikant in die NG Kerk. Die Kuratorium werk daarom aktief mee aan teologiese opleiding wat beantwoord aan die eietydse behoeftes van die NG Kerk en wat voornemende predikante so goed as moontlik toerus vir die uiteenlopende eise en uitdagings van die gemeentebediening. Daarby is die Kuratorium daarvan oortuig dat spesifiek teologiese opleiding een van dié terreine is waar die NG Kerk vandag 'n belangrike bydrae in breër verband kan lewer. Ons glo met beskeidenheid dat die NG Kerk oor die teologiese kundigheid beskik wat, as dit verbeeldingryk aangewend word, 'n verskil kan maak oor denominasionele en geografiese grense heen.

Met die oog op die realisering van hierdie visie – toerusting vir eie behoeftes en dienslewering na buite – is daar die afgelope termyn herbesin oor die aard en effektiwiteit van teologiese opleiding. Die Kuratorium het veral nagedink oor die Aanvullende Kerklike Opleiding waarvoor die Kuratorium verantwoordelikheid aanvaar en wat studente beter sal toerus en blootstel aan die praktyk van kerklike bediening. Op Algemene Sinodale vlak het die aanvaarding van die A tot Z-Beleid aangaande Predikante verder ook implikasies vir die teologiese opleiding ingehou.

**7.1.3.2.Betrokkenheid by gemeentes**
Een aspek van die diens wat die Kuratorium wil lewer, is om toe te sien dat die opleiding van predikante so ver moontlik aan die behoeftes en verwagtinge van die kerk voldoen.

Dit is daarom wesenlik belangrik dat teologiese opleiding deurgaans in voeling sal bly met die praktyk van gemeentebediening. Met die oog daarop is die band tussen die Kweekskool en gemeentes op verskeie maniere versterk. Van teologiese studente word byvoorbeeld verwag om gedurende hulle studiejare aktief by gemeentes betrokke te wees. Hierdie aspek geniet nog verdere aandag binne die Aanvullende Kerklike Opleiding waar die oogmerk is om die studente tydens hulle studiejare aan bepaalde gemeentes te koppel. Die inkleding van die finale jaar (Lisensiaat) as 'n Gemeente- of Praktykjaar blyk ook 'n groot sukses te wees.

Voortgesette Bedieningsopleiding kyk verder daarna om op praktiese maniere die band tussen teologiese opleiding en voortgesette opleiding te versterk. Dit kan net tot wins vir teologiese studente wees om op hierdie manier, as deel van hulle kursus, groter blootstelling te kry aan die ervaringe en behoeftes van gemeentes en predikante in die bediening, asook aan die kursusse wat deel sal uitmaak van VBO.

**7.1.3.3. Samewerking met die VGKSA**
Die verskuiwing van die teologiese opleiding van die VGKSA in 2000 vanaf die Universiteit van Wes-Kaap na Stellenbosch was vir die Fakulteit Teologie en die Kweekskool in alle opsigte 'n wins.

Die gesamentlike teologiese opleiding by die Kweekskool is vir die studente van beide kerke 'n verrykende ervaring, en in verskeie opsigte 'n waardevolle belegging vir die toekoms. Die studente leer mekaar ken, vorm vriendskapsverhoudinge, slyp mekaar binne die klassituasie en word spontaan deel van die dinamika van die herenigingsproses.

’n Samewerkingsooreenkoms tussen die twee kuratoria is opgestel en die twee dagbesture is gevra om verder aan die ooreenkoms te werk en te implementeer. Hierdie ooreenkoms is in 2010 beide deur die Moderamen van die NG Kerk in SA en die Sinode Kaapland van die VGKSA aanvaar. Die onderskeie dagbesture vergader maandeliks gesamentlik en afsonderlik en die subkommissies van die onderskeie kuratoria is besig om hulle werksaamhede gesamentlik nader aan mekaar te bring. ’n Gesamentlike legitimasieplegtigheid word jaarliks in November gehou.

MP Sahd (Waarnemende PSD: Teologiese Opleiding)

## 7.2 PRETORIA

**7.2.1 INLEIDING**
Die teologiese opleiding van die NG Kerk het by die Universiteit van Pretoria in 1938 begin as Afdeling B van die Fakulteit Teologie. Afdeling A was die deel waarin die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA) gesetel was. In 2000 het die twee afdelings saamgesmelt in een Teologiese Fakulteit aan UP. Sedertdien het ook die Uniting Presbyterian Church of Southern Africa (UPCSA) ’n vennoot geword. Binnekort word twee ander ooreenkomste gesluit, een met ’n deel van die Lutherse Kerk en een met die VGKSA. Die Teologiese Fakulteit aan UP is ’n multikerklike fakulteit waar elke kerklike vennoot in samewerking met die ander vennote sy voornemende predikante oplei. Daar is tans tien dosente wat deur die NG Kerk beroep en aangestel is. Van die diversiteitsaanstellings is twee ook gelegitimeerdes van die NG Kerk. Dit bied aan die NG Kerk die unieke geleentheid om binne 'n breëre teologiese raamwerk genoegsaam aandag te kan gee aan die vorming van ons eie studente met die oog op die bediening in die NG Kerk

**7.2.2 OOREENKOMS**
Op 8 Julie 2009 is ’n nuwe ooreenkoms met die Universiteit van Pretoria gesluit. As ’n belangrike vennoot aan die Fakulteit Teologie dra die vier noordelike sinodes 30% by tot die pakkette van tien dosente van die NG Kerk. Hierdie nuwe ooreenkoms het geen einddatum nie maar is slegs onderworpe aan ’n driejaar-opseggingsperiode deur enige een van die partye. Die Kuratorium is baie dankbaar vir die ruimte wat die Universiteit van Pretoria aan die Kerk bied om onder gunstige voorwaardes die teologiese opleiding van sy predikante aan UP te kan voortsit.

**7.2.3 DOSENTE**
Die volgende tien dosente van die NG Kerk is tans betrokke by die teologiese opleiding: prof JC (Julian) Müller (vise-dekaan en hoof van die Departement Praktiese Teologie); prof DJ (Dirk) Human en dr EE (Sias) Meyer (Ou Testamentiese Wetenskap); prof GJ (Gert) Steyn en dr J (Kobus) Kok (Nuwe Testamentiese Wetenskap); prof DP (Danie) Veldsman en dr W (Willem) Fourie (Departement Dogmatiek en Christelike Etiek); prof CJ (Cas) Wepener (Departement Praktiese Teologie); prof CJP (Nelus) Niemandt (Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap) en dr JM (Johan) van der Merwe (Departement Kerkreg en Kerkgeskiedenis). Hierbenewens is die twee dosente wat deur UP aangestel is, prof A (Alphonso) Groenewald (Ou Testament) en dr J (Johann) Meylahn (Praktiese Teologie) ook gelegitimeerdes van die NG Kerk. Prof JG (Jan) van der Watt (NT) het sedert die vorige Algemene Sinode uit diens van UP getree en proff JH (Jurie) le Roux (OT), CJ (Conrad) Wethmar en DE (Etienne) de Villiers (beide Dogmatiek en Christelike Etiek) en CJA (Cas) Vos (Praktiese Teologie) het geëmeriteer.

Prof J Buitendag is sedert Maart 2010 die dekaan van die Fakulteit Teologie aan UP. Die ander personeel is: dr J Beyers (Godsdiens- en Sendingwetenskap), prof Y Dreyer (Praktiese Teologie), prof E van Eck (Nuwe Testament) en prof PM Venter (Ou Testament) – almal van die NHKA. Vanuit die UPCSA is daar proff G Duncan (Kerkreg en Kerkgeskiedenis) en MJS Masango (Praktiese Teologie). Die ander personeel prof ST Kgatla (Godsdiens- en Sendingwetenskap) van die VGKSA, drr E Mahlangu (Nuwe Testament) en VS Vellem (Dogmatiek). Dr Gerda de Villiers is medeverantwoordelik vir die webblad www.teo.co.za terwyl prof Dirk Human die redakteurskap van die wetenskaplike tydskrif Verbum et Ecclesia hanteer waarby die kerk ten nouste gemoeid is.

**7.2.4 STUDENTE**
Daar studeer vanjaar 192 studente van die NG Kerk aan die Teologiese Fakuteit waarvan 41 eerstejaars, 40 tweedejaars, 26 derdejaars, 32 vierdejaars, 25 vyfdejaars en 28 sesdejaars is. Dit is 'n verblydende kenmerk dat tussen vyf-en-twintig tot dertig persent van die studente van die NG Kerk dames is. Heelwat studente wat aanmeld, waarvan ’n groot aantal ook skoolleiers was, kwalifiseer om enige rigting op universiteit te kan studeer.

Die afgelope paar jaar is die volgende aantal persone gelegitimeer (die getal tussen hakkies is persone wat Colloquium Doctum afgelë het): 2007: 21 (6); 2008: 23 (8); 2009: 29 (4); 2010: 25 (8).

**7.2.5 KURRIKULUM**
Die afgelope paar jaar is gewerk aan 'n nuwe kurrikulum vir teologiese opleiding en dit is aan die begin van 2010 geïmplementeer. Die teologiese opleiding is steeds 'n vierjarige B-graad, gevolg deur twee ekstra jare. Die presiese benaming van die nuwe gradestruktuur moet nog in oorleg met die ander universiteite uitgewerk word.

**7.2.6 SENTRUM VIR BEDIENINGSONTWIKKELING (OOK GENOEM EXCELSUS).**
Die Sentrum vir Bedieningsontwikkeling (SBO) gee veral aandag aan die aanvullende kerkeie opleiding van ons studente en die Voortgesette Bedieningsontwikkeling van ons predikante en lidmate.

Die afgelope paar jaar is baie moeite gedoen met die kerkeie komponent van die teologiese opleiding, Vir hierdie aanvullende gedeelte van die teologiese opleding van alle derde tot sesdejaar studente van die NG Kerk is die deeltydse dienste van dr Lourens Bosman Ingekoop. Die deeltydse dienste van dr Ferdie Clasen is vir die uitbouing van die Voortgesette Bedieningsontwikkeling bekom. Hy kon reeds baie vermag met die aanbied en verder uitbouing van VBO-kursusse, asook die Lentekonferensie wat oorspronklik onder leiding van prof Malan Nel begin is. Daar word tans hard gewerk aan die uitbreiding van ons ooreenkoms met die Universiteit met betrekkng tot SBO en om die twee poste in een voltydse pos te kombineer.

PR du Toit (Skriba)

## 7.3 BLOEMFONTEIN

**7.3.1. INLEIDING**
As jongste van die opleidingsentra wat deur die NG Kerk gebruik word, is die Kuratorium dankbaar oor die vestiging van die Fakulteit Teologie in die sentrale streek van die land 31 jaar gelede. Ons glo dat die Here in die Vrystaat 'n besondere Emmaus-pad van openbaring, geloofsversterking, toerusting en bemagtiging vir diens met sy kerk stap deur middel van die Fakulteit wat in terme van kwaliteit teologie, asook sy invloedsfeer wêreldwyd en plaaslik, besig is om mooi te ontwikkel. Al vier die kerke van die NG Kerkfamilie (asook 'n groot aantal ander kerke) laat doen tans hul opleiding hier waar die Universiteit homself sien as laboratorium vir versoening.

**7.3.2. VERHOUDING TUSSEN KERK EN DIE UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT**
Die verhouding met die Universiteit en sy Teologiese Fakulteit is gekonstitueer deur 'n formele ooreenkoms wat tans steeds vir die NG Kerk baie voordelig is met baie inspraak in die opleiding en aanstelling van personeel. Ons is oortuig dat dit steeds die beste wyse vir opleiding vir die NG Kerk hier plaaslik is. Heerlike samewerking bestaan tussen die NG Kerk, sy Kuratorium, die Fakulteit Teologie, Universiteit Vrystaat en kerklike vennote.

**7.3.3. PERSONEEL**
Die doserende personeel, vanuit verskillende kerke en met verskille kategorieë aanstellings, het gegroei tot 'n dinamiese span wat vanuit 7 departemente werk:
* Dogmatologie: prof Rian Venter en prop Anlené Taljaard;
* Ekklesiologie: prof PJ Strauss en me Helené van Tonder (VGKSA);
* Nuwe Testament: proff HC van Zyl en DF Tolmie (huidige dekaan);
* Ou Testament: prof SD Snyman;
* Praktiese Teologie: proff J Schoeman, J-A van den Berg, ds KJ Pali (NGKA);
* Sendingwetenskap: prof P Verster;
* Religiekunde: ds M Sukdaven (RCA).

Prof RM Britz is geaffilieerde professor in Kerkgeskiedenis en ook direkteur van die onlangs gestigte Yale-UV Jonathan Edwards Sentrum vir Afrika. Dr GP Botha is Direkteur by die Sentrum vir die Begeleiding vir Geestelike Leiers (Shepherd) wat ook kerk se VBO-agent is. Dr Lyzette Hofmann is Uitvoerende Redakteur van Acta Theologica en ook verantwoordelik vir die bemarking van die Fakulteit. Prop A Labuschagne is die Programdirekteur. Di JJ Botha en MS Mbebe (NGKA) hanteer die Basiskursus in Kerklike Bediening. Ds NF Schmidt doseer Hebreeus en mej A Machin doseer Grieks.

Hierbenewens is daar 26 tydelik-deeltydse dosente uit predikantgeledere wat jaarliks deur die Kuratorium goedgekeur word en op hul spesialisgebiede doseerwerk help doen. Dit bring goeie skakeling en interaksie tussen kerk en akademie. Prof Peter (Heidelberg) is ere-professor in Nuwe Testament. Proff JW Hofmeyr, A Neele (Yale), E de Boer (Kampen) en PGR de Villiers is as buitengewone professore ook van tyd tot tyd betrokke by die onderrig saam met 'n aantal navorsingsgenote verbonde aan verskillende van die departemente.

**7.3.4. STUDENTE**
Die totale getal studente met die oog op die NG Kerk se bediening by die UV is tans 100. Vyf jaar gelede was die

ingeskrewe NG studente by die UV net 57. Dit is 75% styging oor die vyf jaar – waarvoor ons baie dankbaar is! In die junior jaargroepe is die getal dames al meer as die mans.

**7.3.5. KURRIKULUM**
Die nuwe kurrikulum, wat aan die nuwe NKR-vereistes voldoen, is gefinaliseer vir die eerste 4-jarige B Div graad en die eerste studente het vanjaar al daarvoor ingeskryf. Die Kuratorium se vakeksaminatore neem saam met die dosente verantwoordelikheid vir die kurrikuluminhoude. Die kwalifikasieraamwerk en kurrikulum vir die laaste twee jaar van opleiding is nog in onderhandeling maar sal waarskynlik 'n M Div wees (vir studente wat akademies daarvoor kwalifiseer), alternatiewelik 'n Diploma in Teologie, opgevolg met 'n Gemeentejaar wat universitêr-akademies aangevul word. Die Kuratorium se versoek is dat dit nie enigsins minder blootstelling as in die verlede mag behels nie. Die Gemeentejaar is 'n puik ontwikkeling in die opleiding.

**7.3.6. AANVULLENDE KERKEIE OPLEIDING**
Gegewe die multi-denominasionele opleiding aan al die sentra is dit onmoontlik vir die dosente om alles vir al die kerke te wees. Daarom het die behoefte aan aanvullende kerkeie opleiding daartoe gelei dat 'n program daarvoor deur die Kuratorium geloods is. Dit voorsien 'n kanaal vir die kerk om 'n wye verskeidenheid van insette te lewer op die vlak van waardes, spiritualiteitsvorming, emosionele en geestelike volwassenheid, karakter- en persoonsvorming, vaardighede en kontekstuele sensitiwiteit.

Die Kuratorium is daaroor besorg dat 'n prakties-haalbare kanaal vir opleiding van tweedeloopbaanstudente nie in die kerk gevestig kan word nie.

Ons vertrou dat die Here van Sy kerk die opleiding hier nog baie sal seën in diens van Kerk en Koninkryk.

RR Botha (Skriba)

## 8. TWEEDELOOPBAANSTUDENTE
Een van die groot probleme bly die feit dat die huidige geïntegreerde kursus dit baie moeilik, indien nie onmoontlik, maak vir tweedeloopbaanstudente om die voorgeskrewe kursus by een van die drie opleidingssentra te kom loop. Voeg hierby die feit dat die bestaande voorgeskrewe vereistes (soos verwoord in die huidige Reglement 12) baie onbuigsaam en voorskriftelik voorkom.

Daar bly beperkte erkenning vir voorafgaande leer. Dit is almeer duidelik dat tweedeloopbaanstudente se voorafopleiding en ondervinding eerder volgens gewig gemeet moet word as wat dit met jare opleiding gemeet moet word.

Die stellige verwagting is dat met die totstandkoming van 'n Algemene Kuratorium daar groter soepelheid hieroor kan kom. Dit kan ook daartoe lei dat die Algemene Kuratorium geleidelik self die Algemene Sinode kan inlig oor wat behoort te kan geskied.

## 9. VBO-VERSLAG
**VERSLAG OOR UITROL VAN A TOT Z-BELEID AANGAANDE PREDIKANTE VAN DIE NG KERK EN VOORTGESETTE BEDIENINGSONTWIKKELING**

**9.1 VERLOOP SEDERT DIE ALGEMENE SINODE 2007**
Gedurende die Algemene Sinode 2007 is die volgende besluit geneem: PREDIKANTE A tot Z (vgl Agenda Deel I bl 132, A.3.1 Verslag van die Moderamen pt 4.3 (vgl Moderamen Bylaag 3 bl 232), Agenda Deel II bl 21 asook Agenda Deel III (Aanvullende Verslae) A.3.1 bl 10) (Notule bl 111):

*"1. Die Algemene Sinode keur die A tot Z-Handleiding en -Beleid goed met inagneming van die besluit tov hoofstuk 6.*
*2. Die Algemene Sinode keur die aanbevelings tov die inwerkingstelling/ strategie van die A tot Z in Afdeling C goed:*
*1 MOONTLIKHEDE EN UITKOMSTE VAN DIE INWERKINGSTELLING VAN DIE BELEID*
*Die volgende word as moontlike medium- en langer-termyn uitkomste en voordele aanvaar:*
*1.1 Die beleid kan roepingsherstel dien.*
*1.2 Dit kan lei tot meer effektiewe bediening.*
*1.3 Dit kan bedieningsvreugde dien en onderhou.*
*1.4 Dit kan teologiese refleksie herstel en bevorder*
*1.5 Dit kan die gehalte van dominees net nog meer verbeter en dien*
*1.6 Dit kan korporatiewe eienaarskap vir die bediening deur die predikante korps bevorder*
*1.7 Dit kan onderlinge ondersteuning bevorder*
*1.8 Dit kan die verdieping en verbreding van teologiese denke in die NG kerk bevorder*

*1.9 Dit kan dinamiese, gemeenskapsgerigte gemeentes vorm en bemagtig*
*1.10 Dit kan gemeentes blootstel aan mense in teologiese opleiding*
*2. STRATEGIE*
*2.1 Die Algemene Sinode erken en bevestig dat die beleid slegs kan slaag wanneer sinodes, ringe en gemeentes eienaarskap vir die inwerkingstelling aanvaar.*
*2.2 Die Algemene Sinode bevestig dat hierdie beleid slegs deur 'n proses van oorlegpleging met alle rolspelers in werking gestel kan en sal word.*
*2.3 Die Algemene Sinode versoek die A tot Z-Taakgroep om alle belangegroepe saam te roep (2.3) ten einde saam na te dink oor die beste wyse van die inwerkingstelling in die NG Kerk met besondere verwysing na die befondsing in gevalle waar plaaslike gemeentes nie self tot sodanige opleiding kan bydra nie.*
*2.4 Die Algemene Sinode versoek sinodes om vir hierdie byeenkoms een persoon aan te wys wat saam met die Algemene Sinode se taakgroepe vir Predikantebelange, Bybel-Media, ADGO, VTO-Forum en die saakgelastigdes van sinodes hierdie besinning te doen.*
*2.5 Die Algemene Sinode suggereer die volgende weg nadat voorafgaande plaasgevind het:*
*2.5.1 Die saamstel van sinodale taakspanne wat leiding kan neem om die beleid na ringe en gemeentes deur te voer.*
*2.5.2 Padberade deur die sinodale leierskap (soos deur sinodes besluit)*
*2.5.3 Ringswerkswinkels wat kan saamval met die padberade*
*2.5.4 Aandag aan die opleiding van en voorligting aan Diensverhoudingkommissies"*

Die A tot Z-Taakgroep het op 15 Augustus 2007 vergader om die opdrag van die Algemene Sinode te bespreek en te beplan oor die beste wyse om uitvoering aan die besluit van die Algemene Sinode te gee. By hierdie geleentheid is besluit om ter uitvoering van die besluit van die Algemene Sinode rakende die uitrol van die A tot Z-Beleid aangaande predikante van die NG Kerk 'n byeenkoms van die rolspelers soos deur die Algemene Sinode aangedui, byeen te roep. Hierdie byeenkoms is in oorleg met die kantoor van dr Gerber vir 4 Oktober 2007 in Kemptonpark bepaal. By hierdie geleentheid was al die sinodes deur hulle saakgelastigdes en sinodale verteenwoordigers vir Predikantebegeleiding teenwoordig. Bybel-Media was ook teenwoordig in die persoon van dr Pieter Fourie. By hierdie geleentheid is inligting uitgeruil en strategie beplan. Op voorstel van die sinodale verteenwoordigers is besluit:
1.1 Die uitrol word die verantwoordelikheid van die sinodes om langs die weg wat hulle beste vind die saak en die beleid bekend te stel;
1.2 Die taakgroep van die Algemene Sinode moet in samewerking met die taakgroep vir Predikantebegeleiding van die Algemene Sinode die nodige materiaal voorberei.

Ter uitvoering van hierdie tweede besluit het die taakgroep vir die A tot Z-Beleid saam met dr Theo Swart (voorsitter van die taakgroep Predikantebegeleiding van die AS) en ds Peet Neethling (Bybel-Media) op 1 Febr 2008 in Pretoria vergader. Die Taakgroep het ook op 6 Maart 2008 saam met lede van die Taakspan Regte en die Algemene Sekretaris vergader om die strategie te verduidelik en leiding te kry oor byvoorbeeld die moontlike sentrale registrasie vir die erkenning vir deelname aan die voortgesette bedieningsontwikkeling – VBO-punte (CPD vir predikante). Die voorsitter van die A tot Z-Taakgroep het ook op 18 Maart 2008 namens die Taakgroep vir dr Gerrit Cloete ontmoet om sekere belangrike sake in die uitrol uit te klaar en op te som.

Namens die Taakgroep was prof Malan Nel ook gereeld in verbinding met dr Theo Swart en ds Peet Neethling wat namens die twee taakgroepe die interaktiewe CD vir die bekendstelling via die sinodes en ringe voorberei het. Op 10 Junie 2008 het die Taakspan Predikantebegeleiding tydens hulle jaarvergadering en waar al die sinodes verteenwoordig was, amptelik die CD aan prof Malan Nel oorhandig en ook die uitrol van die Beleid volgens die riglyne soos ooreengekom, oorgeneem.

**9.2 VBO AS ONDERDEEL VAN DIE A TOT Z-BELEID**
**9.2.1** Namens die Taakgroep A tot Z-Beleid aangaande predikante van die NG Kerk is ook op 18 Februarie 2008 met AKTO (nou ATTO) gesprek gevoer en die beleid en die uitrol daarvan verduidelik. Die indruk was dat ATTO ter vergadering besluit het om die VBO-Forum wat oor jare informeel bestaan het amptelik as taakgroep van ATTO te aanvaar. Die verstandhouding is dat die VBO-Forum die VBO-program koördineer en ontwikkel. Dit is waarmee die Forum hom oor die afgelope jare besig gehou het.
**9.2.2** Die Forum het oor die afgelope twee jaar baie aandag gegee aan wat die waardes is, die behoeftebepalings verfyn en landwyd ontwerpspanne saamgestel om kursusse wat in hierdie behoeftes voorsien, te ontwikkel. By die vergadering in Stellenbosch op 13 en 14 Augustus 2008 is kerninhoude vir ongeveer 20 kursusse in ontvangs geneem en etlike ander is nog in die proses van ontwikkeling. Vir elke ontwerpspan vir 'n driedag-kursus is 'n sameroeper genader en aan elkeen is 'n kernontwerpspan gegee. Tot op datum is 20 kortkursusse langs hierdie weg ontwikkel, 'n kernleerplan en dagskedule gereedgemaak. By die vergadering van die Forum in Junie 2010 is besluit dat hierdie proses voortgaan, maar dat die drie diensverskaffers, ook soos plaaslike behoeftes ontwikkel, self sodanige leerplanne ontwikkel en die kursusse aanbied. Die verstandhouding bly dat elke diensverskaffer hierdie kursusse na die Forum se vergaderings bring of selfs voor die tyd aan die ander twee deurgee ter wille van die verryking van die VBO-progam landswyd.

**9.2.3** By die genoemde vergadering van 13 en 14 Augustus 2008 is vir 'n volle dag saam met verteenwoordigers van sinodes, wat met VBO getaak is, samesprekings gevoer. By hierdie geleentheid is saam besluit op 'n skema waarvolgens erkenning vir deelname aan VBO erken word volgens die ooreengekome vertrekpunt van erkenning volgens die aantal ure van deelname aan opleiding en werkstukke. Hierdie skema van erkenning is intussen verder verfyn na aanleiding van versoeke en soos wat behoeftes ontwikkel het. Die ooreenkoms soos op 24 Maart 2011 goedgekeur, word hierby aangeheg (**Bylaag 2.4**). Die VBO-Forum het ook as deel van sy verantwoordelikheid 'n landwye akkrediteringstaakgroep saamgestel. Hierdie taakgroep bestaan uit predikante en dosente met die reg van koöpsie indien ander vaardighede in die keuring van 'n kursus nodig mag wees.
**9.2.4** Dit het gou duidelik geword dat dit wys is om jaarliks tydens die jaarvergadering van die Algemene Sinode se Taakgroep vir Predikantebegeleiding as uitgebreide taakgroep vir VBO te vergader. Hierdie vergadering van 'n Algemene Taakgroep vir VBO het nou reeds in 2009 en 2010 plaasgevind en so onlangs soos 23 en 24 Maart 2011. Langs hierdie weg het die totale teikengroep van predikante van die NG Kerk via hulle verteenwoordigers insae in en seggenskap oor wat ontwikkel en aangebied word. Die drie diensverskaffers funksioneer as VBO-Forum en hanteer die administrasie en direkte aanbied van die kursusse. Hierdie Forum is oortuig dat die saak van voortgesette bedieningsontwikkeling langs hierdie weg ten beste gedoen word. Verteenwoordigers van die sinodes woon op eie koste hierdie vergadering by.
**9.2.5** Hierdie sinodaal-saamgestelde VBO-Forum het reeds in 2009 vir homself die volgende waardes aanvaar. Hierdie waardes is na aanvaarding so wyd as moontlik bekend gemaak:
**9.2.5.1 Waardes vir Volwasse Onderrig**

<u>KERNWAARDES VIR VBO BINNE VOLWASSE LEER</u>
1. Die lewenslange verdieping van ons kennis en insig in die Evangelie.
2. Die bevordering van ons geestelike groei, roepingsverdieping en persoonsontwikkeling.
3. Die slyping van ons bedieningsvaardighede vir missionêre gemeentes in diens van die Koninkryk.
4 . Die ontwikkeling van die vermoë om teologies te onderskei.
5. Die behoud en bevordering van bedieningsvreugde en bedieningsmoed.

<u>TWAALF GOUE REËLS VAN VOLWASSE LEER</u>
1. Volwasse leer werk die beste as dit nie net op kennis fokus nie, maar deel is van mense se persoonsgroei, selfverstaan en vaardigheidsontwikkeling.
2. Dit is wesenlik dat volwassenes inspraak kry in wat geleer word en ook in die uiteindelike evaluering van die proses.
3. Die meeste volwassenes leer nie vir toekomstige toepassing nie maar vir onmiddellike gebruik.
4. Volwassenes se lewens- en praktykervaring moet erken word as 'n leerbron waaruit geput kan word in die leerproses.
5. Mense, sekerlik ook volwassenes, leer nie almal op dieselfde manier nie - leerstyle verskil.
6. Volwassenes se oriëntasie tov leer is lewensgerig, die leerproses sal moeilik volgehou kan word as volwasse leerders dit nie as sinvol en betekenisvol vir hulle lewens en werk sien nie.
7. Die meeste mense leer die beste in 'n ontspanne en vrye atmosfeer.
8. Navorsing dui daarop dat baie mense ten beste leer in kleiner gemeenskappe of werkgroepe - sg "communities of practice".
9. "Learning is more important than teaching!" Ons moet nie te hoë verwagtings hê van leer as onderrig (teaching) nie; die kernsaak is dat mense soveel en so goed as moontlik leer.
10. Nuwe navorsing wys dat mentorskappe en "coaching"-programme baie effektief is in volwasse leer.
11. Die meeste volwassenes moet leer hoe om sinvol te leer.
12. Daar moet rekening gehou word met volwassenes se weerstand en vrese om op 'n ouer ouderdom weer te leer.

**9.2.5.2 Lang geskiedenis van Verpligting en Afdwingbaar**
Die feit dat hierdie sake deur die aanvaarding van die A tot Z-Beleid na vore gestoot is, is natuurlik nie die volle waarheid nie. Reeds by die Algemene Sinode van 1978 is besluit: *"Die Algemene Sinode beklemtoon die noodsaaklikheid van voortgesette indienstoerusting van predikante. Die Sinode oordeel dat sodanige toerusting as verpligtend vir alle predikante, op koste van kerkrade, in werking gestel moet word en dra dit aan die AKAE op om dit in oorleg met die kuratoria van die teologiese inrigtings op vaste grondslag te organiseer." (Acta Algemene Sinode 1978, bl. )*

Buiten hierdie besluit wat die Algemene Sinode by herhaling geneem het, is ook in 2002 besluit: *"5. Die Algemene Sinode besluit om 'n punt 8 in te voeg by die legitimasie-eed (Agenda, bl. 375), nl. "8: dat ek myself verbind tot voortgesette teologiese opleiding"* (Acta, Algemene Sinode 2002, bl. 633).

**9.3 SENTRALE REGISTRASIE VAN ERKENNING VIR DEELNAME**
Na afloop van die vorige Algemene Sinode moes die Taakspan vir VBO besluit hoe die deelname aan VBO deur predikante gedokumenteer gaan word. By Excelsus en Communitas was daar reeds sisteme hiervoor gevestig. Omdat Shepherd toe pas gestig is, was dit daar moontlik om na verskeie opsies te kyk ten einde hierdie oogmerk te bereik. Shepherd maak dan 'n keuse om 'n reeds bestaande sisteem binne die gevestigde "CPD" (Continuing

Professional Deverlopment) by ander professionele beroepe te benut. So begin onderhandelings met die direkteure van CPD Solutions, 'n webgebaseerde sisteem waar "CPD" punte, en in ons geval VBO punte, op die webbladsy of dmv "sms'e" aangeteken kan word. Shepherd gebruik hierdie sisteem gedurende 2008 op 'n proefbasis. Die direkteure van CPD Solutions bied die sagteware en gebruik van die webbladsy gratis vir die NG Kerk aan, en 'n ooreenkoms met slegs 'n koste-implikasie vir die daaglikse bedryf word tussen CPD Solutions en Shepherd gesluit. Dit beteken dat die program nie gekoop hoef te word nie. Vanaf 2009 begin Excelsus en daarna Communitas die stelsel gebruik. Gedurende 2009 besluit die Taakspan vir VBO dat CPD Solutions die enigste wyse is waarop deelname aan VBO in die toekoms gedokumenteer sal word en dat Shepherd vir die beryf hiervan verantwoordelikheid sal neem. Alle diensverskaffers tree dan met Shepherd in verbinding ten einde kodes aan te vra en kursusse te akkrediteer. Ten tye van hierdie verslag is daar 47 000 unieke VBO punte gedokumenteer. Daar is 928 unieke gebruikers. Aan die einde van 2010 is die eerste Kruisgewys gepubliseer waar deelnemers punte kon verdien deur 'n meerkeusige vraelys met sms'e te beantwoord. Aangesien die stelsel oor verskillende funksies beskik om die behoeftes van CPD soos dit internasionaal bedryf word te hanteer, is die toekomstige moontlikhede vir VBO onbeperk.

**9.4 AANBIEDINGE LANDSWYD**
Die volgende syfers is 'n aanduiding van die ondersteuning van kursusse. Dit moet ook in gedagte gehou word dat sommige persone meer as een kursus of konferensie bygewoon het:
Communitas: 2008: 452; 2009: 571; 2010: 365
Excelsus: 2008: 300; 2009: 650; 2010: 1100
Shepherd: 2008: 288; 2009: 432; 2010: 576.

Die getalle hierbo onderstreep duidelik dat baie leraars kursusse by die onderskeie diensverskaffers bygewoon het – baie dikwels ook oor sinodale grense heen! Tydens 'n vergadering van die VBO-Forum het die sinodale verteenwoordigers met groot stelligheid verklaar dat daar uit elke sinodale streek 'n groot persentasie leraars is wat die kursusse bygewoon het hoewel hulle uiteraard nie oor die presiese getalle uit elke sinodale streek beskik nie.

**9.5 ALGEMENE OPMERKINGS**
**9.5.1** Na aanleiding van die vergadering wat op 23 en 24 Maart 2011 te Kemptonpark gehou is, is dit geregverdig om die volgende te konstateer: Al 10 sinodes het uit hulle verslae laat blyk dat die gesindheid van die oorgrote meerderheid predikante oor die afgelope vier jaar baie positief verander het. Een voorbeeld hiervan is ook die feit dat al die sinodes erkenning gegee het aan die rol wat ringsverteenwoordigers hierin gespeel het.
**9.5.2** Hoewel daar steeds kritiese en soms ook negatiewe vrae gevra word oor die verpligte en afdwingbare karakter, is die algemene gevolgtrekking van die sinodale verteenwoordigers en die diensverskaffers dat dit beslis afgeneem het.
**9.5.3** Dit is die ervaring dat binne die taakgroepe van die Algemene Sinode daar 'n sensitiwiteit is vir die saak van die versorging en ontwikkeling van predikante asook 'n gewilligheid om saam te dink oor hoe die implikasies van die A tot Z-Beleid aangaande predikante van die NG Kerk kerkordelik billik verwoord kan word.
**9.5.4** Die A tot Z-Beleid het 'n momentum meegebring tov die erns waarmee die predikant begelei word gedurende die hele periode vanaf sy/haar roeping tot aftrede. Daar kan aanvaar word dat die NG Kerk sy voet op 'n pad gesit het wat die hele saak van roepingsbewustheid en roepingsonderskeiding positief gedien het.
**9.5.5** Die vergadering was ook onder die indruk dat daar 'n groeiende gewilligheid is om fondse en maniere te vind om die voortgesette bedieningsontwikkeling finansieel te ondersteun.
**9.5.6** Daar was ook die duidelike behoefte dat diensverhoudingekommissies 'n behoefte het om begelei en opgelei te word rakende die bedieningsontwikkeling van predikante in diens van die gemeente.

**9.6 AANBEVELINGS: VBO**
**Die Algemene Sinode**
**9.6.1 neem met dank kennis van die goeie vordering wat gemaak is met die implementering van die sinodebesluite van 2007 oor Voortgesette Bedieningsontwikkeling as deel van die beleid vir die bedieningsvreugde van predikante. Beskikbare informasie dui daarop dat tussen 70-80% van die leraars reeds ingeskakel het by die program en dat die kursusse oor die algemeen baie positief beoordeel word.**
**9.6.2 bedank sinodes, gemeentes en die VBO-instansies (Communitas, Excelsus en Shepherd) vir hulle gesindheid en vir die werk wat hulle gedoen het om van die program 'n sukses te maak.**
**9.6.3 bevestig sy verbintenis om die besluite oor Voortgesette Bedieningsontwikkeling verder deur te voer as 'n uitvloeisel van die NG Kerk se beleid vir predikante, die belangrikheid van teologiese opleiding en vorming en twv die professionaliteit van ons beroep.**
**9.6.4 doen 'n ernstige beroep op leraars om in die lig van die verpligte aard van Voortgesette Bedieningsontwikkeling self verantwoordelikheid vir hulle bedieningsvreugde en voortgesette bedieningsontwikkeling te aanvaar.**
**9.6.5 versoek sinodes, verantwoordelike kommissies of taakspanne en die huidige drie instansies vir Voortgesette Bedieningsontwikkeling om ernstig aandag te gee aan die gehalte en toepaslikheid van die kursusse, deeglik kennis te neem van leraars en gemeentes se behoeftes en soepel te wees in hul toepassing en implementering van die program.**

**9.6.6 herbevestig dat hierdie program afhanklik is van die verhoudings binne, onderlinge sorg en toesig van ringe. Die Algemene Sinode versoek sinodes om in oorleg met die ringe soepel te wees in hul toepassing en implementering van die program terwyl daar met erns gewerk word aan die noodsaak van hierdie bedieningsontwikkeling vir die behoud van bedieningsbevoegdheid.**
**9.6.7 doen 'n beroep op die sinodes, ringe en gemeentes om indien enigsins moontlik medeverantwoordelikheid vir die voortgesette bedieningsontwikkeling van predikante wat aan die program deelneem, te aanvaar.**

DJ Dreyer (Voorsitter)
PR du Toit (Skriba)

## BYLAAG 2.1

# GEWYSIGDE ARTIKEL 5 VAN DIE KERKORDE

**Artikel 5**
**5.1** Vir die toelating tot die bediening van die Woord word vereis:
**5.1.1** geskiktheid vir die amp;
**5.1.2** deeglike teologiese opleiding; en
**5.1.3** ondertekening van die legitimasieverklaring waarin die ondertekening van die Formuliere van Eenheid vervat is.

**5.2** Die Algemene Sinode bepaal die vereistes vir die opleiding, die aard en die toesig daaroor en die plekke waar dit moet geskied op aanbeveling van die Algemene Kuratorium.
**5.2.1** Die Algemene Kuratorium word saamgestel deur die Algemene Sinode volgens die Reglement vir die Algemene Kuratorium.

**5.3** Wanneer meer as een sinode om historiese of ander redes by ’n plaaslike kuratorium betrokke is, reël die betrokke sinodes onderling die wyse waarop die kuratorium saamgestel word. Ander sinodes het die reg om op eie koste elk een verteenwoordiger in die kuratorium te benoem.
**5.3.1** Die sorg vir, asook die beheer en toesig oor die opleiding van evangeliedienaars word deur ’n plaaslike kuratorium behartig.
**5.3.2** Die plaaslike kuratorium is verantwoordelik vir die keuring, begeleiding, toesighouding oor, eksaminering en aanbeveling vir toelating tot die evangeliebediening van teologiese studente. Hierdie verantwoordelikhede kan namens die kuratorium deur (’n) kommissie(s) van die kuratorium behartig word.
**5.3.3** Die NG Kerkdosenteraad is meer bepaald vir die akademiese opleiding van die studente verantwoordelik.
**5.3.4** Een lid van die NG Kerkdosenteraad het met adviserende stem sitting in die plaaslike kuratorium.

**5.4** Die kuratorium benoem ’n Proponentskommissie wat bestaan uit soveel lede as wat hy nodig ag uit bevoegde persone voorgelê aan die kuratorium deur die onderskeie sinodes en wat nie noodwendig lede van die kuratorium hoef te wees nie. Die Proponentskommissie het as opdragte:
**5.4.1** Die keuring en aanbeveling by die kuratorium van kandidate ná voltooiing van hul teologiese studies.
**5.4.2** Die afneem van colloquium doctum.

## BYLAAG 2.2

# VOORGESTELDE REGLEMENT VIR DIE KURATORIA VIR TEOLOGIESE OPLEIDING

In die teologiese opleiding word daar onderskei tussen die verantwoordelikhede van 'n algemene en 'n plaaslike kuratorium.

## 1. ALGEMENE KURATORIUM (AK).

### 1.1 SAMESTELLING

**1.1.1** Twee verteenwoordigers (met sekundi) van elke plaaslike kuratorium (wat bestaan te Stellenbosch, Pretoria en Bloemfontein), verkieslik die voorsitter en skriba;
**1.1.2** Elke sinode, wat nie reeds deur 1.1.1 hierbo verteenwoordig is nie, het die reg om op eie koste 'n verteenwoordiger aan te wys (Dit sluit nie verteenwoordiging by 'n plaaslike kuratorium uit nie);
**1.1.3** Die voorsitters van die NG Kerkdosenterade (of sekundi) aan die onderskeie sentra.
**1.1.4** Die aktuarius van die Algemene Sinode (of sekundus) – adviserend op versoek.
**1.1.5** Die voorsitter (of sekundus) van die Voortgesette Bedieningsontwikkelingsforum.
**1.1.6** Die Familie van NG kerke het die reg om op eie koste 'n adviseur te benoem.
**1.1.7** Twee studenteverteenwoordigers van die instelling waar die vergadering gehou word as adviseurs.

### 1.2 OPDRAG EN VERSLAG VAN ALGEMENE KURATORIUM

**1.2.1** Die Algemene Kuratorium sien om na die teologiese opleiding en adviseer die Algemene Sinode in verband met die beleid wat gevolg moet word ten opsigte van teologiese opleiding in die lig van die A tot Z-Beleid.
**1.2.2** Die Algemene Kuratorium koördineer en bespreek sake van gemeenskaplike belang vir die onderskeie teologiese opleidingsentra soos deur die Algemene Sinode en/of deur die kuratoria na hom verwys en gee daaroor leiding.
**1.2.3** Die Algemene Kuratorium mag gebruik maak van taakgroepe om hom van advies te bedien rakende enige aspek van teologiese opleiding, kurrikulum, begeleiding, die uitvoering van beleid asook die versekering van gelykwaardige opleiding binne die geledere van die NG Kerk.
**1.2.4** Die Algemene Kuratorium bepaal die bestek vir colloquium doctum. Die plaaslike kuratorium sorg vir die uitvoering daarvan.
**1.2.5** Die Algemene Kuratorium het in geval van verdienstelike aansoeke vir legitimasie 'n diskresie om 'n besluit te kan neem oor 'n aanbeveling ten opsigte van aanvullende studie en/of aanbeveling vir legitimasie.
**1.2.6** Die Algemene Kuratorium het 'n diskresie rakende die vereistes vir die (aanvullende) opleiding van tweede loopbaan-aansoekers.
**1.2.7** Elke plaaslike kuratorium behou selfstandigheid soos deur die betrokke sinode(s) bepaal en lewer verslag aan die betrokke sinode(s).
**1.2.8** Die onderskeie kuratoria dien hul verslae met die oog op die voorlegging van een samevattende verslag aan die Algemene Sinode by die Algemene Kuratorium in. Hierdie samevattende verslag mag redaksionele en formele veranderinge behels maar mag dit nie inhoudelik wysig nie.
**1.2.9** Die Algemene Kuratorium hou register van alle studente wat gekeur is vir die teologiese opleiding.

### 1.3 KONSTITUERING EN VERGADERINGS VAN DIE ALGEMENE KURATORIUM

**1.3.1** Vergaderings word minstens een maal per jaar gehou.
**1.3.2** By die eerste vergadering na 'n Algemene Sinode word die vergadering gekonstitueer onder voorsitterskap van 'n sameroeper soos deur die Algemene Sinode aangewys.
**1.3.3** 'n Voorsitter en skriba word verkies uit die lede van die vergadering.

## 2. PLAASLIKE KURATORIA

### 2.1 SAMESTELLING VAN PLAASLIKE KURATORIA

Die plaaslike kuratorium word saamgestel soos die betrokke sinode(s) dit goedvind. 'n Sinode wat nie direk betrokke is by die plaaslike kuratorium nie sou kon volstaan met die betrokkenheid by die Algemene Kuratorium of desverkiesend ook steeds die geleentheid hê om 'n plaaslike kuratorium se vergaderings by te woon. Die NG Kerkdosenteraad word verteenwoordig deur die voorsitter (of sy/haar sekundus)

### 2.2 OPDRAG EN VERSLAG VAN DIE PLAASLIKE KURATORIA

Die plaaslike kuratorium hanteer:
**2.2.1** die uitvoering van die NG Kerk se beleid in lyn met die Algemene Sinode se besluite en die van die plaaslike sinode(s);
**2.2.2** alle sake van studente wat insluit die keuring, versorging en begeleiding (vgl A tot Z-Beleid);

**2.2.3** die plaaslike sake wat verband hou met die teologiese opleiding (insluitend die kerkeie of aanvullende kerkeie opleiding);
**2.2.4** die onderhandelinge en ooreenkomste met die plaaslike universiteit en ander instansies;
**2.2.5** die beroeping (of aanstelling) van kerklike dosente en hulle kerklike versorging;
**2.2.6** die akkreditering van alle dosente wat betrokke is by die opleiding van NG Kerkstudente;
**2.2.7** die aanwysing van kommissies (taakspanne) wat behulpsaam kan wees met die keuring, begeleiding, en aanbeveling vir legitimasie van afgestudeerde studente;
**2.2.8** die mede-toesig oor die uitvoering van Voortgesette Bedieningsontwikkeling;
**2.2.9** die uitbouing van interkerklike en ekumeniese verhoudinge ten opsigte van teologiese opleiding.

## BYLAAG 2.3

# REGLEMENT VIR DIE REËLING VAN DIE OPLEIDING EN LEGITIMASIE VAN EVANGELIEDIENAARS

## 1. OOREENKOMS MET DIE UNIVERSITEIT
Die opleiding van predikante vir die NG Kerk geskied aan die teologiese fakulteite van die Universiteite van Stellenbosch, Pretoria en Bloemfontein en word by wyse van skriftelike ooreenkomste tussen die betrokke sinode(s) en universiteite bepaal op voorwaarde dat dit nie in stryd is met die besluite van die Algemene Sinode soos in hierdie Reglement vervat nie.

## 2. SAMESTELLING EN FUNKSIES VAN DIE KOMMISSIES EN TAAKSPANNE BETROKKE BY DIE TEOLOGIESE OPLEIDING

### 2.1 DIE ALGEMENE KURATORIUM (AK)
Die Algemene Kuratorium is die taakspan van die Algemene Sinode wat die oorhoofse verantwoordelikheid dra vir teologiese opleiding (sien Reglement vir die Kuratoria vir Teologiese Opleiding). Die samestelling geskied volgens die Reglement vir die Kuratoria vir Teologiese Opleiding. Die AK kan eie taakspanne aanwys (byvoorbeeld vir kurrikulering) ten einde van raad bedien te word. Die AK wys ‘n dagbestuur aan waarin elke plaaslike kuratorium verteenwoordig is.

### 2.2 DIE PLAASLIKE KURATORIA
**2.2.1 Samestelling**
Die kuratorium word saamgestel uit verteenwoordigers van die sinode(s) binne wie se gebied die teologiese fakulteite geleë is. Die getal lede in ’n kuratorium word bepaal deur die betrokke sinodes (Sinode van Wes- en Suid-Kaapland, gesamentlik deur die Sinode van Wes-Transvaal, Noordelike Sinode, Hoëveld Sinode en Oostelike Sinode, en die Sinode van die Vrystaat). Ander sinodes het die reg om op eie koste elk een verteenwoordiger in die plaaslike kuratoria te benoem. Indien daar ’n predikant in sinodale diens vir teologiese opleiding deur ’n kuratorium benoem is, dien hy/sy as lid op die plaaslike kuratorium.
**2.2.2 Funksies**
**2.2.2.1 Opleiding**
Elke kuratorium dra sorg vir, beheer en hou toesig oor die opleiding en die voortgesette opleiding van evangeliedienaars (KO Art 5.3).
**2.2.2.2 Studente**
**2.2.2.2.1** Elke kuratorium dra finale verantwoordelikheid vir die keuring, begeleiding, toesighouding oor, eksaminering en aanbeveling vir toelating tot die evangeliebediening van alle teologiese studente wat daar ingeskryf is en wat in die bediening van die NG Kerk wil gaan. Hierdie verantwoordelikheid kan deur ’n subkommissie(s) behartig word.
**2.2.2.2.2** Elke kuratorium kan in hierdie taak bygestaan en geadviseer word deur ‘n begeleidingskommissie, die proponentskommissie, NG Kerkdosenteraad en ‘n dissiplinêre kommissie as subkommissies van elke kuratorium. Saam hou hulle toesig oor studente se akademiese vordering en hulle leer en lewe.
**2.2.2.2.3** Teologiese studente staan vir die duur van hulle studie onder die toesig van die betrokke kuratorium en die NG Kerkdosenteraad soos in KO Art 5.3 neergelê, wat ook ’n voortgaande toesig oor die studente se leer en lewe hou. As lidmate staan die studente onder die opsig, regering en tug van die kerkvergadering wat opsig en tug oor hulle uitoefen. Die kuratorium kan die betrokke kerkvergadering raadpleeg. Die dagbestuur hanteer die appél van ’n student teen dissiplinêre maatreëls wat die dissiplinêre kommissie getref het.
**2.2.2.3 Dosente**
**2.2.2.3.1** Die kuratorium hou saam met die betrokke kerkraad toesig oor die leer en lewe van die dosente in teologie wat bevestig of net kerklik geakkrediteer is. Wanneer daar ’n klag of nadelige gerugte oor ’n dosent tot hulle kennis kom, gee die kuratorium kennis daarvan aan die kerkvergadering wat opsig en tug oor die dosent uitoefen. ’n Lid van die kuratorium kan as waarnemer betrek word tydens so ’n tugondersoek.
**2.2.2.3.2** Die kuratorium hou óók toesig oor die dosente in die teologie wat bevestig of kerklik geakkrediteer is wat betref die uitoefening van hulle ampspligte as teologiese dosente. Indien die dissiplinêre kommissie in die lig van ’n skriftelike voorlegging en ’n behoorlike ondersoek ’n dosent onbevoeg of ongeskik vind om ampspligte tot bevrediging van die Kerk uit te voer, besluit die kuratorium om kerklike akkreditering met die oog op die opleiding van die kerklike bediening terug te trek. Die dagbestuur hanteer die appél van ’n dosent teen dissiplinêre maatreëls wat deur die dissiplinêre kommissie getref is.
**2.2.2.4** Hierdie toesig hef nie die normale toesig van die universiteitsowerheid oor sowel studente as dosente op nie. Noue skakeling tussen die kerk en die universiteit is te alle tye ’n vereiste.

### 2.3 SUBKOMMISSIES VAN DIE KURATORIA
**2.3.1 Dagbestuur**

Elke kuratorium wys ’n dagbestuur aan ooreenkomstig die bepalings en reglemente van die bepaalde sinode(s).

**2.3.2 Die Begeleidingskommissie**

**2.3.2.1** Elke kuratorium benoem ’n kommissie(s) wat die teologiese studente begelei en wat die kuratorium adviseer ten opsigte van die keuring, toesig en begeleiding van studente tydens die tydperk van hulle voorbereiding vir die evangeliebediening. Die kuratorium verleen op grond hiervan jaarliks toestemming aan studente om voort te gaan met hulle teologiese studie met die oog op legitimasie in hulle finale jaar.

**2.3.3 Die Proponentskommissie**

**2.3.3.1 Samestelling**

Elke kuratorium benoem ’n proponentskommissie ooreenkomstig die bepalings en reglemente van die bepaalde sinode(s).

**2.3.3.2 Funksies**

**2.3.3.2.1** Die proponentskommissie neem die proponentseksamen asook colloquium doctum af en beveel die suksesvolle kandidate by die kuratorium aan vir legitimasie deur die Algemene Taakspan Regte. In die proponentseksamen val die klem op die student se algemene gereedheid en geskiktheid vir die bediening, roepingsbewustheid, persoonlike godsvrug, innerlike gehegtheid aan die leer en die aanwending van akademiese kennis in die praktyk van die bediening.

**2.3.3.2.2** Die proponentskommissie is deurlopend betrokke by die proses van opleiding ten einde te verseker dat dié opleiding beantwoord aan die behoeftes van die NG Kerk.

### 2.4 DIE NG KERKDOSENTERAAD

**2.4.1** Die NG Kerkdosente wat kerklik bevestig is en voltyds doseer, vorm die NG Kerkdosenteraad by die betrokke opleidingsplek.

**2.4.2** Die NG Kerkdosenteraad is, benewens doseerwerk, onder toesig van die kuratorium verantwoordelik vir die vorming van NG Kerkstudente met die oog op die bediening in die NG Kerk.

### 2.5 DISSIPLINÊRE KOMMISSIE

**2.5.1 Samestelling**

Elke kuratorium wys ’n gevolmagtigde dissiplinêre kommissie van drie tot vyf lede aan uit lede van die kuratorium en ander kundige persone binne die sinodale streek of streke. Die kommissie het die reg om met raadpleging van die kuratorium ’n maksimum van twee kundige persone wat raadgewend kan optree op die kommissie te koöpteer.

**2.5.2 Funksie**

**2.5.2.1** Die dissiplinêre kommissie hanteer in die geval van studente dissiplinêre sake wat nie op die terrein van die kerklike opsig en tug of die toesig van die universiteit ressorteer nie en wat deur die kuratorium na die kommissie verwys word.

**2.5.2.2** Die dissiplinêre kommissie kan na ’n behoorlike ondersoek die toelating van die student met die oog op die bediening opskort of enige dissiplinêre maatreël wat binne die bevoegdheid van die kuratorium val teen studente instel.

**2.5.2.3** Die dissiplinêre kommissie hanteer in die geval van dosente dissiplinêre sake wat nie op die terrein van die kerklike opsig en tug of die toesig van die universiteit ressorteer nie en wat deur die kuratorium na die kommissie verwys word.

**2.5.2.4** Die dissiplinêre kommissie kan na ’n behoorlike ondersoek bevind dat ’n dosent onbevoeg of ongeskik is om ampspligte tot bevrediging van die Kerk uit te voer en by die kuratorium aanbeveel om die dosent se kerklike akkreditering met die oog op die opleiding van die kerklike bediening terug te trek.

**2.5.2.5** ’n Student kan in ’n dissiplinêre verhoor deur ’n NG Kerkstudent bygestaan word en ’n dosent deur ’n ander NG Kerkdosent uit die teologiese fakulteit.

### 2.6 KIESKOLLEGE

**2.6.1 Samestelling**

Die kieskollege word saamgestel soos die betrokke sinode(s) bepaal. Ander sinodes het die reg om elkeen een verteenwoordiger op eie koste te benoem.

**2.6.2 Funksie**

In die geval waar NG Kerkdosente deur die universiteit aangestel word, word die moontlike beroeping van só ’n dosent deur die kieskollege in samewerking met die dagbestuur hanteer. Die kieskollege is ook verantwoordelik vir die beroeping van dosente wat op eie koste deur die kerk, ná oorleg met die universiteit, beroep en besoldig word.

## 3. DOSERENDE PERSONEEL AAN DIE TEOLOGIESE FAKULTEITE WAAR NG KERKPREDIKANTE OPGELEI WORD

### 3.1 AANSTELLING EN BEROEPING VAN DOSENTE

Die aanstelling van dosente in die teologiese fakulteite waar predikante vir die NG Kerk opgelei word, kan op een van twee maniere geskied.

**3.1.1** Die universiteit kan ’n dosent aanstel ná inspraak deur die kerk soos bepaal in die ooreenkoms tussen die betrokke universiteit en sinode(s). Die kerk kan so ’n dosent kerklik akkrediteer of beroep.

**3.1.2** Die NG Kerk sou ook, ná oorleg met die betrokke universiteit, kon besluit om op sy eie ’n NG Kerkdosent te beroep wat deur die NG Kerk besoldig word en spesifiek die NG Kerkstudente moet onderrig. In hierdie geval word die vakature ook aan die hand van ’n posbeskrywing en profiel bekendgestel in die kerk se amptelike blad. Dit kan gedoen word indien die kerk oordeel dat daar ’n leemte is in die onderrig wat sy studente ontvang.

**3.2 VEREISTES BY BEROEPING**
Waar die kerk ’n dosent wat deur die universiteit aangestel is wil beroep, of waar die kerk ’n dosent op eie koste beroep, moet die persoon aan die volgende vereistes voldoen:
**3.2.1** Predikant- of proponentsbevoegdheid van die NG Kerk besit.
**3.2.2** Die nodige kwalifikasies vir die betrokke pos besit.
**3.2.3** Goeie getuienis aangaande gemeentebetrokkenheid, bekwaamheid en godsvrug hê.
**3.2.4** Onbetwyfelbare voorstander van die gereformeerde leer wees.

**3.3 PROSEDURE BY BEROEPING**
**3.3.1** Elke kuratorium neem die leiding by die beroeping van eie dosente.
**3.3.2** Prosedure by beroeping van ‘n dosent deur die universiteit aangestel:
Indien ’n NG Kerkdosent reeds deur die universiteit aangestel is, sal daar net een naam op die groslys wees, en word daar óf vir óf teen die persoon gestem. Normaalweg kan só ’n beroep per omsendskrywe afgehandel word.
**3.3.3** Prosedure by beroeping van uitsluitlik kerklike besoldigde dosente:
**3.3.3.1** Elke lid van die kuratorium het die reg om vroegtydig skriftelik ’n nominasie vir ’n vakature in te dien.
**3.3.3.2** By die sluitingsdatum vir nominasies suiwer die kuratorium die lys en stel ’n nominasielys op met ’n volledige curriculum vitae van elke kandidaat wat aan die universiteit voorgelê word met die oog op akademiese akkreditering, waarna dit in die hande van lede van die kuratorium gestel word. Hierdie stukke dien as vertroulike inligtingstukke met die oog op die beroeping.
**3.3.3.3** Die kieskollege bring ’n beroep uit met inagneming dat aan die bepalinge van die betrokke sinode(s) uitvoering gegee is en die voorwaardes van die universiteit nagekom is.
**3.3.3.4** Beide by die beroeping soos in 3.3.2. en 3.3.3 word die naam in die amptelike kerkblad gepubliseer met die oog op approbasie deur die hele kerkverband.
**3.3.3.5** Proponente wat as dosente/professore na een van die drie teologiese fakulteite van die Kerk beroep en bevestig word, verkry predikantsbevoegdheid na bevestiging met handoplegging.

## 4. TEOLOGIESE OPLEIDING

**4.1 TOELATING**
**4.1.1** Die begeleidingskommissie roep aan die begin van die akademiese jaar alle voornemende studente wat vir die eerste keer wil inskryf om hulle vir die bediening voor te berei op om voor die kommissie te verskyn ten einde as student met die oog op die evangeliebediening toegelaat te word. Advies en inligting oor kursusse, akademiese vereistes vir toelating tot die bediening en beurse/lenings word aan voornemende studente gegee.
**4.1.2** Die toelating geskied op grond van:
**4.1.2.1** ’n Skriftelike verklaring van die kandidaat met betrekking tot die redes waarom die evangeliebediening as roeping gekies is asook sy/haar persoonlike geloof en ondervinding van die genade van God.
**4.1.2.2** ’n Gemotiveerde skriftelike verklaring van die kerkraad aangaande die kandidaat se kerklike meelewing soos bepaal in die A tot Z-Beleid.
**4.1.2.3** ’n Onlangse vertroulike verslag van die kandidaat se leraar.
**4.1.2.4** ’n Skriftelike verklaring dat die kandidaat se attestaat/bewys van lidmaatskap ingelewer is by die gemeente waar hy/sy lidmaat is.
**4.1.2.5** Deurlopende skriftelike verslae aangaande sielkundige welstand, minstens twee maal tydens studie.

**4.2 AKADEMIESE VEREISTES**
**4.2.1** Die NG Kerk vereis van sy studente ’n sesjarige opleiding in gereformeerde teologie wat die verkryging van die gepaardgaande grade insluit. Hierdie sesjarige opleiding moet ten minste Grieks II en Hebreeus II, asook ’n praktiese gemeentejaar in die laaste jaar insluit.
**4.2.2** Die ander minimum vereistes vir toelating tot die NG Kerk word deur die AK geformuleer vir onderhandeling deur die onderskeie dagbesture met die fakulteite met die oog op die ontwerp van die akademiese programme.
**4.2.3** Die NG Kerk vereis dat persone wat toegelaat wil word tot die bediening ten minste die laaste drie jaar van die opleiding voltyds aan een van die kerklik-erkende opleidingsentra moet voltooi. In die geval van tweedeloopbaanstudente en ander hoogs uitsonderlike gevalle kan die AK, op voorlegging van ‘n plaaslike kuratorium, hiervan afstand doen.

**4.3 VEREISTE KURSUSSE**
**4.3.1** Die inhoud van die kursus behels die volgende
**4.3.1.1** Ou-Testamentiese Wetenskap
**4.3.1.2** Nuwe-Testamentiese Wetenskap

**4.3.1.3** Historiese vakke en Kerkreg, insluitende Kerkgeskiedenis van die NG Kerk en Gereformeerde Kerkreg
**4.3.1.4** Dogmatologiese en Etiese vakke/Sistematiese Teologie
**4.3.1.5** Godsdiens- en Sendingwetenskap/Missiologie
**4.3.1.6** Praktiese (amptelike) vakke/Praktiese Teologie
**4.3.1.7** Spesialisering in ’n bepaalde studiegebied, insluitend ’n verhandeling oor ’n gespesialiseerde onderwerp
**4.3.1.8** Enige ad hoc-vereistes kan by die onderskeie fakulteite gestel word
**4.3.1.9** Naas bogenoemde kursusse word kandidate se kennis van die Bybel en die Belydenisskrifte geëksamineer en hulle taalvaardigheid in Afrikaans getoets.
**4.3.2** Klasbywoning
Studente is verplig om die kursusse van die betrokke teologiese fakulteit gereeld by te woon en in die eksamen te slaag.

**4.4 PRAKTYKOPLEIDING**
Opleiding in bedieningspraktyk geskied hoofsaaklik in die finale studiejaar. Gedurende hierdie jaar word studente opgelei en vir hierdie doel werk studente vir die volle jaar onder toesig van ’n gemeenteleraar. Die inhoud van die gemeentejaar sowel as die aanwysing van gemeentes en begeleiers (supervisors) word deur die fakulteit ná oorlegpleging met die betrokke kuratorium bepaal.

**4.5 PROEFPREKE**
Van elke student in die finale jaar word verwag om ’n proefpreek vóór 30 Augustus onder toesig van ’n dosent in ’n gemeente te lewer.

**4.6 PRAKTIESE WERK**
Teologiese studente moet die volgende onderneming onderteken voordat hulle praktiese werk in gemeentes mag doen:
Ek, die ondergetekende, onderskryf hiermee opreg en as voor die Here die leer soos vervat in die Formuliere van Eenheid van die gereformeerde kerke, naamlik die sewe en dertig artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls. Ek verklaar met my hele hart dat ek dit aanvaar en bely as in ooreenstemming met die Woord van God; dat ek die leer getrou sal handhaaf; dat ek my op die bevordering van godsdienskennis, Christelike sedes, orde en eendrag met alle ywer sal toelê; en ek verbind my om, sou dit bevind word dat ek teen enige gedeelte van hierdie verklaring en belofte gehandel het, my aan die uitsprake van die bevoegde kerkvergadering te onderwerp.

## 5. TOELATING TOT DIE EVANGELIEBEDIENING
Die Proponentskommissie ondersoek kandidate met die oog op toelating tot die evangeliebediening volgens onderstaande prosedures en vereistes.

**5.1 PROPONENTSEKSAMEN**
**5.1.1 Tyd van eksamen**
Die proponentseksamen word aan die einde van die teologiese studie afgeneem. As tegemoetkoming aan studente kan die eksamen op ’n buitengewone tyd afgeneem word indien die kuratorium dit nodig ag.
**5.1.2 Omvang van proponentseksamen**
**5.1.2.1** Die proponentseksamen bestaan uit ’n ondersoek na die akademiese kennis en bedieningsvaardighede van die studente en word deur die proponentskommissie van die kuratoria afgeneem.
**5.1.2.2** Die ondersoek na die bedieningsvaardigheid word deur die proponentskommissie gedoen met die oog op die volgende:
**5.1.2.2.1** die geskiktheid van die kandidaat om die Kerk ooreenkomstig die Skrif en die Belydenis te dien en sy/haar innerlike gehegtheid aan die leer van die Kerk;
**5.1.2.2.2** sy/haar beweegredes om bedienaar van die Woord te word en sy/haar persoonlike godsvrug (soos onder meer verwoord in die Profiel van die Afgestudeerde Student);
**5.1.2.2.3** sy/haar bekwaamheid in die beoefening van die predikkunde, ook deur mondelinge voordrag wat, indien moontlik, voor ’n lid van die proponentskommissie gelewer is. Met die oog hierop moet ’n voorgeskrewe proefpreek ’n maand voor die eksamen ingelewer word;
**5.1.2.2.4** sy/haar bekwaamheid in die beoefening van pastorale sorg, waarvoor die proponentskommissie insae het in die vertroulike verslag van die leraar(s) onder wie die student sy/haar praktiese werk in ’n gemeente gedoen het.
**5.1.2.2.5** Verder word die geskiktheid van die kandidaat in ’n samespreking tussen die proponentskommissie en die NG Kerkdosenteraad bespreek. Die NG Kerkdosenteraad bevestig skriftelik dat die kandidaat die voorgeskrewe kursusse met vrug gevolg het en die eksamen suksesvol afgelê het; dat onder toesig van ’n diensdoende leraar van die Kerk ondervinding opgedoen is van die vereiste praktiese aspekte van die gemeentelike bediening; dat onder die toesig van een van die dosente ’n proefpreek gelewer is en dat die kandidaat se gedrag onbesproke is.
**5.1.3 Bykomende vereistes**

**5.1.3.1** ’n Verklaring van die kerkraad waar die kandidaat sy/haar gemeentejaar doen aangaande kerklike meelewing, die suiwerheid van sy/haar leer, getrouheid, voorbeeldigheid van lewenswandel en die onbesprokenheid van gedrag.
**5.1.3.2** Bostaande stukke moet een maand voor die eksamen by die skriba van die proponentskommissie ingelewer wees. Die skriba lê by die aanvang van die eksamen die stukke aan die proponentskommissie voor.
**5.1.3.3** Bewys van deurlopende sielkundige evaluering soos deur die kuratorium bepaal.
**5.1.4 Stemming**
Oor die aanbeveling van die kandidaat vir die formele legitimasie word deur ’n volstrekte meerderheid van stemme met geslote stembriefies beslis. Die proponentskommissie beveel die kandidate wat in die ondersoek geslaag het by die kuratorium aan vir sy beslissing. Die kuratorium lê die name van die toegelate kandidate aan die Algemene Taakspan Regte vir legitimasie voor.
**5.1.5 Afwysing van ’n kandidaat**
’n Kandidaat wat afgewys is, kan volgens die diskresie van die kuratorium weer op ’n tyd deur die kommissie bepaal, tot die eksamen toegelaat word.

**5.2 COLLOQUIUM DOCTUM (KO ARTIKEL 5)**
**5.2.1 Vereistes vir toelating**
**5.2.1.1** Bewys van goeie sedelike gedrag deur middel van ’n getuigskrif uitgereik deur ’n bevoegde instansie;
**5.2.1.2** Bewys dat hy/sy ’n volledige teologiese kursus gelykstaande aan die sesjarige teologiese opleiding aan ’n teologiese opleidingsinrigting wat deur die NG Kerk erken word, voltooi het;
**5.2.1.3** Bewys dat hy/sy deur die betrokke sinode/sinodale kommissie ondersoek is met betrekking tot sy persoonlike geloofsekerheid, persoonlike ondervinding van die genade van God, roepingsbewustheid en geskiktheid vir die evangeliebediening.
**5.2.1.4** Die kuratorium verwys alle persone wat vir colloquium doctum aanmeld vooraf vir persoonlikheidsevaluering.
**5.2.2 Inhoud van colloquium doctum**
**5.2.2.1** Die colloquium doctum is ’n toets van die kandidaat se wetenskaplike bekwaamheid, asook sy/haar kennis van die gereformeerde teologie en sy/haar gehegtheid aan die leer van die Kerk. Dié ondersoek kan mondeling of skriftelik afgeneem word.
**5.2.2.2** Elke proponentskommissie moet ’n voorgeskrewe bestek aan kandidate vir colloquium doctum voorsien sodat die leergehegtheid en die kennisvaardigheid van die kandidate onder andere aan die hand daarvan getoets kan word.
**5.2.3 Afwysing by die colloquium doctum**
Indien iemand by die colloquium doctum deur die betrokke proponentskommissie afgewys word, mag hy/sy hom/haar na ses maande weer aanmeld vir herondersoek.
**5.2.4 Aanbeveling vir legitimasie**
Nadat colloquium doctum tot bevrediging van die proponentskommissie afgelê is, word die kandidaat by die kuratorium vir sy/haar beslissing aanbeveel. Die kuratorium lê die naam van die kandidaat aan die Algemene Taakspan Regte voor vir legitimasie.

**5.3 LEGITIMASIE**
**5.3.1** Die Algemene Taakspan Regte behartig die legitimasie van goedgekeurde kandidate (KO Artikel 6). Hierdie taakspan sien toe dat die legitimasieverklaring afgelê en onderteken word.
**5.3.2 Plegtige toelating**
Die geëksamineerde word met ’n gepaste woord deur die aktuarius van die Algemene Sinode of ’n lid van die Algemene Taakspan Regte tot die evangeliebediening toegelaat. In die reël geskied dit by geleentheid van ’n openbare kerklike byeenkoms wat vir die doel as afsluiting van die jaar se werksaamhede in oorleg met die kuratorium gereël is. ’n Akte van Legitimasie namens die Algemene Sinode, onderteken deur twee lede van die Algemene Taakspan Regte, word aan hom/haar uitgereik. Die gelegitimeerde kry die bevoegdheid van proponent.
**5.3.3 Kennisgewing in die amptelike blad**
Van sy/haar legitimasie word in die amptelike blad van die Kerk kennis gegee. Die persoon wat die legitimasie waargeneem het, is hiervoor verantwoordelik.
**5.3.4 Die bevoegdhede van ’n proponent**
Die bevoegdheid van ’n proponent word gereël deur die Reglement vir die bevoegdheid van predikante en proponente van die Algemene Sinode (kyk Reglement 3:3).
**5.3.5 Studente wat in die buiteland studeer het**
Studente van die NG Kerk wat in die buiteland studeer het, moet ook die proponentseksamen aflê voordat hulle gelegitimeer kan word.
**5.3.6 Eise vir legitimasie van predikante of proponente uit ander kerke**
’n Predikant van ’n ander kerk wat begeer om tot die bediening in die NG Kerk toegelaat te word, dien skriftelik ’n gemotiveerde aansoek in by die kuratorium van een van die teologiese fakulteite waar predikante vir die NG Kerk opgelei word. Hierdie aansoek moet vergesel wees van die getuienis van die ring van die NG Kerk binne wie se grense hierdie persoon as predikant in die bediening is, of woon (indien nie meer in die aktiewe bediening nie) en/of van die kerk of gemeente van waaruit hy kom. Die kuratorium bepaal watter aanvullende opleiding nodig is,

indien enige. ‘n Plegtige onderneming rakende lidmaatskap is noodsaaklik alvorens verder gehandel kan word. In sodanige geval moet ook die betrokke gemeente verklaar dat lidmaatskap op die gepaste tyd verleen sal word. In die geval van aanvullende opleiding word so ’n persoon normaalweg saam met ander studente en na suksesvolle voltooiing van die vereiste studie gelegitimeer. Indien geen verdere aanvullende opleiding vereis word nie, word die persoon na colloquium doctum op die gebruiklike wyse gelegitimeer.

**5.3.7 Persone uit inrigtings van erkende kerke**

’n Persoon wat ’n volledige of gedeeltelike teologiese opleiding aan inrigtings van erkende kerke gevolg het, en wat na die eise van lidmaatskap van ’n gemeente van die NG Kerk gehandel het, word deur die kuratorium in oorleg met die NG Kerkdosenteraad aanbeveel nadat bewys gelewer is dat die opleiding van die betrokke kandidaat beantwoord aan vereistes wat gelykstaande is aan die standaard van opleiding van die NG Kerk. ’n Sodanige aansoeker word dan toegelaat om die deel van die opleiding wat nog ontbreek, aan te vul om te voldoen aan die vereistes van ’n volledige kursus en mag, na aflegging van die proponentseksamen (gewysig volgens die bepaalde omstandighede) gelegitimeer word.

**5.3.8 Persone uit inrigtings van nie-erkende kerke**

Van persone wat ’n volledige of gedeeltelike teologiese opleiding aan inrigtings van nie-erkende kerke gevolg het, word verwag om die vereiste teologiese studie aan een van die fakulteite waar predikante van die NG Kerk opgelei word, te voltooi. Die Algemene Kuratorium bepaal die bestek.

**5.3.9 Persone uit nie-kerklike inrigtings of fakulteite**

’n Persoon wat sy teologiese opleiding geheel of gedeeltelik aan ’n inrigting/fakulteit wat nie aan die Kerk verbind is nie en waar die NG Kerk geen inspraak by die aanstelling van dosente of by die keuring, toesig, dissipline, opleiding en begeleiding van studente het nie, moet die vereiste teologiese kursus (of gedeeltes daarvan soos deur die AK bepaal) aan een van die teologiese fakulteite waar predikante van die NG Kerk opgelei word, voltooi alvorens hy/sy gelegitimeer kan word.

## 6. BYKOMENDE SINODALE BEPALINGE

Die betrokke sinode(s) wat verantwoordelikheid vir die teologiese opleiding aanvaar, kan na gelang van plaaslike omstandighede en verhoudinge met die universiteite verdere bepalinge neerlê op voorwaarde dat dit nie in stryd is met die besluite van die Algemene Sinode soos in hierdie Reglement vervat nie.

## 7. PLEGTIGE LEGITIMASIEVERKLARING VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

Ek, die ondergetekende, ................................................, oortuig van my roeping deur die Here en toegelaat tot die openbare bediening van die Woord in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, verklaar hiermee voor die Here

1. dat ek glo dat die leer soos vervat in die drie algemene belydenisskrifte en die drie Formuliere van Eenheid, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis (Confessio Belgica), die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, ooreenkom met die Woord van God;
2. dat ek hierdie leer getrou sal verkondig en uitleef;
3. dat ek alle dwalinge wat met hierdie leer in stryd is, sal weerlê en alles in my vermoë sal doen om dit uit die Kerk te weer;
4. dat, indien ek later enige beswaar of ander insig oor die leer ontwikkel, ek dit nie sal leer of bevorder voordat ek dit aan ’n bevoegde kerkvergadering vir ’n beslissing voorgelê het nie;
5. dat ek my aan die orde van die NG Kerk sal hou;
6. dat ek, om beroep te word, volgens die Kerkorde en besluite van die Nederduitse Gereformeerde Kerk sal optree;
7. dat ek my op die uitbreiding van die Koninkryk van God sal toelê deur die bevordering van die kennis van, vertroue in en gehoorsaamheid aan die Drie-enige God;
8. dat ek myself verbind tot voortgesette bedieningsontwikkeling.

Ek verbind my deur my handtekening tot al die voormelde.

________________________________

Geteken te ____________________________op hierdie __________________ dag van 20________________

Geteken in my teenwoordigheid: ________________________________________

(Namens die Algemene Taakspan Regte)

## 8. VOORTGESETTE BEDIENINGSONTWIKKELING (VBO)

**8.1** Die kommissie wat voortgesette bedieningsontwikkeling koördineer en die Algemene Sinode ten opsigte van beleid adviseer, is die AK.

**8.2** Op grond van die besluite van die Algemene Sinode is dit onontbeerlik vir alle predikante om gereeld kursusse en programme in voortgesette bedieningsontwikkeling te volg.

**8.3** Elke kuratorium sien toe dat voortgesette bedieningsontwikkeling tot bevrediging van die kerk aangebied word.

**8.4** Verteenwoordigers van die VBO-Forums dien in die AK.

**BYLAAG 2.4**

# VOORTGESETTE BEDIENINGS ONTWIKKELING OOREENGEKOME AANTAL PUNTE PER TYDSGLEUF EN PER JAAR

## 1. SOOS AANGEPAS NA DIE VERGADERING VAN DIE ALGEMENE SINODE IN SAMESPREKING (TER VERGADERING) MET SINODALE VERTEENWOORDIGERS.

Op hierdie stadium is verfyning van aanbieding vir die verskillende tydsgleuwe nog in ontwikkeling. Die hoofrede hiervoor is gebrek aan hulpbronne om onmiddellik volledig te differensieer.

| Jare na Formele Studie | Totale aantal punte per jaar |
|---|---|
| 0 - 3 jaar (in beplanning in afwagting van herkurrikulering) | 100 per jaar sodra kurrikulum beskikbaar is) |
| 4 jaar + | 50 per jaar<br>30 per jaar vir kapelane, tentmakers en predikante met bevoegdheid in ander beroepe) |

***1** *Die VBO dek die hele spektrum van die teologie.*

## 2. ANDER PUNTE (BEHALWE KURSUSSE, KONFERENSIES, SEMINARE, WERKSWINKELS)

**2.1** Artikels: 10 punte vir lesing by kongres en/of gepubliseerde artikel per jaar. Studiestuk (ekwivalent van ‘n artikel van ongeveer 6000 woorde) vir 'n sinode
**2.2** Verdere studie: 100% vir navorsings-Magister oor 2 jaar EN 100% vir Doktoraal oor 4 jaar EN 4 jaar vir ‘n bedienings/praktyk gerigte M (“Course work Masters”) (Punte word toegereken op datum van graduering, terugwerkend)
**2.3** Ontwerp van kursusse: dieselfde as vir die wat die kursusse deurloop (eenkeer per jaar vir maksimum van drie jaar van toepassing)
**2.4** Aanbied van VBO-kursusse: dieselfde as vir die wat die kursusse deurloop (eenkeer per jaar vir maksimum van drie jaar van toepassing) (Rasionaal agter aanbieding van VBO-kursusse is dat dit opleiding is vir die vervulling van my ‘beroep’)
**2.5** Inskakeling by die mentoraatprogram (10 punte)
**2.6** Vol VBO geakkrediteerde kursusse – kursusse wat nie deur die NG Kerk self ontwikkel word nie (Vir navrae hieroor kontak Gerhard Botha en/of Michiel Strauss wat saam met ‘n uitgebreide taakspan aansoek hanteer)
**2.7** In gevalle waar diskresie nodig is, skakel predikante met die sinodale strukture en/of met die VBO-Sentra.

## 3. OPSOMMING VAN MANIERE WAARVOLGENS ERKENNING VIR DEELNAME AAN VBO VERLEEN WORD (OM PUNTE TE VERKRY) (PER JAAR)

| **Tipe Voortgesette Bedienings Ontwikkeling** | **Aantal punte (bereken teen aantal ure van deelname aan tipe VBO)** | **Prosedure** |
|---|---|---|
| A:<br>**Kursusse/Studiegroepe** by Algemene Sinode se VBO-diensverskaffers (minstens 30 punte moet langs hierdie weg verwerf word: 15 per punte bywoning; 15 vir terugvoering in terme van evaluering/werkstuk) | 30 (bv ‘n driedag-kursus) | Hierdie kursusse word deur die VBO-Forum ontwikkel. Hierdie Forum het sinodale verteenwoordigers. Die drie eie sentra van die NG Kerk organiseer in oorleg met rolspelers in sinodes die aanbieding (diskresie oor bv predikantekonferensie by een van die sentra). |
| B<br>**Konferensies en/of eendag-kursusse/ werkswinkels** by Algemene Sinode se VBO-diensverskaffers | 10 (sterk aanbeveel) | Voorbeeld: ‘n sinodale konferensie wat volgens die sinodale leiers kwalifiseer, word in oorleg met een van die sentra van die NG kerk (twv koördinering) geakkrediteer |

| | | |
|---|---|---|
| C<br>**Vol VBO-geakkrediteerde kursusse** | 30 kan op hierdie manier verwerf word | Instansies wat ander kursusse aanbied, kan vir akkreditering aansoek doen. Na akkreditering (sien 2.6 hierbo) word so 'n kursus deel van die totale aanbod vir VBO |
| D:<br>**Mentoraa**t<br>(Kwalitatief: riglyn is 10 uur per jaar in mentorverhouding binne die ontwikkeling van geakkrediteerde mentors) | 10 | Volgens besluit van die Algemene Sinode en word deur ringe via sinodale kantore aan VBO-sentra deurgegee |
| E:<br>**Verdere studie (akademies)** | 100% vir Magister oor 2 jaar EN 100% vir Doktoraal oor 4 jaar EN 4 jaar vir 'n bedienings/ praktyk gerigte M | Word deur ringe via sinodale kantore aan VBO-sentra deurgegee |
| F:<br>**Aanbieding en/of ontwikkeling van VBO-kursusse** (op versoek van VBO-Forum of voorgelê en landwyd aanvaar) | Dieselfde as vir die wat die kursusse deurloop (eenkeer per jaar vir maksimum van drie jaar van toepassing sodat leier ook aan ander kan deelneem) | Word deur die VBO-Forum wat vir die ontwikkeling van kursusse verantwoordelik is en dan deur die individuele sentrum waar die kursus aangebied word, geadministreer |
| G:<br>**Wetenskaplike artikels/ studiestukke vir kerklike kommissies/ bywoning en deelname aan akademiese vak-werkgemeenskappe** | 10 maksimum | Word deur ringe via sinodale kantore aan VBO-sentra deurgegee ('n proses is aan die gang om hierdie aanmelding te vergemaklik) |
| H:<br>**Rings- en sinodale kursusse/ werkswinkels en seminare OF ander kursusse/ werkswinkels en seminare**<br>Word via ringe kontroleer | 10 (met 20 as maksimum) | Word deur ringe via sinodale kantore aan VBO-sentra deurgegee. Diskresie van sentra en sinodale verteenwoordigers. |
| I:<br>**Selfstudie**: Teologiese boeke, artikels, en die voorbereiding van 'n artikel vir bv Kruisgewys<br>Word via ringe kontroleer | 5 per boek, 2 per akademiese artikel, 2 vir lees per **uitgawe** en 2 per skryf van artikel vir bv Kruisgewys (20 as maksimum) | Via die webblad met verslagvorm en/of veelvuldige keursevraelys.<br>Word deur ringe via sinodale kantore aan VBO-sentra deurgegee |

## ADGO BYLAAG 3

# LIDMAATBEMAGTIGING

## 1. OPDRAG

*Die Algemene Sinode keur goed dat 'n taakspan van ADGO met ATR in gesprek tree oor alle Kerkordelike bepalinge wat op een of ander wyse lidmate van die NG Kerk mag ontmagtig vir die dienswerk waartoe God hulle geroep het* (vgl Agenda Deel I bl 286, A.3.2 Verslag van die Algemene Diensgroep vir Gemeente-Ontwikkeling pt 2.2 (vgl ook ADGO Bylaag 2 bl 295) asook Agenda Deel II bl 18)

## 2. ROEPING VAN DIE KERK

**2.1** Die roeping en opdrag van die kerk is om die Goeie Nuus na die wêreld te dra. God se missie (missio Dei) word voortgesit deur die kerk. Jesus het **gewone** vissers gebruik om sy kerk te bou. Hy het hulle geroep, begelei, toegerus en toe uitgestuur om die evangelie te versprei. "Soos die Vader My gestuur het, stuur ek julle" (Joh 20:21). Die eerste gemeente het ontstaan en gemeentelede het die Goeie Nuus "geleef." Daar is elke dag nuwe lede by die gemeente gevoeg. Hulle het saam maaltye geniet, alles gedeel en " ...die hele volk was hulle goedgesind" (Hand 2:4). Die gemeente het 'n impak op die omgewing gehad.
**2.2** Wêreldwyd word die gesprek oor die herontdekking van God se missie tans gevoer. Elke gedoopte is 'n geroepene of gestuurde dissipel na die wêreld. Elkeen ontvang gawes van God om as deel van die liggaam die Goeie Nuus uit te dra (1 Kor 12:13 & 26-27). Ons is almal deel van die koninklike priesterdom (1 Pet 2:9-10).
**2.3** Die plaaslike gemeente is God se plan om die wêreld te bereik. Die taakmag (dissipels) is nie slegs beperk tot predikante nie, maar elke gelowige is deel hiervan. Daarom is die opleiding, begeleiding en bemagtiging van gelowiges krities noodsaaklik. Die taakspan vir lidmaatbemagtiging beywer haar veral daartoe om predikante, gemeentes en lidmate by te staan om verder op hulle geloofsreis gevorm, geïnspireer en bemagtig te word.
**2.4** Dit is die Heilige Gees wat God se koninkryk deur die werk en getuienis van gewone lidmate bou en uitbou. Geesgedrewe lidmate maak 'n verskil in die samelewing.
**2.5** Die Rimpels-webwerf, 'n inisiatief van die taakspan, ondersteun predikante en geestelike leiers met praktiese prosesse om met die regte bedieningsgereedskap die potensiaal en gawes van lidmate verder te ontsluit en te ontgin. Die Rimpelsproses is 'n aktiwiteit van selfontdekking. Dit skep entoesiasme en energie. Dit gee 'n moontlike raamwerk met hulpmiddels in die hand waarmee die lidmate saam kan werk, dink, gesels en bid oor hulle roeping en gestuurdheid in die wêreld.

## 3. DIENSWERK VAN GELOWIGES

**3.1** In die lig van die roeping van elke gelowige word 'n wysiging van Kerkorde Artikel 55 voorgestel.
**3.2 AANBEVELING: WYSIGING VAN KERKORDE ARTIKEL 55**
**Die Algemene Sinode besluit om Kerkorde Artikel 55 soos volg te wysig:**
**ARTIKEL 55**
**1. Die roeping van die kerk in sy gestuurdheid na die wêreld (missio Dei) impliseer die toegewyde dienswerk van elke gelowige.**
**2. Elke gelowige ontvang van die Here die gawes, die geleenthede en die krag van sy Gees om in hulle daaglikse lewe gestalte te gee aan God se liefde vir hierdie wêreld.**
**3. Met die oog hierop behoort die kerk gelowiges toe te rus, te inspireer en te ondersteun.**
**4. Die kerk skep geleenthede waar gelowiges betrek word by die uitbou van die kerk en die uitbreiding van God se Koninkryk.**
**5. Dit staan gelowiges ook vry om ter wille van hulle dienswerk in die wêreld self aksies te begin, en netwerke en vennootskappe te vorm om die Koninkryk te bevorder.**
**6. Die kerk gee met gesonde oordeel sy seën en samewerking aan hierdie aksies, netwerke en vennootskappe wat ook in diens staan van die missio Dei.**

## 4. BEPERKTE OF VOLLE BEVOEGDHEID/LEGITIMASIE VIR LIDMATE

**4.1** Klein en verafgeleë gemeentes se bedieningsbehoeftes het die afgelope paar jaar geweldig verander en hulle staar baie uitdagings in die gesig. Baie gemeentes kan glad nie meer 'n voltydse predikant bekostig nie en konsulente moet nie net ver ry om die gemeente te bedien nie, maar is ook nie altyd beskikbaar nie. Om gemeentes te bemagtig om in hierdie omstandighede selfstandig te kan oorleef en missionaal steeds hulle roeping te kan uitleef, behoort besluite geneem te word wat voortgesette bediening moontlik maak en moet dit in die Kerkorde verreken word.
**4.2** Bemagtigde lidmate kan sekere ampswerk doen en eredienste lei, wat hierdie gemeentes baie sal help. Daar word reeds prediking- en pastoraatkursusse vir lidmate aangebied.
**4.3** Die moontlikheid moet ondersoek word om *beperkte legitimasie/bevoegdheid* of *volle bevoegdheid* aan lidmate te gee wat sekere opleiding voltooi het. Daar kan ook na verskillende kategorieë van bevoegdheid gekyk word.

**4.4** Daar sal ook gekyk moet word na wyses om afstandsonderrig moontlik te maak aangesien lidmate nie vir ‘n paar jaar hulle werk kan verlaat om voltyds te gaan studeer nie.
**4.5** Die verskillende opsies behoort ondersoek te word asook die kriteria vir beperkte/ volle bevoegdheid.
**4.6 AANBEVELING: BEVOEGDHEID VIR LIDMATE**
**Die Algemene Sinode keur goed dat ’n projekspan beperkte of volle bevoegdheid van lidmate (asook die nodige opleiding hiervoor) ondersoek en die Algemene Sinode met ’n aanbeveling dien.**

## 5. WYSIGING VAN ARTIKEL 48 VAN DIE KERKORDE

**5.1** Om gemeentes te help om selfstandig (selfs sonder ’n voltydse predikant) te funksioneer, en steeds hulle missionale roeping uit te leef, behoort Artikel 48 van die Kerkorde uitgebrei te word.
**5.2 AANBEVELING: UITBREIDING VAN KERKORDE ARTIKEL 48**
**Die Algemene Sinode besluit om Kerkorde Artikel 48 soos volg uit te brei:**
**ARTIKEL 48**
**48.3 Die leiding van eredienste berus by een van die volgende persone:**
**48.3.5 Ouderlinge met toestemming van die ring en plaaslike kerkraad.**
**48.3.6 Lidmate met toepaslike opleiding/toerusting soos goedgekeur deur die ring en plaaslike kerkraad.**

## 6. VOORTGESETTE GELOOFSVORMING VAN VOLWASSENES

**6.1** Ons kinders word tydens kategese deur die kerk op hulle geloofsreis begelei. Dit gee ’n ideale grondslag waarop aan geloofsaspekte van volwasse lidmate, na hulle belydenis afgelê het, gebou kan word. Bybelskole vervul hierdie rol in baie sentra. Tog behoort daar opnuut besin te word oor die voortgesette geloofsvorming en bemagtiging van lidmate na belydenisaflegging.
**6.2** Lidmate leef elke dag in ’n wêreld waar hulle keuses moet maak – hoe begelei die kerk hulle in hierdie aktuele sake? Watter lewensvaardighede het jong ouers, ouers van tieners of bejaardes in sekere lewensfases nodig? Watter geestelike riglyne en waardes is beskikbaar vir verskillende lewensfases? Watter Bybelse padwysers gee ons aan lidmate wat elke dag met werklikhede soos verkragting, dood, moord, verliese, geweld en ander eise van die lewe gekonfronteer word? Hoe bly ek getuig in ’n wêreld wat my vuisvoos slaan?
**6.3** Dit het niks te maak met maklike antwoorde, resepte vir die lewe of “quick fixes” nie. Dit gaan eintlik ten diepste oor ’n bespreking van deurdagte temas wat by die praktyk van menswees inpas. As ons dit kan regkry, is ons besig om mekaar met die wysheid van die Gees te bemagtig en te besiel. Volwasse geloofsvorming fokus nie in die eerste plek op die verwerwing van meer kennis nie. Dit dui op ’n proses van beter begrip, selfverstaan, persoonsgroei en ontwikkeling van vaardighede wat prakties in die betrokke stadium in mense se lewe en werk toepaslik is, en tot uitbreiding van die Koninkryk lei.
**6.4** Gebrek aan kerkeie, eietydse materiaal lei in baie gevalle tot die gebruik van beskikbare materiaal in die handel wat nie noodwendig toepaslik vir bogenoemde is nie.
**6.5** Voortgesette geloofsvorming van volwassenes is noodsaaklik en behoort planmatig en doelgerig aangepak te word. Lidmaatbemagtiging speel hier ’n besondere rol deur veral die Rimpels-webwerf.

## 7. LIDMAATBEMAGTIGING SE WERKSAAMHEDE

Die taakspan vir Lidmaatbemagtiging het gedurende die laaste vier jaar die volgende hulpmiddels ontwikkel wat lidmate, gemeentes en predikante ondersteun:
**7.1** Die Rimpels-webwerf – www.rimpels.co.za
**7.2** Die Rimpels-nuusbrief (Elke maand)
**7.3** Die Rimpels-gereedskapkis en -proses vir lidmaatbemagtiging in ’n gemeente
**7.4** Rimpels-DVD ‘s (BM-Uitgewers). Rimpels-DVD’s wat reeds beskikbaar is:
**7.4.1** Houtskool (Uitreik)
**7.4.2** Eierpryse (Diensbaarheid)
**7.4.3** Hittebestand (Sterwensbegeleiding)
**7.5** Verhale van lidmate wat bemagtig is in gemeentes
**7.6** Pastorale en ander temas vir kleingroepe
**7.7** Kort insetsels (Clips) vir preke en groepbesprekings om lidmaatbemagtiging te bevorder
**7.8** Verdere hulpmiddels op die webwerf:
- Rimpel-Resensies
- Boekresensies
- Filmresensies van films met boodskappe wat in preke gebruik kan word
- Rimpelspreeksketse wat lidmate bemagtig
- Preeksketse wat ’n brug slaan tussen nuusgebeure en die Woord met die oog op die bemagtiging van lidmate
- Ontwikkel materiaal (Gereedskapkis www.rimpels.co.za)
- Skakels na webwerwe van ander rolspelers wat lidmaatbemagtiging bevorder

**7.9** Lidmaatbemagtiging is een van die prioritiete van die kerk indien die kerk ernstig oor haar roeping is en dit wil uitleef. Die missie van God (missio Dei) kan slegs voortgesit word indien elke gelowige sy/haar roeping ernstig opneem en toegerus word om as getuie in die wêreld uitgestuur te word.

**7.10 AANBEVELINGS: LIDMAATBEMAGTIGING**
**7.10.1 Die Algemene Sinode versoek dat lidmaatbemagting as ’n prioriteit oorweeg word en dat Rimpels as ’n projek voortgesit word.**
**7.10.2 Die Algemene Sinode versoek dat ’n projekspan saamgestel word wat ‘n behoeftebepaling doen rondom watter materiaal nodig is vir die toerusting en begeleiding van volwasse lidmate.**

## 8. TAAKSPANLEDE
Rinel Hugo (Voorsitter)
Francois Swart (Skriba)
Louis Louw
Jan Cloete
Manus Olivier
Awie Erxleben
Gerhard van Tonder

## ADGO BYLAAG 4

# VROUELESSENAAR

## 1. OPDRAG

*Die Algemene Sinode versoek die Vrouelessenaar om 'n algemene beleid ten opsigte van vroue in die kerk op te stel vir voorlegging aan die Algemene Sinode* (vgl Agenda Deel I bl 286, A.3.2 Verslag van die ADGO Taakspan Vrouelidmate pt 4.7 (vgl ook ADGO Bylaag 4 bl 310) asook Agenda Deel II bl 17).

## 2. VROUE IN DIE KERK

Die meeste kerke in die wêreld (gereformeerd sowel as charismaties) het 'n sterk Vrouelessenaar of -beweging wat na die vrouebediening en -belange omsien. Bediening aan vroue speel dwarsdeur die wêreld 'n belangrike rol in die mobilisering van vrouepotensiaal binne die kerk. Ander kerke se vrouebediening fokus veral daarop om vroue aan te moedig, toe te rus en te ondersteun om volledig deel van die kerk se bediening/uitreik te wees. Vroueleiers oor die wêreld heen skakel ekumenies en bespreek gemeenskaplike vrouesake, behoeftes en tendense. Selfs kerke waar vroue as predikante en ouderlinge toegelaat word, erken die eiesoortige behoeftes van vroue en spreek dit aan.

## 3. WERKSAAMHEDE VAN DIE VROUELESSENAAR

**3.1** Die NG Kerk se Vrouelessenaar het veral sedert die vorige sinodesitting die rol van ekumeniese- en skakelingsliggaam vervul. Die Lessenaar word onder andere na ander kerke, vrouekonferensies of -samesprekings genooi waar die geestelike behoeftes van Christenvroue spesifiek bespreek word. Met die totstandkoming van die Departement vir Vrouesake van die Suid-Afrikaanse regering, is die Vrouelessenaar se insette met betrekking tot vroue se behoeftes ook gevra. Die Lessenaar is huidig, as gevolg van 'n sterk netwerk, goed ingelig ten opsigte van die behoeftes van vroue in die kerk en kan met gesag oor vrouesake en -tendense gesels.

**3.2** Die Vrouelessenaar het 'n gesamentlike konferensie met die NG Kerkfamilie se vroueleiers gereël en wonderlike verhoudings gebou. Tydens die konferensie het vroue mekaar beter leer ken, mekaar se stories gehoor en nader aan mekaar gegroei. Daar was gesprek gevoer oor sake wat vir Christenvroue belangrik is, en daar is op verskeie projekte besluit wat die vroue gesamentlik, op plaaslike vlak, wil aanpak. Christenvroue oor alle grense heen voel dieselfde oor hul kinders, morele waardes, gebrek aan geestelike groei en vele ander sake. Hierdie omgang met ander kerke se vroue dra by tot die versoening in ons kerk en in Suid-Afrika. Vroue is brugbouers en fokus sterk op verhoudings. Die Lessenaar beplan om 'n soortgelyke konferensie met die vroueleiers van die Gereformeerde (Reformatoriese) Kerke in Suid Afrika te reël.

**3.3** Die Lessenaar doen gereeld navorsing om sekere behoeftes en tendense in vrouebediening en -betrokkenheid te bepaal. Hierdie inligting word aangewend tot voordeel van vrouebediening binne die kerk en word met sinodes en ander vennote gedeel. Die netwerk van kundiges uit die sinodes vergader jaarliks en dit is 'n geleentheid waar gesamentlike uitdagings en behoeftes van vroue bespreek word en vroueleiers verder bemagtig en ontwikkel word. Aktuele en relevante sake word aangespreek en indien nodig kan die beleid aangepas word om voorsiening te maak vir veranderende tendense.

**3.4** In samewerking met die Algemene Taakgroep Predikantebegeleiding word daar meegewerk om predikantsgesinne en emeriti (asook weduwees) se behoeftes onder die aandag van sinodes se kommissies vir diensverhoudinge of ander taakspanne te bring. Predikante kan nie in isolasie van hulle gesinne gesien word nie en die Vrouelessenaar beywer haar om hier 'n bydrae te lewer.

**3.5** Toerusting is essensieel om vrouepotensiaal te ontwikkel en vroue te bemagtig. Toegeruste en geïnspireerde vroue lewer 'n positiewe bydrae in gemeentes. Die Lessenaar sien toe dat daar voldoende aktuele materiaal is wat vir dié doel gebruik kan word.

## 4. BELEID TEN OPSIGTE VAN VROUE IN DIE KERK

**4.1** Postmoderne vroue staan in 'n veeleisende wêreld van beroep, gesin, eggenote, ouer en/of enkelouer. Die tradisionele rol van vroue het gedurende die laaste dekade geweldig verander en dit skep nuwe uitdagings vir die kerk. Vroue het begeleiding, ondersteuning, bemoediging, inspirasie en motivering van die kerk nodig.

**4.2** Navorsing van die Vrouelessenaar dui daarop dat vroue, ongeag ouderdom, ook verhoudingswesens is wat dit geniet om in groepe saam te werk en mekaar emosioneel en geestelik te ondersteun. Ondersteuning van mekaar binne Bybelstudie-, omgee-, gawe- en belangegroepe is geweldig belangrik. Diep geheime word blootgelê en daar word saam gehuil en gebid. Ten spyte van min tyd word hierdie geleenthede bygewoon aangesien dit 'n belangrike behoefte vervul. Vroue het eiesoortige behoeftes wat aangespreek word en 'n eie manier van dinge doen. Die kerk behoort hiervan kennis te neem en ruimte hiervoor te skep.

**4.3** Die besondere rol wat vroue oor jare in die kerk gespeel het, kan nie onderskat word nie. Die insette van vroue as predikante, kerkraadslede en in die "amp van gelowiges" dra by tot die verryking van die funksionering van die liggaam van Christus. Vroue se bydrae vorm deel van die diversiteit van die kerk as liggaam van Christus. Deur hulle bediening en liefde dra vroue die hoop in Christus na 'n gebroke wêreld uit.

**4.4** Met die toelating van vroue tot die ampte was die bedoeling sekerlik om vrouelidmate te bemagtig om deel aan die bestuur van gemeentes te hê. Die vraag is of die kerk nie eensydig hierna gekyk het en baie vroue ontmagtig het nie? *Het die kerk dit reggekry om vir alle vroue binne die kerklike strukture 'n plek te gee om in te skakel? Word hierdie diversiteit werklik geakkommodeer en as verrykend in die kerk gesien? Is die kerk sensitief vir vroue se behoeftes? Word lidmate toegelaat om te dien volgens hulle eie aard of moet hulle slegs binne rigiede strukture inpas?*
**4.5** Alle vroue se gawes is nie noodwendig leierskap of bestuur nie. Bediening (diens) lê baie vroue na aan die hart. Dit is deel van vroue se Godgegewe aard om om te gee, uit te reik en die nood van ander raak te sien. Dit het tot gevolg dat vroue behoefte het om "diens te lewer" en ander in nood by te staan. Ons weet almal dat vroue die vermoë het om projekte te loods en 'n verskil in mense se lewens te maak wanneer hulle sterk oor 'n saak voel. Deur die jare het vroue 'n belangrike rol in die kerk gespeel en baie mense se lewens hierdeur aangeraak. Vroue se aktiewe bydrae vorm in baie gemeentes steeds 'n sterk kern. Om vroue dus slegs in leiers- of bestuursposisies te laat deelneem, marginaliseer baie vroue in die gemeente.
**4.6** Daar behoort dus in die kerk ruimte te wees waar elke vrou haar gawe kan uitleef. Elke konteks sal bepaal wat die behoefte is en dit hoef nie slegs vrouegroepe in te sluit nie, maar waar die behoefte bestaan, kan dit ook nie uitgesluit word nie. Enige bedieningsgroep in die kerk behoort ook inspraak in hulle eie sake te hê, soos om eie besluite en projekte te kan inisieer.
**4.7** Wanneer kerklike strukture nie hierdie eie aard en behoeftes van vroue in ag neem nie, gaan vroue eenvoudig na ander organisasies waar hulle hul gawes en passie kan uitleef. Hierdeur verloor die kerk 'n ongelooflike potensiaal van sy lidmate. Dit is dus uiters noodsaaklik dat die kerk die potensiaal van haar lidmate behou en uitbou.

## 5. FUNKSIONERING VAN DIE VROUELESSENAAR

Die Vrouelessenaar sien haar funksionering soos volg:

**FUNKSIONERING VAN DIE NG KERK SE VROUELESSENAAR**

**1 VISIE**
Vroue wat voluit vir Christus leef

**2 MISSIE**
**2.1** Inspireer en bemagtig vrouelidmate om hul roeping en gawes voluit, tot eer van God en die opbou van die liggaam van Christus, uit te leef.
**2.2** Skakel ekumenies namens die vroue van die NG Kerk.

**3 SAMESTELLING**
'n Netwerk van kundiges met betrekking tot vrouebediening word saamgestel uit die verskillende sinodes.

**4 EKUMENE/SKAKELING**
**4.1** Skakeling met vrouelidmate van die NG Kerkfamilie, ander denominasies, sowel as relevante vroue-organisasies op nasionale en internasionale vlak.
**4.2** Aktief betrokke by die Wêreldbiddag vir Vroue wat programme opstel en beskikbaar stel.
**4.3** Bevorder gereelde skakeling met relevante vrouegroepe waar openbare getuienis gedoen word.
**4.4** Skakel met ander diensgroepe/taakspanne van die Algemene Sinode met die oog die integrering en koördinering van werksaamhede soos nodig.

**5 KOÖRDINERING EN BEPLANNING/NETWERKE**
**5.1** Koördineer en fasiliteer intersinodale skakeling en netwerke met betrekking tot vrouebediening.
**5.2** Besin oor gemeenskaplike uitdagings, behoefte(s) en tendense ten einde oplossings in 'n veranderende omgewing te vind.
**5.3** Bemagtig vrouleiers deur die uitruil van kundigheid en deel van inligting.
**5.4** Stel praktiese dienswerkprojekte bekend wat tot kreatiewe inisiatiewe in sinodes kan lei.

**6 VERSORGING VAN PREDIKANTE- EN EMERITIGESINNE**
Beklemtoon die versorging van predikante- en emeritigesinne (asook weduwees) in samewerking met die Taakspan vir Predikantebegeleiding.

**7 NAVORSING**
**7.1** Identifiseer tendense.
**7.2** Bring vroue se behoeftes en belange onder die aandag van die Algemene Sinode sodat dit aangespreek kan word.

**8 MATERIAAL**

**8.1** Ontwikkel en stel in samewerking met vennote nuwe, eietydse en relevante toerustingsmateriaal vir geestelike toerusting en bemagtiging van vrouelidmate en --leiers, bekend.
**8.2** Sien toe dat daar voldoende materiaal beskikbaar is wat die unieke geestelik-sosiale- en emosionele behoeftes van vroue aanspreek.

## 6. VOORGESTELDE BELEID TEN OPSIGTE VAN VROUE IN DIE KERK

Die Vrouelessenaar is oortuig dat die NG Kerk 'n beleid ten opsigte van vroue in die kerk teen die agtergrond van Kerkorde Artikel 55 (Die dienswerk van gelowiges) moet hê. Die volgende word voorgelê:
***6.1*** *Bediening aan vroue is (soos met alle ander lidmate) 'n integrale deel van gemeentebediening waar vroue geïnspireer en bemagtig word sodat hulle, hul roeping en gawes voluit, tot eer van God en tot opbou van die liggaam van Christus, kan uitleef.*
***6.2*** *Deur unieke interaksie met die Woord en met mekaar word vroue*
** toegerus;*
** begelei op die pad van geestelike groei;*
** versorg;*
** en geleenthede vir diens geskep.*
***6.3*** *Die kerk skep en bevorder 'n ruimte vir die uitlewing van vroue se eiesoortige behoeftes en belange, deur aksies, groepe of bedieninge te inisieer, of netwerke en vennootskappe te vorm om spesifieke, geïdentifiseerde behoeftes aan te spreek.*
***6.4*** *Die ontwikkeling en benutting van vrouepotensiaal en -leierskap vind op alle terreine van die kerk se werksaamhede plaas.*

## 7. AANBEVELINGS: VROUE IN DIE KERK

**7.1 Die Algemene Sinode keur die beleid ten opsigte van vroue in die kerk (pt 6.1-6.4) goed.**
**7.2 Die Algemene Sinode word versoek om die Vrouelessenaar se werksaamhede as prioriteit te aanvaar.**
**7.3 Die Algemene Sinode keur die funksionering van die Vrouelessenaar soos voorgestel in pt 5, goed**.
**7.4 Indien die Vrouelessenaar as 'n prioriteit aanvaar word, word die volgende projekte aan die Vrouelessenaar opgedra:**
**7.4.1 Skakel ekumenies met die vroueleiers van ander kerke in koördinering met die ekumeniese skakeling van die NG Kerk.**
**7.4.2 Reël ten minste een ekumeniese geleentheid met die NG kerkfamilie sowel as die Gereformeerde (reformatoriese) kerke in Suid Afrika se vroue.**
**7.4.2 Koördineer die netwerk van kundiges uit die sinodes met betrekking tot vrouebediening soos uiteengesit in die funksionering van die Vrouelessenaar.**
**7.4.3 Dra by tot die emosionele versorging van predikantsgesinne en emeriti en hul vroue of weduwees.**

## 8. TAAKSPANLEDE

Rinel Hugo (Voorsitter)
Marie Janse van Rensburg (Skriba)
Mollie Kemp
Anso Steyn
Antoinette Muller
Mariette van Eeden
Engela Malherbe
Tania Bezuidenhout
Louise Oosthuizen

## ADGO BYLAAG 5

# NUWE GEMEENTE- ONTWIKKELING, EVANGELISASIE & KERKLOS LIDMATE (NEK)

## 1. DIE ONTWIKKELING VAN NUWE BEDIENINGE OF GEMEENTES BINNE DIE NG KERK

Daar het die laaste klompie jare op verskeie plekke en in ‘n verskeidenheid van kontekste, weens die uitdaging van ons veranderende wêreld, nuwe NG Kerkbedieninge en -gemeentes ontwikkel. Baie van hierdie ontwikkelings in uitbreidende stadsgebiede, multi- en interkulturele middestede, en kwynende landelike gebiede het met groot seën en vrug tot stand gekom. Tog bestaan daar steeds by baie lidmate, kerkrade en ringe ‘n sterk behoefte aan die nodige toerusting, begeleiding en ondersteuning oor hoe om spesifiek nuwe NG Kerkbedieninge en -gemeentes te vestig.

In hierdie verband het die kursusse en seminare van Voortgesette Bedieningsopleiding (VBO), Verantwoordelike Vernuwing en ander instansies reeds ‘n baie waardevolle bydrae gelewer. In 2006, toe die ADGO ‘n werkgroep *‘Nuwe Gemeente-ontwikkeling, Evangelisasie, en Kerklos lidmate’ (NEK)* in die lewe geroep het, is daar daadwerklik binne die breër NG Kerk aan die bepaling van beleid en strategie rondom nuwe gemeente-ontwikkeling aandag gegee. Die Algemene Sinode van 2007 het die hoë prioriteit hiervan aanvaar deur kerkrade ernstig te versoek om oor die implikasies van nuwe gemeente-ontwikkeling binne hul eie kontekste te besin en nuwe gemeentestigting as doelgerigte metode van kerkgroei te oorweeg.

Met hierdie verslag, in opdrag van die ADGO, lewer NEK ‘n belangrike bydrae in ‘n voortgaande proses.

## 2. BEGRIPSVERKLARING

*Nuwe Bedieningsontwikkeling (NBO)* – dit beskryf die proses waardeur gelowiges of ‘n geloofsgemeenskap by God se sending na die wêreld betrokke raak deur die ontwikkeling van ‘n bediening wat op grond van verskeie redes steeds ‘n bediening van ‘n bestaande geloofsgemeenskap is en nie noodwendig as ‘n selfstandige geloofsgemeenskap sal ontwikkel nie.
*Nuwe Gemeente-ontwikkeling (NGO)* – dit beskryf die proses waardeur gelowiges of ‘n geloofsgemeenskap by God se sending by die wêreld betrokke raak deur die vestiging van ‘n nuwe geloofsgemeenskap wat ten doel het om selfstandig te funksioneer en weer te vermenigvuldig.
*Geloofsgemeenskap* – dis ‘n groepering van gelowiges wat hulself vrywillig onder die gesag van die Woord en Gees aanmekaar verbind het om as eenheid te funksioneer. Dit kan vir die doeleindes van hierdie verslag dui op of ‘n bedieningspunt (bv ‘n tehuis), of ‘n gemeente, of ‘n ring, of ‘n sinode.

## 3. ONTWIKKELINGSWYSES VAN NUWE BEDIENINGSONTWIKKELING (NBO) / NUWE GEMEENTE-ONTWIKKELING (NGO)

Dit kan op die volgende wyses alleen of gekombineerd plaasvind:

### 3.1 MOEDER-KIND NBO/ NGO
Dit beteken ‘n bestaande geloofsgemeenskap begin op grond van hulle roeping, of ‘n behoefte, of ‘n geleentheid, ‘n nuwe geloofsgemeenskap vestig deur ‘n span te stuur, fondse te voorsien, en begeleiding te verskaf met die oog op die vestiging en vermenigvuldiging van ‘n NBO/ NGO.

### 3.2 HERONTWIKKELING VAN ‘N NBO/ NGO
Dit beteken dat ‘n bestaande geloofsgemeenskap besef dat hulle op grond van bepaalde omstandighede (bv demografiese veranderinge) nie verder sinvol kan funksioneer nie. Daarom begin hulle, na deeglike besinning en navorsing, om ‘n andersoortige NBO/ NGO te ontwikkel.

### 3.3 VENNOOTSKAP NBO/ NGO
Dit beteken dat verskillende gemeentes of diensorganisasies of bedieninge deur middel van ‘n samewerkingsooreenkoms besluit om ‘n bepaalde behoefte aan te spreek deur saam ‘n NBO/ NGO te vestig.

### 3.4 DIE UITSTUUR VAN SENDINGSPANNE MET DIE OOG OP NBO/ NGO
Dit beteken dat ‘n sendingorganisasie of geloofsgemeenskap(pe) spanne van 4-6 opgeleide deeltydse of voltydse werkers uitstuur om deur middel van evangelisasiewerk ‘n NBO/ NGO te vestig wat weer kan vermenigvuldig.

**3.5 DIE AANNEMING VAN 'N JONG BEDIENING MET DIE OOG OP NBO/ NGO**
Dit beteken 'n gevestigde geloofsgemeenskap neem 'n jong bediening of gemeente aan met die oog op die nodige ondersteuning en begeleiding sodat die jong bediening of gemeente kan groei tot selfstandigheid en vermenigvuldiging.

**3.6 INTERNE NBO/ NGO**
Dit beteken 'n bestaande geloofsgemeenskap sien 'n duidelike behoefte en geleentheid om 'n bediening binne hulle omgewing te begin maar beskik nie oor die leierskap en fondse om dit te doen nie. Hulle stel wel hul geboue en/of fasilliteite en/of beperkte bronne beskikbaar. Sodoende help hulle om 'n interne NBO/ NGO te vestig.

**3.7 PIONIERS NBO/ NGO**
Dit beteken 'n lidmaat of leraar van die NG Kerk ontvang die roeping en word gestuur om in 'n bepaalde situasie 'n NBO/ NGO met eie bronne en ondersteuningstelsels te vestig. Binne die NG Kerk is samewerking en die noue toesig van die plaaslike kerkraad of ring of sinode van groot belang.

## 4. STRATEGIESE RIGTINGWYSERS VIR NBO/ NGO

Dit is belangrik om te verstaan dat elke NBO-/ NGO-situasie uniek is. Daar is nie een bepaalde bloudruk wat op alle kontekste toegepas kan word nie. Nogtans sal NBO/ NGO in die NG Kerk altyd 'n eiesoortige vergestalting van die gereformeerde tradisie wees.

Die motivering vir die 'HOEKOM' van NBO/ NGO is altyd die uitbreiding van die koninkryk van God. Daarom kan dit nooit geïnisieer word as 'n 'reddingsboei' vir 'n bepaalde gemeente nie. 'n NBO/ NGO kan nie anders nie as om aangepak te word in totale afhanklikheid van God en deurentyd gedra te word deur volhardende gebed.

In hierdie proses is die volgende strategiese rigtingwysers van belang:
**4.1** 'n Duidelike roeping en visie van God vorm die basis van enige NBO/ NGO
**4.2** Deeglike navorsing behoort in elke konteks gedoen te word voordat met 'n NBO/ NGO begin word.
**4.3** 'n Deeglike strategiese beplanningsproses wat die doel, bedieningsfilosofie en bedieningstrategie van die beoogde NBO/ NGO insluit, behoort die vestiging vooraf te gaan.
**4.4** Vind 'n bekwame en passievolle leier om die proses te lei.
**4.5** Mobiliseer 'n toegewyde span om die bediening volgens hulle gawes te begelei.
**4.6** Voorsien voldoende opleiding vir alle betrokkenes.
**4.7** Stel 'n finansiële strategie in plek wat die befondsing en hantering van finansies insluit.
**4.8** Vind die nodige fasiliteite soos 'n geskikte plek van aanbidding.
**4.9** Formuleer duidelike uitreik- en ontwikkelingstrategieë met die oog op die groei van 'n gesonde Bybelse geloofsgemeenskap.
**4.10** Verreken die effek wat verandering op mense het en bestuur die proses dienooreenkomstig (kyk onder andere na die hantering van mense se sekuriteitsbehoeftes, die bestuur van verlieshantering, asook die voorbereiding op 'n nuwe seisoen).
**4.11** Ondersoek moontlike samewerkingsgeleenthede met die plaaslike kerkverband – veral die naburige kerkrade, ringe en sinodes.
**4.12** Ekumeniese samewerking met ander Christelike kerke en gemeenskapsorganisasies kan ook oorweeg word.

## 5. VORIGE ALGEMENE SINODALE BESLUITE

Tydens die Algemene Sinode van 2007 het die Sinode deur die goedkeuring van die verslae en aanbevelings van die ADGO[1] die volgende standpunte ingeneem:
**5.1** Die Sinode bevestig sy oortuiging dat 'n gemeente in sy wese missionêr is.
**5.2** Die Sinode bevestig dat evangelisasie 'n wesentlike aspek van die kerk se roeping en getuienis is en verbind haarself daartoe om op 'n holistiese wyse na alle mense uit te reik.
**5.3** Die Sinode sien Nuwe Bedieningsontwikkeling (NBO) / Nuwe Gemeente-Ontwikkeling (NGO) as 'n wyse van uitreik na die buite-kerklike mens, asook as 'n wyse om aan die groeiende diversiteit binne ons samelewing en kerk ruimte te gee.
**5.4** Die Reglement vir die Vermeerdering, Kombinering, Eenwording en Samesmelting van Gemeentes maak Nuwe Bedieningsontwikkeling (NBO) / Nuwe Gemeente-Ontwikkeling (NGO) kerkregtelik moontlik.

## 6. AANBEVELINGS

[1] Vgl Agenda deel I, bl 42, Verslag van die Algemene Diensgroep vir Gemeente-Ontwikkeling pt 4.2 (ADGO Bylaag 4, p 68); en Agenda deel I, bl 43, Verslag van die Algemene Diensgroep vir Gemeente-Ontwikkeling pt 5.1 (ADGO Bylaag 5, bl 75).

**6.1 Die Algemene Sinode aanvaar dat die saak van Nuwe Bedieningsontwikkeling (NBO) / Nuwe Gemeente-Ontwikkeling (NGO) belangrik is en daarom as ‘n prioriteit oorweeg word.**
**6.2 Die Sinode oorweeg die ontwikkeling van motiverings- en oriënteringsmateriaal, wat in sinodes en gemeentes gebruik kan word, as ‘n prioriteit.**
**6.3 Die Sinode herbevestig sy besluit van 2007 en versoek ATTO om toe te sien dat die saak van NBO/ NGO die nodige aandag in die kurrikula van die verskillende teologiese fakulteite kry.**
**6.4 Die Sinode versoek dat die verskillende VBO-sentrums (Stellenbosch, Bloemfontein, Pretoria) prioriteit sal verleen aan die opleiding en toerusting van leraars en lidmate vir die saak van NBO/ NGO.**

## 7. TAAKSPANLEDE

De la Harpe le Roux (sameroeper)
George Hugo
Phillip Botha
Martiens Swart
Gilliam Noeth

## ADGO BYLAAG 6

# FLAM-PROJEKSPAN

## 1. DIE OPDRAG VAN DIE ALGEMENE SINODE

**1.1** Tydens die Algemene Sinode se sinodesitting van 2002 was daar 'n gevoel by baie lidmate dat daar nie genoeg kontemporêre ("band") kerkmusiek beskikbaar was nie. Die Algemene Sinode het 'n taakspan in die lewe geroep wat 'n meganisme moes skep waardeur die kerk nuwe, Afrikaanse kontemporêre kerkmusiek op 'n voortdurende basis kon invoer. Hierdie meganisme is Flam genoem.
**1.2** Die Taakspan vir die Skep van Nuwe Liedere, Flam, is aanvanklik saamgestel uit lede van die Algemene Jeugkommissie se subkommissie vir musiekbediening, asook lede van die Eredienskommissie. Die Taakspan het die naam FLAM gekies wat dui op die profeet Jeremia se woorde in Jeremia 20:9 dat as ons oor Hom sou wou stilbly, dit in ons sou word soos 'n vuur wat brand. Flam help die kerk om nie stil te bly nie.
**1.3** Dit was van die begin af duidelik dat 'n hardekopiebundel – soos die *Liedboek* – met bladmusiek onbetaalbaar duur sou wees. Die besluit is dus geneem dat die musiek van die internet afgelaai moet kan word. Met die hulp en samewerking van die CCLI (Christian Copyright Licensing International) kan alle gemeentes wat oor die nodige lisensies beskik (ook buite die NG Kerk) die musiek gratis aflaai via die webtuiste www.flam.co.za.

## 2. SAMESTELLING VAN FLAM

**2.1** FLAM bestaan uit ongeveer 10 persone waarvan die meeste self betrokke is by musiekbediening in 'n plaaslike gemeente. Die taakspan se lede word deur die taakspan self verkies wanneer vakatures ontstaan en daar word altyd gepoog om so ver moontlik verteenwoordigend te wees van al die sinodale streke.
**2.2** Flam-taakspanlede:
Ds Ben Klut (Voorsitter, Melville-Kruisgemeente)
Ds Marcus Marinus (Ondervoorsitter, Krugersdorp)
Ds Rudi Swanepoel (Skriba, Johannesburg-Noord)
Me Carli Lessing (Gospel-kunstenaar van Pretoria)
Me Izelle Claassen (professionele violis, musiekleier by PUK-Kandelaar)
Ds Ireneé Heyns (Kenridge)
Ds Johan Steenkamp (Jeffreysbaai)
Ds Johan Engelbrecht (Hartenbos)
Ds Johan Schutte (Sonstraal, Durbanville)
Ds Christo Botha (Paarl)
Ds Faani Engelbrecht (Goodwood) is die bestuurder van Flam Musiekuitgewers.
**2.3** Gerda Engelbrecht, 'n taalversorger by Media24, doen die taalversorging op ad hoc-basis. Teologiese kwessies word na prof Johan Cilliers van die Kweekskool op Stellenbosch verwys. Mnr Neil Buchner van Wellington, 'n professionele gospelsanger, en ds Riaan Steyn is ons musiekadviseurs. Hierdie vier lede woon nie noodwendig die vergaderings by nie.

## 3. WERKSWYSE

**3.1** Die Flam-projekspan vergader minstens drie keer per jaar. Hierdie werksessies is oop. Musikante, predikante en ander belangstellendes word gereeld genooi om sessies by te woon. Liedjieskrywers word aangemoedig om self hul musiek aan Flam te kom voorlê.
**3.2** Aan die hand van bepaalde kriteria word musiek wat voorgelê is, gekeur en nadat die kopiereg uitgesorteer is, word die musiek op die webtuiste gelaai in twee formate: 'n sogenaamde *leadsheet* (melodielyn en kitaarakkoorde) en 'n *chordsheet* (teks en kitaarakkoorde). 'n *Hymnsheet* (volledige klavierbegeleiding) word slegs geset indien daar voldoende aanvraag is aangesien die koste hiervan enorm is en ons nie weer die insetkoste uit die verkope daarvan kan verhaal nie.
**3.3** Flam besit nie die kopiereg van al die liedere op die webtuiste nie maar het 'n eie uitgewer, Flam Musiekuitgewers, wat die kopiereg van liedere kan bestuur indien die skrywer ons as uitgewer verkies. Flam het hard gewerk om die samewerking en die vertroue van verskillende uitgewers te verkry – hoofsaaklik Brettian, Broken Records, Urial/Merchant en Maranatha Gospel Music Publishers. Ons het 'n staande ooreenkoms om musiek wat aan hulle behoort vinnig op die internet te kan publiseer. Omdat beide Flam en die uitgewer by hierdie ooreenkoms baat vind, is dit op die lange duur ekonomies volhoubaar.

## 4. WEBTUISTE

**4.1** Die webtuiste www.flam.co.za kry gemiddeld 3000 unieke besoeke ("hits") per maand. Met ander woorde: meer as 3000 mense kom minstens een keer per maand na die webtuiste om dit te gebruik. Die meeste kom weekliks – maar elkeen word slegs een keer per maand getel as 'n "hit".
**4.2** 'n Tweede "gesig" vir die webtuiste, waar lidmate slegs die mp3's van Flam-liedere kan aflaai, is by www.fluister.co.za.

**4.3** Flam het tans 'n korpus van byna 400 liedere. Hierdie liedere is op die webtuiste in subkategorieë ingedeel om 'n soektog te vergemaklik. Sommige besoekers soek kraakvars, nuwe musiek wat hulle in tekkie-dienste, veral vir jongmense, kan gebruik. Dit word in die *Kruisfuur*-afdeling gevind. Ander weer is op soek na kindermusiek vir hul Kinderbediening. Daarvoor is *Flammikidz* geskep. Ander weer is op soek na musiek vir eredienste waar van 'n begeleidingsgroep gebruik gemaak word maar waar verskillende generasies binne dieselfde erediens verteenwoordig word. Dit word in die *Flam*-afdeling aangetref. 'n Vierde afdeling is vir kontemporêre meditatiewe liedere en word *Kersflam* genoem.
**4.4** Meer as 700 NG Kerkgemeentes rapporteer aan CCLI dat hulle Flam-musiek gebruik. Daar is egter 1700 Afrikaanssprekende gemeentes wat MRL-lisensies het en wat toegang tot www.flam.co.za het. Dit sluit gemeentes van die VGKSA, GKSA, NHKA, APK, AGS en Lewende Woord in. Gemeentes van so ver as Kanada, Doebai, Australië, Nieu-Seeland en Nederland is op ons diens ingeteken.
**4.5 AANBEVELING: FLAM**
**4.5.1 Die Algemene Sinode ondersteun die samestelling en werkswyse van Flam.**
**4.5.2 Algemene Sinode moedig gemeentes aan om gebruik te maak van hierdie teologies- en musikaal-gekeurde nuwe kontemporêre liedere.**

## 5. FLAM MUSIEKUITGEWERS

**5.1** FLAM Musiekuitgewers (FMU) bestuur die kommersiële sy van die projekspan se werksaamhede en is deel van Bybel-Media (BM). Die direksie van die uitgewers bestaan uit 7 lede. Ds Ben Klut is die voorsitter van die direksie. BM en JONK het elk een verteenwoordiger in die direksie en die Flam-taakspan het 5 verteenwoordigers. Altesaam 40% (2 dae per week en twee eredienste per maand) van ds Faani Engelbrecht se tyd word by die NG Kerk Goodwoodpark uitgekoop om FMU te bestuur. Sy taak behels onder meer die bekendstelling van Flam aan gemeentes.
**5.2** FMU het verder die kundigheid van Mart-Marie Schoeman ingekoop. Sy werk een dag per week vir Flam en hanteer die uitbetalings wat aan NORM en SAMRO en weer aan die skrywers uitbetaal moet word en adviseer FMU rakende kopieregkwessies.
**5.3 AANBEVELING: FLAM-MUSIEKUITGEWERS**
**5.3.1 Die Algemene Sinode ondersteun die werkswyse van Flam Musiekuitgewers.**
**5.3.2 Gemeentes word aangemoedig om die lede van Flam uit te nooi om die liedere in hul gemeentes te kom bekendstel.**

## 6. VERDERE PRODUKTE EN DIENSTE WAT FLAM LEWER

**6.1** Die **Fuurhoutjie** is Flam se e-nuusbrief wat maandeliks en gratis aan intekenare gestuur word. Die getal intekenare het in die laaste twee jaar verdubbel en staan nou op meer as 1500. Die nuusbrief word saam met Facebook gebruik. Die Flam-groep het meer as 400 lede en verbind 'n gemeenskap van Afrikaanse aanbidders aan mekaar. Op dié manier word nuwe liedere aan hulle bekend gestel en kry ons die kans om direk te bemark aan die mense wat ons produkte gebruik.
**6.2** Drie **CD's** met Flam-liedere is reeds opgeneem: "Flam, Volume 1" en "Roeping: Lof" is deur Maranatha vervaardig.
**6.3** Die CD **F-luister** met 14 nuwe Flam-liedere is sedert April 2011 beskikbaar en is die eerste CD wat deur die projekspan self en Flam Musiekuitgewers vervaardig is.
**6.4** 'n **Hardebandkopie** van die bladmusiek van al 14 van die liedere wat op die Fluister-CD verskyn, word as "Flam Volume 03" uitgegee.
**6.5** 'n **Geheuestafie** met al die Flam-liedere se bladmusiek (asook mp3's) kan by BM bestel word deur gemeentes wat nie internettoegang het nie maar wat wel oor 'n CCLI-lisensie beskik.
**6.6 Powerpoints** met musiek: die Fluister-CD-reeks se liedere word ook beskikbaar gestel met Powerpoints en kan vanaf die webtuiste afgelaai word
**6.7 Aanbiddingsessies:** 10 minute-aanbiddingsessies, gemik op kleingroepe, die Brandstof-reeks, kan via BM se e-handel aangekoop word en kan ook veral by gemeentes gebruik word wat beperkte hulpbronne het.
**6.8 Liedjieskryf-werkswinkels** word gehou vir gevestigde skrywers wat saam met nuwe liedjieskrywers idees ruil en nuwe liedere ontwikkel.
**6.9 Flam Live** is 'n groep musikante, hoofsaaklik lede van Flam, wat op uitnodiging by gemeentes optree. Die doel van die optredes is hoofsaaklik bekendstelling en bewusmaking. Flam Live het in 2010 gehelp by die Vrystaatse Sinode en het ook vroeër vanjaar, in 2011, die musiekbegeleiding tydens die Wes-Kaapse sinodesitting behartig.
**6.10 AANBEVELINGS: PRODUKTE EN DIENSTE VAN FLAM**
**6.10.1 Gemeentes en veral skribas word aangemoedig om so spoedig moontlik in te teken op Flam se nuusbrief om sodoende op hoogte te bly van nuwe geleenthede en produkte wat tot voordeel van die kerk kan wees.**
**6.10.2. Streek- en algemene sinodale vergaderings word aangemoedig om gebruik te maak van Flam se begeleidingsgroep tydens sinodesittings.**

## 7. FLAM SE BEGROTING
Die grootste deel van die projekspan se begroting kom in hierdie stadium van BM. JONK (die Algemene Sinode) betaal vir alle setwerk en vir die werksessies. ’n Verdere groot deel van Flam se inkomste kom uit tantièmes wat twee keer per jaar deur CCLI uitbetaal word, maw uit die lisensiegelde wat gemeentes via CCLI betaal.

## 8. MOTIVERING VIR DIE VOORTSETTING VAN FLAM SE WERKSAAMHEDE
**8.1** Omdat die strukturering van die Algemene Sinode se werksaamhede impliseer dat geen werksaamheid (soos Flam) outomaties ná die Algemene Sinode van 2011 voortgesit sal word nie, motiveer Flam graag die voortsetting van hierdie uiters belangrike werk in die kerk soos volg:
**8.1.1** Die werk wat Flam doen, is van kritieke belang op ’n terrein wat die wese van kerkwees raak, naamlik aanbidding.
**8.1.2** Die werksaamhede van Flam getuig van die diversiteit binne die kerk. Nie net jongmense en kinders nie, maar ’n groeiende aantal ouer lidmate word aangespreek deur die styl van aanbidding wat juis deur Flam bevorder word.
**8.1.3** Die steeds groeiende getal Flam-gebruikers is ’n aanduiding van die behoefte aan en die aanvraag vir Flam-liedere.
**8.1.4** Flam se werksaamhede hoort by die Algemene Sinode tuis, veral omdat dit werk is wat van algemene belang is vir die kerk en daarom ook verteenwoordigend van die breë kerk moet wees. Dit is nie ’n werksaamheid wat deur ’n gemeente of selfs ’n streeksinode behartig kan word nie.
**8.1.5** Die uitgawes vir Flam se werksessies het tot nou toe uit JONK se begroting gekom. Slegs ’n baie klein deel van ons begroting word dus tans deur die Algemene Sinode gedra – die res van ons werksaamhede word óf deur tantièmes of deur Bybel-Media gedra.

**8.2 AANBEVELING: WERKSAAMHEDE VAN FLAM**
**Die Algemene Sinode oorweeg dat die werksaamhede van Flam as ’n prioriteit in die kerk voortgesit moet word en indien wel, dat die nodige fondse, soos in die verlede, daarvoor opsy gesit moet word.**

Ben Klut (Voorsitter)
Rudi Swanepoel (Skriba)

## ADGO BYLAAG 7

# VONKK-PROJEKSPAN VIR MUSIEK

## 1. OPDRAG AAN VONKK

Wat eredienste betref, stel die ADGO-verslag aan die AS 2007 in Bylaag 1, punt 8.6.4 die volgende standpunt*: ”Harde werk lê op musikale gebied voor. Die kerk het baie lank die meer ‘klassieke’ kerklike musiek ondersteun en uitgebou. Dit is weerspieël in die keuring van liedere en die opleiding van orreliste. Die werklikheid van ’n nuwe idoom kan nie langer ontken word nie. Sinodes en gemeentes sal eenvoudig ’n groter positiewe begeleidingsrol moet speel. Ook musikante wat in ’n meer moderne idioom kan begelei, sal opgelei moet word en ruimtes sal daarvoor geskep moet word. Terselfdertyd mag ons nie toelaat dat ‘n ‘klassieke vakuum’ ontstaan nie. Gemeentes behoort toe te sien dat volle musikale diveriteit op verantwoordelik wyse in die gemeente gestalte aanneem.”*

Op grond hiervan het die Algemene Sinode van 2007 die volgende besluit oor die bevordering van klassieke kerkmusiek geneem: *“Die Algemene Sinode gee erkenning aan die behoefte met betrekking tot die bevordering van formele kerkmusiek en gee opdrag aan die ADGO en sy Projekspan vir Musiek om werksaamhede voort te sit.”* (Handelinge Algemene Sinode 2007, bl 94). Hierdie opdrag het in 2008 gelei tot die ontstaan van die VONKK Projekspan vir Musiek naas FLAM wat verantwoordelik is vir die versameling van informele liedere. VONKK is ’n akroniem vir die benaming: Voortgesette Ontwikkeling van Nuwe Klassieke Kerkmusiek.

## 2. SAMESTELLING EN FUNKSIONERING VAN VONKK

**2.1** Sedert die Algemene Sinode van 2007 het VONKK het homself gestruktureer met *agt permanente lede* (bestaande uit predikante en musici met spesifieke kennis tov himnologie en kerkmusiek, asook lede van SA Kerkorrelistevereniging), sowel as *twee deeltydse adviseurs* (teologies en taalkundig). Die projekspan bestaan tans uit:

| | |
|---|---|
| Ds Jacques Louw (voorsitter) | Hoopstad |
| Prof Daleen Kruger (ondervoorsitter) | Potchefstroom |
| Ds Cassie Carstens (skriba) | Pretoria |
| Dr Breda Ludik | Somerset-Wes |
| Dr Driekie Jankowitz | Windhoek |
| Prof Albert Troskie | Port Elizabeth |
| Mnr Colin Campbell | Potchestroom |
| Mnr Anton Esterhuyse | Bloemfontein |
| Dr Stephan Joubert (deeltydse teologiese adviseur) | Pretoria |
| Prof Vic Webb (deeltydse taalkundige adviseur) | Pretoria |

**2.2** VONKK het onmiddellik na sy ontstaan riglyne en kriteria opgestel waarvolgens nuwe liedere en musiek in die meer klassieke styl op ’n voortdurende basis gekeur kan word en aan gemeentes beskikbaar gestel kan word. Soos FLAM, het VONKK ook sy eie webwerf (www.vonkk.co.za) geskep waardeur die nuutgekeurde musiek aan gemeentes beskikbaar gestel word en waar daar ook noodsaaklike inligting en ander nuttige hulpmiddels tov musiek aan gemeentes gegee word. VONKK vergader twee tot drie keer per jaar. ’n Totaal van 155 VONKK liedere is reeds op die webwerf beskikbaar. Die VONKK webwerf voorsien onder ander by elke lied die teks, ’n Power Point-aanbieding, ’n MP3-klanksnit van die lied, asook dan die volledige bladmusiek in die vorm van ‘n *lead sheet* (melodielyn met akkoorde), ‘n orrelbegeleiding, ‘n klavierbegeleiding (indien beskikbaar), en ook waar daar ‘n kantoryverwerking en ‘n instrumentale verrykkings van die lied beskikbaar is. VONKK fokus veral ook op die skep van Afrikaanse meditatiewe liedere en kortvorm psalms wat maklik singbaar is. Ander toevoegings is bekende ekumeniese liedere en ook Halleluja- en multikulturele liedere wat van nuwe Afrikaanse tekste voorsien is en veral ook nuwe kinderliedere. Verskillende liedere wat die wye spektrum van die liturgiese handelinge en ’n verskeidenheid van rubrieke verteenwoordig, is reeds as VONKK liedere opgeneem.

**2.3** VONKK ontvang finansiële ondersteuning vir sy werksaamhede – nie uit die begroting van die Algemene Sinode nie – van Bybel-Media en uit die inkomste wat Bybel-Media onder andere in die vorm van tantiéme vir die Liedboek ontvang. VONKK strewe daarna om sover moontlik self die kopiereg van die VONKK liedere te bekom, sodat VONKK liedere die eiendom van die Kerk kan wees en op die langtermyn weer ’n invloei van tantiéme-inkomste vir VONKK Uitgewers, ’n divisie van Bybel-Media, sal verseker. Alle inkomste wat VONKK genereer uit onder andere tantiéme by CCLI en die verkoop van VONKK produkte soos CD’s en DVD’s word dus aan Bybel-Media oorbetaal.

**2.4 AANBEVELING: WERKWYSE VAN VONKK**

**Die Algemene Sinode ondersteun die werkswyse van VONKK en moedig gemeentes aan om gebruik te maak van hierdie teologies- en musikaal-gekeurde nuwe klassieke liedere.**

## 3. AANVRAAG VIR VONKK-LIEDERE

Teen 31 Mei 2011 was daar reeds ’n totaal van 329 gemeentes wat geregistreerde gebruikers van VONKK-liedere is en dit groei steeds daagliks. Die VONKK-webwerf ontvang reeds maandeliks meer as 800 besoeke. Geregistreerde intekenaars wissel van gemeentes uit die NG Kerk tot gemeentes van die Hervormde Kerk en ook

enkele intekenaars van die Sewendedag Adventiste en van gemeentes in die buiteland. VONNK stuur ook elke keer wanneer nuwe VONKK-liedere op die web geplaas word die *BeVONKK-Nuusbrief* aan al die bestaande intekenaars. Op hierdie wyse word die intekenaars op hoogte gehou met die werksaamhede van VONKK en nuwe liedere en produkte wat van tyd deur VONKK beskikbaar gestel word.

## 4. REGISTRASIE BY EN RAPPORTERING AAN CCLI

**4.1** Om die musiek van FLAM en VONKK in eredienste te mag vertoon en om die bladmusiek van die onderskeie webwerwe te kan aflaai, moet gemeentes by Christian Copyright Licensing International (CCLI) www.ccli.co.za registreer en lisensieer. CCLI help FLAM en VONKK met die kopieregbeheer en sorg ook dat die verskuldige tantiéme wat uit die lisensiegelde verhaal word aan die betrokke kopiereghouers uitbetaal word. Gelisensieerde gemeentes moet egter erns daarmee maak om noukeuring aan CCLI te rapporteer watter FLAM en VONKK liedere hulle sing sodat FLAM en VONKK die broodnodige tantiéme kan ontvang wat ons instaat stel om met die projek van die versameling van nuwe liedere in die kerk te kan voortgaan.

**4.2 AANBEVELING: CCLI**

**Die Algemene Sinode versoek gemeentes om vir die gebruik van VONKK- en FLAM-liedere by CCLI te registreer en ook erns te maak met die noukeuring rapportering aan CCLI van die VONKK- en FLAM-liedere wat gebruik word.**

## 5. DIE VONKK CD EN DVD

**5.1** Gedurende Mei 2011 het VONKK in samewerking met Bybel-Media sy eerste CD en DVD uitgegee. Die CD en die DVD bevat beide dieselfde 31 liedere, wat bestaan uit ‘n samestelling van VONKK-liedere uit verskillende rubrieke en gerig is op samesang by eredienste en in kleingroepe. Gemeentes en groepe kan dus gemaklik daarmee saamsing. Wat besonders is, is dat die DVD nie net die musiek bevat nie maar ook die woorde van die liedere wat met die musiek gesinkroniseer is sodat die woorde aanbeweeg soos wat die musiek voortgaan. Geen ekstra Power Point is dus hiervoor nodig nie. Die begeleidings is hoofsaaklik met orrel en klavier gedoen, met gemeentesang daarby. Die prys is R49-95 per CD en R59-95 per DVD en is alleenlik beskikbaar by Bybel-Media Handel:

*1 Direkte bestellings: bestel@bmedia.co.za
*2 Deeloproepe: 0860 26 33 42
*3 e-aankope: www.bybelmedia.co.za

**5.2 AANBEVELING: VONKK CD EN DVD**

**Die Algemene Sinode moedig gemeentes en lidmate aan om die nuwe VONKK CD en DVD aan te koop en ook lidmate aan te moedig om dit te koop**

## 6. SAMEWERKING MET DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK

**6.1** VONKK het ’n amptelik versoek van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika ontvang om saam te werk aan die projek van voortgesette ontwikkeling van nuwe liedere vir die kerk. Na samespreking en onderhandelings met die NHKA het hulle Algemene Kerkvergadering besluit dat hulle sal inskakel by die bestaande werkswyse en werksaamhede van VONKK. Hulle oorweeg tans om ook deur VONKK-Uitgewers liedere uit Hervormde geledere te publiseer.

**6.2 AANBEVELING: SAMEWERKING MET DIE NHKA**

**Die Algemene Sinode ondersteun die samewerking wat tussen die NHKA en VONKK ontwikkel het en versoek VONKK om voort te bou aan hierdie samewerking.**

## 7. INTERNASIONALE SAMEWERKING EN SKAKELING

**7.1** Aangesien VONKK veral ook op meditatiewe liedere vir adoramusdienste in gemeentes fokus, het VONKK hande van samewerking na die Taizé-broedergemeenskap in Frankryk uitgesteek. Taizé is wêreldwyd bekend vir hulle meditatiewe eredienste en musiek. Duisende jongmense stroom jaarliks vanoor die wêreld na die Taizé-gemeenskap om in hierdie vorm van aanbidding te deel. Die voorsitter van VONKK het ook in 2010 die Taizé-gemeenskap besoek om samesprekings te voer met musiekleiers en kopieregleiers daar. ’n Ooreenkoms tussen Taizé en VONKK is bereik waarin Taizé vir VONKK as hulle medewerker in Suid-Afrika benoem het. VONKK sal voortaan alle Afrikaanse vertalings van Taizé liedere namens Taizé kontroleer alvorens so ’n vertaling amptelik deur Taizé aanvaar sal word. Daar is ook ooreengekom dat VONKK toestemming kry om Taizé-liedere in Afrikaans te mag insluit in die VONKK liedereskat.

**7.2** Wêreldwyd is daar ook ‘n soortgelyke bewustheid dat die kerk binne die klassieke styl nuwe liedere moet ontwikkel. Ten opsigte hiervan en met die geslaagde ontwikkeling van ‘n elektroniese liedboek, word VONKK reeds in die himnologiese wêreld as ’n baanbreker gesien. Die ondervoorsitter van VONKK lewer juis vanjaar in Julie tydens die kongres van die Internasionale Werkgemeenskap vir Himnologie in Roemenië ’n referaat oor: *The e-hymnbook (VONKK) project of the Dutch Reformed Church in SA.*

**7.3 AANBEVELING: VONKK EN TAIZÉ**

**Die Algemene Sinode ondersteun die samewerking wat tussen VONKK en die Taizé-gemeenskap ontwikkel het, asook intenasionale skakeling en leiding op die verskillende vlakke en versoek VONKK om daarop voort te bou.**

## 8. VERSAMELING VAN VONKK-LIEDERE

**8.1** In die proses van voortgesette ontwikkeling van nuwe klassieke liedere rig VONKK voortdurend uitnodigings aan gemeentes, musici en ander liedskrywers om liedere wat reeds gesing word of nuut geskep is aan VONKK te stuur sodat dit ook in die wyer kerk bekend gestel kan word. Verskeie liedere is al op dié manier ingevorder en aan gemeentes beskikbaar gestel.

**8.2 AANBEVELING: LIEDERE VIR VONKK**

**Die Algemene Sinode versoek lidmate, gemeentes, musici en liedskywers om liedere wat aan die nodige kriteria voldoen aan VONNK te stuur sodat dit vir gebruik aan die breë kerk beskikbaar gestel kan word.**

## 9. LIEDSKRYFKOMPETISIE

**9.1** VONKK is ook genader om vanjaar in samewerking met die Oostelike Sinode 'n liedskryfkompetisie aan te bied. Die tema van die kompetisie is "Nuwe eietydse Afrikaanse geestelike musiek" en die musiekstyl is kontemporêr-klassiek en meditatief. Met hierdie kompetisie wil VONKK die Afrikaanse liedereskat van die kerk aanvul en braakvelde in die kerlike jaar soos Pinkster en Hemelvaart aanvul met toepaslike liedere. Die kompetisie wil ook help om lidmate te help om musiek deur die regte kanale te versprei sodat die hele kerk daarby kan baat en liedskrywers ook die nodige erkenning kan kry. VONKK sal saam met die Oostelike Sinode ook die prysgeld van die kompetisie borg. Deur hierdie kompetisie voorsien VONKK om 'n hele aantal nuwe eietydse liedskeppinge te kan toevoeg tot die VONKK liedereskat.

**9.2 AANBEVELING: LIEDSKRYFKOMPETISIE**

**Die Algemene Sinode ondersteun die liedskryfkompetisie wat deur die Oostelike Sinode en VONKK gereël word en moedig liedskrywers aan om daaraan deel te neem.**

## 10. MOTIVERING VIR DIE VOORSETTING VAN VONKK SE WERKSAAMHEDE

**10.1** Omdat die strukturering van die Algemene Sinode se werksaamhede impliseer dat geen werksaamheid (soos VONKK) outomaties ná die Algemene Sinode van 2011voortgesit sal word nie, motiveer VONKK graag die voortsetting van hierdie uiters belangrike werk in die kerk soos volg:

**10.1.1** Die werk wat VONKK doen is van kritieke belang op 'n terrein wat die wese van kerkwees raak en waar die kerk nie durf skade lei nie, naamlik aanbidding.

**10.1.2** Die werksaamhede van FLAM bied slegs 'n gedeeltelike antwoord aan die nuwe eise ten opsigte van die groeiende diversiteit onder lidmate. Daar is ook 'n sterk groeiende behoefte by lidmate aan nuwe musiek in die klassieke styl met inbegrip van liedere van 'n meditatiewe aard.

**10.1.3** Die massiewe sosiale en kulturele grondverskuiwings wat plaasgevind het sedert die Liedboek uitgegee is, het gelei tot behoefte aan liedere wat uitdrukking kan gee aan voorheen afgeskeepte aspekte van die geloof van hedendaagse mense. Daar is 'n werklik tekort van liedere onder sekere rubrieke soos oa toewydingsliedere, kinderliedere, liedere oor diens en getuienis, liedere rakende die bewaring van die skepping (sg "groen" liedere) en so meer. Navorsing het getoon dat die TT Cloete-berymings van die psalms in die Liedboek weinig deur gemeentes gesing word. Daarteenoor het lidmate wel 'n werklike behoefte om psalms te kan sing, maar nie in 'n strofiese vorm van omdigtings nie. Daar is eerder 'n behoefte aan kortvorm psalms waarvan die teks eietyds is en die melodieë eenvoudige singbare wysies is wat maklik deur gemeentes aangeleer kan word. Hierdie is alles aangeleenthede waaraan VONKK aandag gee.

**10.1.4** VONKK het homself reeds ook op internasionale terrein as baanbreker onderskei met die ontwikkeling van 'n elektroniese liedboek.

**10.1.5** Die waarde van die werk van VONKK moet nie slegs op korttermyn oorweeg word nie. Dit is werk wat vir dekades lank gaan vrug dra in die kerk se eredienste en ander aanbiddingsgeleenthede.

**10.1.6** Die groeiende getal registrasies om VONKK se musiek te gebruik en die groeiende besoekerstal aan VONKK se webwerf maandeliks is 'n goeie aanduiding van die werklike behoefte aan en die aanvraag vir VONKK liedere.

**10.1.7** VONKK is ook oortuig dat ons werksaamhede by die Algemene Sinode tuishoort, veral omdat dit werk is wat van algemene belang is vir die kerk is en daarom ook verteenwoordigend van die breë kerk moet wees.

**10.1.8** Die uitgawes vir VONKK se werksaamhede kom nie uit die begroting van die Algemene Sinode nie maar oa van tantiéme wat Bybel-Media van die Liedboek ontvang. Daarmee saam verbruik die VONKK-projek nie net geld nie maar is VONKK reeds besig om dmv tantiéme en produkverkope 'n inkomste te genereer wat nie net sal groei nie maar ook jaarliks dmv gemeentes se lisensiegelde aan CCLI vir 'n goeie opbrengs sal sorg.

**10.2 AANBEVELING: WERKSAAMHEDE VAN VONKK**

**Die Algemene Sinode keur dit goed dat die werksaamhede van VONKK as 'n prioriteit in die kerk voortgesit moet word.**

Jacques Louw (Voorsitter)
Cassie Carstens (Skriba)

## ADGO BYLAAG 8

# JONK (JEUGBEDIENING VAN DIE NG KERK)

## 1. WERKSAAMHEDE

**1.1** JONK het die afgelope vier jaar op navorsing, programontwikkeling en netwerkvorming gefokus (soek, skep en deel).

**1.2** Deel van die navorsing (soek) is gedoen deur saamtrekke (berggesprekke) met jeugleraars, werkers en jong predikante te reël waar jeugbediening in die kerk bespreek is. Tydens hierdie byeenkomste is tendense mbt jeugbediening geïdentifiseer en wenke en idees uitgeruil. Die berggesprekke het mettertyd ook ontwikkel tot 'n versorgingstyd vir jonger geestelike leiers in die kerk. Verskeie getuienisse is gehoor van jong leraars en jeugwerkers wat die kerk wou verlaat maar tydens hierdie sessies 'n nuwe roeping en hoop gekry het en opnuut gemotiveer is om in die bediening te bly.

**1.3** Verskeie gesprekke is ook met studente tydens naweekkonferensies gevoer waar die belangrikheid van jeugbediening beklemtoon is.

**1.4** Die deel van inligting is veral tydens berggesprekke, kontak met studentegemeentes, sinodale jeugkommissies se voorsitters en tydens die jaarvergadering gedoen. Die webwerf is uitgebrei en gebruik om netwerke te vorm en inligting vanaf die Algemene Sinode en met mekaar te deel.

**1.5** Die E-tydskrif, ons elektroniese nuusbrief, het gedurende hierdie tyd 'n groot bydrae gelewer om die jonger generasies geestelike leiers te begelei. Die leserstal het baie toegeneem en skrywers van reg oor die land wat by jeugbediening betrokke is, het waardevolle artikels geskryf wat nuwe tendense uitwys en die praktyk toelig.

**1.6** JONK is steeds betrokke by FLAM (kyk Bylaag 6) aangesien FLAM spesifiek op jongmense se behoefte aan nuwe kontemporêre Afrikaanse aanbiddingsliedere fokus. Die skakeling tussen JONK en FLAM verseker dat die praktyk en teorie mekaar aanvul.

**1.7** JONK was aanvanklik in projekte soos oa familiebediening, intergeneratiewe geloofsvorming, studenteleraars en -leiers, berggesprekke en onderwys en opleiding betrokke. Die DVD-reeks met begeleidende boek "Ouerskap" is Julie 2011 by Bybel-Media uitgegee en is tans in die handel beskikbaar. Sedert 2009 is besluit om elke jaar op een groot projek te fokus. Die Act 5 produkte is hieruit ontwikkel. Die produk is 'n onderskeidingsproses oor Skrifgebruik. Dit bestaan uit 'n DVD-reeks, geloofsonderskeidende handleiding en 'n toerustingsboek wat die hermeneutiek aan hoërskoolkinders verduidelik.

**1.8** Tydens die 2010 Fifa Wêreldbekersokkertoernooi het JONK 'n 2010-projek geloots en 'n DVD in samewerking met Bybel-Media saamgestel met riglyne oor hoe om sportbediening te gebruik om die evangelie te versprei. Dit het as die TUG Resource Kit bekend gestaan en is aan elke NG Kerk- en VGKSA-gemeente in Suid-Afrika en Namibië gepos. Ds Ben Marais se tyd is uitgekoop en hy het verskeie kerke en sinodes in ons land toegespreek en opleiding gegee in Sportbediening.

**1.9** Vanjaar is JONK se projek: Sosiale Geregtigheid. JONK wil ons jeug, in samewerking met die organisasie Oasis blootstelling aan sosiale geregtigheid gee en hoop dat stories van hoop hieruit sal voortvloei. Agt gemeentes in die groter Johannesburg en Pretoria is in 'n 8 maande program met Oasis betrokke.

## 2. OPDRAG: JEUGWERKERS

**2.1** *Die Algemene Sinode (2007) gee aan JONK opdrag om saam met die ter sake kommissies (oa AKTO, ATR, ATDV ensovoorts) die saak in diepte te ondersoek en die Algemene Sinode met 'n voorstel aangaande die opleiding en amptelike status van Jeugwerkers te bedien."*

**2.2** Verskeie byeenkomste is tussen JONK, die Jeugwerkersvereniging, ATR, ATTO, ADGO en die Kuratorium van Stellenbosch gehou. Aangesien daar intussen 'n ad hoc-taakspan vir bevoegdheid aangewys is, is die saak na diè taakspan verwys wat die saak hanteer het en die Algemene Sinode met 'n aanbeveling sal dien.

## 3. VOORTSETTING VAN WERKSAAMHEDE

Die dagbestuur van JONK oordeel dat die kerk nie anders kan as om aandag aan jeugbediening, as 'n integrale deel van die werk van 'n gemeentes, te gee nie. Goeie akademiese navorsing en teologiese nadenke oor jeugbediening en die toerusting van jeugleiers is krities vir die bediening.

## 4. AANBEVELINGS: JEUGBEDIENING

**4.1 Die Algemene Sinode word versoek om die bediening van die jeug as 'n prioriteit van die Algemene Sinode te aanvaar.**

**4.2 Indien Jeugbediening as 'n prioriteit aanvaar word, gee die Algemene Sinode opdrag dat 'n projekspan aangewys word wat aktuele jeugkwessies identifiseer en relevante tendense in jeugbediening navors om die kerk sodoende te adviseer om te verseker dat effektiewe jeugbediening plaasvind.**

## 5. TAAKSPANLEDE

Gielie Loubser (Voorsitter), Hennie Burden (Skriba), Anriëtte de Ridder, Waldemar Stümpfe, Gawie Snyman

## ADGO BYLAAG 9

# KATEGESEBEDIENING

## 1. FOKUS

Die Taakspan vir Kategese is verantwoordelik om gemeentes, in hulle omvattende bediening, te ondersteun om effektiewe kategese *(onderrig in die Woord en leer van die Kerk)* aan hulle kinders en jongmense binne hulle eie konteks aan te bied. Hierdie verantwoordelikheid word uitgevoer deur die daarstel van eietydse materiaal, ander hulpmiddels, kundigheid, navorsing en die gee van voorligting. ’n Kategesefasiliteerder (deelpos) is in 2007 aangestel om die Taakspan behulpsaam te wees om hierdie verantwoordelikhede uit te voer. Sy fokus is veral voorligting aan leiers en kategete. Ons vat ook hande met baie vennote in die uitvoering van ons verantwoordelikheid.

## 2. WERKSAAMHEDE

### 2.1 JUNIORS

LP3 (Lyne, Panele. Portrette en Prente) is vir die juniors (Gr 1-6) ontwikkel wat die heilshistoriese openbaring van God deur middel van Bybelverhale op 12 panele visueel uitbeeld. Kinders se Bybelkennis en insig in die geheelprentjie van die Bybel is hier die fokus. Hierdie unieke model kan ook handig gebruik word in gesinsdienste en is beslis ’n goeie begeleidingshulpmiddel om ouers te ondersteun in hulle geloofsontwikkelingstaak. Daar word tans ook gewerk aan nuwe stof vir hierdie ouderdomsfase.

### 2.2 SENIORS

Vir die seniors (Gr 7-10) is ’n hele nuwe generasie produkte (*GPS vir die lewe, Jpeg – prente van God, Faceboek – vriende van God en Die weg – die reis saam met God*) ontwikkel. Hierdie produkte wil jongmense op hulle geloofsreis begelei om in ’n ontmoeting met God te kom en as dissipels vir Hom te lewe. Daar word tans ook gewerk aan ’n hele nuwe kurrikulum vir hierdie groep.

### 2.3 BELYDENISAFLEGGING

**2.3.1** Die huidige praktyk van belydenisaflegging is indringend bespreek en verskeie gesprekke is oor die hele land heen gefasiliteer sedert 2007: onder andere is jeugleiers in die noordelike sinodes in September 2008 en in die Kaap in Februarie 2009 uitgenooi na ’n byeenkoms, die Lentekonferensie van 2009 van Excelsus het daaraan aandag gegee en daar was teologiese besinning tydens ’n SDR-vergadering van die Noordelike Sinode in Maart 2011. In die gesprekke is besef dat ons verstaan van kerkwees nogal bepalend is vir ons verstaan van belydenisaflegging. Wanneer daar verskillend gedink word oor kerkwees, sal daar verskillend gedink word oor belydenisaflegging. Uit al die gesprekke het dit ook duidelik geword dat belydenisaflegging nie meer gesien behoort te word as die eindpunt van kategese nie. Dissipelskap behoort ’n lewenslange leefstyl te wees. Belydenisaflegging beteken in die praktyk dikwels dat alle formele insette van die kerk se kant af skielik beeindig word. Daar behoort, in enige denke rondom vernuwing, gepoog te word om ’n kultuur van lewenslange onderrig deel te maak van die kerklike praktyk waar belydenisaflegging ’n belangrike baken langs hierdie pad behoort te wees. Dit blyk ook dat daar baie onduidelikheid is oor die implikasies van die besluit van die Algemene Sinode in 1998 oor kinders aan die nagmaalstafel op die praktyk van belydenisaflegging en hoe gemeentes kinders in die praktyk behoort te begelei. Hierdie saak behoort ook in enige vernuwing deeglik aandag te kry.
**2.3.2** ’n Gespreksdokument is uit al die gesprekke saamgestel en almal wat dit wil lees en wil deelneem aan verdere gesprekke kan dit op Facebook doen. Hierdie dokument kan ook by die Taakspan aangevra word. Die gevolgtrekking waartoe die Taakspan gekom het, is dat die tradisionele manier van belydenisaflegging aangepas moet word. Hoe dit presies gedoen moet word, is daar nog nie duidelikheid oor nie. Daar is reeds gemeentes wat ’n bepaalde ander benadering het. Nuwe materiaal vir belydenisaflegging (Gate of G8) is in die lig van hierdie hele gesprek geskep en sal veral handig gebruik kan word vir die afronding van persone wat vroeër (byvoorbeeld tussen 13-18 jaar) of later (as volwassenes) aanmeld vir belydenisaflegging of uit die wêreld tot die geloofsgemeenskap wil toetree.

### 2.4 HUISGELOOF

’n Belangrike nuwe fokusarea by die Taakspan is die gesin wat vandag anders lyk en deeglik mee rekening gehou moet word. Die kategese is nie die enigste plek waar geloofsvorming kan of behoort plaas te vind nie. Ouers behoort in hulle geloofsontwikkelingstaak ondersteun te word. Daar is ook toenemend ’n wêreldwye tendens wat rondom gesinsbediening sigbaar raak en wat in die literatuur as “faith@home” bekend staan. Ons wil graag die term HuisGeloof (in plaas van familie- of gesinsbediening) gebruik wanneer ons in die toekoms oor hierdie saak gaan handel. Die Taakspan gee indringend hieraan aandag en is tans besig om materiaal te ontwikkel waarmee gemeentes ouers kan ondersteun en bemagtig as die primêre begeleiers van hulle kinders.

**2.5 KATEGEET/ GESPREKSFASILITEERDER**
**2.5.1** Die Taakspan is deurlopend besig om opleidingsmateriaal te skep vir kategete/ groepleiers in die kategese. ’n DVD met ’n werksdokument word tans voorberei om kategete/ groepleiers toe te rus. Die Taakspan voer ook gesprekke met ’n vennoot oor ‘n fasiliteringsmodel (Kontak-kategese) wat kategete sal bemagtig om met vertroue enige Bybelgedeelte, les of ontmoeting te kan fasiliteer of te kan aanbied.
**2.5.2** Die Taakspan nooi almal uit wat ’n belang of ’n belangstelling in die Kerk se kategese het om met hierdie Taakspan te skakel.

## 3. SAMESTELLING
Die Taakspan is saamgestel uit 12 lede waar elkeen verantwoordelikheid vat vir ’n spesifike fokusarea. Die volgende persone dien tans in die taakspan:
Ds Johan Avenant (NG The Reeds) - voorsitter
Ds Charl van Rensburg (NG Montagu) - skriba
Mnr Danny Fourie (Bybel-Media - Jeugfokus)
Ds Waldemar Stumpfe (Kategesefasiliteerder)
Ds Ronnie Noemdoe (VGK)
Ds Heinrich Viljoen (NG Katu)
Ds Wynand Olivier (NG Montagu)
Ds Danie Vermaak (NG Elarduspark)
Ds Johan Gerber (Klerksdorp-Goudkop)
Prop Karla van Straaten (NG Kenridge)
Ds Alex Clark (NG Elarduspark)
Me Rinel Hugo (ADGO – ex officio)

## 4. AANBEVELINGS: KATEGESE
**4.1 Die Algemene Sinode oorweeg Kategese as ‘n prioriteit van die Algemene Sinode.**
**4.2 Indien Kategese as prioriteit aanvaar word, word ‘n projekspan aangewys om navorsing te doen, voorligting te gee en eietydse, relevante material en ander hulpmiddels binne die raamwerk van die gereformeerde teologie en belydenisskrifte van die NG kerk te ontwikkel.**

## ADGO BYLAAG 10

# MISSIONALE EKKLESIOLOGIE

## INLEIDING

Die NG Kerk is by ‘n waterskeiding in die Kerk se verstaan van die wese en aard van gemeentes. Hierdie waterskeidingsoomblik kom nie uit die niet nie. Insigte en oortuigings is al vir ‘n geruime tyd aan die groei en verskeie beleidsbesluite het die Kerk voorberei vir ‘n beslissende oomblik – om duidelik te verklaar hoe die Kerk haarself verstaan en om die opwindende implikasies van hierdie oortuigings uit te leef. Die omstandighede waarin die Kerk haar bevind, verg verbeeldingsryke nuwe uitdrukkings van kerkwees. Die lewende God se toekoms nooi die Kerk op ‘n nuwe reis.

## 1. OPDRAG EN REDES VIR DIE VERSLAG

### 1.1 ALGEMENE SINODE 2002 (HANDELINGE 2002 BL 542) EN ALGEMENE SINODE 2004 (HANDELINGE 2004 BL 444).

Die Sinode besluit: “3. Die Sinode gee 'n verdere opdrag aan die AKG om aan die hand van die studiestuk te werk aan die formulering van 'n meer afgebakende en praktiese gemeentelike ekklesiologie. Hierdie nuwe studiestuk sou ook kon dien as die basis vir 'n moontlike hersiening van hoe daar in ons huidige Kerkorde oor gemeentes en bedieningsverwante sake gepraat word.” Die opdrag word in 2004 herhaal.

### 1.2 ALGEMENE SINODE 2007.

Die volgende besluite is ter sake:

**“Ekklesiologie** (Besluiteregister bl 10). Die Algemene Sinode keur die aanbevelings soos gewysig deur ADGO goed:

1 Die Algemene Sinode keur die dokument “'n Afgebakende en praktiese gemeentelike ekklesiologie” as 'n gespreksdokument goed.

2 Die Algemene Sinode versoek die sinodes om die dokument op gepaste wyse te hanteer.

3 Die Algemene Sinode versoek ATR om in samewerking met ADGO te kyk na moontlike Kerkorde-implikasies en die Sinode met toepaslike aanbevelings te dien.

4 Die Algemene Sinode versoek ADGO om in samewerking met BM gepaste moontlikhede te ondersoek om die saak onder bespreking d.m.v. publikasies bekend te stel.

**Verdere omskrywing missionêre-diakonale gemeentes** (Besluiteregister bl 11)

Die Algemene Sinode wys ’n ad hoc-taakspan aan bestaande uit verteenwoordigers van al die diensgroepe om ’n geïntegreerde, praktiese gemeentelike ekklesiologie daar te stel.”

### 1.3 REDES VIR DIE VERSLAG - ‘N MISSIONALE RENAISSANCE

Hierdie verslag moet ook gesien word teen die agtergrond van ‘n missionale Renaissance:

**1.3.1** Daar is opwindende verwikkelings in die manier waarop daar oor die kerk gedink word. Dit raak veral ons verstaan van die kerk se deelname aan God se werk in die wêreld.

**1.3.2** Dit is opvallend dat baie van die energie oor hierdie verwikkelings by gemeentes begin. In die NG Kerk is daar gemeentes wat hulleself beskryf as missionale gemeentes. Daar is werkswinkels, vennootskappe en seminare oor gemeentes en hoe hulle betrokke kan raak by hulle gemeenskappe. Party gemeentes het hulle name verander en staan bekend as “gemeenskapskerke”. Begrippe soos “Gestuurde gemeentes” en “missionale ekklesiologie” word oral gehoor.

**1.3.3** By die vergadering van die Suid-Afrikaanse Werksgemeenskap vir Sendingwetenskap in 2010 is daar selfs gepraat van ’n nuwe golf van sending in Suid-Afrika.

**1.3.4** Daar is ‘n intense gesprek in die NG Kerk oor die kerk se roeping in die wêreld – veral in Suid-Afrika én in Afrika met hul geweldige uitdagings. Dit is in 2007 bevestig en die kerkverband is aangespoor om met nuwe moed en oortuiging aan te meld en om in die lig van God se werk in die wêreld (missio Dei) en die Kerk se missionale taak (missio ecclesiae) hul verantwoordelikheid raak te sien en na te kom.

**1.3.5** Hierdie missionale Renaissance kan ook in ander kerke oor die wêreld heen gesien word. Dit was een van die belangrike temas van die sendingkonferensie in Edinburgh in 2010. Die nuwe Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke (WGGK) het sy visie in missionale taal uitgespel en sê onder meer dat die lidkerke geroep is om deel te neem aan God se transformasie van die wêreld. Die Lausanne-byeenkoms in Kaapstad in 2010 bou op die feit dat God sy kinders roep om deel te neem aan God se sending.

**1.3.6** Dit is duidelik dat daar ’n groeiende konsensus is oor die missionale aard van die Kerk – ’n verskuiwing van ’n kerkgesentreerde sending na ‘n sendinggefokusde kerk. Dit het so belangrik geword dat mens kan sê dat Christelike kerke wat so sendinggefokus is amper onherkenbaar anders lyk as kerke wat nie daardie fokus het nie.

## 2. WERKSWYSE

**2.1** 'n Taakspan is saamgestel. Die Taakspan het verskeie kere vergader en 'n omvattende studiestuk oor "Missionale ekklesiologie" opgestel. Oor die verloop van die studie is verskeie rolspelers uit verskillende taakspanne van die Algemene Sinode sowel as verskillende teologiese dissiplines betrek.
**2.2** Die studiestuk het die saak op 'n omvattende wyse hanteer en gepoog om alle vorige besluite en verslae oor die onderwerp te integreer.
**2.3** Die studiestuk sal, as deel van die uitvoering van die opdrag, aan Bybel-Media voorgelê word vir publikasie.
**2.4** 'n Verkorte weergawe van die studiestuk word in hierdie verslag aangebied.

## 3. DIE NG KERK SE IDENTITEIT

**3.1** Die nadenke binne die NG Kerk oor gemeentes, roeping en die taak van die kerk, het baie te doene met die kerk se geskiedenis en identiteit. Die NG Kerk se identiteit word deur haar Gereformeerde karakter en geskiedenis bepaal. Dit beteken dat daar vanuit God oor die lewe en die kerk gedink word. Tydens die Sinode van 2007 is hierdie aard en karakter as volg uitgedruk: *"In die Gereformeerde teologie is daar oor die jare telkens teruggegryp na die boustene van die Reformasie en is die kernsake telkens nuut interpreteer. Een van die bondigste maniere om Gereformeerdheid uit te druk, is via die vier "solas"*. Hierdie uitsprake moet telkens verstaan word as 'n reaksie teenoor standpunte waarmee die reformatore nie vrede gehad het nie:
**3.1.1** Teenoor die tradisie soos vasgelê in leeruitsprake en kerklike beheer oor die uitleg van die evangelie, en teenoor natuurlike kennis van God, staan sola scriptura (net die Skrif).
**3.1.2** Teenoor bemiddeling deur die priesteramp staan solus Christus (net Christus).
**3.1.3** Teenoor enige natuurlike grond waarop God ons sou red, staan sola gratia (genade alleen).
**3.1.4** Teenoor enige vorm van goeie werke om jou vir God aanvaarbaar te maak, staan sola fide (geloof alleen). Oor elkeen van hierdie "solas" is daar met reg boeke vol geskryf. Hierdie solas kom uiteindelik vir gereformeerdes tuis onder die dak van soli Deo gloria (aan God alleen die eer) . Dit gee uitdrukking aan die leuse van die Reformasie dat ons altyd weer volgens die Skrifte moet reformeer (semper reformanda)."
**3.2** Die standpunt oor Gereformeerde identiteit plaas die NG kerk in die "lewe van God". Nadenke oor die identiteit van die kerk en die aard van gemeentes – ook die missionale verstaan van die kerk – vind teen hierdie agtergrond plaas. Die kerk is altyd besig om te reformeer (ecclesia semper reformanda). Dit beteken dat die kerk 'n belydeniskerk is wat haar identiteit verstaan in die lig van en in verhouding met die historiese Christelike geloof. Die kerk is ook altyd besig om nuut vorm aan te neem (ecclesia semper formanda). Die kerk is 'n missionale kerk wat altyd besig is met haar konteks en wat haar bediening altyd in die lig van die konteks nuut oorweeg. Die Gereformeerde teologie wil die boodskap van die Bybel op alle lewensterreine toepas. Dit is een van die belangrike geleenthede wat die kerk uitdaag – hoe word die Evangelie se boodskap van hoop telkens in die stroomversnellings van veranderende omstandighede gekommunikeer? Hoe lyk die kerk se sending in die hedendaagse wêreld?
**3.3** James Dunn het sending beskryf as om te onderskei waar die Heilige Gees aan die werk is en dan daarby aan te sluit. Na baie jare van nadink en pogings om die identiteit van die NG Kerk te beskryf en die plek van gemeentes mooi te verstaan, is die Kerk by 'n kairos-oomblik waar die deurbrake van die Heilige Gees onderskei word.

## 4. 'N VERTREKPUNT – MISSIO DEI (DIE STURENDE GOD)

**4.1** Wanneer daar oor die wese van die kerk en die kerk se sending gepraat word, begin die gesprek altyd by God self. Die Drie-enige God op wie die bestaan van die kerk gerig is, is 'n sturende God. Daarom word daar van die missio Dei gepraat. Die lewe van God is 'n proses van gestuurdheid: die Vader stuur die Seun, die Seun stuur die Heilige Gees. God het die wêreld so lief dat Hy sy enigste Seun stuur om nuwe lewe te bring. Vader, Seun en Heilige Gees stuur die kerk in die wêreld in.
**4.2** David Bosch stel dit duidelik: dit is nie net 'n geval dat God sending doen nie, God is in wese 'n sturende God. Dit is dus God wat die eerste inisiatief geneem het: Die Vader het in liefde na die mensdom uitgereik en sy Seun gestuur. Die Seun het as eerste Gestuurde na die aarde gekom om God se heilsplan bekend te maak en in werking te stel. En toe Jesus se werk voltooi is, het die Vader en die Seun die Heilige Gees na die wêreld gestuur om God se heilswerk te bevestig. Die kerk en die kerk se sending word vanuit die wese van God self verstaan. Sending is nie een of ander menslike prestasie nie, maar is 'n geskenk van God self. Dit is die werk van die Gees van God.
**4.3** Een van die groot teoloë van ons tyd, Lesslie Newbigin, het gesê die sending van die kerk is om gehoorsaam deel te neem aan daardie werk van die Gees van God wat tot gevolg het dat mense telkens opnuut in hulle eie taal Jesus as Here erken. Hy het ook die missionale aard van die kerk vanuit die lewe van die Triniteit verstaan. Daarom is Christelike sending vir hom die verkondiging van die koninkryk van die Vader, om lewe in die liefde van die Seun met almal te deel en om getuies van die Gees te wees.
**4.4** Karl Barth het ook sy bespreking van sending geplaas binne die bespreking van die Triniteit want die kerk se sending is afhanklik en word bepaal deur die feit dat Vader die Seun en die Heilige Gees in die wêreld gestuur het.
**4.5** Sending is primêr en geheel en al die werk van die Drie-enige God, Skepper, Verlosser en Saligmaker, ter wille van die wêreld, waaraan die kerk bevoorreg is om deel te neem. In 'n verslag van die ADGO (Verslag van ADGO aan AS 2007 bl 44 – 56) word gestel: "Bo alles glo ons dat die essensie en wese van die kerk in die *Missio Dei* omskryf word. Die kerk behoort in wese altyd op die wêreld gerig te wees en op pad na die wêreld te wees. Die Kerk bestaan nie ter wille van haarself of haar lidmate nie". Jürgen Moltmann sê dit is nie 'n geval van die kerk wat

‘n sendingtaak in die wêreld het nie – dit is die sending van die Seun en die Gees deur die Vader waarby die kerk ingesluit is.
**4.6** Die Algemene Sinode van 2002 het hierdie sterk verbintenis van die kerk aan die Drie-enige God so verwoord: *“Deur Christus is die kerk verbind aan die Drie-enige God van die Bybel – Vader, Seun en Gees. Ons glo dat die kerk aan die Drie-enige God alleen behoort en in verbondenheid met Hom bestaan. Die kerk is die volk van God, die liggaam van Christus en die tempel van die Gees. Alles wat ons is en doen – ons identiteit, ons missie en ons bediening – word deur hierdie verhouding bepaal. Dat alles wat die kerk is en doen gedefinieer (behoort te) word deur sy verhouding met die lewende God, is die eerste en mees basiese beginsel van kerk-wees. En die God van wie ons hier praat, is die Drie-enige God wat ons in die Ou en Nuwe Testament leer ken as Vader, Seun en Gees.”*
**4.7** Die Sendingreglement stel: “Sending is die heilshandeling van die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees met die wêreld, waardeur Hy uit die ganse menslike geslag vir Hom ‘n gemeente deur sy Woord en Gees vergader”.
**4.8** Die Kerk se beskrywing van Gereformeerde identiteit bevestig: “Die roeping van die kerk kan as Gestuurdes van God omskryf word. Die kerk behoort in wese altyd op die wêreld gerig te wees en op pad na die wêreld te wees.”
**4.9** God se sending en die aard van die kerk:
**4.9.1** Hierdie plasing van die kerk binne die *missio Dei* het wesenlike gevolge: Die kerk **is** sending en neem deel aan God se sending want dit kan eenvoudig nie anders nie. Dit is presies hoekom die kerk bestaan – die kerk is geskep en gebore vir dié doel. Die sending van God mond uit in die sending van die kerk. Die kerk is die vrug van God se sending en bestaan om deel te neem en diensbaar te wees aan die voortgang van daardie sending. Dit is die hart van die kerk. Sending definieer die wese van die kerk.
**4.9.2** Die kerk is sending en sending en kerk kan nie geskei word nie. Sending is die manier waarop die kerk lewe. Die kerk is God se mense wat ‘n voorsmaak bied van God se genesende heerskappy. As kerk word ons geroep, bymekaargemaak en gestuur om die boodskap van liefde verder te dra. Wanneer daar dan van ‘n gestuurde kerk gepraat word, verduidelik dit iets van die wese van die kerk. Dit is om deel te neem aan God se sending.
**4.9.3** Hierdie missionale verstaan van die aard van die kerk word bevestig deur die vroeë apostoliese kerk. Die gemeentes in die vroeë kerk het hulself verstaan as ‘n sendingpos binne God se plan om die wêreld te verlos. Hulle het nie sendingwerk gedoen nie, hulle **was** sendingwerk in hulle diepste wese. Die verhaal van die eerste gemeentes, soos in Handelinge opgeteken, maak dit duidelik dat die kerk eers ontluik as kerk wanneer dit bewus word van haar gestuurdheid. Ons lees die een verhaal na die ander van Geesvervulde gemeenskappe wat onderskeidend leef en probeer verstaan waar die Gees van God reeds aan die werk is, sodat hulle kan bykom en deel wees van God se sending.
**4.9.4** Hierdie insigte word ook raakgesien in die *Roepingsverklaring van die NG Kerk* (2007): “Ons besef opnuut God roep die NG Kerk deur sy Woord en Gees om aan Hom te behoort. Christus, die Hoof van die kerk, stuur ons om ons roeping te gehoorsaam en ons daaraan toe te wy om met ’n leerbare gees die wil van God deur sy Woord te leer ken en uit te leef in die uitdagende en komplekse wêreld waarin ons lewe.”
**4.9.5** Dit kan ook beter verstaan word uit die gesamentlike verduideliking van die NG Kerk, die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika, die Reformed Church in Africa en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika:
*“Dit is 'n wesenskenmerk van die kerk as die liggaam van Christus ons Here en Verlosser, om deel te wees van God se sending in die wêreld (missio ecclesiae). Die gemeente, as plaaslike gestalte van die kerk en primêre instrument van God se sending, maar ook die kerk as geheel en elke lidmaat daarvan, is deur God gestuur. Afhanklik van en gelei deur die Heilige Gees, is ons as profete, priesters en konings geroep:*
*• tot 'n lewe in die teenwoordigheid van God (coram Dei), in gehoorsaamheid aan die Woord*
*• tot 'n bediening waarin ons God aanbid en intree vir die wêreld (leitourgia)*
*• om die evangelie van God se verlossing aan almal te bedien, deur woorde (kerugma), deur dade (diakonia) en in 'n verhouding van liefde en eenheid (koinonia).*
*• om te streef na geregtigheid, versoening en heling en te getuig van die hoop waarin ons lewe,*
*• en om die skepping te bewaar en te bewerk tot eer van God en ter wille van almal en alles wat daarin lewe.*
*Ons doen dit met die diepste motief om God te verheerlik en diensbaar te wees in die koms van die koninkryk.”*
**4.9.6** ‘n Kerk wat insigself gekeer is en net besig is met haar eie belange doen eintlik sonde.

## 5. VERRUIMMING – DIE KONINKRYK VAN GOD
**5.1** ’n Gemeentelike ekklesiologie word verruim deur dit te verstaan binne die raamwerk van die koninkryk van God.
**5.2** Die Algemene Sinode van 2007 (Handelinge bl 16) stel: “Gereformeerdes het altyd ‘n oog gehad daarvoor dat die koninkryk groter is as die kerk. God is nie `n afdelingshoof nie. Hy regeer oor die kosmos. Selfs al is die realiteit van die gebroke wêreld deurgaans teenwoordig, is daar ook orals tekens van die voorsienigheid en sorg van God sigbaar. Gelowiges het die roeping om orals tekens van die koninkryk op te rig en vanuit die heerskappy van God te leef. Daarom word die begrip roeping nie vir sogenaamde geestelikes gereserveer nie en word arbeid as sodanig as roeping gesien. Met hierdie perspektief in gedagte is die piekniek saam met die gesin nie minder geestelik of minder belangrik as huisgodsdiens nie.”
“Deur God se genadige betrokkenheid by ons word ons weer in staat gestel om egte mense te wees. Die Gees bevry ons van selfsug en selfgesentreerdheid en help ons om weer mens tussen mense te wees”.

**5.3** Die kerk is 'n teken van God se ryk en behoort ook iets te weerspieël van die aard van God se ryk en God se liefde – dit is die uitstalvenster van God se ryk. Daar word ook van die kerk as sakrament gepraat. Die kerk beeld iets uit van die gemeenskap met God en die eenheid wat daar tussen gelowiges bestaan. In dieselfde asem word daar gepraat van die kerk as 'n instrument van die koninkryk. Terwyl die kerk die boodskap van God se nuwe bedeling verkondig, is dit ook midde-in die alledaagse lewe teenwoordig as 'n instrument in diens van die nuwe bedeling. Uiteindelik gaan dit om die koninkryk of die heerskappy van God in die wêreld – dit is die einddoel van die kerk se roeping tot getuienis. Dit maak ware lewe moontlik, 'n lewe waar die vernietigende invloed van sonde nie die laaste sê het nie, maar waar God deur sy Gees in beheer is en waar reg en geregtigheid, vrede en vreugde geld.
**5.4** Daarom word in 2007 se Roepingsverklaring getuig: "As gestuurde gelowiges is ons sout van die aarde en lig vir die wêreld. Ons staan in diens van die koms van God se koninkryk."

## 6. KONTEKS

**6.1** Die wêreld waarin die kerk haar bevind en waarna die kerk gestuur is, is God se wêreld. God is deur sy Gees teenwoordig in hierdie wêreld. Bevans & Schroeder sê dit is tot die wese van die kerk om **missionaal te wees** en die kerk **word missionaal** deur erns te maak met elke konteks waarin die kerk haar bevind.
**6.2** Die feit dat die kerk in wese altyd op die wêreld gerig is en op pad na die wêreld is, onderstreep hoe belangrik dit is om die konteks te verstaan. Die kerk is baie vertroud met die klem op goeie eksegese van die Bybel. Daar is nog 'n eksegetiese vaardigheid wat net so belangrik is – die vaardigheid om die konteks (en kultuur) waarbinne die kerk is, te verstaan. Eddie Gibbs het die saak beklemtoon by die Algemene Predikantebyeenkoms in 2005: "*We need to learn, as a matter of urgency, how to exegete our cultural context."* Missionale gemeentes doen moeite om die konteks te lees en probeer verstaan. Malan Nel sê in 'n kontekstuele verstaan van die Evangelie van die koninkryk is die wêreld eweseer geskenk van God aan die kerk as andersom.
**6.3** Die eerste stap op die pad van 'n missionale gemeente is om te onderskei. Die kerk kan sy roeping nie onderskei sonder om deurentyd bewus te wees van God wat in die wêreld en in elke konteks aan die werk is nie. Ons vreugde lê daarin om te ontdek dat God oral besig is. Dit beteken die wêreld is nie 'n probleem wat opgelos moet word nie, maar die misterie van God wat telkens ontdek moet word. **Onderskeiding is eintlik die heel eerste daad van die sending van die kerk**. Sending is om vas te stel waar die Heilige Gees aan die werk is en daarby aan te sluit! Die klem is dus eerder op luister en onderskeiding as op voorskriftelike bedieningsmodelle.
**6.4** Wat is aan die gebeur in die kerk? Daar word volstaan met opmerkings uit die verslag van die ADGO aan die AS van 2007 (Verslag van ADGO aan AS 2007 bl 44 – 56):
"'n Gesonde ekklesiologie wil met realisme en nugterheid die werklikhede van die konteks doodernstig neem en terselfdertyd op kritiese wyse die rykdom van die dogmatiese en kerklike tradisie herwin. Presies dit wil hierdie gespreksdokument doen".
**"3.1** Al meer en meer stemme gaan op wat die mening uitspreek dat die kerk inderdaad op die vooraand van 'n *nuwe reformasie* staan. In hierdie reformasie gaan dit egter oor veel meer as dit waarvoor die sg "Nuwe Reformasie" staan. Inderdaad gaan dit oor die herontdekking van "ou" waardes en insigte en die aanbied daarvan op toepaslike wyse binne 'n nuwe konteks. Sommige druk dit selfs sterker uit en praat van `n "stil revolusie" wat aan die gang is (kyk Barna, G 2006. *Revolution.* CUM: Vereeniging) Die kerk sal sekerlik op verantwoordelike wyse hiervan moet kennis neem.
**3.2** Dit blyk dat die kerk met 'n nuwe geslag gekonfronteer word wat anders dink oor konsepte soos *"belydenis" en "waarheid"*. Dit is 'n generasie wat nie in die eerste plek omgee oor belydenis in 'n suiwer dogmatiese sin van die woord nie, maar veel eerder "reg wil doen" as wat hulle "reg wil glo". Hierdie nuwe generasie voel min vir baie dinge waaroor 'n ouer geslag ernstig voel. Van die kritiek wat byvoorbeeld op die belydenisskrifte uitgespreek word, is dat mense baie styf daaraan vashou, maar eintlik nie meer weet wat daarin staan nie, en dat dit dus eintlik glad nie meer funksioneer nie.
**3.3** In samehang hiermee vind ons dat daar 'n besliste *dekonstruksie van die sisteem en strukture* aan die gang is. Ons lewe in `n anti-institusionele tyd. Para-kerklike sisteme is meer en meer aan die ontwikkel en so ook assosiasies en nuwe kerklike verbande. Dit hou ingrypende gevolge in vir die kerkverband soos ons dit leer ken het.
**3.4** Die kerk bevind haarself 13 jaar na 1994! Die eiesoortige problematiek van 'n *jong demokrasie* impakteer noodwendig op die sosiaal-maatskaplike konteks waarbinne die kerk funksioneer en ook die gepaardgaande emosionele uitwerking wat dit op lidmate het. Verhoogde rassisme, bitterheid en rou is nie ongewoon nie. Terselfdertyd word die versoeking aan ontvlugting in die materiële al groter.
**3.5** Die voortgaande dinamika en ewige *verandering in die profiel van verskillende generasies* is duidelik sigbaar. Die nuwe geslag "millenials" openbaar definitief 'n terugkeer na ou waardes en onverskrokke verbintenis aan die Evangelie. Terselfdertyd word die kloof tussen nie-kerklikes en buite-kerklikes (gelowiges-ongelowiges) by die dag groter. Die "Boomers" samel steeds geld in, terwyl die "Busters" op uitreike gaan. Wat al duideliker word, is dat verskillende generasies in feite al moeiliker met mekaar kommunikeer omdat hulle al meer en meer met verskillende begrippe en begripsinhoude werk.
**3.6** Daar is tans 'n ongestruktureerde gesprek oor ekklesiologie aan die gang. Daar is 'n dinamiese ontwikkeling in denke oor ekklesiologie aan die gang. Gesprekke rondom die "Emerging Church" en "missionêre gemeente-wees" is maar enkele voorbeelde hiervan.

**3.7** Die NG Kerk is in gesprek met die res van die NG Kerkfamilie oor onder andere kerkeenheid. Dit is duidelik dat die verskillende kerke tans binne verskillende kerklike paradigmas funksioneer. Die gesprek en moontlike eenheid sal noodwendige gevolge op almal betrokke hê.
**3.8** Die NG Kerk het vir baie jare weens apartheid hoofsaaklik binne 'n wit konteks gefunksioneer. Dit het egter dramaties verander. Die kerk is nou deel van 'n derde-wêreld konteks en moet in die besonder haarself herposisioneer om binne *derde-wêreld stede* te opereer.
**3.9** Vir meer en meer mense geld die slagspreuk: "*The church is dead... Christianity not!*"
**3.10** Meer mense begin die kerk sien as *'n beweging van dissipels*. Vir hulle maak 'n rigiede, ordelike struktuur/instituut nie meer sin nie en behoort dit gedekonstrueer te word. In lyn met vroeëre gereformeerde sieninge is 'n minimalistiese kerkbegrip aan die ontwikkel waar die kerk as 'n ondergeskikte onderdeel van God se koninkryk gesien word. Daar bestaan 'n behoefte aan *'n kerk wat my voorberei vir die kerk van die lewe...*
**3.11** Die samelewing het 'n paradoksale mengsel van *pre-moderne, moderne en post-moderne denke* en sienswyses geword. Ons vind dit ook in die kerk. Diversiteit het die norm geword. Homogeniteit word op min plekke gevind. Ook nie meer in gemeentes nie.
**3.12** *Mag* het nog altyd 'n rol in die kerk gespeel. Die gestaltes wat dit aangeneem het, het deur die eeue van gedaante verander. So byvoorbeeld was daar institusionele mag en intellektuele mag wat 'n rol gespeel het. Soms was dit mag wat in samehang met politieke mag gefunksioneer het. Die vraag sou wees in welke opsig die ekklesiologiese posisies wat ingeneem word hierdie werklikhede op subtiele en intuïtiewe wyse verstaan, kondoneer of teenstaan.
**3.13** Die moderne geskiedenis sou moontlik onder andere in drie tydvakke opgedeel kon word, te wete: die tyd van die kerk, die tyd van die staat/politiek en die tyd van die ekonomie/mark. Laasgenoemde is tans met ons met werklikhede soos materialisme en verbruikersmentaliteit, wat hoogty vier. In Suid-Afrika vind ons dat die staat en die mark tans ongemaklik vermeng word. Dit lewer 'n eiesoortige problematiek en uitdagings.
**3.14** Wanneer ons spesifiek na die **kerklike demografie** kyk, tree die volgende prentjie na vore:
**3.14.1** Die NG Kerk is tans midde-in een van die heel grootste *demografiese veranderings* in haar geskiedenis. Dit raak veral 2 aspekte: Eerstens, die dramatiese swaai na multikulturele omgewings waarin sommige gemeentes hulself bevind ná die opheffing van die groepsgebiede wette. Tweedens, die verskynsel dat soos wat ons dit in die land in die breë aantref, daar nou ook "ryk" en "arm" gemeentes *binne* die NG Kerk is. Ten spyte van die veranderinge wat in die land plaasgevind het, moet kennis geneem word van die groot verskil tussen die huishoudelike inkomste van VGK-lidmate en NG Kerklidmate wat steeds bestaan. Gemiddeld is die huishoudelike inkomste van NG Kerkhuishoudings tien keer meer as dié van die VGK.
**3.14.2** *Verstedeliking*, met al die implikasies vir kerkwees en gemeentelike modelle, neem steeds toe. Dit word weer bevestig dat voortgaande besinning oor effektiewe kerkwees *in die stad* een van die sinode se grootste prioriteite behoort te wees.
**3.14.3** Die *kwynende kapasiteit in leierskap* (veral in die predikantekorps), word 'n al groter probleem.
**3.14.4** Daar bestaan steeds *uitbreidingsmoontlikhede* vir die NG Kerk in enkele stadsgebiede en groter plattelandse sentra. Die groot vraag is wie hiervoor verantwoordelikheid neem.
**3.14.5** Die vraag moet gevra word of *historiese gemeentegrense* nog binne 'n hedendaagse konteks werkbaar is. Al meer en meer lidmate beskou gemeentegrense as irrelevant.
**3.14.6** Daar bestaan nog groter *uitdagings in sg. swart en bruin gebiede* en die vraag is of die ander lidkerke van die NG Kerkfamilie oor genoegsame kapasiteit beskik om hieraan aandag te gee.
**3.14.7** Daar bestaan reuse *missionêre uitdagings vir NG Kerkgemeentes*. Dit geld vir die stad (veral middestadsgemeentes) en plattelandse gemeentes. Daar bestaan egter 'n vraag of die gemeentes midde-in die uitdaging oor genoeg kapasiteit (holisties gesien) beskik om effektief daaraan aandag te gee. 'n Groot verantwoordelikheid rus dus op dié verband om vennootskappe te help oprig wat dit wel moontlik sal maak.
**3.14.8** Kommerwekkend is die feit dat daar meer en meer *ringe* is wat as ring onder geweldige druk is omdat feitlik al die gemeentes in die ring onder finansiële druk verkeer. Hier is dus nie net 'n strategiese herbeplanning van enkele individuele gemeentes op die tafel nie maar eintlik die hele ring. Drie kategorieë bestaan: i) Ringe waar feitlik al die gemeentes in 'n bestaanskrisis verkeer. ii) Ringe waar onsekerheid bestaan oor of die meerderheid van gemeentes nog selfstandig en kragtig funksioneer. iii) Ringe waar die minderheid gemeentes sukkel en daar genoegsame kapasiteit binne die ring bestaan om die probleme aan te spreek."

## 7. GEMEENTES

**7.1** Die ontmoeting tussen teks en konteks speel af binne en rondom die plaaslike gemeente. God is teenwoordig en werk in sy wêreld. God werk ook deur sy Gees in sy gemeentes. Die nadenke oor God se sending, die koninkryk en die wêreld het die fokus veral op gemeentes laat val. Gemeentes is God se instrumente om die wêreld te help om by God se bestemming uit te kom.
**7.2** In 'n verslag voor die AS van 2002 (Gemeentebediening: Verslag aan AS 2002 Agenda bl 115 – 120) is gestel: "In 'n tyd waarin mense soms twyfel oor die verskil wat gemeentes kan maak as draers van die evangelie, wil ons ons oortuigings dat gemeentes die basis van die kerk is, bevestig. Gemeentes is nie net die ruimte waarin ons persoonlike geloof gevoed en versterk word nie, dit is ook die grondslag waarop alle aktiwiteite van die breër kerk en ekumene steun." By die Algemene Sinode van 2004 word gesê: "In hierdie proses het die klem ook verskuif

vanaf die institusionele kerk na die plaaslike vergestalting van die liggaam van Christus en van die sinode na die plaaslike gemeente. Watter roeping het die plaaslike gemeente as gestuurde gemeente?"
**7.3** Die kerk bestaan primêr op plaaslike vlak. Natuurlik is denominasionele en sinodale strukture belangrik, maar die eintlike gestalte van die kerk is die plaaslike gemeente. Die kerk van die Here word in die plaaslike gemeente gevind.
**7.4** "Die kerk bestaan altyd en op alle plekke uit mense wat geloofsgemeenskap of koinonia met mekaar beleef. So min as twee of drie wat in die Naam van Jesus vergader, reflekteer alreeds die wesensaard van kerkwees. In die woorde van Matteus 18:20 is Jesus telkens reddend in hulle midde aanwesig. Kerkwees is deurentyd in nuwe verhoudings met mekaar in die teenwoordigheid van die opgestane Christus. Hierdie verhoudings word gekenmerk deur agape – onvoorwaardelike lojaliteit aan mekaar as lede van die aardse familie van Christus (1 Kor 13). Op praktiese vlak word hierdie liefde sigbaar in konkrete aktiwiteite van omgee, gasvryheid, materiële hulp, gebed, vergifnis en die wedersydse versorging van mekaar en ander" (Verslag van ADGO Algemene Sinode 2007, bl 44-56).
**7.5** Die kerk is nie die formele strukture, ampte, geboue, ordes of aktiwiteite nie – die kerk is 'n beweging. "Derhalwe moet die Nuwe Testamentiese siening van gelowiges as tempels van die Heilige Gees (1 Kor.3:16; 6:19) opnuut prakties ontgin word teenoor skeefgetrekte sienings rondom kerkgeboue as "die huis van God." Eweneens moet die foutiewe skeiding tussen heilige ruimtes en sekulêre ruimtes opgehef word. Vanuit die Nuwe Testamentiese perspektief is alle gelowiges voltydse verteenwoordigers van Christus op elke plek waar hulle hulself bevind. Kerkwees gebeur daarom binne elke lewenssfeer. Formele kerklike byeenkomste is inoefen-geleenthede om God gesamentlik te eer en om toegerus te word om Christus se voltydse getuies te wees" (Verslag van ADGO Algemene Sinode 2007, bl 44-56).
**7.6** Gemeentes is vanuit hul aard en wese missionaal. 'n Missionale gemeente is 'n gemeente wat gevorm is en word deur die gemeente se deelname aan God se sending. Dit is om verhoudings in 'n gebroke wêreld te herstel en volgens God se plan vir sy skepping te leef.
**7.7** 'n Missionale gemeente is deurdrenk met God se sending. Dit bepaal alles wat die gemeente doen – van eredienste tot opleiding, van uitreike tot gemeentelewe, van geestelike dissiplines en praktiese dienslewering – want die kerk se roeping is om te onderskei wat God in die wêreld aan die doen is en daarby aan te sluit.
**7.8** Die kerk se gestuurdheid is sigbaar en groei in 'n verskeidenheid van gebeure en prosesse: waar verhoudings gebou word, waar eenheid gesoek word met die handhawing van die unieke van elkeen, waar mensgemaakte grense oorgesteek word om lewe te bring, waar die integriteit van God se skepping beskerm word, waar die Bybel gelees en gebid word.
**7.9** Die missionale verstaan van gemeentes fokus op die belang van dissipelskap. 'n Gemeente is 'n gemeenskap van dissipels. Dissipels is mense wat Christus volg, wat van Hom leer om nuwe mense te wees en wat, soos Christus, die wêreld nuut maak deur nuwe verhoudings.
**7.10** Die herontdekking van die kerk se gestuurdheid is niks minder as 'n radikale transformasie nie. Dit verander die kerk se verstaan van haar identiteit en die ganse lewe van gemeentes. Gemeentes wat deelneem aan hierdie nuwe gesprek soek antwoorde op vrae soos: **"Wat is God besig om te doen?"** en **"Wat wil God doen?".**

## 8. WAARDES VIR 'N MISSIONALE KERK

**8.1** Die kerk is 'n waardegedrewe gemeenskap. Die waardes van die gemeenskap bepaal uiteindelik die strukture, die orde wat binne die gemeenskap geld en die karakter van die gemeenskap.
**8.2** Die volgende waardes kan as 'n verbeeldingryke raamwerk vir gemeentes funksioneer:
**8.2.1** 'n Missionale kerk **fokus op die Drie-enige God**. Die wese van 'n missionale kerk is om God te aanbid. Die kerk ken God en het God lief as Vader, Seun en Heilige Gees.
**8.2.2** 'n Missionale kerk **inkarneer die evangelie**. Die manier en aard van kerkwees word bepaal in verhouding met die konteks waarbinne die gemeente haarself bevind en waarheen die gemeente gestuur word.
**8.2.3** 'n Missionale kerk **bring verandering**. Deur die krag van die Heilige Gees en die evangelie verander dit die gemeenskap en word dit deur die gemeenskap verander.
**8.2.4** 'n Missionale kerk **maak dissipels**. Dit roep mense op tot die transformerende krag van geloof in Jesus Christus.
**8.2.5** 'n Missionale kerk **koester verhoudings**. Dit word gekenmerk deur gasvryheid en liefde en nooi buitestanders in om deel van die gemeenskap van gelowiges te word.
**8.2.6** 'n Missionale kerk **vermenigvuldig**. Dit geskied hoofsaaklik deur kerkplanting.
**8.2.7** 'n Missionale kerk verbind plaaslike betrokkenheid met 'n **verbondenheid tot die skepping** in die geheel.

## 9. INKARNASIE

**9.1** Die AS van 2007 (Verslag van ADGO Algemene Sinode 2007, bl 44-56) stel dat 'n afgebakende en praktiese gemeentelike ekklesiologie groot erns maak met die inkarnasie-begrip. Dit is ook hierbo beskryf as een van die waardes van 'n missionale kerk. Inkarnasie beteken dat die evangelie in die wêreld tuiskom. Die kruis herinner ons daaraan dat hierdie wêreld verlos moet word.
**9.2** Dit het verrykende teologiese maar ook praktiese implikasies vir die bedieningspraktyk. Die vleeswording van Jesus Christus verduidelik op 'n besondere manier God se sending en die manier waarop God met sy wêreld omgaan. Prakties help Christus se vleeswording die kerk om 'n inkarnasie-leefstyl na te streef. Inkarnasie is om

met mense te wees waar hulle ook al is en hoe hulle ook al is. Binne hierdie verstaan word kultuur ernstig opgeneem, maar daar is net so ‘n ernstige besorgdheid dat die kerk nie deur die kultuur makgemaak word nie. Die kerk is deel van die gemeenskap maar dan as ‘n kontrasgemeenskap (‘n kruisgemeenskap!) wat volgens ander reëls funksioneer en ander prioriteite het. Inkarnasie beteken nie dat die spanning tussen kerk en wêreld opgehef word nie, eerder dat dit ‘n produktiewe spanning is.

**9.3** *Kenosis:* Jesus wys deur sy menswording hoe God bedoel het menslikheid en medemenslikheid moet lyk. Inkarnasie en navolging van Christus vertel ook iets van die kwesbaarheid van die kerk. Dit bring die gedagte van *kenosis* in die gesprek in. Kenosis is die teenoorgestelde as selfhandhawing en selfvervulling. Dit is ‘n gesindheid om ter wille van die ander of in die plek van die ander te gaan staan en leef – soos wat Christus mens geword, slaaf geword en in ons plek gesterf het. Kenosis – om jouself leeg te maak – is ‘n ingesteldheid of ‘n houding of selfs ‘n soeke. Dit kan ook beskryf word as om jou doelbewus kwesbaar te stel. As die kerk dus gekonfronteer word in Afrika met HIV/Vigs is die vraag wat die kenosis-gesindheid sou vra – hoe die kerk ook HIV-positief kan raak en nie hoe kan ons in die eerste plek die vraagstuk oplos nie. Kenosis is in die hart van die gestuurde teologie. Selfontlediging ter wille van die skep van ‘n gemeenskap met diegene na wie die Here ons stuur, is die pad waarop die gemeente loop in navolging van Christus sodat die potensiaal kan ontstaan dat die nuwe gemeenskap kan gebeur.

**9.4** Die inkarnasie van God in Jesus Christus het onder meer die volgende vier dimensies (Hirsch, A 2006. *The Forgotten Ways,* bl 132):

* Teenwoordigheid – in Jesus Christus is die ewige God volledig teenwoordig in sy skepping.
* Nabyheid – in Jesus Christus het God so naby aan ons gekom dat God toeganklik geword het. Hy het die skeiding verwyder en sy kinders word selfs as tempels van die Heilige Gees beskryf.
* Weerloosheid – Jesus Christus se vleeswording (Fil 2:6 ev) beteken hy het soos die nederigste van nederiges tussen ons kom woon. Hy keer alle vorme van mag om en wys dat weerlose diensbaarheid die krag het om die ganse wêreld te verander.
* Verkondiging – Jesus Christus se menswording is die Evangelie. Daardeur kondig Hy aan dat God se nuwe bedeling aangebreek het en daarom roep hy mense op tot bekering en geloof.

Hierdie vier dimensies bepaal ook die sending van God se kinders:

* Teenwoordigheid – Wanneer die kerk Christus se inkarnasie as voorbeeld neem, het dit belangrike implikasies. Dit beteken onder meer dat die kerk eerder na mense toe moet gaan as wat die kerk in die eerste instansie daarop gerig is om mense na die kerk(gebou) toe te bring. Dit beteken dat Christene se lewens die boodskap is. Dit onderstreep die belang van verhoudings met mense.
* Nabyheid – die kerk word nie net uitgedaag om teenwoordig te wees waar mense is nie maar om dit op so ’n manier te doen dat mense vir mekaar beskikbaar is. Nabyheid is om empatie te hê en om in die skoene van ander te staan en die situasie vanuit hulle perspektief te kan verstaan.
* Weerloosheid – die normale magspolitiek werk nie in sending nie. Die antwoord lê eerder by nederigheid en diensbaarheid. Kenosis dui op ‘n bewuste keuse om jouself prys te gee ter wille van die ander.
* Verkondiging – die Goeie Nuus is nog steeds relevant en betekenisvol vir mense. ’n Inkarnasie-lewenstyl beteken juis dat gelowiges altyd gewillig sal wees om die Goeie Nuus met ander mense te deel.

## 10. DIENSBAAR AAN DIE GEMEENSKAP

**10.1** Een van die waardes van ’n missionale kerk is dat die kerk verandering bring. Deur die krag van die Heilige Gees en die evangelie verander dit die gemeenskap en word dit deur die gemeenskap verander.

**10.2** God se sending behels die woord en die daad. Die koms van God se koninkryk sluit die wêreld in. Die hele skepping is die fokus van God se herskeppingsplan. Tradisioneel is die woord- en daadbediening in die NG Kerk van mekaar geskei as twee afsonderlike bedienings – sending en diens van barmhartigheid. In ‘n missionale ekklesiologie is dit egter onhoudbaar, gewoon omdat God se sending woord én daad behels.

**10.3** Die missionale kerk is deur God geroep om in hierdie wêreld diensknegte te wees, agente van God se missio Dei. Die dienswerk van die kerk, wat dikwels ook die diakonaat van die kerk genoem word, is dus die manier waarop die kerk betrokke is by God se sending. Deur die kerk se diakonaat is God betrokke in die wêreld.

**10.4** Die dienswerk van die kerk is nie net gegrond in God se sending nie maar is inderdaad gegrond in God self: God se liefde, Sy barmhartigheid, Sy geregtigheid, Sy versoening, Sy vrede. Daarom is die diakonaat van die kerk meerkantig en verskillende tipes diakonaat kan onderskei word soos die bediening van God se barmhartigheid en omgee vir mense en die natuur, die bediening van God se versoening en vrede, die bediening van God se geregtigheid.

**10.5** Die diakonaat se fokus is die nood van die wêreld. Dit gaan oor die nood van die individu en die gesin, groepe en gemeenskappe. Dit gaan oor die nood van streke en kontinente. Dit gaan oor ‘n gebrek aan basiese lewensmiddele en dienste soos kleding, behuising, sekuriteit, maar dit gaan ook om die lyding wat siekte en geweld in die gemeenskap veroorsaak. Die diakonaat gaan inderdaad ook oor lyding wat ongeregtigheid bring en die uitsluiting van mense. Die sentrale doel van al die verskillende diakonaat-tipes is egter dieselfde: om deel te wees van God se transformasie van die wêreld.

**10.6** Die Formulier vir die bevestiging van diakens stel: “die diakens moet nie alleen die nood verlig nie, maar ook die omstandighede wat die nood veroorsaak, help ophef.”

## 11. SPIRITUALITEIT VAN 'N MISSIONALE KERK

**11.1** 'n Missionale ekklesiologie het te doene met die spiritualiteit van die kerk.
**11.2** Die spiritualiteit van missionale gemeentes is die spiritualiteit van pelgrims op reis. Die vroeë Christene is mense van "Die Weg" genoem. Kerk fokus nie op die gebou as die plek waar kerk gebeur nie maar eerder op God wat grense na die wêreld en sy mense toe oorsteek en hulle – soos pelgrims – uitnooi op die reis na ander toe. Pelgrims is op reis, op soek na 'n storie. Daar het iets buitengewoons gebeur. Die pelgrim hoor daarvan en is op reis om die verhaal na te spoor. Pelgrims wil eerstehandse getuies wees wat nie net die ervaring van ander mense wil bevestig nie maar self ook oop is om verander te word deur die reis. Die metafoor van suurdeeg verduidelik dit: missionale spiritualiteit is om soos suurdeeg in die wêreld te wees. Die suurdeeg is dieselfde as wat al vir eeue gebruik word, maar in elke nuwe situasie en kultuur neem dit nuwe vorm en verander dit daardie kultuur.
**11.3** Spiritualiteit is nie om jou van die wêreld te onttrek om êrens eenkant jou batterye te laai sodat jy met nuwe krag kan teruggaan na die alledaagse lewe van jou alledaagse bestaan nie. Missionale spiritualiteit beteken om *in Christus* te wees, of mens nou bid of werk of sommer net met die alledaagse dinge van die lewe besig is.
**11.4** Dit is altyd 'n spiritualiteit van die kruis. Die kruis is teken van Jesus se radikale identifikasie met die wêreld – Jesus was nêrens meer in die wêreld as aan die kruis nie. Die kruis is ook 'n teken van Jesus se radikale skeiding van die wêreld – sy radikale andersheid was nêrens meer sigbaar as aan die kruis nie.
**11.5** Die Luisterseisoen in die NG Kerk het ons help verstaan dat missionale gemeentes 'n spesifieke soort spiritualiteit het waar **onderskeiding en luister** baie belangrik is. Die volgende is deel van 'n missionale luisterproses:
• Dit begin by die Bybel.
• Die bron van inspirasie vir die missionale luisterproses is die teenwoordigheid van die Heilige Gees wat die lewende God se gesprek met sy kinders hoorbaar maak.
• Dit is 'n proses wat tyd neem en die luisteraar verander.
• Dit gaan oor onderskeiding.
• Dit leer ons om vorentoe te kyk deur terug te kyk.
• Hierdie luisterproses blom uit in 'n lewe van goeie werke.
**11.6** Onderskeiding is baie belangrik. Missionale spiritualiteit het alles met 'n gemeente se vermoë om te luister te doene – om te luister na die Woord en om te luister na die wêreld (konteks). Die betrokkenheid by die wêreld lei tot 'n verdieping in die verhouding met God en hierdie hegter verhouding lei weer tot intenser betrokkenheid by die wêreld. Dit is 'n beweging wat naby God leef en die kerk noop om twee vrae aan die konteks waarbinne die kerk is te stel:
• Wat **is** God besig om te doen? (Die kerk behoort te vra wat die Gees van God aan die doen is in God se wêreld).
• Wat **wil** God doen? (Die kerk behoort te vra wat God wil doen in sy wêreld). Hoe lyk dit wanneer God alles deur sy Gees met Hom wil versoen en die stukkende verhoudings wil herstel? Hoe sluit 'n gemeente aan by dit wat God aan die doen is?

## 12. AMPTE

**12.1** Die missionale verstaan van die kerk beteken reformasie en transformasie. Dit lei noodwendig tot 'n ernstige gesprek oor ampte. Daar is tewens 'n gereedheid by lidmate om na te dink oor die amp van die gelowige en die verantwoordelikhede wat daarmee saamgaan te aanvaar (kyk ook pt 6 hierbo).
**12.2** Die herontdekking van die amp van die gelowige as die belangrikste amp tydens die Kerkhervorming behoort as rigsnoer te dien. 'n Verslag wat by die AS van 2002 gedien het, stel dat verder gedink word oor ampte: "Die Reformasie se verbreding van die amp sal nog 'n rondte verder gevoer moet word: alle gelowiges het gawes ontvang met die oog op dienswerk in, en buite, die gemeente. Die werklike bediening van die kerk is nie die bediening van die ampte aan die lidmate nie (dit is toerusting met die oog op dienswerk), maar die bediening van die ("gewone") gelowiges aan, en in, die wêreld. Hoewel die Reformatore dit gesien het en in beginsel erken het, sal ons veel meer as hulle hierdie dienswerk van gelowiges in die sentrum van ons kerklike lewe moet plaas".
**12.3** Dié gesprek is ewe belang in onlangse ekumeniese byeenkomste:
* Edinburgh 2010 bevestig dat die kerk gestuur word om sorgsame gemeenskappe te wees waar jong mense aktief deelneem aan God se sending en waar mans en vrouens almal verantwoordelikhede en gesag deel.
* Die Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke verklaar: "*Lay leadership has become increasingly important as demands for pastoral leadership rise. Lay persons have been required to perform at funerals, baptisms and other events and must therefore be appropriately equipped*."
* Lausanne III (Kaapstad) roep lidmate op om in hulle alledaagse lewe aan te sluit by dit waarmee God besig is.
**12.4** Gewone lidmate is die operasionele basis vanwaar die *missio Dei* begin. Die gelowige beklee sonder twyfel die belangrikste amp. Die ouderlinge en diakens (en leraars) kan nooit op hulle eie gemeentes help om volledig en in alle omstandighede sout vir die aarde en suurdeeg vir die wêreld te wees nie. Die lidmate is die sout en suurdeeg.
**12.5** Die Trinitariese begronding van die kerk en die erkenning van die belangrike rol wat die Heilige Gees speel as die Een wat deur die Vader en Seun gestuur is en wat die kerk van die Here vergader en opnuut uitstuur, bring die saak van "deelname" opnuut na vore. Wie Gees sê, sê immers deelname (*participation*) en amp van gelowige. Dingemans (Dingemans, GDJ 1987. *Een huis om in te wonen*, bl 59) stel dat 'n gemeente staan en val by die inkarnasie van Jesus Christus en die partisipasie (deelname) van gemeentelede.

**12.6** In die kerk is daar altyd ‘n behoefte aan voltydse sendelinge, professionele gemeenskapswerkers, tentmaker-sendelinge en korttermyn-sendelinge. Maar hulle staan tweede in die ry. Die algemene amp van alle gelowiges staan eerste. Elke lidmaat word geroep om ‘n getuie te wees. Die fokus is die amp van die gelowige – die ander ampte staan die gelowiges eintlik net by en help hulle om hulle roeping uit te leef.

## 13. NUWE GEMEENTESTIGTING

(Hierdie gedeelte van die verslag moet saamgelees word met die verslag: NUWE GEMEENTE-ONTWIKKELNG, EVANGELISASIE & KERKLOS LIDMATE (NEK)).

**13.1** ‘n Missionale verstaan van die kerk bring die saak van nuwe gemeentestigting of kerkplanting na vore. Een van die waardes van ’n missionale kerk is om te vermenigvuldig.
**13.2** Kerkplanting is die dissipline om nuwe geloofsgemeenskappe as deel van God se sending tot stand te bring om te dien as uitdrukking van God se koninkryk. Die NG Kerk praat van die ontwikkeling van nuwe gemeentes wat die diversiteit van die bevolking met sy verskillende waardesisteme en lewenswyses aanspreek, evangelisasie as oogmerk kan hê en wat nie deur geografiese grense aan bande gelê word nie (Agenda AS 2002, Verslag A.8 Algemene Kommissie vir Gemeentebediening: Evangelisasie en Nuwe Gemeente Ontwikkeling). Die AS van 2007 het besluit: “Die Sinode sien Nuwe Bedieningsontwikkeling (NBO) / Nuwe Gemeente-Ontwikkeling (NGO) as ‘n wyse van uitreik na die buite-kerklike mens, asook as ‘n wyse om aan die groeiende diversiteit binne ons samelewing en kerk ruimte te gee.”
**13.3** Daar kan dalk kers opgesteek word by die Anglikaanse Kerk wat met waardering hulle bestaande parogiale stelsel behou maar in dieselfde asem ruimte skep vir nuwe uitdrukkings van kerkwees (hulle praat van *Fresh Expresions of Church*) binne die bestaande stelsel. Dit is ’n gemengde benadering (die Aartsbiskop van Kantelberg praat van ’n *mixed economy)* van gemeentes wat binne die bekende raamwerk van gemeentegrense funksioneer en nuwe moontlikhede wat binne ander tipes netwerke funksioneer. Dit is belangrik om te onthou dat Suid-Afrika al meer kenmerke van ’n netwerksamelewing begin toon: in ’n netwerksamelewing is “plek” minder belangrik as “vloei”. Die vloei van inligting, kapitaal, beelde en die mobiliteit van mense bepaal al meer en meer die aard van ons samelewing. Natuurlik vervang netwerke nie woonbuurte (en in kerklike taal wyke) nie maar dit het die aard daarvan onherroeplik verander.
**13.4** Kerkplanting onder mense wie se lewens eerder deur hierdie netwerkkultuur as deur hulle geografiese ligging bepaal word, het dringend noodsaaklik geword. Dit beteken dat die NG Kerk nuut oor hierdie saak sal moet dink – ook oor die grense van gemeentes, ringe en sinodes heen! Die bestaan van gemeentegrense is vir alle praktiese doeleindes opgehef – die Algemene Sinode behoort dit nou ook as beleidstandpunt te doen. Dit kan nuwe energie en werkkragte bevry.
**13.5** Die belang van kerkplanting noodsaak ook nuwe denke oor die aard en inhoud van teologiese opleiding.
**13.6** Kerkplanting is nie kloning nie. Dit gaan om meer van dieselfde soort gemeentes te plant nie. Die belang van inkarnasie van die Evangelie in elke konteks trek ’n streep deur hierdie gedagte. Die Seisoen van Luister het die NG Kerk juis help verstaan dat elke konteks uniek is en dat versigtige luister na die konteks baie belangrik is om die Evangelie vars te laat wortelskiet.
**13.7** Kerkplanting kan ook nie verskraal word tot die veronderstelling dat net geordendes en leraars kerkplanters kan wees nie. Dit hoort ten diepste tot deel van die amp van die gelowige.
**13.8** Kerkplanting begin by ‘n luisterproses – om te luister na die Gees, om te luister na die kerk en om te luister na die konteks. Die luisterproses word gedra deur gebed.
**13.9** Kerkplanting beteken dat die kerk bereid moet wees om te sterf aan haar eie gemak met die gangbare kultuur sodat die kerk kan leef waar God haar wil gebruik (Anglikaanse Kerk se *Mission Shaped Church).*

## 14.LITURGIE VAN ‘N MISSIONALE KERK

**14.1** Die nadenke oor missionale kerk het belangrike implikasies vir die liturgie en erediens. ‘n Kerk se ekklesiologie word ten toon gestel in haar liturgie.
**14.2** Kernkenmerke van ‘n missionale liturgie:
* ‘n **gerigtheid op God**. ‘n Missionale gemeente kry haar identiteit in God wat ‘n missionale God is en gevolglik kan die identiteit van die liturgie van so ‘n gemeente ook nie anders wees nie. Dit klink miskien te eenvoudig, maar eintlik is dit juis wat die soeke na ware aanbidding so moeilik maak want om ware God-gefokusde aanbidding te hê, is onderskeiding noodsaaklik. Elke aspek van gemeente wees moet God se beweging na die wêreld toe ondersteun – ook die liturgie.
* ‘n liturgie wat **onderskeidend** mense help om die lewende Drie-enige God **in aanbidding** te ontmoet. Dit beteken dat missionale liturgie vir verskillende gemeentes in verskillende omstandighede verskillende dinge sal beteken. Die begrip kan eerder beskryf word as liturgieë wat in ‘n sekere rigting beweeg eerder as in ‘n ander rigting. Dit behels ‘n pneumatologiese beweging waar die betekenis van die Woord nou vir hierdie besondere gemeente gesoek word en dat daardie hermeneutiese proses inkarneer in die aanbiddingsgebeure en via die aanbidding ook in die lewens van die deelnemers aan die liturgie. Daarom is ‘n missionale liturgie ‘n liturgie wat daarna streef om ‘n ruimte te skep waar God die deelnemers en die deelnemers God ontmoet, maar spesifiek dan ook die sturende God wat sy mense as gestuurdes van Hom ontmoet.

**14.3** Die Oosters-Ortodokse tradisie het al eeue lank die belang van ’n liturgie van die lewe na die liturgie van die erediens bepleit. Vir hulle is die Nagmaal die vertrekpunt vanwaar die kerk se getuienis in die wêreld groei. Calvyn het ook self die viering van die Nagmaal direk gekoppel aan ‘n lewe van dankbaarheid. Liturgie is die hart van die missionale gemeenskap se georganiseerde lewe. Die erediens is die plek waar die sturende God ontmoet word, waar die gemeente uitgestuur word en waar die gestuurdheid ingeoefen en daarvoor toegerus word. In die erediens word die gemeente se identiteit gevorm. Gestuurde gelowiges se identiteit is dus gewortel in wat beide ín en ná die erediens gebeur in interaksie met die gemeenskap, en nie in wat in die erediens óf daarna alleen gebeur nie.
**14.4** ’n Erediens waarin aktiewe pogings aangewend word om die gaping tussen liturgie en lewe te oorbrug, is ’n erediens wat in die rigting van gestuurdheid beweeg.
**14.5** Die Seisoen van Luister het al verskeie kreatiewe voorstelle oor die inrigting van die erediens die lig laat sien. Die liturgiese voorstelle bevat byvoorbeeld die volgende elemente:
• ’n Bewuste moment om die gemeente te herinner dat hulle deur God versamel en uitgestuur word;
• Klem op luister na God en onderskeiding;
• Bewustelike aandag om na mekaar en die wêreld te luister;
• Antwoord met (en IN) die lewe.

## 15. MISSIONALE KERK EN JEUGBEDIENING

**15.1** Jeugbediening en veral die kategese moet uitdrukking gee aan die identiteit en wese van die kerk. Daarom is dit deel van gemeentes se gestuurdheid. Die impak van ’n globale postmoderne kultuur op jongmense het letterlik tot gevolg dat lidmate wat jongmense begelei soos sendelinge in ’n vreemde land ’n nuwe taal en kultuur moet aanleer om die goeie nuus in hierdie vreemde wêreld te bring. Lidmate en ampte wat met die jeug werk, is niks anders as sendingwerkers nie.
**15.2** Juis omdat jonger mense uit die staanspoor hulle rigting in hierdie omstandighede moet vind, kan hulle die kerk ook help om haar weg te vind!
**15.3** Dit gaan ook om die vestiging van die regte waardes en om jongmense te help om hulle eie deelname aan God se sending te ontdek. Die sewe waardes van missionale kerkwees wat hierbo genoem is, kan baie help om ’n missionale bewussyn by jongmense te kweek en behoort op die agenda van kategetiese onderrig te wees.
**15.4** Die belang van onderskeiding behoort ook tereg te kom. As twee vrae aan die hart van missionale kerkwees lê, behoort die vrae aan die jeug gestel te word, en behoort hulle begelei te word om dit te kan beantwoord:
• Wat is God besig om te doen?
• Wat wil God doen? Wat wil God doen in sy wêreld? Hoe sluit ’n gemeente aan by dit wat God aan die doen is?
Dit beteken dat kontekstuele kennis ook deel van skoling moet wees – jongmense moet hul gemeenskap ken en weet waar die gemeenskap se nood lê sodat hul daarby kan aansluit.
**15.5** Aspekte soos geloofsvorming, die ervaring van gemeenskap (koinonia), ervaringsleer en gasvryheid behoort ook aandag te geniet.
**15.6** Die belang van die amp van elke gelowige en deelname deur elkeen is reeds beklemtoon. Dit geld ook die jongmense van die kerk. ‘n Missionale jeugbediening sluit die jeug doelbewus in by al die bewegings van die gemeente.

## 16. MISSIONALE KERK EN PUBLIEKE GETUIENIS

**16.1** Omdat die kerk die transformasie van die wêreld as prioriteit het, en nie los van haar verhouding met die wêreld verstaan kan word nie, en omdat ons as Gereformeerdes altyd die koninkryk as wyer as die kerk sien, kan ons nie oor die missionale kerk praat sonder om aan die publieke getuienis van die kerk aandag te gee nie.
**16.2** Vanuit ’n koninkryksperspektief is alle teologie publieke teologie. Ons Gereformeerde teologie se fokus is op die heil van hierdie wêreld en moet daarom in gesprek wees met die politiese, kulturele, opvoedkundige, ekonomiese en ekologiese aspekte van die samelewing, en nie net die persoonlike en “kerklike” nie.
**16.3** Die kerk word geroep om die beswil van die wêreld bo die belange van die kerk te plaas, en ons publieke getuienis vra dus na die agenda wat hierdie wêreld, hierdie konteks, op ons tafel sit. Hierdie getuienis vra met tye ’n kritiese stem, met tye ’n dialoog met verskillende rolspelers, en met tye ’n erkenning van God wat besig om sy wil in hierdie wêreld te laat geskied deur mense en instansies los van die kerk.
**16.4** Die kerk se publieke getuienis vind in die eerste plek uiting in ons lidmate se deelname op alle vlakke van die samelewing aan die groot publieke dialoog oor die vrae wat op die tafel van die samelewing is.

## 17. MISSIONALE LEIERSKAP EN TEOLOGIESE OPLEIDING

**17.1** Missionale leierskap gaan oor die verandering (transformasie) van mense en instellings deur betekenisvolle verhoudings sodat hulle kan aansluit by God se sending in die wêreld.
**17.2** Dit is om ‘n omgewing te skep waarbinne die mense van God in ‘n spesifieke omgewing kan floreer. Eddie Gibbs beskryf missionale leiers kort en kragtig as leiers wat ‘n passie het vir die Groot Opdrag van Jesus Christus. Hulle begelei die kerk om in gesprek te tree met die eietydse omstandighede en om dit op so ‘n wyse te beïnvloed dat dit kontemporêre kultuur transformeer.
**17.3** Missionale leierskap is om die hele geloofsgemeenskap toe te rus om in alle fasette van die lewe met die evangelie van Jesus Christus uit te reik na mekaar en na die hele wêreld.

**17.4** Die vraag wat onwillekeurig na vore kom, is hoe die kerk se teologiese opleiding meehelp om hierdie soort missionale leierskap te koester en te ontwikkel. Teologiese opleiding behoort ten minste aan die volgende aspekte van missionale leierskap aandag te gee:

• 'n Teologiese verstaan van geloofsonderskeiding en hulp aan studente om geestelik gevorm te word. Dit sluit opleiding rondom luisterprosesse in. Onderskeiding is die hart van Christelike leierskap. Dit het alles te doene met die gemeenskaplike onderskeiding van die toekoms waarin die Gees die geloofsgemeenskap nooi. Dit beteken ook onderrig om die Skrif te verstaan vanuit 'n konsekwente missionale hermeneutiek.

• Die ontwikkeling van kennis en vaardighede met betrekking tot klimaatskepping – die kultivering van 'n omgewing waar God se werk in die gemeente en in die konteks van die gemeente onderskei word. Kennis en vaardigheid oor die aard van kultuurverandering is noodsaaklik.

• Onderskeiding vind in die gemeenskap van gelowiges plaas. Aspekte soos insig in die funksionering van netwerke en gemeenskaplike onderskeiding moet aandag kry. Dit raak ook sake soos spanwerk, insig in die dinamika en sinergie van spanne en synergogie (waar kennis verwerf word in 'n groep en deur samewerking in spanne.)

• Leierskapsontwikkeling beteken leiers word toegerus met vaardighede om transformasie te verstaan en te begelei.

• Missionale leierskap is om God se voorkeurtoekoms te leef, te verstaan en te beskryf. 'n Missionêre leier begelei die gemeente om met toewyding deel te word van God se sending in die wêreld op pad na die toekoms. Leierskapsontwikkeling sal dus noodwending die eskatologie herbesoek.

• Een van die heel belangrikste aspekte is die vorming van 'n missionale spitituialiteit.

• Leierskapsopleiding vir missionale kerke beklemtoon innovasie. Dit is opleiding wat kreatiwiteit en verbeeldingskrag aanmoedig en ondersteun. Dit het ook te doene met die krag van metafore en narratiewe en die vermoë om oop skeppende vrae te vra.

## 18. DIE KERKORDE

**18.1** In die opdrag wat die Taakspan ontvang het, word die volgende oor die Kerkorde gesê: "Hierdie nuwe studiestuk sou ook kon dien as die basis vir 'n moontlike hersiening van hoe daar in ons huidige Kerkorde oor gemeentes en bedieningsverwante sake gepraat word". In die lig van die opdrag word die volgende oor die Kerkorde en die missionale identiteit van die NG Kerk gestel:

**18.2** Die Kerkorde staan in diens van die kerk en reflekteer die kerk se identiteit, gebruike en ordelike reëlings. Die uitgangspunt van die Kerkorde is om die wese en roeping van die kerk te omskryf. Transformasie van die kerk en die groei na 'n nuwe verstaan van die missionale aard van die kerk en gemeentes moet dus neerslag vind in die Kerkorde.

**18.3** Die wese en roeping van die kerk kan saamgevat word in twee basisbegrippe - die **apostolaat of gestuurdheid** van die kerk en die **belydenis** van die kerk. Die kerk is net kerk as die kerk se missionale aard verstaan word – daar is reeds gesê dat sending nie iets is wat die kerk doen nie maar wat die kerk is. Die kerk is ook net kerk as die naam van die Here reg bely word. In die geval van die NG Kerk spreek Artikel 1 van die Kerkorde die belydenis van die Kerk duidelik aan. Die Kerk se verbondenheid aan en identiteit as Gereformeerde kerk, soos uitgedruk in die Formuliere van Eenheid, word ondubbelsinnig gestel. Die basis met betrekking tot die missionale aard van die Kerk kom egter eers in hoofstuk 4 onder die "Arbeid van die Kerk" aan die orde.

**18.4** In die "Inleiding tot die Kerkorde" van 2004 staan dat die Kerkorde die grondslag behoort te lê vir nuwe strukture en werkswyses wat uitdrukking gee aan die NG Kerk se roeping in Afrika en Suid-Afrika. Dit beteken dat die missionale aard van die Kerk saam met die oriëntasie ten opsigte van die belydenis ter sprake behoort te kom. Die belydenis van die Kerk is wat die Kerk as gestuurde gemeenskap bely – die Evangelie van Jesus Christus. Dit was byvoorbeeld die geval met die Nederlandse Hervormde Kerk. Dingemans beskryf die feit dat die apostolaat en belydenis bymekaar hoort en dat die apostolaat die belydenis bepaal, as volg: Die kerk is eerder 'n beweging in die stroom van God se ryk as die gestolde vormgewing van die heil. Dit is eerder 'n getuigende klomp pelgrims as belydenisbewakers wat angstig bymekaar sit.

**18.5** 'n Voorbeeld hiervan word gevind in die bestaande Kerkode van die Protestantse Kerk in Nederland (PKN) waar die heilige algemene Christelike kerk in Artikel 1 beskryf word as 'n kerk wat lewe uit God se genade en 'n kerk wat die opdrag van die Here vervul deur die Woord te hoor en te verkondig. Die kerk se verbondenheid aan die belydenisskrifte word bely sowel as die feit dat die kerk in die wêreld gestuur is om die heil van Christus te verkondig.

**18.6** Die *Presbyterian Church* in die VSA (PCUSA) stel dit as volg in Artikel 1 van hulle Kerkorde: "*Christ calls the Church into being, giving it all that is necessary for its mission to the world, for its building up, and for its service to God. Christ is present with the Church in both Spirit and Word. It belongs to Christ alone to rule, to teach, to call, and to use the Church as he wills, exercising his authority by the ministry of women and men for the establishment and extension of his Kingdom.*" Artikel 2 handel oor die doel van die kerk en bevestig die belang van die verkondiging van die boodskap van verlossing.

**18.7** Die herskryf van die NG Kerk se Kerkorde is tergelykertyd een van die moeilikste en maklikste uitdagings.

* Dit is moeilik aangesien die kragte wat die Kerk 'n blote instelling wil hou en fokus op die instandhouding van die Kerk, baie sterk is. Dit wil die bestaande situasie voortsit en sien nie kans om die risiko's te loop en kragte te hanteer wat losgelaat word wanneer 'n missionale ekklesiologie die Kerk noop om van 'n instelling na 'n beweging te transformeer nie.

* Dit is ook ‘n maklike uitdaging. Indien die NG Kerk ernstig is oor die missionale aard van die Kerk en die stem van die Roepende Gees onderskei wat die Kerk dringend uitnooi om aan te sluit by God se werk in hierdie wêreld, sal die transformasie die hoogste prioriteit geniet. Die krag van die Gees is genoeg om al die risiko’s hanteerbaar te maak. Die verbeeldingskrag oor al die moontlikhede wat in God se toekoms op die Kerk is, is genoeg om die Kerk te beweeg om deel te neem aan hierdie reis. Die herskryf van die Kerkorde is maklik, want as die NG Kerk oortuig is van haar roeping om deel te neem aan God se sending, is dit eintlik niks anders as die onderskeidende opskrifstelling van dit wat die Gees reeds aan die doen is nie.
**18.8** Daar is reeds gewys op die belang van kerkplanting. ‘n Kerkorde wat ruimte bied vir kerkplanting onder “mense wie se lewens eerder deur hierdie netwerkkultuur as deur hulle geografiese ligging bepaal word”, noodsaak dat die huidige artikel 10 van die Kerkorde geskrap word.

## 19. SLOT
Die NG Kerk het ‘n unieke geleentheid om op ‘n skeppende en kreatiewe wyse te reageer op groeiende insigte in die wese van die kerk. Dit verg ‘n proses van gehoorsame luister, onderskeiding en vra na waar God werk en wat God wil doen, ook in en deur die NG Kerk. Die gebed is dat die Algemene Sinode besluite sal neem wat uitdrukking gee aan die gestuurde aard van die kerk en wat die missionale dinamika, wat inherent deel van elke gemeente is, vrylaat.

## 20. AANBEVELINGS: MISSIONALE EKKLESIOLOGIE
**20.1 Die Algemene Sinode aanvaar hierdie beleidsdokument as die NG Kerk se standpunt oor missionale ekklesiologie.**
**20.2 Die Algemene Sinode aanvaar die volgende wysigings aan Die Kerkorde:**
**20.2.1 ARTIKEL 1**
**20.2.1.1 Verander opskrif voor Art 1 om te lui: “Die aard, belydenis en orde van die kerk”**
**20.2.1.2 Verander Art 1 om te lui:**
***Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is geroep om deel te neem aan God se sending in die wêreld. Die kerk verkondig die bediening van versoening en die heil van Christus aan alle mense.***
**Die Nederduitse Gereformeerde Kerk staan gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, staan uitgedruk in die Formuliere van Eenheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618 - 1619, naamlik die sewe en dertig artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls.**
**20.2.2 ARTIKEL 9**
**Voeg by Artikel 9.4:**
**“Die predikant is, saam met die ander ampte, verantwoordelik vir:**
**onderskeiding**
**kerkplanting.”**
**20.2.3 ARTIKEL 10**
**Skrap Artikel 10 in geheel.**
**20.2.4 ARTIKEL 16**
**Wysig Artikel 16.1 om te lui:**
**“16.1 Die amp of bediening van die ouderling is gerig op geestelike onderskeiding en leiding, bestuur en toesig, en omvat: ...”**

## ADGO BYLAAG 11

# DOOPVIERING

## 1. AGTERGROND

**1.1 OPDRAG VAN ALGEMENE SINODE 2007**
**1.1.1** Die Algemene Sinode 2007 het die volgende besluit geneem (Handelinge bl 99):
DOOP, DOOPVIERING EN VERSLAG RAKENDE DIE BETEKENIS EN GEBRUIK VAN DIE DOOP
1. Die Algemene Sinode neem bogenoemde verslag in ontvangs as vertrekpunt vir omvattende gesprek aangaande doop en doopviering.
2. Die Algemene Sinode bevestig dat die Christelike doop vanuit die radikaliteit van die genade as onherhaalbaar beskou moet word.
3. Met groot begrip vir die kragtige betekenis van simbole en rituele en met behoud van die Christelike doop as eenmalige sakrament (vir kinders en volwassenes) dra die Algemene Sinode dit aan sinodes op om te besin oor toepaslike rituele waardeur gedoopte lidmate van die werklikheid van God in hulle lewe kan getuig.
4. Sodanige rituele sou net gevier kon word deur persone wat hulle Christelike doop erken.
5. Die Algemene Sinode gee aan die Algemene Diensgroep Gemeente-Ontwikkeling opdrag om die Sinode te bedien met ’n eenvoudige en helder beleid en voorstelle aangaande doop, doopviering, kindernagmaal en kategese wat beide ons tradisie en die praktiese bedieningskonteks van ons dag in ag sal neem.
**1.1.2** Die Moderamen het as deel van sy koördineringsfunksie geoordeel dat die ADGO hierdie opdrag saam met ATLAS moet hanteer in die lig van ‘n magdom leerstellige sake in die opdrag en om baie moeite aan die einde van die pad uit te skakel.

**1.2 BESLUITE GENEEM AS RIGLYN OOR DOOPVIERING: ALGEMENE SINODE 2002**
Die Algemene Sinode 2002 het soos volg besluit (Handelinge bl 548 pt 4.5):
1.Betekenis van die doop - die Algemene Sinode roep gemeentes op om sowel in die liturgie as in die pastoraat kreatief na moontlikhede te soek om uitdrukking te gee aan die blywende betekenis van die doop vir die geloofslewe.
2.Wyses van doopherdenking - die Algemene Sinode dra dit aan die Algemene Kommissie Leer en Aktuele Sake op om in oorleg met die AKG en die AKE konkrete voorstelle oor geleenthede en wyses van doopherdenking aan gemeentes beskikbaar te stel.
3. Tweede doop - die Algemene Sinode beveel aan dat doopvieringsmodelle wat as 'n tweede doop misverstaan kan word, vermy word.

## 2. INLEIDENDE OPMERKINGS
Die Taakspan bevestig die vertrekpunte wat deur die jare deur die Algemene Sinode geneem is oor die doop, kindernagmaal en kategese. Die Taakspan het besluit om veral te fokus op doopviering as die brandpunt wat tans in die kerk beleef word. Die Taakspan wil nie die doopviering los sien van kategese en veral belydenisaflegging nie.

Die Taakspan bevestig dat hierdie opdrag die komplekse sakramentsteologie op die tafel plaas. Die Taakspan kies nie om die weg van die sakramentsteologie te volg nie maar wel die teologie van geloofsontwikkeling wat die doop, kategese en belydenisaflegging, en volwasse onderrig na vore bring (Die standpunt van die Taakspan Kategese van ADGO sien geloofsontwikkeling as ‘n lewensreis en nie net ‘n eenmalige gebeurtenis nie).

Die Taakspan lei af dat lidmate wat ‘n behoefte het aan doopviering hoofsaaklik volwassenes is wat besig is met hulle persoonlike geloofsreis, wat êrens op hierdie pad ‘n spesiale belewenis van toewyding of verbintenis ervaar het en op tasbare wyse hulle geloof weer wil bevestig.

Die Taakspan sou, ter volledigheid van die gesprek, moes vra hoekom die behoefte aan iets soos doopviering in ons geledere na vore gekom het.  Daar is sekerlik nie net een antwoord hierop nie. 'n Aantal moontlikhede kan oorweeg word en meer as een kan gelyktydig waar wees.

**2.1 LIMINALITEITE EN DIE OORGANGE VAN DIE LEWE**
Die konsep van liminaliteit kan ons help in die verstaan van lidmate se behoefte aan ‘n doopviering as deel van hulle voortgaande geloofsreis.  Liminaliteit kan verstaan word as die oorgange van een lewenssiklus na die volgende een.  Dit is die pelgrimstog na ‘n volgende lewensfase waar afstand gedoen word of waar die intensivering/nuwe bevestiging plaasvind van die status quo en van die bekende. Daar word in die onsekerheid, maar ook opwinding, van die nuwe en ryker ontdekking beweeg waartydens rituele besondere betekenis kry. ‘n Kerk wat hierdie realiteit genoegsaam begryp, maak groter liturgiese ruimte vir die gestaltegewing van lidmate se geestelike belewenisse.

**2.2 BELY EN BELEEF**
In die lewe van 'n kerk wat 'n hoë premie plaas op regsinningheid, wat aandag skenk aan die leerinhoude van die geloof sonder gelyke aandag aan die vorming van die geloof-as-leefstyl, kan daar mettertyd 'n kloof ontstaan tussen dit wat ons bely en dit wat ons beleef.

Gebeur dit, ontstaan daar 'n integrasie-krisis waarin die erediens van Sondag en die erediens van die lewe al verder van mekaar af wegdryf. Iets soos 'doopviering' – veral in dié gestaltes wat maklik met 'n tweede doop verwar sou kon word – laat blyk dat dit 'n poging is om op die vlak van die individuele ervaring 'n brug te slaan in diens van die integrasie-krisis. Tussen die pole van die vraag na identiteit enersyds en die vraag na relevansie andersyds is dit die soeke na 'n derde weg waarin beide vraagkomplekse tot hulle reg kom.

**2.3 POLARITEIT VAN IDENTITEIT EN RELEVANSIE**
Die polariteit identiteit-relevansie hang ook nou saam met die toenemende sekularisering in die Weste wat al 'n geruime tyd in Europa aan die gang is en wat heelwat later hier by ons te lande as 'n 'massale grondverskuiwing' na vore gekom het. In Suid Afrika is dit nog aan die opbou: die brander het nog nie in al sy felheid oor ons gebreek nie maar dit is op pad. 'n Toenemend-ontluisterde wêreld wat gaandeweg uitsig op die 'historiese' oriëntasiepunte verloor het, moet elders soek na sekerheid wat drakrag het in 'n lewensbestel en samehang wat meer en meer kompleks raak. Ons het dalk ten diepste te maak met 'n noodkreet dat die huidige *bestaanskrisis* van die kerk grondliggend 'n *verstaanskrisis* is.

**2.4 DIE SOEKE NA 'N GEESTELIKE ERVARING**
'n Ander aspek van die soeke na geestelike ervaring is sekerlik te wyte aan negatiewe nagevolge van die Reformatoriese protes. In weerstand teen die sakramentalisme van die Middeleeuse Rooms-Katolieke Kerk was daar oorreaksie sodat die sakramentsviering onder die bedreiging van 'n 'kognitiewe' reduksie beland het. Ellelange formuliere het baie keer die nasmaak gehad dat die sakramente nie net toegelaat is om net te gebeur nie. Die 'ervaringsverlies', spesifiek rondom die sakramentsviering, moet dus ten dele op die rekening van die kerk geplaas word. Ten einde iets soos doopviering langs begaanbare weë te kanaliseer, sal daar in die eerste plek weer grondig besin moet word oor die wyse en konteks waarop die sakramentsviering huidig plaasvind.

In die verband moet ook opgemerk word dat die Reformatoriese beweging in talle sytakke en groeperinge versplinter het. Sommige van die groepe het mettertyd leerstellige standpunte ingeneem wat enigsins op gespanne voet met die historiese beweging te staan gekom het. Doopbeskouing is een van hierdie aangeleenthede. Impulse vanuit hierdie ander kringe is ongetwyfeld opgeneem deur sommige leraars en lidmate met gevolg dat dit hulle enigsins ongemaklik laat met die huidige praktyk in die NG Kerk.

**2.5 POSTMODERNISME**
**2.5.1** Binne `n postmoderne verstaan van waarheid moet ons reken met die subjektiewe geloofservaringe van mense. Ons moet versigtig wees om dit te ontken, te verduidelik of te interpreteer asof ons die hermeneutiese sleutel daartoe het. God is na alles soewerein en vra nie ons toestemming wanneer Hy handel nie. Dit beteken nie dat Hy handel buite die openbaring om nie (weereens ons verstaan daarvan).
**2.5.2** Die ekumeniese konteks waarbinne lidmate hulself elke dag bevind, moet eweneens verstaan en verdiskonteer word. Waardering vir mekaar se geloofsbelewenisse behoort betoon te word eerder as om mekaar te proselitiseer. Die eenheid van die Liggaam moet eerder aangemoedig word en God se unieke werk in elke geloofsgemeenskap erken en respekteer word.

## 3. TEOLOGIESE VERTREKPUNTE
**3.1** In die nadenke rondom die vraag na die aard, wyse en praktiese inkleding van iets soos die doopviering, spreek dit vanself dat hierdie besinning deeglik rekening moet hou met die *teologiese* verband waarbinne dit (di doopviering) aan die orde kom. Die wyse waarop daar oor die sakramente gedink word en die leerstellige beslissings oor die *aard* van die heil wat in die belydenisse (belydenisskrifte) van die kerk neerslag gevind het, moet uiteraard 'n woord meespreek in die 'prospektering' na nuwe moontlikhede in bogenoemde verband. In die opdrag van die Algemene Sinode geniet 'n verwysing in dié verband klaarblyklik hoë prioriteit – 'die Algemene Sinode bevestig dat die Christelike doop vanuit die radikaliteit van die genade as onherhaalbaar beskou moet word.' Hierdie geloofsverstaan moet toereikend bedink word sodat die 'grondkoördinate' van 'n Gereformeerde sakramentsbeskouing daarin duidelik kan word.
**3.2** Vir Gereformeerdes is die doop en die nagmaal die enigste twee (moontlike) sakramente – handelinge wat nie opkom uit die besinning of beplanning van die kerk nie maar wat vanuit ' 'n Ander Oord' aan ons geskenk word. Saaklik gesien, gaan die sakramente eintlik die kerk vooraf. As sigbare teenwoordigstelling van die heil dra dit die 'vingerafdrukke' van die oorsprong en voortgang van die Heil: trinitaries ingebed in die ewige liefde van God, Christologies gefokus, Pneumatologies gerealiseerd-realiserend ter wille van ons en ín ons. In die sakramente handel God. Met goeie reg kan die sakramente daarom geïnstitusionaliseerde Godservarings genoem word. In die sakramente as sigbare en konkrete (Woord)verkondiging word die *hele* heil sintuiglik waarneembaar *ontvang* en gevier. Omdat die hele heil – in oorsprong en voortgang/voltooiing – gevier word, kan die sakramente alleen met

onmeetlike groot skade van mekaar losgemaak word. Beide voer – vanuit verskillende perspektiewe – terug in die oorsprong en bestaansgeheim van die Christelike geloof: na Christus as die Mensgeworde Liefde van die Vader in Wie se vrywillige lewensoorgawe 'n nuwe werklikheid (die werklikheid van die heil) oor ons en in ons aangebreek het.
***** In die sakrament van die doop word hierdie nuwe werklikheid uitspreekbaar as *Nuwe Syn,* as lewe vanuit die oorwinning oor die dood … sáám met Christus. In lyn met die sakramentele teken waarin ons 'passief' die heil ontvang, is ons by, teenwoordig, maar soos 'n baba by is by sy/haar geboorte. Ons word meegeneem, ingesluit, uit die dood lewend gemaak. Dit kan ons nie aan onsself doen nie, dit doen God alleen. Slegs Hy is die Een wat die dooies wek tot die lewe (Rom 4).
***** In die sakrament van die Nagmaal word hierdie *nuwe syn* uitspreekbaar en 'vierbaar' as gemeenskap-syn, as koinonía. Wat ons uit genade 'aangedoen' is, word voortgesit *in* ons en ook *déúr* ons. In die nuwe/ herskape verhoudinge tussen God en Sy kinders – en tussen hulle onderling – kom 'n nuwe gemeenskap tot stand, die gemeenskap van die heiliges, wat deur een (en dieselfde) doop, verbonde aan die een Heer, 'n woonplek van die(selfde) Gees word. God werk in ons om dit wat Hy aan en ter wille van ons gedoen het, te beaam, dit te wil. In die fees van die nuwe werklikheid tree ons nader, kruip ons tot ons troos terug in dit wat God gedoen het. So dikwels as wat die fees van hierdie nuwe werklikheid/gemeenskap as samesyn met God en met mekaar gevier word, so dikwels word Sy *dood* – as die grond van ons oorlewing (wat in die doop 'betuig en verseël' word) – verkondig en gevier.
**3.3** Binne die samehang van die 'logika van die geloof' kan Sy dood net verkondig word as Hy bely en nagevolg word as die Lewende Heer. Die doop en nagmaal in hulle samehang as *Woordgebeure* waarin die Gekruisigde telkens weer na ons toe kom, is een van die eerste gestaltes van die viering van die heil … en die nagmaal dus die eerste viering van die doop!

## 4. INTERPRETASIE VAN SAKRAMENTE
Uit die geskiedenis help Zwingli en Calvyn se interpretasies van die sakramente wat verskillende vertrekpunte het ons. “For Zwingli, the sacraments were memorials of Christ’s action and means of making a public profession of allegiance to Christ. They were, first and for most, human actions and were to be sharply distinguished from the inner work of the Spirit. In contrast, Calvin argued that the sacraments, as means of grace, cause and communicate that which they signify.” Barth volg ‘n Zwingliaanse interpretasie van die doop wanneer hy die doop met die Heilige Gees eerder sakramentele betekenis gee (the mistery of God’s coming to humanity) en daarin iets sien van God se handeling en die waterdoop nie identifiseer met God se aksie nie. “It represents human action in response to God’s prior activity. It is the first step of obedience by which a person says yes to God” (Barth, K. *Church Dogmatics,* bl 43)).

## 5. BELYDENISAFLEGGING
Daar sal in die lig van die gesins/kindernagmaal sowel as die viering van die doop weer oor die plek en betekenis van belydenisaflegging besin moet word. Hierdie Taakspan deel die vertrekpunt van die Taakspan Kategese dat geloof nie ‘n eenmalige gebeurtenis is nie maar wel ‘n reis met verskillende stasies.

In die lig van die ondersoek wat tans plaasvind deur die Taakspan Kategese oor belydenisaflegging sou ons nie toereikende antwoorde wil gee nie.

## 6. DOOP EN HERDOOP

### 6.1 DOOP
Volgens Gereformeerdes se skrifverstaan word die doop altyd gesien as die eenmalige gebeurtenis en die nagmaal as die sikliese gebeurtenis. Die doop is die inisiasie in die verbondsgemeenskap “and the application of the sign of the covenant of grace to the life of a concrete individual. The Lord’s Supper is a service of covenant renewal, repeatedly bringing individuals and the community before God to renew their covenant bonds” (Osmer, RR. *Confirmation,* bl 175). Jürgen Moltman beskryf dit mooi. “Just as baptism is the eschatological sign of starting out, valid once and for all, so the regular and constant fellowship at the Table of the Lord is the eschatological sign of being on the way” (Moltmann, J. *The Church in the power of the Spirit*, bl 243).

### 6.2 BESLUITE VAN DIE ALGEMENE SINODE
#### 6.2.1 Besluite 1978 en 1982
1. “Die Sinode verklaar dat die leer van die grootdoop as enigste korrekte doop en herdoop van lidmate van die kerk, ’n dwaling ten opsigte van die leer is, wat nie deur die kerk geduld kan word nie” (Handelinge Algemene Sinode 1978, bl 841 pt 2.2.25.1.1).
2. “Die Sinode is daarvan bewus dat baie lidmate deur misleiding tot hulle opvattings oor die grootdoop en herdoop kom, en dring daarom by kerkrade daarop aan om met groot sorg, liefde en geduld, met sulke lidmate om te gaan, ten einde hulle van hulle afwyking in die leer terug te bring” (Agenda Algemene Sinode 1978, bl 226 pt 2.25.1.2).
3. “Die Sinode oordeel dat dit kerkregtelik verkeerd is om die lidmaatskap van sulke lidmate eenvoudig vervalle te verklaar. Daar moet met sulke lidmate gehandel word volgens die prosedures van die kerklike tug, tensy hulle hul-

self aan die gemeenskap van die kerk onttrek, en hulle lidmaatskap formeel opsê" (Agenda Algemene Sinode 1978, bl 226 pt 2.25.1.3).
4. "Die Sinode oordeel dat die tug teen sulke lidmate aanvanklik nie verder as vermaning, en by volharding daarin, nie verder as die onthouding van die nagmaal behoort te gaan nie, omdat dit hier kan gaan om 'n dwaling binne die Christenskap wat nie noodwendig beteken dat die dwalende geen deel aan Christus en sy ryk het nie. Wanneer daar egter volhard word in die dwaling en dit blyk dat daar sprake is van hardnekkige verset teen die gesag van die kerk óf van 'n aantasting van die leer van die regverdiging deur die geloof alleen, moet die tug tot sy konsekwensie deurgevoer word" (Agenda Algemene Sinode 1978, bl 226 pt 2.25.1.5).

**6.2.2 Besluite van 1994**
1. Die Algemene Sinode herbevestig die gereformeerde geloofsoortuiging aangaande die genadeverbond en die kinderdoop soos verwoord in sy belydenis (NGB Art 34, HK Vr 74, DL hf 1 par 17).
2. Die Algemene Sinode bring opnuut sy besluite insake herdoop en grootdoop onder die aandag van leraars en kerkrade (Handelinge Algemene Sinode 1982, bl 1103, 1232-44) (Handelinge Algemene Sinode 1994, bl 435).

**6.2.3 Besluite van 1998**
1. Die Algemene Sinode herbevestig die gereformeerde geloofsoortuiging oor die genadeverbond en oor die doop wat in die vorm van die grootdoop (as sendingdoop) mense buite die kerk wat tot geloof kom, in die genadeverbond inlyf, en in die vorm van die kinderdoop kinders van gelowige ouers in dieselfde verbond inlyf.
2. Die Algemene Sinode is oortuig dat die herdoop van lidmate die eenmalige betekenis van die doop geweld aandoen. In beginsel moet dit egter as 'n dwaling binne die Christenskap gesien word en daarom pastoraal gehanteer word.
3. Hierdie eiendomlike pastoraat sluit 'n algemene en 'n persoonlike faset in:
3.1 As algemene pastoraat moet die betekenis van die genadeverbond en die doop in albei sy vorme as teken en seël van die verbond op alle beskikbare maniere in die kerk in die algemeen, en ook in besonder in elke gemeente, behandel en verduidelik word sodat die probleme wat die herdoop skep, deeglik onder die aandag kan kom.
3.2 As persoonlike pastoraat behoort individuele aandag gegee te word aan alle lidmate wat hulle laat oordoop het en, as voorsorgmaatreël, ook aan lidmate wat besondere vrae in dié verband het.
4. Oorgedoopte lidmate moet in beginsel behandel word soos alle ander lidmate wat probleme het met een of ander aspek van die leer of praktyk van die kerk. Enersyds moet hulle met hartlikheid behandel word as mense wat deel is van die gemeente, en moet daar baie noukeurig ingegaan word op elkeen se spesifieke probleme en omstandighede. Daar moet ten alle koste vermy word om met stereotipes te werk en voorafuitgewerkte antwoorde te bied wat nie regtig die probleme van die spesifieke lidmaat hanteer nie. Andersyds moet hierdie lidmate egter onder die besef gebring word dat die kerk nie hulle optrede goedkeur nie en sy bes sal doen om hulle tot beter insigte te bring.
5. In die persoonlike pastoraat aan oorgedooptes moet in gedagte gehou word dat hulle meestal hul oordoop as 'n positiewe ervaring beleef het, en dit gewoonlik direk met die wil van God (veral met die leiding van die Gees) in verband bring. In sulke gevalle sal dit waarskynlik nie pas om te probeer om hulle binne 'n kwessie van weke of maande tot beter insigte te probeer bring nie. Dit sou eerder gepas wees om oor 'n tydperk heen hul vertroue te probeer behou of terug te wen sodat hulle geleidelik gelei kan word tot 'n beter insig in die verbond en die doop – wat heel waarskynlik ook beteken 'n beter insig in die evangelie as sodanig. Intussen moet kerkrade nie vergeet nie dat baie ander gemeentelede waarskynlik net so 'n behoefte het aan 'n beter insig in die evangelie as geheel.
6. Indien dit tydens enige fase van die persoonlike pastoraat duidelik word dat die oorgedoopte, en trouens enige ander lidmaat, oortuigings het wat die wese van die evangelie aantas, behoort verder met die kerklike tug teen so iemand opgetree te word, wat uiteindelik ook op die uiterste stap van afsnyding kan uitloop.
7. Die Algemene Sinode besluit dat daar teenoor ampsdraers wat in hierdie opsig dwaal, strenger opgetree moet word as teenoor gemeentelede en dat hulle voorlopig in die amp gestuit word totdat die saak ondersoek en opgelos is.
8. Die Algemene Sinode besluit dat 10.5.6 sodanig verstaan word dat persone wat hulle laat oordoop, soos trouens enige ander lidmaat, wel aan verdere kerklike tug onderworpe is, alhoewel nie sondermeer omdat hulle hulle laat oordoop het nie (Agenda Algemene Sinode 1998, bl 417, 469; Handelinge 1998, bl 518).

## 7. VIERINGSMOMENTE

### 7.1 MOET DIE HEIL GEVIER WORD?
Duisendmaal ja, onophoudelik en gedurigdeur, in die vele gestaltes en toonaarde, binne die totale reikwydte van die menslike bestaan, in al die dimensies van die geloof: liturgies, sakramenteel, eties, misties, prakties (missionêr-diakonaal). Die hele geloofservaring van `n gelowige staan binne die konteks van viering. God se teenwoordigheid word daagliks ervaar, erken en gevier in dankgebede en spontane lofuitinge. Viering word dus nie tot die formele ontmoeting op Sondae beperk nie. Dié verstaan moet onder lidmate aangemoedig word. Natuur en Skriftuur herinner ons aan Sy grootheid en almag en roep om `n respons.

**7.2 IN DIE LIG VAN BOGENOEMDE SOU ‘N MENS MOES SÊ DAT**
**7.2.1** 'n Eenmalige viering van die heil/doop problematies sou wees. Ons oordeel wel dat daar gereelde vieringsmomente in enige gelowige se lewe is en behoort te wees. ‘n Ontmoeting met of belewenis van God is so ‘n vieringsmoment. Dit sal en kan sekerlik nie elke keer liturgies gevier word nie. Tog moet so iets aangemoedig en selfs in die samekoms van gelowiges (verbondsgemeenskap) gevier word. Die gereformeerdes het deur die eeue die nagmaal as hierdie gereelde viering binne die verbondsgemeenskap gefasiliteer.
**7.2.2** Dit is onmoontlik om die subjektiewe belewing en toe-eiening van die heil los te maak van die geloofservaring. Die Boodskap roep om toe-eiening. Selfs die wegwysing daarvan is `n subjektiewe gebeure. Derhalwe is geen subjektiewe belewenis "leeg" nie maar gevul met inhoud.
**7.2.3** 'n Ritueel wat die eenheid en betekenis van die sakramente verduister, problematies sou wees.
**7.2.4** Daar is ook gestruktureerde vieringsmomente waar die heil korporatief beleef word. Die liturg het die verantwoordelikheid om toe te sien dat daardie momente smaakvol en verantwoord aangebied word. Simbole en rituele moet verduidelik word sodat daar nie misverstand kom nie.
**7.2.5** 'n Ritueel wat die sekerheid en vastheid van die heil verlê tot in die innerlike van die vroom individu problematies sou wees. Dan is lidmate se verstaan en implementering van die sakramente nie meer ‘n godservaring nie en word die viering ‘n leë subjektiewe ervaring.
**7.2.6** ‘n Matelose fokus op individualisme teenoor die korporatiewe belewenis van die gemeente gevaar inhou.

## 8. OPSOMMING

**8.1 VERTREKPUNT**
Die Taakspan is van oordeel dat die gesprek en beredenering oor die Gereformeerde vertrekpunte van die doop deur die jare in die Nederduitse Gereformeerde Kerk deurdag is en ‘n rykdom van teologie ontsluit. Die Taakspan het daarom geoordeel om niks by te voeg tot die gesprek oor die doop nie maar wel net te fokus op die opdrag oor doopviering.

**8.2 TERMINOLOGIE**
In die woordkeuse wat gebruik word, het die Taakspan geoordeel dat die woord/e wat gebruik word iets moet sê van die handeling wat gebeur. Die Taakspan kies daarom om eerder te praat van doopherdenking of doopherinnering. Hierin is opgesluit ‘n herinnering of herdenking, ‘n terugblik op dit wat met my as individu in die gemeenskap van gelowiges gebeur het.

**8.3 RIGLYNE VIR DIE HERDENKING/HERINNERING**
**8.3.1** Die Taakspan is van oordeel dat enige doopviering waarby lidmate betrokke wil wees, normaalweg ontstaan uit ‘n intense geloofservaring wat hulle beleef het. Die behoefte word dan normaalweg verwoord in ‘n ‘weer doop’.
**8.3.2** In ‘n gesprek met hierdie lidmate moet hulle begelei word tot die besef dat die nagmaal die primêre viering van ons doop is en dat lidmate die nagmaal meer sal vier (geniet en beoefen).
**8.3.3** Die Taakspan voel sterk daaroor dat enige praktyk wat die suggestie skep dat die handeling wat uitgevoer word eintlik ‘n herdoop of weerdoop is, afgewys moet word.
**8.3.4** Die Taakspan sal gemeentes wil aanmoedig om geleenthede te skep waar doopherinnering of -herdenking deel word van lidmate en gemeentes se verhaal.
**8.3.5** Die Taakspan moedig gemeentes aan om sakramentsviering te ondersoek en aan die orde binne die liturgie, kategese en erediens te stel. Ons sal ruimtes moet ontwikkel en verder oopmaak sodat gemeentelede met mekaar kan deel.

## 9. AANBEVELINGS

**9.1 VERTREKPUNTE**
**9.1.1 Die Sinode is van oordeel dat die gesprek en beredenering oor die gereformeerde vertrekpunte van die doop deur die jare in die Nederduitse Gereformeerde Kerk deurdag is en ‘n rykdom van teologie ontsluit.**
**9.1.2 Die Sinode bevestig weer dat die verbondsteologie sentraal staan in die beredenering van doopherdenking of -herinnering.**
**9.1.3 Die Sinode is bewus daarvan dat die Taakspan Kategese oor belydenisaflegging besin wat vertrou word ‘n gesprek sal insluit oor die nagmaal wat bedien word aan kinders.**
**9.1.4 Die Sinode besluit om niks by te voeg tot die gesprek oor die doop, kindernagmaal en kategese nie maar wel net te fokus op die opdrag oor doopviering.**
**9.2 TERMINOLOGIE**
**9.2.1 Die Sinode beveel aan dat die kerk eerder die woorde doopherdenking of doopherinnering sal gebruik.**
**9.3 RIGLYNE VIR DIE HERDENKING/HERINNERING**
**9.3.1 Die Sinode bevestig dat die heil altyd en in alle omstandighede gevier moet word.**

**9.3.2 Die Sinode beveel aan dat lidmate wat 'n spesiale(intense) geloofservaring beleef het, begelei moet word tot die besef dat nie die doop nie maar die nagmaal die primêre plek van viering is.**
**9.3.3 Die Sinode besluit dat enige praktyk wat die suggestie skep dat die handeling wat uitgevoer word eintlik 'n herdoop of weerdoop is, afgewys moet word.**
**9.3.4 Die Sinode besluit dat gemeentes aangemoedig word om geleenthede te skep waar doopherinnering of herdenking deel word van lidmate en gemeentes se verhaal.**
**9.3.5 Die Sinode beveel aan dat sakramentsviering 'n groter rol binne liturgie, kategese en die erediens sal speel.**

## 10. MEDEWERKERS

Drr WA Pretorius (Noordelike Sinode/sameroeper), Hennie Kotze (Noordelike Sinode), di Johan Avenant (Noordelike Sinode), Rinus Wasserman (Noordelike Sinode), dr James Kirkpatrick (Noordelike Sinode en ook lid van ATLAS), ds Nico van Rensburg (Wes-Transvaal), dr Andries Kritzinger (Wes-Transvaal en ook lid van ATLAS), ds Jannie Pelser (Wes-Transvaal ), dr André Bartlett (Sinode Hoëveld), di Freddie Schoeman (Oostelike Sinode) en Leon Westhof (Oostelike Sinode).

## ADGO BYLAAG 12

# KLEIN GEMEENTES

## 1. OPDRAG

### 1.1 ALGEMENE SINODE 2007

**1.1.1** Die Algemene Sinode besluit tydens die 2007-vergadering as volg: *Die Algemene Sinode beveel aan dat die saak van klein gemeentes verwys word na die ADGO en GDN om die nodige navorsing te doen en met behulp van sinodale gebiede waar baie klein gemeentes voorkom, te werk aan prosesse en bedieningsvoorstelle wat klein gemeentes op 'n konkrete wyse kan help. Die NG Kerkfamilie moet so ver moontlik ook hierby betrek word* (Agenda 2007 Deel III (Handelinge) bl 124 en bl 203 pt 11.9).
**1.1.2** Hierdie besluit volg op vorige navorsingsopdragte wat reeds tydens die Algemene Sinodes van 2002 en 2004 gegee is (vgl Agenda 2007 Deel 1 bl 287 pt 7, asook ADGO Bylaag 7 bl 316).
**1.1.3** ADGO Bylaag 7 (Agenda 2007 Deel 1 bl 316-7) verskaf die breë kontoere van 'n navorsingsraamwerk oor klein gemeentes.
**1.1.4** Die Moderamen het in die reses 'n span saamgestel om hierdie opdrag uit te voer.

## 2. WERKSWYSE

### 2.1 LITERATUUR EN BRONNE

**2.1.1** Verskeie sinodes het reeds self nagedink oor klein gemeentes, taakspanne aangestel wat bevindings geformuleer het en modelle vir bediening in klein gemeentes geïmplementeer het. Hierdie sinodale inisiatiewe, dokumente en gevolglike praktiese ervaring lewer 'n geweldige belangrike bydrae.
**2.1.2** Verskeie navorsers is tans besig met studie rondom klein gemeentes binne die NG Kerk, VGKSA en NGKA. Soos navorsingsresultate beskikbaar word, sal dit bekendgestel word by www.kleingemeentes.co.za.
**2.1.3** 'n Uitgebreide lys literatuur en navorsingsresultate is saamgestel en is beskikbaar by www.kleingemeentes.co.za. 'n Literatuurlys word ook aan die einde van hierdie verslag verskaf.

### 2.2 KONFERENSIE

**2.2.1** Ten einde akademiese kennis oor die onderwerp, praktiese ervaring, en sinodale insette te integreer, is 'n konferensie oor klein gemeentes van 4-6 Mei 2011 te Kemptonpark gehou. Een verteenwoordiger per sinode, asook akademici, het die konferensie bygewoon. By hierdie geleentheid is indringend oor die onderwerp besin.
**2.2.2** Die konferensie het onder die vaandel van die Algemene Sinode plaasgevind. Groot waardering vir die inisiatief is deur die konferensie uitgespreek met die versoek dat dit in die toekoms 'n jaarlikse instelling word en verder uitgebrei kan word.
**2.2.3** Die personeel vir die konferensie was as volg: Danie Mouton (sameroeper, Oos-Kaapland), Bossie Muller (Wes-en-Suid-Kaap), Kobus van Tonder (Noord-Kaapland), Ben van Dyk en Willie Pieters (Kwazulu-Natal), Carin van Schalkwyk (Oranje-Vrystaat), Johan Rademeyer (Wes-Transvaal), Wimpie Jordt (Noordelike Sinode), Sam Heine (Hoëveld), Danie Dreyer (Oostelike Sinode), Jan Woest (Namibië), Kobus Schoeman (Kerkspieël), en Jurgens Hendriks (deskundige lid). Zach Pienaar (VGKSA) en Joseph Pali (NGKA) is ook na die konferensie genooi maar kon op kort kennisgewing weens persoonlike omstandighede nie teenwoordig wees nie.
**2.2.4** Hierdie verslag is die produk van die konferensie se besinning. Die werkswyse stel 'n navorsingsmodel daar waarmee die groep graag wil voortgaan. 'n Aanbeveling hieroor volg later in die verslag.

### 2.3 HOOPVOL

Hoe meer genoemde konferensie oor klein gemeentes gewerk het, en na die verhale van klein gemeentes geluister het, hoe meer is ons met hoop en verwondering vervul. Die kwaliteit van lidmate in klein gemeentes – plattelands en stedelik – is verstommend. Die worsteling wat klein gemeentes beleef, is nie siektepyne of sterwenspyne nie, maar geboortepyne. Klein gemeentes is nie siek nie, hulle is swanger. Die sleutel lê in die kapasiteit om uit 'n institutêre bediening (wat op oorlewing of selfhandhawing fokus) te breek na 'n herontdekking van God en van die hele gemeenskap.

## 3. WAT IS 'N KLEIN GEMEENTE?

### 3.1 STREEKTIPES

Sedert die opname van Kerkspieël 2 in 1986 is gemeentes volgens streektipes geklassifiseer. Vir die doel van Kerkspieëlopnames word die streke soos volg gedefinieer:
- *Klein Plattelandse gemeente*: 'n Gemeente wat op 'n heel klein dorpie/gemeenskap geleë is waar daar net een leraar is.
- *Plattelandse gemeente*: 'n Gemeente wat in 'n dorp geleë is wat so groot is dat daar twee tot vier NG leraars werksaam is (ongeag die aantal gemeentes).

- *Grootdorp gemeente*: 'n Gemeente wat geleë is in 'n dorp met meer as vier NG leraars, ongeag die aantal gemeentes.
- *Woonstel/buitengewone gemeente*: Dit sluit onder andere in: enkelindustrie-, militêre-, middestad-, studentegemeentes en gemeentes vir andertaliges. Die kategorie is met die 2006 opname saam met die voorstedelike kategorie gevoeg.
- *Voorstedelike gemeente*: 'n Gemeente in 'n voorstad geleë en sluit woonhuise, meenthuise en woonstelle in. Dit kan ook kleinhoewes insluit.

## 3.2 KLEIN GEMEENTES AS STREEKTIPE IN DIE NG KERK


### 3.2.1 Verspreiding van lidmate

Volgens Kerkspieël 2006 woon 12% van lidmate van die NG Kerk in klein plattelandse gemeentes, en 'n verdere 15% in plattelandse gemeentes. 'n Totaal van 27% - 'n beduidende groep lidmate – bly dus in plattelandse omgewings. Meer as die helfte van die NG Kerk se lidmate (55%) is egter in voorstedelike gebiede te vind.

### 3.2.2 Verspreiding per sinodale gebied

Sinodale gebiede verskil beduidend wat die aantal klein gemeentes betref. Die volgende grafiek dui die verspreiding van gemeentes/lidmate in die platteland aan (2006). Die eerste staaf dui op die persentasie lidmate in die sinode wat in klein-plattelandse en plattelandse kontekste woon, en die tweede staaf op die persentasie gemeentes in die sinode in dieselfde kategorie. Byvoorbeeld: 84% van Noord-Kaapland se gemeentes funksioneer in die plattelandse, en 60% van die lidmate is in daardie gemeentes. Sinode Hoëveld is die mees verstedelikte gebied, terwyl Noord-Kaapland die meeste lidmate in klein-gemeentelike kontekste bedien.

***Grafiek 1: Verspreiding van lidmate en gemeentes per sinodale gebied – Kerkspieël 2006***




### 3.2.3 Klein gemeentes in ander kontekste

Klein gemeentes kom nie net in plattelandse kontekste voor nie. Dit is ook 'n stedelike fenomeen, spesifiek waar demografiese skuiwe gemeentes laat verklein. Binne stede is dit egter relatief maklik vir hierdie gemeentes om met ander saam te smelt, indien hulle wil. In plattelandse kontekste is dieselfde opsie nie so geredelik beskikbaar nie.

## 3.3 GEMEENTE-GROOTTE TIPOLOGIE

### 3.3.1 Vier groottes

Daar is ook ander maniere om klein gemeentes te beskryf. Die gewildste gemeente-tipologie is dié van gemeente-grootte. Die model werk met erediensbywoning en gaan uit van die veronderstelling dat die kultuur en struktuur van gemeentes wissel na aanleiding van die grootte daarvan. Volgens Alice Mann (1998) kan daar vier groottes gemeentes onderskei word. Dit kan as volg opgesom word:

*Tabel 1: Vier groottes gemeentes*

| | | |
|---|---|---|
| **Pastor-gesentreerd** | **Pastoraal**<br>Erediensbywoning: 70-200<br>Leraar: Pastor<br>KR: Herders<br>Homogene verhoudinge | **Korporatief**<br>Erediensbywoning: >350<br>Leraar: Visiedraer<br>KR: Strategiese leiers<br>Komplekse verhoudinge |
| **Groep-gesentreerd** | **Familie**<br>Erediensbywoning: 25-100<br>Leraar: Familie-vriend<br>KR: Patriarge en matriarge<br>Homogene verhoudinge | **Program**<br>Erediensbywoning: 150-350<br>Leraar: Toeruster<br>KR: Bedieningsleiers<br>Komplekse verhoudinge |
| | **Organisme** | **Organisasie** |

**3.3.2 Beskrywing van die familie-grootte**

Volgens Mann se tipologie is klein gemeentes (stedelik of plattelands) *organismes* wat meer relasioneel as strukturееl in homogene verhoudinge verbind is, en *groep-gesentreerd*. ’n Klein gemeente is ’n familie met patriarge en matriarge wat in beheer is. Hulle is sterk op oorlewing ingestel en laat hulle dus nie sommer deur die kerkverband sluit nie. Nuwe lidmate word deur ’n komplekse proses van sosiale aanneming ingesluit. Net soos by gewone families word jy deel van die familiesisteem slegs deur óf geboorte óf aanneming.

Predikante se rol is om dié funksies uit te voer wat die lidmate nie self kan doen nie (bv doop, nagmaal, begrawe, preek), maar die predikant wat aanneem dat hy/sy die hoof-uitvoerende beampte is, maak ’n reuse fout. Predikante funksioneer meer in ’n kapelaansrol sonder uitvoerende bemagtiging. Predikante moet hierdie gemeentes daarom lief hê en vir drie jaar niks probeer verander nie. Hoe langer die predikant bly, hoe meer invloed verwerf hy/sy en word maklik ’n bedreiging vir die patriarge en matriarge. Daar word dus dikwels krisisse geskep om te verseker dat die dominee korter bly eerder as langer. Indien die leraar vir langer as vyf jaar kan bly, word egte transformasiemoontlikhede ’n werklikheid.

Volgens Mann begin baie predikante hul bediening in hierdie gemeente-grootte, maar dit is die moeilikste tipe bediening vir pas-afgestudeerde predikante. Die geesdrif en entoesiasme van die jong dominee pas gewoonlik nie by die rolverwagting van tradisionele pastorale versorging nie (Mann 1998).

**3.4 WAARDERING VIR DIE KLEIN GEMEENTE-GROOTTE**

**3.4.1 Kwaliteit van lidmate**

Hoewel klein gemeentes unieke sosiale uitdagings ervaar, soos deur Mann beskryf, moet daar waarderend na hierdie gemeente-grootte gekyk word. Die kwaliteit van lidmate óók in hierdie gemeente-grootte is ’n bron van dankbaarheid. Tydens die klein gemeente-konferensie kon al die sinodes bevestigende verhale vertel van die bruikbare mensemateriaal en toewyding van lidmate in hierdie gemeentes.

**3.4.2 Unieke kapasiteit**

Juis vanweë hulle grootte is hierdie gemeentes in staat om:

* nabyheid en intimiteit in die geloofsgemeenskap te beliggaam;
* verhoudingsgedrewe eerder as formeel gestruktureerd te funksioneer;
* ’n daadwerklike gemeenskapwye impak te maak; en
* ’n prominente publieke profiel deur diensbaarheid te verwerf.

Klein gemeentes is ’n wêreldwye fenomeen. Getalsgewys is waarskynlik die meeste gemeentes klein gemeentes.

**3.4.3 Verhoudinge**

Klein gemeentes is verhoudinggedrewe gemeentes. Nie die charisma van die predikant, of die kwaliteit van die program, verskaf die kohesie nie. Die kohesie groei uit die kwaliteit van die verhoudinge – met God, met mekaar en met die gemeenskap. Juis hierin lê geweldige potensiaal opgesluit.

**3.5 DINK NUUT OOR KLEIN GEMEENTES**

In hierdie paragraaf is tot dusver twee wyses om klein gemeentes te beskryf (ligging en grootte), bespreek. Beide help ons om waardevolle aspekte raak te sien en die uitdaging vir klein gemeentes te verstaan. Aangesien hierdie gemeentes so ’n groot deel van die NG Kerk uitmaak, sal die impak van die kerkverband se besluite en reëlings op hierdie gemeentes doelbewus verreken moet word.

**3.5.1 Wat is die norm vir bediening?**

Die meerderheid NG Kerklidmate leef in voorstedelike gemeentes. Dit gebeur gevolglik maklik dat die voorstedelike bediening die norm vir bediening word. Alle gemeentes moet dan ’n voltydse predikant, ’n pastorie, ’n goed-versorgde kerkgebou, ’n belegging, en ’n uitmuntende program van gemeentelike aksies en dienswerk hê. Indien hierdie bedieningspatroon die norm word, sal klein gemeentes permanent beskaam word en bloot kan hunker na

iets soortgelyks. Dit sou egter 'n massiewe fout wees. Klein gemeentes is 'n legitieme gestalte van die kerk van die Here.

**3.5.2 Is groter beter?**

Die konsep van makro-gemeentes het oor die afgelope jare prominensie in die NG Kerk geniet. Tov insette oor leierskap, toerusting en evangelisasie gryp buitelandse makro-konstruksies soos Willow Creek en Saddleback die verbeelding aan. Vorme van innovering in die kerklike lewe wat heelwat aan bronne (bv kapitaal en menslik) verg, is in die nuus. Dit marginaliseer klein gemeentes.

**3.5.3 Klein, maar begaafd**

Geïdealiseerde gestaltes van gemeentewees laat klein gemeentes dikwels ontmagtig voel. Dit is heeltemal onnodig omdat die bedieningsmatige gawes van klein gemeentes op ander vlakke lê. Die NG Kerk benodig bedieningstrategieë wat hierdie gawes na die voorgrond bring. Waardering vir klein gemeentes waar die fokus op die koninkryk van God val, en God se goedheid en genade na gemeenskappe gedra word, sal die rolmodelle in hierdie gemeente-grootte skep wat 'n nuwe seisoen vir klein gemeentes sal inlui.

## 4. UITDAGINGS VIR KLEIN GEMEENTES

Hierdie paragraaf skilder slegs 'n oorsigtelike en daarom veralgemeende beeld van uitdagings vir klein gemeentes. Die bedoeling is om die landskap waarin klein gemeentes funksioneer te beskryf. Die fokus is veral op plattelandse gemeenskappe. In soverre die prentjie negatief klink, is die bedoeling nie om verlammend te wees of krisisvure te stook nie. Die bedoeling is om realisties te wees sodat die roeping en uitdagings waarop die gemeenskapsoekende Drie-enige God hierdie gemeentes se aandag fokus, helder omlyn kan word.

### 4.1 DALENDE LIDMAATTAL

Die Jaarboek van NG Kerke vertel die verhaal van die ontvolking van die platteland en die daling in lidmaattalle. Die NG Kerk in Wes-en-Suid-Kaap het in 'n onlangse studie die lidmaattal van 8 plattelandse gemeentes aan die hand van die Jaarboek vergelyk. Lidmaatgetalle vir **2011**, saam met dié vir **1994**, die jaar waarop die nuwe bedeling 17 jaar gelede ingelui is, asook die **1977**–getalle ('n verdere 17 jaar terug in die verlede) illustreer die tendens duidelik. Die huidige 2,518 totale lidmatetal van die agt gemeentes is maar 62% van wat dit in 1994 was (4,067) en 40% van wat dit in 1977 was (6,227). Een rede vir die dalende getalle is die dalende geboortesyfer. In 1977 was dooplidmate 30% van die totale lidmaattal, 25% in 1994 en 17% in 2011.

In stede is baie welvarende voorstedelike gemeentes as gevolg van demografiese skuiwe in klein gemeentes verander. Sommige van hierdie gemeentes het met ander saamgesmelt.

### 4.2 EKONOMIESE KONTEKS

Die landbou-landskap het dramaties oor die afgelope dekades verander. Dit het 'n besliste impak op klein plattelandse gemeentes. Boerdery-eenhede is groter, wat beteken minder mense woon op landbougrond. Die boere, of eienaars van die grond, woon ook dikwels elders (en dit is nie noodwendig die naaste dorp nie). Insetkoste het geweldig gestyg. Die regering is ook nie meer simpatiek teenoor die landbou nie. Grondhervorming en plaasmoorde het ook 'n negatiewe impak op boerdery.

Verder is die ineenstorting van wêreldmarkte, tesame met uitmergelende droogtes wat van tyd tot tyd voorkom, faktore wat die finansiële oorlewing van plattelandse bediening net soveel moeiliker maak.

### 4.3 VERSWAKKING VAN DIENSTE

Die platteland word in talle gemeenskappe gekenmerk deur 'n vermindering van besighede en professionele dienste. Talle dorpe toon tekens van swakker bestuur en die agteruitgang van openbare dienste. Wat skole betref, het opsigtelike verwaarlosing op baie plekke ingetree. NG Kerk lidmate se kinders gaan grotendeels na goeie skole buite die plattelandse konteks. Skoolkarry het deel van die kultuur geword. Meer gegoede mense mag van privaatskole gebruik maak, en tuisonderrig word ook benut.

### 4.4 DUUR BEDIENINGSMODEL

Baie klein plattelandse gemeentes beskik oor groot kerkgeboue wat opgerig is in tye toe daar groot, florende gemeenskappe bestaan het. Hierdie geboue is dikwels pragtig en lidmate heg groot sentiment daaraan. Die klein gemeentetjie "verdwyn" egter op 'n Sondag in die gebou. Talle sitplekke is leeg en die erediens verloop onpersoonlik. Verder is die onderhoudskoste hoog en moet die gemeente baie geld daarvoor opsysit.

In hierdie gemeentes begin die gebou die gemeente besit en word die instandhouding van die gebou 'n dominerende faktor in die missie van die gemeente.

Hoewel plattelandse lidmate dikwels 'n hoër gemiddelde dankoffer gee as die lidmate van groot en verstedelikte gemeentes, gebeur dit maklik dat die gemeente nie meer sy verantwoordelikhede kan nakom nie. Daarom word die predikante van talle plattelandse gemeentes nie op skaal vergoed nie.

Uit ervaring weet boerdery-gemeenskappe dat daar geld opsygesit moet word om die wa deur die drif te trek in tye van nood soos droogte of ander rampe. Dit is nie vreemd dat ’n gemeente wat sy dominee nie op skaal besoldig, of sy gebou nie na behore kan versorg, tog ’n groot bedrag op belegging het nie. Die teologiese probleem hiermee is dat selfhandhawing en oorlewing die agenda bepaal.

**4.5 MOBILITEIT VAN PREDIKANTE**

Daar is talle voorbeelde van plattelandse predikante wat reeds in baie lang dienstermyne in dieselfde klein gemeentes werk. Hierdie predikante kom onder geweldige druk as konflik in gemeenskappe sy tol begin eis. Konflik kan daartoe lei dat dankoffers daal en frustrasie toeneem. Die leraar kan in so ’n situasie moeilik skuif en word uitgelewer aan ’n vasgevalde situasie waar psigiese en emosionele skade – ook vir die res van die pastoriegesin – die uiteinde is. Vanselfsprekend kry die res van die gemeente ook seer. Die kerkverband sal meer weë moet ondersoek om in so ’n situasie in te gryp.

**4.6 BESTUUR VAN VERHOUDINGS EN DIVERSITEIT**

Stedelike gemeentes het die luukse dat gelowiges na ŉ gemeente kan gaan waar hulle inpas in terme van sake soos spiritualiteit, teologie en styl. ŉ Plattelandse gemeente is ŉ uitgebreide familie. Die kerk en gemeenskap het al sy lede nodig om te oorleef want samewerking is essensieel vir die voortbestaan van die kleiner gemeente, finansieel maar veel meer. Die mense is op mekaar aangewese van skoolkar ry, sprinkane spuit, vure veg in die somer tot die hantering van elke vorm van krisis.

Tipies van alle klein plattelandse gemeentes die wêreld oor, speel die leraar die sleutelrol as gemeenskapsleier, as ŉ ietwat onafhanklike *inkommer*, as die een wat die diversiteit in die gemeente en gemeenskap moet bestuur. ŉ Verhoudingsensitiewe leraar wat die gemeente in sy swaarkry-tye kan help om in geloofsvertroue op God te bly fokus en in voorspoed-tye die gemeente kan help om nie die Here te vergeet nie (Deut 8), en wat as apostel-leier profetiese, koninklike en priesterlike funksies vervul, is onontbeerlik. Die leraar help die gemeente om missionaal op God se agenda gefokus te bly en nie te verval in ŉ instandhoudingsbediening nie.

Hiervoor is verhoudinge nodig. Die leraar moet by die vendusie wees en die koöperasie ken, die polisie besoek en die ouetehuis nie vergeet nie! Gemeenskappe waardeer dit as die leraar uitreik en oor grense beweeg. Hy/sy moet al die kerke en hulle dominees ken. Hy/sy is die brugbouer, die een wat versoening bewerk en gesamentlike projekte help loots. Hy/sy moet die voorbeeld stel van wat dit beteken om ŉ koninkryksvisie te hê.

Hierdie vaardighede is vandag onder groot druk, ook in plattelandse kontekste. Individualisme is tiperend van die DNA van die Westerse beskawing. Die televisie en sy variante se invloed is goed bekend. Dit word egter gebalanseer met die ongelooflike groei van sosiale netwerke. Hiervoor is daar talle voorbeelde: van selfone tot Facebook en talle ander. Soos die een tipe sosialisering dus uitsterf en skipbreuk lei deur samelewingsveranderinge duik ander weer op. Nogtans is die netto resultaat tans ŉ netto toename in diversiteit.

Diversiteit het baie vorme. Ras, taal en kultuur is verantwoordelik vir die groot groeperinge. Diversiteit het egter veel kleiner skakerings. In die platteland is die volgende skerp op die voorgrond: spiritualiteit, ouderdom of generasies, geslagte, geloof, klas/opvoeding/geleerdheid en vele meer. Die NG Kerk se gemeentes betrek basies Afrikaanse blanke gelowiges. Binne die groep is daar baie diversiteit, maar in die platteland word diegene wat Afrikaans is saamgebind en word daar hard probeer om tussen hulle eenheid binne verskeidenheid te verkry. Hierdie groep het die meeste ekonomiese en intellektuele mag of potensiaal.

Die NG Kerk se lidmate het die politieke mag in 1994 verloor. Die grootste groep ook in plattelandse gemeenskappe is arm mense van kleur. ŉ Klein plattelandse gemeente het ŉ groter verantwoordelikheid as net teenoor sy eie lidmate. Om as gemeenskap vrede te hê en te kan saamwerk en saamleef vra onvermydelik dat daar mense moet wees wat oor grense kan beweeg en kan saamwerk. Die NG Kerk het tradisioneel nie sy rol in hierdie opsig goed verstaan nie. Apartheid het nie net teen die wese van die Skrif ingedruis nie, dit het ook mense en gemeenskappe van mekaar vervreem, iets wat in die platteland besonder destruktief getref het.

**4.7 PATRIARGIE**

ŉ Saak wat diep versluier in meeste plattelandse gemeentes voorkom, het te make met die unieke situasie van die boerdery en erfplase. Daar is baie gevalle waar daar groot ongelukkigheid is tussen pa’s en seuns. So-ook tussen die geslagte, veral van die kant van vroue wat van elders kom en getroud is met plaaslike mans wat boer en wat hulle hele lewe as ŉ *inkommer* ervaar.

Eersgenoemde is die situasie van die pa (patriarg) wat nie die plaas oorgee na hy “aftree” nie en die seun wat telkens soos ŉ  slaaf bly werk en aan ŉ lyntjie gehou word. Naas dit is daar die situasie dat die seun wat die plaas erf dikwels broers en susters in gelyke dele moet uitbetaal wat hom in ŉ situasie plaas dat hy eintlik nooit finansieel op sy voete kan kom nie. So ŉ vererwing beteken dat die kind wat boer eintlik tot finansiële ondergang of swaarkry verdoem word. Die verskil tussen boerdery voor 1994 en boerdery na 1994 is aansienlik. Hier is diep seer. Dit sal baie help as dit in die oopte gebring en aangespreek kan word.

### 4.8 PROSESSE VAN ROU

ʼn Aspek van die plattelandse bediening wat mens help om die ouer mense te verstaan, is om in te sien dat hulle verlies ervaar en terug hunker na wat nou onthou word as "die goeie ou dae." Daar is baie wat die tye onthou toe kerke gebou is en toe die Afrikaner uit sy armoede opgestaan het, dae van harde werk en saamwerk. Vir hulle is die nuwe bedeling in Suid-Afrika soos die vaarwel sê van ʼn tyd toe daar vastigheid en sekuriteit was. Hulle ervaar dat alles nou op losse skroewe staan en hulle verstaan nie die jonger geslag en die onherroeplike veranderinge wat wêreldwyd ingetree het nie. Die realiteit moet met groot empatie hanteer word en waar moontlik moet die lidmate begelei word.

### 4.9 EINDE VAN DIE CHRISTENDOM-ERA

Die Christendom-era in die kerk se geskiedenis is tans aan die verbrokkel. As tegniese term verwys Christendom na ʼn fusie tussen kerk en staat in die magsentrum van die samelewing waar die kerk bepaalde publieke verantwoordelikhede gehad het. Die kerk het vir eeue die Westerse beskawing geborg en verantwoordelikheid geneem om goeie burgers vir die samelewing te vorm.

Die kerk het oor eeue in Europa, maar veral sedert die middel van die twintigste eeu, sy posisie in die sentrum van die samelewing verloor. Die kerk is op die kantlyn geplaas. In baie plattelandse gemeenskappe beliggaam die sentrale en opsigtelike ligging van die kerkgebou in die middel van die dorp die ou Christendom-paradigma.

Dit beteken dat die sentrale gesagsposisie van die kerk in die gedrang gekom het. ʼn Christendomkerk verloor die kapasiteit om oor grense te gaan, mense te beïnvloed en gasvry te ontvang. In die Christendom-era was daar kragte in die samelewing wat mense na die kerk gebring het (jy sou bv moeiliker werk kry sonder ʼn getuigskrif van die dominee). Noudat hierdie kragte verdwyn het, beleef kleiner gemeentes, waar almal se deelname so wesenlik is vir voortbestaan, dat vanselfsprekende ondersteuning ook verdwyn het.

Dit verg die ontwikkeling van nuwe vaardighede, houdings, gesindhede en gewoontes in die lewe van gemeentes.

### 4.10 GLOBALISERING

Die sosioloog Manuel Castells verduidelik in sy boek, *The Power of Identity*, hoe die informasietegnologie en globalisering die wêreld verander. Twee goed verander: Eerstens: **mag** kry al hoe meer ʼn nuwe inhoud. Mag was oor millennia fisiese mag: die mag van die sterkste, die mag van wapens. Dit is aan die verander. Inligting en kennis is al hoe meer ʼn sterker mag as fisiese krag en wapens.

Tweedens: Mense en groepe se identiteit word nou anders gevorm. Identiteit, sê hy, word op drie wyses gevorm. Tradisioneel het dit van bo na onder plaasgevind (*legitimizing identity formation*). Die sterkere het sy mag gebruik om die res te vorm na sy smaak (ideologie). Hierdie top-down manipulasie kan geïllustreer word met hoe in die apartheidperiode wit Afrikaners bymekaar gehou (gemaak) is.

Teen sodanige dominasie en manipulasie het *resistance identity formation* wêreldwyd ontstaan. Oral oor die wêreld is daar opstande teen regerings, diktature en verskillende vorms van oorheersing – die nuutste is in Egipte, Tunisië, Libië en die Arabiese wêreld te sien. Islam is ʼn vorm van *legitimizing identity formation* waar wettiese godsdiens ʼn baie groot rol speel. Daar is opstand teen die manipulerende mag van mans oor vroue en kinders.

Derdens is daar *project identity formation*. ʼn Voorbeeld van laasgenoemde is die ekologiese beweging en die missionale kerkontwikkeling. Kerke wat van bo veranderinge probeer forseer met behulp van dogmatiese uitsprake val in die eerste kategorie en val nou uit die bus uit. Die koninkryk van God is God se projek – dis die evangelie en as sodanig goeie nuus in deurmekaar tye – wêreldwyd!

In baie plattelandse gemeenskappe word identiteit deur patriarge en matriarge in ʼn beweging van bo af beskerm. Dit vervreem dikwels jonger mense wat op ʼn meer deelnemende styl ingestel is, skep wrywing en bring spanning en verdeeldheid. Thomas Friedman sê in sy boek *The world is flat. A brief history of the twenty-first century* dat *"people moved from being an audience to being participants and co-laborers."* Dit beteken dat mense toenemend sin en vervulling in projekidentiteit vind.

Waar klein gemeentes hierop kapitaliseer, floreer verhoudinge en kry die gemeente dit reg om oor grense te beweeg.

## 5. DIE KRISIS AS GELEENTHEID

### 5.1 DIE KERKVERBAND SIEN ʼN KRISIS

Dit is opvallend dat die verslag oor klein gemeentes wat voor die Algemene Sinode van 2007 gedien het (Agenda 2007 Deel 1 bl 316-7), die omstandighede van klein gemeentes as ʼn krisis beskryf. Hul situasie word as ʼn

“noodkreet in ons midde” beskryf, hulle is in ’n “krisisbestaan”, besig met ’n “oorlewingstryd”, het ’n “swak selfbeeld”, en sukkel met “kwynende getalle”, “finansiële tekorte” en “groot afstande.”

Waarom sien ons krisis as ons na klein gemeentes kyk? Waarskynlik weens die geïdealiseerde prentjies wat ons van bediening het. Indien die norm die voorstedelike bedieningstyl is, het klein gemeentes inderdaad ’n krisis. Indien die norm vir bediening een predikant per gemeente is, het klein gemeentes in baie gevalle ’n onoorkomelike probleem. Salarisverpligtinge asook die onderhoud van die kerkgebou en pastorie skep haas onoorkomelike uitdagings. Ons sal ander maatstawwe en bedieningstyle vir klein gemeentes moet skep.

Een van die uitdagings is dat die Kerkorde se konseptualisering van gemeentelike bediening ’n struikelblok vir klein gemeentes word. Die reg om eredienste te lei en sakramente te bedien is voorbeelde hiervan.

’n Krisis is altyd ook ’n geleentheid wat nuwe moontlikhede bied. Die situasie van klein gemeentes is nie troosteloos nie. Indien hier betekenisvolle bedieningsvernuwing geïnnoveer kan word, kan klein gemeentes die kerkverband baie help.

**5.2 OP DIE SNYPUNT VAN BETEKENISVOLLE VERANDERING**
Klein gemeentes is uniek geposisioneer om reg op die betekenisvolle snypunt van bedieningsvernuwing in die NG Kerk te funksioneer.

Helderder as op talle ander plekke sien mens in die lewe van klein gemeentes die krisis waarin ’n agterhaalde kerkbegrip die hele kerkverband dompel. Hierdie gemeentes het nie die bronne om tradisionele selfhandhawende bedieninge in stand te hou nie. Hulle kan nie realiteite verdoesel nie. Hulle illustreer dat ’n kerk wat sy fokus verloor op die Here se opdrag in Matteus 28:16-20 en nie na die hele omgewing met die goeie nuus gaan nie sy doodvonnis teken.

Daar is betekenisvolle verhale te vertel van die innovering in klein gemeentes wat hulle fokus op die Here, hulle Bybelse identiteit en hul visie op die koninkryk van God herwin.

Daarom kan die hele kerkverband baie by klein gemeentes leer.

**5.3 DEERNIS EN BYSTAND GEVRA VIR MENSE VASGEVANG IN DIE KRISIS**
Hoewel betekenisvolle innovasie by verskeie klein gemeentes plaasvind, is die harde werklikheid dat *ménse* in die maalkolk van die oorgang en vernuwing die bediening verkeer. Harde spanningslyne bestaan tussen die status quo en die vernuwing. Diepe vasgelooptheid kom in klein gemeentes voor. Daar is predikante wat in hierdie gemeentes begin dien het toe hulle nog verseker kon wees van ’n salaris maar nou maand tot maand self in ’n finansiële oorlewingstryd is. Daar is onbegrip by lidmate wat bedieningsvernuwing aktief teenstaan en daarom die gemeentes in verdere krisisse dompel, dikwels finansieel van aard. In die hitte van die stryd is dit moeilik om te verstaan wat aan die gebeur is. Konflik spiraal baie vinnig in talle klein gemeentes buite beheer.

Veral ringe, maar ook sinodes, moet hul verantwoordelikheid opneem om hierdie predikante aktief te ondersteun. Dit is nie genoeg om net vir ’n broer en suster te sê om warm te word nie. Daar moet ook komberse uitgedeel word. Later in hierdie verslag word ’n aanbeveling rondom die kerkordelike hantering van hierdie vasgevalde situasie ook gemaak.

Ons het die kapasiteit en geloof nodig om met konflik te werk as iets wat die Here se missie vir die kerk kan dien.

**5.4 VERHALE VAN HOOP**
Talle sinodes kon tydens die klein gemeente-konferensie verhale van sulke florerende klein gemeentes vertel. Dit is gemeentes waar die greep van institutêre instandhouding oorkom is, en die gemeentes op ’n diep vlak met God en die omgewing gekonnekteer het. Waar lidmate snap wat die Here van hulle in sy koninkryk vra, en hul lewe en gemeenskaplike bediening daarvolgens inrig, gebeur daar wonderwerke.

Ons noem enkele voorbeelde:
* Op **Philippolis** in die Suid-Vrystaat het verskillende gemeentes skouer aan die wiel gesit om ’n nuwe gebou op te rig sodat ’n bestaande bruin kleuterskool ’n nuwe heenkome kom hê. Mense het oor verskillende grense heen saamgewerk. Boere het boumateriaal verskaf terwyl die bruin gemeenskap die arbeid voorsien het. Voor jy kon sê “mes” het wit, bruin en swart skouer aan skouer gestaan en gebou. Vrouelidmate het die MIV-positiewe babas geabba terwyl die mans met die bouwerk aan die gang was. Mense, wat mekaar vroeër nie geken het nie, se harte het vir mekaar oopgegaan. Nou, lank na die bouprojek, stel mense nog in mekaar belang en bly vriende. Hulle volg die kinders se ontwikkeling.
* In die swart kultuur word nie oor Vigs gepraat nie. In ’n **klein swart gemeente**, noord van Pretoria, het die gemeente God se hart leer verstaan vir mense wat swaarkry en gemarginaliseer is. Daar is gemiddeld 60 mense in die erediens. Op Vroue-Sondag stap ’n moeder met ’n pap babatjie vorentoe. Sy bedank die gemeente vir hul

gebede vir haar en haar kind. Sy is MIV-positief. Vandeesweek is die kindjie getoets. Hy is MIV-negatief. Sy bedank die gemeente vir hulle gebede vir haar en haar kind en vra dat hulle die Here nou saam sal dank. Dit is ’n wonderwerk dat so iets, gegewe die kultuur, in ’n gemeente kan gebeur.
* Op **Ugie** in die Oos-Kaap het ’n klein gemeente ’n groep kinders (uit die hele gemeenskap) tydens die Wêreldsokkerbeker deur *Kids Games* geestelik begelei. Die aantal kinders was meer as twee keer die gemeente se grootte.
* Op die naasliggende **Elliot** het onderlinge versorging oor kultuur- en rassegrense na ’n taxi-ongeluk daartoe gelei dat die taxi-vereniging mense uit die hele gemeenskap na die NG Kerkbasaar karwei om te kom koop.
* **Oshakati** was in die dae van die bosoorlog ’n geweldige groot gemeente maar moes agterna met geweldige inkrimping saamleef. Die gemeente het met ’n *Life Change*-sentrum begin en is onder andere ’n stad op ’n berg vir vigswesies. Selfs al is die gemeente klein is daar ’n konstante stroom versorging in die vorm van klere, komberse en etes vir hierdie kinders.
* **Eshowe** is ’n klein gemeente wat nie langer ’n voltydse leraar kon bekostig nie maar onder leiding van ’n tentmaker bedien. Die gemeente en predikant is by die Christelike Seemansorganisasie en Operasie Mobilisasie betrokke. Die gemeente het ekumenies uitgereik na ander kerke in die gemeenskap en ander kerke hou nou saam met hulle erediens. Die gemeente het geleer om anders te dink oor die bediening.
* In **Winterton** het vyf kerkgemeenskappe saamgespan om ’n kerk in ’n behoeftige gedeelte van die dorp op te rig. Dit maak effektiewe bediening moontlik. Gesamentlike eredienste oor grense heen, tot voordeel van die hele gemeenskap, aangesien gemeentes nou saam ’n publieke rol opneem, is uit hierdie inisiatief gebore.
* In **Noord-Wes** werk ’n aantal gemeentes saam aan die Noord-Wes-uitreik waar die armstes van die armes bereik word. Gelowiges het mede-gelowiges oor grense leer ken.
* **Breyten**, in die Oostelike Sinode, het ook ’n tentmakerleraar aangesien hulle nie ’n voltydse predikant kan bekostig nie. Die gemeente neem verantwoordelikheid vir versorging in die gemeenskap. Wolprodukte word bv verwerk en en só word werkskeppingsprojekte geïnisieer. Beide ouer en jonger lidmate koop op hierdie aksies in. Die gemeente verstaan hulleself op ’n nuwe manier, het hoop, en beoefen gasvryheid.
* **Marken** is ’n bitter klein gemeente in die Noordelike Sinode. Hierdie gemeente het sy instandhoudingsgerigtheid afgelê en lig en sout vir die hele omgewing geword. Die hele gemeenskap word by bediening betrek.
* **Ellisras-Wes** is ’n gemeente wat die hele gemeenskap by bediening insluit en hard werk aan die bou van verhoudinge oor alle grense heen. Nie alle lidmate verstaan dié bediening nie, soos ook op ander plekke, maar die seën van die Here bly nie uit nie.
* **Dutoitspan**-gemeente in Noord-Kaapland het deur die meule gegaan as gevolg van demografiese skuiwe. Die gemeente het egter die hele gemeenskap raakgesien en haar bediening op die hele gemeenskap gefokus. Vandag is dit ’n gemeente wat hoop en versoening dra en mense wat deur MIV/Vigs geraak word daadwerklik ondersteun.

Wat stede betref, het betekenisvolle vernuwing plaasgevind in die **middestadsbediening** in stede soos Pretoria, Bloemfontein en Port Elizabeth. Demografiese skuiwe het gemeentes drasties laat verklein maar uit ’n geestelike transformasieproses is merkwaardige nuwe bedieninge aan die ontplooi.

### 5.5 OPSOMMEND

In tye van groot verandering kom die mees betekenisvolle transformasie dikwels van die periferie af. Klein gemeentes bevind hulle in hierdie situasie. Omdat hulle nie oor groot hoeveelhede bronne beskik nie is die eerste effekte van skuiwe in die samelewing by hulle te bespeur. Die effekte van demografiese skuiwe, sekularisasie, resessie en migrasie oor kerklike grense heen – om enkele faktore te noem – is baie vinnig in klein gemeentes voelbaar. Dit beteken dat hulle die eerstes is wat diep hieroor moet nadink en hul bedieningspatrone moet aanpas. Die kerkverband kan by hierdie gemeentes gaan leer hoe die toekoms van die kerk lyk.

## 6. WAT HET KLEIN GEMEENTES NODIG OM TE FLOREER?

Hierdie paragraaf beskryf ’n paradigmaskuif wat klein gemeentes kan help om te floreer. Aangesien aanpassende verandering nodig is, word die paradigmaskuif in terme van die dieptedimensie van die gemeentelike lewe (oortuigings, waardes, kultuur) beskryf eerder as in terme van oppervlaktendense en tegnieke.

### 6.1 AANPASSENDE VERSUS TEGNIESE VERANDERING

Tegniese verandering veronderstel dat ’n kundige reeds oor die kennis beskik om ’n probleemsituasie uit te sorteer. Probleme met die klanksisteem in ’n kerkgebou of leemtes in ’n boekhoustelsel is voorbeelde hiervan. Mens kan eksperte benut en die probleem is uitgesorteer.

Aanpassende verandering weet dat niemand weet hoe om die situasie te hanteer nie. Ons moet leer en innoveer. In hierdie proses moet jy én ander saam dink, eksperimenteer en reflekteer. Luister word ’n belangrike vaardigheid. Die konteks van klein gemeentes plaas hulle vierkantig in die sfeer van aanpassende verandering.

Dink aan die verlies van jong mense uit die kerk. Dit gaan nie met tegniese verandering alleen reggestel word nie hoewel daar altyd ruimte is om tegnies beter te presteer. Die oorsteek van grense in die plaaslike konteks, biddende afhanklikheid van die Here, bereidheid om nuwe vaardighede en houdings aan te leer, én ander af te

leer, is wesenlik belangrik. Biddende afhanklikheid van die Here en 'n nuwe verbintenis tot die verhaal van God se betrokkenheid in die wêreld en die uitleef daarvan is voorwaardes. In die proses word mense verander en vernuwe.

Die dinamiese voortbestaan van klein gemeentes veronderstel 'n proses van aanpassende verandering. Beide die klein gemeente self, maar ook die kerkverband wat deur besluite, reëlings en voorbeeld help om die ruimte te skep waarbinne klein gemeentes funksioneer, moet verander.

**6.2 LEWE IN GEMEENSKAP MET VADER, SEUN EN HEILIGE GEES**

In alle gevalle waar klein gemeentes betekenisvol vernuwe, het dit gepaard gegaan met 'n herontdekking van wie God is, 'n hernude fokus op God, en afhanklike, waagmoedige gehoorsaamheid aan God. Vir die lewensgevoel van moderne mense is God uitgeskuif na die rand van ons bewussyn en is God nie daagliks naby en aktief werksaam in ons omgewing nie. Godsdiens is eerder iets wat mense doen en geestelike groei is 'n toename van private innerlike belewenisse van God.

Ons het nodig om God nuut te sien met geestesoë wat deur God self geopen is sodat ons God se werk kan raaksien – nie net in die kerk nie, maar ook in die gemeenskap. Ons het nodig om God se hart van liefde en deernis te ontdek, en sy roepstem te hoor

'n Herontdekking van die lewende Triniteit is belangrik. Die God van die Bybel is 'n Verhoudingswese. Binne God self is daar verhoudinge en liefdesbande. God is divers: die Vader is nie die Seun en die Gees nie, maar Vader, Seun en Gees is in verhoudinge van liefde, diens en wedersydse selfontlediging by mekaar betrokke.

Jesus leer ons dat Hy en die Vader een is (Joh 10:30). Die eenheid van Vader en Seun is die eenheid van wedersydse inwoning in mekaar. Hierby kom die Heilige Gees. Die Drie is Een, omdat hulle inwoon in mekaar. Die drie Persone interpenetreer mekaar só dat hulle een is. CS Lewis noem hierdie eenheid die dans van die Triniteit (*Mere Christianity*, bl 136). Teologies word die eenheid as *perichoresis* beskryf – die Griekse woord vir wedersydse inwoning.

Om te sê dat die Drie Een is, is om te sê dat die een God 'n gemeenskap van wedersydse inwonende Persone is waar die elke Persoon vreugdevol met die ander dans in eindelose, heilige liefde. Hierdie *perichoretiese* dans is die liefde van die Persone in die Triniteit vir mekaar – die Vader vir die Seun en die Gees, die Seun vir die Vader en die Gees, en die Gees vir die Vader en die Seun. "Theologians and philosophers remind us that his perichoretic love is the origin, the tone, and the standard for all the love in the universe. There is no other love than God's love" (Scot McKnight, *40 Days living the Jesus Creed*, bl 26).

**6.3 DIE PLOT VAN DIE EVANGELIE**

In die evangelie ontmoet ons die liefdevolle God wat ons wêreld geskep het en trou bly daaraan. God reik na ons uit, ons wat uit die verhouding met God geval het, stuur sy Seun en giet sy Gees uit sodat ons teruggetrek kan word in 'n herstelde verhouding met God.

Die sosiale God, verhoudingswese *par excellance*, maak gelowiges deel van die huisgesin van God, die volk van God, die bruid van Christus. Hierdie is almal terme wat herstelde verhoudinge uitbeeld.

God se missie op aarde is om gemeenskap te stig. Dit gebeur deur die werk van die lewende, Heilige Gemeenskap, die Drie-eenheid van Vader, Seun en Gees. Hierdie nuwe gemeenskap oorstyg alle grense, en bind mense oor allerlei mure saam.

**6.4 GEMEENTES NEEM DEEL AAN GOD SE MISSIE**

Hierdie Godsbeeld en aktiwiteit van God moet deur gemeentes gereflekteer word. Gemeentes neem deel aan die werk van God. Uit die verhale van hoop waarna hierbo verwys is, blyk duidelik hoedat klein gemeentes presies hierdie gemeenskapskeppende inisiatiewe geneem het en hoeveel hoop en nuwe energie dit vir hulle bring.

**6.5 EKKLESIOLOGIE**

Die identiteit van Christelike gemeentes word ten diepste nié bepaal deur ligging, getalle, geografiese omvang, etniese samestelling, beskikbare fasiliteite, die amptenary, finansiële vermoë, die sosiologiese dinamika of profiel daarvan nie.

Gemeentes ontstaan en bestaan – selfs soms ten spyte van menslike praktyke en prosedures – primêr vanweë die gemeenskapstigtende werking van die Heilige Gees. Gemeentes van watter omvang en/of grootte ook al is ten diepste Trinitaries-gekonstitueerde gemeenskappe van mense wat dink, praat en leef voor die Aangesig van God en ook vanuit die konstante bewussyn van die teenwoordigheid van God in hulle midde.

Die primêre identiteitsverstaan wat tradisionele, denominasiegerigte gemeentes oor hulleself het, moet op grond van die Skrif skuif. 'n Skuif word benodig weg van die formele, modernistiese, organisatoriese perspektief wat tans

oorheersend is na ’n besef en erkenning van hulleself as basiese Christus-gefokusde geloofsgemeenskappe. Die skuif is ’n beweging weg van die institusionele praktyk na ’n dinamies gemeenskap wat God se beweging oor grense beliggaam. Christus het die grens na ons oorgesteek. Christus stuur en bemagtig die kerk. Die kerk lewe deur deel te neem aan hierdie beweging van Vader, Seun en Gees.

Die deurslaggewende dinamika vir gemeentes – des te meer vir klein gemeentes – bly gesonde en opbouende verhoudinge. Daarom behoort gekonsentreer te word op die ontwikkeling en begeleiding van gemeenteleiers en lede wat betref hulle kapasiteit tot verhoudingsvestiging, verhoudingsgroei en verhoudingsbestuur. Die Triniteit wat deur die gemeente aanbid word, is immers wesenlik verhoudingsmatig. Derhalwe kan die gemeente wat geroep is om sy beeld en gelykenis te vergestalt en te vertoon nie hulle energie en krag verspil op baie ander dinge as om deurlopend te verdiep in hulle verhoudingskapasiteit en verhoudingskwaliteit nie.

Die 20ste eeu met sy dominante modernisties-professionele inslag en benadering het baie kerke – veral tradisies soos ons gereformeerdes met ’n sterk kognitiewe kultuur – verarm. Hierdie armoede het spesifiek met hoë kwaliteit verhoudinge te doen.

Waar verhoudinge gevestig, gebou en gekoester word binne die geestelike raamwerk van Christus se verhouding deur sy lewegewende Gees met elkeen van die gemeentelede persoonlik en die geloofsgemeenskap as geheel, is dit op bykans menslik-onverklaarbare maniere moontlik om volhoubaar gemeente te wees, ten spyte van allerlei ander opsigtelike materiële en fisiese tekorte, moeilikhede en uitdagings. Waar geloofsgenote vanuit die lewende verhouding met die Here van die gemeente in verhouding met mekaar leef, sien hulle kans en kry hulle dit reg om in verdraagsaamheid baie vêr en steil paaie saam met mekaar te loop en aan te hou loop. Waar nuwe gemeenskap of nuwe verhoudinge oor grense aangeknoop word, bring dit nuwe vitaliteit in die lewe van die gemeente.

### 6.6 ROEPING
Uit bogenoemde Godsverstaan en beskrywing van gemeentelike identiteit vloei ’n helder roepingsverstaan voort. Jesus se woorde in Johannes 20:21v rig die gemeentelike lewe: “’Vrede vir julle!’ sê Hy weer vir hulle. ‘Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook.’ Nadat Hy dit gesê het, blaas Hy oor hulle en sê: ‘Ontvang die Heilige Gees!”

Let op die trinitariese wyse waarop die teks gelowiges se gestuurdheid kommunikeer. Die Vader stuur Jesus, die Heilige Gees word oor die dissipels gegiet, en dit geskied met die oog op die voortsetting van die trinitariese roeping. Die roeping het met die vrede te doen wat Jesus gee.

God werk aktief in gemeenskappe om nuwe geloofsgemeenskap te skep. Waar gemeentes hierdie dinamika snap, God se uitnodiging om deel te neem aan God se sending hul agenda maak, en draers van God se vrede na gemeenskappe word, ontvang hulle lewe en vitaliteit vanuit hul roepingsvervulling.

Waar gemeentes hul lewe aflê in God se diens, en nie daarop fokus om hul lewe vir hulself te behou nie, ontvang hulle nuwe lewe uit God se hand.

### 6.7 KONTEKS
Een van die gemeenskaplike faktore in al bogenoemde verhale van hoop is die feit dat gemeentes geleer het om hul konteks raak te sien. Die institutêre kerkmodel wreek homself op gemeentes omdat dit oë sluit vir die omgewing. Die gemeente is altyd met die gemeente self besig. Die wagwoord is betrokkenheid wat lidmate se aandag op die instituut en dié se belange fokus eerder as op God, roeping en konteks.

Ons moet egter versigtig wees om instandhoudingsfunksies in gemeentes af te speel teenoor roepingsvervulling na buite. Gemeentes het instandhouding nodig. Instandhouding versus missionale uitreik en die gasvrye verwelkoming van die vreemdeling is ’n polariteit, en aan beide pole van hierdie kontinuum moet aandag gegee word.

### 6.8 ROL VAN DIE PREDIKANT
In die proses van aanpassende verandering moet predikante se rol in klein gemeentes daadwerklik verander. Die predikant word
* ‘n geestelike leier wat mense aanmoedig om God se toekoms saam te ontdek.
* ’n reisgids wat gelowiges begelei om God se aanwesigheid en roeping vir hul lewens te ontdek.
* ’n persoon wat Godsvrae vra en die geloofsgemeenskap begelei om vanuit die Skrif onder leiding van die Gees op God se teenwoordigheid te reageer.

Die rol van die predikant in ’n institusionele versus ’n verhoudingsgedrewe, missionale kerk kan as volg gekontrasteer word:

| Rol van predikante | |
|---|---|
| **Institusioneel** | **Verhoudingsgedrewe** |
| Predikant moet by elke geleentheid teenwoordig wees, anders is die geleentheid nie belangrik nie | Predikante is afrigters en mentors van dissipels – dissipels se betrokkenheid bepaal die belangrikheid |
| Predikante versorg lidmate pastoraal | Predikante rus lidmate toe – onderlinge versorging vind plaas |
| Predikant gee oplossings | Predikant vra vrae wat die verbeelding stimuleer en kreatiwiteit bevorder sodat lidmate se gawes tereg kan kom |
| Predikant is die algemene praktisyn – moet alles kan doen en die wendrie druk | Skep positiewe omstandighede waarin lidmate hulle gawes ontdek en in die gemeenskap betrokke raak |
| Vermy konflik en spanning | Fasiliteer konflik en spanning tot voordeel van die gemeente se roeping |
| Bestuurder van bedieninge | Geloofsonderskeiding, geestelike leier |
| Kerk se belange | Inkarneer gasvryheid teenoor die vreemdeling in die gemeente se lewe |
| Held, bewonderde leier | Vennoot, roepman |

Op die Gemeentedienste-Netwerk se webblad vir kleingemeentes verskyn 'n artikel wat hierdie paragraaf verder toelig: http://gemeentes.co.za/kleingemeentes/missionaal/van-institusioneel-na-missionaal/

**6.9 NETWERKVORMING IN DIE GEMEENSKAP**

Die uitdagings waarvoor klein gemeentes in plaaslike gemeenskappe te staan kom om die wese van God te beliggaam en die Here se roeping uit te voer, kan net realiseer as die gemeentes hulself toenemend as ondersteuningsisteme tot heil van hul wêreld verstaan. Gemeentes moet hierdie goeie nuus wees. Om goeie nuus te wees, beteken dat klein gemeentes oor grense moet netwerk met vennote in die omgewing. Op hierdie wyse kan die goeie nuus ingeweef word in die vesel van die gemeenskap.

Prakties beteken dit dat die skole (al is daar kwalik gemeentekinders in die skool), die maatskaplike diensorganisasies, die plaaslike munisipaliteit, gemeenskapsorganisasies van alle soorte, ander kerke, die tuinmaakvereniging, almal as vennote vir die missie van die gemeente kwalifiseer.

**6.10 BEMOEDIGING**

Klein gemeentes het die kerkverband nodig. Verbandstrukture (ring, sinode, Algemene Sinode) moet toenemend as netwerke funksioneer waarin gemeentes bermagtig, bemoedig, vertroos en aangespoor word. Dit sal harde werk verg om verbandstrukture intensioneel van kontrolerende gemeenskappe na bemoedigende vriendekringe te verander.

Ondersteuningstrukture en netwerke word gevorm vanuit die Nuwe Testamentiese insigte en beskrywing van koinonia. Onderlinge sorg vir mekaar, liefde vir mekaar, ondersteuning van mekaar ... kan alleen gestalte kry binne verhoudings waarin ons mekaar beter leer ken, mekaar respekteer en ons oor grense heen na mekaar uitreik. Die vertel van ons stories – die verhaal van gemeentes – help ons om ons eie identiteit te ontdek maar ook mekaar beter te leer ken.

Die vorming van ondersteuningstrukture en -netwerk vloei voort vanuit 'n proses van geloofsonderskeiding en verdiepte spiritualiteit. Ons help mekaar om die regte ding te doen. Ons soek saam na die regte gestaltes van gehoorsaamheid aan die Here vir ons tyd. Ons besigwees met die Skrif breek grense af en skep openheid. Die omgekeerde is ook waar. Die proses van geloofsonderskeiding word voltooi wanneer persoonlike insigte gedeelde insigte word.

**6.11 BEGELEIDENDE LEIERSKAP**

Klein gemeentes het 'n nuwe styl van leierskap nodig. Leierskap verskuif van die een wat beheer en bestuur na die een wat saamwerk en samewerking bewerk. Leierskap in 'n nuwe paradigma beskik oor die vermoë om mense oor grense heen aan mekaar te verbind. Leiers benodig verhoudings-intelligensie.

Ons klem op verhoudings gaan uit van die belangrike beginsel dat ons mekaar nodig het – ons antwoorde op probleme nie lê by die individu nie maar in ons saamdink en saamworstel voor die aangesig van die Here.

In 2005 het 'n verslag oor leierskap voor die Reformed Ecumenical Council gedien. Die verslag praat van "shared leadership" en omskryf dit soos volg: "Leadership is no longer a lone-ranger function. The world, society, organizations, and the changes we are experiencing are just too complex. The problems we face are too complex to be managed by one person. We require more than one brain to solve them." (REC 2005:326). Sam Kobia,

vorige Algemene Sekretaris van die Wêreldraad van Kerke, het eenmaal gesê: “If you want to walk fast, walk alone. If you want to go far, walk together ….”

Hierdie verslag bepleit dus verbandstrukture waar die uitdagings vir gemeentes deel word van ’n gesamentlike geloofsonderskeidingsproses binne die ruimte van versorging en ondersteuning. Dit moet baie prakties gedoen word.

## 7. HOE DIE KERKVERBAND KLEIN GEMEENTES KAN HELP

Klein gemeentes het die kerkverband nodig. Die 2007-besluit van die Algemene Sinode is gebore uit ’n versugting dat die kerkverband meer sensitief vir die behoeftes en bemagtiging van klein gemeentes sal wees. In hierdie paragraaf word verken op watter wyses die kerkverband klein gemeentes kan bystaan.

### 7.1 TEOLOGIESE OPLEIDING

Uit die gemeente-grootte tipologie van Alice Mann blyk dat die opleiding van predikante voorsiening maak vir veral die pastorale-, program- en korporatiewe-grootte gemeente. Die blootstelling van studente aan praktiese opleiding is waarskynlik ook oorwegend binne hierdie drie groottes.

Die familie-grootte gemeente is dié tipe waar baie predikante hul bediening begin. Die vraag is of daar voldoende toerusting vir studente is om hierdie grootte te hanteer. Teologiese fakulteite moet versoek word om meer aandag aan hierdie aspek te gee.

Klein gemeentes kan baat by ’n sisteem waar ’n ring, of groep ringe, gesamentlik ’n predikant vir ’n paar klein gemeentes beroep. In so ’n geval is die predikant primêr die toeruster van leiers in die verskillende gemeentes en nie die persoon wat die bediening waarneem nie. Die kennis, vaardighede en gewoontes wat hiermee gepaardgaan, moet reeds in die teologiese opleiding oorgedra word.

### 7.2 VOORTGESETTE BEDIENINGSONTWIKKELING

VBO is ’n besonder geskikte instrument om leraars in familie-grootte gemeentes te begelei. VBO-instansies behoort oriënteringsprogramme vir leraars in hierdie bedieningskategorie te ontwikkel.

Temas vir VBO kan onder meer die volgende insluit (pasgemaak vir klein gemeentes):
• Die leierskapsrol van die leraar as transformasieleier en bemagtiger van lidmate
• Unieke uitdagings van klein gemeentes
• Die transformasie van gemeentelike kultuur
• Hantering van diversiteit
• Geloofsonderskeiding as vergaderstyl
• Netwerkvorming
• Praktiese kerkbestuur vir leraars en gemeenteleiers
• Benutting van tentmakerbediening

### 7.3 PASGEMAAKTE OPLEIDING VIR TWEEDELOOPBAANPREDIKANTE

Tweede loopbaan-predikante is persone wat eers ’n ander beroep gevolg het en wat dan geroep word om voltyds tot die gemeentebediening toe te tree. Hierdie persone het afhanklikes en moet bly werk terwyl hulle opgelei word as predikante. Die NG Kerk se opleidingsmodel maak nie werklik hiervoor voorsiening nie. Dit gebeur wel in ander denominasies soos die Presbiteriaanse Kerk wat van afstandsonderrig gebruik maak (vgl bv www.tee.co.za).

Klein gemeentes kan geweldig baat by tweedeloopbaanopleiding. ’n Boer, ’n onderwyser, ’n jeugwerker, enige ander professionele persoon, sou opgelei kon word as predikant en uiters waardevolle bediening waarneem. Tydens die konferensie oor klein gemeentes kon die verskillende sinodes persone by die naam noem wat die roeping ervaar om predikante te word maar weens die huidige ekstraksie-model nie oor die hoë hekkie kan kom nie.

### 7.4 AANWENDING VAN EMERITI

Emeriti kan – en doen reeds – uiters waardevolle bydraes in die kleingemeente-bediening lewer. Dit word aanbeveel dat ’n toerustingspakket vir emeriti saamgestel word ter oriëntering vir ’n nuwe fase in hul bediening. Die bedoeling is om emeriti bewus te maak van die teenswoordige uitdagings in die bediening van klein gemeentes.

Die volgende kursusse word voorgestel:
• Brugpredikant (transformasieleier)
• Induksieproses
• Mentorskap
• Gemeentefasilitering.

### 7.5 BEMAGTIGING VAN LIDMAAT-LEIERS
Hoewel dit vir die hele kerk waar is, sien mens soveel duideliker by klein gemeentes dat die toekoms van die kerk in die hande van lidmate is. Waar klein gemeentes floreer, sal dit wees omdat lidmate groter verantwoordelikheid neem. Kerkrade moet dus die leiding neem om die amp van die ouderling aan te wend vir bepaalde bedieningstake wat verskil van die tradisionele ouderlingrol. Die volgende bedieningsrolle en toerusting word voorgestel:
- Prediking (veral ouderlinge wat vir hierdie doel bevestig word), insluitende liturgiese leiding
- Pastoraat
- Leierskap en bestuur
- Gespesialiseerde areas soos jeugbediening, bejaardebediening en groepwerk
- Netwerkvorming en vennootskappe met ander gemeenskapsinstansies
- Bediening van die sakramente.

Wat die sakramente betref, sal die kerk moet werk aan ’n toerustings- en bemagtigingsmodel wat dit vir ouderlinge moontlik maak om die doop en die nagmaal te bedien. Verdere studie behoort hieroor onderneem te word.

Die Oos-Kaaplandse Sinode het reeds ’n beleid vir die opleiding lidmaat-leiers met die oog op prediking en liturgiese leiding goedgekeur. Die beleid kan gelees word by:
http://ngkok.co.za/beleid-woordbedien-2011.pdf

### 7.6 MOBILITEIT VAN PREDIKANTE
Die implementering van die huidige beroepstelsel in die NG Kerk het met goeie teologiese oorwegings te doen. Daar is egter ’n groep predikante in klein gemeentes wat moeilik kan skuif. Terselfdertyd is hulle in vasgevalde situasies wat menslik onmoontlik is om op te los.

Die kerkverband moet ernstige moeite daarmee doen om ’n kerkordelike meganisme te skep wat verantwoordelikheid toegepas kan word om hierdie skuiwe te fasiliteer. ’n Sisteem van verplasing waar eksterne fasilitering (vanuit die sinodale verband) en oorleg tussen die kerkraad en leraar plaasvind, is broodnodig. ’n Kerkordelike meganisme moet as ’n saak van uiterste prioriteit geskep word.

### 7.7 AANPASSINGS IN DIE KERKORDE
Die Kerkorde kan op bepaalde punte aangepas word om die bediening van klein gemeentes meer doelgerig te bevorder. Die belangrikste bydrae sal wees om bevoegdheid te verleen aan wyer kategorieë vir die amptelike bediening van die Woord en sakramente. Indien toegeruste ouderlinge hierdie verantwoordelikheid as bevestigde ampsdraers kan neem, skep dit kapasiteit in die kerk vir klein gemeentes om missionêr op hul omgewing gerig te wees eerder as om in ’n finansiële oorlewingstryd te spartel om duur bediening te bekostig.

Meganismes waarmee predikante in vasgevalde posisies na ander werkkringe verskuif kan word (vergelyk die vorige paragraaf) kan ook ’n groot bydrae lewer.

### 7.8 NETWERK VIR KLEIN GEMEENTES
Die konferensie rondom die bediening in klein gemeentes wat van 4 tot 6 Mei 2011 in Kemptonpark gehou is, het insig, moed, hoop en ’n toekomsverwagting vir klein gemeentes meegebring. Hierdie konferensie meen dat die Algemene Sinode voorsiening moet maak vir ’n jaarlikse konferensie met klein gemeentes. Hierdie konferensie moet toeganklik wees vir almal wat wil saamdink en saamgesels rondom klein gemeentes.

Die Netwerk vir Klein Gemeentes moet die skuif na lewenskragtigheid fasiliteer en dié gemeentes help verstaan hoe belangrik die bydrae is wat hulle in hul gemeenskappe kan lewer. Klein gemeentes dink nie vanselfsprekend pro-aktief en hoopvol oor die toekoms nie. Baie is vasgevang in ’n poging om te oorleef. Hulle moet daarmee gehelp word. Kapasiteit moet ontwikkel word rondom sake soos netwerkvorming, gawebediening, ontwikkeling van ’n nuwe verstaan van die taak van die predikant, kerkraad en lidmate. Aanpassende verandering word só begelei.

Natuurlik kan geen gemeente gedwing word om skuiwe te maak nie. Dit is eers wanneer gemeentes ’n nulpunt bereik het dat die kerkraad en lidmate oop is vir hulp en dikwels begin innoveer, veral waar die regte hulp ontvang word. Die funksionering van so ’n netwerk kan die rol van vroedvrou vervul wat met die geboorte van ’n nuwe toekoms vir klein gemeentes kan aanhelp.

### 7.9 VOORTGAANDE NAVORSING
Alle kerklike rolspelers moet verantwoordelikheid neem om navorsing rondom klein gemeentes voort te sit. Navorsing in al sy gestaltes is nodig. Die voorgestelde Netwerk vir Klein Gemeentes, waarin teologiese fakulteite ook besliste rolspelers moet wees, is ’n goeie forum vir die stimulasie en integrering van toepaslike navorsing.

## 8. AANBEVELINGS: KLEIN GEMEENTES
**8.1 Die Algemene Sinode word versoek om ‘n navorsingsprojek oor klein gemeentes as prioriteit te aanvaar.**

**8.2 Indien dit as prioriteit aanvaar word, word 'n Netwerk vir Klein Gemeentes in die lewe geroep met die opdrag om as gespreksforum vir klein gemeentes te dien, vitaliteit in klein gemeentes te bevorder, studie oor hierdie onderwerp te stimuleer en studieresultate in die kerklike lewe te integreer. Die Netwerk nooi ook die Familie van NG Kerk en ander Gereformeerde kerke uit om aan die gesprek deel te neem.**
**8.3 Die Algemene Sinode keur die beginsel van afstandsonderrig vir tweedeloopbaanpredikante goed. ATTO word getaak om hierdie besluit te implementeer volgens die *Theological Education by Extension*-model.**
**8.4 Die Algemene Sinode word versoek om spoedeisend 'n prosedure te skep waarmee predikante met wedersydse oorleg (tussen predikant en gemeente) verplaas kan word.**

## 9. LITERATUURLYS

(Raadpleeg ook www.kleingemeentes.co.za vir verwysings na literatuur wat vir klein gemeentes van belang is.)


Armour, MC & Browning, D 2000. *Systems-Sensitive Leadership*. College Press.
Bosch, DJ 1991. *Transforming mission: paradigm shifts in theology of mission.* New York: Orbis Books.
Burger, CW 1995. *Gemeentes in transito*. Kaapstad: Lux Verbi.
Burt, SE & Roper HA 1992. *The little church that could: raising small church esteem.* Judson Press.
Canada, D 2005. *Spiritual Leadership in the small membership church*. Abingdon Press.
Castells, M 2009. *The power of identity*. John Willy and sons.
Farris, LW 2000. *Dynamics of small town ministry*. Alban Institute.
Friedman, TL 2007. *The world is flat: a brief history of the twenty-first century*. Picador, New York.
Gaede, BA 2001. *Size transitions in congregations*. Alban Institute.
Guder, DL 1998. *Missional Church: a vision for the sending of the church in North America*. Wm. B. Eerdmans Publishing Company.
Guder, DL 2000. *The continuing conversion of the church*. Wm. B. Eerdmans Publishing Company.
Hamman, JJ 2005. *When steeples cry*. Pilgrim Press.
Hassinger, EW & Holik, JS & Benson, JK 1988. *The rural church: learning from three decades of change*. Abingdon Press.
Hendriks, HJ 2004. *Studying congregations in Africa*. Wellington: Lux Verbi.Bm.
Keifert, PR 1992. *Welcoming the stranger: a public theology of worship and evangelism*. Augsburg Fortress Publishers, Minneapolis.
Kiefert, PR 2007. *Ons is nou hier*. Lux Verbi.Bm.
Keifert, PR 2009. *Testing the spirits: how theology informs the study of congregations*. Wm. B. Eerdmans Publishing Company, Grand Rapids, Michigan.
Killen, JL. 2005. *Pastoral care in the small membership church*. Abingdon Press.
Mann, A 1998. *The in-between church: navigating size transitions in congregations*. Alban Institute.
Marais, F 2007. *God praat – Leef luisterryk vir vergaderings*. Wellington: Bybelkor.
Newbigin, L 1989. *The Gospel in a pluralist society*. Eerdmans.
Newbigin, L 1995. *The open secret: an introduction to the theology of mission*. Wm. B. Eerdmans Publishing Company.
Niemandt, N 2007. *Nuwe drome vir nuwe werklikhede*.
Pappas, AG, 2000. *Entering the world of the small church*. Alban Institute.
Purves, A 2007. *The crucifixion of ministry: Surrendering our ambitions to the service of Christ*. InterVarsity Press, Downers Grové.
Purves, A 2010. *The resurrection of ministry: Serving in the hope of the risen Lord*. InterVarsity Press, Downers Grove.
Rendle, GR 1998. *Leading change in the congregation*. Alban Institute.
Robinson, AB 2003. *Transforming congregational culture*. Wm. B. Eerdmans Publishing Company.
Robinson, AB 2007. *Leadership for vital congregations.* Pilgrim Press.
Robinson, AB 2008. *Changing the conversation – a third way for congregations*. Wm. B. Eerdmans Publishing.
Roxburgh, AJ & Regele, M 2000. *Crossing the bridge: Church leadership in a time of change*. Percept Group Inc.
Roxburgh, AJ 2006. *The sky is falling: leaders lost in transition*. Allelon Publishing.
Roxburgh, AJ & Romanuk F 2006. *The missional leader: Equipping your church to reach a changing world*. Jossey-Bass.
Schaller, LE 2004. *Small congregation, big potential: ministry in the small membership church*. Abingdon Press.
Steinke, PL. 2006. *How your church family works: understanding your congregation as emotional systems*. The Alban Institute.
Swart, I & Rocher, H & Green, S & Erasmus, J 2010. *Religion and Social Development in Post-apartheid South Africa*. Sun Press.

# A.9 KERKLIKE MEDIA

## 1. BEDIENING ONDER EEN SAMBREEL

**1.1** Die mediabediening van die NG Kerk vorm sedert 2004 één organisasie, Bybel-Media. Bybel-Media se slagspreuk is: "Vennoot in geloof in bediening". Die organisasie werk egter baie wyer as net binne die grense van een denominasie.
**1.2** Die mediabediening setel op Wellington. As die "mediamaatskappy" (vgl die Kerkorde, Reglement 10) gee die organisasie uitvoering aan die besluite van die Algemene Sinodale Taakspan vir Kerklike Media (ATKM). Dit funksioneer as drie bedryfseenhede binne agt departemente, te wete Bybel-Media, Bybel-Media Handel en Tydskriftemaatskappy van die NG Kerk.
**1.3** Gedurende die afgelope vier jaar het Bybel-Media byna R28 miljoen aan projekte binne die NG Kerk en wyer spandeer. Dit is afgesien van die omset van die meer kommersiële ondernemings soos *LIG, Kerkbode* en die handelsafdeling (Bybel-Media Handel).

## 2. DEPARTEMENT PUBLIKASIES

**2.1** Die uitgewery het 'n totaal van 69 nuwe titels uitgegee. 'n Hoogtepunt in 2010 was die publikasie van *Goeie nuus om te bely* op Afrikaans en Engels deur Johan Botha en Piet Naudé oor die Belydenis van Belhar. Tydens die vierings van die Fakulteit Teologie, Stellenbosch, se 150-jaar teologiese opleiding sien 'n pragboek met meer as 250 foto's die lig. In dié tydperk verskyn in samewerking met ADGO die onontbeerlike liturgiese eredienshandboek *Handleiding vir die Erediens*.
**2.2** Om die lewe en werk van professor Malan Nel te vereer, is *A faithful witness* in 2009 uitgegee.
**2.3** In die lig daarvan dat Suid-Afrikaanse uitgewers dit al minder kan bekostig om goeie teologiese werke te publiseer, is dit 'n staande opdrag van ATKM dat Bybel-Media jaarliks minstens vier sulke titels die lig moet laat sien. *Mission in an African Way* en *Aan tafel met Jesus* van Cas Wepener uit hierdie genre was albei op die 2010-kortlys vir die Andrew Murray-Desmond Tutu-prys en die Andrew Murray-prys vir teologiese literatuur. *Missionary perspectives in the New Testament* en *Teen my sin en beterwete* (oor die prediking) het ook in bogenoemde kategorie geval.
**2.4** Vier agtereenvolgende jare publiseer die uitgewery reeds die Leesroosterprodukte *Preekstudies en Leesrooster.*
**2.5** Onder die *Jeugfokus*-logo is jaarliks 'n nuwe kategeseproduk vir jongmense uitgegee, nl *GPS, JPEG, Facebook* en *Die Weg*. Hierdie produkte is elkeen met volledige Powerpoint-aanbiedings gelewer. Videosnitte met bykomende toeligting en inleiding word verskaf. *LP3* is vir graad 1-6 ontwikkel. Dit word hoofsaaklik elektronies aangebied met meegaande visuele panele, portrette en prente vir vaslegging by kinders.
**2.6** In samewerking met Lux Verbi het in 2008 die magistrale *Christelike Kernensiklopedie* van 1 212 bladsye as die eerste van sy soort op Afrikaans verskyn. Dit het kort daarna die Pieter van Drimmelen-prys van die SA Akademie verwerf.
**2.7** Die Bybelstudiemateriaal *Vrou by die put* wat uit 'n deelnemers- en leiersgids bestaan en deur die Luisterseisoentaakspan ontwikkel is, het alle verwagtings oortref en reeds byna 10 000 kopieë verkoop en vyf herdrukke beleef.
**2.8** Die eerste e-boeke, *Lewend en kragtig* deur Ernst Conradie en *Die kritiese stem teen apartheidsteologie in die Ned Geref Kerk (1905-1974)* deur Murray H Coetzee is in 2010 bekendgestel en beskikbaar op die Bybel-Media-webtuiste, of by www.kalahari.co.za.
**2.9** Getrou aan sy Bybelkor-oorsprong, vorm Bybelstudies steeds die meerderheid van Bybel-Media se boektitels, naamlik 44 persent.
**2.10** Bybel-Media se publikasie-afdeling (*Bybelkor* en *Jeugfokus*) beleef ’n duidelike groeifase. Dit kan toegeskryf word aan volgehoue goeie bemarking en ’n blywende geestelike behoefte by Christene om God en die Bybel in hulle lewe te integreer.

## 3. DEPARTEMENT ELEKTRONIESE MEDIA (MEMA-MEDIA)

**3.1** Suksesse van dié departement is die groei in die verspreiding van elektroniese produkte, toenemende internetverkope en groei in die getal van unieke internetbesoekers.
**3.2** Mema-Media het 'n wye verskeidenheid opwindende produkte gelewer, waarvan 39 vir eie verspreiding vervaardig is. Dit sluit in:
* reekse vir kinders
* verhoudings- en huwelikshulp
* geloofsgroei en gemeentehulp en
* MIV en VIGS-reeks in agt tale.

**3.3** Die gewilde animasieproduk *Akkerpret in Bybelpark* bestaan nou uit 'n reeks van vier DVD's. Daar is ook 'n *Akkerpret*-CD met 24 liedjies uit die DVD's. *Moses en die beloofde land,* 'n interaktiewe CD-ROM op Afrikaans vir kinders drie jaar en ouer, is ook baie populêr.
**3.4** Die LIG OP-DVD-reeks stel *Tieners en seksualiteit* bekend, asook *Die seksgesprek met my tiener*. Die Rimpels-reeks ('n lidmaatbemagtigingsprojek in samewerking met ADGO) lewer die DVD's *Eierpryse, Houtskool en*

*Hittebestand* as gespreksprikkels vir kleingroepe. Elke DVD kom met 'n inligtingstuk en besprekingspunte. Die *No More Tears*-reeks (vigsdrama) word uitgebrei en is reeds in agt tale beskikbaar.
**3.5** Die internetdiens behels die gereelde uitstuur van verskeie afdelings van die kerk se nuusbriewe. Die elektroniese dagstukkie *Boodskap vir Vandag* wat spesiaal vir Mema geskryf word, bereik daagliks meer as 5 200 lesers.
**3.6** Dié departement hou die webtuistes vir die NG Kerk, Bybel-Media, Kerkbode, Kerkenuus, Lig, Lignet, Jonk, Flam en VONKK in stand, asook 'n paar ander soos GO-Kerk, die VGKSA en die Andrew Murray-Prysfonds.
**3.7** Mema-Media het CD- en DVD-duplisering ter waarde van R772 000 gedoen. Tien persent hiervan was gratis vir kerklike projekte, soos *Bedieningsvreugde: Die A-Z-beleid*, DVD's oor verskillende musiekstyle vir VONKK en Flam en die Rimpelsprojek.

## 4. DEPARTEMENT MISSIONÊRE BEDIENINGS

### 4.1 NEHEMIA-BYBELINSTITUUT (NBI)

Die NBI lewer basiese teologiese opleiding aan gemeenteleiers wat as dominees en pastore werk sonder dat hulle formele opleiding gehad het.
Die onderstaande statistiek toon duidelik die NBI se stygende groeikurwe.

| | **2007** | **2008** | **2009** | **2010** |
|---|---|---|---|---|
| **Nuwe inskrywings** | 323 | 604 | 680 | 948 |
| **Diplomas toegeken** | 83 | 89 | 141 | 361 |
| **Toetse gemerk** | 2 348 | 2 985 | 4 679 | 7 500 |
| **Bybelskoolstudente** | 120 | 429 | 600 | 766 |
| **Aktiewe studente** | 578 | 890 | 1135 | 1 680 |

Ná voltooiing van die kursus ontvang studente 'n sertifikaat van die Sentrum vir Kontekstuele Bediening by die Universiteit van Pretoria. Die Zoeloe-vertaling van die NBI-kursus is in Junie 2009 voltooi en word met groot vrug in KwaZulu-Natal en Mpumalanga gebruik.

### 4.2 BEDIENING AAN GEVANGENES

Die volgende statistiek vertel die verhaal van die wye invloed van hierdie bediening die afgelope vier jaar:
* Meer as 30 000 Bybelstudiekursusse is na gevangenes gepos.
* 55%(16 350) van persone het Bybelstudiekursusse voltooi en sertifikate daarvoor ontvang.
* 32% (5 276) van die toetse wat terug ontvang is, was in swart tale (1 659 in Zoeloe, 1 864 in Xhosa, 719 in Tswana, 936 in Sesotho, 72 in Noord-Sotho) en 26 in Portugees.
* In samewerking met die Christelike Lektuurfonds is 165 000 kalenders in 225 gevangenisse in SA uitgedeel. Dit nooi die gevangenes om aansoek te doen vir gratis Bybelstudiekursusse in verskillende tale.
* Drie Bybelstudieboekies van Roy Glover in die reeks "Lewe met hoop" (spesiaal gemik op gevangenes) het op Afrikaans en Engels verskyn.

### 4.3 STUDENTEDIENSTE

7 008 persone het pastorale berading ontvang (2 361 Afrikaans/Engels; 1 964 Tswana/Sotho, 2 669 Zoeloe/Xhosa en 14 in Portugees). Die aantal gevorderde toetse vir die tydperk was 2 283 (dit is toetse wat individue en kleingroepe vir persoonlike studie gedoen het).

### 4.4 INDIË

Bybel-Media het nagenoeg R1,4 miljoen bygedra vir die voortsetting van die werk van Biblecor India in vennootskap met *Echo of his Call Ministries*. Bybel-Media het 'n verdere R750 000 gegee vir die oprigting van die *Nehemiah Bible College* se gebou wat op 22 Junie 2010 in Chennai ingewy is. Sewe NBI-kursusse is reeds in Tamil vertaal en word van hier af per korrespondensie aangebied. Meer as 2 000 studente van oor Indië het al daarvoor ingeskryf.

### 4.5 GOEIE NUUS MEDIA (GNM)

* Altesaam 2 588 programme in 47 tale wat die verlossingsboodskap op 'n eenvoudige manier verduidelik, is na 10 verskillende lande gestuur. Die ander produkte is CD's, Saber-spelers (vir MP3-opnames), AudiBibles, batterylaaiers, sonpanele, blaaiboeke, prente- en Sondagskoolboeke.
* Dié bediening het 'n groot impak in veral Malawi en Mosambiek.

## 5. TYDSKRIFTEMAATSKAPPY VAN DIE NG KERK (TM)

### 5.1 INLEIDING

**5.1.1** Tydskriftemaatskappy van die NG Kerk (TM) funksioneer as 'n departement van Bybel-Media. Die totale omset vir die verslagtydperk is R34,9 miljoen.
**5.1.2** Op 1 Augustus 2009 het ds Anton Pienaar van die NG Gemeente Suidoos-Pretoria op 'n eenjaarkontrak-basis ds Johan Symington as deeltydse redakteur van *Kerkbode* vervang. Me Adri-Louise van Renen het op

1 Januarie 2011 waarnemende redakteur geword, en op 1 April 2011 voltyds. Dit maak haar die eerste vroueredakteur in 162 jaar se bestaan van *Kerkbode*, asook die tweede redakteur wat nie 'n predikant is nie.

### 5.2 LIG

Die populêre gesinstydskrif *Lig* neem teen die einde van die verslagtydperk reeds die 34ste plek in ten opsigte van sirkulasie op 'n ranglys van 149 tydskrifte. Die geouditeerde verkoopsyfer (gemeentebestellings + rakverkope + intekenare) vir die vierde kwartaal 2010 beloop 44 039 (teenoor 38 386 vir die vierde kwartaal 2009). Dit is 5 653 meer as dieselfde tyd die vorige jaar en 15 710 eksemplare méér as aan die begin van die verslagtydperk. Ongelukkig verminder gemeentebestellings gereeld, wat opgemaak moet word met winkelrakverkope en enkel-intekenare.

### 5.3 KERKBODE

**5.3.1** *Kerkbode* het op 13 Januarie 2009 sy 160ste verjaardag gevier – die tweede oudste koerant in Suid-Afrika wat sedert stigting steeds ononderbroke verskyn.
**5.3.2** Die koerant verskyn 20 keer per jaar. Gedurende 2009 is daar 'n aanlyn-weergawe wat daagliks opdateer word. Die koerant se sirkulasie het in die verslagtydperk met 4 170 verminder.

### 5.4 LIGNET

LIG het 'n opwindende nuwe Afrikaanse webwerf vir Christen-tieners (www.lignet.co.za) op 1 Junie 2008 bekend gestel. Dit bied 'n positiewe alternatief in die kuberruim met 'n wye verskeidenheid artikels, rubrieke, aflaaimusiek, inligting oor modes, "bands", boeke, die diens van 'n berader, gebedsversoeke, 'n forum en 'n kletskamer.

### 5.5 JAARBOEK VAN DIE NG KERKE

TM het weer eens gesorg dat dié onontbeerlike kerklike hulpmiddel in gedrukte en elektroniese formaat beskikbaar was. In 2009 was dit reeds die 160ste uitgawe van dié publikasie wat verskyn het.

## 6. BYBEL-MEDIA HANDEL

**6.1** Bybel-Media Handel ('n geregistreerde artikel 21-maatskappy) is die verkoopsagent van al die produkte van Bybel-Media (uitgesonderd *Kerkbode* en *LIG)*. Verkope geskied per telefoon, e-pos of deur die webwinkel.
**6.2** Die totale omset van die onderneming vir die tydperk 2007-10 was R19 miljoen. Vanaf 2007 het verkope met net onder 50 persent toegeneem. *Jeugfokus*-produkte bly steeds Bybel-Media Handel se topverkoper.
**6.3** Afsetpunte in ander streke is ontwikkel: *Communitas* op Stellenbosch, die Bybelgenootskap van Namibië, die sinodale kantoor van die Sinode van Oos-Kaapland en *Shepherd* by die Universiteit Bloemfontein.

## 7. DEPARTEMENT FONDSWERWING EN BEMARKING

### 7.1 DONATEURS

Sonder geld kan die media-aktiwiteit van Bybel-Media nie bekostig word nie. "Ons beker van dankbaarheid loop oor!" Dit is die beste beskrywing wat Bybel-Media oor die geldsake kan sê. Ten spyte van 'n stram ekonomie, minder besteebare geld en stygende lewenskoste, het lojale donateurs mildelik bygedra. Die donateurskorps wat Bybel-Media in staat stel om reusewerk te verrig, verdien al die lof. Dié donateurs is individue, sakeondernemings, gemeentes en Bybel-Media-vriende wat met debietorders, kontantdonasies, kollektes en spesiale projekte gehelp het om die mikpunt te bereik. Bybel-Media is uitermate trots op hierdie vennote. Toegewyde personeel in Wellington hou op verskillende maniere kontak met al die donateurs.

### 7.2 BEMARKING

'n Voltydse bemarkingsafdeling is sedert 2010 op die been gebring. Sommige Bybel-Media-produkte is nou selfs in uitgesoekte kleinhandelwinkels te koop. Méér advertensies en doeltreffende reklamemateriaal help dat Bybel-Media nog méér sigbaar, hoorbaar en teenwoordig is by kerke, kerkvergaderings, feeste en ander bekendstellingsgeleenthede. Die huidige groeifase by die bemarkingsafdeling en verkope is te danke aan entoesiastiese personeel wat daarna strewe om die beste vir Bybel-Media te doen.

## 8. VERSENDING

Die departement verleen pos- en versendingsdienste en grootmaat kopieerwerk aan die hele Groep. Hulle lewer ook 'n diens aan buite-instansies. Die grootste diens lewer hulle lewer aan Tydskriftemaatskappy (vir die verpak en koerier van *Kerkbode* en vir *LIG* se enkel-intekenaars), Afdeling Fondswerwing en Bemarking (inligting aan donateurs) en die Nehemia Bybelinstituut (leermateriaal vir studente).

## 9. KATEGESEBEDIENING

Di Waldemar Stumpfe (leraar by die Kerk tussen die Mielielande) en Ronnie Noemdoe (leraar van Belhar-Oos) behartig per kontrak die kategesebediening vir die NG Kerk en die VG Kerk. Hulle konsentreer op gemeentebesoeke, sinode-uitstallings, opleiding-en-toerustingsgeleenthede en bydraes tot die

kategesetaakspanne van die twee kerke, veral met die ontwikkeling van materiaal vir geloofsontwikkeling. Ds Stumpfe is ook lid van JONK.

## 10. HUGENOTE BYBELINSTITUUT (HBI)

Die Hugenote-Bybelinstituut (HBI) spesialiseer in korrespondensiekursusse op na-matriekvlak.
Die HBI het op 31 Maart 2011 367 studente gehad.

| | **2007/8** | **2008/9** | **2009/10** | **2010/11** |
|---|---|---|---|---|
| **Studentegetalle oor die afgelope vier jaar** | 331 | 329 | 331 | 367 |
| Bybel-en-godsdienskunde | 107 | 100 | 101 | 99 |
| Jeugbediening | 44 | 46 | 61 | 59 |
| Sending | 27 | 18 | 20 | 18 |
| Christelike Nood-en-Traumaberading | 153 | 165 | 149 | 191 |

Laasgenoemde kursus sal vanaf 2012 op Engels gereed wees. 'n Nuwe Etiekkursus is ook in proses. Die Sentrum vir Kontekstuele Bediening, Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria akkrediteer die kursusse. Suksesvolle studente kry gevolglik 'n sertifikaat van dié instelling.

## 11. GEMEENTEDIENSNETWERK (GDN)

Kragtens ooreenkoms met GDN gee Bybel-Media minstens vier keer per jaar die populêr-teologiese tydskrif *Kruisgewys* uit. Op ’n bevatlike manier word gemeenteleiers ingelig oor die jongste tendense in die teologie en gemeentelike bediening. Dit gaan gratis na alle gemeenteleiers binne die NG Kerk, die Hervormde Kerk, die Gereformeerde Kerke en Afrikaanse gemeentes van die Verenigende Gereformeerde Kerk. Die koste van die webtuiste en sekere administratiewe sake van GDN is ook op Bybel-Media se begroting.

## 12. MUSIEKBEDIENING

Soos met *Liedboek van die Kerk* (waarvan die kopiereg by Bybel-Media lê kragtens die feit dat NG Kerk-Uitgewers in Bybel-Media opgeneem is), is musiek binne die kerk steeds vir Bybel-Media 'n hoë prioriteit.

### 12.1 FLAM

FLAM is sedert 2009 deel van Bybel-Media se mediaprojekte. FLAM kontrakteer ds Faani Engelbrecht van Goodwood-Park om baie van die administrasie en bestuur te doen. FLAM het meer as 357 liedere se bladmusiek aflaai-gereed op die webtuiste. Afgesien van die lirieke, kan die bladmusiek van elke lied afgelaai word as ’n *lead sheet, chord sheet* en *hymn sheet*. Die FLAM-nuusbrief in elektroniese formaat, *Fuurhoutjie,* met die jongste nuus verskyn gereeld. Bybel-Media stuur dit op die oomblik aan 1 461 adresse.

### 12.2 VONKK

In samewerking met die ADGO het Bybel-Media weer stimulus verleen aan die bestudering van klassieke kerkmusiek in die NG Kerk. Dit geskied in samewerking met VONKK (Voortgesette Ontwikkeling van Nuwe Klassieke Kerkmusiek). Die VONKK-werkgroep bestaan uit kundige teoloë en musici wat drie keer per jaar vergader. Buiten hierdie lede is daar medewerkers en taalkundige en teologiese adviseurs wat op ’n vrywillige basis help maar nie die vergaderings bywoon nie. Op die oomblik is daar reeds 166 liedere op die VONKK-webwerf.

## 13. ANDREW MURRAY-PRYSFONDS

Bybel-Media het ’n ooreenkoms met die trustees van hierdie prestige-fonds wat om die beurt jaarliks die Andrew Murray- en die Andrew Murray-Desmond Tutu-prys vir voortreflike teologiese of algemeen-godsdienstige publikasies toeken. Bybel-Media hanteer die administrasie van die fonds as ’n mediaprojek.

## 14. KERKLIKE KOMMUNIKASIE

Bybel-Media staan pa vir die aktiwiteite van die e-kom-werkgroep, ’n assosiasie van almal binne die NG Kerk wat betrokke is by elektroniese kommunikasie, veral sinodale e-nuusbriewe. Dit het ook die daarstel van 'n nuwe kommunikasiebeleid vir die Moderamen finansier.

## 15. VIGSBEDIENING

Bybel-Media is by vigsbediening betrokke deurdat dit jaarliks R55 000 bydra tot die ontwikkeling van die mediapakket van die fasiliteerders wat deur CABSA *(Christian Aids Bureau for Southern Africa)* opgelei word.

## 16. AANBEVELINGS: KERKLIKE MEDIA

### 16.1 DIE BEDRYF VAN KERKLIKE MEDIA

**16.1.1** Die Taakspan Kerklike Media het indringend die kwessie bespreek hoe dit beskryf behoort te word dat die Bybel-Media Groep se Artikel 21-maatskappye nie 'n bestaansreg op hulle eie het nie, maar suiwer as agente van die kerklike mediabedryf funksioneer, en nogtans, kragtens die maatskappywet, oor 'n eie selfstandigheid beskik. Die volgende formulering is aanvaar en deur die Moderamen as funksionele besluit goedgekeur ter vervanging van die Reglement vir die Algemene Taakspan Kerklike Media. Dié formulering voldoen aan Artikel 43.2.4 van die Kerkorde en hou geen geldelike implikasie in nie.

**16.1.2 AANBEVELING: DIE BEDRYF VAN KERKLIKE MEDIA**

**Die Algemene Sinode voeg die volgende besluit oor die bedryf van die Kerklike Media in die Kerkorde in as deel van die Funksionele Besluite:**

**DIE BEDRYF VAN KERKLIKE MEDIA**

**1 INLEIDING**

**Die Bybel-Media Groep van Maatskappye ("die Groep") hanteer die bedryf van kerklike media.**

**2 ORGANISASIE**

**2.1 Die Groep bestaan uit die volgende Artikel 21-maatskappye: Bybel-Media, Bybel-Media Handel en die Tydskriftemaatskappy van die NG Kerk.**

**2.2 Die ledevergaderings van die Groep het dieselfde personeel as die personeel van die Moderamen van die Algemene Sinode van die NG Kerk en wys op aanbeveling van die uittredende direksies die lede van die onderskeie direksies aan. Die ledevergaderings konstitueer afsonderlik ooreenkomstig die statute van die onderskeie maatskappye.**

**2.3 Die ledevergaderings van die Groep sal so gou as moontlik ná elke gewone sitting van die Algemene Sinode die lede van die direksies van die Groep aanwys. Die direksies word saamgestel soos wat die aktes en statute van die onderskeie Artikel 21-maatskappye bepaal. Lede sal kollektief oor bewese kundigheid beskik ten opsigte van mediabehoeftes en mediabeleid asook van die bestuur en finansies van die mediabedryf.**

**2.4 Ander persone wat by die kerklike media-aktiwiteite of kommunikasie-aktiwiteite betrokke is, kan op uitnodiging direksievergaderings bywoon.**

**3 OPDRAG**

**Die Direksies**

**3.1 voer hulle opdrag uit ooreenkomstig die bepalings van die aktes en statute van die onderskeie Artikel 21-maatskappye van die Groep;**

**3.2 streef daarna dat die evangelie in sy volle omvang en toegepas op alle lewensbehoeftes aan almal gebring word deur gebruikmaking van geskikte media;**

**3.3 verseker dat hierdie bediening op 'n doeltreffende, ekonomiese en ekumeniese wyse plaasvind;**

**3.4 sal strategieë daarstel om met die kerkverband in gesprek te wees oor mediabehoeftes;**

**3.5 toesien dat doeltreffende kanale vir die kommunikasie van kerklike inligting beskikbaar is;**

**3.6 doen aan die ledevergadering verslag oor die stand van die kerklike mediabediening;**

**3.7 stel die uitvoerende hoof van die Groep en die redakteur van die amptelike lyfblad van die NG Kerk aan, ná advies van die Moderamen tov die kortlys van benoemdes vir die onderskeie poste.**

**3.8 Die redakteur van die amptelike lyfblad is 'n funksionaris binne die Groep wat aan die uitvoerende hoof van die Groep rapporteer, en moet oor uitstekende joernalistieke vaardigheid beskik. As funksionaris woon die redakteur in 'n verslaggewerskapasiteit ook vergaderings van die Moderamen van die Algemene Sinode by.**

### 16.2 AANBEVELING: ONDERSTEUNING VAN BYBEL-MEDIA

**Die Algemene Sinode dra sy dank en waardering oor aan al die donateurs uit gemeentes en kerkrade wat met bydraes en donasies die kerklike mediabediening van Bybel-Media gereeld ondersteun en moontlik maak. Kerkrade word opgeroep om jaarliks 'n spesiale kollekte vir dié doel te oorweeg.**

## 17. ALGEMENE SINODALE TAAKSPAN KERKLIKE MEDIA (ATKM)

Scherrer, AJ (Voorsitter)
Basson, AJ
Botha, WJ
Cloete, GJ
Gerber, JJ
Mouton, DW
Schoeman, WJ
Swart, T
Wiid, A
Fourie, PJA (Skriba) *(ex officio)*

# A.10 LEER EN AKTUELE SAKE

## 1. SAMESTELLING VAN DIE TAAKSPAN

Die Taakspan is kragtens die besluit van die Algemene Sinode 2007 so saamgestel dat elke sinode daarin verteenwoordig is. Die dosente in Dogmatiek van die drie teologiese fakulteite is ook by die werksaamhede van die taakspan betrek.

## 2. WERSKWYSE

**2.1** Die Taakspan het die opdragte van die Algemene Sinode uitgevoer deur eers in kleiner taakspanne daaroor navorsing te doen, wyd met kundiges te konsulteer en die konsepverslae is daarna deur die volle ATLAS goedgekeur vir voorlegging aan die Algemene Sinode.
**2.2** Dit is reeds vroeg na die vorige vergadering van die Algemene Sinode met die ASM uitgeklaar dat ATLAS nie kommentaar lewer op leer en aktuele sake wat van tyd tot tyd in die media debatteer word nie. Die Taakspan het as navorsingsgroep funksioneer met die oog op verslag aan die Algemene Sinode.

## 3. OPDRAGTE

Die Taakspan doen oor die volgende sake verslag
* Die Heidelbergse Kategismus Vraag en Antwoord 80 en die Roomse Mis (**Bylaag 1**)
* Die bediening van bevryding (**Bylaag 2**)
* Skrifbeskouing (**Bylaag 3**)
* Die huwelik en saamwoon (**Bylaag 4**)
* Die Apostolicum (**Bylaag 5: word as laatstuk versend**)

James Kirkpatrick (Voorsitter)
Willie Botha (Skriba)

## ATLAS BYLAAG 1

# HEIDELBERGSE KATEGISMUS (VRAAG EN ANTWOORD 80) EN DIE ROOMSE MIS

## INHOUD


1. Die Kategismus en Vraag/Antwoord 80
2. Analise van Vraag/Antwoord 80
3. Rooms Katolieke reaksie
4. Die Mis en die afgestorwe gelowiges
5. Eucharistie – méér as net offer
6. Die Mis en die Nagmaal: Verskillende gesigspunte
6.1 Aard en blikrigting van die sakrament
6.2 Die rol van die kerk in die bemiddeling van die heil
6.3 Die vraag na sentraliteit: Woord of Sakrament?
7. Praesentia Christi: op welke wyse?
8. Konkluderende gevoltrekking aangaande die leer van die Rooms-Katolieke Kerk rakende die sakrament van die Misoffer
9. Aanbevelings


## 1. DIE HEIDELBERGSE KATEGISMUS VRAAG EN ANTWOORD 80 EN DIE ROOMSE MIS

### 1.1 AGTERGROND

**1.1.1** Tydens die vergadering van die GER in Nederland in 2005 is ‘n studiestuk van die CRCNA (Christian Reformed Church in North America) rakende Vraag en Antwoord 80 van die Heidelbergse Kategismus (HK) in behandeling geneem. Genoemde gedeelte van die HK handel oor die vraag na die onderskeid tussen die Nagmaal en die Roomse mis.[1] In ‘n deeglik nagevorsde en goed gedokumenteerde studiestuk voer die CRCNA aan dat HK Vraag 80 vanuit historiese en inhoudelike perspektief bedenklik is en dringend aandag vereis. Die kern van die betoog in die studiestuk is dat Antwoord 80 nie ‘n waarheidsgetroue prentjie skilder van die Rooms-Katolieke Kerk (RKK) se amptelike leer nie **. Die intensie hiermee is nie om die verskille tussen die Gereformeerde verstaan van die nagmaal en die Rooms-Katolieke verstaan van die mis as onbeduidend voor te hou nie. Inteendeel. Daar is steeds diepliggende verskille, maar nie soos dit in Vraag en Antwoord 80 verwoord word nie.** So ‘n standpunt het uit die aard van die saak verreikende implikasies. Eerstens moet die ontoereikendheid van Vraag 80, nl die vertekening van die RKK se standpunt, oortuigend aangetoon word sodat die *noodsaak* van die regstelling daarvan die gedeelde oortuiging van die eie en die ekumeniese (Gereformeerde) geloofsgemeenskap sal wees. Indien daar eenstemmigheid in die verband is, volg die vraag op welke wyse die regstelling kan geskied. Mag ‘n mens historiese dokumente verander en is dit moontlik om dít te doen sonder om die integriteit van die konfessie te skaad?[2] Voordat hierdie ‘laaste vrae’ sinvol aan die orde gestel kan word, is dit goed om ‘n oorsig te kry oor die gang van die ondersoek voordat dit op die tafel van die (voormalige) GER beland het.

**1.1.2** Nadat die bovermelde saak by wyse van ‘n beskrywingspunt voor die Sinode van die CRCNA (1998) gedien het, is daar besluit om ‘n studiekommissie saam te stel wat die saak indringend moes ondersoek. Die kommissie het aangedui dat hulle ‘n historiese en sistematiese analise as benaderingswyse sou volg maar ook in gesprek sou tree met Rooms-Katolieke teoloë. Ontmoetings met die teoloë het plaasgevind tydens die Katolieke

---

[1] **Sondag 30, vraag 80**: Wat is die onderskeid tussen die nagmaal van die Here en die Roomse mis?
Die nagmaal betuig aan ons dat ons volkome vergewing van al ons sondes het, ter wille van die enige offer van Jesus Christus wat Hyself eens en vir altyd aan die kruis volbring het (**a**), en dat ons deur die Heilige Gees in Jesus Christus ingelyf word (**b**), wat nou na Sy menslike natuur in die hemel aan die regterhand van die Vader (**c**) is en daar deur ons aanbid word (**d**). Die Roomse mis, daarenteen, leer dat die lewendes en die gestorwenes nie deur die lyding van Christus vergewing van sondes het nie, tensy Christus nog daagliks vir hulle deur die priesters geoffer word. Verder dat Christus liggaamlik in die brood en wyn aanwesig is en derhalwe daarin aanbid moet word. Die mis is dus in wese niks anders nie as ‘n verloëning van die enige offer en lyding van Jesus Christus en ‘n afgodery wat vervloek is (**e**)
*(a) Hebr 10:10,12; 7:26,27; 9:12,25; Joh 19:30; Matt 26:28; Luk 22:19. (b) 1Kor 10:16,17; 6:17. (c) Joh 20:17; Kol 3:1; Hebr 1:3; 8:1. (d) Matt 6:20,21; Joh 4:21; Luk 24:52; Hand 7:55; Kol 3:1; Fil 3:20; 1Tess 1:10. (e) Hebr 9:26; 10:12,14.*

[2] Ons bepaal ons in hierdie verslag by die eerste vraag. Die vrae wat hieruit voortspruit, moet binne ander kontekste (by die TKR, by die Konvent van Reformatoriese Kerke en die WGGK) aan die orde kom. By wyse van ‘n kanttekening meld ons net dat die CRCNA besluit het om die historiese weergawe van die HK onveranderd te laat en die regstelling wat te maak is by wyse van ‘n voetnota aan te bring.

Biskoppekonferensie van die Verenigde State (USCCB) se byeenkomste in 1999 en 2001. Die vertrekpunt van die gesprekke was om duidelikheid te kry oor wat daar presies in Vraag en Antwoord 80 geskryf staan.
**1.1.3** Die gespreksgroep was eenstemmig dat daar twee sake ter sprake kom in die antwoord : die offer van Christus aan die kruis (**A**) en Sy teenwoordigheid in die Sakrament **(B).** Die uiteensetting van Antwoord 80 sien só daaruit:
**($A_1$)** Die nagmaal betuig aan ons dat ons volkome vergewing van al ons sondes het ter wille van die enige offer van Jesus Christus wat Hyself eens en vir altyd aan die kruis volbring het
**($B_1$)** en dat ons deur die Heilige Gees in Jesus Christus ingelyf word, wat nou na Sy menslike natuur in die hemel aan die regterhand van die Vader is en daar deur ons aanbid word.
**($A_2$)** Die Roomse mis, daarenteen, leer dat die lewendes en die gestorwenes nie deur die lyding van Christus vergewing van sondes het nie, tensy Christus nog daagliks vir hulle deur die priesters geoffer word.
**($B_2$)** Verder dat Christus liggaamlik in die brood en wyn aanwesig is en derhalwe daarin aanbid moet word.
**($A_3$)** Die mis is dus in wese niks anders nie as 'n verloëning van die enige offer en lyding van Jesus Christus en **($B_3$)** 'n afgodery wat vervloek is.
Dit is duidelik dat die twee sake beurtelings vanuit die twee perspektiewe (Gereformeerd – Rooms-Katoliek) aan die orde kom. Ons sal die twee fokuspunte (A en B) afsonderlik aan die orde stel, maar eers 'n historiese opmerking oor die plek en funksie van Vraag/Antwoord 80 binne die konteks van die Heidelbergse Kategismus.

## 2. DIE KATEGISMUS EN VRAAG/ANTWOORD 80

Dit val op dat die eerste uitgawe van die Heidelberger (Februarie 1563) nie vraag en antwoord 80 bevat het nie. Eers met die tweede Duitse uitgawe en die amptelike Latynse vertaling (beide in Maart 1563) duik dit op. Die vierde Duitse uitgawe (November 1563) het 'n effens uitgebreide weergawe van Vraag en Antwoord 80 bevat en het die 'textus receptus' van die HK geword. Die vraag hoekom die Vraag in die eerste uitgawe ontbreek het, is nie klinkklaar te beantwood nie. In vergelyking met die res van die Kategismus, wat deurgaans 'n ireniese gees adem, is Vraag 80 duidelik meer polemies en huiwer selfs nie om 'n 'anathema'-uitspraak te maak nie – die mis as 'n vervloekte afgodery. Die moontlikheid word geopper dat die besluite van die Konsilie van Trent (September 1562) eers bekend geword het nadat die eerste uitgawe van die HK reeds by die drukkers was en dat daar toe in die tweede uitgawe 'teruggekap' is na die kontra-Reformatoriese anathema-uitsprake. Hoe dit ookal sy, bogenoemde toedrag van sake bevestig weereens dat belydenisvorming nie in 'n lugleegte plaasvind nie en dat die eksistensiële aangegrepenheid in die stryd rondom die waarheid veel meer as 'n teoretiese bemoeiing om regsinnigheid is[3].

## 3. ANALISE VAN VRAAG/ANTWOORD 80

**3.1** Vraag en Antwoord 80 vorm die slot van die die gedeelte oor die Heilige Nagmaal (Sondag 28 – 30). In hierdie afdeling word daar min gesê oor die offerkarakter van die sterwe van Christus. In die bespreking van die Apostoliese Geloofsbelydenis (Vraag en Antwoord 37 en 43) word daar ook oor die lewensoorgawe van Christus as offer gepraat maar sonder om die offertematiek verder uit te bou. Dié aksent kom wel in Vraag/Antwoord 80 heel pertinent na vore.
**3.2** Die opbou van Vraag/Antwoord 80 is relatief eenvoudig. Twee temas word aan die orde gestel – die enige offer van Christus (A) en Sy teenwoordigheid in die Nagmaal (B). Hierdie twee temas word driemaal aan die orde gestel: In $A_1$ en $B_1$ word die Gereformeerde verstaan uitgelig, en in $A_2$, $A_3$ sowel as $B_2$, $B_3$ word die verstaan van die Rooms-Katolieke kerk teëgespreek.
**3.3** In $A_1$ word daar klem gelê op die eenmalige, unieke en onherhaalbare offer van Christus. Die Nagmaal betuig volkome vergifnis van sonde, dus totale voldoening deur die enigste versoeningsoffer van Christus. Spieël 'n mens vir 'n oomblik bogenoemde teen dit wat volg in $A_2$ en $A_3$, is dit duidelik dat die uniek-eenmalige, ewige toereikendheid van die Christusgebeure, die volkome voldoening, geen 'aanvulling' nodig het nie. $A_2$ en $A_3$ beweer dat die Roomse praktyk van die Misoffer in wese 'n ontkenning van die eenmalige, volkome genoegdoening van die offer van Christus is sodat die gestorwenes se vergifnis van sonde van die daaglikse misoffer deur die priester afhanklik is. Die mis is dus die voortgaande offermatige ('sacrificial') bemiddeling van vergifnis maar as sodanig juis die ontkenning van die algenoegsaamheid van die offer van Christus waarin die heil finaal en ewig geborge is.

## 4. ROOMS-KATOLIEKE REAKSIE

**4.1** Die bovermelde verstaan van die mis met die klem op die offerkarakter daarvan is 'n wanvoorstelling wat nie die Roomse se eie verstaan weerspieël nie. (Ons misverstaan is 'n misverstand!). Die offerkarakter van die mis doen op geen wyse afbreuk aan die unieke eenmaligheid ('eens en vir altyd') van die offer van Christus aan die kruis nie. Die Konsilie van Trent bevestig duidelik die onherhaalbaarheid van die offer van Christus. Die eenmalige offer word egter telkens weer *teenwoordig* gestel: die unieke offer met ewigdurende betekenis word as ***dieselfde*** offer maar ***op ander wyse*** gebring. "In this divine sacrifice which is celebrated in the Mass, the same Christ who offered Himself once in a bloody manner (cf. Heb. 9.14,27) on the altar of the cross is contained and is offered in a unbloody manner ... (T)he victim is one and the same: the same now offers through the ministry of the priests, who

[3] Belydenis***vorming*** is die uitkoms van 'n hermeneutiese beslissing. Die **uitleg** van 'n belydenis(skrif) is ewe eens 'n hermeneutiese onderneming waarin die verrekening van historisiteit en kontekstualiteit onontbeerlik is. In díe hermeneutiese proses word daar gepoog om soveel as moontlik van die belydenis**situasie** te herwin.

then offered Himself on the cross; only the manner of offering is different. The fruits of this oblation (the bloody one, that is) are received in abundance through this unbloody oblation" (Trent, Session 22, cap 2; DS 1743). Hierdie verduideliking van Trent is deur die Tweede Vatikaanse Konsilie herhaal; beide die konsilies beklemtoon dat die verskil tussen die offer aan die kruis en díe van die misoffer geleë is in die wyse waarop dit plaasvind. As die sakramentele representasie van die een unieke offer aan die kruis, is die Mis 'n ware en egte offer, werklik versoenend daarin dat die vrug van Christus se versoening ons eie word binne die konteks van die geloof. So gesien, is die misoffer die sakramentele 're-enactment' en representasie van die unieke, voldoenende en onherhaalbare offer van Christus aan die kruis.

**4.2** Die basisoortuiging wat bovermelde toedrag van onherhaalbaarheid en representerende 're-enactment' naas mekaar laat stand hou, is die Roomse sakramentsbegrip. Kragtens die sakramentele representasie 'devalueer' die mis nie die historiese kruisgebeure nie maar maak dit juis huidig, teenwoordig. In die Kategismus van die Katolieke Kerk (gepromulgeer in 1992) lui dit as volg: 'The Eucharist is the memorial of Christ's Passover, the making present and the sacramental offering of his unique sacrifice, in the liturgy of the Church which is his Body'. Daar word van meer as 'representasie' gepraat; daar word van 'voortsetting' gepraat. ' ...the eucharistic sacrifice is not another sacrifice but is the perpetuation and memorial of Christ's sacrifice on the cross. According to the Roman Catholic representatives, therefore, the Heidelberger Catechism's conclusion that the sacrifice of the Mass detracts from the sufficiency or finality of Christ's sacrifice misconstrues the Roman Catholic understanding of the Mass as standing in competition with the cross – a construal that Trent explicitly repudiates.'[4]

## 5. DIE MIS EN DIE AFGESTORWE GELOWIGES

**5.1** In $\mathbf{A_2}$ van Vraag/Antwoord 80 word die 'funksie' van die Mis ten opsigte van die afgestorwenes spesifiek vanuit die perspektief van die voldoening van die offer van Christus verwoord. 'Die Roomse mis ... leer dat die lewendes en die gestorwenes nie deur die lyding van Christus vergewing van sondes het nie, tensy Christus nog daagliks vir hulle deur die priesters geoffer word'. Die Katolieke gespreksgenote het in die verband daarop gewys dat die posisie van die dooies nie as onbeslis of onseker beskou moet word nie. Terwyl die Gereformeerdes die aangeleentheid binne die konteks van die regverdiging beoordeel, verstaan die Katolieke dit binne die raamwerk van die heiliging. '... ascribing posthumous purifying efficacy to the Mass in no way detracts from the finality of the redemption (as the certainty of the forgiveness and of eternal life) accomplished on the cross. Just as the Protestant affirmation of sanctification as a continuing process in the lives of believers does not detract from the finality or sufficiency of the cross, the belief that this process extends beyond death does not detract from the once-for-all sacrifice.[5]

**5.2** Hiermee word die bedreiging van die uniekheid en genoegsaamheid van die offer van Christus – volgens die verstaan van die HK – deur die Katolieke as misverstand van die hand gewys.

## 6. EUCHARISTIE – MEER AS NET OFFER

Vraag/Antwoord 80 fokus in die weergee van die betekenis van die mis (benewens die opmerking oor die ligaamlike teenwoordigheid van Christus) op die **offer**karakter daarvan. Volgens die Katolieke is dit 'n eensydige verskraling van die ryk en onuitputlike betekenis van die Eucharistie. By die instelling van die sakrament 'Christ poured out ... the riches of His divine love for men "causing His wonderful works to be remembered ... and He wanted us when receiving it to celebrate His memory (cf 1 Cor 11:24) and to proclaim His death until He comes to judge the world. His will was that this sacrament be received as the soul's spiritual food which would nourish and strenghten those who live by the life of Him who said: "He who eats Me will live because of Me" (Jn 6:57) – aldus die Konsilie van Trent (Sessie 13, cap 2; DS 1638). Dieselfde gedagtegang word gehandhaaf by Vaticanum II waar die Eucharistie as teken van eenheid, band van die liefde, bron van genade en pand van die komende heerlikheid beskryf word (Catechism of the Catholic Church 1328 – 32).

## 7. DIE MIS EN DIE NAGMAAL: VERSKILLENDE GESIGSPUNTE

As dit dan so is dat die Mis nie die eenmalige, volkome genoegdoening van die offer van Christus in gedrang bring nie, waarin is die wesenseie van die Gereformeerde nagmaalsverstaan dan geleë? Die verslag lig drie fokuspunte uit waarin die Gereformeerde verstaan belig word: die aard en die 'blikrigting' van die sakrament, die rol van die kerk in die bemiddeling van die heil en die vraag na die verhouding tussen Woord en sakrament.

### 7.1 AARD EN BLIKRIGTING VAN DIE SAKRAMENT

**7.1.1** Ons het reeds daarna verwys dat die **offer**karakter van die Mis baie groot gewig dra in die Rooms-Katolieke teologie en geloofsverstaan. Al sou daar hoeveel ander betekenisaspekte van die Mis aangedui kon word, neem dit nie weg dat die Mis as **offer** fundamentele, dit is funderende, betekenis het vir die teologiese dieptestruktuur (Christologie, Ekklesiologie, Genadeleer) van die Katolieke teologie nie. Hierdie toedrag word duidelik in die uiteensetting van die Kategismus van die Katolieke Kerk: "The Church which is the body of Christ participates in the offering of her Head. With Him, she herself is offered whole and entire. She unites herself to his intercession with the Father for all men. In the Eucharist the sacrifice of Christ becomes also the sacrifice of the members of his

---

[4] Verslag p 13
[5] Verslag p 14

Body. The lives of the faithful, their praise, sufferings, prayer and work are united with those of Christ and with his total offering" (Catechism of the Catholic Church, 1368). Die kerk, in die persoon van die biskop, *bring* hier 'n offer, maar word self ook *offerhande* – weliswaar in die mistieke eenheid met Christus, die Hoof van die liggaam, maar tog ook só dat die **bring** van die offer aktiwiteit beklemtoon[6].

**7.1.2** Die Heidelberger verwys na die Nagmaal uitsluitlik as God se ***gawe*** aan ons wat ons **ontvang.** Die klem en blikrigting is primêr – eerste! - van 'Bo' na 'onder'. Dit beteken egter nie dat die gemeente passief verstom, sonder antwoord of wederkerigheid nie. Die aktiwiteit van ontvangs, die blikrigting van onder na Bo word in die doksologie en danksegging van die gemeente vierende respons op die skenkende God – die viering van die heil is deel van die heil.

**7.1.3** Dit is duidelik dat daar in beide groepe se verstaan van die sakrament sprake van 'n dubbele blikrigting is – God en ons, ons en God. Die deurslaggewende verskil tussen die twee verstaanswyses is geleë in die antwoord op die vraag na die aard van die verhouding tussen 'God en ons' en 'ons en God'. Binne die Gereformeerde verstaan is 'ons en God' **nie** deel van die sakrament as sodanig nie; binne die Rooms-Katolieke verstaan is dit **wel**. Om hierdie rede kan daar sprake wees van 'n aktiewe *offer*handeling.

### 7.2 DIE ROL VAN DIE KERK IN DIE BEMIDDELING VAN DIE HEIL

**7.2.1** Op die vraag *of* die kerk en die sakramente heilsbemiddelende funksie het, antwoord beide tradisies onomwonde bevestigend. Die NGB Art 28 herhaal die bekende adagium 'extra ecclesiam nulla salus' en praat in Art 33 oor die sakramente as 'genademiddele'[7]. Die punt van verskil handel oor die ***wyse*** van heilsbemiddeling. Hierdie verskil word juis op die spits gedryf in die vergelyking van die Nagmaal en die Eucharistie. Gaan dit in die sakrament oor 'n *gawe* wat ontvang word, of oor 'n *offer* wat gebring word?

**7.2.2** Ten spyte van die feit dat beide tradisies hulle op dieselfde Skrifgedeeltes beroep, (Lk 22:19; 1Kor 11: 24) loop die weë hier uiteen. Terwyl Calvyn sê dat Christus se opdrag nie was om Sy liggaam te offer nie maar om dit te eet, lees die Konsilie van Trent die opdrag van Christus binne 'n ander verband. In die frase 'Doen dit tot My gedagtenis', verwys die 'dit' nie na die ***ontvangs*** van dit wat Christus gee nie maar na die ***na-doen*** van wat Hy gedoen het, nl die bring van 'n offer. Hierdie leeswyse word eksplisiet uitgebou soos duidelik blyk uit die meegaande anathema-uitsprake. 'If anyone says that by the words 'Do this as a memorial of Me' *Christ* did not establish the apostles *as* ***priests*** or that He did not order that they ***and other priests*** should ***offer*** His body and blood, anathema sit (DS 1752)'.

**7.2.3** Die verskil in leeswyse het ingrypende gevolge vir die antwoorde op die vraag na die primêre agent(e) van die sakramentshandeling. Indien die opdrag van Christus sou beteken dat 'n offer gebring moet word, hou dit in dat die primêre vierder ('celebrant') van die Eucharistie die geordende priester is. Om hierdie rede is dit moontlik – aldus Vaticanum II – dat 'n priester die misoffer kan vier sonder dat enige iemand anders teenwoordig is. Die Reformatoriese tradisie verstaan Christus se opdrag egter so dat ons moet neem en eet om op dié wyse die weldade van Christus, Sy gawe aan Sy kerk, sigbaar, sakramenteel te ontvang. Die primêre aktante (handelende persone) in díe geval is die hele gemeenskap van gelowiges.

### 7.3 DIE VRAAG NA SENTRALITEIT: WOORD OF SAKRAMENT?

**7.3.1** Die Gereformeerde belydenisskrifte verstaan die sakramente deurlopend as tekens en seëls van God se belofte. Daarom is die sakrament 'n modus van die verkondiging. Die sakrament het nie 'n 'eie lewe' los van die Woordgebeure nie, maar is deel van die Woordgebeure self. As betuiging, bevestiging, versekering van die heil, is die sakrament tegelyk viering van die heil. As seël en teken is die sakrament daarom nie minimalisties 'bloot simbool' en pedagogiese ritueel nie, maar letterlik 'simbool' in verwysende en partisiperende sin. Die betekenis van die sakrament in terme van impak en uitwerking ('efficacy') is nie minder as wat aan die Mis toegeskryf word nie, maar word binne 'n ander 'konfigurasie' – binne die konteks van die Woordgebeure en 'binne' die korrelasie van Woord en geloof – aan die orde gestel. As dimensie van die Woordgebeure is die sakrament sigbare, performatiewe taalgebeure. 'In the Reformed understanding of the means of grace, the overarching category is proclamation. Accordingly, the Lord's Supper is a specific form of a *declaratory* event'.[8]

**7.3.2** In Rooms-Katolieke geledere is daar sedert Vaticanum II 'n hernude aksent op die Woord en die Woordverkondiging. In die Dekreet oor die bediening en lewe van priesters (4) word eksplisiet gesê dat die eerste taak van priesters as medewerkers van die biskoppe die verkondiging van die Evangelie aan alle mense is. Ook in die Dogmatiese Konstitusie aangaande die Goddelike Openbaring (21) word daar gemeld dat die Woord en die sakrament gelyke agting en eer behoort te geniet. As die Konsilie egter die spesifieke funksies van die priesters beskryf, word dit duidelik dat die mees unieke en karakteristieke kenmerk van die priesterlike amp in die viering van die Eucharistie na vore kom. Die spesifieke mandaat en bevoegdheid wat deur die sakrament van die ordening

---

[6] "This understanding of the Mass means that, though the entire sacrament and the effects it communicates are gifts of God, the Mass includes as a constitutive element the church's priestly sacrifice to God" (Verslag p15). Ons merk net op dat dit binne die raamwerk van hierdie spreekwyse kwalik moontlik is om te ***onderskei*** tussen Christus en die '*Liggaam van* Christus' of laasgenoemde nou dui op die gemeente òf dui op die sakramentele teken(s).

[7] Sakramente is tekens van God se goedheid en genade, seëls ... **deur middel waarvan** Hy in ons werk deur die krag van die Heilige Gees.

[8] Verslag p.19

aan die priester verleen word, is dié waardeur die Misoffer outentiek moontlik gemaak word. Volgens die Dekreet rakende die bediening en lewe van die priesters (13) vervul die priesters hulle primêre funksie in die 'bring' van die Misoffer omdat dit hier is waar ons verlossing deurlopend geëffektueer word. Ten opsigte van die verstaan van die genademiddele is die kategorie 'sakrament' vir die Roomse tradisie van primêre en oorkoepelende betekenis.
**7.3.3** Die verslag vat hierdie vraagkompleks uitnemend saam in die volgende uitspraak: ' ... in Reformed teaching the message (di die gepredikte Woord) is the privileged medium of grace, while in Roman Catholic teaching the Eucharist is the privileged medium of grace. This contrast does not mean that what is privileged in one tradition excludes what is privileged in the other. Rather, the center of gravitiy is located at a different point. The pull exerted by these different centres results in significantly different understandings of church, sacrament and the mediation of salvation.[9]
**7.3.4** Teen die agtergrond van bogenoemde – met die spesifieke verwysing na die verskil in kerk-, sakraments- en heilsbegrip – is die vraag na die wyse van Christus se teenwoordigheid in die Eucharistie 'n sprekende konkretisering.

## 8. PRAESENTIA CHRISTI: OP WELKE WYSE?

**8.1** Beide die Gereformeerdes en die Rooms-Katolieke verbind die sakramentele geheimenis aan die teenwoordigheid van Christus in die nagmaal, resp eucharistie. In ooreenstemming met die regsinninge Christologie van die eerste vyf konsilies word die hupostatiese eenheid[10] van die twee nature van Christus bely. Wat beteken dit vir die geloofsaanspraak dat Christus teenwoordig is in die sakrament? Die Rooms-Katolieke bely die liggaamlike teenwoordigheid van Christus. By die wyding ('consecration') van brood en wyn verander die elemente in die ***fisiese*** liggaam en bloed van die Here Jesus. Hierdie ***transsubstansiasie*** is geloofsreël, dogma en daarom in terme van die 'dat' ononderhandelbaar. Geen rasionele opklaring hieroor is toereikend nie omdat dit as misterie alle verstand te bowe gaan.
**8.2** Op voetspoor van Calvyn gaan die HK daarvan uit dat Christus in die hemel, aan die regterhand van God die Vader, is (HK Vraag/Antwoord 76). In die verband word die Lutherse ***ubiquiteitsleer*** (wat die menslike natuur van Christus wil laat deel aan Sy goddelike eienskappe) weerspreek in wat bekend staan as die extra-Calvinisticum. Die verhoogde Heer is die gasheer van die Maal waar Hy Homself as Brood van die Lewe, as ware voedsel gee 'deur die Heilige Gees wat in Christus en in ons leef' (HK Vraag/Antwoord 76). Die ***praesentia*** van Christus is werklik in die teenwoordigstelling deur die Gees. Die Gereformeerdes dink oor die geheimenis van die sakrament primêr binne die raamwerk van 'n Trinitariese Pneumatologie terwyl Rome die sakrament primêr binne die raamwerk van die Apostoliese suksessie, en dus vanuit 'n vikariale Ekklesiologie verstaan.

## 9. KONKLUDERENDE GEVOLGTREKKING AANGAANDE DIE LEER VAN DIE ROOMS-KATOLIEKE KERK RAKENDE DIE SAKRAMENT VAN DIE MISOFFER

**9.1** Alhoewel daar gepraat word van die heilige Misoffer (of soms ook van die Eucharistie wat tegnies gesproke 'n 'onderafdeling' van die Mis is), is die sakrament baie meer as net 'n offer. Dit word ook beskou as geestelike maaltyd, as 'n offer van danksegging (eucharistie), as herinnering, as teken van eenheid, as band van die liefde, as bron van genade, as belofte en waarborg van toe-komende heerlikheid.
**9.2** Die onderskeid tussen die offer aan die kruis en die offer van die Misoffer is dat die een offer op verskillende maniere 'geoffer' word.
**9.3** Die Misoffer is die representasie en voortsetting van die unieke en onherhaalbare offer van Christus aan die kruis op sakramentele wyse.
**9.4** In die wyding ('consecration') van die brood en die wyn word die brood en wyn (***substansialiter)*** die liggaam en bloed van Jesus Christus op 'n wyse wat ons verstaan heeltemaal te bowe gaan hoewel daar (***materialiter***) geen verandering waarneembaar is nie, maw die brood en die wyn lyk en proe steeds soos brood en wyn.
**9.5** Binne die konteks van die Misoffer beteken die **praesentia realis Christi** dat die verrese en verheerlikte Christus teenwoordig is in die gewyde brood en wyn en dat Hy aanbid moet word in die verering van hierdie deur-die-priester-gewyde elemente.
**9.6** Die gewyde brood en wyn verdien die verering ('veneration') wat aan die verhoogde Heer verskuldig is. In hierdie verering ('adoration') word Christus aanbid, nie die elemente nie.
**9.7** Die Misoffer ten behoewe van die afgestorwenes is nie 'n kompromitering van die finaliteit van die verlossing wat aan die kruis bewerk is nie. Die effek van die Mis op die gestorwenes lê nie op die vlak van die regverdiging nie maar op die vlak van die uiteindelike heiliging.

Indien die bovermelde sewe punte inderdaad 'n getroue weergawe is van wat die Rooms-Katolieke Kerk leer, plaas dit die uitspraak van die Heidelbergse Kategismus dat 'die Mis ... in wese niks anders as 'n verloëning van die enige offer en lyding van Jesus Christus is en 'n afgodery wat vervloek is' onder geweldige druk.

---

[9] Verslag bl 20
[10] 'Hupostatiese eenheid' verwys na die eenheid van die Goddelike en menslike nature van Christus sodat daar bely word dat Hy 'vere Deus et vere homo' – ware God en ware mens is.

Na aanleiding van hierdie ondersoek, wys die Verslag enkele (samehangende) temas uit wat in voortgesette gesprekvoering aan die orde behoort te kom:
***1** Wat is ‘n tersake verstaan van die sakrament in terme van die aard en die gerigtheid daarvan? Is dit primêr ‘n ***offer*** wat ons bring of ‘n ***gawe*** wat ons ontvang?
***2** Wat is die onderlinge verhouding tussen Woord en sakrament as heilsmiddele? (Ons sou hier wou byvoeg: Wat is die onderlinge verbintenis en inhoudelike samehang van die Doop en die Nagmaal?).
***3** Wat is die rol van die kerk in die bemiddeling van die heil? (Ons sou hier wou byvoeg: Watter invloed oefen die oorblywende vyf Rooms-Katolieke sakramente uit op die onderlinge gesprek oor die Nagmaal en die Misoffer?)
***4** In die lig van die feit dat beide Gereformeerdes en Rooms-Katolieke die *praesentia realis* van Christus in die Nagmaal en die Misoffer onderskeidelik bely – hoe moet hierdie teenwoordigheid verstaan word?
***5** Konstitueer die Rooms-Katolieke verering (‘veneration’, ‘adoration’) van die elemente noodwendig ‘n situasie waarin hulle aanbidding as illegitiem beskou moet word?
***6** Wat is die implikasies van die ooreenkomste en verskille in die verstaan van die Nagmaal, resp Misoffer, vir die verhouding van die Rooms-Katolieke en die Gereformeerde kerke?

## 10. AANBEVELINGS: HK VRAAG/ANTWOORD 80

**10.1 Die Algemene Sinode vind die verslag oortuigend en erken dat verwysings na die mis in Antwoord 80 van die HK nie die verstaan van die mis deur die Rooms-Katolieke Kerk, soos verwoord tydens die Konsilie van Trent, reg weergee nie. Dit is ook in stryd met die huidige verstaan van die RKK.**
**10.2 Die Algemene Sinode herinner alle lesers van die HK en ander belydenisskrifte daaraan dat hierdie dokumente in ‘n historiese situasie geskryf is.**
**10.3 Die Algemene Sinode besluit om langs gepaste weë in gesprek te tree met plaaslike lidkerke van die voormalige REC (tans WGGK) oor hierdie saak.**
**10.4 Die Algemene Sinode bevestig dat daar steeds ingrypende verskille in die verstaan van die Nagmaal en die Misoffer bestaan en dat die oorsaak en gevolge van hierdie verskille in welwillende gesprek aan die orde gestel moet word.**
**10.5 Die Algemene Sinode besluit om die voorbeeld van die Christian Reformed Church in North America te volg deur nie die teks van die Kategismus eensydig te verander nie maar deur middel van ‘n voetnota lesers te herinner dat die Kategismus in ‘n bepaalde historiese konteks geskryf en so gelees moet word.**
**10.6 Die Algemene Sinode dra dit op aan ATLAS om die moontlikheid van ‘n vereenvoudigde vertaling van die Heidelbergse Kategismus te ondersoek.**
**10.7 Die Algemene Sinode gee opdrag aan ATLAS om die onderlinge samehang van die doop en die nagmaal in diepte te ondersoek.**

## ATLAS BYLAAG 2

# BEDIENING VAN BEVRYDING

## 1. OPDRAG

### 1.1 SINODE VAN WES- EN SUID-KAAP OKTOBER 2007

Enkele leraars en lidmate het in 2006, na besoeke aan Mosambiek waar hulle in aanraking gekom het met die sogenaamde "bediening van bevryding", dr Pierre Goosen (Sinodale Kommissie vir Predikantebediening) genader om van sinodale kant leiding oor hierdie saak te gee. Daar is aan die versoek voldoen en 'n ad hoc-kommissie, met die hulp van Buvton (Buro vir verdere teologiese opleiding en navorsing- nou Communitas), is byeengebring om die saak te bespreek. SKLAS is ook genooi om betrokke te wees. By die sinode van 2007 het SKLAS gerapporteer: "Ds Heerden van Niekerk sal voortaan as sameroeper van die navorsingsgroep optree. Daar sal op SKLAS se begroting vir die werksaamhede van die navorsingsgroep plek ingeruim word" (Voorlegging 8.5.1).

### 1.2 ALGEMENE SINODE JUNIE 2007:

Die Algemene Sinode herhaal sy opdrag aan die Taakspan Leer en Aktuele Sake om voort te gaan met die studie oor die bediening van bevryding. Beskikbare dokumentasie van die bevrydingsbediening moet oorweeg word.

### 1.3 ALGEMENE TAAKSPAN LEER EN AKTUELE SAKE (ATLAS-VERGADERING 18 MEI 2009)

"Aangesien SKLAS Wes- en Suid-Kaapland besig is met hierdie studie, besluit ATLAS om nie tyd en energie te dupliseer nie maar om die rapport en besluite van SKLAS Wes- en Suid-Kaapland af te wag en dan na bevind van sake op te tree."

## 2. BEGRIPSVERKLARING

**2.1** Die "bediening van bevryding" verwys na die praktyk om bose geeste of demone uit mense te dryf of hulle daarvan te bevry.

**2.2** Meeste NG leraars wat pleit vir die erkenning van die bediening van bevryding verkies om nie te praat van "duiwel- of demoonbesetenheid" en daarom ook nie van "duiwel- of demoonuitdrywing" nie. "Hierdie uitdrukkings dui op heeltemal te veel beheer" (André O'Kennedy, 'n Getuienis, bl 5). Hy verkies die term "gedemoniseer wees". Dit is beslis te betwyfel of 'n gelowige Christen werklik deur die duiwel of 'n demoon beset of besit kan word. Die Heidelbergse Kategismus Vraag en Antwoord 1 leer ons tog dat ons enigste troos ook daarin lê dat ons "aan Christus behoort" en dat Hy "met sy kosbare bloed vir al ons sondes ten volle betaal en ons uit alle heerskappy van die duiwel verlos het".

**2.3** Aan die ander kant waarsku die Bybel dat selfs na Christus se oorwinning oor die Bose in sy dood en opstanding, die duiwel steeds soos 'n brullende leeu rondloop (1 Pet 5:8), dat hy strikke vir gelowiges stel (2 Tim 2:26), dat hy hom voordoen as die engel van die lig (2 Kor 11:14), dat die boodskapper van satan Paulus met die vuis slaan (2 Kor 12:7). In Ef 4:27 word gelowiges gewaarsku: "Moenie die duiwel vatkans gee nie". Dit is dus tog wel moontlik dat die Bose inderdaad 'n groot invloed selfs oor gelowiges kan kry – en in sommige gevalle selfs 'n houvas op 'n gelowige.

**2.4** In hierdie dokument word dus ds André O'Kennedy se voorgestelde terminologie gebruik deur te praat van mense wat "gedemoniseer" was of is, op spoor van die Nuwe Testament se gebruik van die Griekse woord *daimonizomai*, om daarmee aan te dui mense – insluitende Christene – wat, om watter oorsaak ook al, in een of verskeie aspekte van hulle lewe buitengewoon sterk onder die invloed van die Bose is – op wie die Bose 'n houvas het.

**2.5** Die bediening van bevryding verwys dus na die praktyk om mense van die buitengewone invloed van die duiwel of demone te bevry. Dié demone word – deur die voorstanders van die bediening van bevryding – gesien as in diens van die duiwel. Dit is dus nodig om aan die begin uitsluitsel te kry oor die duiwel/satan.

## 3. OU TESTAMENT

**3.1** Die Hebreeuse woord *satan* word meestal vertaal met "teenstander". In die OT word *satan* dikwels gebruik as beskrywing van 'n mens wat bloot iemand se teenstander is, byvoorbeeld Hadad, Salomo se teenstander (1 Kon 11:14, 1 Sam 29:4), Haman die teenstander van die Jode (Ester 8:1). Vier keer verwys die OT na "satan" as 'n bo-menslike wese (Day 1999:727). In **Numeri 22** word Bileam voorgekeer deur 'n *malak JHWH*, 'n "engel van die Here", wat ook beskryf word as 'n *satan*. Bileam se donkie wil nie verder loop nie, maar Bileam sien eers die *satan* na die donkie begin praat. In hierdie vertelling is die *satan* nie die hoogste manifestasie van boosheid nie, trouens hy is 'n boodskapper van die Here.

**3.2** In **Job 2** (waarskynlik geskryf in middel van 6de eeu vC) verskyn *ha-satan* (Job 1:6) by 'n vergadering van hemelwesens ("seuns van God"). Die lidwoord *"die"* maak dit byna seker dat satan hier nie 'n eienaam is nie – dus steeds "die teenstander" of "die *satan*", volgens Day (1999:727). Ander geleerdes meen dat "*satan*" hier verwys na 'n titel wat in die regspraak van die tyd gebruik is, iets soos "die aanklaer", maar hieroor is daar nie konsensus nie. Hoewel Van der Hoeven meen dat ons nie hier met die "eigenlijke Satan" te doen het nie ("hij is nog te dicht bij

God en is veeleer tegenstander van mensen dan van God" (1998:152), en Day meen dat *ha-satan* hier nie "an independent, inimical force" is nie, erken Day self dit tog wel dat dit uit die vertelling duidelik is dat *ha-satan* hier 'n bo-menslike wese is wat die geldigheid van God se morele orde in twyfel trek en dit wil toets (1999:728) – dus op bo-menslike vlak God se uitdager of teenstander is.
**3.3** In **Sagaria 3** (waarskynlik geskryf na herbou van die tempel in 520 vC, vgl Rogerson 2003:721) word 'n toneel beskryf waar twee opponerende partye voor "die engel van die Here" staan: aan die een kant Jesua, die hoëpriester, en aan die ander kant, *ha-satan*. Die engel van die Here tree op as God se boodskapper en bestraf *ha-satan*, wat duidelik hier optree as die Groot Teenstander. Die engel van die Here laat die hoëpriester sy vuil klere uittrek en skoon klere aanttrek – 'n simbool van reiniging. *Ha-satan* is hierteen gekant. In die Bileam-verhaal in Numeri 22 is God se boodskapper en *satan* een persoon, maar in Sagaria 3 is hulle twee opponerende partye. Sou dit dalk dui op 'n ontwikkeling by Israel oor die begrip van die bose en Satan?
**3.4** In **1 Kronieke 21:1** (finale redigering en te boekstelling volgens Day, 73, kort na 520 nC), lees ons "Satan was teen Israel. Hy het Dawid aangehits om 'n sensus van Israel te hou" (volgens die parallelle gedeelte in 2 Sam 24:1: "Op 'n keer was die Here vertoorn op Israel. Hy het Dawid teen hulle aangehits ...: 'Gaan tel die Israeliete en die Judeërs'.) Volgens meeste uitleggers wou die Kroniekskrywer misverstande wat uit 2 Samuel se weergawe voortgespruit het, korrigeer en duidelik maak: Dit was nie God wat Dawid aangehits het nie, maar sy teenstander, Satan.
**3.5** Reflekteer dit 'n ontwikkeling in die denkwyse van die skrywers van die OT, en dus in Israel se verstaan, van die rol van die Bose en Satan? Peggy Day (1999:730) ontken dit omdat sy meen: 1) dwarsdeur die OT is *satan* nie 'n eienaam wat dui op 'n bomenslike persoon nie, 2) Numeri en Sagaria verskil oor of satan die engel van die Here is of sy teenstander – dus word hier nie van dieselfde persoon gepraat nie, en 3) die finale te boekstelling van Numeri, Sagaria en 1 Kronieke almal waarskynlik in die sesde eeu vC plaasgevind het en dat daar nie genoeg tydsverloop vir ontwikkeling was nie.
**3.6** Die argument teen Day is egter sterk as aanvaar sou kon word dat agter die finale te boekstellings tekste en tradisies lê wat uit verskillende tye dateer: eers word in Numeri van *satan* gepraat as 'n boodskapper van die Here, dan praat Job 2 van 'n teenstander, wat tog steeds afhanklik van God is. In Sagaria 3 is die *satan* 'n teenstander van die engel van die Here, en in 1 Kronieke werk *satan* duidelik teen God se bedoeling. Of dit 'n bewuste ontwikkeling was, is moeilik om te verklaar maar 'n ontwikkeling word baie sterk gesuggereer.

## 4. TYDPERK TUSSEN OU EN NUWE TESTAMENT

**4.1** So 'n ontwikkeling word nog verder gesuggereer as 'n mens na die tydvak tussen die Ou en Nuwe Testament kyk. Die woord *satan* kom min voor in Joodse geskrifte uit die Tweede Tempel Periode (ongeveer 500 vC – 70 nC) maar hy verskyn tog wel, byvoorbeeld in 3 Henog 23:16 en in die Qumran-geskrif 4 Qber (Day 1999:730). In die Griekse vertaling van die OT, die LXX, word die Griekse woord *diabolos* (teenstander) verkies (Riley 1999:244), ook as 'n vertaling van *satan* in byvoorbeeld Job 1 en 2 en 1 Kronieke 21:1), en word so spesifiek gebruik dat dit wel soms die gewig dra van 'n eienaam, Die Teenstander. Riley is oortuig van 'n ontwikkeling wat na sy mening versnel is in die tydperk tussen die twee testamente deurdat die Jode in daardie tyd beïnvloed is deur die Zoroastrianisme-godsdiens wat sy oorsprong in Iran gehad het. In daardie tyd was daar 'n sterk Joodse gemeenskap in Iran. Die uitruil van idees is vergemaklik deurdat Grieks sedert Alexander die Grote se suksesvolle militêre veldtogte in die jare 334-330 vC die *lingua franca* van daardie tyd geword het.
**4.2** Die Zoroastrianisme-godsdiens was 'n half-monoteïstiese godsdiens. Dit het een groot kenmerk gehad: 'n skeppergod wat teengestaan is deur 'n duiwelfiguur (in Griekse geskrifte *diabolos*, die "teenstander" genoem). 'n Belangrike element in die Zoroastrianisme was die idee van 'n finale geveg tussen die skeppergod en die *diabolos* waarin die *diabolos* in 'n hel van vuur gegooi sou word. Volgens Riley (1999:245) het hierdie idees vanuit die Zoroastrianisme invloed uitgeoefen op sommige Joodse denkers in die tussen-testamentêre tyd. In die Zoroastrianisme, byvoorbeeld, speel die mite van die oorsprong van die Geeste van Lig en Duisternis 'n belangrike rol, en dit kon aanleiding gegee tot soortgelyke taal en denke in die Judaïsme van dié tyd, miskien in sommige van die Qumrangeskrifte – in een van dié geskrifte *Die Oorlog tussen die Kinders van die Lig en die Kinders van die Duisternis* (in die geskrif beskryf as "die krygsmag van Belial").
**4.3** Ander navorsers wys egter daarop dat die oorsprong van die gebruik van sulke terme soos die kontras tussen Lig/Duisternis, Belial, Beëlsebul nie noodwendig in die Zoroastrianisme te vind is nie. Dit is wel duidelik dat *die terminologie van die Zoroastrianisme soms gebruik is (bv Beëlsebul, Mk 3:22), maar dat intertestamenêre Judaïsme nooit gedink het in terme van die twee magte, God en Satan, wat ewe magtig is nie*. Die Ou Testament en in die Joodse geskrifte wat tussen die twee testamente geskryf is, is eenstemmig dat die mag by God gesetel is wat op sy tyd die magte van die Bose sal vernietig.
**4.4** Die oorsprong van 'n meer uitgebreide Joodse denke oor die Satan en sy bose magte lê waarskynlik veral in die apokaliptiese geskrifte. Dié geskrifte, wat meestal dateer uit die tydperk 200 vC – 100 nC, is almal geskryf in 'n tyd toe Israel deur 'n ander land of ryk beheer is. Dikwels is die Jode deur die vreemde heersers onderdruk en is daar hard probeer om hulle godsdiens te verander of uit te delg, soos byvoorbeeld gebeur het onder Antiochus Epiphanes se inname van Jerusalem in 167 vC (en die Makkabese opstand wat daarop gevolg het). In dié tye van onderdrukking deur vreemde heersers het die apokaliptiese geskrifte ontstaan, dikwels as 'n openbaring (Grieks: *apokalips*) wat die skrywer gesien het van Israel se verdrukking en uiteindelike verlossing. In dié apokaliptiese geskrifte is die vreemde oorheersers dikwels beskryf as bo-menslike bose figure of gevalle engele. (Vir Christene, vertroud met die boek Openbaring, is die bekendste voorbeeld hiervan die verwysing na die Romeinse keiser

(waarskynlik Domitianus) van dié tyd as “die dier” en “die anti-Chris”.) Van der Hoeven (1998:159) verwys na die Joods-apokaliptiese boek 1 Henog waarin die name van die tien bose engele genoem word.

**4.5** Volgens Meier (1999:89) het die lang tye van verdrukking die Jode as ‘t ware gedwing om onwillekeurig meer oor die bose na te dink, met die gevolg dat gevalle engele, heidense heersers as manifestasies van die bose (soos die Dier in Openbaring) al hoe meer profiel in die Joodse apokaliptiese literatuur vanaf 200 vC begin kry het. In die tweede deel van *1 Henog* (die sg *Similitudines*) is daar byvoorbeeld reeds sprake van “de preëxistente hemelse ‘zoon des mensen’, die recht op aarde zal brengen en de bozen alsmede ook die gevalle engelen zal richten” (Van der Hoeven 1998:161), en in 1 Henog 53:3 word die bose engele gelys as “werktuie van Satan” In ’n ander apokaliptiese geskrif, J*ubileë*, is Mastema, *malak JHWH*, “die engel van die Here”, die hoof van die bose engele. JB Russell (1977:204) skryf oor Mastema: “Jubilees set up Mastema as someone instantly recognisable to later generations of Christians, a force for evil whose power might not quite match that of Yahweh but who remains at least semidetached from the omnipotent God”.

**4.6** Dit is belangrik om te let dat hoewel hier ooreenkomste is met die Persiese Zoroastrisme, die Joodse apokaliptiek geensins die dualisme van die Zoroastrisme (naamlik dat die skeppergod en die bose ewe sterk is en voortdurend in ’n magstryd betrokke is) reflekteer nie. Russell stel so: “...for if the Lord created darkness and allows it to rule, for whatever length of time, He must have ultimate responsibility for it. Satan is still the *mal’ak Yahweh*, no matter how head strong, envious and hostile” (214).[11]

**4.7** In die Qumran-geskrifte (waarskynlik geskryf in die 2de-1ste eeu vC), vind ons dieselfde beskouing: “geen absoluut dualisme (anders dan in het Zoroastrisme): die Vorst van de duisternis blijft een schepsel Gods” (Van der Hoeven 1998:163).

**4.8** Die ontwikkeling van die konsep van Satan in die tydperk tussen die Ou en Nuwe Testament is dus dat die ondervinding van Israel van “wreedheid, ongelijkheid, pijn en lijden” op ’n geweldige skaal (Schillebeeckx 1975:101) – en daarby kan ’n mens voeg: ballingskap buite en binne Israel – die smeltkroes is wat lei tot die oortuiging dat die Bose groter en magtiger is as die boosheid in mense.

## 5. DIE DUIWEL EN DEMONE IN DIE NUWE TESTAMENT

**5.1** Die gevolg van die ontwikkeling in die konsep van die Bose in die tussentestamenêre tydperk is duidelik in die NT. Die duiwel en bose geeste word baie meer in die NT as in die OT genoem. As ons Markus, waarskynlik die eerste evangelie, lees, is dit duidelik dat Jesus se stryd van die begin af nie net teen vlees en bloed is nie maar teen die satan en sy trawante. Reg aan die begin van Jesus se bediening “het die Gees Hom weggevat die woestyn in, waar Hy veertig dae lank gebly en deur satan (nou ’n figuur) versoek is” (Mk 1:12). Onmiddelik na Jesus sy eerste dissipels by die meer geroep het, leer hy in Kapernaum waar hy onderbreek word deur “ ’n man wat van ’n onrein gees besete was’ (Mk1:23). Jesus dryf die gees uit die man uit, tot groot verbasing van die omstanders: “Wat gaan hier aan? Dit is ’n nuwe leer, en dit kom met gesag! Hy gebied selfs die onrein geeste, en hulle gehoorsaam hom” (Mk 1:27). Daarna volg daar talle genesings maar ook spesifiek uitdrywing van duiwels en demone.

**5.2** Prof Hermie van Zyl (2000:9) behandel in sy artikel, *Die duiwel ontmasker – ’n Nuwe-Testamentiese perspektief*, die gegewens uitvoerig. Hy verdeel die voorstellings van die Bose in die NT in drie kategorieë:

***1 Die aanvoerder van die bose magte*****:** Onder verskillende name – *diabolos* (Mt 4:1), *satan* (Mt 4:1), *Beëlsebul* (Mt 10:25), *Beliar*, die aanvoerder van die demone (Mt 9:34), die owerste van hierdie wêreld (Jh 12:31, 1 Kor 2:,6,8), die god van hierdie wêreld (2 Kor4:4), die vors van die onsigbare magte (Ef 2:2) – verlei hy mense, veroorsaak siektes, kla en straf sondaars. Uiteindelik sal hy saam met al die demone en boosdoeners in die poel van vuur gewerp word (Mt 25:41; Op 20:9-10. “Tot dan kan hy egter baie skade aanrig” (1 Pt 5:8; Op 12:12) (Van Zyl 2000:12).

***2 Boosaardige demone*****:** Van Zyl wys daarop dat die NT onderskei tussen die “hoofduiwel” en “demone” (Grieks: *daimonia*)/bose geeste. In die Sinoptiese evangelies (Mt, Mk, Lk) lees ons veral van die demone wat as bose geeste deur Jesus uit mense gedryf word. In dié evangelies is die verband tussen demoonuitdrywing en genesing van siekte baie sterk. Van Zyl beskryf demone as “nie-menslike, geestelike wesens” (2000:12). In Johannes lees ons nie van uitdrywings nie, maar word na satan as die “vader van die leuen” (Jh 8:44), die “owerste van die wêreld” (Jh 16:11) verwys. Die prentjie wat van satan in die Johannes-evangelie geskilder word, is nie soseer die oorsaak van siektes nie, maar die “argetipe van sondige opstand teen God en daarom as oorsaak en bewerker van sonde” (2000:15).

***3 Onpersoonlike magte:*** Dit is veral in die Pauliniese briewe waarin ons lees van “bonatuurlike, onpersoonlike mag(te) waaraan die mens uitgelewer is” (2000:13). Die Griekse woorde in gebruik is woorde soos *aragai, eksousia*, of die begrip “antichris”.

***4 Die duiwel magtig maar oorwonne:*** Verder wys Van Zyl daarop, dat hoewel die NT, in vergelyking met die OT, meer oor die duiwel praat, daar tog in die NT, in vergelyking met buite-Bybelse geskrifte, “weer ’n terughoudendheid is in die wyse waarop oor die duiwel geskryf word (2000:16). Daar word byvoorbeeld geen verklaring gebied vir die oorsprong van die Bose of die duiwel nie. Verder word daar duidelik gemaak dat die duiwel magtig is – magtiger as die mens – maar tog beperk deur God se mag; dat die duiwel ‘n oorwonne vyand is

---

[11] H Haag 1974:268: “Vor allem hat die jüdische Religion nie einem widergottlichen Prinzip irgendwelche schopferische Funktionene zugescrieben, wie die zarathustrische Religion dem Angra Manyu.”

– hy het soos ’n weerligstraal uit die hemel geval (Lk 10:18), en alle bose magte is aan die gekruisigde en opgestane Christus onderwerp (Ef 1:22, Flp 2:9-11, Kol 1:15-20, 2:10.)

## 6. MITOLOGIESE TAAL WAT ONTMITOLOGISEER MOET WORD?

**6.1** By die lees van die Bybel ontstaan die vraag: in hoeverre is die taal van die Bybel mitologiese taal wat onmitologiseer moet word? Is dit nie ’n geval dat die mense van Jesus se tyd nie die kennis en begrippe gehad het om sekere siektetoestande te beskryf nie – en dus die logiese weg geneem het om van ’n siek persoon te sê dat ’n bose gees in hom gevaar het? Dit is tog ’n verskynsel wat ons in ander voorwetenskaplike kulture aantref. Mense – in verskillende kulture – wat nie die mediese kennis het om ’n epileptiese aanval te diagnoseer en so te beskryf nie, beskryf so ’n gebeurtenis gewoonlik as ’n bose gees wat iemand in besit neem. Dit is die voor die hand liggende verklaring binne ’n wêreldbeeld wat Van Peursen (1972:26) ’n mitologiese wêreldbeeld noem.
**6.2** By die lees van die Sinoptiese evangelies – waar die uitdrywing van bose geeste by uitstek beskryf word – sien ons dat dit soms wel die geval is: daar is duidelike gevalle in die Sinoptiese evangelies waar ons gevalle kry van mense wat aan siektes ly wat ons vandag ken – maar wat die mense in Bybelse tye nie as siektes geken het nie, en waarvoor hulle dus die mees beskikbare beskrywing gebruik het – hulle is “van die duiwel besete”. ‘n Voorbeeld hiervan is die seun wat dikwels aanvalle gekry het wat hom laat val het, soms in die vuur (Matt 17:14-20). Dit lyk oënskynlik na ’n duidelike voorbeeld van wat ouer mense “vallende siekte” genoem het en wat ons vandag epilepsie noem.
**6.3** As ons dit erken (sê baie Bybelverklaarders), word Jesus se wondergenesing nie in twyfel getrek nie. Daar word net gesê dat hy die seun van epilepsie genees het en dat die omstanders dit op die enigste manier waaroor hulle daaroor kon praat, beskryf het – deur te sê dat Jesus ’n demoon uit die seun gedryf het.
**6.4** Nog ’n voorbeeld hiervan is die genesing van Petrus se skoonma. In Lukas 4:38 lees ons dat Jesus die koors bestraf het – en “dit het haar verlaat, en sy het onmiddellik opgestaan” (v 39). Hier word nie van ’n demoon gepraat nie, maar die ander elemente van bevryding is daar: die koors word as ‘n “persoonlike” mag aangespreek en “bestraf” – waarop die koors (soos ‘n gehoorsame demoon) die vrou verlaat.  Die interessante is egter dat in Matteus se weergawe van dieselfde gebeure die genesing nog altyd wonderlik is maar die vertelling is sonder enige demoniese of bevrydingstaal: “Toe Jesus in die huis van Petrus kom, sien Hy Petrus se skoonma siek lê met ‘n hoë koors. Hy het haar hand gevat, en die koors het haar verlaat. Sy het opgestaan en Hom bedien” (Matt 8:14-15).
**6.5** Dié voorbeelde bevestig die indruk dat baie van die demoon-uitdrywings in wese genesings was, en dat die mense bloot van “demoon-uitdrywings” gepraat het omdat hulle nie ander taal en begrippe vir die verskynsels gehad het nie. As ’n mens die verwysing na die demone of die duiwel uitlaat, verloor die gebeure niks van sy trefkrag nie. Dalk was die verwysings na demone en duiwels en na bevryding slegs ’n tydsgebonde manier van praat oor genesing – en is die bose geeste wat “uitgedryf word” nie wesenlik deel van die wonder nie. Dit is slegs die taalgebruik waarin die genesing beskryf word.
**6.6 Maar is alles mitologiese taalgebruik?**
**6.6.1** Die probleem is egter dat daar in NT  ander materiaal is wat nie so maklik as ’n tydsgebonde “manier van praat” verklaar kan word nie. Daar is gevalle in die evangelies wat die omstanders beleef het dat iemand nie alleen genees is nie maar dat een of ander bose mag in die persoon verbreek is. Gebeure waarin die bose geeste klaarblyklik nie net ’n tydsgebonde wyse van praat oor epilepsie is nie maar wesenlik deel is van die gebeure. Neem byvoorbeeld die verhaal van die besetene van Gerasa (Mk 5:1). Die man tussen die grafte “het Jesus al van ver af gesien en nader gehardloop. Hy het voor Hom neergeval en hard geskreeu: ‘Wat het U met my te doen, Jesus, Seun van God die Allerhoogste?’ “ – en toe Jesus hom na sy naam vra, antwoord hy “Legio”, waarop die man Jesus “ernstig gesoebat het om hulle (die bose geeste) nie uit die landstreek weg te stuur nie”. Jesus het die versoek toegelaat en die bose geeste het in ‘n trop varke ingevaar.
**6.6.2** Dan is daar die uitspraak van Jesus in Lukas 11:20: “Maar as Ek deur die vinger van God die duiwels (*daimoniai*) uitdryf, dan het die koninkryk van God waarlik by julle gekom” – wat die indruk gee dat Jesus se demone-uitdrywing gesien is as direkte oorwinning oor Satan en sy magte.
**6.6.3** Die indruk by die lees van hierdie tekste is nie dat “die uitdryf van demone” bloot ’n tydsgebonde manier is om ’n genesing van ’n onbekende siekte te beskryf nie. Dié uitspraak van Jesus in Lukas 11:20 kom juis voor in ’n twisgespek met die Fariseërs wat beweer dat Jesus “met die hulp van Beëlsebul, die aanvoerder van die duiwels (*daimoniai*)”, die duiwels uitdryf. Jesus se optrede en woorde hier klink eerder as ’n teregwysing van die Fariseërs oor die oorsprong van sy mag.
**6.6.4** Die verwysing na bose geeste is in hierdie gedeeltes  nie net ’n manier van praat oor ’n diagnoseerbare siektetoestand nie. In hierdie gedeeltes is dit duidelik dat Jesus se woorde en optrede, soos neergeskryf deur Lukas, in hierdie stuk intensioneel van aard is – Jesus dryf *met opset* die bose geeste uit – om so duidelik te maak dat Hy sterker as die bose is en dat sy koninkryk groter is as die mag van die bose (Adrio Konig in sy boek, *Een wat sterker is*[12].)

[12] Konig skryf (1972:27): “Dit is dus volkome duidelik waarom die duiwelsuitdrywing so ’n oorheersende plek in Jesus se optrede inneem: so kom die koninkryk van God, so word openbaar dat God (Jesus) die herstel en sy skeppingsdoel deurvoer: om die mens in sy gemeenskap op aarde te laat woon en sy vreugde en geluk te laat smaak.”

**6.6.5** Dit is ook duidelik dat 'n mens nie die optrede teen die bose magte in ander dele van die NT buite die Sinoptiese evangelies as genesings kan verklaar nie. Wanneer Paulus in Kol 2:15 skryf: "Hy (God) het elke mag en gesag ontwapen en hulle in die openbaar vertoon deur hulle as gevangenes in die triomftog van Christus mee te voer", is dit duidelik dat dit vir hom en sy lesers nie gaan om genesing van een of ander siekte nie maar om bo-menslike magte en kragte wat deur Christus oorwin is (so ook Ef 1:21, Filip 2:9-11, Kol 1:15-20). In Op 12 lees ons van die kwaad wat veroorsaak word deur die vrou en die draak – dus boosheid wat nie 'n projeksie is van die mens se gees nie, maar sy oorsprong het buite die mens.

## 7. BESTAAN DIE DUIWEL REGTIG? DIE POSISIE VAN DIE KLASSIEKE TEOLOGIE

Wie oor die bediening van bevryding wil praat, moet duidelikheid kry of daar wel 'n duiwel bestaan – in die sin van Jaap Durand se omskrywing: " 'n Godvyandige, bose mag wat bo die individueel menslike uitgaan en ten slotte gestalte kry in die persoon van die duiwel" (1978:89). In die klassieke ortodokse teologiese tradisie was daar tot en met die Verligting[13] in die 18de eeu min of meer eenstemmigheid dat die duiwel wel bestaan het. Volgens H-M Barth (1974:124) is die eerste teologiese verhandeling oor die *Non-Existenz des Teufels* in 1778 geskryf. Hierbo is probeer aantoon dat wat die skrywers van die OT betref, maar veral van die NT, daar wel 'n Godvyandige bose mag bestaan het. Die vraag is nou: kan ons dié oortuiging van die Bybelskrywers deel, of is dit nodig dat ons dit moet erken as hulle tydsgebonde mitologiese taalgebruik wat ons as verantwoordelike Christene nie in die 21ste eeu kan herhaal nie?

Daar is ten minste twee argumente wat aangevoer word waarom ons vandag nie meer van die duiwel kan praat nie:

### 7.1 DIE DUIWEL EN BOSE MAGTE IS PRE-MODERNE TAALGEBRUIK WAT DIE WARE BOODSKAP VAN DIE EVANGELIE VERDUISTER

**7.1.1** Die begrippe van 'n "duiwel", "Satan", bose geeste of demone was inherent deel van die pre-moderne wêreldbeeld. CA van Peursen (1972:26) noem dit 'n "mitologiese wêreldbeeld" – 'n perspektief op die omgewing rondom jou waarin alle voorwerpe wat met die oog waargeneem kan word (mense, bome, huise) deur onsigbare magte beweeg of beset is. In elke rivier wat jy moes oorsteek, was daar 'n riviergees wat besweer of oorwin moes word vir 'n veilige oortog. Die Bybelse wêreldbeeld van gelowiges het hulle van meeste sulke vrese bevry omdat hulle geglo het die aarde (met al sy riviere, bosse, huise en mense) behoort aan en is ondergeskik aan die God van Abraham. Tog het die bevryding nie gelowiges 'n ander taal laat praat nie – hulle het, soos hulle heidense tydgenote, gedink en gepraat in terme van voorwerpe en mense wat deur geeste beïnvloed of beset is hoewel hulle oortuig was dat God dié geeste oorwin het en hulle daarom nie die "bose geeste" hoef te vrees nie.
**7.1.2** Vandag, met ons wetenskaplike kennis vir natuurverskynsels, weet ons ook dat dit wat mense beweeg nie "bose geeste" is nie maar hulle eie sielkundige samestelling en hulle sosiologiese verbinding (of gebrek daaraan) met ander mense. Derhalwe is dit nie net onnodig om in "die duiwel" of "bose geeste" te glo nie, maar ook onwys – want so vervreem ons onsself en ons Goeie Boodskap van ons moderne medemense wat moontlik nog in ons boodskap van en oor Jesus belangstel, maar afgesit word deur ons pre-moderne, vreemde en mitologiese gepraat oor "die duiwel" en "bose geeste" – wat nog te sê bose geeste uit mense te dryf.
**7.1.3** In antwoord op hierdie argument sou 'n mens die volgende kan sê:
**7.1.3.1** Ons kan nie ontken nie dat ook die NT se skrywers kinders van hulle tyd was, en dus tuis was in 'n wêreldbeeld waarin verskynsels wat hulleself nie kon verklaar nie toegeskryf is aan die werking van die bo-natuurlike. Dié besef maan ons om ons eie oordele krities te oorweeg – sou dit dalk wees dat ons dieselfde doen: dat ons verskynsels (bv sielkundige toestande waarmee ons onbekend is) toeskryf aan die werking van 'n bose gees of demoon? Dit is op grond van hierdie argument dat sommige Christene oortuig is dat iets soos die bediening van bevryding nie 'n Christelike pastorale opsie is nie want die bestaan van iets soos bose geeste of die duiwel is 'n denkwyse wat vasgevang is in 'n pre-moderne denkskema.
**7.1.3.2** Maar die teenoorgestelde is natuurlik ook waar: dat ons ons nadenke oor wat vir God moontlik is, laat indruk in 'n keurslyf van 'n empiries-aanwysbare oorsaak-en-gevolg-skema, en dat ons God slegs beweegruimte toelaat binne dit wat na ons mening, binne die beperkinge van oorsaak-en-gevolg, moontlik is. Dit is juis een van die punte van kritiek van diegene wat 'n bediening van bevryding beoefen op hulle kritici, naamlik dat dié kritici vasgevang is in 'n positivistiese wêreldbeskouing waarin rasionalisme en empirisme die laaste woord het.
**7.1.4** Tussen dié Scylla en Charibdis moet ons deurvaar. As moderne mense kan ons nie anders om te erken dat dit juis die kritiek van die Verligting sedert die 18de eeu is wat ons samelewing vandag vrygemaak het van bygelowe en vrese, waarvan baie godsdienstig van aard was. Aan die ander kant is dit ook so dat, as ons die empiriese kriteria van die aanduibare oorsaak-en-gevolg sou aanvaar as die grense van ons teologiese nadenke en praktyk, ons nie in Jesus se wonders, sy opstanding uit die dood glo nie en sou ons ook nie met vrymoedigheid vir die genesing van siekes kon bid nie.

---

[13] Volgens H-M Barth (1974:124) is die eerste teologiese verhandeling oor die *Non-Existenz des Teufels* in 1778 geskryf.

**7.2 DIT IS ETIES ONVERANTWOORDELIK OM DIE OORSAKE VIR MENSE SE OPTREDE BUITE HULLESELF TE LOKALISEER**

**7.2.1** Die tweede argument teen die herhaling van Bybelse "pre-moderne taalgebruik" rakende die duiwel en bose geeste lui so:

As ons die duiwel en bose magte aanwys as die oorsake vir mense se a-sosiale gedrag, geneigdheid tot perverse seks, wreedheid of wat ook al, verskuif ons ons eie en hulle verantwoordelikheid. Dit is soos 'n drankverslaafde wat verduidelik dat hy drink "omdat die duiwel my laat drink". Solank hy so dink, aanvaar hy nie verantwoordelikheid vir sy gedrag nie, en ook nie vir die moontlike verandering in sy gedrag nie – met die gevolg dat hy in meeste gevalle voortgaan om te veel te drink. 'n Bediening aan bevryding (so word geargumenteer) doen – onbedoeld, maar nogtans – dieselfde: in plaas daarvan om mense met sielkundige probleme te begelei om hulle persoonlikheidstekorte en gebrek aan sosiale vaardighede te erken en, saam met ander ondersteuners, daaraan te begin werk, word die oorsaak van hulle probleme as 'n eksterne demoon geïdentifiseer en dan uitgedryf. Die katarsis wat in so 'n geval veroorsaak word deur die emosionele uitdrywingsessie (en die voorbereiding wat dit voorafgaan) bring 'n verligting wat in meeste gevalle egter kortstondig van aard is. Wanneer die persoon dan weer later dieselfde gedrag begin openbaar, is sy nog verder van genesing af, want nou is sy oortuig dat die demoon haar weer in besit geneem het.

**7.2.2 I**n antwoord op hierdie argument moet die waarskuwing teen die verskuiwing van verantwoordelikheid ernstig geneem word. Dit geld nie net vir diegene wat pleit vir 'n goedkeuring van 'n bediening van bevryding nie maar ook diegene wat in die algemeen geneig is om die oorsaak vir sonde buite die mens te soek. So word die Bybelse les dikwels vergeet: die mens self is die grootste oorsaak van sy eie sonde. "So vind ek dan hierdie wet in my: ek wil die goeie doen, maar al wat ek doen, is die slegte" (Rom 7:21). CS Lewis het beroemd geword vir sy *Screwtape Letters* waarin die duiwel se raad aan sy vakleerling-duiwel is om nie sy prooi te probeer mislei met 'n tromp-op versoeking nie maar eerder die mens se eie selfsugtige neigings bloot aan te wakker. Maar NP van Wyk Louw het dit miskien die raakste gesê in sy *Ballade van die bose*: "*Ken jy my nou?/ Het jy die spieël gesien/ en ken jy jou?... Die veles meen/ hulle ken my gesig,/ maar ek skuil te glansryk,/ te na aan die lig, / en as jul wil waarsku/ en wysheid gee, / dan praat ek reeds / in die woordklank mee..."*

## 8. DIE 20ste EEU: DIE DUIWEL KOM WEER

Maar hoewel dit waar is dat die bose dikwels binne ons self skuil, is daarmee nie genoeg gesê oor die reikwydte van die bose nie.

**8.1 IN DIE GEREFORMEERDE TEOLOGIE**

**8.1.1** Dit was 'n kenmerk van die hoofstroom Gereformeerde tradisie dat die mens se sondigheid as oorsaak van sy selfsug en sondige optrede nooit onderskat moet word nie. Daarom was daar 'n sekere terughoudendheid om te veel oor die duiwel te spekuleer ingeval dit ons aandag van ons eie sondige neigings sou aflei. Desnieteenstaande was daar in dié tradisie in die verlede min twyfel dat daar wel 'n duiwel/satan bestaan het. Vir Karl Barth is die bose die moeilik vertaalbare "das Nichtige" (die Nietige, the Nothingness) – want "das Nichtige" is beslis nie niks, "Nichts" (Weber 1975:145) nie*. Das Nichtige* is die bose wat nie deur God geskep is nie en tog deel van God se skepping is, en verkry sy "ontiese samehang" deurdat dit teen God handel – 'n "genadevreemde, genade-ontkennende, genadelose bestaan" (Weber 1975:145).  'n Mens sou miskien kon sê die Bose kry en maak sy bestaan slegs deurdat hy/dit teen God handel. Dit sou verkeerd wees om hiervan af te lei dat Barth meen die duiwel bestaan nie. Dit is eerder dat hy so duidelik as moontlik wil sê dat die duiwel as die groot Negatief slegs bestaan omdat hy teen God optree.

**8.1.2** Otto Weber wys daarop dat ons nie "in" die duiwel glo nie, maar "teen" die duiwel – maar die mag teen wie ons glo, is 'n realiteit (Weber 1959:539). Die bose in onsself sluit aan by die Bose, maar die Bose kan nie gelykgestel word met die boosheid in onsself nie. "Niemand kan die bestaan van die duiwel 'bewys' nie. Maar die gelowige ken sy Vyand" (Weber 1959:539). Dieselfde argument vind ons by Berkouwer (1958:90-119, "het bijbels getuigenis deze 'macht' self reken met een *Ander*",106) en Johan Heyns (1978:166). Beide Berkouwer en Heyns beklemtoon dat, ten spyte van die Bose se mag, dit nie 'n outonome mag is nie maar funksioneer binne "ruimte wat God in sy Raad aan Satan afgestaan het... nie 'n ruimte om in te lewe nie, maar om in te sterwe" (Heyns 1978:168. In sy boek *Die Sonde* (1978:99) praat Jaap Durand goedkeurend van die Gereformeerde tradisie van "'n Godvyandige, bose mag wat bo die individueel menslike uitgaan en ten slotte gestalte kry in die persoon van die duiwel".

**8.1.3** Maar iemand sou kon sê dat dit is wat 'n mens van Gereformeerde teoloë verwag. Maar wat van ander denkers?

**8.2 BY CHARISMATE EN ATEÏSTE**

**8.2.1** Aan die een kant is dit waar dat vir 'n groot deel van die 20ste eeu die modernistiese denkwyse geweldig invloedryk geraak het en dat daar al hoe minder ruimte gegun is vir wat beskou is as enige "bo-natuurlike" denkpatrone. In die hoofstroom-teologie is daar 'n geregverdige reaksie teen 'n prediking uit vorige tye waar die duiwel dikwels gebruik is as bangmaker om mense na God toe te laat vlug. Die gevolg is dat dit waar is dat al hoe minder oor die duiwel en demone gepraat word.

**8.2.2** Aan die ander kant is dit ook waar dat, vanaf ongeveer 1970, daar veral deur die groeiende invloed van die charismatiese beweging, al hoe groter aandag vir die stryd teen die duiwel en demone, vir duiweluitdrywing en

"geestelike oorlogvoering" gevra word. Maar selfs voor die charismatiese belangstelling in die duiwel en demone was daar vroeër in die 20ste eeu 'n groeiende belangstelling in die werking van die "demoniese".

**8.3 DIE 20STE EEU: DIE DUIWEL IN DIE STRUKTURE VAN DIE SAMELEWING**

**8.3.1** Nadat die 19de eeuse Protestantse hoofstroom-teologie geneig was om al hoe 'n kleiner rol aan die bose toe te ken, het die oortuiging in die tweede helfte van die 20ste eeu verander – hoofsaaklik weens hulle ontnugtering dat, eerstens, ten spyte van 'n ryk kultuur die Weste in die 20ste eeu twee wêreldoorloë beleef het, en tweedens, die ontdekking dat die Weste se eie proses van kolonisasie nie deur die ontvangers daarvan as 'n beskawing ervaar is nie, maar as 'n daad van magsmisbruik en lyding. Nie net teoloë nie maar ook filosowe en geskiedkundiges het 'n nuwe ontsag gekry vir die omvang van menslike lyding – en die boosheid wat daaragter lê. Durand (1974:81) skryf hieroor: "Die openbaring van die kwaad in die moderne samelewing, veral in en na die tyd van die Eerste en Tweede Wêreldoorlog, het sulke afmetings aangeneem en sulke afgronde van ongeregtigheid het oopgegaan, dat die mens van hierdie eeu vir homself moes rekenskap gee van die vraag of ons hier met verskynsels te doen het waarvoor 'n uitsluitende menslike verklaring gegee kan word. Gevolglik klink meer en meer stemme op waarin blyke geee word van 'n erkenning dat die kwaad oor 'n *mag* is wat bopersoonlike trekke kan aanneem. Juis rondom die verskrikkinge wat hierdie eeu beleef het, hoor ons weer begrippe soos "demonies" en "satanies", wel hoofsaaklik as byvoeglike naamwoorde om die handelinge van mense daarmee aan te dui, maar dan tog ook om uitdrukking te gee aan die oortuiging dat die bose ook iets buite die mens is wat van hom besit neem."

**8.3.2** Voorbeelde hiervan is die Hervormde teoloog Hendrikus Berkhof se boek *Christus en de machten,* en die sendingwetenskaplike Johannes Verkuyl (1992:270) wat praat van "stromingen, ideologieën en religiueze bewegingen... (waardeur) worden hele volkeren a.h.w. met blindheid geslagen... door demonische machten die sterker zijn dan individuele mensen".

**8.3.3** 'n Tweede, baie interessante voorbeeld is die sonderlinge essays deur Ernst Bloch, Joods-gebore neo-Marxistiese filosoof, oor die demoniese in die Duitse samelewing van die 1920s (aangehaal deur Berger 2000:24). Sonderling omdat Bloch, 'n ateïs, self nie in die persoonlike bestaan van God of die duiwel geglo het nie maar nogtans oortuig was dat daar 'n onverklaarbare boosheid in die struktuur van die samelewing van sy tyd gesetel was. Dieselfde punt maak 'n ander ateïs, die neo-Marxis Leszek Kolakowski in 1970s, wat meen die moderne mens se slaafse navolging van die modernistiese patroon wat geen plek vir enige bo-natuurlike gegewe soos die duiwel maak nie is insigself demonies van aard omdat dit so magtig is (aangehaal deur Thielicke 1982:448). Die feit dat kultuurkritici en filosowe in die 20ste eeu ons aandag vestig op wat hulle "die demoniese" in ons samelewings noem, is natuurlik nie 'n bevestiging van die tradisionele geloof in die duiwel en in duiweluitdrywing nie. Wanneer baie van hierdie denkers – soos die neo-Marxiste Bloch en Kolakowski, en die Hervormde teoloog Berkhof[14] – van die demoniese in die samelewing praat, dink hulle nie aan die duiwel en sy demone nie maar gebruik dit as metafore vir wat hulle beskou as strukture van boosheid in die samelewing (bv die wapenwedloop in die 1970s en 1980s). Aan die ander kant weer skryf ander denkers in dieselfde tyd soortgelyke boeke waarin hulle wel van die duiwel as 'n metafoor praat maar tog ook van die duiwel en demone as werklikhede praat – soos byvoorbeeld die bekende Franse skrywer Denis Rougemont in sy *The Devil's Share* geskryf net na die Tweede Wêreldoorlog.

**8.3.4** Nog 'n stap verder gaan Walter Wink, professor in die teologie aan die Auburn Teologiese Seminarium in New York, in sy boeke *Naming the Powers* (1982) en *Unmasking the powers* (1986). Wink identifiseer drie tipes van "demoniese manifestasies": a) *kollektiewe besetenheid* – waarin hy soos die skrywers hierbo waarsku oor die strukture van boosheid in die samelewings (ideologieë, konstellasies van magsgroepe ens), b) *innerlik-persoonlike besetenheid*, waarmee hy eintlik nie besetenheid deur demone bedoel nie maar eerder die "demone" in die sin van sielkundige wanaanpassings en c) *uiterlik-persoonlike besetenheid*, waarin hy skryf oor gevalle in sy bediening wat, na sy mening, inderdaad op geen ander manier verklaar kan word nie as dat hulle van demone besete was. Enkele kenmerke van hierdie gevalle is: 'n "evil presence or personality" wat in die betrokke persoon aanwesig is, die persoon wat in stemme of tale praat wat aan homself onbekend is, 'n ongebreidelde sug om teen "God and everything sacred" te laster en "onmoontlike kontorsies" in die liggaam van die persoon. Die bekende sielkundige en skrywer M Scott Peck bepleit in sy *People of the Lie* (1983) 'n instituut om sulke derglike gevalle (met wie hy oor jare in sy praktyk te doen gehad het) te dokumenteer en bestudeer.

## 9. 'N PERSOONLIKE DUIWEL?

**9.1** Sou dit dan beteken dat daar tog 'n duiwel as 'n persoonlike wese bestaan? Helmut Thielicke, Lutheraanse teoloog, meen (in sy *Evangelical Theology vol 1*, 1982:) daar is net een rede waarom ons nie in die werklikheid van die duiwel kan glo nie – en dit is dat ons tydsgees ons dit nie toelaat nie. Hy meen dit sou oneerlik wees om die *mag* van die duiwel en die demoniese in die samelewing te erken (soos baie teoloë na die Tweede Wêreldoorlog gedoen het) maar die persoonlike karakter van die demoniese te ontken. Hy skryf: "If we speak decidedly only of a power of the demonic without emphasizing its personal character, the question necessarily remains whether we are not innocent victims of usurpation of their own personality" (1982:450).

---

[14] H Berkhof, *Christelijk Geloof* (1973:214) verstaan die duiwel as "ideeënmateriaal van een cultuur of periode" waartoe ons nie vandag gebind is nie.

**9.2** Klaus Berger, professor in NT aan die Universiteit van Heidelberg, skaar hom in sy boek *Zit de duivel achter alle kwaad?* by die neo-Marxis Ernst Bloch se pleidooi om die demoniese trekke in die moderne samelewing te erken en om nie, onder die invloed van "die rasionalisme of sosiologie of psigologie", die mag van die bose in ons samelewing te onderskat nie (2000:23). Dit is vir Berger "onbewist dat het bij de duivel (= de boze) gaat om een verschrikkelijke, onzichtbare werkelijkheid" (2000:153). Vir Berger is die duiwel "een vorm van intelligentie", maar hy is huiwerig om van die duiwel as "persoon" te praat, nie omdat hy die werklikheid van die Bose wil geringskat nie, maar omdat hy meen die term "persoon" –"in onzer zeer beperkte, westerse betekenis van indvidualiteit" (2000:153) – is 'n moderne begrip wat nie van toepassing is op die duiwel en demone nie. Daarom verkies hy om nie te praat van die duiwel as 'n persoon nie, maar dit moet nie misverstaan word nie – asof hy daarmee die werklikheid van die duiwel bevraagteken: "De duivel van de Bijbel is dus machtig en intelligent, fassinerend en via taal te bereiken, maar hij is geen persoon in onze betekenis" (Berger 2000:154).
**9.3** Jaap Durand erken die werking van die duiwel in die bose strukture van die samelewing – so sterk beklemtoon na die Tweede Wêreldoorlog – en wys daarop dat veral in die Pauliniese taalgebruik hierdie werking van die Bose erken word, byvoorbeeld wanneer in Ef 1:21 Christus se oorwinning van "elke mag en gesag, elke krag en heerskappy" in sy opstanding 'n werklikheid word (vgl ook Kol 1:13, Ef 2:2, Ef 6:12, Gal 1:4, Rom 3:16, 2 Kor 5:19). Maar, vervolg Durand, dit beteken nie dat dit *al* manier is waarop die Bose sy mag uitoefen nie. Die duiwel is ook "'n reële mag wat personale gestalte kry in die persoon van satan en sy ryk van demone" (Durand 1978:90).
**9.4** Die Suid-Afrikaanse Lutherse teoloog Klaus Nürnberger verkies om nie van die duiwel as persoon te praat nie maar wel van die duiwel as 'n "mitologiese gestalte", maar dit beteken "geensins dat die krag van boosheid, waarvoor hierdie figuur staan, nie werklik is nie!" (1975:267).
**9.5** Selfs Michael Green, bekend as 'n evangeliese en behoudende Britse skrywer, wat geen twyfel het dat daar 'n duiwel is nie, meen in sy *I believe in Satan's downfall* (1981) dat 'n mens in Christelike kringe nie moet praat van die duiwel as persoon nie: "But what do we mean by saying that Satan is a personal devil? What most people mean by that is to claim that Satan is an organising intellect, a single focus and fount of evil inspiration. That seems to me to be a very proper inference to draw from the teaching of the Bible. But it is doubtful if we can call him 'personal' in any other sense".
**9.6** Die probleem met die begrip "die duiwel as persoon" is dat dit 'n mens byna onwillekeurig daartoe bring om te dink aan 'n rooi wese met 'n mens se lyf, 'n bok se pote, 'n vampier se vlerke en 'n pylstert wat sy slagoffers in 'n poel van vuur gooi. Dit is egter die Middeleeuse beeld van die duiwel maar nie die Bybel s'n nie – en sal op baie ewewigtige mense in die 21ste eeu nie groot indruk maar nie.
**9.7** Miskien help dit ons om te onthou dat daar nie 'n Bybelse leer is dat die duiwel soos 'n mens lyk of soos 'n mens 'n figuur is nie. Dit is so dat die duiwel wel moontlik in 'n menslike gestalte aan Jesus verskyn het by sy versoeking in die woestyn, maar dit is belangrik om te onthou dat die versoeking net sowel 'n visioen kon gewees het. Dié ervaring word nie beskryf asof dit 'n ontmoeting in gewone tyd en ruimte plaasgevind het nie. By die eerste versoeking is Jesus in die woestyn, by die tweede versoeking bring die duiwel Hom "in 'n oogwink" op 'n hoogte en net daarna staan hulle altwee skielik "op die hoogste punt van die tempel" (Lk 4:5-9). Die gegewens dui daarop dat hier 'n visioen of droom beskryf word. Dit sou verkeerd wees om uit hierdie gegewens af te lei dat die duiwel 'n figuur soos dié van 'n mens was omdat hy hier praat soos 'n mens praat.

## 10. "GLO JY AAN 'N PERSOONLIKE DUIWEL?' IS NIE DIE REGTE VRAAG NIE

**10.1** Hierdie bespreking van verskillende standpunte oor "die persoonlike duiwel" het 'n belangrike punt na vore gebring – naamlik dat die vraag: "Glo jy aan die duiwel as persoon?" nie geskik is om mense se geloofsoortuigings oor die Bose te toets nie. Die rede daarvoor is dat die term "as persoon" baie meer onduidelik is as wat ons vermoed. Dit is heel moontlik dat twee teoloë wat dieselfde standpunt oor die duiwel huldig, verskillend op die vraag sal antwoord. Jaap Durand en Michael Green glo albei dat daar iets soos die duiwel bestaan. Altwee glo dat die mens se eie sondige neigings die groot rede is waarom ons sondig – maar albei meen dat die werking van die Bose ook hierin 'n belangrike rol speel. Albei glo die Bose het hom tuisgemaak in die bose strukture van die samelewing, en albei glo dat die duiwel net so fluks werksaam is in ons as individue. Albei glo dat die Bose manifesteer as 'n mag soos in 'n valse en gevaarlike ideologie, maar albei glo ook dat die Bose 'n "single focus and fount of evil inspiration" (Green:266) is. Maar waar Durand praat van 'n "reële mag wat 'n personale gestalte kry", wil Green nie praat van 'n "devil as a person" nie.
**10.2** Die verskil lê egter nie daarin dat Durand en Green verskillend oor die Bose dink nie, eerder dat hulle verskillende opvattings oor die term "persoon" het. Durand gebruik die woord "personale" om te beklemtoon dat die Bose 'n werklike mag is, maar Green vermy die woord "persoon" omdat hy meen dit bring ons onwillekeurig daartoe om aan die Bose te dink as 'n persoon in menslike terme – 'n bose persoon met 'n menslike liggaam. Dikwels word die vraag gestel, "Glo jy in die duiwel as 'n persoon?". Dit is egter te betwyfel of dit die regte vraag is. Die kwessie waarom dit gaan is nie of ons glo die Bose het 'n kop, hande, voete en dalk 'n pylstert nie, maar of ons glo dat die Bose 'n werklike wese is.
**10.3** Dit is belangrik om te onthou dat Christene wel bely dat God in Jesus mens geword het maar hulle bely nie dat die duiwel mens geword het nie. Die geloofsartikel dat God in Jesus van Nasaret 'n menslike persoon geword het, is vir die Christen ononderhandelbaar – maar daar is nie so 'n geloofsartikel oor die Bose se vleeswording nie. Christene glo wel dat die Bose 'n werklikheid is, maar dit is verwarrend om daarop te staan dat die duiwel 'n persoon is – want dan klink dit asof ons sê dit is 'n wesenlike geloofsartikel van die Christelike geloof dat die Bose hom as 'n menslike figuur manifesteer – wat nie die geval is nie. Christene glo in die werklikheid van die Bose, en

dat die Bose in Christus oorwin is maar dat ons nog nie volkome van hom verlos is nie – maar nie noodwendig dat die Bose hom as persoon manifesteer nie.
**10.4** Dit sal dus beter wees om nie aan te dring op die term "'n persoonlike duiwel" nie maar eerder te beklemtoon dat ons hier praat van 'n selfstandige wese wat werklik bestaan.

Maar wat dan van demone en hulle demonisering van mense?

## 11. DEMONE EN DIE DEMONISERING VAN MENSE: 'N WERKLIKHEID?

**11.1** As die werklikheid van die Bose erken word wat oor bomenslike mag beskik, is dit waarskynlik dat die Bose ook oor die mag beskik om individue op 'n buitengewone manier onder sy invloed te kry.
**11.2** Daar is in die Bybel getuienis dat Jesus se stryd teen die Bose nie met sy kruisiging en opstanding afgehandel is nie. Dié getuienis is duidelik: met Jesus se kruisiging en opstanding is "die owerste van hierdie wêreld uitgegooi... buitentoe" (Joh 12:31). 'n Deurslaggewende oorwinning is behaal, maar die Bose is nie finaal vernietig nie. Hy loop steeds rond soos 'n brullende leeu (1 Pet 5:8), soos die engel van die lig (2 Kor 11:14): daarom is sommige se "verstand deur die god van hierdie wêreld verblind" (2 Kor 4:4), daarom waarsku Johannes teen "die werk van die duiwel" (1 Joh 3:8), en Paulus: "Moenie die duiwel vatkans gee nie" (Ef 4:27). Die mens is voortdurend in stryd met sy eie sondige vlees, maar daarby is daar ook nog 'n stryd teen "aanslae van die duiwel" (Ef 6:12); en dié "stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug" (Ef 6:12). Daarom moedig Paulus sy lesers aan om "die volle wapenrusting... wat God julle gee" aan te trek en so as Christene teen die duiwel en sy magte op "julle pos kan bly staan" (Ef 6:13).
**11.3** Dit is duidelik: die Bose sal al sy magte aanwend om die gelowiges te keer om ootmoedig met God te wandel. Dit sal dwaas wees om sy mag te onderskat en te meen dat hy nie al sy magte sal inspan om 'n wig tussen gelowiges en God in te dryf nie.
**11.4** Die Bose sal beslis dié destruktiewe werk probeer doen – en dit sou naïef wees om te dink hy sou nie bose geeste gebruik nie. Die Bose sal doen wat ook al moontlik is om mense van God te vervreem – en dit is heel moontlik dat hy soms selfs gelowiges stewig in sy magsgreep sal kry. Die Bybel erken die moontlikheid – maar dan is dit steeds belangrik om te onthou dat die Bybel dit nie as die gewone gang van sake sien nie.
**11.5** Die Bybel laat blyk wel dat dit moontlik is dat die Bose – miskien aangehelp deur 'n reeks donker gebeurtenisse – wel 'n gelowige so in sy mag toegespin kan kry dat ons kan praat van iemand wat onder die mag van die Bose is, wat "gedemoniseer" is. Al is dit iets wat selde gebeur en daarom vir baie gelowiges vreemd, kan ons nie die Bybelse getuienis oor die moontlikheid daarvan en die getuienis van gelowiges dat hulle dit ervaar het, ontken nie. Alhoewel dit buite die ervaringsveld van meeste van sy lidmate en leraars lê, behoort die NG Kerk dit nie te ontken dat, as gevolg van buitengewone omstandighede, sommige mense, ook gelowiges, so in die mag van die Bose toegespin kan word dat ons wel van hulle kan praat as mense wat gedemoniseer is.
**11.6** Wanneer dit toegegee word, is dit egter van belang om te onthou dat ons hier van uitsonderlike gevalle praat. Juis in dié gedeelte van sy briewe waarin Paulus die duidelikste oor die mag van die bose praat – Efes 6:10-20 – is Paulus vas oortuig dat die gelowiges, bemagtig deur die Gees, die aanvegting van die Bose sal kan weerstaan. Hulle *het* tog die "volle wapenrusting" van God ontvang. Paulus verwag 'n felle aanslag maar ook dat die gelowiges "die brandpyle van die Bose (sal) kan afweer" (Ef 6:16). Met Paulus se waarskuwing teen die Bose "gaan ook gepaard die troosryke versekering dat Satan al reeds oorwin is, en dat daar grense aan sy verwoestingswerk gestel is" (Heyns 1978:168).
**11.7** Dit is van die grootste belang dat dié klem in die nadenke oor die stryd teen die Bose in gedagte gehou word. Ons enigste troos in lewe en in sterwe (verseker die Heidelbergse Kategismus vr 1 ons) is dat ons nie aan onsself behoort nie maar aan ons Verlosser, Jesus Christus wat vir ons sonde met sy bloed betaal het en ons "uit alle heerskappy van die duiwel verlos het".
**11.8** Dié geloofsartikel waarsku ons, dat, indien 'n bediening van bevryding toegelaat sou word, dit nie die gewone, roetine bediening van die leraar en kerkraad sou kon wees nie. Dit sou slegs by uitsondering kan geskied, as 'n buitengewone maatreël, vir die gelowige wat deur buitengewone omstandighede uit die oog verloor het dat die duiwel oorwin is.
**11.9** Voor 'n besluit oor die bediening van bevryding geneem sal word, is dit belangrik om die konteks waarin die NG Kerk die besluit sal neem, in gedagte te hou. Daar is veral twee aspekte wat ons aandag vra: die konteks van diversiteit onder ons lidmate en die konteks van Afrika waarbinne die NG Kerk die evangelie wil verkondig.

## 12. DIE KONTEKS VAN DIE GESPREK IN ONS KERK

Vir die gesprek is dit belangrik om die konteks van ons gesprek te onthou. Ten minste drie kontekste is hier van van belang: 1) Die diversiteit van opvattinge onder NG lidmate, 2) die konteks van kerk van Afrika en 3) die nadenke van sekulêre geesteswetenskaplikes oor die verskynsel van geesuitdrywing.

### 12.1 DIVERSITEIT ONDER NG LIDMATE

**12.1.1** Die ondersteuning wat die betrokke Ring van Tulbagh-gemeentes van NG lidmate gekry het (nadat hulle 'n bediening van bevryding begin beoefen het), is 'n aanduiding dat hulle nie alleen is in hulle simpatieke oordeel oor 'n bediening van bevryding nie. Pieter en Helene Theron, 'n egpaar met 'n soortgelyke landswye bediening, het hulle ondersteun, en leraars en lidmate uit een gemeente (in die Ring van Tulbagh) het 'n seminaar oor die

bediening van bevryding by die NG Kerk Moreletapark bygewoon. Dit kom dus voor dat daar heelwat ander NG lidmate is wat soortgelyke ondervindinge gehad het of wat glo in die bestaansreg van ’n bediening van bevryding. Ds André O’Kennedy gee inligting oor verskillende mense wat landswyd verskillende soort bedieninge van bevryding beoefen, ook onder NG lidmate (*Navorsingsgroep*, bl 5).

**12.1.2** Vir die meerderheid van NG lidmate is die bediening van bevryding waarskynlik nie iets wat ’n groot rol in hulle lewens speel nie. Meeste van hierdie lidmate glo in die bestaan van die duiwel maar is onseker tot skepties oor die bediening van bevryding aan gedemoniseerdes. Hulle het in hulle geloofslewe nog nooit daarmee te doen gehad nie en het ook nie die begeerte om daarby betrokke te raak nie. Hulle glo in die bestaan van die duiwel, dat hy soos ’n brullende leeu op soek is na sy prooi en dat hy hom soms soos ’n engel van die lig voordoen. Juis daarom is baie lidmate skepties oor die bohaai wat meestal met die uitdrywing van demone gepaard gaan. Sommige van hulle wonder of dit nie dalk ’n slim set van die duiwel self is nie – om Christene om die bos te lei om hulle tyd en energie te mors op die opspoor van watter demoon vir watter sonde verantwoordelik is nie, eerder as om hulle sonde te bely, vergifnis van God en hul naaste te vra, reg te doen, liefde te bewys en ootmoedig met God te wandel nie (Miga 6:8).

**12.1.3** Maar dan is daar ’n derde groepering lidmate wat sterk daaroor voel dat enige geloof in demone en selfs die duiwel nie in pas is met hulle moderne lewensbeskouing nie. Wat hulle betref, is die oorsaak van abnormale menslike gedrag gesetel in die brein of psige van die individu, hoewel sy abormale gedrag deur die sosiale konteks beïnvloed kan word. Derhalwe moet die oplossing vir die abnormale gedrag en genesing van die individu kom uit ’n korrekte diagnose en ’n korrekte mediese of sielkundige behandeling van die individu. Een lid van die besprekingsgroep oor bevryding, ’n psigiater, het dié benadering so opgesom: “Reën is afkomstig van waterdamp wat styg, kondenseer en reën vorm – depressie word veroorsaak deur ’n tekort aan seretonien in die brein, skisofrenie is ’n neurodegeneratiewe siekte, suikersiekte is ’n tekort aan insulien, epilepsie ’n versteuring van breingolwe, ensovoorts...” Geen abormale gedrag kan toegeskryf word aan die invloed van die duiwel of sy demone nie – dit is ”psigiatriese siektes soos skisofrenie, depressie, middel-intoksikasie, somatovorme steurings, dissosiatiewe steurings, impulskontrole-steurings, neuropsigiatriese siektes, byvoorbeeld Tourette-sindroom of epilepsie.” Daarom is dié persoon gekant teenoor die “premoderne praktyk van bevryding” en was hy van mening dat dit nie toegelaat moet word voordat daar 1) psigiatries diagnostiese vaardighede, 2) bewysde kriteria vir besetenheid en 3) langtermyn positiewe resultate beskikbaar was nie. Vanuit hierdie perspektief is daar dus die oortuiging dat geestesbesetenheid niks anders as ’n psigotiese steurnis is nie, meestal gevalle van meervoudige persoonlikheidsteurnis (“multiple personality disorder”).

**12.1.4** ’n Mens sou verder kon noem dat daar oor die kwessie van bevryding waarskynlik ook drie reaksies onder predikante is: (1) Een groep wys die bediening van bevryding ten sterkste af. Hulle wys op die gevaar van die bediening. Hoewel goed bedoel, mag verkeerde diagnoses gedoen word met katastrofale gevolge vir die “gedemoniseerde pasiënt” en pastor. Die groot gevaar van suggestie tydens bevrydingsessies is ook ’n bron van kommer. Hierdie groep steun in hulle beoordeling van ’n bediening van bevryding sterk op die lig wat die mediese wetenskap op sodanige verskynsels gee. (2) ’n Tweede groep lê groot klem op die verlossing van Christus en die implikasies daarvan vir ’n bediening van bevryding. Hulle glo in die bestaan van die duiwel as ’n selfstandige wese en sluit nie die moontlikheid uit nie dat die duiwel ook demone kan aanwend in sy aanslag op die mens – maar is bekommerd oor die gevare vir beide pastor en gedemoniseerde wanneer verkeerde diagnoses gemaak word in ’n bediening van bevryding. (3) ’n Derde groep is positief oor die bediening van bevryding – dit is vir hulle God se oorwinningsantwoord vir almal wat gedemoniseerd is. Hulle is bekommerd dat die mag van die duiwel en demone uit die Bybel “wegverklaar” word en is bekommerd dat die destruktiewe rol wat die duiwel en bose demone speel as deel van ‘n tydgebonde wêreldbeeld wegverklaar word. Hulle wys nie mediese en sielkundige diagnoses af nie, maar meen dat daar mense is wie se abnormale gedrag nie bloot die gevolg van sielkundige of sosiale faktore is nie maar dat hulle onder die buitengewone invloed van Satan en sy magte gekom het, waarvan hulle bevry moet word.

**12.2 KERK IN AFRIKA**

**12.2.1** Die NG Kerk is steeds hoofsaaklik ’n wit kerk. Lidmate van kleur kom meestal uit die bruin gemeenskap. NG lidmate wat in ’n swart Afrika-kultuur grootgeword het, is ’n klein groep lidmate, meestal lidmate van die agt Engelssprekende NG gemeentes. Dit neem egter nie weg dat die NG Kerk haar voortdurend daaraan moet herinner dat sy in die eerste plek kerk in Afrika is nie. Daarby moet onthou word dat die situasie dramaties sal verander na die hereniging van die NG Kerkfamilie. Dit is dis belangrik by die besluitneming hoe daar in ’n tradisionele swart kultuur en swart kerke oor die kwessie van die duiwel en sy bose geeste gedink word.

**12.2.2** Prof Gerrie ter Haar is professor in godsdienswetenskap en menseregte aan die Instituut voor Sociale Studie in Den Haag, Nederland. Sy is ’n deskundige oor veral die Christelike godsdiens in Afrika. Sy beklemtoon in haar boek, *How God became African* (2009), dat vir die meeste mense in tradisionele Afrika-kulture die interaksie van die geesteswêreld vanselfsprekend is, en dat Afrika-kulture nie die materiële en geestelike sfere van die lewe skei nie, soos dikwels in die intellektuele tradisies in die Weste gebeur nie. Sy skryf: “African traditions of thought tend to view reality not in terms of binary oppositions and mutually exclusive categories – in other words, in terms of either/or. Rather, they tend to view reality in categories that are inclusive – in terms of and/and. Hence, in African discourses, a person can be considered as being dead while physically alive, like a zombie, a living person who is spiritually dead. Vice versa, a person can be physically dead, but considered to be spritually alive, like an

ancestor... The same logic applies in African Christianity, in which the invisible world is perceived to have a real existence and to interact with humans in the visible, material world" (2009:19).

**12.2.3** Die gevolg van hierdie wêreldbeskouing is dat in meeste Afrika-kulture die slegte invloed vanuit die geesteswêreld as 'n vanselfsprekende moontlikheid aanvaar word. Dit kan met bykans enigeen gebeur – en dus word diegene wat slegte invloede uit die geesteswêreld kan keer of beheer soveel meer waardeer. In die inheemse Afrika-kerke is die stryd teen die bose invloed uit die geesteswêreld 'n baie belangrike deel van hulle bediening, terwyl dit in die historiese hoofstroom-kerkgenootskappe dikwels deur die kerkleierskap met wantroue bejeën word. Hierdie verskil in hulle bedieningstyle is, na die mening van Ter Haar, die hoofrede waarom die inheemse kerke soveel vinniger groei as die historiese kerkgenootskappe. Sy illustreer die gevolge van die hoofstroom-kerke se gebrek aan 'n bediening wat die invloede uit die geesteswêreld aanspreek deur te verwys na die voorbeeld van Emmanuel Milingo, voormalige aartsbiskop van die Rooms-Katolieke Kerk in Zambië, wat in die jare 1970-1980, ten spyte van teenkanting van Rome, 'n baie suksesvolle bediening van genesing en eksorsisme in Zambië beoefen het maar uiteindelik die Katolieke Kerk verlaat het.

**12.2.4** Sonder om in detail hierop in te gaan, kan hier slegs gemeld word dat in die kultuur waarbinne ons susterskerk, die VGKSA, funksioneer die werklikheid van die nadelige mag en invloed van bose geeste op die lewens van mense deur baie algemeen aanvaar word. Leraars in die Reformed Church in Africa is deur hulle eie ervaring van die bediening aan mense wat veral uit 'n Hindoe-agtergrond kom, sterk oortuig van die noodsaaklikheid om dié (vermeende en werklike) invloed uit die geesteswêreld met 'n kerklike bediening die hoof te bied.

**12.2.5** Hoewel die NG Kerk hoofsaaklik 'n wit kerk is, is dit belangrik om hierdie konteks te onthou, veral waar ons op 'n pad van kerkhereniging is. Verder is belangrik om te onthou hoe die saak van 'n bediening aan bevryding op SKLAS se agenda gekom het: 'n Groep lidmate en leraars uit verskillende gemeentes in die Ring van Tulbagh het by verskeie besoeke aan Mosambiek (ongeveer in die jare 2000-2004) en die noorde van Kwazulu-Natal te doen gekry met gelowiges wat na hulle mening gedemoniseer was en wat van hierdie toestand bevry is deur 'n bediening van bevryding. By hulle terugkeer in Suid-Afrika het hulle hieroor nagedink en toe hulle in hulle pastorale bediening met erge probleemgevalle te doen gekry het, het hulle gewonder of dié persone nie dalk gedemoniseer was nie. Hulle het in verbinding gekom met ander mense in die NG Kerk wat wel so 'n bediening beoefen het en uiteindelik het al dié ervaringe gely tot 'n beoefening van die bediening van bevryding in veral die Goudini-gemeente.

**12.2.6** Dit is dus belangrik dat die Afrika-element as 'n integrale deel van ons kultuurkonteks onthou moet word wanneer ons oor 'n bediening van bevryding nadink.

### 12.3 DIE PERSPEKTIEWE VAN DIE PSIGOLOGIE, PSIGIATRIE EN ANTROPOLOGIE

**12.3.1** Die psigiater in die besprekingsgroep was oortuig dat die meerderheid van sy kollegas nooit abormale gedrag sou toeskryf aan die invloed van die duiwel nie – dit is "psigiatriese siektes soos skisofrenie, depressie, middel-intoksikasie, somatovorme steurings, dissosiatiewe steurings, impulskontrole-steurings, neuropsigiatriese siektes, byvoorbeeld Tourette-sindroom of epilepsie" (Pienaar 2008:3).

**12.3.2** Ons moet aanvaar dat dié siening deur die meeste van sy kollegas gedeel word. Tog is dit nodig om daarop te let dat daar sielkundiges en antropoloë is wat 'n so 'n rigiede rasionalistiese interpretasie en beoordeling van die geesteswêreld bevraagteken. Twee sulke voorbeelde is die Suid-Afrikaanse sielkundige Gavin Ivey (Universiteit Witwatersrand) en die Amerikaanse antropoloog Felicitas Goodman. Hoewel beide Ivey en Goodman 'n duiwel en demone as "mitologiese" (en dus nie werklike) wesens beskou, glo hulle tog dat 'n bediening van bevryding (of soos hulle dit noem: eksorsisme) wel terapeuties en helend kan werk.

***1 Gavin Ivey, sielkundige**

Gavin Ivey is 'n psigo-analitiese sielkundige en professor aan die Departement Sielkunde van die Universiteit van Witwatersrand. Een van sy navorsingsgebiede is die psigodinamiese aspekte van demoon-besetenheid. As sekulêre sielkundige is die duiwel en demone vir hom mitologiese verskynsels, maar die duiwel en demone is vir hom belangrike "metafore" wat help om die rol van die bose te beskryf. Dit is vir hom belangrik want, in ons huidige Westerse samelewing, is die normale taalgebruik van die sielkunde nie in staat om al die dimensies van die bose te beskryf nie. In 'n artikel, *Diabolical discourses: demonic possession and evil in modern psychopathology* (2002), skryf hy: "Evil... implies not simply the absence or the diminution of good, but an active principle seemingly bent on the negation or destruction of goodness, and ultimately, life itself" (Ivey 2002:54). Hy sê verder: "If, as I believe, evil and its demonic personifications are a supernatural portrayal of human otherness, then this otherness has to be claimed and reclaimed as an aspect of our identities" (2002:54).

Ivey is van mening dat die taalgebruik van demone en besetenheid die psigologie kan help om die omvang van die bose te beskryf. Gewone taal is nie hiervoor voldoende nie, soos hy dan ook in die beskrywing van twee gevallestudies aantoon (2002:56-58)[15]. Hy erken dat hy dié taalgebruik net in 'n metaforiese sin gebruik en nie as beskrywing van "literal spiritual entities" (2002:58) nie. Maar, vra Ivey, is dit nie ook waar van die kernbegrippe van die psigoanalitiese sielkunde nie? Hy argumenteer dan dat sekere kernbegrippe in die psigoanalise soos instinkte,

[15] Ivey 2002:57: "It is interesting to note that in both of the case studies mentioned, the individuals concerned experienced the presence of an evil demon, controlling their thoughts and actions from within their own minds. We could say that the mythological figure of Satan is this evil part of the mind, split off and projected, which offers omnipotence, omniscience, sensual gratification, and freedom from all moral authority..."

fiksasie op objekte en “introjects” self niks anders as metafore is nie. Sy artikel vra dus of die begrippe waarmee die psigoanalitiese sielkunde ontologies (dus: werklik, in hul wese) anders is as die “mitologiese” begrippe soos “demone”, “besetenheid” en “demoon-uitdrywing”. Hy skryf: “I raise this point to question the ontological status of the psychoanalytic concepts employed” (2002:58).

Ivey vra ’n belangrike vraag: is dit werklik so eenvoudig om te onderskei tussen taalgebruik wat iets beskryf wat “werklik” is en dit wat “metafories” is? En laat sy lesers met die volgende suggestie: Die vraag na die ontologiese werklikheid van “metafore” (soos hy dit sien) soos gebruik deur sekere behandelingsprosedures is nie al belangrike vraag wat gevra moet word nie. ’n Belangriker vraag is dalk of die begrippe en behandelinge (soos gebruik en toegepas deur psigoanalise of eksorsisme) uiteindelik ’n positiewe genesingsuitkoms lewer of nie. Volgens Ivey is die vraag ten opsigte van eksorsisme dat dit wel kan gebeur[16].

Dieselfde vraag word van ’n ander hoek gevra deur Gerrie ter Haar, professor in godsdienswetenskap in haar boek *How God became African* (2009) en deur Felicitas Goodman, ’n Amerikaanse antropoloog. Ons het alreeds na Ter Haar verwys; Goodman vra ons aandag.

***2 Felicitas Goodman, antropoloog**

Maar is geestesbesetenheid nie bloot meervoudige persoonlikheidsteurnis (“multiple personality disorder”) nie? Is dit nie soortgelyk aan epilepsie, wat in kulture wat daarmee onbekend is, ook as geestesbesetenheid beskou word nie?

Ter Haar verwys na Felicitas Goodman (1992), ’n Amerikaanse antropoloog, wat op hierdie vraag ’n interessante antwoord gee. In haar navorsing vergelyk sy meervoudige persoonlikheidsteurnis met geestesbesetenheid. Volgens Goodman vertoon die twee verskynsels op oppervlak dieselfde kenmerke (die persoon neem, soms blitssnel, verskillende personasies aan), en dit is ook so dat die neurofisologiese veranderinge in die brein tydens die toestande van besetenheid en meervoudige persoonlikheidssteurnis baie dieselfde is[17].

Daar is egter een belangrike verskil: “societies that culturally approve of spirit possession submit it to ritual control, which is not the case with behaviour seen as psychiatric” (Ter Haar 2009:40). Dié “ritual control” word meestal uitgeoefen deur “spirit mediums” wat deur die gemeenskap erken word. In die geval van inheemse Afrika-kerk en sommige hoofstroomkerke (soos biskop Milingo se bediening) funksioneer die bevrydingsessie onder leiding van kerklike ampsdraers binne die gekontroleerde ruimte van die kerk as ’n instrument van kontrole – en bring dit dikwels genesing, nie in die sin dat die persoon vir altyd van die steurnis verlos is nie, maar wel ’n tydelike verligting.

Dié tydelike verligting is nie net ’n geval dat die persoon deur ’n katarsis emosioneel ontlaai het, ontspanne is en dus beter in staat om stres te hanteer nie. Daar is, volgens Ter Haar, sterk aanduidings dat die trans-toestand waarin die persoon verkeer gedurende die uitdrywingsessie, neurofisiologiese veranderinge kan aanbring ( “a change in the brain map of the sufferer”, 2009:41) – soortgelyk aan die verandering wat die toepaslike medikasie sou aanbring. Goodman (1992:14) verwys na die duiweluitdrywer (die “spirit medium”) as “the ‘turner’, the one who is called on to wipe the injurious map off the slate, so that health may be restored*”. Met ander woorde, die bevrydingsessie, toegepas in ’n situasie van kontrole (deur kerklike ampsdraers, in die ruimte van ’n genesings-erediens) kan soortgelyke genesing bring wat medikasie sou bring*.

Dié bewering klop met die indruk wat selfs lede van die besprekingsgroep wat skepties teenoor die bediening van bevryding staan, gekry het: dat dit nie ontken word dat die toepassing van bevryding ten minste soms terapeuties werk nie.

**12.3.3** Om dus die gesigspunte van dié afdeling saam te vat: in hulle beoordeling van duiwelbesetenheid en godsdienstige uitdrywingsrituele deel drie internasionale wetenskaplikes (’n Suid-Afrikaanse sielkundige, ’n Nederlandse godsdienskundige en ’n Amerikaanse antropoloog) die volgende gevolgtrekkings: Nie een van hulle

---

[16] Dit is insiggewend wat Gys du Plessis, mediese dokter en verantwoordelik vir hoofstukke oor verband tussen besetenheid en psigiatriese versteurings in die boek *Bestaan die duiwel regtig?* oor hierdie saak skryf. In die grootste deel van sy stuk bepleit Du Plessis dat psigiatriese versteurings nie met besetenheid verwar moet word nie. Die teologie moet die psigiatrie respekteer. Maar in die laaste deel van sy boek wys hy daarop dat die teenoorgestelde ook waar is: “Hoewel baie deskundiges in die psigiatrie en sielkunde die bestaan van demone afskiet, is dit interessant dat die DSM IV-TR se hersiene uitgawe (Diagnostic Statistical Manual of Mental Disorders) nie totaal daarvan wegskram nie. Trouens, dié uitgawe beskryf ’n versteuring genaamd *Dissosiatiewe transversteuring*. Die beskrywing daarvan is baie tipies wat... Christengelowiges sou beskou as duiwelbesetenheid: Enkel- of episodiese versteurings in die bewussynstaat van die persoon, of die persoon se identiteit of geheue, wat kenmerkend van enige persoon in ’n bepaalde plek of kultuur is. Dit wil sê, die veranderde bewussynstaat is in stryd met wat as normaal gesien word in enige bepaalde kultuurgroep... Dit behels onder andere die vervanging van ’n persoon se gewone belewenis van persoonlike identiteit deur ’n nuwe identiteit wat toegeskryf word aan die invloed van ’n gees, krag of goddelike wese of ander persoon. Hierdie is die algemeenste dissosiatiewe versteuring in byvoorbeeld Asië. Voorbeeld sluit in *amok* (Indonesië), *bebainan* (Indonesië)... Hierdie transversteuring verskil, wat die diagnosering daarvan betref, van die veelvuldige persoonlikheidsteuring (multiple personality disorder). Mense met dié patologiese besetenheidstransversteuring meld meestal dat dit geeste of entiteite van buite is wat in hulle liggame inkom en beheer van hulle oorneem” (Du Plessis 2009:111).

[17] Ter Haar 2009:40: “It has been established that observable changes take place in the brains of persons with a multiple personality syndrome. A similar type of neurophysiological change of the brain is believed to take place during spirit possession..”

glo dat daar ontologies wesens soos ’n duiwel of demone bestaan nie. Nogtans is hulle van mening dat sommige bevrydingsessies (onderwerp aan kontrole van gemeenskapsgroep) terapeutiese resultate mag voortbring, soortgelyk soos die terapeutiese resultate voortgebring deur sielkundige of mediese behandeling.

### 12.4 SAMEVATTING: BEOORDELING TE MIDDE VAN DIVERSITEIT

**12.4.1** Uit die paragrawe hierbo blyk duidelik die wye diversiteit van opvattings oor die duiwel en ’n bediening van bevryding, ook onder NG lidmate. By die beoordeling van dié verskynsel wil die kerk sover moontlik ruimte skep vir verskillende skakerings van sprititualiteite sonder om sy belydenis en roeping te ondermyn. Dit is hier belangrik om in gedagte te hou dat *ons by die bediening van bevryding nie te doen het met ’n geloofsartikel of ’n sakrament nie*. Dit gaan hier om ’n interpretasie van hoe gelowiges die oorwinning in Christus oor die Bose in hulle lewens moet toepas en aan ander moet bedien. Ons is dus op ’n terrein waar daar meer ruimte vir verskillende interpretasie en toepassing van die Bybelse boodskap toegelaat behoort te word as waar geloofsartikels ter sprake is. Daarom kan ons nie hier argumenteer dat, net soos die kerk nie twee doopbeskouinge kan toelaat nie, sy ook moet kies tussen of ’n toelating of verbod op die bediening van bevryding. Hier is dit nodig en moontlik dat ruimte gegee word aan verskillende vorme van bediening. Ons het hier te doen met ’n kwessie wat sterk beïnvloed word deur die tipe spiritualiteit wat by sekere gelowiges of in ’n bepaalde gemeente die botoon voer.
**12.4.2** Met ander woorde, die kerk behoort by sy beoordeling van ’n bediening van bevryding groter vryheid van interpretasie te gee as byvoorbeeld by die beoordeling van ’n duidelike leerkwessie. Daarom behoort daar eenheid te wees in die handhawing van dit wat almal in die kerk saam bely, naamlik dat “ons nie aan onsself nie, maar aan ons getroue Verlosser, Jesus Christus behoort, Hy wat met sy kosbare bloed vir al ons sondes ten volle betaal het en ons uit alle heerskappy van die duiwel verlos het” (Heid Kategismus vr 1) – maar groter vryheid oor die konkrete bediening van hierdie belydenis.
**12.4.3** Toegepas op die bediening van bevryding beteken dit dat riglyne van sinodale kant aan gemeentes eerder moet fokus op grense waarbinne so ’n bediening moet bly as op die voorskryf van ’n formaat waarby almal moet inpas. Sinodale riglyne moet wys op slaggate wat vermy moet word eerder as op stappe wat gedoen moet word om so ’n bediening te beoefen.

### 12.5 GEVARE WAT VERMY MOET WORD, GRENSE WAT NIE OORSKRY MOET WORD NIE

Wat is dan die gevare wat vermy moet word, grense wat nie oorskrei moet word nie? Ons noem die belangrikstes:
**12.5.1 Dat psigiatriese versteurings as demoniese besetenheid verstaan sou word**.
***1** Die psigiater in die besprekingsgroep het ’n lys versteurings genoem wat dikwels met “besetenheid” verwar word: “skisofrenie, gemoedsteurings – depressie en manie, dwelm- of middel-intoksikasie en onttrekking, somatovorme steurings, dissosiatiewe steurings, impulskontrole-steurings, neuropsigiatriese siektes, bv Tourette-sindroom, epilepsie” (Pienaar 2007:2). Gys du Plessis, mediese dokter en medeleraar van Mosaïek-gemeente, skryf ’n hele hoofstuk hieroor in *Bestaan die duiwel regtig?* Hy wys daarop dat die mediese wetenskap in die laaste 30 jaar so groot vordering gemaak het op die gebied van kontrolering van psigiatriese versteurings dat epilepsie en endogene depressie, byvoorbeeld, baie goed deur medikasie beheer kan word. Selfs “skisofrenie is nou ‘n “beheerbare toestand... waar hospitalisasie slegs nodig is vir minder as twee weke per aanval” (2009:96).
***2** ’n Persoon kan groot skade berokken word deurdat gelowiges hom probeer genees deur demone uit te dryf en die persoon so die geleentheid ontneem word om die regte behandeling en medikasie te kry. Sou daar ’n bediening van bevryding toegepas word, rus daar ’n swaar verantwoordelikheid op die berader om seker te maak dat die persoon nie aan enige vorm van psigiatriese versteuring ly nie.
**12.5.2 Dat die Christen se vryheid haar ontneem word**.
***1** Vir iemand wat baie maak van die bediening van bevryding sal dit ’n groot versoeking bly om in alles wat rondom hom gebeur die duiwel se hand te sien. As pa nie kan slaap nie, is dit die Japanese skets teen sy muur wat die duiwel ’n vasstrapplek gee. Is die kind opstandig, is die oorsaak die “demoniese” strokiesprente of speelgoed se skuld. Breek ma se kar, wonder sy of dit nie ’n demoon is wat deur die “heidense” nekhangertjie haarself besoedel het nie. Daarom moet die huis gereinig word en alles wat in die Ooste gemaak is mee weggedoen word (behalwe die Sony DVD-speler). Is daar moeilikheid in die familie, is dit omdat oupa ’n Vrymesselaar was en die familie langs die bloedlyn vervloek is. Is Ouboet in seksuele versoeking, is dit ’n demoon van wellus wat hom beheers.
***2** Die gevolg van so ’n denkwyse is dat Christene eerstens vrygestel word van verantwoordelikheid vir hulle eie optrede (“dis die duiwel wat my maak drink het”) en tweedens vasgevang word in ’n heidense vrees vir die die Bose en vir die wêreld rondom hulle – in plaas daarvan om as vrygemaakte en vry sondaars met dankbaarheid te leef, om as “verloste mense te lewe... as ligdraers te midde van ontaarde en korrupte mense” (Fil 2:12,16)... “uit genade... gered... saam met Christus Jesus opgewek” (Ef 2:5,6)... In al ons swaarkry steeds “meer as oorwinners deur Hom wat vir ons liefhet” (Rom 8:37,39).
***3** Daar moet dus ’n waaksaamheid en maatreëls wees wat Christene sal help om hierdie gevare te vermy. In hierdie verband is dit goed om te verneem van hoe ander kerke vorme van die bediening van bevryding reguleer.

## 13. POSISIE VAN ANDER KERKE

### 13.1 DIE ROOMS-KATOLIEKE KERK

**13.1.1** In die Katolieke Kerk word 'n bediening van bevryding ("eksorsisme") in sekere buitengewone omstandighede, en onderhewig aan streng reëls, toegelaat. Volgens die Katolieke dogma is eksorsisme 'n ritueel en nie 'n sakrament nie (*The Original Catholic Encyclopedia, art exorcism by PT Toner*). 'n Eksorsisme verkry dus nie sy legitimiteit deur die gebruik van 'n voorgeskrewe rite nie, maar van twee ander elemente, naamlik: a) toestemming van die regte kerklike strukture en b) die geloof en posisie van die eksorsis. Eksorismes word vandag selde gedoen. Daar is ten minste drie voorwaardes vir 'n eksorsisme: a) slegs 'n priester mag dit doen, en slegs na b) 'n mediese ondersoek en c) na die plaaslike biskop toestemming gegee het.
**13.1.2** In geval van 'n eksorsisme word 'n voorgeskrewe rite gebruik. Die nuutste weergawe, *De Exorcismus et supplicationibus quibusdam (Aangaande eksorsismes en sekere gebede)*, is in Oktober 1998 deur Pous Johannes Paulus goedgekeur. Die rite bestaan uit 'n inleidende lang litanie (wat insluit die Onse Vader, Ps 53 en nog lofgebede), wat dan uitloop op die eksorsisme-bevel:
"I command you, unclean spirit, whoever you are, along with all your minions now attacking this servant of God, by the mysteries of the incarnation, passion, resurrection, and ascension of our Lord Jesus Christ, by the descent of the Holy Spirit, by the coming of our Lord for judgment, that you tell me by some sign your name, and the day and hour of your departure. I command you, moreover, to obey me to the letter, I who am a minister of God despite my unworthiness; nor shall you be emboldened to harm in any way this creature of God, or the bystanders, or any of their possessions. Amen."

### 13.2 DIE ANGLIKAANSE KERK

**13.2.1** Eksorsismes vind selde plaas, maar die Church of England het 'n voorgeskrewe prosedure ingeval dit nodig is: "The ministry of exorcism and deliverance may only be exercised by priests authorized by the bishop, who normally requires that permission be obtained from him for each specific exercise of such a ministry." Inligting verkry van Church of England se webblad:
*(http://www.cofe.anglican.org/worship/liturgy/commonworship/texts/healing/protection.peace.html)*
**13.2.2** Volgens die "diocesan manual" wat deur die Anglikaanse Kerk in Suid-Afrika gebruik word, mag 'n priester 'n eksorsisme doen, maar net met sy biskop se toestemming (e-pos aan ds Roy Thorne, lid van die SKLAS-gespreksgroep oor die bediening van bevryding, April 2010). Die formulier wat by dié geleentheid gebruik kan word, is die volgende:
"In the name of Jesus Christ our Lord, I command you, evil spirit, to come out of this person (or N), and to harm no one but to depart to the place appointed you and remain there for ever. Amen!"

### 13.3 DIE APOSTOLIESE GELOOFSENDING (AGS)

Volgens prof Jan Hattingh, prinsipaal van die Auckland Park Teologiese Seminarie, vind die "bevryding van bose geeste" wel in die AGS plaas hoewel dit baie minder voorkom as genesings. Hy verkies om nie te praat van 'n "bediening van bevryding" nie maar eerder 'n "bediening van evangelisasie waartydens genesing deur bevryding plaasvind" (e-pos aan ds Daan Wium, 16 April 2010). In die AGS is daar geen voorgeskrewe formule vir bevryding nie, want "situasies verskil", maar 'n mens kan tog praat van 'n "tipiese gebed" wat die gedemoniseerde persoon gevra word om te bid:
"Here, ek bely my sonde van... Ek breek nou daarmee. Ek vra dat U my sal vergewe. Ek bestraf enige bose gees/geeste wat op grond van hierdie sonde in my lewe werk, en ek beveel julle om onmiddellik en heeltemal te gaan, in die naam van Jesus! Amen!"

## 14. AANBEVELINGS:BEDIENING VAN BEVRYDING

**14.1 Die Algemene Sinode bely met blydskap die oorwinning van Jesus Christus oor al die manifestasies van die duiwel, bose magte, boosheid en kwaad in hierdie wêreld.**
**14.2 Die Algemene Sinode aanvaar dat hierdie oorwinning in baie gevalle nog nie ten volle sigbaar is nie, dat ons dikwels oorweldig is deur hierdie boosheid wat groter is as onsself, ook juis weens die swakheid van die mens, die verleiding van die sonde en die gebroke werklikheid.**
**14.3 Die Algemene Sinode aanvaar daarom dat ons as kinders van God nog steeds in 'n geestelike stryd gewikkel is teen die boosheid in al sy manifestasies in die wêreld, maar veral teen die kwaad wat in elke mens skuil.**
**14.4 Die Algemene Sinode bevestig weer eens dat dit van uiterste belang is dat die kerk sal leef vanuit die geloofsperspektief dat, hoewel die Bose gelowiges steeds bedreig soos 'n brullende leeu en versoek soos 'n engel van die lig, die bose deur die lewe, sterwe en opstanding van Jesus en die uitstorting van God se Gees oorwin en aan bande gelê is.**
**14.5 Daarom meen die Algemene Sinode dat enige sogenaamde bediening van bevryding wat die geloofswaarheid oor die lewe en werk van Jesus en die Gees van God misken, geen bediening van die evangelie is nie en ook geen vryheid bring nie.**
**14.6 Die Algemene Sinode moedig daarom alle gelowiges aan om deur die krag van die Heilige Gees (in die gees van die oorwinning van Jesus) die boosheid die stryd aan te sê deur spesifiek te fokus op die genadige verlossingswerk van Christus sodat die kerk die ware kenmerke van Evangeliese gehoorsaamheid (liefde, genade, vergifnis en versoening) sal vertoon.**
**14.7 Die Algemene Sinode aanvaar die werklikheid dat daar 'n wye diversiteit van interpretasies en toepassing van die Bybelse boodskap oor die bose en demone binne die NG Kerk is. Daar is ruimte vir**

**lidmate wat aan die werklike en persoonlike aard van die duiwel en demone glo, en daar is ruimte vir lidmate wat die Bybelse spreke oor die bose en duiwels anders interpreteer.**
**14.8 Die Algemene Sinode oordeel dat die getuienis van leraars en lidmate van die NG Kerk dat hulle in hulle bediening wel mense teëgekom het van wie hulle oortuig was dat hulle deur bose magte of demone gedemoniseer was – en ook hulle getuienis dat 'n bediening van bevryding baie van hierdie mense van kwellings, vreesagtigheid, haat teenoor God en sy gebod bevry het – nie sonder meer afgewys moet word nie. Die Sinode aanvaar dat daar verskillende interpretasies is oor die werklikheid al dan nie van gedemoniseerdheid. Dit geld ook vir die interpretasie oor wie en wat agter bepaalde bevrydinge lê.**
**14.9 In die lig daarvan is dit die oordeel van die Algemene Sinode dat 'n bediening van bevryding as 'n buitengewone bedieningshandeling onder bepaalde voorwaardes toegelaat sou kon word eerder as om dit geheel en al te verbied. Die voorwaardes waaronder so 'n bediening toegelaat sou kon word, hou in dat:**
**14.9.1 die bediening van bevryding as 'n buitengewone bediening beoefen sal word en nie as deel van 'n roetine-pastoraat nie;**
**14.9.2 dit onder toesig van en met rapport aan die kerkraad en die ring gedoen word;**
**14.9.3 die persoon ook vir mediese evaluering verwys moet word. Daar rus 'n swaar verantwoordelikheid op persone wat so 'n bediening beoefen om mense nie skade te berokken deur siekte (onder meer psigiatriese versteurings) as besetenheid of gedemoniseerdheid te behandel nie;**
**14.9.4 daar met sorg gewaak word teen 'n animistiese verstaan van die skepping en teen die neiging om te dink daar skuil magiese kragte in sekere voorwerpe; teen lang konfronterende gesprekke met bose magte en afgestorwenes, asook teen die gepaardgaande triomfalisme wat straal uit sensasionele byeenkomste van bevryding;**
**14.9.5 daar verreken moet word dat die Gees van Christus in mense wat aan Christus behoort en sy Naam bely, leef. Bedieningspraktyke wat die algenoegsaamheid van die werk van Christus minag en daarmee die gereformeerde belydenis van die volkome verlossingswerk van die genadige God in Jesus op die spel plaas, word afgewys.**
**14.10 Die Algemene Sinode besef dat die verskillende kulture in ons land ons duidelik bewus gemaak het van die veel-fasettige aard van die siening oor die Bose; dat daar kontekste is waarin daar 'n werklike vrees vir eksterne bose magte is wat baie mense se lewens oorheers en dat hierdie lewenservaring ernstig opgeneem behoort te word. Die Algemene Sinode moedig daarom sy eie ampsdraers en lidmate aan, wat in sulke kontekste werk, om op verantwoorde wyse besondere aandag hieraan te gee met die doel om die radikale verlossingswerk van Christus met oorgawe te verkondig.**

**Bibliografie**


Barth, H-M (& H Flügel, R Riess) 1974: *Der emanzipierte Teufel*. München: Claudius Verlag.
Barth, K 1957: Church dogmatics, vol 3, part 3.
Berger, K 2000: *Zit de duivel achter alle kwaad?* Kampen: Kok.
Berkhof, H 1973: *Christelijk Geloof*. Nijkerk: Callenbach.
Berkhof, H 1952: *Christus en de machten.* Nijkerk.
Berkouwer, GC 1958: *Dogmatische studiën, De Zonde vol 1*. Kampen: Kok.
Day, Peggy L 1988: *An adversary in heaven. Satan in the Hebrew Bible*. (Ph D Harvard University). Atlanta: Scholars Press.
Durand, JJF 1978: *Die sonde. Wegwysers in die dogmatiek vol 3*. Pretoria: NG Kerk-boekhandel.
Erickson, Millard J 1992: *Christian Theology*. Grand Rapids: Baker.
Goodman, Felicitas D 1992: *How about demons? Possession and alternate reality: religion in a pluralistic world*. Bloomington: Indiania University Press.
Green, Michael 1981: *I believe in Satan's downfall*. Grand Rapids: Eerdmans.
Haag, H 1974: *Teufelsglaube*. Tübingen: Katzmann.
Heyns, JA 1978: *Dogmatiek*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
Ivey, Gavin 1993: Psychodynamic aspects of demonic possession and satanic worship, in *South African Journal of Psychology* 23, 186-194.
Ivey, Gavin 2002. Diabolical discourses: demonic possession and evil in modern psycopathology, in *South African Journal of Psychology* 32 (4), 54-59.
Joubert, Stephan en Jan van der Watt en Gys du Plessis 2009: *Bestaan die duiwel regtig?* Vereeniging: CUM
König, Adrio 1972: *Een wat sterker is*. Pretoria: NG Kerk-boekhandel.
Meier, SA 1999: Angel, in *Dictionary of deities and demons in the Bible (DDD*), ed K van der Toorn, B Becking, PW van der Horst. 2nd existensively revised edition. Leiden: Brill. 89-93.
Nürnberger, K 1975: *Sistematiese teologie*. Genadendal.
O'Kennedy, André 2008: *'n Getuienis. Voorlegging aan SKLAS-gespreksgroep oor die Bediening van Bevryding*, 2008.
O'Kennedy, André 2007: *Navorsingsgroep*
Peck, M Scott1983: *People of the lie*. New York: Simon & Schuster.
Pienaar, Willie 2007: *Die beoefening van bevryding – 'n psigiatriese perspektief*, Voorlegging by SKLAS-besprekingsgroep oor die Bediening van Bevryding.

Riley, GJ 1999: Devil, in *Dictionary of deities and demons in the Bible (DDD*), ed K van der Toorn, B Becking, PW van der Horst. 2nd existensively revised edition. Leiden: Brill. 244-249.
Rogerson, JW 2003: Zechariah. In *Commentary on the Bible* (JDG Dunn & JW Rogerson, ed). Grand Rapids: Eerdmans.
Russell, JB 1977: *The Devil, perceptions of evil from antiquity to primitive Christianity*. Ithaca: London.
Russell, JB 1981: *Satan, the early Christian tradition*. Ithaca/London.
Schillebeeckx, E 1975: *Jezus, het verhaal van het levende*. Baarn.
Ter Haar, Gerrie 2009: *How God became African. African spirituality and Western secular thought*. Philadelphia: University of Pennsylvania Press.
Thielicke, H 1982: *The evangelical faith*, vol 3. Grand Rapids: Eerdmans.
Toner, PT 1904: *Art. Exorcism* in The Original Catholic Encyclopedia.
Van der Hoeven, TH 1998: *Het imago van Satan. Een cultuur-theologisch onderzoek oor een duivels tegenbeeld*. (DTh-dissertasie). Kampen: Kok.
Van Peursen, CA 1972: *Strategie van de cultuur. Een beeld van de veranderingen in de hedendaagse denk- en leefwêreld.* Elsevier: Amsterdam
Van Zyl, HC 2000: Die duiwel ontmasker – 'n Nuwe-Testamentiese perspektief, in *Die evangeliebediening aan demonies (okkult) gekweldes* (red JH Smit). Universiteit van die Vrystaat Teologiese studies no 6, 9-22.
Verkuyl, Johannes 1992: *De kern van het Christelijke geloof*. Kampen: Kok.
Weber, Otto 1959: *Grundlagen der Dogmatik vol 1*. Neukirchen: Buchhandlung des Erziehungsvereins.
Weber, Otto 1975: *Karl Barths Kirchliche Dogmatik. Ein einführender Bericht*. Neukirchen: Neukirchener Verlag.

## ATLAS BYLAAG 3

# SKRIFBESKOUING

## 1. OPDRAG
Die Algemene Sinode dra dit aan ATLAS op om ‘n eenvoudige en prinsipiële samevatting te maak van al die besluite van Algemene Sinodes van 1986, 2002 en 2004 oor Skrifbeskouing en Skrifgesag.

## 2. AGTERGROND
ATLAS het ‘n versoek van die Algemene Sinode ontvang om ‘n eenvoudige prinsipiële samevatting te maak van die NG Kerk se Skrifbeskouing soos verwoord in die verskillende verslae wat vanaf 1986 by die Algemene Sinode gedien het.
Daar is in hierdie verband vier verslae ter sprake:

**2.1 SKRIFGESAG EN SKRIFGEBRUIK** (Algemene Sinode 1986)
Die verslag het ontstaan na ‘n versoek van die destydse AJK aan die Breë Moderatuur om, in die konteks van teenoorstaande uitsprake en standpunte, duidelike leiding oor die saak te gee. Hierdie was ‘n studiestuk waaraan die Breë Moderatuur, die destydse TKK-verteenwoordigers (Tussenkerklike Kommissie) en die dosente van die drie Teologiese Fakulteite saamgewerk het. Die stuk is uiteindelik deur prof PC Potgieter gefinaliseer en verwoord die tradisioneel Gereformeerde standpunt oor die gesag en gebruik van die Skrif. Dis as riglyn vir ampsdraers en lidmate deur die Algemene Sinode aanvaar.

**2.2 SKRIFBEROEP IN ETIESE SAKE** (Algemene Sinode 1990)
Die 1986 Sinode het aan AKLAS opdrag gegee om ‘n studie te doen waar die klem meer op die hantering en uitleg van die Skrif val. Die verslag is opgestel om aanvullend tot die 1986 verslag te wees. Die verslag het grotendeels gebruik gemaak van ‘n rapport oor die saak wat reeds in 1979 voor Wes-en-Suid-Kaapland gedien het. Die verslag is deur die Algemene Sinode aanvaar in opvolg van die 1986 verslag as riglyn by die Skrifberoep in etiese sake.

**2.3 GESAG VAN DIE SKRIF** (Algemene Sinode 2002)
AKLAS het hierdie verslag opgestel in opdrag van die Algemene Sinode (1990) om te dien as aanvulling en verdere verduideliking van die 1986 verslag. Die klem val hoofsaaklik op die worsteling met die “menslike” en “Goddelike” aspekte in die inspirasie van die Skrif en verteenwoordig ‘n ruimer omgang met die Skrif met inagneming van historiese konteks, literatuursoort, bedoeling van die teks en die leiding van die Gees, nie net in die totstandkoming nie maar ook in die gebruik van en omgang met die Skrif.
Die aanbevelings by hierdie verslag bevat ‘n sewe punt verklaring en standpuntstelling van die Algemene Sinode oor die gesag en gebruik van die Skrif. Dit word volledigheidshalwe hierby ingesluit:

**2.3.1** Die Algemene Sinode verklaar dat die gesag van die Bybel as God se Woord nie 'n dwingelandy is wat ons geestelik verslaaf nie, maar dat God se waarheid ons vrymaak (Joh 8:32). Daarom verg die aanvaarding van die gesag van die Woord nie die opoffering van ons denke wat immers 'n gawe van God is nie, maar wel die kruisiging van ons afvallige, afgodiese denke wat geen grense wil erken nie.
**2.3.2** Die Algemene Sinode verklaar dat die menslike aard van die Skrif geen bedreiging vorm vir die goddelike karakter daarvan nie, maar dat laasgenoemde juis tot uitdrukking kom in eersgenoemde. Juis in die menslikheid van die Skrif kom die neerbuigende en genadige neerdaling van God, wat kulmineer in die kruis van sy Seun, na vore (Hebr 1:1). Daarom is die Skrif ook nie aan ons gegee as 'n onfeilbare bron van eksakte natuurwetenskaplike en historiese informasie nie, maar om ons die kennis by te bring "wat tot verlossing lei deur die geloof in Christus Jesus" (2 Tim 3:15).
**2.3.3** Die Algemene Sinode verklaar dat dit uit die Bybel self duidelik is dat die inspirasie van die Skrif nie op 'n eenvormige wyse plaasgevind het nie. Daarom is die aard van die gesag van die Skrif ook nie oral dieselfde nie. Ons kan onderskei tussen die hart van die boodskap van die Skrif en sake wat meer op die rand lê, hoewel die rand en hart nie van mekaar losgemaak kan word nie, maar juis in hulle samehang as Woord van God funksioneer. Die geheimenis van die Goddelike inspirasie van swakke menslike instrumente kan ons nie deurgrond nie, maar omgekeerd deurgrond hierdie inspirasie vir ons en die totale werklikheid waarvan ons deel is, en lê sodoende gesagvol beslag op ons hele lewe.
**2.3.4** Die Algemene Sinode verklaar dat die gesag van die Skrif nie gesetel is in geïsoleerde Skrifgedeeltes op sigself nie, maar dat die gesag van elke onderdeel van die Skrif funksioneer binne die geheel van die Skrif en die gesag van die geheel tot uitdrukking kom in die onderdele. Die eenheid van die Skrif is geleë in die eenheid van God (Deut 6:4) wat as die Drie-enige tot ons neerdaal in die Bybelse geskiedenis.
**2.3.5** Die Algemene Sinode bely dat ons met God in aanraking kom deur middel van die geskiedenis wat Hy met die mense gemaak het soos deur die Skrif vertolk. Hierdie geskiedenis bereik 'n klimaks in die koms van Jesus Christus sy Seun, wat in die volheid van die tyd deur die Vader gestuur is as Verlosser van die wêreld. Ook die vertolking op velerlei wyses deur woord en daad, maak deel uit van hierdie geskiedenis. Deur die Gees as die eintlike Tolk en (daarom) Trooster, word ons ten spyte van ons onvolkomenheid en sondigheid, toegerus om nou

reeds deur woord en daad binne hierdie gebroke werklikheid, iets te laat blyk van God se genadige neerdaling tot sy skepping.
**2.3.6** Die Algemene Sinode verklaar dat hoewel God sy Gees aan die kerk gegee het om ons in die volle waarheid te lei (Joh 16:13), die gesag van die Skrif nie primêr berus op die bloot formele feit dat die kerk dit as kanon aanvaar het nie. In die Skrif self word reeds duidelik dat die kerk as gevolg van ons sondigheid nog steeds blootgestel is aan dwaling. Daarom is die gesag van die Skrif in die eerste instansie geleë in die inhoud van die Gees se boodskap naamlik God se genade in Christus (Joh 16:14). Hierdie boodskap het die kerk in die kanon gehoor as die kritiese maatstaf vir die verkondiging waardeur ook tussen die geeste onderskei word.
**2.3.7** Die Algemene Sinode verklaar dat die vonnis en vryspraak wat God in die vleesgeworde Woord oor ons uitgespreek het op Goeie Vrydag en Paassondag (Rom 4:25), met gesag deur die Gees by die lees en verkondiging van die Woord oor ons uitgespreek word. In sy Woord gee God ons "sy Woord" deur al sy beloftes, waarop ons met vrymoedigheid ons durf verlaat vir tyd en ewigheid, aan ons toe te sê. Hierdie gesag is dinamies want die Woord is skeppingsmagtig. Dit bring ons in 'n nuwe verhouding met God en lei ons tot lewensverandering

Die Algemene Sinode het hierdie verslag as riglyn goedgekeur.

**2.4 SKRIFGEBRUIK EN SKRIFGESAG** (Algemene Sinode 2004)
Hierdie verslag vloei voort uit die opdrag wat in 2002 aan AKLAS gegee is om kommentaar op die vorige verslag te verwerk en ‘n verdere verslag op te stel. AKLAS het geoordeel om nie ‘n nuwe of meer omvattende stuk te probeer opstel nie. Met enkele opmerkings oor die kompleksiteit en selfs krisis van die huidige besinning oor Skrifgesag en Skrifgebruik en die proses van verandering wat in die denke daar rondom in die laaste jare plaasvind, het hulle gekies om eerder ‘n verklaring en belydenis op te stel wat die grense stel waarbinne die Kerk vanuit die Gereformeerde verstaan van die saak, steeds vernuwend en verantwoordelik, voortgaande oor die saak kan besin. Hierdie verklaring/belydenis is in vyf punte verwoord. Die Algemene Sinode het dit goedgekeur met die versoek dat dit vir bespreking aan Ringe en gemeentes deurgegee word.

## 3. BEVINDING
**3.1** Dit is duidelik uit die bestudering van die verskillende verslae en die aanvullende perspektiewe, nuanses en klemtone wat telkens in ‘n volgende verslag ter sprake kom, dat daar sedert 1986 (selfs al vroeër?) ‘n proses van nadenke en besinning oor Skrifbeskouing, Skrifgesag en Skrifgebruik binne die Kerk plaasvind. Die proses is waarskynlik nog nie afgehandel nie en sal heel moontlik in die toekoms voortgaan.
**3.2** Dit is dus in ‘n sin moeilik om uitvoering aan die opdrag te gee dat ‘n eenvoudige en prinsipiële samevatting van die standpunte oor Skrifbeskouing opgestel word juis omdat daar in die besinning oor die saak so ‘n verskeidenheid van perspektiewe en aanvullings in die verslae verwoord word. Dit is verder ook duidelik by elke verslag dat die Algemene Sinode dit as riglyne (eerder as standpunte) goedkeur wat daarop dui dat die Algemene Sinode self oor hierdie saak self nie meer so sterk werk met met vaste, dogmatiese uitsprake nie.
**3.3** ATLAS het geoordeel dat daar twee moontlikhede is om aan die opdrag uitvoering te gee:
**3.3.1** Die eerste moontlikheid is dat uit al die verslae die hoofpunte saamgevat en verwerk word in een opsommende verslag. Dan sal die 1986 verslag waarskynlik die meer prinsipiële uitgangspunte verwoord en sal die aanvullende perspektiewe uit die volgende verslae daarby verreken moet word. Dit sal moeilik in ‘n eenvoudige, bondige verslag saamgevat kan word.
**3.3.2** Die ander moontlikheid is dat ATLAS gebruik maak van die verklaring en belydenis in die laaste verslag van AKLAS (2004). Dit blyk daaruit dat presies dit wat nou van ATLAS gevra word daarin verwoord is. Dit is bondig, prinsipieel, aktueel en verwoord die standpuntstelling en perspektiewe van die hele proses van besinning sedert 1986. Dit het die verdere voordeel dat dit reeds as amptelike verklaring deur die Algemene Sinode goedgekeur is en bring dus nie weer ‘n verdere of ‘n nuwe verslag op die tafel nie.
**3.3.3** Dit word volledig hierby ingesluit met die aanbeveling dat die Algemene Sinode hiermee volstaan as ‘n eenvoudige prinsipiële samevatting van die Kerk se Skrifbeskouing:

## 4. SKRIFGEBRUIK EN SKRIFGESAG
**4.1** Die Nederduitse Gereformeerde Kerk bely, as kerk wat in die Gereformeerde tradisie staan, dat die Bybel die Woord van God is en dat dit daarom:
* *gesag* het oor ons hele lewe, omdat dit aan ons betuig dat ons nie aan onsself behoort nie, maar aan die Here, sodat ons geroep word om in vertroue op Hom en in gehoorsaamheid aan Hom te leef;
* *betroubaar* is, omdat ons vas glo dat God werklik is soos Hy Homself in die Skrif aan ons bekend maak: die Vader, Seun en Gees wat uit genade ons God is;
* *duidelik* is, omdat die kerk hierin die helderheid van die evangelie van God se liefde en genade hoor;
* *voldoende* is, omdat die Heilige Gees ons deur die Bybel alles leer wat ons hoef te weet om in God te glo en om sy wil te gehoorsaam (vlg NGB Artikel 7).

Daarom bely ons steeds gelowig dat dié waarheid bo alles is.

**4.2** Soos nog altyd vir die Gereformeerde tradisie, beteken hierdie belydenis vir ons nié:
* dat die Bybel vereis dat ons ons denkvermoë, wat ‘n gawe van God is, moet opoffer nie;
* dat die Bybel gesien kan word as ‘n eksakte handboek vir historiese of wetenskaplike kennis nie;

* dat die hele Bybel so maklik is om te verstaan dat enige mens selfstandig en onmiddellik alles daarin kan begryp nie;
* dat die Bybel vir ons die volle kennis oor alle aspekte van die werklikheid gee sodat geen verdere menslike nadenke of navorsing nodig is nie.

**4.3** Ons bely verder dat God deur die Heilige Gees die kerk deur die eeue in die waarheid van hierdie Woord lei. Dit beteken vir ons dat ons die Skrif as die lewende Woord van God hoor in gemeenskap met die Heilige Gees en met mekaar. Daarom was die kerke in die Gereformeerde tradisie nog altyd oortuig van die belangrikheid van 'n verantwoordelike interpretasie van die Skrif waardeur die kerk as geloofsgemeenskap onder leiding van die Heilige Gees soek na die waarheid, geregtigheid en barmhartigheid wat God deur sy Woord in ons tot stand bring. Hierdie oortuiging dat die kerk die Skrif moet interpreteer, blyk onder meer uit:
* die klem wat van die begin af gelê is op 'n grondige kennis van die oorspronklike tale (Hebreeus, Grieks en Aramees) waarin die Bybel geskryf is, asook die soeke na die beste metodes vir verantwoordelike Skrifuitleg;
* die beklemtoning dat die hele Skrif gelees moet word in die lig van die konteks waarin dit ontstaan het sodat die tyd- en kultuurbetrokkenheid daarvan verreken kan word in die uitleg;
* die soeke na reëls vir die uitleg van die Skrif (voorbeelde van sulke uitlegreëls uit ons tradisie is: dat die Skrif as totaliteit gelees moet word, dat Skrif met Skrif vergelyk moet word en dat die moeiliker dele in die lig van die makliker dele vertolk moet word en dat die Skrif uit sy hart, die evangelie van Jesus Christus, verstaan moet word);
* die onderskeid wat in die uitleg van die Skrif gemaak is tussen verskillende dele van die Skrif wat 'n verskillende soort gesag het (byvoorbeeld die onderskeid tussen die historiese en normatiewe dele van die Skrif, asook die onderskeid tussen die kultiese en morele wetgewing);
* die dankbare, maar kritiese luister na die manier waarop die Skrif in die geskiedenis van die kerk uitgelê is en in ons eie tyd deur medegelowiges in ons eie kerk en ander kerke uitgelê word;
* die vestiging van kerklike praktyke vir die interpretasie van die Skrif, soos veral die prediking, maar ook kategese, Bybelstudie, teologiese studie en andere;
* en veral ook in die daarstel van belydenisskrifte waarin die kerk streef om die hart van die Skrifboodskap duidelik te vertolk en gehoorsaam te aanvaar.

**4.4** Hoewel die kerk in elke tyd anders mag oordeel oor die beste reëls en metodes vir verantwoordelike Skrifuitleg, bly dit vir ons 'n basiese oortuiging dat die belydenis van die Skrif as Woord van God nooit teenoor verantwoordelike Skrifuitleg staan nie. Die belydenis roep ons juis op om onsself, in gemeenskap met mekaar en met al die gawes wat God vir sy kerk gegee het, toe te lê op die soeke na die waarheid.

**4.5** In die lig van hierdie belydenis glo ons dat God ook in die uitdagende tye waarin ons leef, sy kerk deur sy Woord en Gees in die waarheid sal lei. As Gereformeerdes verbind ons ons daartoe om, ook wat die komplekse leerstellige en etiese kwessies van ons tyd betref, in hierdie oortuiging saam te soek na waarheid, geregtigheid en barmhartigheid. Ons glo dat hierdie soeke 'n ekumeniese strewe is, in verbondenheid met die kerk van alle eeue en die kerk dwarsoor die wêreld. Waar ons van mekaar verskil, glo ons dat ons in gesprek met mekaar moet bly, in die gebed dat God ons liefde al meer sal laat toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat ons die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom (Filippense 1:9-10).

## 5. AANBEVELINGS: SKRIFBESKOUING

**5.1 Die Algemene Sinode herbevestig die verklaring *Skrifgebruik en Skrifgesag,* soos aanvaar by die Sinode van 2004, as 'n eenvoudige en prinsipiële samevatting van die NG Kerk se Skrifbeskouing.**
**5.2 Die Algemene Sinode wys daarop dat vir 'n meer volledige uiteensetting van die saak, die verslae soos goedgekeur in 1986, 1990 en 2002 hiermee saam gelees behoort te word.**
**5.3 Die Algemene Sinode besluit om al die dokumente oor Skrifverstaan in een bundel aan al die sinodes te stuur met die versoek om dit aan leraars en gemeentes in hulle sinodale gebiede deur te stuur en gesprek daaroor te fasiliteer.**

## ATLAS BYLAAG 4

# DIE HUWELIK EN SAAMWOON

## 1. DIE OPDRAG

*Die Sinode besluit dat verdere ondersoek gedoen word oor 'n kerklike huweliksinseëning (geestelike ooreenkoms) as genoegsame verbintenis vir gelowiges om saam te woon en of die staat se wetlike ooreenkoms noodsaaklik is (gesien teen die agtergrond van byvoorbeeld bejaardes wat verplig word om saam te woon omdat mediese- en pensioenvoordele in 'n volgende staatsregtelike huwelik verbeur word).*

## 2. AGTERGROND

**2.1** Dit is duidelik dat die besluit 'n baie spesifieke probleem in die oog het. Dit gaan oor 2de huwelike en die gepaardgaande probleem ten opsigte van mediese- en pensioenvoordele. Dit is nie moontlik om die spesifieke situasie in isolasie te hanteer nie. Prinsipiële vrae kom onmiddellik na vore: Watter handeling konstitueer 'n huwelik? Is dit die kerklike bevestiging of die juridies staatregtelike handeling? Die vraag is dus: Watter elemente moet teenwoordig wees om 'n verbintenis 'n huwelik te noem? Die konteks van die ondersoek word verder gekompliseer dat daar teen die einde 2009 talle vrae oor die NG Kerk se standpunt oor saamwoon gevra is. Uit 'n prinsipiële hoek gesien, is dit die beste om te fokus op die huwelik en van daaruit die aanverwante vrae oor byvoorbeeld saamwoon te beantwoord.

**2.2** Wat dit egter vir die kerk moeilik maak, is die besluite wat in 1966 en 1970 geneem is.

**2.2.1 1966**

*"Na aanleiding van 'n versoek van die Ring van Uitenhage en ander klagtes wat ontvang is oor die sondige verskynsel van ongehude persone wat openlik as gehudes saamlewe en ergernis verwek in die Christelike samelewing, versoek die Sinode die Minister van Justisie beleefd om wetgewing in te dien wat die saamwoon van ongehude persone as gehudes strafbaar te maak."*

**2.2.2 1970**

*"Die sinode versoek die owerheid om deur middel van doelmatige wetgewing alle buite-egtelike saamwoon met vervolging strafbaar te maak en kerkrade om teen hierdie onheilige praktyke met die kerklike tug op te tree".*

*** Ons kan nie vandag die saak op so 'n wyse hanteer nie. Die Jesus-gesindheid en -voorbeeld behoort eerder by ons te funksioneer. Op geen stadium het Jesus die vrou wat al vyf keer getroud was en nou met 'n man saamgewoon het (nogal omdat die wet verdere huwelike verbied het) oor haar sonde veroordeel en haar gedreig met die ewige, helse straf van God nie. Hy het by haar gaan sit en vir haar gesê dat as sy in die regte verhouding met God lewe, haar lewe voor God ook reg gelewe sal word.**
*** Verder sal ons darem bietjie meer moet sê as in 1982: *Die kerk kan nie buite-egtelike saamwoon goedkeur nie.* Wat nou verder in die verslag volg is 'n poging om meer te sê. En dan op 'n wyse wat reg laat geskied aan ons gehoorsaamheid aan God en ons eerlike ontleding van die praktyk.**

## 3. HISTORIESE PERSPEKTIEF OP DIE HUWELIK

### 3.1 HOE ONS TROU KOM 'N LANG PAD!

Die debat wat ontstaan het na aanleiding van die kerk se herbesinning oor saamwoon het talle vrae op die tafel geplaas. Een daarvan is waar ons verstaan van die huwelik vandaan kom. Vir antwoorde word daar vinnig teruggeval op Bybelse verwysings na die huwelik asof ons manier van trou pasklaar uit die Bybel af te lei is. Miskien het dit iets te doen met die formulier wat by huweliksbevestigings gebruik word. Deur dit te doen, ignoreer ons duisende jare se geskiedenis wat 'n bepalende invloed uitgeoefen het op dit wat ons vandag 'n huwelik noem. Dat Bybelse verwysings na die huwelik in die debat belangrik is en dat die wese van wat 'n huwelik is uit die Bybel af te lei is, kan nie ontken word nie. Dit sal ons egter baie help om tot groter helderheid te kom deur deeglik kennis te neem van hoe die huwelik deur die eeue ontwikkel het tot wat dit vandag is.

Die geskiedenis toon duidelik dat daar nooit 'n vaste model was waarvolgens huwelike bevestig is nie. In die *Na-apostoliese tyd* het die kerk grotendeels die bestaande Romeinse vorme van huwelik en verlowing aanvaar. Hoewel 'n kerklike seremonie nie noodsaaklik was nie, het die priester gewoonlik die seën van die Here op die huwelik afgebid. Die huweliksvoltrekking was hoofsaaklik 'n persoonlike aangeleentheid wat met 'n kerklike ritueel omklee is. Die kerklike ritueel het egter niks met die regsgeldigheid van die huwelik te doen gehad nie.

In die tyd van die *Kerkvaders* vind ons geen definitiewe patroon nie. Ignatius, biskop van Antiogië, skryf wel byvoorbeeld aan Polykarpus, biskop van Smirna, dat dit 'n vereiste is dat die voorgestelde huwelik aan die gemeente bekendgemaak moes word en dat die biskop toestemming moes gee voordat die huwelik bevestig is. Nadat die Christendom in die vierde eeu staatsgodsdiens geword het, het die kerk egter meer invloed op die Romeinse reg verkry en 'n groter rol in die huweliksbevestiging begin speel. Die fundamentele beginsel in die Romeinse huweliksluiting was dat die huwelik 'n ooreenkoms van wedersydse ooreenstemming is (*consensus*

*mutuus*). Hierdie ooreenstemming maak eintlik die huwelik uit. 'n Huwelik kon sonder enige plegtigheid so tot stand kom.

In die ou *Germaanse wêreld* was die sluiting van 'n huwelik nie 'n ooreenkoms tussen twee persone nie, maar wel tussen twee groepe omdat die individu van een groep na 'n ander groep oorgegaan het. Ook hier was getuies belangrik vir die regsgeldigheid van die huwelik.

In die *Middeleeue* was dit die gebruik om die plaaslike priester bloot as getuie by die huweliksbevestiging te betrek. Die huwelik is in sy teenwoordigheid voltrek, nie omdat hy 'n kerkamptenaar was nie, maar bloot omdat hy as 'n betroubare getuie gereken is. Sy funksie as getuie was daarom nie kerklik nie maar juridies van aard. Dit het daartoe gelei dat die huwelik buite die kerk burgerlik voltrek is waarna die paartjie die kerk binnegegaan het waar die mis aan hulle bedien is. Met tyd het hierdie dubbele handeling waarby die priester betrokke was, ontwikkel in een handeling waar die priester 'n dubbele rol gespeel het. Dit het direk daartoe gelei dat huwelike deur die kerk voltrek is. Wat voorheen twee handelinge was, naamlik voltrekking en inseëning, het een handeling geword. Tydens die 4e Lateraanse Konsilie in 1215 is besluit dat priesters huwelike moet inseën, maar dat dit nie deel van die juridiese proses was nie. Die kerk se betrokkenheid by die huwelik was goed en sleg. Goed in die sin dat dit die belangrikheid van die instelling beklemtoon het. Sleg in die sin dat dit deel was van die totale beheer wat die kerk oor mense se lewens gehad het. In die Katolieke Kerk het die betrokkenheid van die kerk nog duideliker uitdrukking gekry deurdat die huwelik as sakrament begin funksioneer het. Daarmee het dit volledig in die hande van die kerk gekom. Die Reformasie het met hierdie sakramentele aard van die huwelik gebreek.

*Die Reformasie* van die 16e eeu het ook nie onmiddelik radikale verandering tot gevolg gehad nie. Luther het egter meer op die ou motief van die Romeinse reg, naamlik dat die wilsooreenstemming van die egpaar die huwelik tot stand bring, gefokus. Sy standpunt was dat die bruidspaar in die daad van verlowing, wanneer hulle aan mekaar trou belowe, self die huwelik sluit. Die trouhandeling voor die kerk was vir hom daarom slegs 'n openbaarmaking van die huweliksluiting wat by die verlowing reeds plaasgevind het. Wat die tweede handeling in die kerk betref, het Luther wegbeweeg van die gebruik om die mis aan die bruidspaar te bedien. Hy het dit vervang met onderrig uit die Skrif oor die instelling en betekenis van die huwelik.

*Calvyn* het die twee handelinge by die huwelik ook duidelik van mekaar geskei. Hy het egter in teenstelling met Luther die eerste handeling as die verantwoordelikheid van die owerheid gesien. In sy Huweliksordonnansie wat op 13 November 1561 deur die Raad van Genève goedgekeur is, word al die bepalinge met betrekking tot 'n huwelik breedvoerig beskryf. Daarvolgens moes afkondiging op drie Sondae in die kerk gedoen word voordat 'n huwelik bevestig kon word. Die afkondiging kon egter eers gedoen word nadat die burgemeester skriftelik daartoe toestemming gegee het. Die kerk was egter vir die inseëning van die huwelik verantwoordelik. "Die bruidspaar moes op hulle huweliksdag eerbaar, sonder dromslaners en vioolspelers na die kerk kom en hulle waardig soos wat dit Christene betaam, gedra. Hulle moes by die kerk wees voor die einde van die klokgelui sodat die huwelik voor die preek ingeseën kon word." Staat en Kerk was mede-verantwoordelik vir die bevestiging van 'n huwelik.

In die tydperk *na die Reformasie* was dit veral Voetius, die groot vader van die kerkreg, wat Calvyn se standpunt onveranderd oorgeneem het. Hy het melding gemaak van 'n eerste handeling wat 'n handeling van die Staat was en wat nie in die kerk tuisgehoort het nie. Daarop het 'n inseëning gevolg wat 'n suiwer pastorale handeling was en deel uitgemaak het van die amptelike werk van die kerk. Die bekende Nederlandse teoloog Abraham Kuyper het op voetspoor van Voetius beklemtoon dat drie instansies by 'n huwelik betrokke is. Die eerste is die familiekring wat die reëlings vir die huwelik moes tref, die tweede was die "burgerstaat" wat vir die juridiese aspek verantwoordelik was en die derde was die kerk. Omdat die huwelik volgens Kuyper nie 'n bloot menslike instelling was nie, maar `'n Goddelike, moes die kerk en godsdiens by die voltrekking daarvan tot sy reg kom. Die huwelik was "'n verbond" tussen twee mense wat voor die aangesig van God gesluit is. Dit het egter juridiese en kerklike betekenis gehad.

*In Suid Afrika* is die manier waarop ons trou grotendeels gebou op hierdie standpunt van die Reformatore en hulle navolgers. Huweliksgebooie moes vir meer as drie eeue op drie agtereenvolgende Sondae in die kerk afgelees word (volgens die voorskrif van Calvyn) voordat die huwelik kerklik ingeseën is. Tot 1676 moes 'n voornemende egpaar die toestemming van die Politieke Raad kry voordat hulle kon trou.

*Die Kerkorde van De Mist* van 1804 het in *Artikel 1* bepaal dat die distrikslanddros en twee heemrade wat as kommissarisse van huweliksake in die buite distrikte gedien het, huwelike kon bevestig. Daarna kon egpare hulle huwelike kerklik laat inseën. Dit het die huwelik van die kerk losgemaak en dit is as 'n gewone burgerlike kontrak beskou. Beswaar het egter daartoe gelei dat die regering in die Kaap in 1806 besluit het dat slegs "*ordained ministers of the Gospel*" as huweliksbevestigers kon optree. Dit het beteken dat predikante 'n juridiese sowel as kerklike rol vervul het. Hierdie besluit het die weg gebaan vir die wyse waarop predikante vandag huwelike bevestig. In 1899 is daar volgens *Wet no 26* van die Oranje Vrystaat weer aan landdroste die bevoegdheid gegee om huwelike te bevestig indien predikante nie beskikbaar was nie, terwyl die *Wet op Huweliksbevestigers* van 1916 bepaal het dat "magistrate en assistent-magistrate" uit hoofde van hulle amp huwelike kon bevestig. Dit het beteken dat amptenare van die Staat huwelike sonder kerklike betrokkenheid kon bevestig. Egpare kon nou kies of

hulle “in die kerk” of “voor die landdros” wou trou. Hierdie beginsel is in *Wet 25* van 1961 gehandhaaf. ’n Volgende wending het in 1970 gekom toe die *Wysigingswet op huwelike* bepaal het dat die afkondiging van gebooie nie meer ’n wetlike voorvereiste was nie. Dit was ’n duidelike breuk met ’n baie ou Reformatoriese gebruik!

Alhoewel die NG Kerk deur verskillende sinodebesluite bevestig het dat ’n huwelik stiptelik volgens die wette en reëls van die staat bevestig moes word, is lidmate aangemoedig om hulle huwelike kerklik te laat bevestig volgens die eise van die Woord van God en volgens die kerklike formulier wat daarvoor bestaan het. Die kerk het ook die besluit gehandhaaf dat voorgenome huwelike 14 dae voor die huweliksdatum ten minste een keer tydens ’n erediens aan die gemeente bekend gemaak moes word. In 1974 het die Algemene Sinode steeds ’n beroep op gemeentes gedoen om die gebruik te handhaaf alhoewel ander metodes van bekendmaking ook gevolg kon word.

Hedendaagse tendense dui weer op ’n nuwe ontwikkeling. Huwelikseremonies word kleiner en meer intiem wat veroorsaak dat minder huwelike nog in kerkgeboue bevestig word. Klein kapelletjies op plase, lodges en vakansieoorde is baie meer gewild en die gemeente is feitlik glad nie meer betrokke nie. Dit het waarskynlik die gewoonte om voorgenome huwelike in die gemeente af te kondig, in onbruik laat verval.

Dit is duidelik wanneer ’n mens deur die bladsye van die geskiedenis blaai, dat die wyse waarop ons trou ’n lang pad kom en grootliks deur die konteks van die tyd bepaal is. Dit wil lyk of die verlowing in die tyd van die Reformasie reeds die aanvang van ’n amptelike vaste verbintenis was en dat die huweliksbevestiging bloot die openbaarmaking was van dit wat reeds gebeur het! Alhoewel Reformatore die kerklike en juridiese funksies baie pertinent onderskei het, het dit in Suid Afrika in die 19e eeu al meer saamgeval en ontwikkel in wat in die algemene omgangstaal bekendstaan as trou! Dat geen vaste model in die geskiedenis bestaan het nie, sal duidelik verreken moet word in die soeke na ’n nuwe model, wat gebou op die suiwer beginsels van die Woord, vir die kerk en sy lidmate in die 21ste eeu ’n werkbare nuwe oplossing kan bied. Voordat daar nuwe betekenis en inhoud aan saamwoon gegee kan word, sal daar eers weer herbesin moet word oor die juridiese en kerklike aspekte van ’n huwelik. Dit is nouliks moontlik sonder om die lang pad deur die geskiedenis in ag te neem.

## 4. PRINSIPIËLE UITGANSPUNTE TEN OPSIGTE VAN DIE HUWELIK

### 4.1 DIE BYBEL AS VERTREKPUNT

As ons prinsipieel wil dink, is die Bybel ons vertrekpunt. Die NG Kerk is immers as gereformeerde kerk telkens besig om te vra wat die wil van God vir ons lewe is. Tog is dit ook belangrik om daarop te let dat die Bybel in hierdie tradisie nie konteksloos gelees word nie. Die kultuur en gebruike van die tyd waarin die Bybel ontstaan het, word telkens verreken. Dit is nogal kenmerkend van die wyse waarop daar in die afgelope dekade of wat met die Bybel omgegaan word. Ons soek na die wil van God en het dit nie kant en klaar deur ’n paar Bybeltekste aan te haal nie. Ons weet dat ons uitsprake die resultaat van verantwoordelike en verantwoordbare hermeneutiek moet wees. Hierdie benadering is in verkeie van die NG Kerk se besluite tov Skrifgesag verwoord (sien die verslag van ATLAS by die Algemene Sinode van 2004 in die verband, wat so goedgekeur is).

#### 4.1.1 Die Ou-Testament

Dit is nie so eenvoudig om van die huwelik in die Ou Testament te praat nie. In verskillende tye het dit verskillende inhoude gehad. Daar bestaan byvoorbeeld nie ’n enkele selfstandige naamwoord wat deurgaans gebruik word as daar van huwelik sprake is nie. ’n Hele aantal huweliksvorme en -gebruike wat tipies die van die ou nabye Ooste is en in baie opsigte ver van ons verwyderd is, word in die Ou Testament gevind. Daar is bv poligamie en monogamie, die slavin as vrou, die leviraat-huwelik en die rol van die familie in huweliksluiting. Dit is dus regtig nie moontlik om uit die Ou Testament ’n model vir die huwelik te haal nie. In die vakgebied Ou Testament is daar ook ’n breë stroom navorsing wat die gebruik van Genesis 1 en 2 as *locus classicus* vir die instelling van die huwelik bevraagteken. Dit moet ons versigtig maak om nie die huwelik soos ons dit vandag ken en verstaan net so as instelling in die twee hoofstukke terug te lees nie. Op die oog af kan dit selfs moontlik lyk om dit te doen. Staan daar dan nie in Gen 2:24 dat die man sy vader en moeder sal verlaat en sy vrou aankleef nie? Dit is mos die instelling van die huwelik! Sodra ons egter die aard van die verhaal in ag neem en die onmiddellike konteks van nader bekyk, word dit gou duidelik dat dit nie oor die instelling van die huwelik gaan nie, maar oor die eenheid van die menslike geslag. Mense het mekaar nodig. So word die aantrekkingskrag tussen man en vrou dan ook verklaar. Die eensame mens word die gemeensame mens. Hierdie hoofstukke het nie ten doel om ’n fundering van die huwelik te gee nie maar wil eerder die mens as verhoudingswese tipeer. Dit antwoord die vraag: Wie en wat is die mens? In hierdie indirekte sin het Genesis wel met die huwelik te make. Die huweliksverbintenis tussen man en vrou is immers een van die belangrikste verhoudings tussen mens en mens. Verder het die merkwaardige uitsprake in Genesis 1-2 oor die gelykheid van man en vrou beslis implikasies as ons verder oor die huweliksverhouding praat. Dit is beter om die insigte oor menswees wat in Genesis 1 en 2 opgesluit lê, te benut in die nadenke oor die huwelik. Die huwelik as instelling het die insig van Genesis tov die mens as verhoudingswese werklik nodig.

**4.1.2 Die Nuwe-Testament**
**4.1.2.1 Sosiale konteks[18]**
***1 Grieks-Romeinse wêreld**
Die klassieke opvatting van die huwelik is goed geformuleer deur Aristoteles (Pol 1.1253b. 1-14) se beskrywing van die huwelik as 'n hiërargiese verhouding man-vrou, soortgelyk aan ander hiërargiese verhoudinge in die huishouding (ouer-kind, baas-slaaf). Aan die hoof van die huishouding is die vader, die *paterfamilias*. Volgens Macdonald (2008:812) het daar in die Romeinse samelewing van die eerste eeu nC 'n groter kulturele selfstandigheid ingetree, veral met die verskyning van die sogenaamde "new women" (E Fantham ea 1994, Winter 2003:3). Dit was veral in die hoër middelklas dat die verskynsel sterker na vore gekom het. In die Romeinse ryk is die huwelik deur die Romeinse wet gereël. Twee soorte huwelike is erken: huwelike met *manus* (Lat: hand), waar die vrou se bates deel van die huwelik geword het, en huwelike sonder *manus*, waar die bruid se vader sekere wetlike en ekonomiese gesag oor sy dogter se besittings behou het. By ryk families het dié soort huwelik as 'n maatreël gedien om die moontlike erfporsie van die bruid teen haar man se geldgierigheid te beskerm (Macdonald 2008:12).

Die betaling van 'n bruidskat aan die bruid se pa het dieselfde doel gedien: dit is nie gesien as 'n prys waarmee die bruid gekoop is nie, maar as 'n beskerming aan die bruid se vader in geval van egskeiding: hy sou weer vir sy dogter moes sorg (Collins 1997:114). Die verlowing het eweneens 'n rol gespeel om die kontraktuele aard van die huwelik te beklemtoon (Guhl & Koner 1994:191).

Die uitgebreide wetlike karakter van die huwelik het dit vir sommige moeilik gemaak om volgens wet te trou, byvoorbeeld slawe. Tog weet ons uit grafinskripsies dat baie slawe in monogame verhoudings informele huwelike aangegaan het en as 'n kerngesin saamgeleef het – hoewel dié verbintenisse volgens die Romeinse wet nie huwelike was nie. 'n Soortgelyke verskynsel was vroue wat om finansiële redes nie volgens wet getroud was nie, maar as byvroue in vaste verbintenisse met mans saamgeleef het.

In 17 vC het keiser Augustus 'n nuwe huwelikswet, getitel *Lex Julia*, uitgevaardig. Volgens Winter (2003:41) was die rede waarom die wet gemaak is, die losbandige optrede van die sogenaamde "nuwe vroue" in die hoër middelklas, maar was die bedoeling van die wet om huwelike aan te moedig en losbandigheid te beperk. Volgens Macdonald (2008:813) was daar groot ooreenkomste tussen die ideale wat dié wet wou bevorder en die huweliksopvattings van die Nuwe Testament, soos huwelikstrou, maar ook verskille, byvoordeeld die Nuwe Testament se veroordeling van huweliksontrou van beide man en vrou terwyl daar ten minste in die Romeinse praktyk die neiging bestaan het om vroue se ontrou streng te veroordeel maar mans se ontrou as minder ernstig te beskou.
***2 Joodse wêreld in die tyd van Jesus**
Die Joodse beskouing van die huwelik in die tyd van Jesus vertoon baie ooreenkomste met dié van die Romeins-Griekse wêreld, en was in heelwat opsigte anders as die vroeë opvattinge waarvan ons in die Ou Testament lees. Die opvatting van die huwelik het baie verander sedert die tyd van Abraham, van wie ons in Gen 25:1 lees dat hy "weer 'n vrou geneem het" (1953-vertaling, in 1983-vertaling: "Abraham het weer getrou"), of sedert Salomo wat volgens 1 Kon 11, 700 vroue en 300 byvroue gehad het. Ons moet die verbintenis tussen man vrou in die Ou Testament "volgens die kulturele gebruike van daardie tydperk verstaan" (Jonker 2010:37). Aanvanklik was die hoofdoel van die huwelik om kinders voort te bring, derhalwe is poligame huwelike gesluit om te verseker dat daar kinders sou wees. Volgens Mary Shields (2008:818) is daar geen wetlike voorskrifte oor die huwelik as sulks nie, en is dit onseker of die vroeë huwelike openbare of private geleenthede was. Daar was wel wetsvoorskrifte teen egbreuk, maar is vanuit 'n sterk patriargale perspektief gedefinieer – egbreuk was hiervolgens hoofsaaklik 'n oortreding van 'n getroude of verloofde vrou met 'n man met wie sy nie getroud was nie. Seks tussen 'n getroude man en 'n onverloofde of ongetroude vrou is nie in as egbreuk beskou nie (Bosman 1983:3).

Die Joodse huweliksbeskouinge en -gebruike in die tyd van Jesus – wat gewoonlik genoem word die "Judaïsme van die Tweede Tempel-tydperk", dit wil sê die tyd na die ballingskap tot 70 nC – toon baie ooreenkomste met die van die Romeins-Griekse kultuur van dieselfde tyd. By beide was die verlowing belangrik, net so die betaling van die bruidskat, familie-gereëlde troues en dat bruide maagde sou wees (Macdonald 2008:814). Hoewel poligamie onder Jode wel steeds bestaan het, het dit nie wyd voorgekom nie. Waar slegs mans vroeër die inisiatief kon neem om van hulle vrouens te skei, is daar duidelike bewyse alreeds uit die 5de vC dat ook vrouens egskeiding kon inisieer (Macdonald 2008:815 verwys na 'n skeibrief uit die Joodse kolonie in Elefantyn in Egipte). 'n Aramese kontrak, gedateer uit die 2de eeu nC, van 'n Joodse vrou se tweede huwelik, reflekteer 'n sekere finansiële beskerming van vroue by egskeiding (Macdonald 2008:814).

Die sewe huwelikskontrakte onder die Elefantyn-papiri toon volgens Collins (1997:108) duidelik die vier stappe wat 'n Joodse huwelik in die 5de eeu vC konstitueer: 1) Die bruidegom vra verlof van die persoon wat gesag oor die bruid het, om met haar te trou, 2) Daar word verklaar, "Sy is my vrou en ek is haar man, van nou af vir altyd", 3) Die

[18] Skema ontleen aan Margaret Macdonald se artikel in The New Interpreter's Dictionary of the Bible vol 3, 812.

*mohar*, bruidskat, word betaal aan die persoon wat gesag oor haar het, 4) Die kontrak word opgestel en deur getuies bevestig. Of daar sulke geskrewe kontrakte uit die tyd voor die ballingskap bestaan, is onseker (hoewel sommige met verwysing na die skeibriewe in Deut 24:1 en Jes 50:1 argumenteer dat waar daar skeibriewe was, daar ook troubriewe moes gewees het), maar dit is wel duidelik dat die kontraktuele aard van die huwelik wel uit vroeër tye dateer. Dit is, volgens Collins, 'n aspek wat by alle Joodse huweliksluitings aanwesig is, afgesien of dit geskrewe was of nie, en afgesien daarvan of sommige, soos byvoorbeeld die profeet Maleagi, die huwelik as méér as 'n kontrak gesien het (2003:209). In die apokriewe Joodse boek Tobit (geskryf tussen 225-175 vC), hoofstuk 7:14 is vir Sara en Tobias by hulle huwelik 'n "huwelikskontrak uitgeskryf en hulle seëls daarop gesit".

Die Misjna bestaan uit rabbynse uitsprake uit mondelinge tradisie, wat eers in die 3de eeu nC neergeskryf is, maar wat eeue vantevore geskep en oorvertel is. Volgens Jacob Neusner, hoofredakteur van die gesaghebbende 1988-uitgawe, dateer die meeste uitsprake uit die 1ste en 2de eeu nC. In hierdie tyd was geskrewe Joodse huwelikskontrakte vir lank reeds 'n aanvaarde praktyk. (Die Misjna bevat 'n hele afdeling oor *ketubot*, huwelikskontrakte).

Ons kan dus met redelik gesag sê dat in die Joodse kultuur waarin Jesus opgetree het die huwelik aanvaar was as 'n instelling wat die volgende karaktertrekke gedra het: dit was 'n instelling van God, dit was 'n kontraktuele ooreenkoms wat lewenslank gegeld het, wat aangegaan is tussen 'n man en 'n vrou en hulle onderskeie families, wat die seksuele verkeer van eggenote gereël het, en wat in die openbare domein gesluit is.

***3 Jesus en die evangelies**

Gebeure in die Nuwe Testament reflekteer die opvatting van die Joodse kultuur in die Tweede Tempel-tydperk: Josef en Maria raak verloof; toe Josef verneem dat Maria swanger is, oordeel hy dat hy, volgens die wet van Moses, grond het om die verlowing te verbreek, maar om "haar tog nie in die openbaar tot skande" te maak nie, "het hy hom voorgeneem om die verlowing stilweg te verbreek" (Matt 1;19). Josef se poging om die verlowing-verbreking privaat en stil te hou, wys ons dat die verlowing en aanstaande troue openbare aangeleenthede sou wees. Net so was ook die bruilof in Kana (Joh 2) duidelik nie 'n private geleentheid nie maar 'n openbare feesviering. So ook by Jesus se gelykenis van die bruilof (Matt 22).

In die wêreld waarin Jesus en sy dissipels optree, was huwelike en gesinslewe bykans vanselfsprekend. Die meeste van Jesus se dissipels was waarskynlik getroud. Ons weet dat dit die geval met Petrus was (Matt 8:14). Daar bestaan konsensus onder geleerdes dat die uitsprake oor die huwelik in die evangelies wel van die historiese Jesus afkomstig is (Macdonald 2008:816). Dieselfde geld vir die uitspraak oor egskeiding in die evangelies (Matt 5:32, 19:9, Mk 10:11-12, Lk 16:18), en die uitspraak van Jesus, waarna Paulus in 1 Kor 7:10 verwys. Die vraag word wel gestel of die toegewing dat iemand wel van sy vrou mag skei ingeval van *porneia*, owerspel (Mt 5:32), van Jesus is en of dit 'n latere redaksionele verduideliking is. Selfs al sou 'n mens die kwalifikasie as 'n redaksionele nota aanvaar, bevestig dit nogtans 'n belangrike punt: Jesus het, in sy uitleg van die Joodse wet aangaande egskeiding, hom geskaar by dié wetsgeleerdes wat 'n strenger uitleg en toepassing gekies het. Volgens Jesus behoort mense glad nie te skei nie, of dan slegs by wyse van hoë uitsondering. Met hierdie woorde het Jesus die huwelik baie hoog aangeslaan. Ons vermoede dat Jesus die huwelik nie net as 'n praktiese reëling gesien het nie, word verder versterk wanneer ons sy gesprek met skrifgeleerdes in Mt 19:1-12 lees. Die skrifgeleerdes vra hom hoekom 'n man nie oor "enige ding" van sy vrou mag skei nie. Daarmee bedoel hulle nie noodwendig enige kleinigheid nie, maar ook ernstige probleme, soos byvoorbeeld wanneer eggenote sou agterkom hulle het uiteenlopende persoonlikhede. As dit die geval is, is dit dan nie die beste uitweg om uitmekaar te gaan nie? Jesus antwoord nee, en sy motivering in Mt 19:4 is belangrik: "Het julle dan nie gelees dat die Skepper hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie? ... 'Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe en hulle twee sal een (een vlees – 1953-vertaling) wees'. Wat God dan saamgevoeg het, mag 'n mens nie skei nie. "

Jesus se antwoord is nie dat die huwelik in stand gehou moet word terwille van die praktiese en sosiale voordele wat dit meebring nie. Sy antwoord baseer hy op God se skeppingsdaad. God het hulle so saamgevoeg – en daarom mag 'n mens dit nie skei nie. Die woorde "die huwelik is 'n Goddelike instelling" word nie hier gebruik nie, maar die vraag is of Jesus se woorde hier enigsins anders verstaan kan word: God het man en vrou saamgevoeg, daarom mag hulle nie skei nie. Margaret Macdonald som dié siening so op: "Marriage is a God-ordained institution to be celebrated" (2008:816).

Hierdie uitspraak sê nog meer. Vroue het destyds nie die reg gehad om 'n egskeidingsaak te inisieer nie. Net mans kon die rabbi vra om 'n skeibrief te skryf, en soms vir 'n relatiewe kleinigheid, en dan was hy van sy vrou geskei. Die vrou het hierin geen sê gehad nie en na die egskeiding was haar finansiële posisie meestal benard. Jesus se strenge afwysing van egskeiding het vroue groter finansiële sekerheid en beskerming gegee wat hulle nie vroeër gehad het nie.

Jesus se uitspraak teen egskeiding word in al drie sinoptiese evangelies genoem, maar by Markus (waarskynlik die evangelie wat die eerste geskryf is en deur ander as basisdokument gebruik is) is daar 'n klein maar betekenisvolle verskil: daarvolgens word rekening gehou dat 'n vrou van haar man mag skei – terwyl die ander evangelies net

praat van mans wat die inisiatief vir egskeiding kan neem. Hoewel Jesus egskeiding afwys, is dit betekenisvol dat hy erkenning gee dat vrou wel die reg het om die egskeidingsproses te inisieer.

***4 Paulus**

***4.1 'n Negatiewe, asketiese siening oor seksualiteit?**

Die belangrikste vraag oor Paulus se siening van die huwelikis of hy daaroor 'n negatiewe en asketiese siening gehad het. Dit is inderdaad die indruk wat 'n leser kry by die eerste lees van 1 Kor:7. In vers 1 skryf hy: "Dit is goed vir 'n man om sonder 'n vrou te lewe, maar weens die gevare van onsedelikheid behoort elke man sy eie vrou te hê en elke vrou haar eie man", en in vers 6: "Eintlik wens ek dat alle mense kon wees soos ek is." Die huwelik is wel deur God gegee, maar dit klink amper asof dit as noodmaatreël teen die sonde gegee is – "weens die gevare van onsedelikheid".

Dié interpretasie kan ons egter nie aanvaar nie, om die volgende redes:

***Eerstens***, Paulus verdedig hier die reg tot selibaatskap – wat deur baie vroeë Christene betwyfel is. Dit is altyd belangrik om by die lees van Paulus se briewe te onthou dat sy briewe eintlik antwoorde was op vrae en stellings van Christene in Rome, Korinte en ander stede wat hy bedien het. Dit is ook hier die geval. Paulus is besig om vir die reg van selibaatskap te argumenteer. In die Joodse kultuur en godsdiens waarin hy grootgeword het, was ongetroudheid seldsaam, en die selibaat as godsdienstige ideaal bykans ongehoord. Bykans die enigste oord in Joodse kringe waar daar simpatie vir die selibaat was, was onder die Essener-sekte wat by Qumran by die Dooie See gewoon het. Die Qumran-geskrifte toon wel dat daar by sommige Esseners 'n oproep tot vrywillige selibaat was, maar dit het nie vir almal in Qumran gegeld nie. Maar vir die oorgrote Jode was die gedagte dat dit vir sommige mense goed was om nie getroud te wees nie, baie vreemd.

Dus kan ons aanvaar dat vir baie gelowiges, veral diegene met 'n Joodse agtergrond, Paulus se eie selibaatskap (en dalk ook Jesus s'n) iets was wat dikwels bevraagteken was. Paulus self was egter oortuig dat hy hiertoe geroep was, nie op grond van 'n asketiese ideaal nie, maar omdat gesinsverpligtinge sy beweeglikheid en beskikbaarheid as 'n reisende apostel aan bande sou lê. Dit maak hy duidelik in 1 Kor 7:32: "Ek wil hê julle moet vry wees van sorge. Die ongetroude man gee aandag aan die dinge van die Here, aan hoe hy die Here kan behaag. Die getroude man gee aandag aan die dinge van die wêreld, aan hoe hy sy vrou kan behaag, en sy aandag is verdeeld". En ook in vers 37: "Maar as iemand in sy gemoed oortuig is dat hy nie moet trou nie (soos Paulus was), en hy nie onder enige dwang verkeer nie, maar volle beheer oor sy eie wil het, en hy by homself besluit het om nie te trou nie, doen hy 'n goeie ding." Maar al was dit 'n goeie ding, was die selibaat nie vir almal nie – net vir diegene wat van God 'n "besondere gawe" ontvang het (1 Kor 7:7).

***Tweedens*** moet onthou word dat toe Paulus 1 Kor 7 geskryf het hy diep onder die indruk was dat Christus se wederkoms binnekort sou plaasvind. Waar hy in sy Brief aan Filemon die slawe-eienaar suggereer dat hy sy weggeloopte slaaf Onesimus moet terugontvang en hom vrylaat ("nou nie langer net as 'n slaaf nie, maar meer as 'n slaaf: as 'n geliefde broer", v 16), raai Paulus in 1 Kor 7 Christen-slawe aan om in die posisie te bly waarin hulle is: "In die samelewing moet elkeen bly in die omstandighede waarin hy was toe God jou geroep het..." (v 20) en dan gee hy sy rede hiervoor in verse 26-34: "Ek meen dat, met die oog op die swaarkry van die eindtyd, dit vir 'n mens goed is om te bly soos hy is: as jy getroud is, moenie skei nie; en as jy ongetroud is, moenie 'n vrou soek nie ... Ek bedoel dit, broers: die tyd is min. Van nou af moet dié wat getroud is, leef asof hulle nie getroud is nie; die wat bedroef is, asof hulle nie bedroef is nie ... want hierdie wêreld soos ons hom ken, is aan die verbygaan. Ek wil hê julle moet vry wees van sorge. Die ongetroude man gee aandag aan die dinge van die wêreld, aan hoe hy sy vrou kan behaag, en sy aandag is verdeeld ..."

Dit is duidelik wat Paulus se hoofboodskap in hierdie gedeelte is: in die lig van die wederkoms wat enige oomblik kan plaasvind, moet gelowiges twee maal dink oor al hulle verbintenisse. Daarmee sê Paulus nie dié verbintenisse of aktiwiteite (werk, treur, trou, koop en verkoop) is sleg nie – net dat, gesien in die lig van die wederkoms, selfs goeie dinge van minder belang is. 'n Mens kan nie uit hierdie gedeelte aflei dat Paulus 'n negatiewe beskouing van seksualiteit gehad het nie – net so min as wat 'n mens hieruit sou kon aflei dat Paulus 'n negatiewe beskouing van koop en verkoop gehad het.

***Derdens***, die frase "dit is goed vir 'n man om 'n vrou nie aan te raak nie" (v 1b, 1953-vert) is volgens baie geleerdes nie Paulus se woorde nie maar juis sy teenstanders s'n – hy verwys na 'n bewering van 'n charismaties-asketiese groepering in Korinte, en wys dit dan in af (Hawthorne 1993:597; Macdonald, 2008:816). Dit mag waar wees, want die frase word ingelei deur die sin, "Met betrekking tot die dinge waaroor julle aan my geskryf het", wat wel dan moontlik kan verwys na die frase "dit is goed vir 'n man om 'n vrou nie aan te raak nie", want dit volg onmiddellik daarop. Die derde rede, wat nie almal sal oortuig nie, is egter nie nodig nie. Rede een en twee is oortuigend genoeg, en dit is duidelik dat nie uit 1 Kor 7 afgelei kan word dat Paulus 'n negatiewe opvatting van die seksualiteit gehad het nie. Veral nie as 'n mens in gedagte hou wat Paulus verder oor seksualiteit en die huwelik geskryf het.

***4.2 Egskeiding en gelykstelling van mag**

In 1 Kor 7:10 beroep Paulus hom op 'n uitspraak van Jesus dat die vrou nie van haar man mag skei nie, en ook nie die man van die vrou nie. In die kontemporêre Joodse tradisie is die vrou verbied om van haar man te skei, maar dieselfde verbod het nie vir mans gegeld nie. In navolging van Jesus maak hy 'n reëling wat mans en vrouens gelyk stel. Dieselfde gelykstelling van mag word gereflekteer in Paulus se raad in 1 Kor 7:1-6 oor tydelike

onthouding van seksuele verkeer in die huwelik. Man en vrou word hier gelyk behandel: “Die man moet sy huweliksplig teenoor sy vrou nakom, en net so ook die vrou teenoor haar man” (v 3) – en dan word die rede gegee: “Die vrou beskik nie oor haar eie liggaam nie, maar die man; net so beskik die man ook nie oor sy eie liggaam nie, maar die vrou.”

In ’n artikel vergelyk Peterman (1999:164) dié wederkerige verantwoordelikheid in die huwelik soos gesien deur Paulus met twee huwelikskontrakte uit die Hellenistiese wêreld van dieselfde tyd. In die kontrak gedateer 92 vC word die vrou enige seksuele verhouding buiten die monogame verhouding met haar man verbied. Die man word verbied om ’n ander vrou in sy huis “in te bring” of om “in ’n ander huis ’n ander vrou aan te hou” (kontrak gedateer 92 vC). In die kontrak gedateer 13 vC word die vrou verbied om ’n nag buite haar en haar man se huis deur te bring of enige seksuele verhouding met ’n ander man te hê. Haar man word verbied “om haar te beledig of ’n ander vrou in die huis in te bring”.

Op die oog op word man en vrou hier gelyk behandel. Beide kontrakte verbind man en vrou tot ’n monogame verhouding. ’n Meer noukeurige lees toon egter ’n fundamentele ongelykheid aan: waar die vrou in beide kontrakte alle ander seksuele verbintenisse verbied word (en in een geval verbied word om een nag buite haar huis deur te bring), is dit nie die geval by die man nie. Hy word verbied om ’n ander vrou in sy huis “in te bring” (*episagein*, volgens Peterman ’n tegniese term uit daardie tyd wat ’n permanente verhouding beskryf) maar die kontrak verbied hom nie kortstondige, losse verhoudings “buite die huis” nie. Peterman toon aan dat dieselfde dubbele standaarde geld van die huweliksadvies van ’n beroemde Hellenistiese moraalfilosoof, Plutarchus, uit dieselfde tydsgewrig. In teenstelling hiermee is Paulus se riglyne vir huwelikspligte in 1 Kor 7 dieselfde vir man en vrou.

***4.3 Wederkerige verantwoordelikheid tussen man en vrou**

In die Briewe aan Kolossense en Efesiërs kry ons die sogenaamde “huistafels”, geskoei op reëls en riglyne wat Hellenistiese filosowe aan huishoudings gerig het waarvolgens die verhouding tussen man en vrou, ouers en kinders, slawe en slawe-eienaars gereël moes word.

Paulus (of een van sy medewerkers na hom, volgens sommige historici) neem die patroon van die huistafels oor, maar herinterpreteer dit vanuit ’n Christelike perspektief deur die riglyne *wederkerig* te maak – nie net die persone aan die onderkant van die sosiale hiërargie van destyds (slawe, kinders, vroue) het verpligtinge teen diegene aan die bokant (slawe-eienaars, ouers, mans) nie. Diegene in die magsposisies (eienaars, ouers, mans) het ook verpligtinge – en daaraan word hulle herinner: slawe-eienaars moet hulle slawe “billik behandel” (Kol 4:1), “ophou om slawe te dreig” (Ef 6:9); vaders moet nie hulle kinders “so behandel dat hulle opstandig word nie”; mans moet hulle “vroue liefhê... moenie die lewe vir hulle bitter maak nie” (Kol 3:19), mans moet hulle vroue liefhê “soos Christus die kerk liefgehad en sy lewe daarvoor afgelê het” (Ef 5:25).

Dit is in Efesiërs 5 waar dié wederkerige verantwoordelikheid radikaal prakties gemaak word deur dit te verbind met die voorbeeld van Christus. Die man (tradisioneel in die posisie van mag en gesag) se verhouding tot sy vrou moet op die voorbeeld van Christus gemodelleer word: hy moet haar liefhê soos sy “eie liggaam”, en soos Christus die kerk gedien het, so moet die man sy vrou dien; soos Christus sy dissipels se voete gewas het, so moet mans hulle vroue se voete was.

Die Christelike huistafel, oorgeneem uit die Hellenistiese moraalfilosofie, word weliswaar in die patroon van die patriargale magsverhouding aangebied: vroue moet in alles aan hulle mans onderdanig wees (Ef 5:24), maar die gebruik van die voorbeeld van Christus verbreek enige eensydige hiërargiese patroon: nie net die vrou moet haar man dien nie, maar die man moet ook sy vrou dien, soos Christus die kerk gedien het. Aan die begin van Efesiërs 5 se huistafel kry ons ’n inleidingsin wat die hele huistafel in Ef 5:22-6:9 defineer. Dit lees: “Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig” (21). As ’n mens die opdragte in die huistafel op ’n letterlike, militaristiese manier verstaan, is vers 21 eintlik heeltemal onverstaanbaar. Hoe kan ’n offisier en ’n voetsoldaat aan mekaar onderdanig wees? Dit is tog onmoontlik dat hulle aan mekaar bevele sou gee en sou gehoorsaam. Die enigste manier waarop ’n leser die opdrag “Wees aan mekaar onderdanig” kan verstaan, is om “onderdanig wees aan” op ’n heel nuwe manier te verstaan – nie as ’n een rigting-gehoorsaamheid op ’n militêre manier nie, maar as ’n radikaal-wederkerige onderdanigheid en bereidheid tot diens aan mekaar, soos Christus sy dissipels se voete gewas het. Dit is hoe die huwelik uiteindelik in die vroeë kerk geherinterpreteer is – as ’n verhouding van radikale wederkerige diens en liefde aan mekaar, soos Christus sy dissipels liefgehad het. Geen wonder nie dat Paulus die huwelik, soos dit op voetspoor van Christus radikaal geherinterpreteer is, verder in Ef 5:31 as ’n metafoor vir die verhouding tussen God en sy kerk gebruik het: “Daar staan in die Skrif: ‘Daarom sal ’n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle twee sal een wees. Hierin lê daar ’n diep geheimenis opgesluit, en ek pas dit toe op Christus en sy kerk. Maar dit is ook op julle van toepassing. Elkeen moet sy vrou so lief hê soos hy homself liefhet, en ’n vrou moet aan haar man eerbied betoon.”

***4.4 Een funksie van die huwelik is om seksuele verkeer te reguleer**

Dit is nie al funksie van die huwelik nie, maar dit is wel ’n funksie. Wie hulle in ’n huwelik begewe, onderneem teenoor mekaar dat die seksuele verkeer op ’n bepaalde manier gereël word. Hierdie “reëls” is dikwels ongeskrewe en selfs onuitgesproke, is soms eensydig, verskil van kultuur tot kultuur, en van tyd tot tyd, maar dit is duidelik dat

’n huwelik veronderstel dat daar tussen diegene wat die huwelik aangaan, ’n onderneming is dat seksuele gedrag op ’n bepaalde manier sal geskied.

Dit is alreeds duidelik uit dit wat Paulus in 1 Kor 7 skryf oor verantwoordelikhede van eggenote teenoor mekaar. Dit is meer sigbaar in sy skrywe aan dieselfde Korintiërs, in 1 Kor 5:1, waarin hy opdrag gee dat teen ’n man opgetree word wat “die vrou van sy vader het” (1953-vertaling). Meeste kommentare stem saam dat Paulus hier verwys na die man se stiefma (so die 1983-vertaling). Paulus noem dat sulke gedrag “selfs onder die heidene nie voorkom nie” waarmee hy waarskynlik nie letterlik bedoel dat dit nooit onder heidene sal voorkom nie, maar dat sulke gedrag deur alle heidense kulture en moraalfilosowe verwerp word (Barrett 1971:121 vir besonderhede). Die rede vir Paulus se sterk afwysing van sulke gedrag is egter nie die Hellenistiese moraal nie, maar dat sulke huwelike in die wet van Moses verbied word in Lev 18:8, 20:11.

***5 Res van die Nuwe Testament**

In latere geskrifte van die NT word die tendens dat die huwelik ’n monogame, seksueel eksklusiewe en lewenslange verbintenis is, bevestig. In 1 Tim 3:2 word gesê dat ’n “opsiener” in ’n gemeente (*episkopé, 1953-vert: opsiener; 1983-vert: ouderling*) “die man van een vrou” (1953-vert) moet wees. Dit kan verstaan word dat die opsiener net met een vrou getroud mag wees, of selfs dat ’n opsiener net eenmaal getroud mag wees. Die eerste is die waarskynlike betekenis. Hoe ook al, die klem dat ’n voorbeeldige Christelike huwelik monogaam moet wees, is duidelik. Hebr 13:4 versterk hierdie tendens: “Die huwelik moet deur almal eerbaar gehou word. Wees in die huwelikslewe getrou aan mekaar, want ontugtiges en egbrekers sal onder die oordeel van God kom.”

1 Tim 2:9-15 (en so ook 1 Pet 3:1-8) is ’n verrassing: na die duidelike wederkerigheid van “onderdanig aan mekaar” in Ef 5:21, is die vermaning hier eensydig: vroue moet “waardig, beskeie, ingetoë ... wees”, hulle moet “haarkapsels en goud of pêrels of duur klere” vermy, hulle moet “in die erediens stil en onderdanig wees” (1 Tim 2:9). Bruce Winter (2003:122) verstaan dit as voorkomende maatreëls om gemeentes in die Griekssprekende stede te beskerm waar die opkoms van die sogenaamde “nuwe (getroude) vroue”, met hulle flambojante drag en haarstyle en hulle riskante seksuele gedrag, in dié tyd na vore gekom het.

***6 Samevattend**

Uit die NT-se getuienis oor die huwelik blyk dus die volgende:

* Die tendens na ’n <u>monogame huwelik</u> wat alreeds in die Judaïsme van die tyd aanwesig was, word deurgevoer sodat dit die norm vir ’n Christelike huwelik word.

* Die OT-Joodse tradisie waarin <u>seksualiteit as ’n gawe van God</u> gesien word, wat maklik deur sondige mense misbruik kan word, word vasgehou – teenoord asketiese rigtings in die omringende Hellenistiese kultuur.

* Die <u>kontraktuele karakter</u> van die huwelik as ’n bindende ooreenkoms tussen twee persone en/of hulle families insake die deel van hulpbronne en seksuele gedrag, wat in beide die Grieks-Romeinse as Joodse kulture aanwesig was, word deur die Christelike verstaan van die huwelik verder gevoer

* Die Christelike verstaan van die huwelik <u>herdefineer die magsverhouding</u> tussen eggenote as ’n wederkerige, gelyke verhouding – terwyl die weerstand in eie geledere teen hierdie vernuwing gedokumenteer word.

**4.1.2.2 Toegepas op ons situasie**

Wat sê dié insigte in die Bybelse getuienis oor die huwelik vir ons in die situasie van die NG Kerk in 2011? Wat sê dit vir die vrae wat aanleiding tot hierdie voorlegging gegee het? Sou ’n kerklike huweliksinseëning ’n genoegsame verbintenis vir gelowiges wees in geval van bejaardes wat wil trou, maar hulle mediese- en pensioenvoordele deur ’n staatlike huwelik moontlik sou verloor? Sou “proefhuwelike” toegelaat word – aangegaan deur gelowige jongmense, begerig om ’n huwelik met die regte persoon te sluit?

***1 Kerklike huweliksinseëning**

In die Gereformeerde tradisie word drie rolspelers by die huweliksluiting ingesluit: die kerk, die families, die regering van die dag.

Die Bybelse getuienis wys dat die drie elemente nie noodsaaklik is vir ’n Christelike huweliksluiting nie. Nóg in die getuienis van die Ou Testament nóg in die Nuwe Testament word ’n plek ingeruim vir die staat. Vir eeue lank was huwelike hoofsaaklik kerklike aangeleenthede sonder deelname van die staat – en niemand het gedink dit maak die huwelike minder geldig nie. So sterk is hierdie tradisie (naamlik dat die staat se deelname goed maar nie wesenlik vir die huweliksluiting is nie) dat die Rooms-Katolieke Kerk ’n huwelik wat deur die staat bevestig is nie as ’n regte huwelik beskou nie (Waddams 1967:206). ’n Regte huwelik, volgens die Katolieke, is een wat in die kerk voltrek is, want die huwelik is ’n sakrament – iets wat God aan die betrokke mense doen. Luther het net mooi die teenoorgestelde gedoen: sy huwelik met Katerina is in sy huis voltrek, nie in ’n kerk nie (Thielicke 1964:135). Calvyn het die twee standpunte met mekaar probeer versoen: die familie, die kerk en die staat moet by die huwelik betrokke wees.

’n Mens moet met Calvyn saamstem dat die betrokkenheid van al drie dié partye belangrik is, maar dit is tog ’n vraag of die staat se betrokkenheid *wesenlik* is. Dit sou beteken dat dit in sommige uitsonderlike situasies tog moontlik sou wees om ’n egpaar, wat geldige redes daarvoor het, kerklik in te seën in ’n verbintenis wat nie deur die staat as ’n wettige huwelik beskou sou word nie maar wel deur die kerk as ’n huwelik beskou kan word. ATLAS

wil voorstel dat die Algemene Sinode sal besluit dat so ’n “kerklike huwelik” in ‘n uitsonderlike situasie voltrek kan word en dat die Algemene Sinode die reëlings tref dat so ’n huwelik kerklik voltrek kan word.

***2 Proefhuwelike**
Soos hierbo aangetoon, is daar verskillende redes waarom jonger mense eers wil saamwoon in ’n verhouding wat ook seks insluit voor hulle wil trou – daar is “die rondslapers, die geriefsoekers, die proefkonyne en diegene in onbevestigde huwelike”.

Gesien in die lig van beide die Ou en Nuwe Testament se afwysing van seksuele losbandigheid, is die kerk gedring om die saamwoon-verhoudings van die rondslapers en die geriefsoekers te verwerp.

Proefhuwelik-voorstanders (en baie persone in onbevestigde huwelike kan hierby ingesluit word) se argument in die algemeen is nie dat die huwelik uitgedien is nie en dat hulle teen trou is nie. Hulle is dikwels juis ten gunste van die huwelik, maar is diep verontrus oor die feit dat soveel huwelike ten gronde gaan, of disfunksioneel is omdat eggenote so ingrypend van mekaar verskil.

Proefkonyne wil nie dieselfde fout maak nie. Hulle argument is dat mense mekaar eers goed moet leer ken voor hulle trou, en dat mense mekaar net waarlik leer ken as hulle saam woon. Dit sluit seks in, want seks is so ’n belangrike deel van die huwelik. Dit sou dwaas wees, volgens proefkonyne, vir mense wat beplan om te trou om mekaar vooraf op alle gebiede goed te leer ken maar van seks ’n uitsondering te maak. Hulle verdink dikwels die rede waarom mense van seks ’n uitsondering wil maak – dit is, in hulle opinie, ’n teken daarvan dat sommige mense (baie kerkmense) ’n ongesonde, skroomvallige houding oor seks het. Daarom is kerkmense nie noodwendig teen saamwoon nie maar teen seks voor die huwelik. Agter dié houding, sê proefhuwelik-voorstanders, lê ’n ongesonde opvatting dat seks eintlik ’n slegte saak is – maar net as ’n noodmaatreël, ter wille van die voortbestaan van die menslike ras, onwillig toegelaat word.

Dit sal verkeerd wees, meen sommige proefhuwelik-voorstanders, wat self oortuigde Christene is, om toe te gee aan die druk van ander Christene wat self ’n ongesonde, onbybelse opvatting oor seks het. In elk geval gaan hulle in die beplanning van hulle eie huwelike hulle nie deur dié benoude Christene laat voorskryf nie.

Dit is duidelik dat hierdie argument van proefhuwelik-voorstanders geen pleidooi vir losbandigheid is nie, maar ’n weldeurdagte argument ten gunste van vaste verhoudings-met-seks voor die huwelik. Derhalwe sal dit nie deug om hierdie tipe proefhuwelik-voorstanders daarvan te beskuldig dat hulle teen die huwelik is nie. Hulle sterkste argument is juis dat hulle ten gunste van die huwelik as instelling is, en dat hulle wil verseker dat hulle eie huwelik – as hulle die dag trou – nie ’n halsoorkop beslissing sal wees nie, maar ’n oorwoë besluit om met iemand te trou wat hy/sy baie goed ken.

Die kerk se antwoord sal dus in hierdie geval nie kan wees ’n tirade teen die losbandigheid van die 21ste eeu nie. Die kerk sou daarop kon wys dat die <u>teorie van die proefhuwelik-voorstanders ’n ongetoetste teorie is</u> – dit is nog glad nie aangetoon dat mense wat in seksuele proefhuwelik-verhoudings was voor hulle uiteindelik getrou het se huwelike sterker is en langer hou nie. Dit is wel so dat daar vandag ’n krisis in die huwelik is, ook by daardie generasie wat nie in proefhuwelike-met-seks-verhoudings voor hulle eie huwelik betrokke was nie. Maar die oorsaak van hierdie krisis is nie noodwendig dat diegene wat getrou het nie deur ’n proefhuwelik-fase gegaan het nie. Die oorsake (soos hierbo aangetoon) is verlerlei, soos byvoorbeeld die ineenstorting van die patriargale samelewing, die verhoging in beroepspanning en groeiende individualisme.

Maar miskien is die belangrikste punt om raak te sien die Bybel se <u>hoë waardering van seksualiteit.</u> Hoewel daar sekerlik in Bybelse tye huwelike sonder seks was (byvoorbeeld as gevolg van fisiese belemmering) praat die Bybel amper op ’n vanselfsprekende manier van die huwelik as die oord vir seks. In die verhale van die vroegste tye, toe die huwelik nog min van die elemente gehad het wat dit later verkry het (verlowing, kontrak ens), praat die Bybel amper asof trou en seks sinoniem is. Gn 25:1 in die 1953-vertaling lees: “En Abraham het weer ’n vrou geneem met die naam van Ketura” – op een vlak net ’n beskrywing dat Abraham en Ketura seks gehad het, maar op ’n ander vlak ’n aankondiging dat Abraham en Ketura nou getroud is – en daarom vertaal die 1983-vertaling ook reg: “Abraham het weer getrou, met Ketura.”

Dit is dus duidelik dat die seksuele bevestiging van die huwelik in die Bybel meer as ’n bykomstigheid is – dit is deel van die huweliksluiting. En omdat ’n huwelik vir lewenslank bedoel is, en ander persone uitgesluit het, is die Bybelse verstaan van die huwelik dat die seksuele verkeer die twee betrokke persone saamgebind het – en dat hulle nou vir hulle lewe aan mekaar gebind is. Dit het ook gegeld vir poligame huwelike – die man het met elk van sy vroue op dieselfde wyse die huwelik bevestig, en dan was sy een van sy vroue tot die dood hulle geskei het. Die Bybel het te ’n hoë waardering vir seks om dit net nog ’n item op die “dinge-wat-ons-saambind/nie-bind-nie”-lysie te maak. Seks is – tenminste vir die Bybel – nie dieselfde as dans, bergklim, gym toe gaan nie. Dit is vir die

Bybel dié krag wat mense aan mekaar bind, en as mense daardeur verbind is, is dit nie so maklik om die binding los te maak nie. Die Bybelse visie is dat man en vrou nou nie meer "twee is nie, maar een vlees" (Mt 19:5). Derhalwe sal die kerk, in sy gesprek met proefhuwelik-voorstanders, hulle goeie voornemens erken (hulle wil eintlik die huwelik sterk, en is nie losbandig nie) en daarom afsien van die taalgebruik van oordeel – maar hulle steeds oproep om die waarde wat die Bybel aan seks gee, te erken en om daardie rede seks vir die huwelik te reserveer. Dit beteken dat die kerk nie afsien van sy huidige standpunt nie, maar dat hy dit nie kommunikeer in 'n gees van oordeel nie maar van uitnodiging – om te ontdek dat die huwelik die "beter plek" vir seks is.

Vir diegene wat in onbevestigde huwelike saamwoon, behoort die kerk se vraag te wees: Aangesien julle eintlik al getroud is, net nog nie bevestig nie – waarom huiwer julle (of een van julle) om die kontrak te onderteken? As ek Anna so lief het dat ek haar nooit sal verlaat nie – waarom skryf ek dit nie op papier en onderteken dit nie? Is dit dalk omdat ek 'n agterdeur wil oop hou?

Weereens is die toonaard van die gesprek van die grootste belang. Dit gaan nie om mense te veroordeel asof seks iets vuils is nie, maar om gelowiges te help om 'n valse, romantiese geestelikheid te vermy – 'n geestelikheid wat sê: "Ons het mekaar so lief ons het nie nodig om met mekaar 'n ooreenkoms, geteken deur getuies, aan te gaan nie".

**4.2 DIE WESE VAN 'N HUWELIK (WAT IS 'N HUWELIK?)**
Die vorm wat die huweliksverbintenis aanneem het deur die geskiedenis verander. Wat ons vandag as huwelik ken, is die resultaat van 'n lang ontwikkelingsproses. Ons moet 'n onderskeid maak tussen die kulturele gestalte en die wese van die huwelik. Die vraag is net hoe daar in hierdie diverse voorstellings van die huwelik 'n wesenlike element gevind kan word. So sal die patriargale huwelik wat ons op baie plekke in die Bybel aantref nie oorgedra kan word as iets wat tot die wese van die huwelik behoort nie. Vanuit die getuienis van die Ou en Nuwe Testament en met in agneming van kultuurkontekste, sou ons kon aansluit by die definisie van Heyns (Teologiese Etiek 1986:135) om die huwelik te teken soos ons dit vandag verstaan: "Die huwelik is 'n vrywillige lewensgemeenskap op die grondslag van 'n blywende liefdesverbintenis tussen twee bymekaar passende en mekaar aanvullende geestelike volwasse persone van die teenoorgestelde geslag (Heyns 135)".
*** Vrywillig – Om te trou is 'n keuse. Iemand het die reg om anders te kies en steeds 'n sinvolle lewe voor God leef.**
*** Lewensgemeenskap – Die huwelik veronderstel 'n gemeenskap wat veel meer as liggaamlike gemeenskap is. Die huwelik is meer as seks en die verseksualisering van die huwelik is 'n verskraling. Kop, lyf en hart is in die lewensgemeenskap tegelyk ingeskakel.**
*** Blywende liefde – die liefde in die huweliksverhouding is respek, waardering en aanvaarding van die ander een wat wesenlik bedoel is om blywende karakter te hê.**
*** Bymekaar passende en mekaar aanvullende persone – die waarde van respek en liefdesgerigtheid op die belange van die ander een is hier ter sake.**
*** Van die teenoorgestelde geslag – daar bestaan baie soorte verbintenisse tussen mense. Ons gebruik die begrip huwelik vir die verbintenis tussen 'n man en 'n vrou.**

**4.3 DIE OORSPRONG VAN DIE HUWELIK**
Daar word dikwels (in studiestukke van die kerk en formulierboeke) na die huwelik as instelling van God verwys. So beskryf Heyns dit dan ook as 'n "goddelike skeppingsordinansie" (Heyns 133). "Die huwelik is nie deur die mens uitgevind, of deur die samelewing ingestel nie" (Heyns 133). Omdat Heyns waarskynlik die betrokkenheid van God by die huwelik sterk wil beklemtoon, stel hy dit teenoor 'n menslike aandeel in die ontstaansproses. Dit is 'n onnodige teenstelling. God se beskikking en menslike betrokkenheid is deurgaans in die Bybel met mekaar vervleg. Die huwelik kan goedskiks 'n sosiale ontwerp van mense wees wat deur God gebruik word en wat deur gelowiges gevul word met waardes wat opkom uit hulle verhouding met God. Vanuit die kernwaarde dat God die mens verhoudingsmatig geskep het, word die huwelik gebou. Die verwysings in Genesis 1 en 2, met hulle sterk nadenkende karakter, beklemtoon dat verhoudings in die kern van menswees lê. Volgens Genesis staan die mens in verhouding tot God, tot die natuur en tot ander mense. Die verhouding tussen man en vrou word geteken as die van twee mense wat op mekaar aangewese is. Sonde is juis dit wat die verhoudings laat skipbreuk ly en hierdie noue verbintenis stukkend maak. Alhoewel dit 'n oorspanning van die teks is om die huwelik as instelling daarin te vind, is die wesenselement van die huweliksverbintenis tog daar teenwoordig.

In die Katolieke tradisie is die huwelik 'n sakrament. Die Reformatoriese tradisie het nie daarmee saamgegaan nie, maar ken 'n soortgelyke gewig daaraan toe deur dit 'n heilige instelling te noem. Dit dui op die besondere waarde wat daar aan die huwelik as instelling in beide die twee groot teologiese tradisies gegee word.

**4.4 DIE HUWELIK VANDAG**
**4.4.1 Die huwelik is in 'n krisis**
Dit kan na alarmistiese taal klink om te sê dat die huwelik in 'n krisis is. Aan die ander kant is dit ook geen nuwe insig nie. Vir baie lank nou word dit gesê. Daar bestaan 'n breë konsensus dat die huwelik as instelling in ons tyd in die moeilikheid gekom het. Sedert die sestigerjare van die vorige eeu het 'n hele aantal faktore 'n invloed gehad op

die stabiliteit van die huwelik. Dit is asof die teologiese ideaal en die hedendaagse werklikheid nie bymekaar uitkom nie. Die kerk word wêreldwyd gekonfronteer met die werklikheid van hoë egskeidingsyfers, huwelikskonflik wat gesinsgeweld insluit en saamwoon as alternatief tot die huwelik. Die huwelik as instelling vaar nie goed nie. In bykans al die literatuur wat hieroor besin, word die slegte toneel met behulp van statistiek geteken. Die egskeidingsyfer in die VSA is tussen 29% en 50% vir eerste huwelike, terwyl 61% tot 76% van alle tweede huwelike op die rotse loop. Adrian Thatcher (1999:9) sê in sy boek, *Marriage after modernity, Christian marriage in post modern times*, dat die inkongruensie tussen die menslike ervaring van die huwelik en die "teologie van die huwelik" deur die eeue heen problematies was. Rosemary Haughton (1987:149) noem dit: "a theology of marriage shattered by experience."

**4.4.2 Faktore wat die huwelik in die spervuur laat beland het**

Dit is waar dat daar al vir jare lank bekommernis bestaan oor die gesondheid van die huwelik in ons samelewing. Dit is ŉ ou storie, maar ook ongelukkig ŉ waar storie. Verskeie faktore het die reeds kwesbare instelling van die huwelik in die laaste dekade of twee verder onder druk geplaas.

**4.4.2.1 Die skuif weg van ŉ patriargale samelewing**

Vir lank was die Suid-Afrikaanse samelewing wesenlik patriargaal. Dit het verander. Vroue het daarin geslaag om aan hierdie onregverdigbare baasskap van die man te ontsnap. Hulle is met reg nie noodwendig die kosmakers en baba-oppassers nie. Dit het ŉ nuwe wêreld geskep waarin baie jong mans gemaklik is en waarin hulle hulle nuwe rol omhels het. Tog het dit vir baie ander onsekerheid en identiteitskrisisse veroorsaak. Dit gebeur selfs dat kerke wil terugval of vashou aan die patriargale huwelik om sodoende weer sekerheid oor rolinhoude te bring. Behalwe dat die Bybelgebruik in die gevalle ongeloofwaardig is, gaan dit ook nie werk nie. Die groter samelewingstroom wat aan vroue hulle regmatige regte gee, is te sterk daarvoor. Mans en vroue sal in die huwelik moet ingaan as mense wat hulle eie identiteit gevind het en gemaklik met mekaar se uitlewing daarvan is.

**4.4.2.2 Die beroeps- en spanningsfaktor**

Die werkplek stel baie hoë eise aan mense. Wanneer daarby nog die element van materialisme gereken word, ontstaan kragte wat die huwelik aftakel. Die spanningsvlakke wat by die werk opgebou word, het die potensiaal om konflik in die huwelik mee te bring. Twee moeë en gespanne mense kan dit moeilik vind om vreugde in die huwelik te ervaar. Die uitdaging vir die kerk is om mense toe te rus om die huweliksruimte ŉ veilige en ontspanne een te maak.

**4.4.2.3 Groeiende individualisme**

Groepswaardes word nie summier deur individue aanvaar nie. Individualisme maak dit moontlik om jou eie pad weg van die konvensie te vind. Dan word die huwelik maklik as verouderde konsep gesien. Dit is dan iets wat die groep op jou wil afdwing.

**4.4.2.4 Veranderde denke oor seksualiteit**

Daar is talle studies wat uitwys hoe ons samelewing se houding en denke oor seksualiteit verander het. Dit is nie moontlik om hier ŉ volledige seksuele etiek te skryf nie, maar die besinning oor saamwoon vra tog na ŉ besinning oor die verhouding tussen seksualiteit en die huwelik. Van die ou antwoorde wat die kerk probeer gee het, het nie die toets van die tyd deurstaan nie. Op dié terrein het die mense die kerk se hulp nodig.

## 5. 'N ETIESE BEOORDELING VAN "SAAMWOON AS ALTERNATIEF TOT DIE HUWELIK"

### 5.1 'N PAD VOL SLAGGATE

Die kerk bevind hom, wat sy kommunikasie ten opsigte van leer en etiese sake betref, in ŉ onbenydenswaardige posisie. Toe die pers in November 2009 berig " NG Kerk kyk weer na saamwoon" was die tonge los en die ink het gevloei. Die NG Kerk is van allerlei dinge beskuldig en verdink terwyl al die kerklike woordvoerders beklemtoon het dat net die Algemene Sinode self ŉ standpunt daaroor kan formuleer. Dit is duidelik ŉ pad vol slaggate. Wat ook al kommunikeer word oor die saak van saamwoon vind teen ŉ historiese agtergrond plaas wat dit moeilik maak. Die simplistiese wyse waarop media die saak hanteer, maak dit ook nie makliker nie. Sedert die laat sewentigerjare van die vorige eeu het ŉ hele reeks veranderinge in die kerk en samelewing plaasgevind wat deur lidmate meermale met skeptisisme begroet is. Vir bykans almal het die kerk goeie en deurdagte argumente aangevoer. Maar die persepsie steur hom nie aan die weldeurdagte argumente nie! Baie lidmate se vraag is: "Wat is volgende?" Ons kon nie heeltemal daarin slaag om die onderliggende rede vir die veranderinge op oortuigende wyse vir lidmate te verduidelik nie. Die belangrikheid van die historiese konteks by die lees van die Bybel word in baie verslae van die NG Kerk oor Skrifgebruik en Skrifgesag netjies en duidelik onder woorde gebring, maar dit is dikwels hoe ver dit gekom het. Dat hierdie soort lees van die Bybel ŉ groot rol in die omval van baie van die domino's gespeel het, kan nie ontken word nie. Die NG Kerk het nou weer die geleentheid om te wys dat sy verstaan van die genade van God besliste implikasies vir ŉ verantwoordelike en etiese lewe voor God het. Gegewe die problematiek met persepsies, kan die versoeking groot wees om liewers te swyg. Om stil te bly is om te veel te sê. Die probleme sal nie verdwyn as ons stilbly nie. Daar bestaan ook 'n (uitgesproke) vrees dat die NG Kerk lidmate kan verloor as gevolg van 'n meer verantwoordelike en gesofistikeerde Bybelhantering oor die saak. In heelwat gemeentes word daarom ŉ gerieflike stilswye gehandhaaf. Ons weet almal van talle paartjies wat saamwoon, maar verkies meestal om nie daaroor te praat nie. Ons kan nie blind wees vir die werklikheid nie. Saamwoon is nie net ŉ verskynsel in die samelewing in die breë nie. Dit kom veelvuldig in gemeentes voor. Toegewyde gelowiges woon soms saam. Dit is in elk geval die indruk wat mens kry by navraag by predikante. Meer gestruktureerde navorsing hieroor moet nog gedoen word.

**5.2 DIE HUWELIK AS INSTELLING VANDAG IS NIE IDENTIES AAN DIE VAN DIE BYBELSE TYE NIE**
Die historiese oorsig vanaf die vroeë kerk tot by die reformasie wys alreeds uiteenlopende opvattings oor die huwelik uit. Die Ou en Nuwe Testament deel sekere sienings oor die huwelik, maar verskil in ander opsigte wesenlik. Dit is daarom nie moontlik om van ŉ Bybelse huwelik te praat nie. ŉ Formulering soos "ŉ Huwelik wat voldoen aan die Bybelse eise en riglyne" sou nader aan die kol wees. Die huwelik as instelling is baie oud en het oor eeue ontwikkel tot dit wat ons vandag ken. Uit hierdie historiese ontwikkeling het veral drie aspekte uitkristaliseer wat vir ons van groot belang is. Ons sou kon praat van drie heinings wat ter beskerming van die huwelik se blywende aard opgerig is. Van die vroegste tye was dit die familie (met sterk juridiese elemente), die kerklike betrokkenheid en die samelewingsbetrokkenheid deur die staat. Familie, Kerk en Staat is in ŉ wisselwerking by die huwelik betrokke. Dit is wel so dat hierdie "buite-instansies" se betrokkenheid nie ŉ gesonde huwelik waarborg of die blywendheid daarvan verseker nie, maar dit bied tog ŉ vaste ondersteuningsnetwerk wat van groot waarde is. Dit is op hierdie punt waar die meeste saamwoon-situasies nie genoeg beskerming geniet nie en daar baie seerkry kan plaasvind.

**5.3 NIE ALLE SAAMWOON-SITUASIES IS DIESELFDE NIE**
Onder die term "saamwoon" word verskillende dinge verstaan. ŉ Genuanseerde etiese beoordeling vra vir groter noukeurigheid hieroor. Daar is byvoorbeeld ten minste vier kategorieë wat ter sake is:
* Rondslapers
* Geriefsoekers
* Proefkonyne
* Onbevestigde huwelike

Dit is nie korrek om ŉ situasie van onverantwoordelike seksuele losbandigheid oor dieselfde kan te skeer as ŉ saamwoonverbintenis wat vir alle praktiese doeleindes al die kenmerke en waardes van ŉ huwelik dra nie. Daar bestaan gevalle van saamwoon wat in wese niks anders as huwelike is wat nog nie bevestig is nie. ŉ Mens dink hier byvoorbeeld aan die situasie van bejaardes wat ŉ tweede huwelik wil aangaan en deur byvoorbeeld mediesefondse se reëls ontmoedig word om dit te doen. Vir losbandigheid moet die kerk onomwonde nee sê. Vir meer komplekse gevalle sal ons ander raad moet gee.

**5.4 HOE DINK ONS OOR SEKSUALITEIT?**
Twee sake is van belang. In die eerste plek moet beklemtoon word dat seksualiteit meer as net die huwelik raak. Om die hele saamwoonverskynsel te veroordeel met die stelling "Seks is slegs vir die huwelik" klink na ŉ duidelike standpuntinname, maar dit is eintlik niksseggend. Die probleem bestaan daarin dat die tradisionele eksklusiewe verbintenis van seks aan die huwelik uitgaan van ŉ baie eng definisie van wat seks is. Wat van seks behoort tot die huwelik? Dit is die ou vraag van jongmense wat ernstig soek na ŉ etiese lewe voor God. Wat van seks mag dan buite die huwelik? Seks is tog nie gelyk aan coitus nie. Soen, aanraking, liefdestaal en fisiese nabyheid maak deel uit van wat ons die mens se seksualiteit noem. Seks is meer as die huwelik. Ander, meer geloofwaardige en bruikbaarder riglyne sal gevind moet word. Dit sal net goed wees as ons kan inhoud gee aan ŉ etiek van verantwoordelikheid met betrekking tot seksualiteit. Alhoewel die simplistiese uitspraak "Seks is slegs vir die huwelik" nie baie help nie en dit dikwels as bekrompe en onrealisties afgemaak word, lê daar agter hierdie aandrang van die kerk ŉ waarheid wat nie net van die tafel afgevee kan word nie. In die boeke Hooglied en Spreuke word seksualiteit in die ruimte van liefde en getrouheid geplaas (vgl byvoorbeeld Spreuke 5:15evv). Hooglied raak liries oor seks binne die konteks van twee mense wat mekaar se gelykes is en waarderend teenoor mekaar lewe. Dit is waardes wat deur die huwelik as instelling ondersteun word.

Dit is ook nodig om daarop te wys dat die huwelik veel meer is as seks. Die geestelike gemeenskap tussen twee mense sluit seks in, maar loop wyer en dieper. Daar is bepaalde situasies (medies en ander) wat kan meebring dat ŉ huwelik sonder seks in die eng sin is, maar nie sonder gemeenskap nie.

**5.5 DIE HUWELIK IS BETER**
In hierdie verslag is telkens probeer om die verskynsel van saamwoon in al sy nuanses te beskryf. Daar is ook gepleit vir begrip en ŉ pastoraal-sensitiewe benadering tot mense in ŉ saamwoonsituasie waar hulle die kernwaardes van liefde, respek en eksklusiewe verbintenis tot mekaar handhaaf. Alles inaggenome sal die kerk steeds vir die huwelik kies as die beste ruimte om Bybelse waardes te huisves. Mense in saamwoonsituasies behoort begelei te word tot ŉ nog vaster verbintenis as uitdrukking van hulle toewyding aan mekaar en God. Dit is in hulle eie en die samelewing se belang.

## 6. AANBEVELINGS: HUWELIK EN SAAMWOON

**6.1 Die Algemene Sinode besef dat die huwelik soos ons dit vandag ken die produk van eeue se ontwikkeling is. Daarom kan sommige huweliksgebruike soos in die Bybel beskryf, byvoorbeeld leviraatshuwelike en die vrou as besitting, nie sonder meer dien as riglyne vir hoe Christelike huwelike vandag behoort te wees nie.**

**6.2 Die Algemene Sinode erken dat saamwoonverhoudings (wat die seksuele insluit) vandag ŉ werklikheid in die samelewing is. Daar is verskillende redes waarom mense saamwoon. Sommige mense woon saam**

**omdat hulle seksuele eksklusiwiteit nie as 'n belangrike aspek van 'n verhouding beskou nie. Hierdie verhoudings is weens die nie-permanente en selfsugtige aard daarvan, eties onaanvaarbaar.**
**6.3 Die Algemene Sinode erken egter dat daar ander redes is waarom ander pare saamwoon. Sommige woon saam met die argument dat hulle die huwelik hoog ag en daarom seker wil maak dat hulle in alle opsigte by mekaar pas, ook wat die seksuele betref, voordat hulle trou. Hierdie verhoudings reflekteer in baie opsigte die Bybelse waardes van liefde, respek en eksklusiwiteit en kan dus nie sonder meer afgewys word nie.**
**6.4 Die Algemene Sinode is nogtans daarvan oortuig dat die historiese ontwikkeling van die huwelik in die Bybel en in die geskiedenis vir ons duidelike riglyne bied van wat 'n Christelike huwelik is: 'n vaste, formele ooreenkoms tussen twee persone van die teenoorgestelde geslag om hulle lewens in alle opsigte met mekaar te deel in 'n lewenslange verbintenis waarin seksualiteit 'n eksklusiewe karakter dra, geseën of bevestig deur die kerk, gesluit in die teenwoordigheid van getuies, verkieslik in die gemeenskap van gelowiges en verkieslik erken deur die staat as 'n wettige huwelik.**
**6.5 Die Algemene Sinode oordeel dat, in die lig van bostaande, gelowiges met reg die huwelik 'n gawe van God noem en dat seksuele gemeenskap buite so 'n vaste, formele ooreenkoms nie aan Christelike riglyne voldoen nie.**
**6.6 Die Algemene Sinode beskou die reëlings van mediese fondse en pensioenskemas wat voordele van mense ontneem wanneer hulle na die dood van 'n eggenoot/eggenote weer in die huwelik wil tree, as eties problematies.**
**6.7 Die Algemene Sinode wil mense wat in 'n etiese saamwoonverhouding leef en dus die Christelike norme vir die huwelik uitleef, aanmoedig om die verbintenis nog vaster te maak deur die kerklike en staatkundige aspekte ook in plek te kry.**
**6.8 Bostaande besluite word nie afsonderlik nie, maar deurgaans as 'n eenheid beskou oor die kerk se standpunt ten opsigte van die saamwoon van ongetroudes.**

# A.11 MODERAMEN

## 1. FUNKSIONERING

**1.1** Die Moderamen het funksioneer itv die Reglement en 3-4 keer per jaar vergader om werksaamhede af te handel.
**1.2** Die fokus wat die Moderamen gestel het vir die termyn was:

ONS WERK MET EEN DROOM**:**
1. om die NG Kerk se Roepingsverklaring in ons werk te laat funksioneer
2. om die wil van God te onderskei **vir ons kerk** en ons taak op die **markplein**
3. om leidende beginsels vir die kerkverband te formuleer (Art 43.1.1)
4. om die opdragte van die Algemene Sinode gekoördineerd uit te voer (Art 43.2.2).

**1.3** Die Moderamen het dikwels met sy eie funksionering geworstel, beide mbt die interne prosesse in die vergadering asook die sake op die agenda van die Moderamen. Die Moderamen het die volgende besluit oor sy interne funksionering geneem:

*In ons gesprekke en besluite vertrek ons vanuit ons verstaan van die Woord wat vir ons nou inhou dat …*
*=ons die waarheid uit die Woord ontdek vanuit ons verhouding met God*
*=ons diskriminasieloos na alle mense kyk en saam met hulle leef: 'n genadige lewenswyse van mense wat die genadige God ontmoet*
*=ons intens bewus is van ons roeping in ons persoonlike lewe, die Here se kerk en ons lande- in besonder ook oor die eenheid van die kerk*
*=ons mekaar hanteer met 'n sagte, deernisvolle eerlikheid*
*=ons doelgerig vertroue skep as veilige ruimtes waar daar nuwe lewe kan ontwikkel*
*=ons binne die kompleksiteite van ons bestaan kyk hoe eenvoudig moontlik ons goed kan sê en doen (sonder om in simplisme te verval)*
*=ons ons broosheid erken*
*=ons ons tot die dienskneggestalte van die kerk verbind: 'n totale ontlediging na die voorbeeld van Jesus*
*=ons grense in onsself kan oorsteek sodat ons grense na ander kan oorsteek*
*=ons die waardes van leerbaarheid, deernis, vertroue en openheid leef en bevorder.*

**1.4** In 2009 het die Moderamen besluit om die besluit van die Algemene Sinode 2007 oor die onderskeid tussen bestuurs- en beleidsake in die werksaamhede van die Moderamen toe te pas. Daar is besluit om bestuursake na die Moderatuur te verwys. Ten einde die Moderatuur effektief te laat funksioneer, is die Moderatuur uitgebrei met die voorsitters van die ADGO, ADD en die Ondersteuningsdienste.
**1.5** Die Moderamen het met 'n tiental taakspanne gefunksioneer. Hulle werksaamhede en sommige van hulle verslae vorm deel van hierdie verslag.
**1.6** Die Moderamen se personeel het van tyd tot tyd gewissel as gevolg van die wisseling van die personeel in die leierskap van sinodes.
**1.7** Die Moderamen se werk is volledig en omvattend gedokumenteer in die sakelyste en notules. Hierdie verslag hanteer bepaalde kernsake.

## 2. DEURLOPENDE VISIONERING EN ROEPINGSONTWIKKELING VANUIT DIE BESLUITE VAN DIE ALGEMENE SINODE

**2.1** Die Moderamen het moeite gemaak met en genoeg tyd afgestaan aan hierdie deel van sy opdrag. Ons glo die sinodes kon hieruit baat deur hulle verteenwoordigers wat saam met mekaar 'n pad kon stap.
**2.2** Die tien voorsitters van sinodes asook die voorsitter van die Moderamen word jaarliks deur 'n lidmaat geborg vir 'n retraite waar hulle kans kry om indringend en vertroulik met mekaar te praat. Hierdie gawe uit die hand van 'n toegewyde lidmaat het gesorg dat die voorsitters mekaar deur alles heen styf kon vashou.
**2.3** Die volgende sake het oa in die vergaderings van die Moderamen aandag gekry: indringende gesprekke oor die besluit oor *Gereformeerde Identiteit* en die beskikbaarstelling van 'n PowerPoint hieroor vir gemeentes; 'n pastorale verklaring vir ons lidmate vanuit ons Roepingsverklaring om hulle in hulle seer, lyding en onsekerheid te ondersteun; meelewing met die Seisoen van Luister en meedoen aan van hulle materiaal; besinning oor ons konteks; 'n ontmoeting met Bill Hybels van Willow Creek; die opwindende geleenthede van die 2010 Fifa Wêreldbeker; geloofsonderskeidende prosesse; 'n voortdurende herinner aan ons roepingsverklaring en die implikasies daarvan.

## 3. VERHOUDINGSBOU

**3.1** Verhoudingsbou vloei voort uit die vorige sake en dit was ook nie moontlik om dit te hanteer sonder goeie verhoudings nie. Moderamenvergaderings is so ingerig dat daar elke keer 'n aand was waar saam gekuier kon word.
**3.2** Die Moderatuur het as deel van sy werk 'n gesprek met elke sinodale gebied se leierskap gehad, hetsy by wyse van 'n besoek of 'n gesprek wanneer die Moderatuur in Pretoria vergader het. Dit het gelei tot die bou van stewige verhoudings en vertroue in die kerkverband asook dat die Moderatuur op die hoogte gekom het met die

NG Kerk in elke streek/ land. Die Moderamen wil dit as suggestie deurgee dat volgende Moderamens/ Moderature dieselfde werkswyse volg.
**3.3** Die Moderamen het meegewerk aan en ondersteuning gebied vir die *nasionale byeenkoms vir vrouepredikante van die NG Kerk* in 2010 – 20 jaar nadat die eerste vroue gelegitimeer is.
**3.4** Op advies van die ATR is die volgende skrywe en verklaring versprei tov predikante in diens van die NGKA of NGSK (nou VGKSA):

<u>Dosente en predikante in diens van die NGKA of NGSK (later die VGKSA)</u>
Die Algemene Taakspan Regte het oor tyd bewus geword dat dosente en predikante in diens van die NGKA of NGSK (later die VGKSA) sedert 1986 hulle bevoegdheid as predikant in die NG Kerk verloor het, veral weens die feit dat hulle voor die keuse gestel is dat hulle nie terselfdertyd lidmaatskap van die NGKA of NGSK kon aanvaar terwyl hulle nog bevoegdheid in die NG Kerk (dubbele lidmaatskap) gehad het nie.

Hierdie dosente en predikante het die verlies van hulle bevoegdheid in die NG Kerk nie goed beleef nie, en veral na aftrede het dit hulle voortgesette ampswerk as emeriti in die NG Kerk belemmer.

*Die ASM het by sy jongste vergadering besluit om by wyse van hierdie verklaring en persoonlike skrywe 'n apologie aan sodanige dosente en predikante te rig en om, op elke skriftelike versoek daartoe, aan sodanige persoon dieselfde bevoegdheid te verleen as emeriti of gelegitimeerdes van die NG Kerk. Die ASM versoek dat sodanige versoeke die kantoor van die Algemene Sinode teen 30 April 2011 bereik.*

Gemeentes en leraars wat van sodanige predikante/ dosente bewus is, word versoek om die inligting asseblief aan hulle deur te gee asook hulle besonderhede aan die kantoor van die Algemene Sinode.

## 4. LEIDING TOV EN KOÖRDINERING VAN DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE ALGEMENE SINODE

### 4.1 STRUKTURERING
**4.1.1** Die Algemene Sinode 2004 het aan die Moderamen die opdrag gegee om deurlopend te kyk na strukturering van werksaamhede. Die Algemene Sinode van 2007 het besluit dat gekyk moet word na die werking van die Algemene Sinode tov bestuur en beleid, en ook tov die ontvanklikheid van voorstelle voor die Algemene Sinode. Die Moderamen het 'n taakspan benoem om hom hieroor te adviseer.
**4.1.2** Die verslag van die <u>Taakspan Strukturering</u> is aangeheg as **Bylaag 1.**

### 4.2 KOÖRDINERING VAN BESLUITE/ OPDRAGTE VAN DIE ALGEMENE SINODE 2007
**4.2.1** Die Moderamen het by sy eerste vergadering in September 2007 saam met Diensgroepe vergader mdo daarop om leiding te gee oor die koördineer van opdragte wat op verskillende tafels lê asook die haalbaarheid van die uitvoering van opdragte. Die Moderamen meen dit het nuwe dinamika vir sekere opdragte gebring en ook 'n klomp geld gespaar.
**4.2.2** Diensgroepe/ Taakspanne is begelei waar hulle advies gevra het. Enkele sake van die Algemene Taakspan Regte is na die Moderamen vir besluitneming verwys.

### 4.3 ALGEMENE BEDIENINGSFONDS (ABF)
**4.3.1** Die ABF was aan die doodloop en die Moderamen het besluit om dit te termineer. Dit het geruime tyd geneem om die sake van die ABF af te handel.
**4.3.2** Die beskikbare is geld is aan die drie VBO's van die NG Kerk oorbetaal vir subsidie van leraars wat nie VBO kan bekostig nie.

## 5. OPENBARE GETUIENIS EN SKAKELING MET DIE OWERHEID

### 5.1 ZIMBABWE
**5.1.1** Die NG Kerk was dmv die SARK en die NRLF intens betrokke by Zimbabwe en die skakeling tov Zimbabwe met die Suid-Afrikaanse regering.
**5.1.2** Die Noordelike Sinode en die Sinode van Wes- en Suid-Kaapland het hande gevat tov daadwerklike hulpverlening aan lidmate.
**5.1.3** Die Sinode Wes- en Suid-Kaapland van die NG Kerk en Kaapland van die VGKSA het in 2008 'n omvattende dossier oor die krisis en vergrype in Zimbabwe op papier, DVD en PowerPoint saamgestel. Die materiaal is as 'n voorlegging van die NG Kerk en die VGKSA aan die SARK gegee om dit as 'n SARK-voorlegging aan President Mbeki te gee. Dr Kobus Gerber het ook gesorg dat die dokument in die hande van die Wêreldraad van Kerke, die All Africa Conference of Churches, die Afrika Unie en die Verenigde Nasies kom. Ontvangserkenning is van die VN ontvang. Dr Gerber kon in 2008 ook 'n voorlegging aan 'n kommissie van die Presbyterian Church (USA) en die Sinode van die Christian Reformed Church in North America doen. Die voorleggings het wye dekking geniet.

**5.1.4** Noue kontak met die gemeentes en leraars in Zimbabwe geskied deur die Noordelike Sinode en die kantoor van die Algemene Sinode.

**5.2 ONTMOETING MET DR FRANK CHIKANE OOR DIE VERVOLGING VAN OUD-MINISTER VLOK EN GENERAAL VAN DER MERWE**
Verteenwoordigers van die Moderatuur het saam met die AGS asook ander kerkleiers die gesprek bygewoon. Ons teenwoordigheid was nodig en het gehelp in die hantering van die saak.

**5.3 PARLEMENTÊRE SKAKELING**
**5.3.1** Dr Ben du Toit het namens die NG Kerk en saam met ekumeniese vennote (SARK, Rooms-Katolieke Kerk, Anglikaanse Kerk) se parlementêre strukture die Moderamen adviseer oor oa die hantering van die volgende wetgewing of beoogde wetgewing: Wet 23 van 1911 en 22 van 1961 (as sg rassistiese wette), Wet op Onteienening, Huwelikswysigingswet, Dekriminalisering van Prostitusie, Wet op Beskerming van Inligting, Grondhervorming.
**5.3.2** Baie tyd is spandeer aan die krisis met die indien van huweliksregisters by streekkantore van die Departement van Binnelandse Sake. Verskeie vergaderings is met die betrokke Departement gehou en advies aan die kerkverband gegee. Hierdie advies is ook met die kerke in die TKR en die Conventus vir Reformatoriese Kerke gedeel.

**5.4 LESSENAAR VIR PUBLIEKE GETUIENIS**
**5.4.1** Die Moderamen is oortuig dat die funksie van die Parlementêre Lessenaar omvorm moet word ten einde die NG Kerk meer effektief in die publieke arena te laat getuig.
**5.4.2** Die Moderamen het goedgekeur dat daar voortaan ‘n *Lessenaar vir Publieke Getuienis* sal wees wat as taakspan van die Moderamen sal funksioneer en wel met die volgende protokol:

'n Saak van openbare belang, wat die funksionering en/of getuienis van die lidmate van die NG Kerk in so 'n mate raak dat dit die belydenis en lewe van Christene op 'n bepaalde manier uitdaag, kan van meer as een bron op die tafel van die *Lessenaar vir Publieke Getuienis* (LPG) beland.
- Dit kan kom as opdrag van die Algemene Sinode self, of sy dagbestuur (Moderamen).
- Dit kan kom vanuit die proses van wetgewing in die Suid-Afrikaanse Parlementêre sisteem.
- Die kan kom vanuit die openbare aandrang as gevolg van bepaalde sosiaal-maatskaplike omstandighede en uitdagings.
- Dit kan kom vanuit bepaalde staatkundige ontwikkelinge en/of regerings-uitsprake en/of optrede.

Die volgende proses bestuur die funksionering van die LPG:
1 Die LPG neem die betrokke saak as netwerk van kundiges* ter tafel en bespreek 'n spesifieke *modus operandi* om die bepaalde uitdaging te hanteer.
2 Hierdie vergaderings sal sover as moontlik spoedig plaasvind met behulp van elektroniese kommunikasie (e-pos-netwerk; telefoonvergadering; *Skype*-gesprek, ens).
3 Die lid van die netwerk op wie se terrein hierdie saak lê, formuleer in samewerking met die uitvoerende beampte 'n skriftelike reaksie wat deur die netwerk oorweeg en onderskryf (of gewysig) word.
4 Die Moderatuur ontvang namens die Moderamen hierdie skriftelike verklaring/reaksie vir goedkeuring en oorweging.
5 Vir hierdie doeleinde is die uitvoerende amptenaar van die LPG teenwoordig in die vergadering van die Moderatuur.
6 Die Moderatuur bly altyd die eerste lyn van kommunikasie, tensy daar grondige redes bestaan waarom dit nie so moet wees nie. Alle verklarings gaan dus in die naam van die Moderatuur.
7 Die Algemene Sekretaris en die uitvoerende beampte van die LPG besluit saam op die beste wyse van openbare blootstelling van hierdie saak, indien die Moderatuur daartoe instem.
8 Die uitkoms van hierdie proses word weer aan die LPG-netwerk gekommunikeer, waaruit dan bepaalde reaksie sou kon voortspruit (tevredenheid, of ontevredenheid) wat dan weer aan die Moderatuur gekommunikeer sal word.

Die proses word voortdurend in terme van uitvoerbaarheid, sinvolheid en funksionaliteit (uitkoms) ge-evalueer deur die LPG en samewerking met die Moderamen – aan wie hierdie lessenaar verantwoordelik is.

* Die netwerk van kundiges ontstaan op 'n organiese wyse in terme van die ontwikkeling van bepaalde behoeftes aan kundigheid op verskeie staatkundige terreine, wie se deelname deur die ASM goedgekeur word.

**5.5 GEWELD EN MISDAAD**
**5.5.1** Die NG Kerk was as deel van die NRLF betrokke by gesprekke op alle vlakke van die regering hieroor. Die indruk was dat ons stem gehoor is.
**5.5.2** Die Moderamen het ‘n formele vennootskapsooreenkoms met die SAPD aangegaan met die oog op die voorkoming van misdaad. Hierdie ooreenkoms is formeel onderteken. Die beplanning is dat die saak mettertyd tot op voetsoolvlak sal deurwerk. ‘n Handleiding in die verband word op die oomblik opgestel.

**5.6 ONDERWYS**
**5.6.1** Dr Gustav Claassen is die Moderamen se kundige adviseur en het die kerkverband deurentyd op die hoogte gehou. Verskeie gesprekke kon deur die Moderamen met onderwysowerhede en onderwysliggame soos Fedsas en SAOU gevoer word. Hierdie is 'n deurlopende werksaamheid van die Moderamen.
**5.6.2** 'n Meer omvattende voorlegging oor <u>Onderwys</u> is aangeheg as **Bylaag 2.**

**5.7 GESPREKKE MET POLITIEKE PARTYE**
**5.7.1** Die Moderamen kon die afgelope vier jaar met politieke partye skakel in verband met sake wat vir die kerk van belang is. Dit is elke keer goed om te weet dat van ons lidmate in die meeste partye senior posisies beklee.
**5.7.2** Die meeste gesprekke was met die ANC, beide bilateraal asook in die konteks van die ANC se gesprek met die Afrikaanse/ Afrikaner-gemeenskap. Die NG Kerk is elke keer goed ontvang, met respek en waardering hanteer vir ons rol in die land, en kon elke keer 'n profetiese stem laat hoor.

**5.8 HANDVES VAN GODSDIENSREGTE EN -VRYHEDE**
**8.1** Die Moderamen het hierdie inisiatief van prof Pieter Coetzen ondersteun en dit ook in 2010 saam met verteenwoodigers van ander kerke en godsdienste onderteken.
**8.2** Hierdie aksie lei nou tot die stigting van die *SA Council for the Promotion and Protection of Religious Rights and Freedoms (SACPPRF).* Die Moderamen het namens die NG Kerk daarby aangesluit.

**5.9 VERKIESINGS**
Die Moderamen het met die Algemene Verkiesing van 2009 en die Munisipale Verkiesing van 2011 verklarings vir die aandag van lidmate uitgereik.

**5.10 LANDBOU**
**5.10.1** Die Moderamen se Taakspan Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling het gereeld vergader en met die landbougemeenskappe kontak gehad.
**5.10.2** Die voorlegging van die Taakspan is aangeheg as **Bylaag 3.**

**5.11 GESPREK MET VAKBONDE**
Die Moderamen het geoordeel dat dit belangrik is om itv die kerk-staatverhouding ook met die vakbondwese in dialoog te wees. 'n Gesprek kon al met Solidariteit gevoer word. Die volgende Moderamen sal wys wees om ook met die ander vakbonde te skakel.

**5.12 SECURITY SERVICES CHRISTIAN ADVISORY BOARD (SSCAB)**
Die NG Kerk is verteenwoordig in hierdie Raad waar daar aan die "kapelaansdienste" vir die veiligheidsmagte aandag gegee word.

## 6. KOMMUNIKASIE/MEDIA

**6.1 KOMMUNIKASIESTRATEGIE**
**6.1.1** Onder leiding van die Taalsentrum by die Universiteit Stellenbosch is met behulp van befondsing deur die direksie van BM 'n omvattende navorsingsprojek geloods tov *Beeld en Kommunikasie* in die NG Kerk. Die verslag is gepubliseer.
**6.1.2** Die Moderamen het op grond van die verslag en met die hulp van prof Leon de Stadler as fasiliteerder 'n kommunikasiestrategie vir die Moderamen en die werk van die Algemene Sinode ontwikkel. Hierdie strategie het ook gelei tot besinning oor die strukturering van die kerklike media en mediamaatskappye.

**6.2 STRUKTURERING VAN KERKLIKE MEDIA**
**6.2.1** Die Moderamen het as deel van die proses van kontinue strukturering in oorleg met die ATKM die volgende besluit geneem:

*1. Die bestaande ATKM verdwyn.*
*2. Die Moderamen vorm die ledevergadering (dit was voorheen die ATKM) wat die direksie(s) van die BM Art21-mpye aanwys met 'n bepaalde mandaat aan die BM-mpye (tans is ATKM beide die ledevergadering en die direksie(s)). Die direksie(s) moet kundigheid tov die geskiedenis van die groep, finansies, bestuur en kommunikasie hê.*
*3. Die redakteur van Kerkbode en die uitvoerende hoof van BM word steeds aangestel volgens die bestaande Reglement 10 pt 3.10 9 (... in samewerking met die Moderamen..).*
*4. Die uiteindelike verantwoordelikheid tov alle publikasies en media lê by die Uitvoerende Hoof van BM en hy/ sy is aan die Moderamen verantwoording verskuldig tov die Kerkbode. Dit maak die lyne van verantwoordelikheid en rapportering soveel makliker asook die hantering van arbeidsregtelike/ tugsake. Dit sal die Moderamen ook help tov die kommunikering van bepaalde behoeftes.*

*5. Die Moderamen wys 'n Taakspan Kommunikasie vir die Moderamen aan wat die Moderamen adviseer oor die Moderamen/ Algemene Sinode se kommunikasiebehoeftes en –strategieë. Die Moderamen sal op advies van hierdie groep mense bepaalde behoeftes aan die maatskappye van die NG Kerk (BM-groep) kan deurgee vir aandag en implementering.*
*6. Die BM-mpye sal strategieë daarstel om met die hele kerkverband in gesprek te wees oor die NG Kerk se behoeftes.*

**6.2.2** In die lig van bogenoemde het die Moderamen kragtens sy bevoegdheid besluit dat die Reglement vir die Algemene Taakspan Kerklike Media vervang word deur 'n funksionele besluit vir die bedryf van die kerklike media.

**6.2.3 AANBEVELING: DIE BEDRYF VAN KERKLIKE MEDIA**

**Die Algemene Sinode voeg die volgende besluit oor die bedryf van die Kerklike Media in die Kerkorde in as deel van die Funksionele Besluite:**

**DIE BEDRYF VAN KERKLIKE MEDIA**

**1 INLEIDING**

Die Bybel-Media Groep van Maatskappye ("die Groep") hanteer die bedryf van kerklike media.

**2 ORGANISASIE**

2.1 Die Groep bestaan uit die volgende Artikel 21-maatskappye: Bybel-Media, Bybel-Media Handel en die Tydskriftemaatskappy van die NG Kerk.
2.2 Die ledevergaderings van die Groep het dieselfde personeel as die personeel van die Moderamen van die Algemene Sinode van die NG Kerk en wys op aanbeveling van die uittredende direksies die lede van die onderskeie direksies aan. Die ledevergaderings konstitueer afsonderlik ooreenkomstig die statute van die onderskeie maatskappye.
2.3 Die ledevergaderings van die Groep sal so gou as moontlik ná elke gewone sitting van die Algemene Sinode die lede van die direksies van die Groep aanwys. Die direksies word saamgestel soos wat die aktes en statute van die onderskeie Artikel 21-maatskappye bepaal. Lede sal kollektief oor bewese kundigheid beskik ten opsigte van mediabehoeftes en mediabeleid asook van die bestuur en finansies van die mediabedryf.
2.4 Ander persone wat by die kerklike media-aktiwiteite of kommunikasie-aktiwiteite betrokke is, kan op uitnodiging direksievergaderings bywoon.

**3 OPDRAG**

Die Direksies
3.1 voer hulle opdrag uit ooreenkomstig die bepalings van die aktes en statute van die onderskeie Artikel 21-maatskappye van die Groep;
3.2 streef daarna dat die evangelie in sy volle omvang en toegepas op alle lewensbehoeftes aan almal gebring word deur gebruikmaking van geskikte media;
3.3 verseker dat hierdie bediening op 'n doeltreffende, ekonomiese en ekumeniese wyse plaasvind;
3.4 sal strategieë daarstel om met die kerkverband in gesprek te wees oor mediabehoeftes;
3.5 toesien dat doeltreffende kanale vir die kommunikasie van kerklike inligting beskikbaar is;
3.6 doen aan die ledevergadering verslag oor die stand van die kerklike mediabediening;
3.7 stel die uitvoerende hoof van die Groep en die redakteur van die amptelike lyfblad van die NG Kerk aan, ná advies van die Moderamen tov die kortlys van benoemdes vir die onderskeie poste.
3.8 Die redakteur van die amptelike lyfblad is 'n funksionaris binne die Groep wat aan die uitvoerende hoof van die Groep rapporteer, en moet oor uitstekende joernalistieke vaardigheid beskik. As funksionaris woon die redakteur in 'n verslaggewerskapasiteit ook vergaderings van die Moderamen van die Algemene Sinode by.

**6.3 REDAKTEUR KERKBODE**

**6.3.1** Ds Johann Symington het aan die einde van 2007 uitgetree as redakteur. Hy het met die toestemming van sy gemeente nog tot einde 2008 waargeneem op 'n deeltydse basis.
**6.3.2** Die ATKM saam met die Moderatuur het aan die begin van 2009 'n proses begin om 'n nuwe redakteur aan te stel. Uiteindelik is besluit om die die pos 'n 50% pos te maak.
**6.3.3** Ds Anton Pienaar is met ingang 1 Augustus 2009 aangestel. Sy tyd is by sy gemeente uitgekoop. Ds Pienaar se kontrak het aan die einde van 2010 verstryk. Daar was redelike woelinge oor 'n koerantberig van ds Pienaar maar die ATKM en Moderatuur het die saak bestuur.
**6.3.4** Me Adri-Louise van Renen is met ingang 1 April 2011 aangestel as nuwe redakteur. Sy is maar die tweede nie-predikant in die 162 jaar van die Kerkbode en ook die eerste vrou wat redakteur is.
**6.3.5** Dit gaan goed met die Kerkbode onder me Van Renen se redakteurskap.

**6.4 KLETSKERK**

Die Moderamen het die klagtes hieroor saam met die ATKM hanteer en oordeel dat die saak op 'n goeie manier bestuur kon word.

**6.5 OPENBARE UITSAAIER**

**6.5.1** Die NG Kerk is lid van die *Independent Forum for Religious Broadcasting (IFRB)* waar saam met ander kerke en godsdiensgroepe in gesprek gegaan word met die openbare uitsaaier oor sake van gemeenskaplike belang.

**6.5.2** Die Moderamen het die bekende *Heartlines-projek* ondersteun en die inligting via sinodes aan gemeentes deurgegee.

## 7. TEOLOGIESE BESINNING/ BELEIDSVORMING

### 7.1 DIVERSITEIT

**7.1.1** Die opdrag van die Algemene Sinode is na die taakspan van die Noordelike Sinode verwys. Hulle was reeds met 'n soortgelyke gesprek besig. Die Noordelike Sinode het ook 'n groot deel van die koste verbonde hieraan gedra.
**7.1.2** Die verslag aan die Algemene Sinode is aangeheg as **Bylaag 4.**

### 7.2 EKOLOGIE/ 'N TEOLOGIE VAN DIE AARDE

**7.2.1** Die ekologie was op talle maniere op die agenda van die Moderamen. Die Moderamen het die ATLAS versoek om aandag te gee aan 'n *Teologie van die Aarde* mdo op die Algemene Sinode. Die saak word hanteer as *laatstuk* tydens die vergadering van die Algemene Sinode.
**7.2.2** Die Algemene Sinode is lid van die *Southern African Faith Communities' Environment Institute (SAFCEI)* en ook die *Benchmarks Foundation.* Op hierdie wyse bly die kerkverband op die hoogte van hierdie uiters belangrike deel van ons geloofsverantwoordelikheid.
**7.2.3** Die Moderatuur het in Desember 2009 die volgende verklaring uitgereik na aanleiding van die Kopenhagenberaad:

<u>KOPENHAGEN EN KLIMAATSVERANDERING: 'N KAIROS-GELEENTHEID</u>

Vir die NG Kerk is hierdie aarde, God se aarde, 'n saak wat ons verstaan van die Bybel en Christenwees ten diepste raak. Die NG Kerk gee daarom op die oomblik aandag aan die ontwikkel van 'n *Teologie van die Aarde.* Ons was ook verlede week een van die kerke wat 'n Klimaatsveranderingsdokument wat as 'n ekumeniese inisiatief ontstaan het, onderteken het.

Die Moderatuur van die NG Kerk wil met hierdie verklaring sy stem voeg by die kore van stemme wat roep dat daar eersdaags in Kopenhagen iets daadwerklik besluit sal word. Kopenhagen is werklik 'n kairos-geleentheid. Afgevaardigdes wat hulle met die Christelike geloof vereenselwig, word opgeroep om vanuit hulle Christelike oortuiging en gewete te praat en te stem.

Hierdie land, hierdie aarde, hierdie skepping van mens, plant en dier, behoort aan God. Hiervoor het Hy mens geword en onder ons kom woon. Om hierdie rede vier ons Kersfees.

### 7.3 EKONOMIESE GEREGTIGHEID

**7.3.1** Aandag is gegee aan die *Accra Verklaring (2004)* van die WBGK (nou die WGGK/WCRC) en die ekonomiese krisis van 2008.
**7.3.2** Die Moderamen het geoordeel dat dit ons verantwoordelikheid is om hieroor te reageer. 'n Verklaring is by die vergadering van November 2008 opgestel oor die wêreldwye ekonomiese krisis:

*Die ASM het kennis geneem van die huidige wêreldwye ekonomiese krisis wat geweldige gevolge vir die welsyn van alle mense het. Ons hoop dat dit die einde van onbarmhartige en bandelose materialisme inlui, maar besef dat hierdie oorgang met pyn en lyding gepaard gaan. Ons is hartseer oor die wrange vrugte van gierigheid en die tragiese gevolge wat kooplustige materialisme vir mense en die wêreld het.*

*Ons herinner mekaar daaraan dat God die Skepper van alles is en bely opnuut dat hy die lewe self in stand hou. In 'n wêreld vol korrupsie en uitbuiting put ons troos uit die feit dat die lewende Here 'n sagte hart het vir mense in nood. Hy verwag ook van ons om 'n gemeenskap vol vrede en geregtigheid te wees en skenk aan ons die ekonomie van genade.*

*Daarom spoor ons mense aan om sober te leef. So 'n sobere lewenstyl help ons om nie uitspattig te leef nie. Dit beteken ook dat ons baie bedag is op die armoede en swaarkry van miljoene mense. As rentmeesters van God se skepping, moet ons ter wille van alle mense se welsyn, mede-verantwoordelikheid neem vir die beskerming en volhoubare benutting van kosbare hulpbronne en skaars lewensmiddele.*

*Ons put troos uit die feit dat die evangelie van Jesus Christus hoop en hulp bring vir sodige mense wat bevryding soek van die las van skuld en selfverwyt. Dieselfde evangelie bring versoening tussen ryk en arm en moedig ons aan om mekaar te versorg.*

*Die ASM gaan finansiële kenners raadpleeg ten einde kundige leiding aan die kerk in hierdie verband te gee.*

**7.3.3** Hierdie hele saak kom ook voor by pt 9 in die verslag van die ADD.

**7.4 SAAMWOON**
**7.4.1** Die Moderamen het aandag gegee na persberigte hieroor. ‘n Verklaring is uitgereik en ATLAS is versoek om ‘n verslag voor te berei wat die hele saak op omvattende wyse aan die orde stel.
**7.4.2** Die verslag vorm deel van ATLAS se voorlegging aan die Algemene Sinode.

**7.5 DOOP EN DOOPVIERING**
**7.5.1** ‘n Kwessie hieroor het in twee sinodale gebiede ontstaan. Die Moderamen het aandag gegee en opgevolg met die ADGO/ ATLAS wat hieraan werk mdo op die Algemene Sinode.
**7.5.2** ‘n Voorlegging hieroor word hanteer in die verslag van die ADGO. Daar is ook beskrywingspunt in die verband van die Oostelike Sinode en die Sinode van Wes- en Suid-Kaapland.

**7.6 EVOLUSIE/ KERK EN WETENSKAP**
**7.6.1** Die Moderamen het die volgende standpunt geformuleer na aanleiding van die debat hieroor:

**Kerk en Wetenskap**

*Die vraag oor die aard van die verhouding tussen kerk en wetenskap speel van tyd tot tyd onderliggend 'n bepalende rol in die lewens van ons lidmate, waar hulle hulself ook al bevind in die diverse sektore van ons samelewing. Dit is dan dat standpunte en argumente oor onderwerpe soos die* ***evolusie*** *(teorieë oor die ontstaan van die mens), die* ***oerknal*** *(teorieë oor die ontstaan van die skepping), en ander sake soos die invloed van gebed op (byvoorbeeld) reën, klimaatsverandering en dies meer, dikwels tot onverkwiklike gesprekke lei.*

*Dit lê ten grondslag van die Gereformeerde tradisie dat onderrig en opvoeding, ook ten opsigte van die volle spektrum van die multidissiplinêre wetenskap, deel is van die kerk se roeping om sy lidmate te begelei tot verwondering oor die God van hierdie skepping/heelal, soos wat ons dan ook gereeld gelowig oor Hom bely.*

*Alhoewel dit anders is as God se openbaarmaking deur Jesus Christus, is sy skepping ook 'n bepaalde openbaarmaking van die misterie en wonder van God self. Die onvermoeide wyse waarop die kerk dan ook in sy geskiedenis die inisiatief geneem het tot die oprigting van skole en ander opvoedkundige inrigtings, is prakties tekenend van hierdie wedersydse respek tussen geloof en kennis.*

*As sodanig ondersteun of onderskryf die kerk nie noodwendig bepaalde wetenskaplike teorieë nie – is hy trouens nie bevoeg om daaroor enige gesaghebbende uitspraak te maak nie. Ons beskou dan ook nie die Bybel as 'n handboek wat vir ons allerlei wetenskaplike uitsprake maak wat buite hierdie bundel geskrifte se historiese konteks lê nie. Juis omdat ons respek het vir die teks van die Bybelse geskrifte, het ons respek vir die historiese konteks waarin hulle ontstaan het.*

*Wat die kerk wel ondersteun en bely, is 'n bepaalde geloofsuitspraak, naamlik dat God die Skepper van hemel en aarde (heelal/veelal) is. Wat is, het nie maar toevallig en spontaan gebeur nie. Oor hoedat hierdie skepping egter tot stand gekom het, asook die komplekse aard van al die wetmatighede waarbinne hierdie proses van skepping plaasgevind het en nog steeds ontwikkel en funksioneer, kan ons as gelowiges ons net verwonder, veral namate die verskillende wetenskaplike dissiplines dit verder aan ons ontvou.*

*Dit is daarom jammer dat daar dikwels vanuit beide die kerklike, sowel as die wetenskaplike kontekste, uitsprake gemaak word wat dui op 'n onverkwiklike stryd tussen kerk en wetenskap, asof beide nie bepaalde uitdrukkings kan wees van God se onbeskryflike grootheid en mag nie.*

*Die NG Kerk sal graag vanuit hierdie perspektief wil deel wees van die gesprek tussen kerk en wetenskap – en ons daardeur laat begelei in die hantering en beoordeling van sake wat met hierdie verhouding verband hou.*

**7.6.2 AANBEVELING: KERK EN WETENSKAP**
**Die Algemene Sinode besluit om die standpunt *Kerk en Wetenskap* goed te keur.**

## 8.KERKHERENIGING
Die verslag is aangeheg as **Bylaag 5.**

## 9. EKUMENE
Die verslag is aangeheg as **Bylaag 6.**

## 10. SEISOEN VAN LUISTER
Die verslag is aangeheg as **Bylaag 7.**

## 11. NAVORSING

Die verslag is aangeheg as **Bylaag 8.**

## 12. ALGEMENE SINODE 2011

Die verslag van die Agendakommissie verskyn in die Agenda as **A.1.**

## 13. BESTUURSAKE

Die volgende sake moes hanteer word – by die toepaslike verslae word volledig daaroor verslag gedoen:
*1 Die ontbondeling van die “eenheidsargief”
*2 Sentralisering van lidmaatregisters
*3 Hugenote Kollege
*4 Kantoor en personeel (via die Kommissie vir Diensverhoudinge) van die Algemene Sinode
*4 Diensverhoudinge/ Bestuursgids
*5 Begroting en finansiële state van die Algemene Sinode (volledige verslag by die ATF)
*6 Struwig-Bosveldtrust (volledige verslag by die ATF)

## 14. SPOEDEISENDE SAKE

Die Moderamen het oa die volgende hanteer:
*1 Die hele saak rondom die totstandkom van die Evangeliese Inisiatief
*2 ‘n Verklarende uitspraak oor die besluit van die Algemene Sinode tov homoseksualiteit
*3 Rassisme/ die Reitz-saak
*4 Xenofobie
*5 Pornografie in die openbare media
*6 Aandag aan emeriti

Hiermee vertrou die Moderamen dat hy sy opdrag uitgevoer het.

PJ Strauss (Voorsitter)
JJ Gerber (Algemene Sekretaris)

## MODERAMEN BYLAAG 1

# STRUKTURERING VAN DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE ALGEMENE SINODE

## 1. WAAROM IS DIE PROJEK UITGEVOER?

### 1.1 DIT WAS 'N OPDRAG VAN DIE ALGEMENE SINODE EN DIE ASM

**1.1.1** Die Algemene Sinode het in 2004 'n kontinue struktuurontwikkeling goedgekeur.
**1.1.2** Uit die besluit het dit duidelik geword dat dit om 'n voortgaande proses gaan. Strukture is nie permanent nie en hoef nie as sodanig voortgesit te word nie maar behoort in diens van die bedieningsbegrip en visie van die Algemene Sinode te staan.
**1.1.3** Struktuurontwikkeling, is in 2004 gesê, beteken om dit vir die NG Kerk moontlik te maak om op 'n teologies-verantwoorde, finansieel haalbare en funksionele (effektiewe) wyse uitvoering aan die *roeping en prioriteite* van die kerk te gee.

### 1.2 DIE HUIDIGE STRUKTUUR WAS NIE ORAL EFFEKTIEF EN RELEVANT NIE

**1.2.1** Uit vorige werkswyses het dit duidelik geword dat gewaak moet word teen strukture wat neig tot permanensie enersyds, en te min fokus andersyds. Die kommissie-struktuur het baie voordele gehad, maar het aan sekere werksaamhede 'n permanensie gegee wat nie altyd nodig was nie. Die huidige werkswyse waarvolgens taakspanne in diensgroepe saam gegroepeer is, het tot gevolg gehad dat sekere diensgroepe gewoon te veel en uiteenlopende sake moes hanteer.
**1.2.2** 'n Meer effektiewe werkswyse sou dalk vra vir minder permanensie en meer fokus, veral wanneer daar, in terme van die kerkverband, verder van gemeentes beweeg word.
**1.2.3** Die frekwensie van die sitting van die Algemene Sinode (slegs elke vier jaar) het tot gevolg dat, in 'n dinamiese en snel-veranderende samelewing, besluite en werksaamhede nie altyd as relevant ervaar word nie.
**1.2.4** Die huidige grootte van die sitting van die Algemene Sinode is nie altyd effektief nie en word soms as lomp ervaar.

### 1.3 DIE ALGEMENE SINODE IS (SOOS DIE RES VAN DIE KERKVERBAND) VOORTDUREND BESIG OM SY WERKSAAMHEDE EN STRUKTURE TE EVALUEER, AAN TE PAS EN TE IMPLEMENTEER

Die ASM het die volgende as basis vir die struktureringsproses goedgekeur:
**1.3.1** Wat is die Algemene Sinode se taak (inhoudsvraag)?
Die Algemene Sinode doen wat ander kerkvergaderinge nie kan doen nie. Dit behoort die basis te vorm vir Artikel 43 en moet ook as die sif dien aan die hand waarvan die werksaamhede van die Algemene Sinode bepaal kan word.
**1.3.2** Hoe moet die Algemene Sinode se werksaamhede uitgevoer word (prosesvraag)?
Die proses hoef nie noodwendig dieselfde strukturele permanensie te vertoon as byvoorbeeld die bediening in gemeentes nie.
**1.3.3**. Waarmee moet dit gedoen word (praktykvraag)?
In die lig van 1.3.2 moet gesoek word na die mees effektiewe praktyke aan die hand waarvan die werksaamhede uitgevoer kan word. Finansiële kapasiteit moet dienooreenkomstig geskep word.
**1.3.4** Die volgende opdragte van die Algemene Sinode 2007 is aan die Taakspan opgedra:
**1.3.4.1** Alle strukture wat opdragte van die Algemene Sinode gekry/gevra het, word versoek om dit te meet aan die volgende besluit van die Algemene Sinode 2007 (die Algemene Sinode kon nie daarin slaag om die sif *ter vergadering* voldoende toe te pas nie): *Die Algemene Sinode besluit dat geen voorstel ontvanklik sal wees tensy dit kan aantoon dat dit aan die volgende vereistes voldoen nie: Een: Voldoen dit aan Art 43?*; *Twee: Pas dit by die Roepingsverklaring en prioriteite van die Algemene Sinode in?*; *Drie: Wat is die finansiële implikasie van die voorstel?*
**1.3.4.2** *Die Algemene Sinode versoek die ASM om: 1. Die moontlikheid te ondersoek na die moontlike skeiding tussen beleidsake aan die een kant en ander sake soos administratiewe- en bestuursaangeleenthede aan die ander kant wat deur die ASM afgehandel kan word. 2. Kriteria te ontwikkel waarvolgens onderskei kan word tussen beleidsake en ander sake soos in punt 1 genoem. 3. Met behulp van die ATR die Kerkordelike implikasies van so 'n skeiding te bepaal. 4. Die volgende Algemene Sinode te adviseer in hierdie verband.*

## 2. HOE HET DIE PROJEK VERLOOP?

**2.1** In die lig van die voorafgaande het die ASM in Februarie 2008 'n Taakspan benoem om die proses van strukturering voort te sit. Deel van die besluit was dat daar ook aan 'n nuwe Artikel 43 van die Kerkorde gewerk moet word. Die Taakspan bestaan uit verteenwoordigers van al die rolspelers in die huidige struktuur.
**2.2** Die Taakspan berei twee aanvanklike verslae voor (Aug 2008 en Nov 2008) aan die hand waarvan die ASM sekere besluite neem.
**2.3** Hierna wys die ASM 'n projekspan aan om, in oorleg met die Taakspan, die opdrag uit te voer.

**2.4** Die projekspan voer op 15 Sep 2009 ‘n eerste gesprek met die ASM.
**2.5** Die projekspan voer op 19 Oktober 2009 ‘n eerste gesprek met die diensgroepe van ADGO en ADD.
**2.6** Die projekleier voer op 9 November 2009 met die personeel van die Kantoor van die Algemene Sinode ‘n gesprek.
**2.7** ‘n Inligtingsbrief word op15 November 2009 aan al tien sinodes gestuur.
**2.8** Die projekspan voer op 8 Februarie 2010 ‘n gesprek met die ATF.
**2.9** Die projekspan vergader op 8 Februarie 2010.
**2.10** Die projekspan voer gedurende Februarie/Maart 2010 met al die diensgroepe van die Algemene Sinode gesprekke.
**2.11** Die projekspan voer gedurende Februarie tot Julie 2010 met die diensrade/moderature van al tien sinodes gesprekke.
**2.12** Die projekspan gee op 26-28 Julie 2010 aan die ASM terugvoer.
**2.13** Die projekspan vergader op 17 Augustus 2010.
**2.14** Die projekspan gee op 21 Augustus 2010 aan die diensrade/moderature van al tien sinodes skriftelik terugvoer.
**2.15** Die projekspan vergader op 12 Oktober 2010.
**2.16** Die taakspan vergader op 15 Oktober 2010.
**2.17** Die projekspan gee op 1-3 November 2010 aan die ASM terugvoer.
**2.18** Die projekspan gee gedurende November 2010 aan alle rolspelers terugvoer.
**2.19** Die projekspan voer op 16 November 2010 met ‘n ad hoc-komitee ‘n gesprek oor bestuur en leierskap.
**2.20** Die projekspan vergader op 8 Februarie 2011.
**2.21** Die taakspan vergader op 8 Maart 2011.
**2.22** Die projekspan gee op 9-11 Maart 2011 aan die ASM terugvoer.
**2.23** Die projekspan voer gedurende Maart 2011 met ‘n groep jong predikante ‘n gesprek.
**2.24** Die projekspan vergader op 23 Mei 2011 en berei ‘n voorlopige verslag voor.
**2.25** Die voorlopige verslag word op 31 Mei 2011 aan die ASM voorgelê.
**2.26** Die projekspan vergader op 9 Junie en die voorlopige verslag word daarna nog ‘n keer vir kommentaar aan die lede van die ASM en die Taakspan elektronies gesirkuleer.
**2.27** Die projekspan vergader op 21 Junie om die finale verslag voor te berei.
**2.28** Die verslag word in Oktober 2011 aan die Algemene Sinode vir goedkeuring voorgelê.

## 3. HOE IS DIE PROJEK UITGEVOER?

Die projek is aan die hand van die volgende drie vrae uitgevoer:
**3.1** Wat is ons teologiese vertrekpunte oor kerkverband? Hier gaan dit oor die identiteitsvraag: *Wie is ons?*
**3.2** Waaruit bestaan die Algemene Sinode se werksaamhede? Hier gaan dit oor die inhoudsvraag: *Wat doen ons?*
**3.3** Watter proses volg ons in die uitvoering van ons werksaamhede? Hier gaan dit oor die praktykvraag: *Hoe doen ons dit?*

## 4. WAT IS DIE UITKOMSTE VAN DIE PROJEK?

Die volgende uitkomste is na aanleiding van al die gesprekke en konsultasies wat met alle moontlike rolspelers gevoer is, geformuleer:

### 4.1 WAT IS ONS TEOLOGIESE VERTREKPUNTE OOR KERKVERBAND?

**4.1.1** Ons is mense aan wie God Drie-enig Hom uit liefde ***verbind***; daarom leef ons in ***verbondenheid*** met God, met mekaar, en met sy wêreld.
**4.1.2** Ons is ***huis- en reisgenote*** saam met God; daarom verstaan ons kerk-wees as ***struktuur én beweging***.
**4.1.3** Ons is ’n gereformeerde ***kerk wat bly reformeer***; daarom soek ons voortdurend saam rondom ***Woord*** en belydenis na ***God se wil*** vir ons lewe.
**4.1.4** Ons word deur God ***geroep en gestuur***; daarom ***volg ons Hom*** in alles na en verbeeld en verklank so God se liefde en sy hier-wees in die wêreld.
**4.1.5** Ons vorm deel van die ***een liggaam van Christus***; daarom bly groei ons saam al is ons ***verskillend***. Ons het mekaar nodig en ***vier*** ons saamwees voor God.
**4.1.6** Ons is ‘n kerk wat deur God se genade ‘n lang pad met mekaar saamloop; daarom wil ons mekaar nie los nie.

### 4.2 WAARUIT BESTAAN DIE ALGEMENE SINODE SE WERKSAAMHEDE?

Die volgende sake word deur die Algemene Sinode hanteer:
**4.2.1** Dit wat uitdrukking gee aan ons gemeenskaplike identiteit in terme van Woord, belydenis, kerkorde, roeping en beleid.
**4.2.2** Dit wat ons nasionale en internasionale ekumeniese verhoudinge raak.
**4.2.3** Dit wat die kerk se publieke getuienis op nasionale en internasionale gebied raak.
**4.2.4** Die viering van ons onderlinge verbondenheid.

Bogenoemde vorm die basis vir ‘n nuwe Artikel 43 van die Kerkorde.

**4.3 WATTER PROSES VOLG DIE ALGEMENE SINODE IN DIE UITVOERING VAN SY WERKSAAMHEDE?**

**4.3.1 Hoe kom moontlike werksaamhede op die tafel?**

**4.3.1.1** Hierdie deel van die proses behoort so oop as moontlik te wees.

**4.3.1.2** Moontlike werksaamhede kan dus op verskillende maniere op die tafel kom, byvoorbeeld vanuit die res van die verband; vanaf bestaande werkgroepe; vanuit die sinodesitting; vanaf individue; vanuit die konteks; vanuit ander kerke.

**4.3.2 Wat gebeur tydens die sitting van die Algemene Sinode met betrekking tot moontlike werksaamhede?**

**4.3.2.1** Voorstelle vir moontlike werksaamhede word voor en tydens die sitting ontvang.

**4.3.2.2** Tydens die sitting kry afgevaardigdes geleentheid om aan ‘n proses van prioritisering van moontlike werksaamhede deel te neem.

**4.3.2.3** ‘n Lys van kundigheid word saamgestel (waaruit projekspanne later saamgestel kan word).

**4.3.3 Hoe word, uit die lys van moontlike werksaamhede, die prioriteite bepaal?**

**4.3.3.1** Die Moderamen handel die prioritisering aan die hand van die insette van die sitting van die Algemene Sinode en konsultasie met belangegroepe, af.

**4.3.3.2** Vrae wat die proses behoort te rig, is onder andere: Is dit deel van die Algemene Sinode se werksaamhede; hoe het die saak op die tafel gekom; hoe dringend/belangrik is dit; hoe uitvoerbaar is dit?

**4.3.3.3** Vir die eerste proses van prioritisering behoort die vorige dagbesture van ADGO en ADD betrek te word.

**4.3.4 Hoe word aan die prioriteite uitvoering gegee?**

Die uiteindelike prioriteite word as werksaamhede van die Algemene Sinode hanteer en kan op verskillende maniere uitgevoer word:

**4.3.4.1** Die Moderamen hanteer dit self deur middel van projekte of programme. Algemene kenmerke van ‘n projek is van toepassing, onder andere dat ‘n projek ‘n goed beplande tydelike onderneming is wat ‘n unieke produk of diens lewer. ‘n Projek het ‘n definitiewe uitkoms wat aan ‘n bepaalde tyd en begroting gekoppel is. ‘n Program bestaan gewoonlik uit ‘n aantal verbandhoudende projekte en kan moontlik ‘n langer lewensduur hê.

**4.3.4.2** Maatskappye van die Algemene Sinode kan van die werksaamhede uitvoer.

**4.3.4.3** Die Moderamen kan ook van netwerke, die res van die kerkverband of vennootskappe gebruik maak.

**4.3.4.4** Die volgende uitgangspunte vir die transformasieproses van diensgroepe/ taakspanne is deur die ASM aanvaar:

**4.3.4.4.1** Die groot “sambreel” - diensgroepe verdwyn en die Algemene Sinode voer sy taak/ opdrag deur middel van gefokusde projekte of programme uit. Dit gebeur deur middel van goeie bestuur itv tydsduur, befondsing en uitkomste.

**4.3.4.4.2** Bepaalde werksaamhede het ‘n korter of ad hoc-leeftyd gegewe die karakter van die opdrag. Dit word as projekte hanteer.

**4.3.4.4.3** Bepaalde werksaamhede het ‘n langer leeftyd gegewe die aard van die opdrag of ooreenkoms en word as programme hanteer.

**4.3.4.4.4** Bepaalde werksaamhede het ‘n meer permanente karakter gegewe die steun wat hulle aan die sisteem lewer en word voortgesit deur middel van taakspanne.

**4.3.4.4.5** Projek-, program- en taakspanne word nie noodwendig uit verteenwoordigers van sinodes saamgestel nie. Die korporatiewe kundigheid in die kerk, met inagneming van die aanwending van persone uit alle sinodes, word gebruik. Die sinodes word in die Moderamen verteenwoordig.

**4.3.4.4.6** Deurlopende koördinering van die projekte en programme is deel van die proses en word deur ‘n bestuurspan gedoen.

**4.3.4.4.7** Die Kantoor van die Algemene Sinode verskaf die nodige ondersteuning vir die werksaamhede.

**4.3.5 Hoe vind die evaluering van werksaamhede plaas?**

**4.3.5.1** Alle werksaamhede behoort deeglik geëvalueer te word.

**4.3.5.2** Voorlopige en deurlopende evaluering word deur die Moderamen gedoen aan die hand van die projekplanne.

**4.3.5.3** Die finale evaluering van werksaamhede vind tydens ‘n sitting van die Algemene Sinode plaas.

**4.4 HOE FUNKSIONEER DIE ALGEMENE SINODE IN TERME VAN SAMESTELLING, LEIERSKAP EN BESTUUR?**

**4.4.1 Hoe word die Algemene Sinode saamgestel?**

**4.4.1.1** Die Algemene Sinode word uit 120 afgevaardigdes wat bestaan uit ‘n gelyke aantal predikante en ouderlinge/diakens saamgestel.

**4.4.1.2** Die eerste sestig afgevaardigdes word uit ses persone per sinode saamgestel.

**4.4.1.3** Die oorblywende sestig word proporsioneel volgens die aantal belydende lidmate van die sinodes saamgestel.

**4.4.1.4** Die Algemene Sinode vergader in sy nuwe samestelling vanaf 2012 ***jaarliks***.

**4.4.1.5** Ter motivering vir bogenoemde geld onder andere die volgende:

**4.4.1.5.1** Die kerkverband kan vinniger met relevante besluite bedien word.


**4.4.1.5.2** Die Algemene Sinode kan vinniger prosesse in werking stel.

**4.4.1.5.3** Die Algemene Sinode kan meer dikwels, maar vir korter tye vergader (wat dit vir meer lidmate moontlik maak om die vergaderings by te woon).
**4.4.1.5.4** Die agenda en inrigting van vergaderings kan meer gefokus plaasvind en gereeld afgewissel word.
**4.4.1.5.5** Die Algemene Sinode kan makliker in verskillende sinodale gebiede vergader en selfs van gemeentefasiliteite gebruik maak. Daar kan oorweeg word om gemeentes van die bepaalde gebied vir 'n gedeelte van die vergadering te betrek. Hiermee kan die onderlinge verbondenheid en kommunikasie binne die kerkverband bevorder word.
**4.4.1.6** Dit bly egter belangrik dat soveel as moontlik stemme, veral in die geval van wesenlike en belangrike sake, gehoor word. Prosesse waarin veral die elektroniese media en sosiale netwerke in ag geneem word, behoort hiervoor ontwikkel te word.
**4.4.1.7** Die Algemene Sinode se werkswyse in terme van verslae voor die vergadering, siklusse vir afhandeling van opdragte en samestelling van die agenda word dienooreenkomstig aangepas.
**4.4.2 Wie neem leiding tydens die sitting?**
**4.4.2.1** Die Moderatuur word deur die vergadering verkies om tydens die sitting leiding te neem.
**4.4.2.2** Die Moderatuur bestaan uit die volgende persone: 'n voorsitter, 'n ondervoorsitter en 'n aktuarius. Die Algemene Sekretaris is *ex officio* lid van die vergadering en die Moderatuur.
**4.4.2.3** Die Moderatuur word tydens die sinodesitting deur die moderators/voorsitters van die onderskeie sinodes bygestaan.
**4.4.2.4** Die verkose lede van die Moderatuur word vir 'n termyn van twee jaar verkies en kan vir 'n maksimum van twee termyne in dieselfde hoedanigheid verkies word (vgl verslag van die ATR tov KO Art 39 en 40).
**4.4.3 Wie neem leiding tussen die sinodesittings?**
**4.4.3.1** Die Moderamen neem verantwoordelikheid vir die leierskap tussen sinodesittings, en veral met betrekking tot die identifisering, prioritisering en evaluering van werksaamhede; die samestelling van projek-, program- en taakspanne; en die monitering van die proses.
**4.4.3.2** Die Moderamen word tydens 'n sinodesitting verkies en word saamgestel uit die lede van die Moderatuur plus tien lede, een uit elke sinode deur die Sinode genomineer (en vir die volle duur van die termyn gekies), en vier addisionele lede. Die Moderamen se samestelling sluit ten minste drie vroue, twee nie-gelegitimeerde persone en een gelegitimeerde vrou in.
**4.4.3.3** Daar word sekundi vir die tien sinodale en die vier addisionele lede aangewys.
**4.4.3.4** Die Moderamen word verkies vir 'n termyn van twee jaar en lede kan slegs twee termyne in dieselfde hoedanigheid dien.
**4.4.3.5** Die Moderamen vergader ten minste twee maal tussen sinodesittings.
**4.4.3.6** Die Moderamen kies sy eie dagbestuur wat bestaan uit ten minste 5 persone waarvan ten minste een 'n nie-gelegitimeerde is. Die Algemene Sekretaris is *ex officio* lid van die Moderamen en die dagbestuur.
**4.4.3.7** Die Moderamen werk ten nouste saam met die leierskapstrukture in die sinodes rondom die kommunikasie en uitvoering van besluite. Sinodale vergaderings word, sover moontlik, gesinkroniseer met dié van die Algemene Sinode ter wille van wedersydse samewerking en terugvoer.
**4.4.4 Wie is verantwoordelik vir die bestuur van die werksaamhede?**
**4.4.4.1** Die Moderamen wys vir elke termyn 'n bestuurspan aan om die werksaamhede van die Algemene Sinode te bestuur.
**4.4.4.2** Die Moderamen stel die bestuurspan aan die hand van die Reglement vir die Bestuurspan (vgl verslag Tydelike ATR) .
**4.4.4.3** Die bestuurspan sluit onder andere die volgende funksies in: finansies, regte, projekte, fasiliteite, kommunikasie en maatskappye.
**4.4.4.4** Die senior personeel in die Kantoor van die Algemene Sinode word deur die Moderamen aangestel en vorm deel van die bestuurspan.
**4.4.4.5** Die bestuurspan kies sy eie voorsitter.
**4.4.4.6** Die Algemene Sekretaris is die uitvoerende amptenaar van die bestuurspan.
**4.4.4.7** Die bestuurspan vergader soos nodig met die projek- en programleiers.
**4.4.5 Wat is die Kantoor van die Algemene Sinode se funksies?**
**4.4.5.1** Die Kantoor is vir die organisatoriese- en spesialisfunksies verantwoordelik.
**4.4.5.2** Personeel vir die organisatoriese funksies sowel as kundige personeel vir die spesialisfunksies word deur die bestuurspan aangestel.
**4.4.5.3** Die indiensneming en strukturering van personeel word volgens die organisatoriese en spesialisfunksies bepaal.
**4.4.5.4** Bogenoemde behoort onder andere die volgende funksies in te sluit: Organisasiebestuur; Finansies; Logistiek (Admin/Geboue); Kommunikasie; Personeel (DVK); Predikantesake (bv bevoegdheid, opleiding en VBO); Skakeling; Verteenwoordiging; Projekte.

## 5. AANBEVELINGS: STRUKTURERING
**5.1 Die Algemene Sinode keur die beginsels vervat in hierdie verslag goed.**
**5.2 Die Algemene Sinode keur die teologiese vertrekpunte vir kerkverband as beleidstelling goed.**

**5.3 Die Algemene Sinode keur die voorgestelde wysiging van Artikel 43 (werksaamhede van die Algemene Sinode) met 'n tweederdemeerderheid goed.**
**5.4 Die Algemene Sinode keur die voorgestelde wysiging van Artikel 38 (samestelling van die Algemene Sinode) met 'n tweederdemeerderheid goed.**
**5.5 Die Algemene Sinode keur goed dat die volgende sitting in 2012 gehou word.**
**5.6 Die Algemene Sinode keur die wyse waarop die Moderamen en die Bestuurspan saamgestel word, goed en gee opdrag aan die Tydelike ATR om die betrokke reglemente dienooreenkomstig aan te pas.**

STRUKTURERING VAN DIE ALGEMENE SINODE SE WERKSAAMHEDE



**MODERAMEN BYLAAG 2**

# DIE ROL VAN DIE NG KERK IN DIE ONDERWYS

## 1. INLEIDEND

**1.1** Dit is ’n harde werklikheid dat sowat 60% tot 80% van skole in Suid-Afrika as disfunksioneel beskou kan word. Daar is nie ’n tekort aan bewyse van hoe swak die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel vaar nie. Internasionale vergelykings gegrond op lees-en-skryfkennis, syfer- en wetenskapvaardigheid bewys duidelik Suid-Afrikaanse leerders is nie op ’n aanvaarbare standaard nie. Die nuutste 2010 assesseringstoetse het aangedui dat die geletterheid en syfervaardighede vir graad 3- 6 onderskeidelik 35% en 28% vir geletterdheid en 28% en 30% vir gesyferdheid is. Suid-Afrikaanse leerders presteer nie net onder die swakste in die wêreld nie, maar dikwels die swakste in die hele Suider-Afrikaanse streek en Afrika as geheel. Dit ondanks die baie beter hulpbronne van Afrika se mees geïndustrialiseerde land en ’n substansiële begroting wat vir onderwys geoormerk word. Altesame 21% van die land se begroting gaan aan onderwys, maar dié investering reflekteer nie in die gehalte van onderwys nie. Onderwys in SA, in teenstelling met tendense wêreldwyd, speel tans geen rol om die land te help uit sy knellende vraagstukke rondom armoede en werkloosheid nie. Trouens, statistiek sê dat die aantal arm mense met geen vaardighede nie, verminder het. Daarteenoor het die aantal mense met ’n gr 12-opvoeding verhoog van 8% tot 21% van die bevolking in armoede. Dit onderstreep die feit dat iets ernstigs verkeerd is met die onderrig in die land. Die onderwysstelsel misluk daarin om mense op die hoogte te hou van tegnologiese ontwikkelinge en te bevry van armoede.

**1.2** Vanuit verskeie oorde word ’n beroep gedoen om onderwys te ondersteun. Veral word ’n beroep gedoen op bydraes van die burgerlike samelewing. Waar daar voorheen ’n terughoudendheid was ten opsigte van die bydrae van die kerk, word hulp van kerklike kant verwelkom en waardeer. Die vraag is nou op watter wyse kan die kerk vandag as deel van sy publieke getuienis ’n sinvolle rol speel op die gebied van onderwys.

## 2. DIE ROL VAN DIE KERK

**2.1** Kerke het deur die eeue heen ’n wesenlike rol in gemeenskapsontwikkeling in Afrika gespeel – onderwys (soos ook gesondheidsorg) was deel hiervan. So het vele skole in Suider-Afrika aanvanklik deur kerke tot stand gekom. Kerklike leiers het ’n beduidende rol gespeel in godsdiensopvoeding en -beoefening in skole. Predikante in beheerliggame was volop en kerklike kommissies en afvaardigings het wesenlike bydraes gelewer tot die ontwikkeling van onderwyswetgewing en -beleid. Die NG Kerk het in dié verband ’n ryke tradisie van betrokkenheid oor jare. Sedert die aanbreek van die nuwe politieke bedeling het die stem van die kerke wat onderwyssake betref om die een of ander rede toenemend stiller geword. Dit is ongelukkig ook waar van die NG Kerk dat hy sy verantwoordelikheid in terme van die funksionering van skole en die onderwys in baie opsigte nie nagekom het nie. Miskien was dit nie doelbewus so nie, maar die punt is dat dit gebeur het. In ’n land met ’n sekulêre Grondwet, wat vryheid van godsdiens en godsdiensbeoefening in ’n Handves van Regte verskans, is die geleenthede egter groot om 'n rol te speel – in sekere opsigte groter as in ’n vorige bedeling.

**2.2** Die kerk moet homself herposisioneer en kreatief gaan kyk waar hy 'n wesenlike rol kan speel. Dit gaan hier oor ’n betrokkenheid in breë verband. Kerklike betrokkenheid moet nie beperk word tot gemeentes se ondersteuning van plaaslike skole nie. Dit is juis in die ander gemeenskappe waar die nood homself in sy ergste vorm manifesteer. Die NG Kerk met sy ongelooflike rykdom van menslike hulpbronne en fasiliteite kan juis hier ’n kritiese verskil maak. Onderwys en opleiding bied aan die kerk ’n poort na gemeenskapsbetrokkenheid wat vir alle partye verrykend kan wees.

**2.3** Veral in twee opsigte kan die kerk ’n belangrike rol speel.

### 2.3.1 BYDRAE OP GEMEENTELIKE VLAK

#### 2.3.1.1 Beheerliggaamverkiesings

Verkiesings van beheerligggame in openbare skole word elke drie jaar gehou. Die volgende rondte verkiesings vind juis in 2012 plaas. Vanweë die moedeloosheid met die toestand in skole word dit toenemend moeilik om ouers te vind wat oor die nodige kennis en vaardighede beskik om op beheerliggame te dien. Ouers versaak ook hulle taak om vir beheerliggaamverkiesings op te daag. Minstens een skool, waarin verreweg die meerderheid leerders bely dat hulle Christene is, het onder hierdie versuim drastiese veranderinge ondergaan. Die betrokke skool het onbeskaamd ’n christelike etos uitgeleef, maar omdat die ouers nie opgedaag het vir die verkiesing nie, is ’n groepering wat hulle beywer het vir die afskaffing van die skool se godsdiensbeleid tot die beheerliggaam verkies. Die nuwe beheerliggaam se eerste besluit was om die skool se godsdiensbeleid af te skaf! Kerke moet vroegtydig begin om hulle lidmate aan te moedig om hulself verkiesbaar te stel en om aan die verkiesingsproses deel te neem. Skole sal in die toekoms toenemend ’n weerspieëling wees van die gemeenskap waarin daardie skool geleë is.

#### 2.3.1.2 Werwing van jongmense vir die onderwysprofessie

Daar is al by herhaling in die *Kerkbode* gerapporteer oor die dramatiese tekort aan opvoeders. In die openbare media word hierdie saak van ’n dreigende katastrofe gereeld bespreek. Die noodsaak dat jongmense aangemoedig moet word om hulself as opvoeders te bekwaam spreek vir sigself.

#### 2.3.1.3 Ondersteuning van skole, beheerliggame en onderwysers

Daar is 'n moedeloosheid onder skoolleiers en onderwysers. Plaaslike gemeentes behoort aangemoedig te word om hierdie mense in hulle taak te ondersteun. Blote voorbidding in ’n personeelkamer sal alreeds ’n groot bydrae maak sonder dat dit ’n groot opoffering verg. Daar is egter sekerlik veel meer wat gedoen kan word en kerklike leiers kan deur gesprek met skoolhoofde, onderwysers en beheerliggame vasstel watter verdere hulp aan die skool/skole binne en buite hulle gemeentegrense verleen kan word. Vanaf kerklike kant kan daar betrokkenheid wees by belangrike datums deur die jaar. Voorbeelde sou wees ’n afskeidsdiens vir graad 7’s of 12’s; ’n gebedsgeleentheid aan die begin van die eksamentyd; ’n diens tydens feesdae soos Hemelvaart (indien die beheerliggaam daartoe sou toestem), ensovoorts. Die jaarlikse Biddag vir Onderwys en Opvoeding sou ook veel beter benut kon word om skoolpersoneel te verseker van kerklike ondersteuning. Dieselfde geld wat betref Wêreldonderwysersdag wat op 5 Oktober elke jaar gehou word.

**2.3.1.4 Beskikbaarstelling van fasiliteite en kapasiteit**

***1** In elke dorp of stad is daar kerke met fasiliteite wat beskikbaar gestel kan word. Die kerk beskik ook oor omvangryke menslike hulpbronne in terme van afgetrede onderwysers en andere wat pakkette moes aanvaar. Gemeentes kan hier ’n ongelooflike rol speel deur middel van ekstra klasse in kritiese leerareas soos wiskunde en wetenskap. Gemeentlike fasiliteite kan op weeksmiddae beskikbaar gestel word vir die leerders van die gemeenskap om huiswerk te kom doen. Hulp kan ook in dié verband verleen word deur byvoorbeeld toegang tot ’n rekenaarstelsel te verskaf.

***2** Skoolgereedheidsprogramme kan aangebied word vir voornemende leerders uit milieu-gestremde woongebiede, en geletterdheidsklasse en ander geleenthede kan ’n groot verskil maak vir leerders en volwassenes uit gemarginaliseerde omgewings. Vaardigheidsopleiding vir volwassenes kan bydra tot die bemagtiging van entrepeneurs of ’n beter CV vir ’n werklose. In hierdie verband is daar talle kursusse (wat deur die SETA’s beskikbaar gestel word en by SAQA geakkrediteer is) wat benut kan word.

***3** In dié opsig kan die NG Kerk deur gemeenskapsbetrokkenheid ’n “horisontale” teologie ontwikkel wat ons andersins stewige rasionele teologie kan komplimenteer.

**2.3.2 ANDER VLAKKE VAN HULP**

Daar is ook ander vlakke waarop hulp aangebied kan word. Hierdie hulp sal waarskynlik meer op rings- en streeksinodale vlak val:

**2.3.2.1 Die vestiging van ’n waardegedrewe en etiese gemeenskap**

***1** Die geweld, tienerswangerskappe, gebrek aan dissipline en ander wangedrag wat ons in openbare skole beleef, is bloot ’n weerspieëling is van dit wat in die gemeenskap aangaan. Navorsing bevind dat die hoogste risiko vir die sukses van die onderrig van etiese waardes op skool geleë is in die feit dat leerders en opvoeders dit wat geleer word nie in hulle gemeenskappe beleef nie. Anders gestel: solank die waardes en etiese gedrag van gemeenskappe nie verander nie, sal daar van die onderrig hiervan in skole nie veel tereg kom nie. Van alle gemeenskapverbande is die kerk die beste geposisioneer om ’n verskil aan hierdie situasie te maak. Dit is juis die kernbesigheid van die kerk.

***2** Die NG Kerk het egter sy bydrae ten opsigte van hierdie fokusarea gemarginaliseer. Ander denominasies nader skole met ’n aanbod van ’n program bestaande uit ’n goed uitgewerkte kurrikulum en aktiwiteite. Op die koop toe word ’n jeugwerker aangebied vir die koördinering van godsdienstige programme. So ’n jeugwerker is ook betrokke by die afrigting van sport en funksioneer as mentor vir jongmense. Deel van so ’n program is ook gewoonlik leierskapsontwikkeling van die studenteraad/leerderraad. Vanaf die NG Kerk se kant is betrokkenheid by skole nie op dieselfde vlak nie. Die gevolg is dat die NG Kerk nie op gelyke vlak ’n aanbod van ’n holistiese program kan maak nie en sy voorreg om ’n bydrae te lewer derhalwe verbeur. In die meeste gevalle is programme wat deur hierdie denominasies aangebied word, teologies en wat spiritualiteit betref, verdag. Op ’n onetiese wyse word hierdie pakkette deur groepe gebruik as evangelisasiemiddel en so verloor die NG Kerk van sy jong lidmate.

**2.3.2.2 Die instelling van ’n “gap” jaar of diensjaar/afrondingsjaar**

Die aanbied van ’n diensjaar is baie gewild en daar bestaan ’n hele verskeidenheid van moontlikhede vir jongmense. Talle jongmense wat voorheen ’n jaar oorsee sou gaan werk, verkies tans om eerder ’n diensjaar te doen. Hieronder tel van ons mees toegewyde jong lidmate. Die realiteit is dat die NG Kerk nie hierdie moontlikheid vir sy jongmense kan bied nie. Jongmense skakel dan hiervoor by ander denominasies in, ontwikkel ’n smaak vir ’n ander spiritualiteit en is as lidmaat vir die NG Kerk verlore. Daar sal dringend na ’n eie alternatief hiervoor gekyk moet word. Nie net kan daar in terme van spiritualiteit en leierskap ’n groot investering in jong lidmate gemaak word nie, maar kan hulle wat gemeenskapsprojekte betref, wyer blootstelling kry. Hierdie lidmate kan ’n voedingsbron wees om as jeugwerkers by skole aangewend te word. Dit kan vir die kerk baie beteken as ’n nuwe geslag lidmate baie meer gemeenskapsgerig is. Die NG Kerk is ryk aan fasiliteite, programme en infrastruktuur en kan ’n verbeeldingryke opsie aan ons jongmense bied. ’n Diensjaar kan ’n belangrike komponent van die program wees wat die kerk aan jongmense aanbied.

**2.3.2.3 Herbenutting van fasiliteite soos die Hugenote Kollege en andere ten bate van onderwys**

Die opleiding van studente om in die behoeftes van die Christelike gemeenskap en kerke, te wete armoede, onderwys en toerusting, te voorsien is ’n dringende noodsaaklikheid. Die konteks in die land vra in baie opsigte ’n nuwe manier van kerkwees. Indien die kerk sy rol met integriteit wil speel, is ’n groter gemeenskapsbetrokkenheid rondom knelpunte soos armoede en onderwys ’n voorvereiste. Dit noodsaak die opleiding van maatskaplike hulpwerkers, gemeenskapsontwikkelaars en kinder- en jeugsorgwerkers met die oog op die uitdagings wat armoede aan ons stel. Ten opsigte van spesifiek die onderwys is daar die behoefte aan multi-graadonderwys-

ondersteuning, leierskapsopleiding van onderwysers en oorbruggingsopleiding aan studente wat nie op universiteitstandaard is nie. Gelowige onderwysers ervaar 'n behoefte daaraan om hulleself ook as christelike onderwysers te posisioneer te midde van kurrikula wat nie altyd geloofsvriendelik is nie. In dié verband sou 'n bydrae deur toerusting gemaak kon word.

**2.3.2.4 Ekumeniese betrokkenheid**

Sukses om 'n sinvolle rol ten opsigte van die onderwys te kan speel, hang in 'n groot mate af van ekumeniese samewerking. Dit is doodeenvoudig hoe die spelreëls werk. Onderhandelings met plaaslike regering en hoër op hang af van die mandaat wat daar is namens betrokke gemeenskappe. Indien daar nie forums bestaan nie, moet die NG Kerk die inisiatief neem in die stigting van sodanige strukture. Soos op talle plekke sal 'n ring of streeksinode baie gewillige bondgenote in die Katolieke, Anglikane en die VGKSA vind. Ekumeniese kruisbestuiwing in hierdie opsig is 'n verrykende ervaring en gee ook die kerk toegang tot ander bronne en ervaring.

## 3. AANBEVELINGS: ONDERWYS

**3.1 Die Algemene Sinode verklaar dat die NG Kerk verbind is tot uitnemende onderwys op alle vlakke. Sinodes, ringe en gemeentes word opgeroep om daadwerklik en positief betrokke te raak by onderwys deur skole en ander onderwysinstansies op welke moontlike vlak te ondersteun.**

**3.2 Die Algemene Sinode gee opdrag aan 'n taakspan om die kerkverband oor die onderwys te adviseer. Hulle moet onder andere die volgende sake oorweeg:**

**3.2.1 'n program wat deur gemeentes gebruik kan word om betrokke te raak by skole;**

**3.2.2 'n afrondingsjaar as alternatief vir bestaande moontlikhede;**

**3.2.3 moontlikhede rondom die aanwending van jeugwerkers in skole;**

**3.2.4 in watter mate die Hugenote Kollege en soortgelyke sentra ten beste aangewend kan word vir die onderwys.**

**3.3 Die Algemene Sinode is verder verbind daartoe om as deel van die NG Kerk se publieke getuienis 'n aktiewe rolspeler in die openbare gesprek oor die onderwys te wees.**

Dr Gustav Claasen

## MODERAMEN BYLAAG 3

# GRONDHERVORMING EN LANDELIKE ONTWIKKELING

## 1. TEOLOGIESE VERTREKPUNT

God is liefde. So glo ons. Saam met die Ou Testamentiese gelowiges glo ons dat Hy vir ons die goeie wil, voorspoed en nie teenspoed nie (Jeremia 29: 11). Volgens Jesus se gebed (Johannes 17:11-23) is Sy begeerte dat ons as gelowiges één in liefde sal wees sodat die wêreld sal glo. Tot hierdie strewe (eensgesindheid en liefde) is die kerk verbind, wat ook beteken dat ons as Christene daarna sal soek dat alle inwoners van Suid-Afrika in vrede, harmonie en voorspoed saam sal woon: dat ons met liefde en omgee teenoor mekaar sal leef, mekaar sal ondersteun, help en bystaan. Dit is die heuglike taak van die Kerk van Christus om Sy lig in hierdie wêreld te wees deur ‘n verskil ten goede in hierdie verband te maak. Dit behels onder meer ‘n profetiese verantwoordelikheid waar die Kerk haar, aan die hand van die Woord van God, vreesloos uitspreek oor eties-morele sake van wesenlike belang. Nie net in ‘n negatiewe sin nie, maar ook juis positief, sodat daar hoop vir almal sal wees. Ons besef dat grond en grondbesit ‘n diep emosionele saak is. Ons besef ook dat dit ‘n ingewikkelde saak is om oor grond en eienaarskap van grond vanuit die konteks van Bybel tot finale uitsprake en konklusies te kom – asof dit net so eenvoudig af te lees is vir ons moderne konteks in Afrika. Tog behoort die Kerk ook in hierdie opsig die rol te speel van versoener; van die een wat geregtigheid en reg soek; van om as die instrument van God te funksioneer vir die vooruitsig van vrede en hoop vir alle mense – juis omdat ons in gehoorsaamheid aan die dubbele liefdesgebod God bo alles sal liefhê – en ons naaste soos onsself. Die Kerk behoort daarom ook alle sosiale onreg teen te staan in die strewe na die ideaal van *shalom*.

## 2. HISTORIESE AGTERGROND

**2.1 Tydens die Algemene Sinode van 2002** het die NG Kerk vir die eerste maal ’n amptelike standpunt ingeneem oor die saak van Grondhervorming in Suid-Afrika. As eerste punt is toe genoem: “*Grondhervorming moet positief aangepak word as noodsaaklike en integrale deel van die nasionale versoeningsproses*.” Hierin sien ons baie duidelik die Evangeliese uitgangspunt in die Kerk se beskouing oor die hantering van grond en besittings. Toe is alreeds gesê dat die situasie in die land vereis dat daar nie volstaan kan word met 'n blote erkenning dat daar in die verlede wat grondbesit betref teen anderskleuriges gediskrimineer is nie. Die onreg van die verlede moet op 'n manier reggestel word. Die Kerk het homself daartoe verbind om sy lidmate op ‘n positiewe manier in hierdie proses te begelei.

**2.2** Toe, egter, is ook alreeds onder meer gewaarsku dat boerdery nie meer vandag as 'n maklike bedryf beskou kan word wat as’t ware van nature kom nie. Dit het ‘n gespesialiseerde beroep geword en moet as 'n harde sake-onderneming bestuur word indien dit suksesvol en winsgewend bedryf wil word. Dit vereis onder meer tegniese kennis en vaardigheid, wetenskaplike boerderymetodes, effektiewe bestuur, infrastruktuur en bedryfskapitaal. Vanweë verskillende faktore word dit al moeiliker om ekonomies suksesvol te boer, en baie boere kom uiteindelik nie die mas op nie. Enorme kapitale uitleg is vir kommersiële landbouproduksie nodig en al minder mense wêreldwyd is daarby betrokke. *Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling* sal met hierdie realiteite rekening moet hou.

**2.3** Ander belangrike punte wat genoem is, was onder andere dat hierdie proses ook rekening sal moet hou met ekologiese werklikhede/uitdagings. Die proses behoort verder ook billik en markverwant plaas te vind terwyl dit so vinnig as moontlik afgehandel behoort te word. Intussen behoort voedselsekuriteit nie deur hierdie prosesse gekompromitteer te word nie. As ontwikkelende ekonomie en as sleutel-rolspeler in staatkundige en ekonomiese stabiliteit van Suidelike-Afrika, behoort die staat hoë prioriteit aan hierdie proses te verleen.

**2.4 In 2007 het die Algemene Sinode** hierdie positiewe fokus op Grondhervorming opgevolg met die volgende besluit: “*As deel van die Kerk se openbare getuienis is die NG Kerk ook by hierdie belangrike en emosionele saak betrokke. ‘n Groot deel van die kommersiële boerderygemeenskap is lidmate van die NG Kerk. ‘n Groot deel van die plaaswerkers is ook lidmate van die ander lede van die NG Kerkfamilie.*”

**2.5** Op grond van hierdie uitgangspunt is die volgende punte aanvaar:

*1 Die Algemene Sinode herbevestig sy beginsel-standpunt ten gunste van grondhervorming (2002), met as voorbehoud dat die praktiese toepassing van die proses billik en ordelik met die minste ontwrigting van kommersiële landbou sal verloop.*
*2 Die Algemene Sinode spreek sy dank uit teenoor die landbousektor en spesifiek die boere-gemeenskap vir die belangrike bydrae as werk-, voedsel- en behuisingverskaffer, en as stabiliseerder van landelike gemeenskappe.*
*3 Die Algemene Sinode neem met dank kennis van suksesvolle bemagtigingsprojekte in die landbou, maar spreek sy kommer uit oor talle voorbeelde waar die oordrag van produktiewe landbougrond tot boerdery-mislukkings en die verlies van werkgeleenthede lei.*
*4 Die Algemene Sinode doen ’n beroep op die regering en die Departement Landbou en Grondsake dat die afhandeling van die uitstaande grondeise billik en deursigtig sal verloop, en dat die vestiging van landbou- en*

*bestuursvaardighede 'n integrale deel van die oordrag van produktiewe landbougrond sal wees. Die sinode doen ook 'n beroep op alle rolspelers om by nuweboer-vestiging maksimaal gebruik te maak van vennoot- en mentorskappe met die oog op die oordrag van kundigheid.*
*5 Die Algemene Sinode doen 'n beroep op die regering om alles moontlik te doen om die veiligheidsituasie in landelike gebiede te verbeter ten einde die omvang van misdaad, plaasaanvalle en -moorde te bekamp en 'n gunstige boerdery-omgewing te verseker.*
*6 Die Algemene Sinode versoek gemeentes om vol te hou met die bediening van versoening, en om waar moontlik 'n bemiddelende rol te speel tussen mense en gemeenskappe met die oog op wedersydse aanvaarding, respek en goedgesindheid.*
*7 Die Algemene Sinode besluit om spesifiek voorbidding te doen vir lidmate wat swaarkry as gevolg van die veiligheidsituasie op plase en die effek van grondeise, en doen 'n beroep op gemeentes om hierdie lidmate pastoraal te ondersteun.*
*8 Die Algemene Sinode kontinueer die opdrag aan die Taakspan: Grond- en Landelike Hervorming, met die versoek dat hierin met ander kerke en ekumeniese liggame saamgewerk word.*

**2.6** Sedert die aanvaarding van hierdie verslag en standpunte het die situasie rondom om Grondhervorming geleidelik al hoe meer problematies geword. Dit blyk veral uit die volgende verwikkelinge:
**2.6.1** Die hele proses van Grondhervorming is volgens alle aanduidings besig om te misluk as gevolg van (a) die stadige pas van Grondhervorming, wat nie alleen tot groeiende frustrasie en ongeduld by voorheen benadeeldes lei nie, maar ook tot voortslepende onsekerheid en ontbering by kommersiële boere wat van hul grond afstand moet doen; (b) uitgerekte en ondoeltreffende prosesse van die Departement Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling, wat eweneens frustrasie en ontbering na weerskante (alle betrokke partye) tot gevolg het; (c) ondoeltreffende proses van vestiging van nuwe/jong boere waardeur lokvalle van (verdere) armoede (*poverty traps*) geskep word en grond wat deur middel van restitusie of herverdeling aan swart boere gegee is hoofsaaklik onder- of onbenut lê, ten koste van voedselsekuriteit. Redes vir hierdie toedrag van sake is veral die volgende: onvoldoende begrotings; ondeurdagte beleidsformulering en die toepassing van beleid; ondoeltreffende funksionering van staatsdepartemente, met 'n plaag van korrupsie, nepotisme en wanbestuur.
**2.6.2** Hoe meer die staat misluk in hierdie doelstelling tot Grondhervorming, hoe meer word toenemend drastiese wetgewende en ander maatreëls uit regeringsgeledere geïnisieer. Daardeur word gepoog om onder meer uitgebreide nuwe regte te skep en bestaande regte te ondermyn. Dit het tot gevolg dat die gewillige koper/verkoper beginsel en die kwessie van vergoeding aan boere en privaat-grondbesit van kommersiële eiendom in gedrang gebring word. Sou al hierdie maatreëls realiseer, sal dit die vervanging van een onreg deur 'n ander tot gevolg hê. Dit is duidelik strydig met die gelykheidsklousule, soos wat in Artikel 9 van die Grondwet vereis word.
**2.7 Gedurende 2008 het die Algemene Sinode se Taakspan** vir Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling, in die lig van die ontwikkelinge soos in par 2.6.2 hierbo genoem (en na in-diepte gesprekke - ook met die hulp van kundiges in die politieke en landbou sektore), tot die gevolgtrekking gekom dat die dryfveer agter die staat se grondbeleid (en die gebrek aan uitvoering daarvan), gesien kan word as 'n verdere ontwikkeling van die ANC se ideologiese beleid van die voltrekking van die *Nasionale Demokratiese Revolusie.* Met ander woorde: in plaas daarvan dat die proses van Grondhervorming lei tot die skep van vrede, nasionale versoening en die verwydering van die onreg van die verlede, het dit as 'n nuwe stuk onreg en onrus ontwikkel tot 'n nuwe energiepunt vir die voortsetting van revolusie. Vir 'n tyd lank, gedurende die eerste jare van die nuwe staatkundige bedeling in Suid-Afrika (sedert 1990 en verder) was daar weinig indien enige verwysings hierna in die ANC se retoriek te bespeur. Nou, egter, word verwysings na die NDR al meer gehoor. Dit blyk duidelik dat hierdie ideologie opnuut en al meer openlik in ANC-geledere as ideaal gestel word. Die NG Kerk se taakspan het op grond hiervan met kommer kennis geneem van sekere prominente persone in die leierskap van die regering wat tans weer uitgesproke is in hulle ondersteuning van hierdie ideologiese program. Daarom het die taakspan die volgende besluite hieroor geformuleer:
*1. Die konsep van 'n Nasionale Demokratiese Revolusie kan, weens sy onderliggende filosofie en praktyk, nie 'n versoeningsproses, of 'n nasiebou-aksie wees nie.*
*2. Die konsep van 'n NDR skep 'n dualistiese regspraktyk – van 'n revolusionêre reg naas en teenoor 'n konstitusionele reg.*
*3. Die konsep van 'n NDR skep 'n disfunksionele gemeenskap van oorheersers en onderdruktes.*
*4. Die konsep van 'n NDR het 'n anargistiese owerheid tot gevolg wat rewolusie voer teen sekere onderdane met die magsmiddele van die staat.*
*5. Die NDR se uitgesproke ideaal van nasionalisering is 'n proses wat net 'n magselite verryk, terwyl dit die middele en instellings waardeur die bevolking hulleself sou kon ophef, vernietig.*
*6. Die taakspan gee dit deur aan die ASM vir oorweging en hantering.*
**2.8 In die lig van hierdie ontwikkelinge** – en in die lig van die huidige toedrag van sake – moet die NG Kerk aanvaar dat **Grondhervorming, soos dit tans bedryf word, nie gesien kan word as in diens van 'n nasionale versoeningsproses** nie. Die praktyk is besig om sigself anders uit te speel. In plaas van versoening, lei hierdie (mislukte) proses tot die vergroting van nasionale spanning, die verhoging van polarisasie en die aanstigting tot rassisme in ons land. Die NG Kerk (ook as NG Kerkfamilie) sal vanuit hierdie realiteit nou verder (en nuut) moet dink oor die proses van Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling – en as sodanig, in soverre as wat dit moontlik is, met die staat hieroor in gesprek tree. As deel van die kerk se *Openbare Getuienistaak*, sal dit egter ook

wysheid van die kerk vra oor hoe om gemeentes en lidmate op plaaslike vlak in hierdie verband te lei in ons huidige konteks.
**2.9** Daar moet egter ook onthou word dat die **grondhervormingsproses** nie net versoening ten doel het nie, maar **ook bedoel is as 'n bemagtigingsproses om die ongelykhede van die verlede reg te stel** deur grondbesit en grondgebruikspatrone te verander. As deel van die regering se prioriteit van breë bemagtiging van voorheen benadeelde (swart) mense – staatkundig, ekonomies en maatskaplik – is Grondhervorming dus 'n realiteit wat nie sal verdwyn nie. Ten opsigte hiervan sal die NG Kerk – soos tot dusver sedert sy eerste beleidsverklaring hieroor – 'n verantwoordbare standpunt moet uitdra. **Ekonomiese stabiliteit is immers ook 'n voorvereiste vir vrede, versoening en voorspoed in ons land. Hiervoor is 'n nuwe geslag suksesvolle swart kommersiële boere baie nodig – selfs essensieel.**

## 3. DIE JONGSTE VERWIKKELINGS EN ONMIDDELLIKE GEVOLGE VAN DIE MISLUKTE GRONDHERVORMINGSPROSES

**3.1** Tydens die Taakspan se **vergadering op 18 April 2011** (vanjaar), is die volgende scenario aan ons voorgehou:
**3.1.1** Daar is groot onsekerheid op die terrein van grondhervorming. Daar is by die regering die besef dat bestaande programme nie die verlangde uitwerking het nie. Oor 'n periode van tyd was daar ook konsekwente aandrang vir versnelling van die proses en vir meer radikale metodes, wat insluit die verwerping van 'n markgedrewe benadering en die beginsel van gewillige koper/gewillige verkoper, asook dat aktief van onteiening gebruik gemaak moet word om fundamentele verandering in patrone van grondbesit en -gebruik teweeg te bring. Dit het waarskynlik dan ook aanleiding gegee tot die onlangs gelekte weergawe van 'n Groenskrif oor Grondhervorming waarin dit opvallend is dat daar 'n spanning is tussen die idealistiese (en ideologiese) motivering ten opsigte van Grondhervorming (politieke dryfveer agter die hervormings) en die praktiese realiteite sover dit die volhoubaarheid van kommersiële boerdery aangaan, sowel as praktiese realiteite rondom voedselsekuriteit. Daar kan aanvaar word dat daar 'n aansienlike komponent binne die regerende party is wat aanvaar dat daar wel een of ander finansiële vergoeding sal wees wanneer kommersiële landbougrond van boere verkry word met die oog op hervorming. Daar is egter duidelik 'n verskil van mening oor hoe dit sal plaasvind.

**3.1.2** 'n Amptelike Groenskrif word binnekort verwag – een wat 'n nuwe proses sal voorstel, maar waarin allerweë verwag word dat 'n gedifferensieerde beleid rondom grondbesit bekendgemaak sal word. Dit kan moontlik beteken dat wat kommersiële landbougrond betref, grond wat vir die doeleindes van hervorming en restitusie van eienaar gaan verwissel, die eiendom van die staat sal bly (nuwe eienaars ontvang dus nie kaart en transport nie). Hierdie grond sal dan ontwikkel en bewerk word in terme van ooreenkomste met bevoordeeldes, asook maatskappye (waarin die staat 'n meerderheidsaandeel gaan behou) wat die landbouontwikkeling van hierdie eiendomme sal bestuur. Dit sal belangrik wees om die breë bevolking te mobiliseer by prosesse rakende die verwagte Groenskrif ten einde wetgewing te beïnvloed wat daaruit voortspruit.

**3.1.3** Verdere konsepwetgewing wat in omstredenheid gehul is, is die *Draft Land Tenure Security Bill* wat net voor Kersfees verlede jaar (2010) deur minister Gugile Nkwinti (minster van *Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming*) openbaar gemaak is. Hierdie stuk wetgewing bevat egter duidelike botsings van regte soos in die Grondwet verskans. So word daar byvoorbeeld regte aan mense toegeken op grond waarop daar alreeds regte (van ander mense) bestaan. Hieruit volg dan teenstrydige uitsettings-beperkinge wat daartoe kan lei dat boere krimineel vervolg sal kan word as hulle enige pogings sou aanwend om die bevolking op hulle plase te verminder. Ook die mediasieproses in gevalle van konflik word in die hande van die staat geplaas (en nie 'n onafhanklike liggaam nie).

**3.2** Sonder twyfel maak landbou 'n belangrike deel van die Suid-Afrikaanse ekonomie uit. Weliswaar is die persentasie bydrae tot die nasionale inkomste nie so groot nie (ongeveer 5%), maar binne die totale prentjie van die funksionering van die SA-samelewing is dit 'n onmisbare ekonomiese rolspeler. So lewer dit 'n direkte bydrae tot die bepaling van die eiendomswaarde van grond as sodanig. Verder, as werkverskaffer en as voedsel-produsent, maak dit van die landbousektor, wanneer dit gesond funksioneer, 'n bepalende ekonomiese faktor in ons land. Voedselsekuriteit is toenemend 'n saak van groot kommer oor die hele wêreld. 'n Land wat nog tot 'n mate in sy eie behoeftes kan voorsien (soos Suid-Afrika), word 'n al groter ontwykende ideaal, juis in die lig van die groeiende getal afhanklike lande oor die wêreld. In Afrika is dit 'n uitermate belangrike oorweging waar die meeste lande noord van die Limpopo en suid van die Sahara oorleef van/op 'n skenker gebaseerde (*donor based*) begroting. Die huidige prosesse rondom grondhervorming, soos wat dit in die praktyk ontwikkel het, laat egter ontstellende rooi ligte flikker. Redes hiervoor is die volgende:
**3.2.1** Die stelsel waarvoor die staat skynbaar/klaarblyklik gekies het, naamlik om privaatgrond in trust en nie in privaatbesit te plaas nie, verlaag grond se waarde.
**3.2.2** Vanuit 3.2.1 hierbo volg dan dat die nuwe "eienaars" van grond die nuut-verkrygde grond nie as sekuriteit binne die vryemarkstelsel kan gebruik nie.

**3.2.3** Hulle toegang tot lenings by handelsbanke word derhalwe beperk, wat weer daartoe lei dat sodanige boere onwaarskynlik tot ‘n mate van onafhanklikheid (van staatsondersteuning) sou kon ontwikkel.
**3.2.4** Daar is talle gevalle bekend waar grond wat ingevolge die grondhervormingsproses aan swart eienaars oorgedra is, nie meer ekonomies vir landboudoeleindes aangewend word nie (talle plase wat voorheen ekonomies bewerk is, het tot niet gegaan). In baie gevalle het ‘n haas onomkeerbare situasie ontstaan – wat baie tragies is en as ‘n nasionale ramp beskou kan word.
**3.2.5** Laasgenoemde lei tot disinvestering van kundigheid en geld – ‘n groot verlies vir die land op die lang termyn.
**3.2.6** Waar nuwe eienaars nie oor die nodige bestuur- en landboukundige vaardigheid beskik nie, stort bestaande boerdery ineen.
**3.2.7** Die hervormingsproses, waarvolgens strategiese vennote aangewys en grond toegeken word aan maatskappye om te boer, is nie deursigtig genoeg nie.
**3.2.8** Met die huidige proses bestaan die gevaar dat Suid-Afrika ‘n netto invoerder van voedsel kan word. Dit ontneem die land van die broodnodige stabiliteit van voedselsekuriteit en ondermyn die land se selfrespek.

## 4. DIE PAD VAN DIE KERK MET LANDBOU (EN DIE STAAT) VORENTOE

**4.1** Dit is baie duidelik dat ons tans op ‘n ander plek as in 2002 is toe die eerste standpunte van die NG Kerk rondom die kwessie van Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling geformuleer is. Die huidige prosesse rondom Grondhervorming het in ‘n doodloopstraat beland. Daar is tans geen sprake dat hiermee die ideaal van *Nasionale Versoening* bereik kan word nie. Die NG Kerk sal ook in ekumeniese verband samewerking moet soek/kry om as vennote in hierdie saak met die staat op alle vlakke in gesprek te tree. Maar die kerk sal ook na binne sigself moet oriënteer ten opsigte van die leiding wat aan lidmate gegee word oor die proses van Grondhervorming en die trauma waaraan talle lidmate blootgestel is en nog steeds gaan word in die jare wat kom.

**4.2 AANBEVELINGS: GRONDHERVORMING EN LANDELIKE ONTWIKKELING**
**4.2.1 Die Algemene Sinode aanvaar dit as uitgangspunt dat Grondhervorming, in ‘n Suid-Afrikaanse konteks (en veral teen die agtergrond van ons unieke geskiedenis), vanuit Christelike oortuiging geregverdig en noodsaaklik is.**
**4.2.2 Die Algemene Sinode aanvaar dit ook as uitgangspunt dat blywende vrede en voorspoed vir alle inwoners van ons lande in Suidelike Afrika vanuit ons Christelike geloof gemotiveer kan word – en wil die verantwoordbare proses (waarin reg en geregtigheid geskied teenoor almal) tot die verkryging van hierdie ideaal voorstaan en help bevorder.**
**4.2.3 Die Algemene Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor sy lidmate in die boerderygemeenskap vir die wyse waarop hulle, in ’n gees van konstruktiewe betrokkenheid, die afgelope jare sedert die nuwe staatkundige bedeling in Suid-Afrika (1994) tot stand gekom het, bereid was om verskillende psigiese en politieke grense oor te steek om tot die staat se Grondhervormingsbeleid by te dra. Hulle word aangemoedig om in geloof en vertroue daarmee voort te gaan aangesien dit ooglopend en vanselfsprekend is dat die regering alleen, sonder privaatsektor-betrokkenheid, nie grondhervorming sal kan laat slaag nie.**
**4.2.4 Die Algemene Sinode besef ook met hartseer dat daar deur die boerderygemeenskap al tot dusver groot offers betaal is, wat juis ook blyk uit die ontstellende hoë gewelddadige sterftes (moorde) onder hierdie sektor van ons samelewing.**
**4.2.5 Die Algemene Sinode doen ’n beroep op die regering om alles in die stryd te werp om met ’n nuwe beleidsdokument oor Grondhervorming vorendag te kom – wat in terme van die waardes van die Grondwet (met spesifieke verwysing na Artikels 9 en 25) uitgewerk word tot bevrediging van al die partye betrokke.**
**4.2.6 Die Algemene Sinode verseker ook die regering dat die kerk (ook in ekumeniese verband) sy volle samewerking sal gee in die formulering en uitvoering van ‘n billike grondbeleid op grond van hierdie Grondwetlike waardes.**
**4.2.7 Die Algemene Sinode wil ook ‘n duidelike getuienis teenoor die staat lewer oor *versoenende geregtigheid.* Dit beteken dat reg en geregtigheid ten opsigte van die regte en menswaardigheid van alle mense (wat dus vanselfsprekend die hele boerderygemeenskap insluit) tot uitvoering moet kom – en dat die kerk vanuit sy Godgegewe roeping ook die staat hiervoor verantwoordelik sal hou (Artikel 36 van die NGB).**
**4.2.8 Die Algemene Sinode doen ook ’n beroep op die regering (en sal dit skriftelik aan hom stel) dat die voedselsekuriteit van ons land, as ‘n voorvereiste vir vrede, stabiliteit en voorspoed, nie verder gekompromitteer mag word nie – veral en juis gesien in die lig van die groot aantal voorheen produktiewe plase wat op ‘n rampspoedige en onomkeerbare wyse uit die voedselketting verdwyn het.**
**4.2.9 Die Algemene Sinode is oortuig daarvan dat die onteiening van kommersiële landbougrond (op watter wyse ookal gedoen) op sigself NIE die huidige ellende van 50% van Suid-Afrika se bevolking (wat blootgestel is aan die destruktiewe armoedekultuur waarin hulle noodgedwonge leef) gaan verbeter nie. Die teendeel kan eerder waar wees, aangesien kommersiële boerdery tans nog ‘n groot verskaffer van werksgeleenthede is.**

**4.2.10 Die Algemene Sinode doen ‘n beroep op al die strukture van die NG Kerk om ‘n gebedsaksie rondom grondhervorming te loods waarin voorbidding vir alle betrokkenes gedoen word (nuwe begunstigdes, die kommersiële landbousektor en die regering).**
**4.2.11 Die Algemene Sinode versoek sy taakspan om die sake vervat in hierdie aanbevelings, tot die grootste mate moontlik, tot uitvoering te bestuur.**

Thinus Ferreira (Voorsitter)
Ben du Toit (Skriba)

## MODERAMEN BYLAAG 4

# DIVERSITEITSBESTUUR

## 1. INLEIDING

**1.1** Donald Rumsfeld, voormalige Amerikaanse Sekretaris van Verdediging, het by geleentheid gesê: “There are known knowns. These are the things we know that we know. There are known unknowns. That is to say, there are things that we know we don’t know. But these are also unknown unknowns. There are things we don’t know we don’t know.” Wat egter verbasend is in ons konteks as kerk van die Here Jesus Christus in Suid-Afrika, is dat in bostaande terminologie “Being ignorant when it comes to the unknown unknowns is understandable” maar wat konstant voorkom is “how little many people know of what are or should be the known knowns”. Dít geld ook die kennis, vaardighede, sensitering en insig ten opsigte van diversiteit binne en buite die kerk.
**1.2** Op ons reis met diversiteit is daar geen vasgestelde agendas nie. In die oop gesprekke wil ons juis reisgenote wees wat saam op soek is na die misterie en grootsheid van die Drie-enige God. Indien ons oor diversiteit “saamdink”, raak dit direk alles waarmee ons ons elke dag besig hou. As ons as teoloë/Christene nadink oor die Drie-enige God, die kerk, mense en die konteks waarin ons elke dag lewe, praat of dink, word die misterie net groter! Ferdinand Deist (1982:89) het gesê: “As **ek** iets oorkom ervaar ek dit met **my emosies**, as **iemand anders** iets oorkom ervaar ek dit met **my verstand**. As **ek** iets doen ervaar ek dit met **my verstand**, as **iemand anders** iets aan my doen ervaar ek dit met **my emosies**”.
**1.3** Die Uitgebreide Moderamen van die NG Kerk het in hul verklaring *Die Kerk wat ons wil wees...* oor diversiteit gesê: “Binne (ons) hierdie eenheid, **vier** ons ons diversiteit as **God se geskenk** aan ons, want ons **andersheid** vir mekaar help ons om die **volle omvang** van **God se genade en liefde** beter te **verstaan en te waardeer**. As die een lid ly, ly al die lede saam en as die een lid geëer word, is al die lede saam bly (1 Korintiërs 12:26)”. (Goedgekeur as deel van die gesprek oor Kerkhereniging by die Uitgebreide Moderamen, 11-12 Junie 2008, te Carmelite Retreatsentrum). Om dié kernwaarde waar te maak en elke dag as ‘n medeskepper van ‘n meer geloofwaardige wêreld en heler kosmos uit te leef, verg voorwaar baie toewyding en volgehoue passie. Dit is ons roeping en erns dat ons as voorlopers, pioniers soos die bekende Nederlandse teoloog Henk de Roest sê, sal lewe. Dit is alleen moontlik as ons hoofsaaklik aan twee kernsake voortdurend aandag skenk: ‘n Nuwe taal- asook ‘n identiteits- en kultuurskuif is noodsaaklik binne myself, ons gesinne en families, ons geloofsgemeenskap en eie unieke konteks asook in die mooi land en wêreld waarbinne ons elke dag lewe en werk (Botha 2010:11).
**1.4 Diversiteit is …** die mengsel, verskeidenheid en omvang van mense en hul eienskappe. Dit verwys ook na die wye verskeidenheid eienskappe wat van elke mens, groep, samelewing, land, ens iets uniek/anders maak. Charles Malan (Inleiding gelewer by die beraad oor diversiteit van die NG Kerk, 18-19 Mei 2009, Pretoria) sê tereg: “Diversiteit beteken egter helaas basies om *anders* te wees … Een van die definisies wat vir die doel van hierdie bespreking die bruikbaarste is, lui vertaal soos volg: divers – verskillend, ongelyk, anders as, afsonderlik, in verskillende rigtings, in teenstelling met. Hier ontbreek die positiewe konnotasies van multikulturele verskeidenheid en die benutting van onderlinge verskille wat in talle omskrywings en benaderings beklemtoon word. Ons lewe in ‘n tydvak waar daar nie meer verskoning is dat ons nie die toerusting het om andersheid te peil en beskryf nie. Die postmodernistiese fragmentering van betekenis is immers juis daarop ingestel om andersheid in alles van taal tot strukture in te sien. Betekenis en gesag is nie meer onveranderlik en sonder vrae vasgevang nie”.
**1.5** Die kerk vind sy oorsprong en diepste identiteit in die Trinitariese, handelende God. In dié diversiteit en eenheid van die Drie-eenheid word die misterie van God sigbaar. Dit sluit ook aan by wat Hendriks sê: “Theology (die kerk /my eie woord) is about God” (2004:24) Dit is daarom uiters belangrik dat ons, die kerk, net op God Drie-enig alleen sal fokus. Die fokus mag nooit op die kerk, die ampte, die sakramente, mense of selfs op die konteks wees nie alhoewel die diverse kontekste en situasies ten alle tye verreken moet word. Die God wat ons uit die Skrif as normatiewe bron en uit die geloofstradisie leer ken, is juis ‘n lewende, teenwoordige, handelende en diverse God. Die diverse konteks en wêreld waarbinne ons elke dag leef en werk, raak ons almal, hier plaaslik maar ook globaal. Teen dié agtergrond en die feit dat diversiteit ‘n gegewe is, glo ons beslis dat God, ten spyte van alles nog steeds ‘n droom het dat ek, ons as gemeentes, mense wat na Sy beeld geskape is, ‘n verskil sal maak binne ons eie en die breër konteks. Binne dié konteks kan ‘n beter verstaan van asook die viering van ons diversiteit ‘n groot verskil maak. Die eenheid in Christus en as geskapenes moet ook altyd saam met die diversiteit verreken word.

## 2. DIE ALGEMENE SINODE SE OPDRAG VAN 2004 EN 2007

### 2.1 AGTERGROND
Die Algemene Sinode van 2007 het die opdrag oor Diversiteitsbestuur van die Sinode van 2004 herhaal. (Handelinge 2007 bl 130 en Besluiteregister 2007 pt 25.1 bl 223).

### 2.2 SAMEVATTEND
Die onderstaande samevatting van die verslae en bespreking by die sinodes van 2004 en 2007 het die raamwerk gevorm vir die werk van die Taakspan:

***1** *Die Taakgroep het in die verlede bekend gestaan as Kommissie vir Geslag-en-Diversiteit. Die Sinode het egter geoordeel dat "geslag" geïmpliseer word in die groter gesprek oor Diversiteit. Terwille van groter ruimte en positiewe groei is op "Taakgroep vir Diversiteitsbestuur" besluit. Die gesprek is breër as net die fokus op die verskillende belange van mans en vrouens. Die gesprek oor diversiteit kan en moet **onder andere** die volgende insluit: geslag, ouderdom, spiritualiteit, ras, potensiaal (gestremdes) ens. **Besondere aandag moet aan geslagsdiversiteit gegee word.***
***2** Hoe belangrik is die gesprek vir die kerk?
*Viering van ons diversiteit hoort saam met ander kernwaardes soos Belydenis, Ekumenisiteit en Eenheid.*
**Diversiteit is dus een van ons kernwaardes!**
***3** Hoe lyk ons vertrekpunt?
***'n Teologiese verstaan** van diversiteit moet as basis dien vir enige toekomstige gesprekke.*
***4** Seisoen van Luister?
*Die Seisoen van Luister skep 'n geleentheid vir lidmate van die NG Kerk om opnuut na die verskillende stemme in die kerk te luister en om vanuit die "luister" groter begrip vir mekaar se unieke bydrae te ontwikkel.*
***5** Wat is die status en opdrag van die taakspan?
*Die opdrag van die Taakspan is nie om projekte of programme te inisieer nie. Die fokus moet eerder wees op 'n proses waardeur nadenke oor diversiteit gestimuleer word en Sinodes gehelp word om gemeentes aan te moedig om Bybelse waardes uit te leef in hul viering van diversiteit.* **Sensitering en bewusmaking is die fokus**
***6** Wat van bestaande projekte en aksies?
*Terwyl die taakgroep besig is met die stimuleer en koördineer van die breë gesprek sal verskillende sinodes versoek word om spesifieke areas van die gesprek te hanteer en hulle bevindinge met die breër verband te deel. Bestaande projekte en kapasiteit sal hier in ag geneem word. Van die bestaande aksies (sommige streeksaksies) wat gekontinueer en uitgebou word, is onder andere die volgende:*
** Begeleiding van teologiese studente in diversiteitsbestuur;*
** Ondersoeke na die posisie van vroueproponente en vroueleraars (Elsje Büchner);*
** Toetsing van kerklike strukture in die lig van teologies-verantwoorbare diversiteitsbestuur en die ontwikkeling van leierskap in die onderskeie groepe;*
** Die Universiteit van Stellenbosch gee reeds in 'n spesiale module aandag aan Gendersake;*
** Die Universiteit van Pretoria sal aan die besondere behoeftes en uitdagings wat aan vroue-predikante gestel word, aandag begin gee;*
** 'n Reeks studies is oor mag en menslikheid geskryf. Hierdie studie is in die vorm van die Luistersiklus geskryf. Die reeks studies poog om lidmate te help ontdek wat die Here vir ons in Sy Woord oor sê oor respek vir mense, die hantering van mag en die skep van ruimte vir mense wat anders as ek dink en voel.*

## 3. DIE LEDE VAN DIE TAAKSPAN VIR DIVERSITEITSBESTUUR

**3.1** Die Taakspan vir Diversiteitsbestuur het bestaan uit dr Jan Botha (voorsitter), me Retha Kruidenier (skriba), dr Charles Malan (die Diversiteitsforum se webmeester) en sinodes se verteenwoordigers: dr Fanie Cronje (Noordelike Sinode), me Elize Morkel (Wes- en Suid-Kaapland), dr Carin van Schalkwyk (Vrystaat), ds Nico Janse van Rensburg (Wes-Transvaal), dr Elsje Büchner (Oostelike Sinode), ds Ghisnene Muller (Hoëveld), ds Rethie van Niekerk (Oos-Kaap), ds André de Villiers (Noord-Kaap), ds Pine Pienaar (Namibië) en dr Botha van Aarde (Natal) asook me Annemie Bosch, erelid en vrou van die wêreldbekende teoloog/missioloog, wyle prof Dawid Bosch.
**3.2** Die verkose/benoemde lede van die 10 verskillende sinodes van die NG Kerk en ander verantwoordelike teoloë en medewerkers was die afgelope 4 jaar saam op reis om te dink, redeneer en moontlike voorstelle aan die Algemene Sinode van die NG Kerk aan die hand te doen. Al dié predikante, teoloë en medewerkers is mense wat aktief besig is binne hul unieke kontekste, gemeentes en invloedsfere om die koninkryk op aarde te laat kom net soos in die hemel: dit wat Jesus in die Onse Vader gebid het. Almal neem die Drie-enige God, ons tradisie en die Skrif ernstig op. Hulle poog om die twee gereformeerde beginsels van "gereformeerd wees", naamlik om aan te hou om te verander en soekend te wees asook die beginsel van "saam soek ons na moontlike antwoorde, worstel ons en toets dit saam", te handhaaf. Al die sprekers by ons verskillende saamdink-geleenthede tree ook op as kundige adviseurs. Talle teoloë, predikante, ander kundiges asook belangstellende lidmate vorm deel van ons saamdinkspan.

## 4. DIE FUNKSIONERING VAN DIE TAAKSPAN

Die Moderamen was in opdrag van die Algemene Sinode voortdurend deur dié Taakspan besig om nadenke, sensitering en gesprekke rondom geslagsgelykheid en diversiteit te stimuleer. Die volgende "merkers" is in ag geneem:

### 4.1 NAAM EN SAMESTELLING

Die Taakspan het in die verlede bekend gestaan as Kommissie vir Geslag-en-Diversiteit. Die Moderamen het egter geoordeel dat "geslag" geïmpliseer word in die groter gesprek oor diversiteit. Ter wille van groter ruimte en positiewe groei is op "Taakgroep vir Diversiteitsbestuur" besluit. Die Moderamen het op 19/06/2007 in die lig hiervan die taakgroep hersaamgestel met die volgende lede: Elsje Büchner (sameroeper), Johan Pienaar

(proseskoördineerder), Lizl-Louise Schoeman (skriba), Dieter de Bruin, Julian Muller, Stefan Joubert, Zerilda Nel en Kobus Schoeman. Die taakspan is weer in 2008 hersaamgestel. Die verskillende lede is by punt 3 aangedui.

### 4.2 TREFWYDTE VAN DIE GESPREK

Die gesprek is breër as net die fokus op die verskillende belange van mans en vrouens. Die gesprek oor diversiteit kan en moet **onder andere** die volgende insluit: geslag, ouderdom, spiritualiteit, ras, potensiaal (gestremdes) ens. *Besondere aandag moet aan geslagsdiversiteit gegee word.*

### 4.3 PLASING VAN DIE GESPREK BINNE DIE KERKVERBAND

Viering van ons diversiteit hoort saam met ander **kernwaardes** soos belydenis, ekumenisiteit en eenheid. Dit beteken dat die gesprek by geleentheid sal inspeel op ander bedieningsterreine van die kerk. Die Moderamen sal die plek wees waar die koördinering in die eerste instansie moet plaasvind.

### 4.4 TEOLOGIESE REFLEKSIE

‘n Teologiese verstaan van diversiteit moet as basis dien vir enige toekomstige gesprekke.

### 4.5 SEISOEN VAN LUISTER

Die Seisoen van Luister skep ‘n geleentheid vir lidmate van die NG Kerk om opnuut na die verskillende stemme in die kerk te luister en om vanuit die “luister” groter begrip vir mekaar se unieke bydrae te ontwikkel.

### 4.6 PROSES

Die opdrag van die Taakspan **is nie om projekte of programme te inisieer nie**. Die fokus moet eerder wees op ‘n proses waardeur nadenke oor diversiteit gestimuleer word en sinodes gehelp word om gemeentes aan te moedig om Bybelse waardes uit te leef in hul viering van diversiteit.

### 4.7 FOKUSAREAS

Terwyl die taakspan besig is met die stimuleer en koördineer van die breë gesprek sal verskillende sinodes versoek word om spesifieke areas van die gesprek te hanteer en hulle bevindinge met die breër verband te deel. Bestaande projekte en kapasiteit sal hier in ag geneem word. Van die bestaande aksies (sommige streeksaksies) wat gekontinueer en uitgebou word, is alreeds aangedui by punt 2.2. Een nuwe aksie is ook suksesvol afgehandel nl die vrouepredikante se viering van 20 jaar in die bediening (20-22 September 2010 in Pretoria).

## 5. SAAMDINKGELEENTHEDE

Die taakspan het die afgelope vier jaar drie saamdink-geleenthede aangebied asook ‘n inisiatief by die Wes-en Suid-Kaapse Sinode. Die gesprek oor diversiteit het aanvanklik wyd begin om sodoende ‘n gesamentlike onderbou en onderlinge vertroue te skep. Later het die klem al hoe meer begin val op geslagsgelykheid, rassisme en mag, spiritualiteit asook die ontwikkeling van teologiese perspektiewe as onderbou. Sake wat nie direk hanteer is nie maar tog deur persoonlike gesprekke aangeraak is, is ouderdom en potensiaal (gestremdes). Die volgende perspektiewe is tydens dié unieke saamdink-geleenthede bespreek en uit verskillende hoeke beredeneer:

### 5.1 PRETORIA 18 – 19 MEI 2009 (SAAMDINK: TENTATIEWE PADKAART VIR ONS REIS)

Dr Johan Pienaar - Agtergrond en diversiteit in die NG Kerk
Dr Fanie Cronje - Diversiteit in die Ou Testament en Antieke tye
Ds Dieter de Bruin - Diversiteit in die erediens, liturgie en simboliek
Dr Charles Malan - Die smet van diversiteit as andersheid
Dr Nelius Steyn - Vier ons andersheid; Diverse persoonlikhede van die NG Kerk se predikante
Prof Willie van Heerden - Biodiversiteit
Me Jolene Kloppers - Xenofobie en diversiteit
Dr Jan Botha - Samevatting: Diversiteit, moontlike stories van Hoop!

### 5.2 ACHTERBERG 18 – 19 AUGUSTUS 2009 (SAAMDINK: MAG, RAS EN GESLAG)

Dr Fanie Cronje - Diversiteit en die Bybel: ‘n Perspektief
Me Elize Morkel - Verkenning van magsverhoudings
Me Elize Morkel - Teorie oor mag en magsmisbruik: Verkenning van diskoerse
Ds Nelis Janse van Rensburg - Historiese perspektief tov ras en geslag in SA
Me Elize Morkel - Kontekstuele perspektief betreffende ras en gender in SA
Ds Nelis Janse van Rensburg - Wandel in die Woord: Jesus en die Samaritaanse vrou Joh 4: 1- 42
Dr Jan Botha - Wandel in die Woord : Die apostels verkondig Jesus Christus, die Here en ‘n Skat in Kleipotte (2 Kor 4:1-15)
Me Elize Morkel - Tipologie van getuienis, ontwikkel deur Kaethe Weingarten
Me Elize Morkel - Outsider witness conversations
Dr Jan Botha - Die pad vorentoe

**5.3 PRETORIA 24 – 25 AUGUSTUS 2010 (SAAMDINK: TENTATIEWE PADKAART VIR ONS REIS MET TEOLOGIESE PERSPEKTIEWE OP DIVERSITEIT)**

Dr Jan Botha - Diversiteit: God se gawe aan ons waarbinne ons ons andersheid tot sy volle potensiaal en omvang moet benut, bestuur en vier
Dr Johan van Schalkwyk - Ons herken en erken verskeidenheid
Ds Izak du Plessis – Etikette: Gaan dit om diversiteit of ‘n kosmetiese-diversiteit?
Dr Charles Malan - Kritiese bestekopname: die NG Kerk se hantering van diversiteit
Dr Marius Nel - Nuwe Testamentiese perspektief op diversiteit
Dr Carin van Schalkwyk - Gender en diversiteit
Dr Frederick Marais - Missionale perspektief op Diversiteit
Prof Madipoane Masenya (UNISA) - In and through Diversity: Her-Narrative in Context
Prof Klippies Kritzinger - Transformerende Ontmoetings. Hoe om meer kreatief te lewe

Al drie bogenoemde inisiatiewe se temas is op die Diversiteitsforum se argief beskikbaar.

**5.4 GOUDINI 11 MEI 2011 (DIE WES-EN SUID-KAAPSE SINODE SE GESPREK OOR DIVERSITEIT EN GESLAGSGELYKHEID)**

**5.4.1** Die unieke gesprek en bespreking het tydens die derde dag van die sinodesitting op die 11de Mei 2011 by Goudini plaas gevind. Dr Jan Botha, me Annemie Bosch en me Retha Kruidenier het die geleentheid as waarnemers bygewoon. Me Elize Morkel het die gesprek ingelei met stawende statistiek en die nodige agtergrond. ‘n Baie insiggewende video-opname van ‘n sielkundige wat haar jarelange praktykondervinding met die sinode gangers gedeel het, het die saak verder toegelig. Daarna het genl Sharon Jephta, sedert April 2011 die nuwe Adjunk-Provinsiale Kommissaris SAPD van die Wes-Kaap, die sinode op uitnodiging besoek. Sy het haar stem gevoeg teen die geweld teen vroue, kinders en ook alle ander geweld veroordeel.
**5.4.2** Me Elize Morkel het die volgende statistiek uitgelig in haar aanbieding:
* Suid-Afrika het van die hoogste voorkoms van geweld op vroue in die wêreld.
* Suid-Afrika het van die hoogste voorkoms van verkragting in die wêreld.
* Seksuele geweld impakteer op meer as 'n derde van SA-meisies voor die ouderdom van 18 jaar.
* Die geweld van armoede raak vroue in SA direk omdat vroue in die algemeen minder verdien as mans en werkloosheid meer onder vroue as mans voorkom. Ons vind ‘n konsentrasie van armoede in gesinne waar vroue die hoof is.
* Suid-Afrika is 'n dominante patriargale gemeenskap, is oorwegend Christelik (nagenoeg 79% van die bevolking sien hulleself as Christene), maar bogenoemde is van ons land waar. Wat sê dit vir ons oor die verband tussen hierdie feite?

**5.4.3** Die volgende twee mosies is hieroor deur die sinode aanvaar:
*1. As sinode van die NG Kerk spreek ons ons ten sterkste uit teen alle vorme van pornografie en materiaal in die media wat vroue en kinders degradeer of seksueel uitbuit – ook die ongekontroleerde vertoning daarvan oor die openbare TV-senders soos tans deur E.TV. Daar heers ernstige kommer oor die geweldige hoë voorkoms van geweld en seksuele geweld teen vroue en kinders in die Suid-Afrikaanse samelewing. Pornografie en seksuele stereotipering van vroue lewer 'n groot bydrae tot die probleem.*
*2. Na aanleiding van die gesprek oor Geslag en Diversiteit verklaar die Sinode: Jesus is die Heer en Hoof van die huis, kerk en samelewing. Onder Hom staan vrou, man en kind op gelyke vlak. Elkeen is profeet, priester en koning. Ons word geroep om uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig te wees en mekaar te dien in liefde. Ons verset ons teen elke vorm van magsmisbruik en geweld, in die huis, kerk of samelewing, hetsy ekonomies, fisies, emosioneel of seksueel. Ons verset ons ook teen enige ideologie wat dit regverdig en onderhou.*

## 6. BYBELSE PERSPEKTIEWE OP DIVERSITEIT

### 6.1 ‘N OU TESTAMENTIESE PERSPEKTIEF

Wanneer ons die Bybel as gespreksgenoot neem in ‘n verkenning van die verskynsel diversiteit, val die volgende dadelik op: Nie alleen bevat die Bybel verskillende soorte literatuur nie, maar dit huisves ook uiteenlopende perspektiewe op spesifieke kwessies. So is daar byvoorbeeld wysheids-, profetiese en regsperspektiewe op ’n verskynsel soos armoede. Verder het ons parallelle, maar verskillende weergawes van — om maar net drie voorbeelde te noem — die skepping van die wêreld, die geskiedenis van Israel en die bediening van Jesus. Vergelyk gerus Genesis 1:1-2:4a met Genesis 2:4b-25; die Samuel/Konings-boeke met die Kronieke-boeke; en die vier evangelies onderling. Wat ons in gedagte moet hou, is dat toe die kanon vasgestel is daar nie vir ‘n enkele weergawe of perspektief van of op 'n bepaalde saak gekies is nie. Ons het parallelle weergawes wat erkenning gee aan die diverse kontekste waarvan die voetspore in daardie tekste lê. Kortom: Bybeltekste reflekteer verskeidenheid wat teruggevoer kan word na verskillende kontekste en samelewingskringe. Erhardt Gerstenberger vestig in sy boek *Theologies in the Old Testament* ons aandag op die sosiale geskiedenis van Israel. Hy wys daarop dat ons in die Ou Testament diverse perspektiewe, gebruike en (Gods)beskouings vind wat na verskillende samelewingskringe teruggevoer kan word. Gesinne of uitgebreide gesinne, kleindorpies, stamme, staatsamptenare tydens die monargie, en konfessionele gemeenskappe tydens en na die ballingskap het byvoorbeeld verskillende erfenisse nagelaat wat hulle sienings van God, godsdienstige gebruike, die ideale gemeenskap, ensovoorts betref.

Om ‘n waardering vir Gerstenberger se insigte te hê, is dit nodig om die hele Ou Testament in ag te neem. ‘n Enkele teks of selfs Bybelboek reflekteer nie noodwendig hierdie vorm van diversiteit nie.

**6.1.1 Spesifieke tekste handel oor die verskynsel of die hantering van diversiteit**
***1** Wanneer ons nouer fokus, sien ons dat spesifieke tekste beskryf hoe mense diversiteit probeer hanteer het. Sommige tekste (veral in sekere kontekste) wys hoe mense dit wat anders is as jou eie manier van dink, beleef en doen, probeer beveg het. Ander tekste het ‘n groter waardering vir diversiteit.
***2** Sommige tekste sinspeel op die verskynsel van diversiteit. Wat laasgenoemde betref, gee Genesis 10 (vgl 1 Kron 1:4-23) vir die leser ‘n voëlvlug oor die diversiteit wat die mensdom weerspieël. Die verhaal van die toring van Babel (Gen 11:1-9) gebruik die motief van diversiteit in die verhaal. Die Here kom af om te kyk na die stad en die toring wat die mense gebou het en sien dat daar een volk is en almal het een taal. Die Here gebruik dan taalverwarring of taalverskeidenheid (‘n sensitiewe element van diversiteit) om mense oor die aarde te verstrooi. Nehemia maak ook melding van die probleem wat taaldiversiteit in sy gemeenskap meebring (Neh 13:23-24).
***3** Sommige verklaarders wys byvoorbeeld daarop dat ‘n betoog teen eksklusiwiteit ‘n sterk element is van die boodskap van die Jona-boek. Lees gerus ook Handelinge 10:44-11:18 wat handel oor die insluiting van nie-Jode as volgelinge van Jesus.
***4** Aan die ander kant is daar ook tekste wat vertel hoe eksklusiwiteit onder bepaalde omstandighede nagestreef is. Nehemia 13:1-30 wys byvoorbeeld dat dit vir die Judeërs ‘n probleem was dat van hulle volksgenote met mense uit ander nasies getrou het. Hulle kinders kon byvoorbeeld nie meer die Judese taal lekker bemeester nie. Volgens Nehemia 13:25 was dit vir Nehemia so ‘n lastige situasie dat hy “met die mense geraas, hulle vervloek, party van hulle geslaan, hulle hare uitgetrek en hulle voor God ‘n eed laat aflê het”. Nehemiah se strewe was om sy mense te suiwer van al wat vreemd was (Neh 13:30).

**6.1.2 Ons moet verstaan dat wat beide die Ou en die Nuwe Testament betref daar nie aanvanklik 'n soort ortodoksie was wat later verword het in ‘n heterodoksie nie**
***1** Daar was byvoorbeeld van die begin af diversiteit onder die volgelinge van Jesus. Die rede hiervoor was die feit dat die eerste gemeenskappe nie die leerstellings van Jesus aangehang het nie maar die persoon Jesus. Hierin was daar wel ‘n eenheid te bespeur wat geleë was in die siening dat dié Jesus wat na die aarde toe gekom het, dieselfde een is wat opgestaan het uit die dood en nou lewe. Omdat dit om ‘n verhouding met die lewende Jesus gegaan het, was daar diversiteit in hoe Jesus verstaan is uit hierdie verhouding.
***2** Die briewe laat ons goed verstaan hoe verskillende gemeenskappe verskillende behoeftes en vrae gehad het. Die briewe is geskryf om in die praktyk vir gemeentes te help. Daarom is dit moeilik om van Paulus se teologie te praat soos ons vandag die term verstaan. Ja, sy raad het uit ‘n bepaalde verstaan van God gekom en sy verstaan het natuurlik ontwikkel. Die mense vir wie hy geskryf het was ook nie dieselfde mense vir wie Jakobus, Johannes en Petrus geskryf het nie. Mens kan dus nie die spanning wat tussen hierdie briewe is, probeer wegkry deur die inhoud te probeer harmonieer nie.

**6.1.3 Uit 'n kursoriese oorsig oor die Bybel se materiaal, lyk dit of ons oor diversiteit onder meer kan sê dat:**
* die Bybel as sodanig 'n versameling diverse dokumente is en dat die inhoud daarvan getuig van diversiteit.
* dit in die Bybelse tyd dikwels mag ontbloot het. Dit identifiseer – dikwels op 'n subtiele vlak – wie die mag het.
* gemarginaliseerde mense nie noodwendig meer sensitief vir diversiteit is as diegene met mag nie.
* gemeenskappe behoort by 'n punt te kom waar diversiteit nie meer as 'n probleem gesien word nie.

Van hierdie gedagtes kan as vertrekpunte dien vir die uitwerk van 'n teologie van diversiteit.

**6.2 'N NUWE-TESTAMENTIESE PERSPEKTIEF**
**6.2.1** Die Nuwe Testament skets die vroeë kerk as 'n diverse geloofsgemeenskap bestaande uit verskillende geslagte, taal- en etniese groeperinge, asook sosio-ekonomiese stande wat verenig is deur hulle geloof in Christus. Die eiesoortige wyse waarop die verskillende Christengemeenskappe hulle geloof verwoord het, en hulleself georganiseer het (soos wat duidelik word uit die verskillende Nuwe-Testamentiese briefversamelings), dui ook op 'n bepaalde teologiese diversiteit binne die kerk. Dié diversiteit het egter geensins die eenheid tussen gelowiges genegeer nie, en is die eenheid uitgeleef in onderlinge sorg, gemeenskaplike maaltye en die openbare soengroet.
**6.2.2** Die diversiteit én eenheid wat die vroeë kerk gekenmerk het, is duidelik herkenbaar in Paulus se slotwoorde van die Romeinebrief. Só verwys hy telkens in Rom 16 na medegelowiges uit verskillende sosio-ekonomiese en politieke stande (van die sosiale elite tot slawe), etniese agtergronde en geslagte wat persoonlik aan hom bekend was as medewerkers. Dit is opmerklik hoedat Paulus met die hoogste agting na spesifieke vroue in die gemeentes van Rome en Korinte verwys as susters, diakens, medewerkers, weldoeners, hoog aangeskrewe apostels, ywerige werkers, en selfs 'n ma.
**6.2.3** Alhoewel die evangelie gelowiges se kulturele identiteit ondergeskik gestel het aan hulle nuwe identiteit in Christus, wat hulle met hulle doop verkry het (Gal 3:26-29; Fil 3:5-8), het dit hulle nie gestroop van hulle geslag, ras of stand nie, maar hulle eerder as sodanig in 'n nuwe geloofsgemeenskap opgeneem (1 Kor 7:17-24). In die Nuwe Testament word die nuwe gemeenskap, wat herhaaldelik in familiale terme beskryf word (Matt 12:46-50), uitgebeeld as een wat ruimte gelaat het vir verskillende wyses vir die aanbidding en dien van Christus (Hand 15;

Rom 14). Onderliggend aan die aanvaarding van die diversiteit kenmerkend van gelowiges in die Nuwe Testament, is 'n klem op die onvoorwaardelike liefde van God (1 Joh 4:19-21), die voorbeeld van Christus (Fil 2:1-8), asook 'n nastreef van wedersydse onderdanigheid (1 Kor 7:4, Ef 5:21), vergifnis (Kol 3:13), eerbied (Rom 12:10), aanvaarding (Rom 15:7) en diensbaarheid (Gal 5:13).

**6.2.4** Daar moet egter in die nadink oor die kontemporêre hantering van diversiteit gewaak word teen die romantisering van die vroeë kerk. Die akkommodering van diversiteit het naamlik nie sonder stryd of konflik in die vroeë kerk geskied nie. Só bevat die Nuwe Testament onder andere verwysings na die inperking van vroue se vryheid (1 Kor 14:34-35; 1 Tim 2:11-15), die verslawing van gelowiges deur hulle medegelowiges (Filemon), asook die voorkoms van etniese (Gal 2:11-21), ekonomiese (1 Kor 11:20-34) en taal-gebaseerde diskriminasie in die vroeë kerk (Hand 6:1-7).

**6.2.5** Die akkommodering van diversiteit het nie op die ongekwalifiseerde aanvaarding van alle standpunte en handelswyses deur die eerste geslag van Christelike leiers neergekom nie. Die vroeë kerk het naamlik duidelike etiese en leerstellinge grense gehad. Só is tafelgemeenskap met dwaalleraars (2 Joh 10) en kontak met sedelose verbied (Ef 5:7). Terwyl diversiteit in al sy skakerings ongetwyfeld die vroeë kerk verryk het, het dit ook die gevaar ingehou dat dit die kerk kon verdeel. Om die rede was die nadenke oor die akkommodering van diversiteit een van die belangrikste sake waaroor die vroeë kerk duidelikheid moes verkry. Daar sou selfs geargumenteer kon word dat die Nuwe-Testamentiese briewe almal geskryf is ten einde die vroeë kerk se praktiese hantering van diversiteit ten opsigte van samestelling, leer, etiek en bediening uit te klaar. Dit behoort om die rede geen verrassing te wees dat die hantering van diversiteit steeds een van die belangrikste sake is waaroor die kerk moet nadink nie.

## 7. DIVERSITEIT BINNE DIE SUID-AFRIKAANSE KONTEKS

**7.1** As die Liggaam van Christus is die kerk inderdaad deeglik pluralisties en daarom is diversiteit van kardinale belang vir die kerk. Vir Ackermann (2004: 8) is die kerk: “a Body whose fundamental vocation should be to make a place for the immense diversity of human beings who give their allegiance to Jesus Christ”. Diversiteit as blote aanvaarding van verskille sonder enige ontleding van die aard en wese van die verskille is onvoldoende volgens Cochrane (2001:74). Hy wys daarop dat: “if the voice of the other is already strong, clear, available, fully fore-grounded, then we are likely to have less trouble hearing it than if it is not.” Tydens die gesprek oor diversiteit was dit spoedig vir die Taakspan duidelik dat ons gesprek nie sou kon vorder met deelname van beide geslagte indien ons nie aandag gee aan die feit dat alle mense nie oor gelyke geleenthede, gelyke stem en gelyke mag beskik nie. Die kompleksiteite waarmee ons te make het wanneer ons van “die ander” praat, word goed deur Ackermann opgesom (2004:7):

*“To speak of the other is to speak of space, boundaries, time, difference, our bodies, cultures, traditions, ideologies, and beliefs. To speak of the other is to speak of that other human being that I may mistakenly have assumed to be just like me and who, in fact is not like me at all …… To speak of the other is to speak of poverty and justice, of human sexuality, of gender, race and class. To speak of the other is to acknowledge that difference is problematic; often threatening, even alienating, and that we do not always live easily or well with it.”*

**7.2** Die NG Kerk het reeds by verskeie geleenthede bely dat ons nie liefdevol saamgeleef het met “die ander” nie. Dit sou dus nie moontlik wees vir ons om oor diversiteit te besin sonder om ook deeglik te besin oor sake van geregtigheid nie. Die Amerikaanse sielkundige Kenneth Hardy (Wyatt 2008:2) beskou diversiteit en sosiale geregtigheid as “first cousins” maar verduidelik dat daar klemverskille is tussen die twee. Met diversiteit erken en soek ons maniere om verskille te waardeer. Ons vra vrae oor wie ingesluit moet word en oor hoe ons meer mense kan insluit. Sosiale geregtigheid het meer te make met die bevraagtekening van magsverhoudings en die ongelyke verdeling van mag. Dit gaan dus hier om ‘n erkenning dat almal oor mag beskik maar nie in ‘n geyke mate nie en die soeke na maniere om die ongelykhede aan te spreek. Bons-Storm (1996:25) bespreek die uitwerking van magsverhoudings en dui aan watter tipe faktore in die gemiddelde Westerse gemeenskap bydra tot die versterking van ‘n persoon se magsposisie. Bons-Storm wys daarop dat baie lyding veroorsaak word as gevolg van die magswanbalans tussen vroue en mans. Sy verduidelik dat mag gedefinieer kan word as die vermoë om die emosies, gedagtes, houdings en gedrag van ander mense te beïnvloed. Mag opereer binne verhoudings en is nie opsigself negatief nie. Inteendeel, dit kan op positiewe maniere aangewend word. Beperkende en onderdrukkende mag beperk die spektrum waarbinne ‘n ander persoon keuses kan uitoefen en ontneem dus die persoon daarvan om die subjek van sy of haar eie besluite te wees. Geweld is onderdrukkende mag wat fisies, sielkundig en geestelik vernietigend geword het. Ten opsigte van die biografiese faktore wat mag verteenwoordig, skryf Bons-Storm (1996:25):

*“It is obvious that being male, being fatherly, being White, having possessions, being highly educated, being heterosexual, being young, and not being disabled in body or mind are among the important empowering factors in our society. The more of these factors that are attached to a person, the more powerful that person is, and the more influence she or he can claim over others.”*

**7.3** Die Suid-Afikaanse samelewing reflekteer die verskil in mag op verskeie maniere.Enkele van die realiteite word genoem:

* Bykans 50% Suid-Afrikaners leef in armoede, waarvan 10% in uiterste armoede leef (Du Toit 2005).
* Die meerderheid mense wat in armoede leef is swart en werkloosheid is die hoogste onder swart mense (Amoateng et al 2004).
* SA het van die hoogste voorkoms van geweld op vroue in die wêreld (Ramphele 2008: 103).

* Suid-Afrika het van die hoogste aantal aangemelde verkragtings in die wereld (Jewkes, Abrahams, Mathews, Seedat, Van Niekerk, Suffla, Ratele, 2009).
* Gesinsgeweld met fisiese geweld op vroue word bereken op een uit drie of een uit vier vroue. "Intimate Femicide" – moord op vroue deur 'n lewensmaat – 'n studie in 1999 bevind dat in SA daagliks vier vroue op hierdie manier vermoor word (Matthews, Abrahams, Martin, Vetten, Van der Merwe and Jewkes 2004).
* Agv vroue se fisiologiese kwesbaarheid vir HIV-infeksie is verkragting nog 'n manier om vroue te vermoor. Na raming maak vroue 58% van die volwasse populasie met HIV uit (Ramphele 2008: 108).
* Navorsers wys daarop dat die onderdrukking van en geweld op vroue versterk word deur die patriargale ideologie wat deel vorm van al die verskillende kulturele en etniese groepe in Suid-Afrika (Jewkes & Abrahams 2002). Dit is ook uit bogenoemde inligting duidelik dat daar 'n sterk onderlinge verband bestaan tussen ras, armoede en geslag wat swart vroue in 'n geweldige kwesbare posisie plaas. Ackerman (1998: 90) wys daarop dat:
"The longing for changes that will mend the world, is born in awareness". Sy som op: "The healing we require is one which combines both a rigorous accountability to our different communities and histories with a reaching across differences to 'the other' seeking collaboration in the cause of healing, and being prepared to be vulnerable yet actively contributing and concerned citizens."

In 'n diep getraumatiseerde en verdeelde samelewing soos Suid-Afrika is die kerk se taak om helend en transformerend te leef sodat die gawes van die diversiteit van die Liggaam van Christus gestalte kan begin kry.

## 8. KONTEKS VAN DIVERSITEIT BINNE DIE KERK

Om die konteks van diversiteit binne die kerk te bepaal, is daar hoofsaaklik gelet op wat geskryf is in die Diversiteitsforum. Vanuit die gesprek wat daar gevoer word, kan die volgende afleidings oor diversiteit in die kerk gemaak word:

### 8.1 DIE GESPREK WORD MET AGTERDOG BEJEËN

Daar word verskeie voorbehoude deur deelnemers aan die gesprek oor die onderwerp uitgespreek. Een van die groeperings wat baie aktief aan die gesprek op die webwerf deelneem, het sover gegaan as om die hele gesprek oor diversiteit onder verdenking te bring in 'n publikasie genaamd *Die Trojaanse Perd*.

### 8.2 ETIKETTERING IS DEEL VAN DIE GESPREK

**8.2.1** Terme soos fundamentaliste, liberaliste, nuwe hervormers, ens word deur die onderskeie gespreksgenote aan mekaar toegedig. Hierdie etikette bring skeiding tussen gespreksgenote en bring ook mee dat daar nie werklik 'n ruimte van onderlinge luister na mekaar se standpunte bestaan nie. Die linies word opgestel en gevegte word geveg om die kerk te red van mekaar se standpunte en vertrekpunte. In die gesprek is dit duidelik dat ons nie oor die nodige vaardighede beskik om met mense wat diverse standpunte het en wat van ons verskil in 'n gees van onderlinge respek en liefde na mekaar te luister en so te groei nie. Baie van die debatte is snydend en neig op die randjie van beledigend wees. By die meer behoudende groeperings word eenvormigheid beskou as voorwaarde vir eenheid. Dit bring mee dat daar min ruimte bestaan om eenheid in verskeidenheid te vind.
**8.2.2** As gevolg van hierdie etikettering is die hele saak van Skrifgesag ook op die tafel geplaas, want die verskillende groepe laat hulle standpunte deur die Skrif en hulle interpretasie daarvan informeer. Die hele debat oor Skrifgesag is nie nuut nie. Binne die konteks van diversiteit is die onvermoë om ruimte te maak vir verskillende maniere om die Skrif te interpreteer kommerwekkend, want dit bring konflik en spanning mee.

### 8.3 DIE KERK SE LEIERSKAP WORD MET WANTROUE BEJEËN

**8.3.1** Hoewel daar verskillende groeperings is wat aan die gesprek deelneem, is daar een saak waaroor die meeste saamstem en opmerkings oor maak. Die deelnemers is skepties oor die leierskap se erns oor die gesprek van diversiteit en die bereidheid om werklik ruimte te skep vir diversiteit in die kerk. Die rede vir hierdie wantroue kan gevind word in die wyse waarop die leierskap die hele kerkeenheidsgesprek hanteer, sowel as die hantering van Kletskerk se webwerf. Hierdie ingesteldheid kom veral sterk na vore met die bekendstelling van die forum in die aanvanklike gesprekke, asook in die hele polemiek rondom die bedanking van die Kerkbode se redakteur.
**8.3.2** 'n Enkele aanhaling ter ondersteuning van bogenoemde. Stephan Nel skryf op 2010-06-04 die volgende: "Ek is baie skepties daaroor of die huidige NG-leierskap die moed of die wil het om diversiteit in sy volle konsekwensies toe te laat." Linde Janse van Rensburg skryf op 2010-06-10 die volgende: "Nou is almal gestress oor kastige leiers wat luister of nie. Who cares?"

### 8.4 GEBREK AAN 'N UITGEWERKTE ANTROPOLOGIE

**8.4.1** Ben du Toit wys tereg daarop dat die kerk se gebrek aan 'n verantwoordbare mensbeskouing ten grondslag lê vir die gesukkel in die NG Kerk om diversiteit in sy midde teologies verantwoordelik te hanteer. Hy sê onder meer: "Hierdie gebrek geld nie alleen net vir ons siening oor gelykheid van ras en geslag (gender) nie, maar is ook onderliggend aan die vooroordele wat by ons spook oor mense van seksuele oriëntasie..." en dan gaan hy as volg ook voort: "ons vertrekpunt in ons gesprek hieroor word nie geïnformeer deur ''n verantwoorde Christelike antropologie nie."
**8.4.2** Ook die hele vraagstuk oor die Westerse mensbeskouing teenoor die Afrika-mensbeskouing kom in die soeklig as daar oor diversiteit gepraat word, want die NG kerk is deel van 'n groter familie en hierdie familielede

deel nie noodwendig die NG kerk se Westerse mensbeskouing nie. Hoe hierdie diverse benadering hanteer en bedink moet word, is veral van kardinale belang in ons gesprekke met mekaar as dit gaan oor sake soos kerkeenheid en rassisme. Charles Malan vra tereg: “hoe raak ons ontslae van ’n neerbuigende neo-koloniale en dus ook apartheid-mentaliteit waar inheemse benaderings minagtend as die van ‘natives’ beskou is?”

### 8.5 DIE KERK EN POSTMODERNISME

Die gesprek oor diversiteit word gevoer binne die kader van postmodernisme. Of die gespreksgenote voorstanders van die filosofie is of nie – dit klee die hele konteks. Dit is veral moeilik vanuit die modernistiese verstaansraamwerk om die postmoderne stem te hoor, want volgens die moderniste bedreig postmodernisme hul sekerheidsraamwerke, godsdiens en die Skrif. Hierdie tendens veroorsaak dat selfs die gesprek oor diversiteit baie moeilik gevoer word, want bestaande strukture (teologies en sosiaal) word uitgedaag en mense is nie gereed om die nodige grense oor te steek nie.

### 8.6 DIE INVLOED VAN SOSIALE NETWERKE EN DIE KERK

Die invloed van sosiale netwerke en die wyse waarop dit deur die deelnemers aan die gesprek gebruik word, raak ook ’n belangrike konteks wat in die kerk verreken moet word. Die dae toe een of twee persone namens die kerk gepraat het, is verby. Daar sal na die netwerke gekyk moet word en fyn gelees moet word wat lidmate dink en sê via hierdie netwerke as diversiteit sinvol bestuur moet word. Nie net lees NG Kerklidmate hierdie forums nie, maar dit het ook die ontmoetingsplek geword waar die drie susterskerke se lidmate bymekaarkom en idees uitruil. Herman Toerien wys tereg daarop dat met die koms van sosiale netwerke het die grense ook meer onduidelik geword. Hy sê onder meer: “die interkerklike aard van die slagordes blyk daaruit dat die TP (Trojaanse Perd) nie net op die Diversiteitsforum en ook Kletskerk, wat ook sterk NG Kerk gerig is, onder die loep gekom het nie, maar ook op die GKSA-gespreksforum en op die Facebook-profiele van die NH en van die Steedshervormers. Selfs die bespreking van die TP deur die oud-moderator van die NG Kerk se Noord-Transvaalse Sinode, dr Mike Smuts, is in die verskillende forums bespreek.”

### 8.7 KERNSAKE WAT OP DIE FORUM ONDER BESPREKING IS

**8.7.1** Ds Izak Du Plessis se bedanking uit die NG Kerk, veral sy kritiek dat die kerk liefdeloos optree teenoor lidmate, het groot aandag getrek. Ook sy opmerking dat die kerk nie ruimte het vir mense wat ander vrae vra, verdien nadenke.
**8.7.2** Die Reitz-vier en rassisme – samelopend hiermee is ook die gedagte dat die NG Kerk weer nuut oor waardes moet nadink om die lidmate te help om rasseverhoudings na ’n volgende stap te neem.
**8.7.3** Die volgende sake het ook aandag gekry:

* Demone en die bestaan van die duiwel
* Geweld teen vroue en kinders
* Vroue in die bediening
* Lausanne III – konferensie
* Trojaanse Perd

## 9. DIE DIVERSITEITSFORUM

**9.1** Die Moderamen het vir die Taakspan vir Diversiteit ‘n unieke ruimte geskep op die NG Kerk se webblad. Dr Charles Malan is ons amptelike webmeester van die Diversiteitsforum. As letterkundige, skrywer en gewese professor aan die universiteite van die Vrystaat en Pretoria asook navorsingspesialis by die RGN, verrig hy daagliks ‘n reuse taak. Gesprekke is sedert 25 Februarie 2010 gevoer oor die moontlike stigting van ‘n diversiteitsforum. Die Diversiteitsforum is op 14 Mei 2010 gestig om juis ‘n ruimte te skep waar oop en eerlike gesprekke oor toepaslike perspektiewe en sake van die dag wat die diversiteitsgesprek raak, beredeneer en van kennis geneem word. Die ideaal is om soveel moontlike stemme en perspektiewe asook soveel uiteenlopende sienings moontlik te akkommodeer. Enige persoon kan deelneem en daarvan seker wees dat haar/sy stem, perspektief en of insigte ernstig opgeneem word. Hoe meer en fyner die “kerk en leierskap” na die insette luister, hoe makliker kan daar proaktief en eerlik opgetree word om luisterend, geloofsonderskeidend en sensitief te reageer en moontlik op te tree.
**9.2** Die aanhaling van Deist in die inleiding bevestig die verskillende reaksies, emosies, denkrigtings en gedagtes van die wye verskeidenheid perspektiewe en menings op ons forum. Die gesprekke op die diversiteitsforum is baie opwindend maar ook soms uiters skokkend. Ons is baie opgewonde oor die openheid, eerlikheid en passie waarmee talle persone deelneem aan die gesprekke. Die deernis en fyn aanvoeling waarmee daar in die meeste gevalle na mekaar geluister en op mekaar gereageer word, maak ons trots en bevestig die nut en waarde van so ‘n forum vir gesprekvoering. Die liefde en respek wat betoon word, is in die meeste gesprekke ‘n duidelike toonbeeld van Christelike omgee en begrip vir verskillende standpunte en die “ander”.
**9.3** Wat egter ontstellend is, is die verdagmaking, persoonlike aanvalle en ondeurdagte asook eensydigheid van ‘n aantal deelnemers. Dit wil voorkom of dit aanvaarbaar is om die man en nie die bal te speel nie! Beskuldigings, beledigings en selfs karakterskending is en bly onaanvaarbaar, oneties asook onchristelik. Elke saak of tema kan uit verskillende hoeke en perspektiewe aangespreek, beredeneer en selfs ”verdedig” en gestaaf word. Om links en regs mense te etiketteer en verdag te maak, dra beslis nie by tot die bevordering van ‘n oop, sinvolle en gepaste gesprek nie. As deelnemers in die forum, waarvan die meeste passievolle en deurleefde Christene is, moet daar

ten alle tye aan die basiese beginsels van liefde, respek en eerlikheid voldoen word – al verskil ons radikaal van mekaar, al verstaan ek nie noodwendig die konteks en gedagtegang van die ander deelnemers nie. Tree ten alle tye met liefde, respek, eerlikheid en selfs die nodige geduld op!

## 10. RIGLYNE VIR GEMEENTLIKE NADENKE OOR ‘N EKKLESIOLOGIE EN TEOLOGIE VAN DIVERSITEIT

### 10.1 KERK EN DIVERSITEIT

* Wie is “soos ons”? Hoe is hulle?
* Wie is “anders” as ons? Beskryf hulle. Hoe *voel* ons oor hulle?
* Watter gedagtes oor diversiteit en inklusiwiteit in die kerk kan ons in die Bybel kry?
* Watter diversiteit is daar in ons gemeente?
* *This notion of incompatibility, deeply rooted in our collective sub-conscience and reinforced by structures of oppression, domination, and resistance, usually means that we are surprised if we happen to discover a congregation that does, in fact, embrace any of these differences as gifts and resources to its life and ministry rather than as problems to be avoided or overcome* (Foster 1997:3). Wat is ons gemeente se gevoel oor diversiteit? Is dit iets om te vermy en te oorkom, of is dit ‘n gawe?
* Is ons geneig om eerder in verskillende belangegroepe (bv vrouebediening, mannebediening, jeugbediening, bejaardebediening, ens) of eerder inklusief te bedien? Watter waarde en gebreke is daar in albei modelle?
* Waar het ons dit reggekry om werklik inklusief te leef? Watter gawes het ons daardeur ontvang?
* Hoe kan dié plekke waar ons dit reeds regkry om inklusief te wees, ons help om dieper eenheid en inklusiwiteit te ontwikkel?

### 10.2 INVLOED EN DIVERSITEIT

* Wie neem die besluite in ons gemeente? Hoe werk die besluitnemingsprosesse?
* Hoe kan ons luister na dié mense wat nie normaalweg ‘n stem het nie? Wat kan ons doen om seker te maak dat hulle veilig voel om te praat?
* Watter invloed het “randfigure” se stem op ons besluitneming?
* Watter gawes kan ons ontvang wanneer ons mag deel?
* Hoe word leiers gekies? Hoe kan ons hierdie proses meer inklusief maak? Wat/wie kan ons help om diegene raak te sien wat gewoonlik in ons blinde kolle is?

### 10.3. GESLAGSDIVERSITEIT

* Hoe kan inklusiewe taalgebruik vroue se teenwoordigheid en waarde erken?
* Watter tipe beelde word in preke van mans en vroue geskep? Watter geslag word in watter voorbeelde gebruik? Hoe kan beide geslagte tot hul reg kom in een preek?
* Hoe word ons bewus van vooroordele teen vroue en hoe spreek ons dit aan?
* Waar werk vroue en mans in ons gemeente sáám op so ‘n manier dat almal tot hulle reg kom? Hoe kan hierdie plekke ons help om oral so saam te werk?
* Is daar vroulike leiers in ons gemeente? Hoe word vroue bemagtig om hul leierskapvaardighede te ontwikkel?
* Watter gesprek is daar in ons gemeente rondom rolverwagtinge en wat die Bybel sê oor mans en vroue?

### 10.4 VREEMDELINGE

* Wie is die mense in ons omgewing wat nié na ons gemeente toe kom nie? Hoe kan ons op ‘n aanvaardende manier in hul leefwêreld in beweeg?
* Watter vrese bestaan daar in ons gemeenskap rondom vreemdelinge? Hoe reageer ons op hierdie vrese?
* Wat sou ons moontlik by die vreemdelinge in ons omgewing kon leer?
* Hoe kan ‘n diepgaande verhouding met vreemdelinge ons verstaan van God verryk?
* Die kerk se sending-uitreik na die nasies het deesdae ‘n nuwe dimensie: “people-group advocates” (Johnson:1997): “An Advocate is one who pleads another’s case or a person who speaks or writes in support of something. Advocates adopt another’s needs to fluent representation in a realm inaccessible to the other.” Waar en hoe tree ons gemeente op as advokate in ons omgewing?

### 10.5 TEOLOGIESE DIVERSITEIT

* Wat glo ons gemeente oor die evangelie? Die Bybel? Etiese sake?
* Wie se stemme het die grootste vormende invloed op bogenoemde?
* Hoe reageer ons op diegene wat anders dink as ons? Waar vind gesprekke oor verskille plaas? Wat is die atmosfeer en gesindheid van hierdie gesprekke (wil ons by mekaar leer, wil ons mekaar oorreed, maak ons verdag, ens)?
* Is dit nodig dat ons met teologiese verskille moet saamleef, of is dit nodig dat ons almal saamstem?
* Indien ons met verskille moet kan saamleef, dink aan plekke waar (of sake waaroor) julle dit regkry. Hoe kan hierdie plekke/sake ons help om mekaar ook op ander plekke (of oor ander sake) as gawes te ontvang?

**10.6 DIVERSE SPIRITUALITEITE**
* Waar staan ons tov die sogenaamde "worship wars"?
* Watter spiritualiteit(e) kenmerk ons erediens(te)?
* Moet verskillende spiritualiteite saam of apart geakkommodeer word? Wat is die waarde van beide modelle?
* Waar kom verskillende spiritualiteite saam op 'n manier wat vir almal verrykend is? Hoe kan dít wat ons uit hierdie plekke leer verskillende spiritualiteite help om mekaar op meer plekke te ontmoet?

## 11. SAMEVATTING

**11.1** Die NG Kerk wil diversiteit bevorder binne haar/sy gemeentes deur lidmate toe te rus om missionêr, meer sensitief en respekvol te leef binne 'n diverse samelewing sodat mense wat anders is en dink ook ingesluit kan word in ons geloofsgemeenskap. Ons wil dus graag in ons kerk en oral waar ons leef en werk diversiteit bevorder en grense oorsteek terwyl ons baie bewus is van die verskille en eenheid in eie geledere.
**11.2** Diversiteit is daarom so 'n integrale deel van ons daaglikse bestaan. Die ander, andersheid en veelkleurigheid moet waardeer en gevier word as deel van God se unieke skepping en herskepping. Hiermee tesame moet die eenheid, eendersheid en holistiese ook as die ander kant van dieselfde munt gevier en waardeer word. Balans is altyd nodig en die pendulum se swaai moet ook binne ons eie kontekste en lewens verreken en herinterpreteer word.
**11.3** Talle gemeentes/geloofsgemeenskappe se identiteit en kultuur het oor 'n tydperk begin skuif. Diversiteit kom alleen tot sy volle reg indien daar stories en verhale oor vertel word. Dié narratiewe oor diversiteit/andersheid skep dan die ruimte om hoop te bring. Moontlike stories van hoop wat dan die andersheid verreken, word dan bakens van hoop. Vier die andersheid in jouself, die huwelik, verhoudinge, die breë gemeenskap, in ons mooi reënboogland, globaal en in die totale geskapenheid! Diversiteit word dan tereg beleef as God se gawe waarbinne die andersheid vir mekaar tot sy volle potensiaal en omvang benut asook bestuur word. So word die volle onvang van God se genade en liefde beter verstaan, waardeer en gevier en verander. Dit is méér as kosmetiese veranderinge wat dus plaasgevind het.
**11.4** Die NG Kerk se mense het die roeping om as medereisigers in Christus die pad verantwoordelik saam te stap. Ons word opgeroep om ons diversiteit en éenheid met die nodige liefde, respek, passie en eerlikheid te vier.

## 12. AANBEVELINGS: DIVERSITEIT

**12.1 Die Algemene Sinode oordeel dat diversiteit 'n kernwaarde vir die kerkverband is.**
**12.2 Die Algemene Sinode dra dit aan die Moderamen op om 'n Taakspan vir Diversiteitsbestuur te benoem om die kerkverband op 'n kontinue wyse te adviseer oor die hantering/ bestuur van hierdie waarde. Die Taakspan moet ook adviseer tov navorsing oor 'n verantwoordbare antropologie vir die kerkverband.**
**12.3 Die Algemene Sinode versoek die kerkverband om die Diversiteitsforum nog meer doeltreffend te benut om gesprekke te stimuleer, sensitering vir ander se standpunte te kweek, oop gesprekvoering aan te moedig en te luister na die "ander stemme".**
**12.4 Die Algemene Sinode gee die *Riglyne vir gemeentlike nadenke oor 'n ekklesiologie en teologie van diversiteit* (soos uiteengesit in punt 10) aan die kerkverband deur as hulp om mense en groepe te sensiteer en te begelei in diversiteitsbestuur.**
**12.5 Die Algemene Sinode verklaar dat Jesus die Heer en Hoof van die huis, kerk en samelewing is. Onder Hom staan vrou, man en kind op gelyke vlak. Elkeen is profeet, priester en koning. Ons word geroep om uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig te wees en mekaar te dien in liefde. Ons verset ons teen elke vorm van magsmisbruik en geweld, in die huis, kerk of samelewing, hetsy ekonomies, fisies, emosioneel of seksueel. Ons verset ons ook teen enige ideologie wat dit regverdig en onderhou.**
**12.6 In die lig van die ernstige kommer oor die geweldige hoë voorkoms van geweld en seksuele geweld teen veral vroue en kinders in die Suid-Afrikaanse samelewing, en dat pornografie en seksuele stereotipering van vroue 'n groot bydrae tot die probleem lewer, spreek die Algemene Sinode sigself ten sterkste uit teen alle vorme van pornografie en materiaal in die media wat mense, veral vroue en kinders, degradeer of seksueel uitbuit.**

**BRONNELYS**

Ackermann, DM, 1998. **A Voice was heard in Ramah: A Feminist Theology of Praxis for healing in South Africa.** In Ackermann, DM and Bons-Storm, R (eds) *Liberating Faith Practices: Feminist Practical Theologies in Context*. Leuven: Peeters. Pp 75-102

Ackermann, DM 2004. **Who is the other? Embodying difference through belonging.** In Welker, M and Jarvis, CA (eds) *Loving God with our Minds: The Pastor as Theologian. Essays in honour of Wallace M. Alston*. Grand Rapids: William B. Eerdmans

Amoateng, A.Y, Rochter, LM, Makiwane, M & Rama, S (2004). ***Describing the structure and needs of families in South Africa: Towards the development of a national policy framework for families*. A report commissioned by the Department of Social Development.** Pretoria: Child Youth and Family Development, Human Sciences Research Council

Bons-Storm, R 1996. **The incredible woman: Listening to women's silences in pastoral care and counseling.** Nashville: Abington Press.

Botha, JA 2010. Lesing by Colloquium in Stellenbosch oor: **Missionale transformasie in die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Eloffsdal: 'n Terdoodveroordeelde gemeente herleef.**

Cochrane, JR 2001. **Questioning Contextual Theology in Speckman, MT & Kaufmann, LT (eds) T*owards an Agenda for Contextual Theology*** *Essays in Honour of Albert Nolan.* Pietermaritzburg: Cluster Publications Pp 67-87

Deist, F 1982. **Oorstaptyd**. Pretoria: JL van Schaik

De Roest, H 2008. **En de wind steek op! Kleine ecclesiologie van de hoop**, 3de druk. Nederland: Meinema, Zoetermeer.

Du Toit, A 2005. **Chronic and Structural Poverty in South Africa: Challenges for Action and Research.** CSSR Working Paper No. 121 Cape Town: University of Cape Town, Centre for Social Science Reseach

Hendriks, HJ 2004. **Studying congregations in Africa**. Wellington: Lux Verbi.BM

Jewkes, R, Abrahams, N, Mathews, S. Seedat, M., Van Niekerk, A., Suffla, S., Ratele, K. (2009) **Preventing Rape and Violence in South Africa: Call for Leadership**. In *A New Agenda For Action*. MRC Policy Brief. Retrieved from: http://www.mrc.ac.za/gender/prev_rapedd041209.pdf

Malan, C 2009. Lesing oor **Die smet van andersheid**. Tydens die Diversiteitsbyeenkoms in Pretoria 18 - 19 Mei 2009

Matthews, S, Abrahams, N, Martin, L, Vetten, L, van der Merwe, L & Jewkes, R 2004. **Every Six Hours a Woman is Killed by her Intimate Partner: A National Study of Female Homicide in South Africa.** Tygerberg: MRC

Ramphele, M 2008. **Laying Ghosts to Rest Dilemmas of the transformation in South Africa.** Paarl Print: South Africa

Wyatt, RC 2008. An Interview with Kenneth V. Hardy, PhD: Diversity, **Social Justice and Psychotherapy.** Retrieved from http://www.psychotherapy.net/interview/Kenneth_Hardy

## MODERAMEN BYLAAG 5

# KERKHERENIGING

## 1. INLEIDING

Dit is met hartseer dat die Moderamen moet rapporteer dat daar, ten spyte van baie werk, weinig vordering was sedert die Algemene Sinode van 2007. Die proses tussen die vier kerke (Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk), Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (VGKSA), Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (NGKA) en die Reformed Church in Africa (RCA)) het grootliks vasgeval met die besluit van die VGKSA in Oktober 2008 om ‘n moratorium te plaas op eenheidsgesprekke.

In hierdie verslag poog die Moderamen om ‘n oorsigtelike beeld te gee van die afgelope vier jaar (alles is volledig in die sakelyste en notules van die Moderamen gedokumenteer) asook om die Algemene Sinode te dien met bepaalde voorstelle om die proses te help.

## 2. KONSULTASIEPROSES IN DIE NG KERK

**2.1** Die Moderamen het die opdrag van die Algemene Sinode 2007 tov ‘n konsultasieproses (vgl Besluiteregister 2007 pt 14.3) uitgevoer. ‘n Taakspan olv dr Hannes Koornhof het ‘n stel dokumente vir die hantering van die konsultasieproses in gemeentes voorberei en ‘n responsblad vir gemeentes voorsien. Die sinodes het op toegewyde wyse gesorg dat die konsultasies in hulle gebiede teen die einde van 2007 plaasvind, die response (vorms en ook begeleidende memoranda van gemeentes) versamel en ‘n opsommende verslag rakende hulle gebied voorsien.
**2.2** Die response van gemeentes is soos volg hanteer: Die Moderamen het prof Hennie Pieterse en dr Nelius Steyn versoek om ‘n kwalitatiewe inhoudsanalise dmv ‘n wetenskaplike steekproef van die response te doen. ‘n Taakspan bestaande uit ‘n verteenwoordiger van elke sinodale gebied het die resultate van die kwalitatiewe ondersoek asook die opsommende verslae van sinodes en ander materiaal wat aan die Moderamen gestuur is deeglik nagegaan en die Moderamen van ‘n verslag voorsien. Die Moderamem het alles tot sy beskikking deeglik in behandeling geneem by sy vergadering van Maart 2008. Twee sake was duidelik: die grootste deel van die kerkverband het nie probleme met kerkhereniging as sodanig nie maar wel met die Belydenis van Belhar.
**2.3** Die Moderamen het die volgende aan gemeentes gekommunikeer:

*Ons het gehoor baie lidmate dink en worstel op ‘n geestelike vlak oor die saak van kerkeenheid. Die Bybelse eise én beloftes kom in lidmate en gemeentes se terugvoering na vore. Die rol van gebed word ook beklemtoon. Ons sal daarom die saak van kerkhereniging steeds dieper Bybels-teologies verantwoord en met ons gemeentes verder daaroor gesels.*

*‘n Hele aantal lidmate het ‘n onrustigheid oor die konsultasieproses gehad. Die besluite oor kerkhereniging van die afgelope dekades was vir sommige ‘n verrassing, omdat dit volgens hulle ervaring nie tot op voetsoolvlak deurgegee is nie. Sommige het die besluite kompleks, moeilik verstaanbaar en vatbaar vir verskillende interpretasies ervaar.*

*Ons besef dat die proses vir baie lidmate lomp was en ons is jammer daaroor. Ons waardeer dus die geduld en samewerking van lidmate en gemeentes, veral in ‘n tyd waar daar baie ander sake in ons lande en die kerk is wat ’n negatiewe impak op verhoudinge het.*

*Ons waardeer dit dat lidmate die bou van verhoudinge en samewerking in die NG Kerkfamilie as ‘n hoë prioriteit sien. Gesamentlike projekte vir die uitdagings waarvoor ons kerke en ons lande te staan kom, sal dus hoog op die agenda bly.*

*Ons het gehoor dat baie gemeentes en lidmate dink die huidige drie belydenisskrifte is genoegsaam, én dat hulle nie geneë is om die Belydenis van Belhar as vierde belydenisskrif te aanvaar nie. Daar is ook by lidmate en gemeentes begrip vir die besondere teologiese waarde en sentiment wat die Belydenis van Belhar vir die VGKSA, en vir sommige predikante en lidmate van die NG Kerk, het. Ons oordeel daarom dat enige toekomstige hantering van die Belydenis van Belhar beide standpunte, dié vir en dié teen Belhar, moet respekteer.*

*Dit is duidelik uit die konsultasie dat die voorgestelde model van kerkhereniging nie ongekwalifiseerd aanvaarbaar is nie. Ons sal daarom op verskillende vlakke in die kerk (gemeentes, ringe en sinodes) saam soek, in die lig van die Bybelse eis tot eenheid, oor watter strukture eenheid die beste kan dien.*

*Die terugvoering van die gemeentes van die NG Kerk uit die konsultasieproses, sowel as die mandaat van die Algemene Sinode 2007, vorm nou die basis waarmee die Moderamen verder met die res van die familie van NG Kerke die wil van die Here sal onderskei en onderhandel. Die verdere konkrete voorstelle uit dié proses, ook oor*

*sake waaroor daar nog uitklaring gesoek word, sal weer aan gemeentes deurgegee word vir kommentaar, meelewing en voorbidding.*

*Ons sal deursigtig en duidelik bly kommunikeer, terwyl ons saam met al ons lidmate en die familie van NG Kerke die wil van die Here vir kerkhereniging onderskei.*

*Dankie dat die Moderamen kan staatmaak op elke gemeente en lidmaat se voorbidding vir ons kerk en vir elkeen van die ander kerke in die NG Kerkfamilie.*

**2.4** Op versoek van die Moderamen het die moderature van sinodes op 11-12 Junie 2008 saam met die Moderamen vergader ten einde te besin waar ons nou is tov kerkhereniging in die lig van die bevindinge van die konsultasie. By hierdie uitgebreide en verteenwoordigende vergadering is bepaalde besluite geneem as voorstelle vir verdere onderhandelinge met die ander drie kerke in die kerkherenigingsproses: *Die Kerk wat ons wil wees*, gesamentlike projekte, kommunikasie in die kerkverband tov kerkhereniging asook oor die belydenisgrondslag en ‘n nuwe kerkverband (model). Laasgenoemde twee besluite lui soos volg:

3. BELYDENISGRONDSLAG
3.1 Die Drie Formuliere van Enigheid is vanselfsprekend die belydenisgrondslag van Gereformeerde Kerke.
3.2 Die Moderamen verstaan dat die Belydenis van Belhar vir die VGKSA en vir sommige lidmate van die NG Kerk van besondere teologiese waarde en sentiment is. Terselfdertyd besef ons, veral ook na die gemeente-konsultasies, dat die Belydenis van Belhar vir die meerderheid lidmate en gemeentes van die NG Kerk nie as vierde belydenisskrif aanvaarbaar is nie.
3.3 Die Moderamen besluit dat enige toekomstige hantering van die saak beide hierdie standpunte moet bly respekteer.

4. NUWE KERKVERBAND (MODEL)
4.1 Twee alternatiewe modelle (nl 'n bykomende sinode en 'n vervangende sinode) word na 'n Achterbergh 3 geneem vir verdere onderhandelinge met die Familie van NG Kerke.
4.2 As onvervreembare deel van albei modelle word gemeentes, ringe en sinodes van die lidkerke aangemoedig om intussen betekenisvolle vorme van eenheid op elke vlak na te streef.
4.3 Achterbergh 3 besin oor die moontlikheid om as interim-maatreël 'n Gesamentlike Sinode van die vier lidkerke te oorweeg. Die opdrag van hierdie Gesamentlike Sinode sou wees om die verdere proses van kerkhereniging te hanteer. Ons stel voor dat al die (streek)sinodes van die vier lidkerke afgevaardigdes na hierdie Gesamentlike Sinode stuur.
4.4 Die momentum van die ander Gereformeerdes in Suider-Afrika word gesoek om ons uit ons impasse te help deur die saamroep van 'n Suider- Afrikaanse Sinode van Gereformeerde kerke.

**2.5** Die Moderatuur het besluit om hierdie besluite persoonlik aan die VGKSA se Moderatuur oor te dra en met hulle te bespreek. Dit het op 25 Junie 2008 te Hammanskraal plaasgevind. Hierdie besluite is ook per telefoonvergaderings aan die moderature van die NGKA en die RCA oorgedra.
**2.6** Die VGKSA se interpretasie van hierdie besluite was waarskynlik verantwoordelik vir hulle besluit van Oktober 2008 om ‘n moratorium op die eenheidsgesprekke met al drie die ander kerke te plaas (vgl verder by pt 5).
**2.7** Sinodes van die NG Kerk het as deel van hulle werksaamhede en op hulle eie manier die kerkherenigingsgesprek in hulle gebiede bly voer. Daarvoor is daar groot dankbaarheid.

## 3. PROSES TUSSEN DIE VIER KERKE VAN DIE NG KERKFAMILIE
**3.1** Met die moratorium van die VGKSA het die proses tussen die vier kerke saam tot stilstand gekom.
**3.2** Die Interimkommissie wat tussen die vier kerke bestaan om aan herenigingsake aandag te gee, het slegs een keer ‘n telefoonvergadering gehou (19 Mei 2009). By die geleentheid is gepraat oor die Trustfonds vir Kerkhereniging (kyk pt 7.1) en sake wat moontlik daaruit befonds kan word: ‘n versoek van die vroue van die vier kerke om ‘n gesamentlike byeenkoms te hou, die prosesse tussen die VGKSA en NGKA oor eiendomme en die implementering van die WBGK (WARC) se voorstelle (kyk pt 5). By die geleentheid het die NGKA en die RCA formeel versoek om deel te wees van die WBGK se proses. Geen verdere vergadering van die Interimkommissie het plaasgevind nie.
**3.3** Die vroue van die vier kerke het ‘n baie geslaagde byeenkoms op 14-15 Mei 2010 gehad. Hulle kon op baie praktiese maniere praat oor die sake wat hulle bind. ‘n Volgende byeenkoms word in die vooruitsig gestel.

## 4. PROSES TUSSEN DIE NG KERK, DIE NG KERK IN AFRIKA EN DIE RCA
**4.1** Die Moderamen het geoordeel dat daar ook ‘n proses met die NGKA en die RCA geloop kan word. Die proses bring nie die verhouding met die VGKSA in gedrang nie omdat hulle by hulle Algemene Sinode 2005 die moontlikheid van ‘n trap-gewyse eenheidsproses goedgekeur het.
**4.2** Vanuit die gesprekke tussen die NG Kerk, die NGKA en die RCA is ooreengekom om ‘n Raadplegende (Konsultatiewe) Kerkvergadering te hou waar gepraat sal word oor die volgende vier sake: struktuur/ model, konfessionele grondslag, gesamentlike werksaamhede en ‘n moontlike memorandum van verstandhouding vir ‘n pad vorentoe.

**4.3** In die lig van bepaalde kommer wat bestaan oor die gewig van die naam "Raadplegende Kerkvergadering" is besluit om die geleentheid se status en inhoud te verander na 'n "Vergadering van die Moderature (uitgebreid) van die NG Kerk, NGKA en RCA". Die geleentheid het op 13-14 Junie 2011 in Bloemfontein plaasgevind. Die vergadering het op die volgende ooreengekom wat aan die Algemene Sinodale strukture van die drie kerke voorgelê word vir goedkeuring:

## UNITY IN THE DUTCH REFORMED CHURCH FAMILY
## PROPOSED CHURCH UNITY PROCESSES/ STRUCTURE BETWEEN THE DRC, DRCA AND THE RCA

1. Prologue

1.1 We, the Dutch Reformed Church (DRC), the Dutch Reformed Church in Africa (DRCA) and the Reformed Church in Africa (RCA) decide to begin a *process* of unification in the Dutch Reformed Church Family which must, in a real sense, bring our members nearer to one another in worship and service to the Lord and in caring for and witnessing to one another and to the world.

1.2 On this journey we will exercise mutual trust and brotherly love, be obedient to the Word and Spirit of God and commitment to our confessions, listen to and respect each other's views, and enhance our diversity and unity in Christ.

1.3 While the three Churches embark on this process without URCSA in the light of their moratorium on unity discussions, it is our prayer that they will eventually become part of this process. We believe that URCSA's 2005 resolutions leaves room for a staggered unity process.

2. Process and structure

2.1. The Synod of the RCA and the Synods of the DRCA become the 11th, 12th, 13th and 14th synods of the Nederduitse Gereformeerde Kerk/ Dutch Reformed Church.

2.2. The confessional basis will be the three ecumenical confessions (Apostolicum, Nicene, Athanasium) and the Three Forms of Unity (Belgican, Heidelberg, Dordt) with the understanding that in future changing circumstances or a better understanding of the Word of God may lead to the formation of new confessions, change to the current confessions, and the possibility of adding existing confessions.

2.3. The different synods of the denomination will have clear mandates and powers as enshrined in the new Church Order.

2.4. The General Synod will decide on:

2.4.1 Confessional basis

2.4.2 Church order

2.4.3 Policy issues with the provision that a synod may have a different stance on certain ethical issues

2.4.4 Public witness and the relationship between Church and State (for example education)

2.4.5 The ecumenical engagement of the Church

2.4.6 The complete unification of the family of DRC Churches

2.5 Because of the specialised ministry and ethos of the RCA their bond with the denomination will be based on their church order and all of their past, present and future synodical decisions.

2.6. Aspects of the ministry that are unique to the DRCA will be dealt with by an "Assembly of the synods of the DRCA" or special committees formed for that purpose. The same applies for the DRC and RCA if they may find it necessary.

2.7 As a responsible unity process provision will be made for an opt-out clause in the Church Order for a synod that may become convinced that it is the will of God.

3. The process towards unity must also be reflected at all other levels (regional synods, presbyteries and congregations) where next to the existing meetings and structures, joint meetings, structures and projects of service and witness must be established.

4. Congregations as legal entities in themselves under the rule of Christ's Word and Spirit will keep their responsibility regarding decision making and ministry. Voluntarily, without being forced, the congregations, presbyteries and regional synods of the family must grow towards one another and discover together what joint or unified structures must grow out of the process.

5. We believe that by beginning the process in this way we can enhance the unity without doing away with any existing church (the congregations with their presbyteries and regional synods) while at the same time opening a door for the unity to become effective at all levels.

6. We believe also that this structure and process makes room for the URCSA and other reformed churches to become part of it.

7. We understand that the property issue is a major stumbling block on the road towards reconciliation and unification. The DRC and RCA will assist the DRCA and URCSA to resolve this issue as a matter of great urgency.

8. There are also other important and sensitive issues that have to be dealt with in this unity process like the differences in language, spirituality, financial conditions of congregations and ministers, differences in theological training and the implication for calling of ministers within one denomination etc. We believe that the unity process we begin will give us the opportunity and time to learn together how our Lord wants us to deal with these issues.

**4.4 AANBEVELING: EENHEIDPROSESSE/ STRUKTUUR TUSSEN DIE NG KERK, NGKA EN DIE RCA**
**Die Algemene Sinode besluit om die eenheidsprosesse/struktuur tussen die NG Kerk, NGKA en die RCA goed te keur.**

## 5. VERHOUDING MET DIE VGKSA

**5.1** Die moratorium wat die VGKSA op eenheidsgesprekke geplaas het, was waarskynlik as gevolg van hulle interpretasie van die besluite van die Uitgebreide Moderamen van die NG Kerk 11-12 Junie 2008. Dit is, soos hierbo reeds gemeld, persoonlik deur die Moderatuur aan hulle Moderatuur oorgedra. Hulle het die besluite verstaan as *besluite* en nie soos die besluit lui *"... as voorstelle vir verdere onderhandelinge..."* nie. Dit kan afgelei word uit twee slegte gebeure:
***1** Die brief wat die VGKSA aan die Moderatuur tov ons aansoek om lidmaatskap van die AACC geskryf het – kyk pt 2.2 van Bylaag 6 (Ekumene)).
***2** Die uitlatings van prof Thias Kgatla tydens 'n gesprek van lidkerke van die WBGK (WARC) op 12 Augustus 2008 met die President van die WBGK, dr Cliff Kirkpatrick, in Kemptonpark. Hy het die NG Kerk beskuldig dat ons met ons besluite wegbeweeg het van ons ooreenkomste (Esselenpark en Achterbergh) en dat ons as gevolg van ons besluite eintlik onder sensuur by die WBGK behoort te wees.
**5.2** Die pynlike van die twee gebeure is dat die Moderatuur op 7 Februarie 2008 'n goeie gesprek met die Moderatuur van die VGKSA gehad het oor die NG Kerk se konsultasieproses. Misverstande is opgeklaar en 'n "Verheldering" is tydens die vergadering opgestel. Dit lui soos volg:

*The Moderatures of the URCSA and the DRC met on 7 February 2008 at the Bybelhuis in Kempton Park to strengthen relationships and discuss matters between us concerning church reunification.*

*Both Moderatures stated that the relationship between the URCSA and the DRC is informed by our common covenating for unity as agreed on at Esselen Park in June 2006. In the spirit of the Esselenpark meeting we would like to restate our commitment to church reunification.*

*With regard to certain issues raised in the press concerning the position of the Confession of Belhar and the model of unity, we want to reiterate the following as agreed upon at the Achterbergh II Consultation:*

*According to the decision of both our churches, the Belhar Confession will be included in the confessional basis of a reunited church as a fourth confession. It will, however, not be expected of members and ministers who are not ready or willing to underwrite (accept) it as a confession neither will anyone be forced to do so. In a reunited church we will work together to help the church as a whole to grow into full acceptance of the Belhar Confession.*

*We have been advised that the best legal way to form one kerkverband is to start by forming one new General Synod by the existing Churches of the Family. What must then follow as an essential part of the process is an organic and voluntary process by which regional synods and presbyteries form new regional structures in the way proposed by the new Church Order of the new General Synod. This does not preclude the forming of united structures even before full reunification on the basis of existing regulations accepted by both churches.*

*In a reformed church, congregations are legal entities in themselves and keep their responsibility regarding decision making and ministry in their resort. The General Synod does not prescribe to congregations on how to do their ministry. Congregations can, where they so choose, form one structure, without being forced into one structure.*

*We thus encourage all regional synods, presbyteries and congregations to pray for and work hard towards our joint calling and our journey towards one kerkverband.*

**5.3** Dit is ook belangrik om enkele opmerkings te maak ten opsigte van die VGKSA se Algemene Sinode 2008, die groeteboodskap van prof Piet Strauss en die Moderamen se verdere handelinge:

**5.3.1** Die besluit van die VGKSA om 'n moratorium te plaas op eenheidsgesprekke het nie gebeur as gevolg van prof Strauss se groeteboodskap nie. Die aanbeveling vir 'n moratorium was reeds in die sakelys van die VGKSA vervat.
**5.3.2** Die Moderamen het baie tyd afgestaan en deeglik gesprek gevoer oor prof Strauss se groeteboodskap. Die Moderamen het soos volg besluit (November 2008):
*1 Die Moderamen van die Algemene Sinode van die NG Kerk het die gebeure by Hammanskraal en die groeteboodskap van prof Piet Strauss by sy vergadering op 3-5 November 2008 in behandeling geneem.*
*2 Prof Strauss het die Moderamen verseker dat hy jammer is vir die wyse waarop sy boodskap oorgedra is. Die Moderamen het sy verskoning aanvaar.*
*3 Die Moderamen wil hiermee prof Strauss se verskoning asook die Moderamen se verskoning aan die Moderamen van die VGKSA en aan prof Thias Kgatla oordra. Die Moderamen sal dit baie graag ook in persoonlike gesprek met die Moderamen van die VGKSA wil oordra en uitpraat in die lig van Matt 5:23-24.*
Ten spyte van 'n versoek en ook navraag het die VGKSA nog nie laat weet wanneer ons pt 3 hierbo in 'n persoonlike gesprek kan oordra nie.
**5.3.3** Die Moderamen het ook indringend besin oor die gebeure en die implikasies daarvan. Die volgende besluit is geneem (November 2008):
*Die Moderamen*
*1 neem met hartseer kennis dat dat die eenheidsgesprek tussen die NG Kerk en VGK op Algemene Sinodale vlak op hierdie stadium nie kan voortgaan nie – en is in afwagting vir die proses van fasilitering deur WARC.*
*2 neem met dankbaarheid kennis van konstruktiewe inisiatiewe op sinodale vlak in die streke tot die realisering van groter sigbare eenheid in die NG Kerkfamilie – en moedig dit aan.*
*3 wil die hoop uitspreek dat die boodskap van die Skrif en soos verwoord in ons huidige Belydenisskrifte asook die Belydenis van Belhar positiewe rigting aan verdere mediasie- en eenheidsgesprekke sal gee.*
*4 aanvaar dat geen eenheidsgesprek waardig kan vorder indien daar nie `n verdieping in ons verhouding met Jesus Christus en met mekaar plaasvind nie. Alleen wanneer die Gees ons almal vernuwe, sal ons almal met nuwe deernis en openheid kan praat oor sake soos struktuur, belydenis en kerkorde.*
**5.4** Beide die NG Kerk en die VGKSA het die WBGK (WARC) gevra vir fasiliterigshulp om aan die versteurde verhouding en ook die impasse in die herenigingsproses aandag te gee. Die WBGK het positief op die versoek gereageer en 'n span gestuur om afvaardigings van die twee kerke te ontmoet. Dit het op 4-6 Maart 2009 in Benoni gebeur. Na afloop van die byeenkoms is die volgende verklaring (vertaling is deur beide die NG Kerk en die VGKSA aanvaar) deur die span van die WBGK uitgereik:

Ons, die afvaardiging van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (WBGK), het na Suid-Afrika gekom as gevolg van uitnodigings van beide die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (VGKSA) en die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK). Ons gebed is dat alles wat ons sê duidelik na vore kom vanuit 'n liefde vir God en God se mense hier, in besonder die NGK en die VGKSA. Ons het ervaar dat hierdie 'n pynlike tyd in die lewe van daardie kerke is en dat die proses van eenwording tussen hulle nie na wense gevorder het nie. Saam met die leierskap van beide kerke, wat in groot openhartigheid met ons gepraat het, ween ons oor die duidelike verbrokkeling van die hoop wat eens geskyn het. Ten spyte daarvan verloor ons nie moed nie. Die Here Jesus Christus, wie se gebed is dat almal wat Hom ken een mag wees, is met ons en Hy sal uiteindelik alles wat ons seermaak en verdeel, oorwin.

Die WBGK het nog altyd daarna gestreef om eenheid tussen Gereformeerde kerke in alle lande te bevorder sodat hulle getuienis oor die Evangelie sterk kan wees en hulle oproep tot geregtigheid effektief. Die WBGK is in besonder vir meer as 'n eeu nou betrokke by die sake van die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika, en ten opsigte van apartheid sedert 1964. Vyf sleutelaspekte het na vore gekom, in besonder na die verklaring van 1982 dat apartheid 'n sonde is en die teologiese regverdiging daarvan 'n kettery:
- Kerke moet alle gelowiges, ongeag ras of klas, openlik uitnooi tot volle deelname aan die lewe van die kerk. Verder moet hulle alle gelowiges by die Nagmaaltafel verwelkom.
- Ons verwerp apartheid in kerk en samelewing as teenstrydig met die wil van God.
- Ons doen 'n beroep op alle kerke om met geregtigheid en deernis uit te reik na die slagoffers van apartheid.
- Ons is daartoe verbind om die kerke van die NG Kerkfamilie op pastorale wyse deur die herenigingsproses te begelei.
- Ons ondersteun die Belydenis van Belhar as 'n gemeenskaplike belydenis van die herenigde kerk.

Alles wat ons hier sê, is in ooreenstemming met hierdie lank gevestigde beginsels.

1. Ons ween oor die pyn wat in beide kerke versoorsaak is deur die verydeling van die hoop wat by die Esselenpark- en Achterberghbyeenkomste gewek is vir 'n spoedige hereniging. Nogtans is ons dankbaar dat hierdie pyn nie weggesteek word nie en dat die verantwoordelikheid vir die huidige probleme nie ontduik word nie. In besonder het ons die belydenis van die leierskap van die NGK gehoor tov hulle aandeel in die mislukking van daardie hoop, en ons erken dit met dankbaarheid

2. Die Belydenis van Belhar het telkens na vore gekom as ‘n sentrale saak in die huidige probleme. Ons wil eerstens konstateer dat die Belydenis van Belhar nie ‘n probleem is nie: dit is ‘n geskenk. Dit is nie ‘n struikelblok wat oorkom moet word nie maar ‘n seëning wat geniet moet word. As ‘n weg vorentoe dring ons by die VGKSA en die NGK aan om betrokke te raak by ‘n ernstige studie van die Belydenis van Belhar aan die hand van ‘n studiegids. Die studie moet duidelik ondersteun word deur die leierskap van beide kerke en moet gesamentlik ontwerp word deur leiers en kundiges tov volwasse onderrig uit beide kerke. Ons is meegedeel dat die inhoud van die Belydenis van Belhar deur beide kerke as Bybels erken is en dat die probleme met die ontvangs daarvan te doen het met geskiedenis. Ons stel voor dat die studiegids die vrae tov die historiese konteks direk aanspreek. Ons bied die hulp van WARC aan om die vergadering wat hierdie proses inisieer, byeen te roep en om hulpbronne van ander kerke oor die Belydenis van Belhar te voorsien.
3. Ons loof die gemeenskaplike belangstelling van beide kerke in ‘n waarheids- en versoeningsproses en ‘n verbintenis tot herstellende geregtigheid. Ons is dankbaar dat, ten spyte van die moratorium op eenheidsgesprekke, die leiers van die VGKSA aangedui het dat hulle gewillig is om die NGK te help om hierdie diepliggende sake te verstaan. Ons vertrou dat die kerke van die NG Kerkfamilie spoedig die nodige stappe sal neem om hierdie proses aan die gang te kry aangesien hoop wat vertraag word maklik kan oorgaan in sinisme en wantroue.
4. Ons glo verandering kan en moet beide op die leierskap- en voetsoolvlak plaasvind. Dit sal pogings ondersteun om daardie verandering op alle vlakke te bewerk.
5. Ons loof dit wat vir ons toenemende lyk na die gebruik van gematigde en reflektiewe taal soos die proses van konsultasie gedurende ons tyd saam met mekaar ontwikkel het. Ons dring by almal aan om aan te hou om taal te gebruik, of dit persoonlik of deur die media is, wat betaamlik is vir diegene wat eendag saam in die bediening in een kerk onder die Heerskappy van Jesus Christus sal staan.
6. Ons respekteer en verstaan die besluit van die VGKSA om ‘n moratorium op eenheidsgesprekke te inisieer. Ons hoop egter dat hierdie moratorium kort van duur sal wees.
7. Ons sien met hoop uit na die eenheid van al vier kerke van hierdie Gereformeerde familie in Suid-Afrika: die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika, die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Reformed Church in Africa en die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika. Ons bevestig die waarde van eenheidsgesprekke onder hulle.
8. Ons wil graag ons verbintenis tot die proses van pastorale begeleiding van hierdie vier kerke laat herlewe. Ons verbind ons daarom tot ‘n proses van monitering, gefasilteer deur Dr Jerry Pillay, hier in Suid-Afrika,.maar ook van ‘n afstand sal ons ander lede van die span betrek. Met die toestemming van die Uitvoerende Komitee van WBGK mag ander lede van die span in staat wees om van tyd tot tyd te besoek om die proses van vereniging aan te moedig. Ons sal beskikbaar bly, soos die Here wil, vir verdere konsultasie.

Ons aanvoeling deur al hierdie sake is dat daar‘n duidelike verbintenis tot eenheid in die NG Kerkfamilie is en ons deel daardie innige begeerte vir die dag wanneer almal een sal wees. In besonder vier en bevestig ons die vyf verbintenisse wat deur beide kerke gedoen is aan die einde van ons vergadering:
- Respek vir die moratorium wat die VGKSA uitgeroep het
- ‘n Gedeelde verbintenis tot hereniging
- Hulp aan mekaar in ‘n ernstige en positiewe studie oor die waarde en belangrikheid van die Belydenis van Belhar vir ‘n herenigde kerk
- ‘n Gemeenskaplike poging vir herstellende geregtigheid en versoening
- Doelgerigte pogings om verhoudings te bou tussen lede van die kerke.

Ons erken dat dit ‘n moeilike tyd in die lewens van die kerke is en vir kerkleiers wat hulle tyd, energie en inderdaad ook hulleself in die proses van eenwording gegee het. Ons sal in ons gebede aan julle dink. Ons dring by julle aan om nie hoop op te gee nie. Onthou wat is julle enigste troos in lewe en in sterwe, en onthou dat met God alle dinge moontlik is.
6 Maart 2009
Clifton Kirkpatrick (President van WARC), Setri Nyomi (Algemene Sekretaris van WARC), Jerry Pillay (Algemene Sekretaris van die Uniting Presbyterian Church in Southern Africa), Stephen Farris, Alexander Horsburgh, Peggy Kabonde, Rommie Nauta, Egbert Rooze

**5.5** Afvaardigings van die NG Kerk en die VGKSA het op 14-15 Oktober 2009 olv die Suid-Afrikaanse fasiliteerder dr Jerry Pillay vergader. Daar is vooraf ooreengekom dat, behalwe vir die inleidende algemene gesprek, daar in drie taakspanne gewerk sal word: (1) verbintenis tot eenheid, (2) Belydenis van Belhar en (3) versoening en herstellende geregtigheid. Dit was ‘n goeie, openlike en konstruktiewe vergadering waar daarooreengekom is dat die drie taakspanne verder onafhanklik sal werk om op ‘n gegewe tyd verslag te doen met die oog op ‘n volgende gesprek van die twee kerke se afvaardigings. Slegs een taakspan het ‘n eerste verslag gereed. Geld is ‘n probleem ten einde die taakspanne prakties te laat funksioneer. Aansoek om hulp word by die WCRC se *Partnership Fund* gedoen. Dit is onseker wanneer die twee kerke se afvaardigings weer sal vergader.
**5.6** Die Moderamen het met dr Jerry Pillay, die Suid-Afrikaanse fasiliteerder, in kontak gebly.

**5.7** Die WCRC het by sy vergadering van 18-28 Junie 2010 in Grand Rapids besluit om aktief by die Suid-Afrikaanse kerke betrokke te bly. Die Uitvoerende Komitee het ook ‘n span aangewys om aan Suid-Afrika aandag te gee. Hulle sal ‘n besoek bring sodra daar iets konkreet op tafel is tussen die NG Kerk en die VGKSA.

## 6. DIE BELYDENIS VAN BELHAR

**6.1** Die Moderamen het talle kere oor die Belydenis van Belhar gepraat. Die gesprekke het daartoe gelei dat die Moderamen in Junie 2009 soos volg besluit het:
*Die Moderamen besluit tov van die Belydenis van Belhar soos volg:*
***** *Die Moderamen voel aan dat Suider-Afrika in meer as een opsig by ‘n kruispad gekom het.*
***** *Die Moderamen bevestig die oortuiging dat die kerk in ‘n tyd soos hierdie gerig moet word deur die Skrif, die Heilige Gees, die profetiese stem van die een heilige en algemene Christelike kerk soos wat dit deur die eeue na ons toe kom, asook formuleringe soos dit veral tot uitdrukking kom in kerklike belydenisse.*
***** *In die lig hiervan aanvaar die Moderamen van die Algemene Sinode, in lyn met die Algemene Sinode-besluite van 1998 en 2004, die Woord van God, die Drie Formuliere van Eenheid en die inhoud van die Belydenis van Belhar as rigsnoer vir ons besluite en optrede.*
***** *Ons is oortuig daarvan dat ons bestaande belydenisse steeds die kernwaarhede van ons geloof op omvattende en beslissende wyse verwoord.*
***** *Ons is oortuig daarvan dat die Belydenis van Belhar kernwaarhede verwoord wat aan ons Bybelse riglyne verskaf om van die belangrikste kontekstuele uitdagings van ons dag op Bybels-verantwoordbare wyse tegemoet te gaan. Ons aanvaar die Belydenis van Belhar as ‘n gawe om ons as gids op dié pad te begelei.*
***** *Terselfdertyd hoop ons dat ‘n ernstige gesprek oor belydenisaangeleenthede in die nabye toekoms gevoer sal word om onder meer die huidige funksionering van ons bestaande belydenisskrifte te bespreek.*
**6.2** Die Moderamen het verder in die omvattende aanbeveling oor kerkhereniging (kyk pt 8) ‘n omskrywing gegee oor hoe hy oor die belydenisgrondslag van die herenigde kerk dink.
**6.3** Die Sinode van Wes- en Suid-Kaapland het ‘n Beskrywingspunt wat vra dat die Algemene Sinode die Belydenis van Belhar op ’n kerkordelike wyse deel van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se belydenisgrondslag te maak (kyk onder Beskrywingspunte in die Agenda).
**6.4** Sedert die Algemene Sinode 2007 het die Reformed Church in America die Belydenis van Belhar aanvaar en is dit op die oomblik onder oorweging by die Christian Reformed Church in North America, die Presbyterian Church (USA) en die Uniting Presbyterian Church in Southern Africa.

## 7. ANDER SAKE

### 7.1 TRUSTFONDS VIR KERKHERENIGING

**7.1.1** Donateurs uit die sakewêreld het ‘n trust geregistreer met die doel om die groter eenwordingsproses te help gestalte kry. Hulle wil nie kleiner en ad hoc-projekte help nie. Die instemming van die volle Interimkommissie is ook nodig.
**7.1.2** As gevolg van die moratorium en omdat daar nie ‘n daadwerklike eenheidsproses is nie is die geld nie toeganklik nie.

### 7.2 REGSADVIES TOV KERKHERENIGING

Die ATR bedien die Algemene Sinode met ‘n voorlegging in die verband.

### 7.3 KERKLIKE EIENDOMME

**7.3.1** Die kwessie van kerklike eiendomme duik telkens in gesprekke ook met die VGKSA op. Dit gaan dan oor eiendomme wat die VGKSA beweer aan hulle behoort maar nog op die naam van die NG Kerk is. Die Moderamen het sinodes versoek om hulle saakgelastigdes te vra om ‘n opname te maak oor watter VGKSA-eiendomme nog in die naam van die NG Kerk getransporteer is. Die wat daar was, was alreeds in proses om na die VGKSA te gaan. Die moeiliker gevalle is die waar kerklike geboue deur die NG Kerk vir die VGKSA/ NGKA opgerig is op grond wat aan munisipaliteite behoort (in die apartheidsera kon swartmense nie sulke grond besit nie) en die wat op stamgronde/ kapteinsgronde opgerig is.
**7.3.2** Die vier kerke het ooreengekom om saam na die hele situasie te kyk. Die Moderamen het besluit om inisiatief in die verband te neem sodat die sake opgelos kan word.
**7.3.3** Hierdie saak is ook op die agenda van die taakspan tussen die NG Kerk en die VGKSA vir Versoening en Herstellende Geregtigheid.

### 7.4 DIE VERENIGDE DIENSGROEP DIENS EN GETUIENIS (VDDG)

Hierdie eenheidstruktuur tussen die vier kerke funksioneer goed en is onontbeerlik vir huidige en toekomstige eenheidsprosesse. Daar word volledig in die verslag van die ADD daaroor verslag gedoen.

## 8. AANBEVELING TEN OPSIGTE VAN KERKHERENIGING

**8.1** Moderamen het besluit om die besluit van 2004 wat die status van aanbevelings in die gesprek met die NG Kerkfamilie gehad het, te verwerk as ‘n aanbeveling vir ‘n <u>beleidsbesluit</u> oor kerkhereniging.

**8.2 AANBEVELING: KERKHERENIGING**
**Die Algemene Sinode besluit soos volg tov kerkhereniging:**

**KERKHERENIGING**
**1 INLEIDING**
*** Ons is diep oortuig dat die Gees van God sy kerk lei om die eenheid van die kerk van Jesus Christus na te jaag. Daarom is ons hartseer en jammer omdat ons na baie jare se gesprekke oor kerkhereniging nog nie een nuwe kerkverband gevorm het nie. Terwyl daar faktore is wat die proses baie moeilik maak, is ons oortuig dat ons die verantwoordelikheid het om die proses hoopvol voort te sit.**
*** Ons bevestig die belangrikheid van sigbare kerkeenheid en wil onsself wy aan die vorming van een kerkverband as uitdrukking van die eenheid. Ons glo dat die versoening wat Jesus Christus bring ons help om ou breuke te heel en as volle familie van kerke byeen te kom. Ons glo ook dat 'n verdeelde kerk dit moeiliker maak om ons roeping uit te voer en dat ons ook nie ons verantwoordelikheid teenoor die Suider-Afrikaanse samelewing op so 'n manier nakom nie.**
*** Ons pleit by die ander kerke van die NG Kerkfamilie vir 'n ínklusiewe herenigingsproses waarin ons poog om sover moontlik almal wat deel is van ons familie saam te neem op die pad vorentoe.**
*** Ons is verbind aan die VGKSA wat vir ons sê dat die Belharbelydenis vir hulle baie belangrik is en dat hulle dit deel wil maak van die nuwe verband. Ons is verbind aan die NGKA en die RCA wat vir ons sê dat hulle nie kans sien om Belhar volledig as belydenisskrif te onderskryf nie.**
*** Ons erken dat daar in die NG Kerk baie gemeentes, predikante en lidmate is wat gereed is vir 'n hegte eenheid en graag Belhar onderskryf. Ons erken ook dat daar baie gemeentes, predikante en lidmate is wat gereed is vir 'n hegte eenheid maar om verskillende redes nie kans sien om Belhar as belydenisskrif te onderskryf nie.**
*** Ons glo dat ons 'n verantwoordelikheid teenoor al hierdie groepe het. Ons is oortuig dit is moontlik om een te word in 'n "ruim huis" wat plek maak vir almal – insluitende ons verskille.**
*** Ons is baie jammer oor die moontlikheid dat 'n belydenisskrif wat die eenheid van die kerk bely, die kerke uit mekaar kan hou.**
*** Ons pleit by die familie van NG Kerke sowel as ons lidmate vir sigbare hereniging in 'n ruim en breë eenheid waarin ons die verkille wat oor die loop van tyd ontstaan het aanvaar, maar steeds oortuig is dat 'n hegte en sigbare eenheid deur Gees moontlik is. Die verskeidenheid wat volg uit verskillende gawes, ons geskiedenis en ook taal en kultuurverskille verruim en verryk ons sodat ons mekaar en die wêreld beter kan dien.**
*** Ons sien die kerk en ook kerkhereniging as 'n organiese groeiproses wat beteken dat ons baie geduld en liefde met mekaar nodig het, maar altyd daaraan vashou dat die Gees kragtig is om meer te doen as wat ons dink of droom.**
*** Ons bied die volgende voorstel aan die ander lede van die Familie aan as ons aanbeveling oor hoe ons mekaar kan ontmoet en 'n saam kan groei.**
*** Ons hoop dat ons uitdrukking aan sigbare eenheid kan gee en een nuwe herenigde kerkverband kan vorm. Ons is oortuig dat dit tot eer van die Hoof van die kerk en tot die voordeel van al die kerke en lidmate van die Familie van NG Kerke sal wees.**

**2 VERBINTENIS TOT KERKHERENIGING**
**Die NG Kerk herbevestig sy ernstige en duidelike verbintenis tot die herstel van een kerkverband met die ander drie kerke van die Familie, nl die VGKSA, die NGKA en die RCA. Hierdie verbintenis is gegrond in die oortuiging dat die Here dit van ons vra - ter wille van sy eer (Joh 17:23) en ter wille van ons gesamentlike roeping (Ef 4:4) en getuienis in Afrika – sodat die wêreld kan glo.**

**3 'N KEUSE OM GOU WEER OP GANG TE KOM MET DIE PROSES EN SAAM TE GROEI NA GROTER EENHEID**
**3.1 Die NG Kerk is jammer dat die herenigingsproses so stadig vorder. Ons vertroue in die Here van die kerk gee ons egter hoop dat die proses kan voortgaan:**
**(1) Ons het 'n gedeelde geskiedenis en is diep onder die indruk van die feit dat al die kerke in die familie oortuig is dat ons bymekaar hoort;**
**(2) Al die kerke aanvaar reeds die Drie Formuliere van Eenheid as 'n gemeenskaplike belydenisbasis.**
**(3) Die Algemene Sinode het reeds in 1998 gesê dat hy die wesenlike inhoud van die Belharbelydenis aanvaar.**
**(4) Daar bestaan in baie gemeentes, ringe en sinode reeds baie goeie samewerkingsverbande en strukture en op sommige plekke is daar reeds eenheidstrukture opgerig.**
**(5) Lidmate in die familie van NG Kerke gee uitdrukking aan die feit dat geloof die enigste voorwaarde vir lidmaatskap is deur oor en weer deel van kerke in die familie te word.**
**(6) Die moratorium van die VGKSA skep probleme vir die proses. Ons vertrou dat hulle dit op grond van die gees van die Belydenis van Belhar by hulle eersvolgende Algemene Sinode sal ophef.**
**3.2 Ons is diep oortuig dat die vordering wat wel gemaak is, ons gedeelte geloof en tradisie en veral die onbeprekte moontlikhede wat die Gees skep, die moontlikheid bied om met nuwe energie en toewyding te werk aan sigbare eenheid. Ons is oortuig dat ons baie moeite moet doen om die hindernisse uit die weg te**

**ruim en sodat sigbare eenheid as kosbare gawe nagejaag kan word.**
**3.3 Ons glo dat ons so 'n pad nie alleen aanpak nie. Die getuienis van ander wat die pad reeds geloop het, help ons om ons vertroue te stel op die versoenende krag van die evangelie van Christus en die werking van die Gees wat ons steeds nader aan mekaar bring en ons laat groei in ons liefde en begrip vir mekaar.**

**4 'N PAD WAT BAIE GEDULD, BEGRIP EN TEGEMOETKOMENDHEID VAN ALMAL VRA**
**Die geskiedenis en ervaring van ander gereformeerde kerke leer ons dat verenigingsprosesse tussen kerke nooit eenvoudig is nie. Dit vra van alle betrokkenes gehoorsaamheid, geestelike toewyding, geduld, liefde en veral tegemoetkomendheid. Dit beteken onder meer dat ons moet onderskei om mekaar te vind en bereid moet wees om ter wille van 'n geloofsaak op te offer. Liefde beteken ons sal rekening hou met vrae en onsekerheid wat mense het en dit onderskeidend met groot geduld en sensitiwiteit hanteer.**

**5 DIE BELYDENIS VAN BELHAR (EN LAUDIUMDEKLARASIE)**
**5.1 Ons is na ons konsultasieprosesse deeglik bewus daarvan dat**
**(a) 'n groot deel van die gemeentes en lidmate van die NG Kerk nie die Belydenis van Belhar as vierde belydenisskrif wil aanvaar nie. Ons is oortuig dat die verskille oor Belhar meer te doen het met historiese, emosionele en simboliese faktore as met die wesenlike inhoud self. Dit is baie belangrik dat ons oor al hierdie faktore sal praat sodat ons nie "by die verlede stilstaan nie" (Jes 43:18), maar saam kan fokus op ons roeping vandag en in die toekoms. Ons verbind onsself hiertoe (vgl AS Besluit 2004).**
**(b) hierdie verskille kan oorbrug word deur 'n deeglike studie te maak van Belhar self.**
**5.2 Soos ooreengekom met die Taakspan van die WBGK (nou die WGGK) is ons verbind om dmv 'n gesamentlike taakspan met die VGKSA weer deeglik te besin oor hoe ons *saam in beide kerke* met mekaar oor hierdie Belydenis kan praat.**
**5.3 Ons is steeds oortuig dat die wesenlike inhoud van die Belydenis van Belhar (ons verbintenis aan die Bybelse getuienis oor God Drie-enig, oor die eenheid van die kerk, oor geregtigheid en versoening) baie wyd aanvaar word (vgl AS besluit 1998).**
**5.4 Omdat die Belharbelydenis 'n belydenisskrif van een van die Familiekerke is, stel ons voor dat dit as een van die belydenisskrifte in die herstelde kerkverband opgeneem word. Dit impliseer nie dat alle gemeentes, predikante, kerkraadslede en lidmate van die nuwe verband dit vanselfsprekend as belydenisskrif hoef te aanvaar nie.**
**5.5 Die volgende formulering van die belydenisgrondslag (met inagneming van pt 5.4) vir 'n herenigde kerk word aanvaar as basis vir onderhandeling met die familie van NG Kerke:**
***1. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, geskied in gemeenskap met die belydenis van ons voorgeslagte soos dit verwoord is in***
***1.1 die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius waardeur die Kerk haar verbondenheid met die algemene christelike Kerk uitdruk, en***
***1.2 die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls waardeur die Kerk haar verbondeheid met die gereformeerde tradisie uitdruk.***

***2. In verbondenheid met ons eie konteks erken ons die Belydenis van Belhar.***

***3. Die Kerk erken die betekenis van die Laudiumdeklarasie vir ons missionêre karakter.***

***4. Die Kerk aanvaar dat die taak van die kerk in belydenisvorming nie afgehandel is nie. In die toekoms mag veranderde omstandighede en 'n beter verstaan van die Woord van God lei tot die aanvaarding van verdere belydenisskrifte of die wysiging van bestaande belydenisskrifte.***

**6 MODEL: 'N VERENIGDE KERKVERBAND VAN SELFSTANDIGE PLAASLIKE GEMEENTES**
**6.1 Ons besluit dat die presbiteriaal-sinodale kerkregeringstelsel as model vir die organisering van die nuwe een kerkverband gebruik word. Dit beteken dat al die gemeentes as selfstandige gemeentes ingevoeg word in ringe, sinodes en een algemene sinode.**
**6.2 In die proses moet ruimte gelaat word vir onderhandeling, nuwe moontlikhede en 'n groei na mekaar en samevoeging van gemeentes.**

**7 GEMEENTES SE REG OM HUL OOR HUL EIE WERK TE BESLUIT, WORD ERKEN**
**Al die bestaande gemeentes van die verenigde verband sal so behoue bly en almal saam die gemeentes van die nuwe verband wees. Gemeentes is onderling oop vir bywoning en lidmaatskap. Waar meer as een gemeente in dieselfde gebied val, staan dit gemeentes vry om hulle onderlinge sake en samestelling spontaan en sonder voorskrif of dwang te reël volgens plaaslike behoeftes. Kerkrade funksioneer binne die gereformeerde aard in terme van hulle besluitnemingsbevoegdheid oor gemeentes.**

**8 ANDER KWESSIES WORD GEDURENDE DIE PROSES ONDERHANDEL**
**Daar is 'n aantal sake waaroor saam onderhandel moet word as die voorbereidende proses aan die gang kom. Dit sluit in die skryf van 'n nuwe kerkorde, die naam van die kerk, teologiese opleiding, organisasie**

**van kerklike werksaamhede, finansies en eiendomme, taal, ens. Ons is bewus daarvan dat van hierdie sake baie sensitief en emosioneel van aard is en dat die onderhandelings hieroor met baie wysheid, oorleg en sensitiwiteit hanteer sal moet word. Tog is ons van oordeel dat meningsverskille oor hierdie meer praktiese sake nie in die pad van spoedige kerkhereniging behoort te staan nie.**

**9 WESENLIKE ROL VAN GESAMENTLIKE GESPREK EN BESINNING OP ALLE VLAKKE ASOOK FASILITERINGSHULP VAN BUITE**

**9.1 Ons glo dat die proses van kerkhereniging indringende gesprekke en begeleiding op alle vlakke gaan vra - veral ook op grondvlak met gemeentes en lidmate. Ons verbind onsself tot hierdie gesprekke en oordeel dat dit 'n groot wins gaan wees as van hierdie gesprekke ook saam gevoer kan word. Ons is oortuig dat dit die proses sal aanhelp as die gesprekke oor eenheid gevoer word in die lig van ons gesamentlike roeping in ons lande en ons gesamentlike geloof in die evangelie.**

**9.2 Ons is intens bewus van die huidige onvermoë van die gespreksvennote om self die gesprekke weer op dreef en die onderhandelinge aan die gang te kry. Ons is dankbaar vir die hulp van die WGGK en in besonder die fasiliteerder dr Jerry Pillay. Ons bevestig ons volledige verbintenis en samewerking tot die fasiliteringsproses.**

**10 KERKSKEURING MOET TEN ALLE KOSTE PROBEER VERMY WORD**

**Ons spreek die oortuiging uit dat ons in die herstel van een kerkverband kerkskeuring moet vermy. Dit het te dikwels gebeur - ook in ons gereformeerde tradisie - dat kerkverenigingsprosesse aanleiding gegee het tot kerkskeuring, die vorming van nuwe kerke en nuwe twiste. Ons sal die proses so wil hanteer dat alle predikante, gemeentes en lidmate van die kerke saam hierdie pad aanpak.**

**11 VERSOENING**

**11.1 Ons erken dat onversoende kerke en kerkleiers deel van die stadige vordering is.**

**11.2 Die hofsake tussen die NGKA en die VGKSA is ‘n bron van groor kommer. Ons sal graag ‘n konstruktiewe rol wil speel om die spanninge op te los.**

**11.3 In die fasiliteringsgesprekke is daar ook gesprekke aan die gang oor herstellende geregtigheid. Ons is ook verbind om deel van die gesprekke te wees en ‘n oplossing te vind.**

**11.4 Ons is oortuig dat ‘n kerklike waarheids-en versoeningsproses in die familie van NG Kerke ons gaan help om die kerkherenigingsprosesse te laat vorder. Ons wil graag met die Familie hieroor gesprek voer.**

**12 DIE BYEENBRING VAN ALLE GEREFORMEERDE KERKE**

**Ons spreek die hoop uit dat die hereniging van die familie 'n tree sal wees op pad na die byeenbring van alle kerke van gereformeerde belydenis in SA.**

**13 RAADPLEGING VAN GEMEENTES**

**13.1 Gemeentes is na die 2007 Algemene Sinode geraadpleeg oor die Achterbergh-voorstelle. Ons wil dit duidelik stel dat dit nie ‘n stemming of kwantitatiewe meningspeiling was nie. Ons het die water in ‘n raadplegende proses getoets.**

**13.2 Die Algemene Sinode is verbind om ons gemeentes te raadpleeg en mettertyd te toets. Die kerkverband moet hierdie pad saam kan loop. Dit vra vir 'n proses waarin ons vorentoe beweeg maar mekaar ook in liefde en respek hanteer. .**

**14 PROSES VERDER**

**14.1 Die besluite van die Algemene Sinode 2011 oor die herstel van een kerkverband in die NG Kerkfamilie het die *status van beleidsbesluite* vir gebruik in die verdere verloop van die gesprek met hierdie familie.**

**14.2 Hierdie besluite word deurgegee na die sinodes, kerkrade en gemeentes vir kommentaar en verdere aanbevelings. Die verdere gesprekke met kerkrade en gemeentes is die verantwoordelikheid van elke sinode / sinodale kommissie / sinodale diensraad /moderamen en word in oorleg met die Moderamen van die Algemene Sinode (plus ander kundiges) as die lede van die taakspan vir kerkhereniging. Die gesprekke gaan oor die volgende:**

**14.2.1 Die besluite oor kerkhereniging van die Algemene Sinode 2011;**

**14.2.2 Die praktiese implikasies van elemente van die proses soos gevisualiseer in hierdie besluite plus die bepalings van Die Kerkorde (onder andere Artikel 36, 37 en 44) en die Algemene Sinode se besluit oor 'n moontlike konsensus of 'n tweederdemeerderheid van kerkrade (in 1998 en 2002).**

**14.3 Daar word onderskeidend te werk gegaan na afhandeling van hierdie gesprekke. Die NG Kerkfamilie is, sover moontlik, deel van die onderskeidingsproses.**

**14.4 Die besluite van die Algemene Sinode 2011 word in beide bilaterale gesprekke asook gesamentlike gesprekke met die kerke van die NG Kerkfamilie bespreek.**

**14.5 Die toetsing van kerkrade en sinodes oor "finale" of eindvoorstelle vir die herstel van hierdie verband word gelaat totdat 'n behoorlike proses van gesprekke met sinodes en gemeentes na die oordeel van die Algemene Sinode of die Moderamen van die Algemene Sinode plaasgevind het.**

**14.6 Werklike kerkeenheid staan of val by die wyse waarop dit op rings- en gemeentevlak sigbaar word.**

**Daarom moet ringe/ gemeentes gemotiveer en konkreet gehelp word om na gelang van hulle plaaslike omstandighede met die ander ringe/ gemeentes van die NG Kerkfamilie in hulle omgewing, asook binne ander samewerkingstrukture, daadwerklik saam te werk asook eenheidstrukture te vestig. Aangesien hierdie 'n saak is wat binne die hele kerkverband belangrik is, is dit 'n dringende prioriteit wat die Moderamen in samewerking met en deur sinodes en ringe moet hanteer.**

**15 APPROBASIE BY KERKEENHEID**
**15.1** ***Kyk die aanbeveling van die ATR (Verslag van die ATR pt 2.5.2) tov pt 6 van Reglement 6.***
**15.2 Twee derdes van alle kerkrade moet hierdie geapprobeerde besluit verkry.**
**15.3 Elke sinode moet dan met ’n tweederdemeerderheid tot kerkeenheid besluit.**
**15.4 Nadat elke sinode afsonderlik met ’n tweederdemeerderheid ten gunste daarvan besluit het, moet die Algemene Sinode dit ook met ’n tweederdemeerderheid aanvaar (Art 43 en 44).**

**15 SINODEVORMING**
**Aangesien strukturele eenheid op Algemene Sinodale vlak noodwendig ’n langsame proses is, kan sinodes wat daarvoor gereed is, wel struktureel met mekaar verenig as sinodes sonder om die bestaande kerkverbande prys te gee. Die bedoeling hiermee is ook om die herenigingsproses op Algemene Sinodale vlak te bevorder.**

## MODERAMEN BYLAAG 6

# EKUMENE

Die afgelope 4 jaar was ‘n besondere tydperk vir die ekumeniese verhoudinge van die NG Kerk. Met harde werk en gefokusde inisiatiewe kon die NG Kerk met dankbaarheid haar unieke rol in die verband in Suid-Afrika, Afrika en die globale gemeenskap vervul. Uiteraard is daar in die ekumeniese betrokkenheid bepaalde uitdagings maar ook baie besondere geleenthede.

In die onderstaande word in bepaalde gevalle gemeld van ooreenkomste wat onderhandel en deur die Moderamen goedgekeur is. Art 70b.3 sê dat die Ekumeniese Kommissie (die afgelope vier jaar was dit die Moderatuur met rapport aan die Moderamen) verantwoordelik is om toe te sien dat die verhoudings wat aangegaan word in ooreenkomste neerslag vind. Die ooreenkomste is ter insae beskikbaar by die Algemene Sekretaris.

## 1. EKUMENIESE LIGGAME (INTERNASIONAAL)

### 1.1 WÊRELDGEMEENSKAP VAN GEREFORMEERDE KERKE (WGGK) (WORLD COMMUNION OF REFORMED CHURCHES (WCRC))

**1.1.1** Die Algemene Sinode 2007 het kennis geneem van die verwikkelinge tov eenwording van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (WBGK of WARC) en die Gereformeerde Ekumeniese Raad (GER of REC). Die Algemene Sinode het die proses goedgekeur en besluit om lid van die nuwe liggaam, die WGGK, te wees. Dr Kobus Gerber was as lid van die GER se UK aangewys as lid van die “Joint Working Group” wat die eenwording beplan en begelei het.

**1.1.2** Die “Uniting General Council” het 18-28 Junie 2010 op die kampus van Calvin College, Grand Rapids, Michigan, VSA, plaasgevind. Die NG Kerk was amptelik verteenwoordig deur proff Piet Strauss, Nelus Niemandt, drr Johann Ernst, Kobus Gerber, mee Rinel Hugo, Annette Potgieter. Dr Gustav Claassen en ds Willie van der Merwe het in adviserende hoedanigheid ander portefeuljes verteenwoordig. Die redakteur van die Kerkbode, ds Anton Pienaar, het die NG Kerk se kommunikasie oor die gebeure hanteer.

**1.1.3** Verteenwoordigers van die NG Kerk kon besondere bydraes lewer in talle van die besinningsgroepe tydens die vergadering.

**1.1.4** Twee Suid-Afrikaners is in leierskaphoedanighede verkies: dr Jerry Pillay as President van die WGGK en dr Kobus Gerber as lid van die Uitvoerende Komitee van die nuwe liggaam.

### 1.2 WÊRELDRAAD VAN KERKE (WRK)

**1.2.1** Die Algemene Sinode 2007 het dit goedgekeur dat die NG Kerk weer aansoek doen om lidmaatskap. Die aansoek is ingedien en in proses van hantering.

**1.2.2** Die volgende vergadering van die WRK is in 2013 in Korea en die vertroue is dat die NG Kerk haar plek daar as volle lid sal inneem.

### 1.3 LAUSANNE III (KAAPSTAD)

**1.3.1** Die NG Kerk kon verskeie verteenwoordigers by die belangrike byeenkoms hê. Prof Nelus Niemandt was die amptelike verteenwoordiger.

**1.3.2** Die Suid-Afrikaanse organiseerders van die Lausanne III het ook ‘n opvolg vir Suid-Afrikaanse kerkleiers in Julie 2011 gereël.

**1.3.3** Die Lausanne III-verklaring is in Afrikaans vertaal en op die webtuiste van die NG Kerk beskikbaar. Hierdie dokument, met sy gebreke, verdien besinning deur die kerkverband.

### 1.4 WORLD REFORMED FELLOWSHIP (WRF)

**1.4.1** Dit is nodig dat die NG Kerk sy internasionale ekumene ook uitbrei na meer informele liggame wat hoofsaaklik netwerkgewys werk en nie veel itv begroting vra nie. Een daarvan is die World Reformed Fellowship wat binne die raam van ons tradisie funksioneer.

**1.4.2** ‘n Oorsig oor die agtergrond van die WRF verskyn aan die einde van hierdie verslag.

**1.4.3 AANBEVELING: WRF**

**Die Algemene Sinode besluit dat die NG Kerk lid word van die WRF.**

### 1.5 GLOBAL CHRISTIAN FORUM (GCF)

**1.5.1** Die GCF is soos die WRF ‘n meer informele internasionale ekumeniese liggaam maar dan gerig op presies wat sy naam sê: ‘n forum van die internasionale Christelike gemeenskap en ook ontsaglik wyd: van die mees ortodokse gemeenskappe tot die mees charismatiese gemeenskappe vind hulle hier tuis omdat hulle hier met mekaar kan verkeer en deel rondom die hart van die Christendom sonder dat daar enige aandag aandag aan die verskille en verdelende faktore gegee word.

**1.5.2** Die volgende kort oorsig maak die doel van die Forum duidelik (vgl ook www.globalchristianforum.org):

2.1 Die GCF se “Guiding purpose statement”
To create an open space wherein representatives from a broad range of Christian churches and interchurch organizations, which confess the triune God and Jesus Christ as perfect in His divinity and humanity, can gather to foster mutual respect, to explore and address together common challenges.

In the spirit of John 17:21 “that all of them may be one … so that the world may believe that you have sent me” and because of our faith in a reconciling God (2 Cor.5: 18-21) a forum could pursue the following:
- Deepen our commitment to God’s Word and mission in the world;
- Enhance our understanding of contemporary expressions of Christian mission;
- Pursue principles and practices that enable us to deal freely, responsibly and peaceably with our Christian differences and distinctive qualities;
- Engage in theological reflection in areas of mutual concern;
- Strengthen the wholeness of the church by encouraging communication and cooperation; and
- Foster relationships that may lead to common witness.

2.2 Prakties beteken dit...
The Global Christian Forum seeks to offer new opportunities for broadening and deepening encounters. It is especially intended to promote new relationships between and among Christian constituencies :
- which have not been in conversation with one another
- who are in conversation with only a select group of partners
- who have engaged in existing ecumenical relationships.

The Global Christian Forum is pursuing this goal through the creation of a 'space' where participants all meet on an equal basis, to foster mutual respect, and to explore and address together common concerns.

*Going beyond ...*
The modern ecumenical movement has come a long way since its beginnings in the early part of the 20th century. Many churches have been enabled to move beyond their historical divisions into new relationships of trust, cooperation and communion.

Institutions which represent certain parts of the Christian family have emerged, such as the World Council of Churches and the World Evangelical Alliance. Historic denominations have entered into conversations with other world communions and churches, such as those the Catholic Church has conducted, especially since the Second Vatican Council, with partners ranging from Pentecostal to the Orthodox families of churches.

There are also many organisations, like the Lausanne Committee, World Vision, the Young Women’s and Young Men’s Christian Associations, etc. in which Christians from a wide variety of backgrounds work together and engage the churches across ecclesial and confessional boundaries.

Yet there has been no place where representatives of all the main Christian churches and church families, and their international organizations can join together around one table. The Global Christian Forum aims to create such a place, independent of existing structures.

**1.5.3** ‘n Kerndeel van die liggaam se funksionering is die streekskonsultasies: einde 2009 was daar een vir Afrika wat skitterend gewerk het.
**1.5.4** Die GCF is nie ‘n liggaam wat baie geld kos nie. Bydraes is vrywillig en die grootste deel van die werk word gedra deur donateurs.
**1.5.5 AANBEVELING: GCF**
**Die Algemene Sinode besluit dat die NG Kerk lid word van die GCF.**

**1.6 ANDER EKUMENIESE KONTAKTE OP GLOBALE VLAK**
Die volgende kontak is ook sedert die vorige Algemene Sinode gemaak:
Die Focolare Beweging (ekumeniese beweging wat uit die Rooms-Katolieke Kerk in 1943 ontstaan het maar volledig interkerklik funksioneer) en hulle Sentrum vir die Studie van die Eenheid van die Kerk.

## 2. EKUMENIESE LIGGAME (AFRIKA)

**2.1 COMMUNION OF REFORMED CHURCHES IN AFRICA (CRCA)**
**2.1.1** Hierdie liggaam is die voortsetting van die streekliggaam (ARCA) van die ou WBGK en funksioneer as streekliggaam van die nuwe WGGK. Die NG Kerk is as lid van die WGGK outomaties lid.
**2.1.2** Sedert die vergadering van die Algemene Sinode het ARCA net eenkeer vergader. Dit was tydens die vergadering van die AACC in Maputo in November 2008. As gevolg van die gebrek aan geld en logistieke onvermoë kan die liggaam nie funksioneer nie. Die NG Kerk het aangebied om as administratiewe sentrum vir die streekliggaam op te tree: as gevolg van sensitiwiteite by ander kerke het daarvan nog niks tereg gekom nie.

**2.1.3** ‘n Vergadering vir CRCA is in beplanning vir 27-28 Oktober 2011 in Johannesburg. Dit is moontlik omdat daar ‘n “Reformed Celebration” van lidkerke van die WGGK is met subsidie van die “Partnership Fund” van die WGGK. Die vertroue is dat die streekliggaam vir Afrika werklik van die grond sal kom ter wille van die streek waarin ons leef.

**2.2 ALL AFRICA CONFERENCE OF CHURCHES (AACC)**
**2.2.1** Die Algemene Sinode 2007 het goedgekeur dat die NG Kerk lid word van die AACC. Mdo op die aansoek moes ons die aanbeveling van twee lidkerke uit ons omgewing/ land kry. Een van die kerke wat die Moderamen genader het, uit goeie ekumeniese maniere en omdat hulle familie is, was die VGKSA. Hulle het geweier en soos volg laat weet:
*It is however with regret that we have to reply that in the light of on our experience of the unification talks we cannot in all honesty and with a clear conscience recommend you for membership of the AACC. Up to now the basis on which even WARC readmittance was gained, which stipulated that unification and the inclusion of Belhar Confession becomes the acid test for the departure of the DRC from apartheid made at Debrechen and reiterated in Accra has not been fulfilled. Contrary to the spirit of the Esselenpark declaration, the last communication by the DRC leadership has dashed our hopes that this issue will be resolved soon. So, we are really sorry that URCSA is not in a position to recommend your application at this time.*
**2.2.2** Die gebeure is geopper in die fasiliteringsproses van die WBGK (nou WGGK) en die proses het onderneem om hieraan aandag te gee. Die Moderamen het geoordeel dat ons in ons aansoek graag die VGKSA se ondersteuning wil hê – gewoon omdat ons saam op weg in Afrika is.
**2.2.3** Die Moderatuur het die saak op formele wyse met die Moderatuur van die VGKSA opgeneem met die volgende brief:

*3. Die Moderatuur van die NG Kerk nader die VGKSA opnuut vir ‘n positiewe aanbeveling in hierdie verband. Ons wil graag op die volgende wys:*
*3.1 Ons kan ander kerke nader, maar dit is vir ons belangrik om ‘n positiewe stem van die VGKSA te hoor.*
*3.2 In 2008 is die kerkherenigingsargument en die VGKSA se destydse verstaan van ons Moderamen se suggesties vir verdere onderhandeling (nie finale besluite nie!) asook apartheid gebruik om ‘n positiewe aanbeveling te weier.*
*3.3 Ons aansoek by die AACC gaan om ons verbintenis tot en rol in Afrika. Ons wil volledig deel van die ekumene in ons kontinent wees ter wille van hierdie kontinent. Soos wat ons in Suid-Afrika in die SARK en die NRLF saam met die VGKSA betrokke is, in Afrika in ARCA en globaal saam betrokke is in die WCRC, wil ons dit ook via die AACC in Afrika wees. Ons versoek gaan nie oor ‘n aantasting van die VGKSA se moratorium op kerkherenigingsgesprekke nie: ons honoreer dit. Kerkhereniging is ook nie die saak waarom dit hier gaan nie. Ons soek ‘n lidkerk se ondersteuning vir die gestalte-gee van ons roeping in Afrika.*
*3.4 Op talle plekke en in talle instansies werk ons twee kerke hand aan hand. Gesamentlike projekte (joint ventures) gebeur oral. Ons is met ‘n Memorandum van Ooreenkoms beide volle lede van die Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis (United Ministry for Service and Witness) waar ons hande vat ter wille van hierdie land en haar mense. Hoekom kan dit nie ook vir die AACC geld nie?*
*4. Sal die Moderatuur van die VGKSA asseblief weer aan die versoek aandag gee? Ons het ‘n antwoord redelik dringend nodig met die oog op ons verslag aan ons Algemene Sinode.*

**2.2.4** Indien die saak met die VGKSA nie opgeklaar kan word nie moet die NG Kerk ‘n ander pad soek en kerke vra wat geen probleem sal hê om die NG Kerk se aansoek te steun nie.
**2.2.5 AANBEVELING: LIDMAATSKAP VAN DIE AACC**
**Die Algemene Sinode besluit om dit aan die Moderamen op te dra om ‘n weg te vind tov die NG Kerk se aansoek om lidmaatskap van die AACC.**

**2.3 LIGGAAM VIR KERKE VAN DIE BREËR NG KERKFAMILIE**
**2.3.1** Hierdie opdrag vir die skep van ‘n moontlike liggaam vir kerke van die breër NG Kerkfamilie in Afrika en die daarmee gepaardgaande ontbinding van die Federale Raad kon as gevolg van logistieke en finansiële redes nie realiseer voor die skryf van hierdie verslag nie.
**2.3.2** Die Moderamen nooi een verteenwoordiger van elkeen van die kerke van die breër NG Kerkfamilie na die Algemene Sinode 2011.
**2.3.3** Die beplanning is dat hulle reeds die Sondagmiddag hier is sodat die Federale Raad kan vergader en ontbind, en ‘n gesprek aan die gang kan kom oor ‘n moontlike nuwe liggaam. Die VGKSA, wat nie lid van die Federale Raad is nie, word ook genooi sodat hulle deel kan wees van die gesprek oor die pad vorentoe.
**2.3.4** Verdere verslag sal ter vergadering gelewer word.

## 3. EKUMENIESE LIGGAME (SUID-AFRIKA)

### 3.1 CONVENTUS VAN REFORMATORIESE KERKE

**3.1.1** Sedert die vorige Algemene Sinode het die Conventus van Gereformeerde Kerke getransformeer na die Conventus van *Reformatoriese Kerke*. Dit het voortgevloei uit die dialoog tussen die NG Kerk en die Evangelies-Lutherse Kerk en daartoe gelei dat die Evangelies-Lutherse Kerk ook volle lid van die Conventus is.
**3.1.2** Die Conventus kry dit reg om 'n 15-tal kerke van reformatoriese agtergrond in een liggaam saam te bind.

**3.2 TUSSENKERKLIKE RAAD (TKR)**
**3.2.1** Die TKR as liggaam tussen die NG Kerk, die NHKA en die GKSA funksioneer goed en vergader tweemaal per jaar. Die gesprekke tussen die kerke in die TKR het daartoe gelei dat die bilaterale ooreenkomste met die NHKA en die GKSA gestalte kon kry.
**3.2.2** Die TKR speel 'n belangrike rol tov die drie Afrikaanse kerke se profetiese stem tov belangrike sake in die samelewing.

**3.3 THE EVANGELICAL ALLIANCE OF SOUTH AFRICA (TEASA)**
**3.3.1** Die NG Kerk is lid van TEASA, 'n baie kleiner liggaam as die SARK en ook met 'n meer "evangelical" inslag, en betrokke na gelang van sake wat mag opduik.
**3.3.2** Ons het die voorreg om 'n bydrae te lewer én baie te leer.

**3.4 DIE SUID-AFRIKAANSE RAAD VAN KERKE (SARK)**
**3.4 1** Die NG Kerk is bevoorreg om 'n sterk en positiewe rol in die SARK te speel – ook in 'n tyd waar die SARK besig is om strategies te besin oor 'n nuwe rol in die Suid-Afrikaanse konteks.
**3.4.2** Predikante en lidmate van die NG Kerk neem ook leiersrolle in die SARK in: dr Kobus Gerber (Algemene Sekretaris) is een van die visepresidente, me Rinel Hugo (kantoor van die Algemene Sinode) dien op die Uitvoerende Komitee, dr André Bartlett (Aasvoëlkop) is voorsitter van die Gauteng Council of Churches en ds Chris Harris (Hulp en Hoop Gemeenskapskerk, Mokopane (Potgietersrus)) is voorsitter van die Limpopo Council of Churches.

## 4. KERKE (INTERNASIONAAL)

**4.1 PROTESTANTSE KERK IN NEDERLAND (PKN)**
**4.1.1** Die opdrag van die Algemene Sinode 2007 oor die herstel van die bilaterale verhouding met die PKN (die verhouding met die Gereformeerde Kerken in Nederland, een van die samestellende kerke van die PKN, is in 1978 deur die NG Kerk verbreek) is primêr hanteer deur die bou van verhoudinge dmv besoeke en persoonlike kontak.
**4.1.2** Verteenwoordigers van die NG Kerk woon in November 2011 die Sinode van die PKN by. Tydens die geleentheid sal 'n formele onderhandelingsgesprek aangevra word.
**4.1.3** Die verbreking van bande met die GKN deur die NG Kerk het ook pyn in Nederland veroorsaak. Op hierdie pad sal die NG Kerk ook iets moet sê oor die gebeure van 1974-1978 en ons aandeel aan die verbreking van bande.

**4.2 CHRISTIAN REFORMED CHURCH IN NORTH AMERICA**
**4.2.1** Die NG Kerk het goeie kontak behou met hierdie kerk met wie ons volle ekumeniese bande het. Twee van hulle sinodes kon sedert 2007 bygewoon word.
**4.2.2** Die CRCNA is op die oomblik in 'n proses om die Belydenis van Belhar te oorweeg. Hulle doen dit deur 'n goeie konsultasieproses op voetsoolvlak. Die Sinode van die CRCNA besluit in 2012 oor die aanvaarding van die Belydenis van Belhar.

**4.3 CHRISTIAN REFORMED CHURCHES IN AUSTRALIA**
**4.3.1** Goeie kontak is met hierdie kerk met wie ons volle ekumeniese bande het, behou. Dit het hoofsaaklik geskied via die Kommissie vir Buitelandse Bediening en die behoefte van Suid-Afrikaners tov geestelike bediening.
**4.3.2** Die Sinode van die CRCA vergader weer in Mei 2012 in Sydney. Die beplanning is om dit by te woon.

**4.4 CHRISTIAN REFORMED CHURCH IN SRI LANKA**
**4.4.1** Die Algemene Sinode van 2007 het opdrag gegee dat net die CRCSL onderhandel word oor 'n formele bilaterale verhouding as 'n saak wat lank uitstaande was en wat bepaalde ongelukkigheid by hulle veroorsaak het.
**4.4.2** 'n Memorandum van Verstandhouding kon op 1 November 2009 in Colombo, Sri Lanka, onderteken word.
**4.4.3** Die Sinode van Wes-Transvaal behartig die vennootskapsverhouding met die CRCSL op 'n uitmuntende wyse. Hulle, en in besonder ds Japie du Plessis, verdien dank hiervoor.

**4.5 REFORMED CHURCH OF JAPAN**
**4.5.1** Goeie kontak is behou met die RCJ met wie die NG Kerk volle ekumeniese bande het. Hulle sinode van Oktober 2009 is deur die Algemene Sekretaris bygewoon.
**4.5.2** Missie Japan is die liggaam van die RCA en die NG Kerkfamilie wat verantwoordelik is vir die vennootskapsverhouding met die RCJ. Hulle doen uitmuntende werk en het 'n baie besondere rol gespeel met die aardbewing en tsunami van Maart 2011.

**4.6 AFRIKAANSE CHRISTENKERK VAN NIEU-SEELAND (ACK)**
**4.6.1** Die ACK het ontstaan vanuit die behoefte van Afrikaanse emigrante om in hulle nuwe land in Afrikaans bedien te word. Die kerkverband het op die oomblik 12 gemeentes.
**4.6.2** Vanuit die kontak met die ACK via die Kommissie vir Buitelandse Bediening van die NG Kerk, NHKA en die GKSA het die behoefte by die ACK ontstaan om as 'n selfstandige kerk formele ekumeniese bande met die NG Kerk te hê.
**4.6.3** Die nodige gesprekke is met die ACK gevoer en die ATR het hulle Kerkorde nagegaan. Die oordeel van die Moderamen is dat volle ekumeniese bande met hulle aangegaan word. 'n Memorandum van Verstandhouding is ook onderhandel en deur die Moderamen goedgekeur.
**4.6.4 AANBEVELING: EKUMENIESE BANDE MET DIE ACK**
**Die Algemene Sinode besluit om itv Kerkorde Art 70 volle ekumeniese bande met die ACK van Nieu-Seeland aan te gaan.**

**4.7 GEREFORMEERDE EVANGELIESE KERK VAN AUSTRALIË (GEKA)**
**4.7.1** Die GEKA het in Perth, Australië, ontstaan as gevolg van dieselfde behoefte as by die ACK.
**4.7.2** Vauit die kontak via die Kommissie vir Buitelandse Bediening is met hulle ooreengekom om ekumeniese bande met die kerke in Suid-Afrika aan te gaan. Die aansoek is ontvang, die nodige gesprekke is gevoer en die ATR het hulle Kerkorde nagegaan. Die oordeel van die Moderamen is dat volle ekumeniese bande met hulle aangegaan word. 'n Memorandum van Verstandhouding is met hulle onderhandel, deur die Moderamen goedgekeur en deur beide partye onderteken.
**4.7.3 AANBEVELING: EKUMENIESE BANDE GEKA**
**Die Algemene Sinode besluit om itv Kerkorde Art 70 volle ekumeniese bande met die GEKA aan te gaan.**

**4.8 REFORMED CHURCH IN HUNGARY (RCH)**
**4.8.1** Die uitvoering van die opdrag van die Algemene Sinode 2007 het tydsaam verloop aangesien baie gereelde kontak nie altyd moontlik was nie.
**4.8.2** 'n Memorandum van Verstandhouding is tussen die twee kerke onderhandel en deur die Moderamen van die NG Kerk goedgekeur. Indien die betrokke liggame van die RCH dit goedkeur, kan dit amptelik by die Sinode van die Reformed Church in Hungary in November 2011 onderteken word.

**4.9 UNITING CHURCH IN AUSTRALIA (UCA)**
**4.9.1** Die Uniting Church is die derde grootste kerk in Australië (naas die Rooms-Katolieke en die Anglikane). Hierdie kerk het in 1977 tot stand gekom met die vereniging van die Presbiteriane, Metodiste en Kongregasionaliste. Ongeveer 40% van die Presbiteriane het in 1977 uitgetree uit die eenheid en funksioneer as die *Presbyterian Church of Australia.*Die UCA funksioneer meer as soos 'n "beweging" (*uniting*) as 'n denominasie in die enger sin van die woord. Die UCA is ook lid van die Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke (WCRC), maw deel van die groter familie wat gevorm is deur die WARC en die GER.
**4.9.2** Die UCA is 'n kerk wat diversiteit omarm en 'n besondere rol speel om mense van alle agtergronde kerklik te laat tuis voel. Hulle het ook hulle arms oopgemaak vir mense uit Suid-Afrika. Daar is 'n hele aantal NG dominees wat predikante van die UCA is. Die leierskap van die kerk en hulle verskillende sinodes is baie positief om Suid-Afrikaners, en in besonder Afrikaanssprekendes, behoeftegerig te bedien. 'n Baie positiewe belewenis van die UCA is die groot aantal Afrikaanse Suid-Afrikaners wat ter wille van hulle kinders kies om by die gewone Engelse bediening in te skakel. Talle van die lidmate is leiers in hulle onderskeie gemeentes.
**4.9.3** Dit is dalk 'n goeie tyd om ekumeniese bande met die UCA te ondersoek.
**4.9.4 AANBEVELING: EKUMENIESE BANDE UCA**
**Die Algemene Sinode besluit om in terme van Kerkorde Art 70 met die UCA te onderhandel oor 'n bilaterale ekumeniese verhouding en moontlike volle ekumeniese bande.**

**4.10 DIALOOG**
Die NG Kerk kon in dialoog wees met die Federasie van Switsers-Protestantse Kerke, die Evangelische Kirche Deutschland, die Presbyterian Church of Australia, die Presbyterian Church (USA), die Reformed Churches in New Zealand.

## 5. KERKE INTERNASIONAAL (AFRIKA)

**5.1 REFORMED CHURCH IN EAST AFRICA (RCEA)**
**5.1.1** Die RCEA sien hulleself as die vrug van die NG Kerk se sendingwerk in Oos-Afrika. Die band is gebreek met die vlug van boere tydens die onafhanklikheidsgebeure in die vroeë 60-ger jare.
**5.1.2** Tydens die vergadering van die WBGK (WARC) in Accra in 2004 het afgevaardigdes van die RCEA hulle blydskap uitgespreek om hulle "moeder" weer te ontmoet. Dit is verder versterk tydens die vergadering van die Global Christian Forum in November 2009 in Ghana waar hulle die Algemene Sekretaris gevra het vir nouer kontak. Die versoek is tydens die vergadering van die WGGK in Junie 2010 in Grand Rapids herhaal. Die vraag is telkens: wanneer kom julle weer terug?
**5.1.3** Prof Piet Meiring het in November 2010 die sinodesitting van die RCEA in Eldoret, Kenia, bygewoon.

**5.1.4** Die RCEA wil graag bande op Algemene Sinodale vlak aanknoop maar ook onderhandel of een van die sinodes nie ‘n vennootskaps-verantwoordelikheid vir hulle kan aanvaar soos sinodes dit reeds doen tov ander kerke van die NG Kerkfamilie in Afrika.
**5.5.5 AANBEVELING: EKUMENIESE BANDE RCEA**
**Die Algemene Sinode besluit om in terme van Kerkorde Art 70 met die RCEA te onderhandel oor volle ekumeniese betrekkinge.**

**5.2 KERKE BUITE SUID-AFRIKA WAT UIT DIE NG KERK SPRUIT**
**5.2.1** Die huidige Art 70b.7.1.3 lui soos volg: *Die NG Kerk staan in ‘n besondere betrekking met die lede van die NG Kerkfamilie buite SA wat vir die huidige uitdrukking vind in die Federale Raad.* Hier gaan dit om volle ekumeniese betrekkinge.
**5.2.2** Die besluit van die Algemene Sinode om die Federale Raad te ontbind, maak bogenoemde reëling onhoudbaar. En dit is ook nie moontlik om volle ekumeniese betrekkinge met kerke via ‘n ander liggaam te hê nie. Die Algemene Sinode sal met elkeen van die kerke ‘n ekumeniese ooreenkoms moet aangaan: ons kan nie maar net aanvaar dit is daar gegewe die geskiedenis nie.
**5.2.3 AANBEVELING: EKUMENIESE BANDE MET KERKE BUITE SA WAT UIT DIE NG KERK SPRUIT**
**Die Algemene Sinode besluit om in terme van Art 70 met die kerke buite SA wat uit die NG Kerk spruit volle ekumeniese betrekkinge aan te gaan.**

**5.3 CHURCH OF JESUS CHRIST IN MADAGASCAR (FJKM)**
**5.3.1** Die FJKM (ook ‘n lid van die WGGK) het sedert 1998 probeer om na die NG Kerk uit te reik. Daar was sporadiese kontak maar niks konstruktief nie. Vanaf 2008 was daar ‘n doelgerigte poging van die FJKM om uit te reik en is dit daadwerklik opgevolg. Dr Kobus Gerber het Madagaskar in April 2010 besoek en positiewe gesprekke met die leierskap van die FJKM gehad oor moontlike ekumeniese bande. Me Rinel Hugo het namens die vroue van die NG Kerk die vroue van die FJKM in Mei 2011 besoek vir hulle konferensie. Ook daar was die behoefte aan nouer bande uitgespreek.
**5.3.2** Die NG Kerk is reeds met uitgebreide werk in Madagaskar besig via die Sinode van Wes-Transvaal. Daar is ook ‘n goedgevestigde radiobediening in Madagaskar deur Suid-Afrikaanse sendelinge.
**5.3.3** Die FJKM is deel van die Franssprekende deel van Afrika (al is die taal van die FJKM Malgassies) met wie die NG Kerk nie bande het nie. Dit kan ‘n besondere deel van ons ekumene begin word.
**5.3.4 AANBEVELING: EKUMENIESE BANDE FJKM**
**Die Algemene Sinode besluit om in terme van Kerkorde Art 70 met die FJKM te onderhandel oor ‘n bilaterale ekumeniese verhouding.**

**5.4 DIE COMMUNAUTÉ EVANGÉLIQUE DU CONGO (CEC)**
**5.4.1** Die NG Kerk het met hierdie kerk begin kontak maak in die 90ger jare toe een van hulle leraars, dr Mulemfo, sy doktorale studies aan die Universiteit van Pretoria gedoen het. Hy het later ‘n bediening onder Franssprekendes uit Afrika begin. Onder sy leiding het die CEC na die NG Kerk begin uitreik.
**5.4.2** Die motivering vir die uitreik was dat die NG Kerk baie itv kennis en opleiding vir die CEC kan beteken. ‘n Formele afvaardiging van die CEC het die NG Kerk dan ook in Mei 2010 besoek. Dr Hennie van Deventer en ds Wilie van der Merwe het op versoek van die Algemene Sekretaris die CEC einde Augustus 2010 besoek ten einde te evalueer waarheen ons met die kerk moet beweeg itv ekumeniese verhouding. Interessant was die opmerking van een van hulle leiers dat dit die eerste kerk uit die suide is wat met hulle kontak maak.
**5.4.3** Dit is belangrik om te meld dat die CEC ontstaan het uit die werk van die Sweedse sending. Hulle is ook lid van die WGGK en die AACC.
**5.4.4** Hierdie kerk lê wat belydenis, leer en gebruike betref heelwat verder van ons as ons tradisionele ekumeniese vennote..
**5.4.5** Die huidige evaluering is dat die NG Kerk vir eers in ‘n gedeeltelike verhouding met die CEC moet tree en fokus op hulpverlening tov korttermynopleiding van leiers asook hulp met teologiese opleiding en bedieningstoerusting. Uit die proses moet evalueer word oor die pad vorentoe.
**5.4.6 AANBEVELING: EKUMENIESE BANDE CEC**
**Die Algemene Sinode besluit dat die NG Kerk vir die huidige itv Art 70b.3.2 in ‘n gedeeltelike verhouding met die CEC tree.**

## 6. KERKE (SUID- EN SUIDER-AFRIKA)

**6.1 NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA (NHKA)**
**6.1.1** Deur die jare is bloot aanvaar dat die sg “susterkerke” ‘n bepaalde ekumeniese band met mekaar het en in volle ekumeniese betrekking staan. Hierdie verbintenis of “besondere betrekking” (Art 70b.7.1.2) is nooit omskryf of per ooreenkoms oor ooreengekom nie. Die band het vir ‘n baie groot mate binne die TKR plaasgevind: die huidige Art 70b.7.1.2 sê “... wat vir die huidige uitdrukking vind in die Tussenkerklike Raad.”
**6.1.2** Die Moderamen het geoordeel dat die tyd ryp is om die verbintenis met die NHKA te formaliseer. ‘n Bilaterale Ooreenkoms is onderhandel en deur die Moderamen goedgekeur. Die 69ste Algemene Kerkvergadering van die NHKA het die ooreenkoms goedgekeur.

**6.2 GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA (GKSA)**
**6.2.1** Pt 1 van die paragraaf tov die NHKA geld ook tov die GKSA.
**6.2.2** Die Moderamen het geoordeel dat 'n formele onderhandelde verbintenis met die GKSA 'n dringende saak is. Die rede hiervoor is dat terwyl ons die betrekking met hulle as "volle" ekumeniese betrekkinge gesien het, het hulle dit nie so gesien nie. Die toepassing van die NG Kerk se omskrywing van 'n volle ekumeniese betrekking (Art 70.b.3.1.1) was vir hulle problematies, bv die toelaat van leraars op mekaar se kansels. Daar was verskillende persepsies daaroor.
**6.2.3** Die bilaterale gesprekke van die Moderamen se verteenwoordigers met die van die GKSA oor hierdie sake het oor 'n paar jaar plaasgevind maar was baie oop, eerlik en konstruktief. Die twee spanne onderhandelaars kon mekaar vind en het 'n Memorandum van Ooreenkoms beding. Die Moderamen het dit goedgekeur en dit word in Januarie 2012 aan die Sinode van die Gereformeerde Kerke vir goedkeuring voorgelê.

**6.3 UNITING PRESBYTERIAN CHURCH IN SOUTHERN AFRICA (UPCSA)**
**6.3.1** Die gesprek met die UPCSA oor 'n bilaterale verhouding is aan die gang.
**6.3.2** Die verhouding tussen die twee kerke is baie goed: daar is gereelde kontak, groete kon by twee General Assemblies van die UPCSA oorgedra word, en die twee kerke lei hulle studente saam op.

**6.4 DIALOOG MET DIE ROOMS-KATOLIEKE KERK**
**6.4.1** Die dialoog met die Rooms-Katolieke Kerk het in 1995 met die dood van prof Johan Heyns afgeplat. Onder leiding van Aartsbiskop George Daniel en dr Kobus Gerber het daar weer nuwe momentum vanaf die einde 2007 gekom en is dit op die oomblik een van die mees bevredigende en konstruktiewe ekumeniese aktiwiteite van die NG Kerk.
**6.4.2** Vanaf 2008 is die dialoog jaarliks by wyse van 'n retraite gehou met ongeveer 8 lede van elke kerk (gelegitimeerdes en nie-gelegitimeerdes). 'n Teologiese tema is elke keer in diepte hanteer en daar is moeite gedoen om mekaar se spiritualiteite te leer ken.
**6.4.3** Die NG Kerk se verteenwoordigers kon in 2009 ook die vergadering van die South African Catholic Bishops Conference (SACBC) bywoon. Die voorsitter van die SACBC, Aartsbiskop Buti Thlagale, het 'n groeteboodskap aan die NG Kerk gestuur met ons feesviering van Calvyn se 500ste geboortedag.

**6.5 DIALOOG MET DIE ANGLIKAANSE KERK**
**6.5.1** Die dialoog met die Anglikaanse Kerk is ook 'n wonderlike geleentheid vir die NG Kerk. Die karakter is totaal anders as die met die Rooms-Katolieke: hier word gefokus op praktiese aangeleenthede soos teologiese opleiding, publieke getuienis, maatskaplike kwessies.
**6.5.2** Hierdie dialoog vind gewoonweg tweekeer per jaar vir 'n dagvergadering plaas.

**6.6 DIALOOG MET DIE EVANGELIES-LUTHERSE KERK (ELKSA)**
**6.6.1** Die dialoog kom reeds 'n geruime tyd en groei positief. Die NG Kerk kon groete oordra by die sinode van die ELKSA en daar is ook gesprekke aan die gang oor wedersydse pastorale hulp by Afrikaanse gemeentes van die ELKSA.
**6.6.2** 'n Positiewe uitvloeisel van die dialoog is dat die ELKSA volledig lid is van die Conventus vir Reformatoriese Kerke.

**6.7 DIALOOG MET ANDER KERKE**
**6.7.1** Geen dialoog bestaan meer met die Afrikaanse Protestantse Kerk nie. Die NG Kerk het die vorige inisiatiewe geneem: geen inisiatiewe kom van die APK nie.
**6.7.2** Dialoog met die Metodiste Kerk vind van tyd tot plaas.
**6.7.3** Konstruktiewe dialoog met die Volkskerk van Afrika en die Calvyn Protestantse Kerk is in beplanning met die oog op ekumeniese bande.
**6.7.4 AANBEVELING: EKUMENIESE BANDE MET DIE VOLKSKERK VAN AFRIKA EN DIE CALVYN PROTESTANTSE KERK**
**Die Algemene Sinode dra dit aan die Moderamen op om ekumeniese verhoudinge met die Volkskerk van Afrika en die Calvyn Protestantse Kerk te ondersoek.**

## 7. INTER-GODSDIENSGESPREK

**7.1 NATIONAL RELIGIOUS LEADERS FORUM (NRLF)**
**7.1.1** Die NRLF bestaan sedert 1997 en bind al die godsdienste in Suid-Afrika in 'n forum saam waar gekyk word na die beskerming van die belange van alle godsdienste, sake van gemeenskaplike belang vir alle godsdienste (bv godsdiensuitsendings op die openbare uitsaaier), samelewingskwessies en gereelde kontak met die owerhede.
**7.1.2** Olv pastoor Ray McCauly en die hoofsweep van die ANC, dr Mathole Motshekga, het die *National Interfaith Leaders Council (NILC)* ontstaan langs die NRLF. Dit het tot baie spanning gelei. Geen van die tradisionele "hoofstroomkerke" is by NILC nie. NILC het ook 'n noue verbintenis met die ANC se Commission for Religious and Traditional Affairs (CRATA). Ter wille van die kerke wat in NILC se kraal is en gaan seerkry, is die NRLF met NILC

in gesprek om te kyk of daar nie een totaal onafhanklike en onverbonde liggaam tot stand kan kom nie. Die gesprek vorder tans positief.
**7.1.3** Die NG Kerk is betrokke by die Uitvoerende Komitee van die NRLF via die Algemene Sekretaris, dr Kobus Gerber.

## 8. KOMMISSIE VIR BUITELANDSE BEDIENING

**8.1** Die Kommissie vir Buitelandse Bediening (KBB) is ‘n staande kommissie van die Tussenkerklike Raad (TKR) en gee aandag aan die bediening in die buiteland van emigrante uit die drie kerke van die TKR asook ander kerke wat sou belangstel.
**8.2** Die afgelope vier jaar het die KBB in besonder aandag gegee aan die volgende twee gebiede:
**8.2.1 Australië/ Nieu-Seeland**
**8.2.1.1** Die kontak en verhouding met die Afrikaanse denominasies wat in Australië en Nieu-Seeland ontstaan het (die GEKA en ACK: kyk 4.6 en 4.7 van hierdie verslag) was ‘n besondere fokus. Die KBB oordeel dat die werk konstruktief was. Dit het ook begin lei tot formele ekumeniese bande met kerke in Suid-Afrika.
**8.2.1.2** Die KBB het ook besondere moeite gedoen met “inheemse” kerke in die twee lande wat bedieninge in Afrikaans het en/ of Afrikaanse en ander emigrante in hulle denominasies verwelkom. Hier word die name genoem van die Uniting Church in Australia, die Christian Reformed Churches of Australia, die Presbyterian Church of Australia, die Presbyterian Church of Aotearoa New Zealand en die Reformed Churches of New Zealand.
**8.2.1.3** ‘n Saak wat die KBB intens bekommer, is dat baie lidmate wat in Suid-Afrika aktief in hulle kerke was ná emigrasie net wegraak in hulle nuwe land. Voorlopige studies toon baie verskillende redes aan. Vanuit die kontak met die verskillende kerke in Australië het die gedagte van hulle kant gegroei om in die tweede helfte van 2012 ‘n reuse poging aan te wend om sulke lidmate op te spoor met die hulp van die kerke in Suid-Afrika. Twee aksies word oorweeg: (1) Familie hier sal ingelig word oor die kommer en die beoogde projek, en gevra word om familie daar wat toestem se name en adresse te verskaf, en (2) ‘n span mense uit Suid-Afrika (omdat hulle Afrikaans is) sal na Australië gaan om die kerke daar by te staan met opspoor en kontakmaak. Hierdie projek moet nog goed deurdink en beplan word as projek van die Australiese kerke.
**8.2.2 Afrika**
**8.2.2.1** Die KBB het ‘n Taakspan wat navorsing doen oor lidmate in Afrika, hulle bedieningsbehoeftes en reeds bestaande bedienings op verskillende plekke. Daar is duisende lidmate van die kerke van die KBB êrens in Afrika vir ‘n korter of langer tyd.
**8.2.2.2** Dit is bitter moeilik vir lidmate om by bestaande kerke in te skakel as gevolg van die taal. Internasionale kerke bevredig ook nie as gevolg van teologiese kwessies.
**8.2.2.3** Die KBB is verheug oor talle inisiatiewe uit Suid-Afrika waarvoor verskillende gemeentes/ kerke voor verantwoordelikheid aanvaar. Lidmate het die hoogste waardering daarvoor. Daar word moeite gemaak om die plaaslike kerke te probeer ken in die bedienings wat in Afrika ontstaan.
**8.2.2.4** Dit was vir die KBB ook kosbaar om te beleef hoe lidmate ‘n verskil in Afrika maak.
**8.3** Kontak met groepe lidmate/ kerke /bedieninge in Europa, Engeland, Kanada, VSA, die Midde-Ooste, Suid-Amerika en Asia was deurentyd op die agenda.

## WORLD REFORMED FELLOWSHIP

1. EKUMENIESE DIVERSITEIT
Dit is belangrik vir 'n kerk om mbt die ekumeniese kringe waarin beweeg word, nie eensydig te fokus nie. Dit geld tov die breëre ekumeniese wêreld maar ook tov die bepaalde tradisie waarin 'n kerk beweeg.

Ten opsigte van die NG Kerk se ekumeniese bande binne die reformatoriese tradisie is ons internasionaal slegs by die *World Communion of Reformed Churches* betrokke. Hierdie is 'n liggaam wat as 'n meer tradisionele ekumeniese organisasie funksioneer, 'n aantal voltydse personeellede het en ook 'n substansiële bydrae van lidkerke vra. Daar is ook 'n streeksliggaam, die *Communion of Reformed Churches in Africa*. Dit funksioneer nie op die oomblik nie: 'n vergadering is geskeduleer vir 27-28 Oktober 2011 ten einde dit weer aan die gang te kry.

Daar is ook in die gereformeerde wêreld ander ekumeniese liggame wat op meer "informele" en netwerkgerigte basisse funksioneer. Hulle betrek ook lede/ stemme uit die breëre gereformeerde familie waarmee die NG Kerk nie altyd kontak het nie, beide na die meer eng-gereformeerde asook die meer evangelies-gereformeerde kante... beide stemme wat ons ook moet hoor en mee in dialoog wees. Twee hiervan waarvan ons moet kennis neem en mee in kontak kom, is die *International Conference of Reformed Churches* (meer eng en geslote) en die *World Reformed Fellowship* (meer evangelies-gereformeerd en oop).

2. KORT OORSIG OOR DIE *WORLD REFORMED FELLOWSHIP (WRF)*
Die volgende oorsig is uit die webblad van die WRF (www.wrfnet.org) geneem:

2.1 Ontstaan en bedoeling
In die voorwoord tot die Bepalinge word die volgende gesê:
*The International Reformed Fellowship joined the World Fellowship of Reformed Churches in October 2000 which then changed the name to World Reformed Fellowship. Both fellowships were formed in the early nineteen nineties to seek to promote the Reformed faith as a witness to the world of the Sovereignty of God in the redemption of his people through the Lord Jesus Christ. This people of God, with diversified cultural and ethnic backgrounds, are one in Christ. God has enabled us to express the unity of the church in the bonds of peace through cooperative agreements, having the same biblical, evangelical and missionary vision. Thus, believing that these are but expressions of a well thought out reformed perspective, we would invite other Reformed churches, agencies, institutions and individuals to join with us under the following principles.*

*The World Reformed Fellowship makes the distinction of being a fellowship, not a council. The World Reformed Fellowship recognizes that barriers of distance, culture and language often make it difficult for a church to develop and maintain binding ties with a church or churches of another country, which is essential to the conciliar model. A fellowship provides the context in which churches, ministries and institutions may become acquainted with each other, and where their leaders may develop friendships and trusting relationships leading to closer, mutually beneficial cooperation. Members of a fellowship are not obligated formally to be responsible for one another's positions or actions, but in an atmosphere of free association, may lovingly influence each other toward greater consistency in Biblical faith and witness.*

2.2 Die doel van die WRF
2.2.1 *The mission of the World Reformed Fellowship is to promote understanding, cooperation and sharing of resources among our membership of evangelical and reformed Christians in the advancement of the Gospel. The vision of the WRF is simple - "That the strengths of some might become the strengths of all in the service of Jesus Christ" (see Paul's prayer in Ephesians 4: 11 - 13).*

2.2.2 Die Bepalinge spel die doel van die WRF soos volg uit:
*The purpose of WRF shall be to promote Reformed partnerships worldwide, including in the following ways:*
*1. to promote reformed thinking and a reformed world and life view,*
*2. to inform and encourage churches and people who embrace the reformed faith,*
*3. to provide a network for communication and the sharing of ministry resources,*
*4. to provide a forum for dialogue on current issues,*
*5. to offer direction to the evangelical reformed community,*
*6. to promote evangelization in the Reformed tradition.*
*7. to maintain, strengthen and defend the sound doctrines and biblical and theological tenets that distinguish us as Reformed Christians.*

*WRF will promote its ministry with creativity, flexibility and efficiency. Our mission shall drive our structure and administration, as we adapt to the opportunity and needs of the hour. We shall proactively seek out individuals who can help WRF attain its objectives.*

2.2.3 Die webblad spel ook die volgende uit wat die WRF aan lede bied:
*For those who share our affirmations and our doctrinal base, the World Reformed Fellowship seeks to provide:*
** A network for communication and sharing of ministry resources among such Christians*
** A forum for dialogue among such Christians on current issues*
** The opportunity for such Christians from one region of the world to share their unique spiritual and theological perspectives with such Christians from other regions of the world, all within the framework of the evangelical Reformed faith*
** Regular occasions, some for such Christians in specific regions of the world and some for such Christians world-wide, to come together for worship and dialogue and resource-sharing*

2.3 <u>Die Bybelse en konfessionele grondslag van die WRF</u>
2.3.1 Die Bepalinge spel dit soos volg uit:
*A. We affirm the Scriptures of the Old and New Testaments as the authoritative, God-breathed Word of God, without error in all that it affirms*
*B. We stand in the mainstream of the historic Christian Faith in affirming the following catholic creeds of the Early Church: The Apostle's Creed, the Nicene Creed, and the Chalcedonian Definition.*
*C. More specifically, every voting member of the WRF affirms one of the following historic expressions of the Reformed Faith: The Gallican Confession, The Belgic Confession, The Heidelberg Catechism, The Thirty Nine Articles, The Second Helvetic Confession, The Canons of Dort, The Westminster Confession of Faith, the London Confession of 1689, or the Savoy Declaration.*

2.3.2 Verder word daar op hulle webblad die volgende gesê:
*The WRF vision is to live out one of the clearly stated but often neglected themes of the great Reformed confessions of the church. The Westminster Confession of Faith (XXV, 2) affirms that there is "a visible universal church which consists of all those throughout the world that profess the true religion." The Belgic Confession (Article 27) emphasizes that "the one single catholic or universal church . . . is not confined, bound, or limited to a certain place or certain persons. But it is spread and dispersed throughout the entire world."*

*While specific regional or national expressions of the universal church do, in many ways, embody characteristics of the Body of Christ, there are other characteristics of that Body which transcend those expressions. It is those other characteristics that the WRF seeks to set forth in its commitments and in its activities.*

2.3.3 Die WRF het ook vir hulleself die volgende uitgemaak:
** The essence of the true religion (and of Reformed theology) is adoration and worship of the Triune God - Father, Son, and Holy Spirit*
** This Triune God is worthy of the praise and service of all of creation*
** Christians in many places and many denominations who share these first two commitments will find their worship and service of the Lord God enhanced by contact with others of like mind.*

2.3.4 Die WRF het pas 'n eietydse *Statement of Faith* goedgekeur. Die bedoeling hiervan, sê prof Flip Buys, "... is nie bedoel om enige van die bestaande Reformatoriese belydenisskrifte te vervang nie, maar om 'n soort samevatting en veral eietydse toepassing te gee van tradisioneel-gereformeerde belydenisskrifte. Die WRF wil daarmee sê: 'Ons is 'n gemeenskap van gereformeerdes afkomstig van verskillende kerklike denominasies wêreldwyd. Dit is wat ons tradisionele belydenisskrifte vandag vir ons beteken'". Die Algemene Vergadering van die WRF sal in 2014 besluit oor hoe hulle dink die *Statement of Faith* hanteer moet word: een van die opstellers verwoord die huidige gevoel soos volg: "In my judgment, there is no way in the world that this Statement will be substituted for any of these nine confessions. This Statement will supplement the nine historic Reformed confessions. In doing so, this Statement will reaffirm historic Reformed orthodoxy and will bring that orthodoxy to bear on some of the critical issues facing the 21st century evangelical Reformed church. This is, I believe, what we have intended all along". Miskien is die vraag wat Flip Buys vra ook die vraag wat ons moet vra: "As dit in goeie Afrikaans vertaal sou kon word, miskien met 'n studiegids daarby, sal dit nie kon stukrag gee aan 'n "young restless and reformed" beweging in SA soos dit aan die gebeur is volgens navorsing van *Christianity Today* in die VSA nie?"

2.4 <u>Struktuur en lidmaatskap</u>
2.4.1 <u>Algemene Vergadering</u>
*The WRF holds General Assemblies at least once every four years. The most recent General Assembly met in Edinburgh, Scotland, in April of 2010. The next General Assembly will be held in 2014 but the location has not yet been determined. At General Assemblies, all WRF members vote on major policy issues and elect the members of the WRF Executive Committee. Also at General Assemblies, issues of importance for the evangelical Reformed church world-wide are addressed.*

2.4.2 <u>Lidmaatskap</u>

Een van die unieke winspunte van die WRF is die hantering van lidmaatskap (asook die werkwyse: sien pt 2.5). Die Bepalinge spel dit soos volg uit:
*2.4.2.1. Membership in the WRF is free and is comprised of those who apply for such membership. It is to be available both to individuals and to groups.*
*1. Individual members. Individuals must complete an individual membership form (provided by the International Director) which identifies the following: the specific confessions mentioned in the WRF Bylaws to which he/she subscribes; his/her complete address, including telephone number, e-mail address, the specific ecclesiastical body of which he/she is a member; and a description of any Christian ministry (paid or voluntary) in which he/she is engaged.*

*All individual members are entitled to receive the regular e-newsletter, they are listed on the WRF website, and they are entitled to attend and vote at the General Assemblies of the organizations.*

*Individual memberships must be renewed annually. Individual members are expected to provide annually to the International Director either (1) at least two descriptions of ministry opportunities or events or relevant publications in their own regions with the understanding that those descriptions will be shared both in the e-newsletter and on the WRF website, or (2) contribute at least $20.00 (US) per month to the WRF, for members of economically depressed countries, this may be lower at the discretion of the International Director. All individual members are entitled to attend and vote at the General Assemblies of the organization."*

*2. Group members. To sign up a group for membership, an authorized individual within the organization must complete a group membership form (provided by the International Director), which identifies the following: to which of the specific confessions mentioned in the WRF Bylaws the group subscribes; the address, telephone number(s), and e-mail address of the contact person for the group; the specific ecclesiastical affiliation (if any) of the institution or agency; and a description of the Christian ministry in which the institution or agency is engaged.*

*Group membership must be renewed annually. Group members are expected to provide by e-mail to the International Director at least two descriptions each year of ministry opportunities or events or relevant publications with which they have been directly involved with the understanding that those descriptions would be shared both in the e-newsletter and on the WRF website. Groups may request that any or all members of their group receive the WRF e-newsletter and be listed on the WRF website, but the group contact person is responsible for providing and updating this information annually.*

*2.4.2.2 All initial membership applications and all membership renewals must be approved by the Board of Directors of the WRF. This approval may be granted via mail or e-mail or it may be granted at an in-person meeting of the Board of Directors.*

*2.4.2.3 While membership in the WRF is free and there are no membership dues, members are urged to contribute financially to the work of the WRF as they are able.*

*2.4.2.4 For purposes of voting on policy and bylaw changes,WRF shall have a bicameral system of governance: (1) a body composed of individual members, and representatives from local congregations, missionary societies, educational institutions, and other agencies, and (2) a body composed of church representatives (denominations and associations of congregations). Such representatives shall be those who are specifically certified before each General Assembly by the member denominations' or association's highest judicatories or appropriate committee for ecumenical relations or equivalent. All other business shall be transacted in the assembly meeting in plenary session. Members shall have only one vote, whether as an individual member or as a representative of a church.*

*2.4.2.5 Group membership shall be based on the following formulas for voting purposes: 1. Churches, whether denominations or congregations, shall be based on total number of ordained ministers. 2. Educational institutions shall be based on total number of faculty members. 3. Missionary Societies shall be based on total numbers of full-time missionaries. 4. Other agencies shall be based on total number of official staff. Groups with membership (as defined above) above 501 members shall be entitled to five votes. Groups with membership between 201 and 500 shall be entitled to four votes. Groups with membership between 101 and 200 shall be entitled to three votes. Groups with membership between 10and 100 shall be entitled to two votes, and groups with membership of 9 or lessshall be entitled to one vote.*

2.5 Werksaamhede
2.5.1 Baie van die werk van die WRF word gedoen deur die drie kommissies van die WRF en die drie streekrade.

2.5.2 Kommissies:
*2.5.2.1 The Commission on Theological Education is chaired by Dr. Ric Cannada, Chancellor and CEO of Refromed Theological Seminary in Orlando, Florida, and by Dr. Davi Gomes, President of Andrew Jumper*

*Theological Seminary in Sao Paulo, Brazil. The responsibility of this Commission is to identify theological education resources among WRF members and to develop channels of communication and cooperation among WRF members so that those resources can be shared and the cause of evangelical Reformed theological education advanced around the world.*
*2.5.2.2 The Commission on Theology is chaired by Dr. Andrew McGowan, Principal of the Highland Theological College in Dingwall, Scotland. The primary responsibility of this Commission is to develop a consistently Reformed and thoroughly evangelical Statement of Faith for the 21st century which will remain absolutely faithful to Scripture and to the theological traditions affirmed in the confessional documents listed under "The Formal Doctrinal Basis of the World Reformed Fellowship" while, at the same time, bringing those central theological truths to bear directly on such modern issues as secularism, poverty, globalization, the challenge of Islam and other non-Christian religious traditions, and various forms of abuse in the contemporary world. This Statement of Faith will be presented for consideration to the 2010 WRF General Assembly.*
*2.5.2.3 The Commission on Missions and Evangelism is chaired by Dr. John Nicholls, General Secretary of the London City Mission, Dr. Rob Norris, Senior Pastor of Fourth Presbyterian Church in Bethesda, Maryland, and by Dr. Tito Lajara, Executive Director of Evangelism Explosion for Latin America.. This Commission is working to develop a strong and effective network of evangelical Reformed missionaries and evangelists around the world. Initially, this network will be web-based and the WRF is building an entirely new and password-protected website which will allow such missionaries and evangelists to train and assist and encourage one another in the work of spreading the Gospel worldwide.*

2.5.3 Streekrade
* The Africa Regional Board is chaired by Dr. Flip Buys of Rayton, South Africa
* The Asian Regional Board is chaired by Dr. Benyamin Intan of Jakarta, Indonesia
* The Australian/New Zealand Regional Board is chaired by Dr. Allan Harman of Ocean Grove, Victoria, Australia
* The European Regional Board is chaired by Dr. David McKay of Belfast, Northern Ireland
* The Latin American Regional Board is chaired by the Rev. Francisco Magana of Mexico
* The North American Regional Board is chaired by Dr. Craig Higgins of Rye, New York

3. DENOMINASIES WAT LID VAN DIE WRF IS
Vir interessantheid word ‘n aantal denominasies gelys wat lid is en met wie ons bepaalde bande het: Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Christelik-Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Christian Reformed Church in Sri Lanka, The Church of England in South Africa.

4. EVALUERING
4.1 Die opmerkings in pt 1 tov ‘n beweging soos hierdie moet ernstig geneem word.
4.2 Die WRF bied ‘n forum vir interaksie met gereformeerde rolspelers wat op besondere punte iets van die diversiteit van ons eie tradisie weerspieël. Ons moet met hulle in interaksie wees.
4.3 Die WRF maak gereformeerde globale ekumene toeganklik tot op plaaslike vlak. Ons kan leer én ‘n bydrae lewer.
4.4 Die besinning oor ‘n kontemporêre verwoording van ons konfessionele grondslag kan ons help in ons eie denke daaroor maar ook deelnemer maak aan ‘n gesprek wat vir die hele gereformeerde wêreld van belang is
4.5 En dit is ook goed om deel te wees van ‘n liggaam waar minder van die “tradisionele” ekumene teenwoordig is.

## MODERAMEN BYLAAG 7

# SEISOEN VAN LUISTER

## 1. AGTERGROND

**1.1** Die Seisoen van Luister is in September 2005 geloods as ’n projek van die Moderamen van die Algemene Sinode. Reeds met die Algemene Sinode van 2004 en die daaropvolgende bosberaad het dit duidelik geword dat die NG Kerk gekonfronteer word met diepgaande identiteitsvrae. Die kerk het haarself ook bevind binne ’n omgewing waarbinne ‘n groot diversiteit van standpunte gelei het tot relativisme en almal se aansprake op kennis van die waarheid van die Evangelie bevraagteken is. Die Moderamen het hierop gereageer deur die Seisoen van Luister te loods as **’n ruimte waarbinne ons saam God se wil vir sy kerk hoor en leef.**
**1.2** Die konsensus was dat:
1. die Seisoen nie binne ’n afgebakende tydsduur geskied nie;
2. dit nie programmatig aangepak word nie, maar prosesmatig;
3. daar nie vooraf verwagte uitkomste vir die Seisoen bepaal word nie;
4. daar reeds oor die eeue geluister is, maar dat luister opnuut beklemtoon word as ’n geleentheid om God se wil te onderskei.

## 2. STRUKTUUR

Die Moderamen het ‘n koördineerder/voorsitter aangewys vir die Seisoen. ’n *Bestuurspan* **(**Ferdie Clasen, Freddie Schoeman, Botha van Aarde, Nelis van Rensburg (voorsitter); Ester Steyn het as projekbestuurder in die bestuur gedien; Chris van Wyk het die vergaderings van die bestuur in adviserende hoedanigheid bygewoon**)** en ’n *Taakspan* (sinodale verteenwoordigers) is saamgestel. Eersgenoemde het die werksaamhede van die Seisoen bestuur en gekoördineer. Die Taakspan was verantwoordelik vir die konseptualisering van die Seisoen en die kommunikasie van konsepte en koördinering van werksaamhede binne sinodale gebiede. Aanvanklik is daar ook ’n ontwerpspan aangewys wat verantwoordelik was vir die ontwikkeling van studiemateriaal. Hierdie groep is later ontbind toe besluit is dat die bestuurspan persone ad hoc sal versoek om die ontwikkeling van produkte te behartig. Hierdie werkswyse het geblyk suksesvol te wees.

## 3. WAARDES

**3.1** Geen uitkomste is bepaal vir die Seisoen nie. Die Taakspan was dit egter eens dat die vermoë van ’n gereformeerde kerk om te luister op drie vlakke uitspeel, nl die vermoë om te luister na God, mekaar en die kontekste waarbinne ons leef.
**3.2** Die Taakspan was ook daarvan oortuig dat die vermoë om te luister, berus op vier waardes, naamlik **leerbaarheid, deernis, vertroue en openheid**. Uiteindelik sal die mate waarin hierdie waardes in die kerk leef die beste barometer wees van ons luistervermoë.

## 4. AKSIESTAPPE

Die volgende aksies is geneem met die oog op die versterking en bevordering van ’n luisterkultuur in die kerk:

**4.1** Die Seisoen en waardes is deur middel van beeldvorming bemark. Bemarkingsmateriaal het baniere, plakkate, T-hemde, plakkers, ens ingesluit;
**4.2** Vier Verantwoordelike Vernuwing konferensies met luister as tema is in Moreletapark, Windhoek, Port Elizabeth en Stellenberg gehou. By elke daaropvolgende Verantwoordelike Vernuwing Konferensie is daar werkswinkels gehou met luisterprodukte en -publikasies as onderwerp;
**4.3** ’n Dokument is goedgekeur deur die Moderamen waarin die teologiese vertrekpunte van die Seisoen van Luister uiteengesit is;
**4.4** Inligting oor die Seisoen is op die Algemene Sinode en Gemeente Dienste Netwerk se webblaaie geplaas;
**4.5** ’n Eie webblad is later vir die Seisoen van Luister geskep. Die aantal besoeke aan hierdie webblad het weldra buitengewone hoogtes bereik;
**4.6** ’n Bronnelys van teologiese boeke wat kan help met nadenke oor verskeie aspekte van luister is saamgestel en beskikbaar gestel;
**4.7** ’n Baie suksesvolle vennootskap is met Bybel-Media gesluit om die publikasies van die Seisoen te behartig, met finansiële ondersteuning van die kant van Bybel-Media;
**4.8** ’n Luistersiklus is ontwerp wat die hermeneutiese uitgangspunt en raamwerk vir al die aktiwiteite van die Seisoen sou word. Die luistersiklusboekie is ondersteun met ’n handleiding wat die hermeneutiese proses wat in die Seisoen benut word, uiteensit. Meer as 20 000 van hierdie boekies is versprei.
**4.9** ’n Aantal Seisoen-publikasies, waarvan die meeste onder die direkte opdrag van die Seisoen-bestuurspan, het die lig gesien:
**4.9.1** Luistersiklus-boekie en -handboek;
**4.9.2** God praat, leef luisterryk (vir stiltetyd): Willem Nicol;
**4.9.3** Die Moed om mens te wees: Elna Mouton ea;

**4.9.4** God praat, leef luisterryk (vir gesprek oor sensitiewe kwessies) (met DVD): onder redaksie van Chris Jones;
**4.9.5** Magla: 40 Bybelkarakters (huisgodsdiens): Nico Simpson en Christelle Bekker;
**4.9.6** Staying In Touch (Bly in Voeling): John Ackerman, Chris van Wyk;
**4.9.7** Luisterryke vergaderings: Frederick Marais (later ook in Engels uitgegee);
**4.9.8** Neem, Lees! Hoe ons die Bybel hoor en verstaan: prof Dirkie Smit;
**4.9.9** Ontmoetings met die lewende God: Coenie Burger, Nico Simpson;
**4.9.10** Vrou by die Put: Chris van Wyk, Nico Simpson en Frederick Marais.
Hierdie produk het naas die aanvanklike luistersiklusboekie die beste verkoop. Daar is bykans 10 000 van hierdie boeke verkoop. Die boek is vergesel van 'n Pinksterreeks wat gehandel het oor 'n beweging oor grense. Die reeks het visuele materiaal, eksegetiese inligting en preeksketse ingesluit. Dit is deur talle leraars tydens Pinkster maar ook by ander geleenthede gebruik.
**4.9.11** Barnabas. Hierdie Bybelstudieboek handel met die mentorskaprol wat Barnabas in die vroeë kerk speel. Hy begelei Paulus en ander oor grense. Die wyse waarop hy as leier optree, word as model vir leierskap in ons tyd gebruik. Die Bybelstudieboek word vergesel van 'n Pinksterreeks oor Barnabas met visuele materiaal, eksegetiese inligting en preeksketse.
**4.9.12** Gedurende 2011/12 sal 'n opvolgreeks van produkte verskyn wat handel met die redes waarom toegewyde gelowiges dit nie waag om 'n beweging oor grense te maak nie. Ons glo dat hierdie produkte sal help om luister- en leierskapgewoontes te vestig wat vir die kerk van groot waarde sal wees.
**4.10** Ander produkte wat verskyn het, sluit die volgende in:
**4.10.1** Luister Doelgerig Diensbaar: prof Malan Nel - 'n DVD;
**4.10.2** God praat, leef luisterryk: Inligting op PPT en musiek-DVD met luisterlied deur Jannie du Toit, Marié du Toit en Christa Steyn, en woorde deur Barry van Rensburg asook 'n preekskets deur dr Johan van der Merwe (Stellenbosch);
**4.10.3** 'n Weeklikse Powerpoint met preek- en liturgiese hulp met die 8 stasies van die luistersiklus as basis word steeds beskikbaar gestel. Die gewildheid van hierdie aanbod is ongekend. Die stof word steeds weekliks gemiddeld afgelaai.
**4.10.4** Die leesroosters van Communitas (RCL) en die Oostelike Sinode het gebruik begin maak van die luistersiklus van die Seisoen.
**4.11** Die Seisoen en luisterkonsepte is herhaaldelik in die volgende publikasies verduidelik en bespreek:
**4.11.1** Kerkbode
**4.11.2** Kruisgewys
**4.12** Daar is tydens talle vergaderings en kerklike byeenkomste of gebruik gemaak van die luistersiklus of gepraat oor die waardes van die Seisoen of oor die betekenis van luister vir ons tyd insluitende by:
**4.12.1** die Algemene Predikantebyeenkoms in Bloemfontein;
**4.12.2** die Algemene Sinode van 2007. Tydens hierdie vergadering het die 100+ afgevaardigdes wat aangedui het dat hulle aan die debat oor homoseksualiteit wil deelneem die aand voorafgaande aan die debat byeengekom en spontaan die vier waardes van die seisoen gekies as die waardes teen die agtergrond waarvan hulle die volgende dag die debat wil voer. Die debat is met buitengewone deernis, leerbaarheid, vertroue en openheid gevoer. Die impak van die waardes van die Seisoen op hierdie sinode was onberekenbaar groot;
**4.12.3** al 10 die sinodes se vergaderings;
**4.12.4** predikantebyeenkomste, vergaderings van moderamena en diensrade van al 10 die sinodes;
**4.12.5** tydens talle ringsvergaderings;
**4.12.6** tydens talle kerkrade se vergaderings en toerustingsgeleenthede;
**4.13** 'n Spesiale luistersinode is deur die Hoëveld Sinode gehou;
**4.14** Luister in vergaderings: Kursusse oor luister in vergaderings is deur dr Frederick Marais gehou te Achterbergh, Port Elizabeth, Windhoek, Stellenberg en Bloemfontein. Hy het van sy boek oor die onderwerp gebruik gemaak en 'n spesiale handleiding ontwikkel vir kursusgangers om weer in opleidingsituasies te gebruik;
**4.15** Prediking: In talle gemeentes is luister in die prediking belig. Soms is dit gedoen na aanleiding van die waardes van die Seisoen, soms na aanleiding van die luistersiklus;
**4.16** In 'n groot aantal situasies is gebruik gemaak van luistervaardighede wat tydens die Seisoen ontwikkel is wanneer gefasiliteer is in vasgeloopte situasies.

## 5. UITKOMSTE

### 5.1 PROSES

**5.1.1** Die Seisoen van Luister was in vele opsigte 'n eerste poging van die kerk. Die kerk het vroeër met 'n programbenadering , bv met die Jeugjaar en die Jaar van Hoop, gepoog om **sekere oortuigings** binne die kerk te bevorder. Die aanpak van die Seisoen van Luister was egter om oor 'n langer tyd veilige ruimtes te skep vir luister na God, mekaar en ander met die oog op die verryking en verruiming van die **kultuur** van die kerk.
**5.1.2** Terwyl daar dikwels in organisasies gepoog word om vernuwing te bewerkstellig deur herstruktureringsprosesse en organisatoriese aanpassings te maak, word die kultuur van 'n organisasie meermale deur eksterne verskynsels beïnvloed soos bv die elektroniese kommunikasie-era, pluralisme, ens. Die kerk het egter vir die eerste keer inisiatief geneem met 'n proses wat afgestem was op die verryking van sy eie kultuur.

**5.1.3** Dat die Seisoen van Luister saam met vele ander globale en plaaslike kerklike invloede 'n impak gemaak het op die kultuur van die kerk, blyk uit talle voorbeelde van begrip en deernis, leerbaarheid, vertroue en openheid wat in die kerk gegroei het oor die afegelope jare. Die kultuur van die kerk het onomwonde verander en sal altyd bly verander. Die tempo van verandering het die afgelope dekade geweldig toegeneem. Ons leer nou om met hierdie voortdurende kutuurtransformasie saam te leef.
**5.1.4** Ons het geleer dat die skep van veilige ruimtes waarbinne gesprek gevoer kan word oor die bewegings binne en buite die kerk wat invloed uitoefen op ons denke, van wesenlike belang is vir die kerk. Binne hierdie ruimtes vind die kerk telkens sy eie identiteit en lewenswyse binne nuwe kontekste.
**5.1.5** Baie leraars en gemeentes het dit aanvanklik moeilik gevind om deel te word van die Seisoen-proses. Sommige het inderdaad eers betrokke geraak toe die programme vir die "oor-grens-beweging" beskikbaar geword het. Ander het nooit betrokke geraak nie. Tog het die invloed van die Seisoen uitgekring en direk of indirek die kultuur van die kerk in al sy gestaltes beïnvloed.

**5.2 HERMENEUTIESE VAARDIGHEID**
Die Seisoen van Luister sou ook 'n seisoen van hermeneutiek genoem kon word. Die kerk ondervind dikwels vanweë 'n verskeidenheid hermeneutiese vertrekpunte probleme met standpuntinname. Tydens die Seisoen het ons binne talle ruimtes goed nagedink oor die wyse waarop ons God se wil onderskei. Ons het byvoorbeeld opnuut geleer dat luister na God nie net geskied by wyse van 'n meganiese lees van Bybeltekste nie, maar ook 'n fyn aanvoeling vereis vir die God van die tekste, vir Sy teenwoordigheid wanneer ons lees en saam besin, vir Sy wil en Sy koninkryk. Ons het geleer dat ons moet luister na diegene wat buite die kontekste leef van waar ons na die tekste kom. Dit vereis dikwels van ons om oor grense te beweeg waar ons nooit vanuit natuurlike oorwegings sou wou gaan nie. Ons het ook geleer dat ons met baie respek na mekaar sal moet luister voordat ons onderskei wat God se wil is. Onderskeiding in ons kerklike vergaderings word nou met die werkswyse van die Algemene Sinode in 2011 'n tree verder geneem. Die Sinode van Wes-en Suid-Kaapland het tydens sy sinode van Mei 2011 die hele proses van luister in vergaderings 'n tree verder geneem deur Bybelleesvaardighede tydens die vergadering te benut wat nog nooit in 'n vergadering van daardie omvang gedoen is nie. Die uitkoms daarvan was 'n intense omgang met die Woord van die Here tydens die vergadering wat bygedra het daartoe dat die kerk sy identiteit as kerk van die Woord op 'n besondere wyse herwaardeer. Die ASM het ook reeds luisterend die sinodes betrek by die vorming van die agenda. Daar is ook reeds deur 'n uitgebreide ASM onderskeidend omgegaan met die Woord, die konteks van ons kerk en die terugvoer van sinodes met die oog op die vorming van die agenda van hierdie vergadering. Ons vertrou dat ons op baie maniere gereed gemaak is om tydens die komende sinode die Hoof van die kerk se stem helder te hoor.

**5.3 WAARDES**
Die Seisoen was nooit 'n poging om voorafbepaalde oortuigings in die kerk te vestig nie. Die versterking van die waardes van die Seisoen nl leerbaarheid, deernis, vertroue en openheid in die kerk sou as toets aangelê kon word vir die betekenis en bydrae van die Seisoen van Luister. 'n Luisterende kerk, so glo ons, is 'n kerk waarbinne hierdie waardes baie sterk geld. Ons is oortuig dat daar groot vordering gemaak is met die versterking van hierdie waardes. Voeg hierby die ontwikkeling van 'n verskeidenheid van luistervaardighede, nuwe kennis en gewoontes wat gevorm is en die bydrae van die Seisoen van Luister tot die vorming van 'n gesonde kerklike kultuur word betekenisvol.

## 6. DANKBETUIGINGS
Graag bedank die bestuur van die Seisoen van Luister die volgende persone vir buitengewone ondersteuning met die werksaamhede van die Seisoen:
**6.1** Die ASM wat oor die jare bly glo het aan die betekenis van "luister" vir die kerk. Die voorsitters van sinodale strukture het telkens verras met die wyse waarop hulle ruimte gemaak het vir die taakspanlede van die Seisoen om binne die opset van hulle sinode hulle rol te speel. Die leidende rol wat dr Kobus Gerber (Algemene Sekretaris) binne die Algemene Sinode-opset gespeel het om vir die Seisoen ruimte te skep, moet vermeld word.
**6.2** Ester Steyn wat as personeellid van die Algemene Sinode geen steen onaangeraak gelaat het om die projekte van die Seisoen te laat slaag nie. Dit is 'n voorreg om saam met haar te werk. Die ander lede van die Algemene Sinode personeel wat haar gehelp het se goeie gesindheid was altyd bo verdenking.
**6.3** Die lede van die Taakspan (sinodale verteenwoordigers) wat met entoesiasme die konsepte van die Seisoen in sinodes ingedra het en ruimtes geskep het vir luister en die ontwikkeling van die waardes van die Seisoen, was 'n toonbeeld van toewyding.
**6.4** Bybel-Media wat die produkte van die Seisoen uitgegee het, die ontwikkeling daarvan geborg het en entoesiasties meegeleef het met die Seisoen, was 'n inspirasie. Dr Pieter Fourie (Uitvoerende Hoof) asook Danny Fourie (Gedrukte Produkte) se persoonlike bydraes en verbintenis tot die sukses van die Seisoen was van deurslaggewende waarde. Bybel-Media het homself bewys as 'n staatmaker-vennoot van die kerk in geloof en bediening.
**6.5** Verskeie medewerkers is gebruik wanneer produkte ontwikkel is. Produkte is dikwels ontwerp na 'n paar rondtes gesprekke met 'n verskeidenheid van rolspelers binne en buite die kerk. Die idee was om luisterend om te gaan met die ontwikkeling van produkte. Produkte is ook dikwels eers 'n rondte in gemeentes getoets voordat dit finaal geredigeer is. Almal wat hiermee gehelp het, het 'n groot bydrae gelewer tot die sukses van die produkte.

**6.6** Chris van Wyk is die een persoon wat ons ken wat kan werk sonder ophou, gekonnekteer is met bykans die hele wêreld en konsepte en planne op ’n onvergelykbare manier kan ontwikkel en staan maak. Nie alleen het die idee van die Seisoen destyds by hom ontstaan nie, maar het hy ’n leidende rol gespeel in die ontwikkeling van bykans al die produkte van die Seisoen. Hy het ook die ontwerp en bedryf van die Seisoen-webblad behartig, die terugvoere van gemeentes wanneer produkte getoets is, verwerk en ’n onnoembare hoeveelheid werk verrig om die Seisoen te maak werk. Hy het sy skerp teolgiese vaardighede, sy rykdom van kennis en insig in globale kerklike bewegings en passie vir die Koning van die kerk met ’n gesindheid van geloofsvertroue en selfprysgawe diensbaar gestel aan die kerk en koninkryk. Hy is ’n gawe van die Here aan die kerk.
**6.7** Frederick Marais en Nico Simpson het reuse werk gedoen om konsepte te verfyn en om die leerproses rakende luister telkens verder te neem. Frederick se kennis van kerklike prosesse was vir die Seisoen van onskatbare waarde. Sy en Nico se insette by verskeie van die produkte van die Seisoen getuig van diepgaande teologiese kennis en insig, spesiale vaardighede en passie vir die kerk en koninkryk. Sonder hulle bydraes sou ons bes moontlik vroeg die spoor byster geraak het.
**6.8** Dit is vir ons ’n heerlike voorreg om deel te wees van ’n kerk wat genoeg insig het om ’n Seisoen van Luister te loots. Dit is ’n kerk wat oop is om te leer, bereid is om God en mekaar te vertrou met sy broosheid en gereed is om die uitdagings van die koninkryk op te neem vir sy rekening. Ons dank ons Hemelse Vader vir die geleentheid om in hierdie baie besonderse kerk as bestuur van die Seisoen van Luister diensbaar te kon wees. Ons vertrou dat Hy hierdie luisterende kerk nog lank sal gebruik in sy diens.

## 7. AANBEVELING: SEISOEN VAN LUISTER

**Die Algemene Sinode besluit dat die Seisoen van Luister-bestuur sy werksaamhede voortsit as projek van die Algemene Sinode.**

## MODERAMEN BYLAAG 8

# WERKGROEP NAVORSING

## 1. INLEIDING

**1.1** Dit word wyd aanvaar dat die kerk, en derhalwe ook die Algemene Sinode, navorsingsresultate nodig het wanneer standpunte en beleid geformuleer word of keuses vir bedieningsstyle en -strategieë uitgeoefen word. Navorsing wat daarop gerig is om die kerk (gemeentes, ringe, sinodes en Algemene Sinode) te bedien, word reeds op verskillende vlakke en in verskillende kontekste gedoen, byvoorbeeld aan universiteite, deur navorsingsinstellings, en ook deur diensgroepe en projekspanne wat in die kerk aangewys word.
**1.2** Die benutting van navorsing deur die kerk hang dikwels af van die relevansie daarvan vir die praktyk en die toeganklikheid van die navorsingsresultate. ’n Ander faktor is die onderwerpe wat nagevors word. Die keuse van navorsingsonderwerpe gebeur dikwels ad hoc en word sterk beïnvloed deur die voorkeure van die navorser of die groep of instelling wat die opdrag vir die navorsing gee. Die Moderamen het aan die begin van sy termyn in 2007 besluit om ’n navorsingsprotokol te ontwikkel wat navorsing binne die strukture van die Algemene Sinode moes rig. Vir die doel is ’n ad hoc-taakspan aangewys.
**1.3** Nadat die navorsingsprotokol in 2008 deur die Moderamen van die Algemene Sinode goedgekeur is, het die Moderamen die ad hoc-taakspan aangewys as ’n navorsingswerkgroep om voorstelle te formuleer oor die identifisering, prioritisering en bestuur van ‘n oorkoepelende navorsingsprojek binne die raamwerk van die protokol. Die kantoor van die Algemene Sinode het opdrag ontvang om na die navorsingsvoorstelle en -behoeftes te kyk ten einde dit te koördineer en te struktureer in oorleg met prof Kobus Schoeman en die betrokke rolspelers.

## 2. ‘N NAVORSINGSPROTOKOL VIR DIE ALGEMENE SINODE

**2.1** Die Moderamen het die volgende protokol goedgekeur as die raamwerk vir navorsing binne die konteks van die Algemene Sinode:

***1. WAARDES WAT DIE NAVORSING DRYF EN RIG***
*Die volgende waardes rig die navorsing:*
*1.1 Die navorsing lewer navorsingsresultate en -verslae tot diens van die kerklike bediening en gemeentes.*
*1.2 Die Roepingsverklaring (2007) dien as raamwerk waarbinne die navorsing gedoen word.*
*1.3 Die navorsing is akademies verantwoordbaar.*
*1.4 Sterk klem word op ’n spanbenadering gelê. Interaksie tussen alle rolspelers van die begin tot die interpretasie van die uitkomste is van kardinale belang.*
*1.5 Die navorsing word vanuit verskeie metodologieë (kwantitatief, kwalitatief, narratief, ens.) gedoen.*

***2. DOEL VAN NAVORSING***
2.1 Te beskryf
2.2 Te verstaan
2.3 Te verklaar
2.4 Te beplan

***3. BELANGHEBBERS***
*Die navorsing geskied in opdrag van en onder die toesig van die Algemene Sinode. Die volgende instansies het ’n belang by die navorsing:*
*3.1 ASM*
*3.2 Diensgroepe en taakspanne*
*3.3 Sinodes*
*3.4 Gemeentes*

***4. VERSKILLENDE SOORTE NAVORSING***
*4.1 Langtermyn / herhalende / longitudinale studies (tendense).*
*4.2 Spesifieke fokus as gevolg van ’n bepaalde opdrag, aktuele tema, ens.*
*4.3 Gerig op die bedieningsontwikkeling van gemeentes, ens*

***5. PROJEKNAAM***
*Die navorsing geskied onder ’n breë projeknaam waaruit verskeie projekte ontwikkel kan word. “Kerkspieël” kan byvoorbeeld as handelsnaam van die Algemene Sinode in die verband gebruik en geregistreer word.*

***6. VESTIGING EN INSTANDHOUDING VAN NETWERKE/VENNOOTSKAPPE***
*Daar kan in ’n meerdere of mindere mate met die volgende instansies saam gewerk word:*
*6.1 Sentra vir VBO*
*6.2 ISWEN*

*6.3 Markdata*
*6.4 Markinor*
*6.5 AC Nielsen*
*6.6 Universiteite, veral Teologiese Fakulteite*
*6.7 Ander uit bv die  buiteland, PC(USA), ens*
*6.8 GDN*

***7. RESULTATE EN UITSETTE***
*7.1 Verslae en inligting wat gebruik kan word vir beleidvorming*
*7.2 Bedieningsmateriaal, ens*
*7.3 Publikasies*
*7.4 Op die webwerf*

***8. FINANSIERING***
*Die finansiering hou direk verband met die omvang van die verskillende navorsingsprojekte. Die volgende is moontlike bronne:*
*8.1 Sentrale fonds in die kantoor van die Algemene Sekretaris*
*8.2 Borgskappe en/of kontraktering deur streeksinodes en diensgroepe*
*8.3 Buitekerklike bronne bv akademiese toekennings*
*8.4 Verkoop van dienste*

***9. ADRES***
*Kantoor van die Algemene Sekretaris.*

***10. IDENTIFISERING, KOÖRDINERING EN PRIORITISERING***
*10.1 Die Moderamen identifiseer en prioritiseer die oorkoepelende projek en tema. Sub-temas kan ook so geïdentifiseer word.*
*10.2 Die bestuur van die navorsing word deur 'n navorsingswerkgroep (taakspan) gedoen.*
*10.3 Ondersteuning word deur die kantoor van die Algemene Sekretaris gedoen.*
*10.4 Sekondêre navorsing aan byvoorbeeld 'n Teologiese Fakulteit, kan hieruit voortvloei.*

**2.2** Gaandeweg het dit vir die taakspan duidelik geword dat die protokol saamgelees en belyn moet word met die voorstelle van die verslag oor die toekomstige strukturering van werksaamhede van die Algemene Sinode. Die implikasie van dié voorstelle vir die navorsingsfunksie is dat toekomstige navorsingsprojekte gerig behoort te wees op die prioriteite wat deur die Algemene Sinode geïdentifiseer word.

## 3. KERKSPIEËL

### 3.1 DIE NAAM AS ‘N OORKOEPELENDE HANDELSMERK

Oor die jare is die Kerkspieël-projek goed in die kerk gevestig as 'n omvattende navorsingsprojek wat die kerk in staat stel om verskillende tendense, byvoorbeeld demografiese skuiwe, te lees. Daar is al meer belangstelling van ander kerke en ook van individuele navorsers in die metodologie asook die resultate van die projek. In die lig daarvan het die werkgroep by die Moderamen aanbeveel om die intellektuele eiendom te beskerm deur die naam “*KERKSPIEËL*” as 'n oorkoepelende handelsmerk vir die Algemene Sinode se navorsingsprojekte te registreer. Die doel van die handelsmerk is om 'n oorkoepelende, geregistreerde naam daar te stel vir al die navorsingsaktiwiteite van die Algemene Sinode. Dit sal 'n identiteit aan die kerk se navorsing gee en hopelik ook meewerk om groter koördinering en integrasie van navorsingsprojekte in die kerk te bewerkstellig. Die registrasieproses is tans aan die gang. Daar is ook 'n webblad geregistreer met dieselfde naam. http://www.kerkspieel.co.za

### 3.2 BESTAANDE PROJEK: GEMEENTE- EN EREDIENSGANGERVRAELYS

**3.2.1** Die vierjaarlikse opnames is reeds sedert 1980 aan die gang. Die resultate van die verskillende opnames is nou in afsonderlike volumes gebind en ook elektronies op kompakskywe gestoor. Stelle van beide die gebonde volumes asook die kompakskywe word onderskeidelik in die Argief van die Algemene Sinode, die kantoor van die Algemene Sekretaris asook by die Teologie Fakulteit van die Universiteit van die Vrystaat, die navorsingsvennoot, bewaar. Die resultate is ook op die Kerkspieël se webblad beskikbaar.
**3.2.2** Die jongste opname is in 2010 gedoen en het bestaan uit 'n Gemeentevraelys en ‘n Erediensgangervraelys. Die ingesamelde data word tans verwerk en die eerste resultate sal in 'n afsonderlike dokument aan die sinode in sitting voorsien word.

### 3.3 NUWE PROJEK: PREDIKANTEPANEEL

Die Moderamen het die voorstel van die werkgroep dat die Predikantevraelys wat vroeër deel was van die vierjaarlikse opnames voortaan as 'n losstaande projek hanteer word, goedgekeur. Die projek is geskoei op die *Presbyterian Panel* van die PC(USA) en het ten doel om meer gereeld die menings en houdings van predikante

oor ’n wye verskeidenheid van temas, nie net kerklik nie, te wete te kom. ’n Predikantepaneel bestaande uit 180 predikante wat ewekansig uit die poel van dienende predikante saamgestel word, sal vir ’n periode van drie jaar aan die opnames deelneem.

### 3.4 NAVORSING OOR KLEIN GEMEENTES

Naas die inligting wat uit bogenoemde opnames beskikbaar is oor klein gemeentes het die vorige Algemene Sinode opdrag gegee dat navorsing oor klein gemeentes onderneem word. Die projek is binne die raamwerk van die protokol en die ruimte van die navorsingswerkgroep onderneem. Die verslag van hierdie projek dien egter as ’n afdeling van die verslag van die Algemene Diensgroep Gemeente-ontwikkeling aangesien die opdrag aanvanklik aan die diensgroep gegee is.

### 3.5 BEHOEFTE AAN INLIGTING OOR BESTAANDE NAVORSING

Die werkgroep het die behoefte dat inligting wat deur vorige Kerkspieëlopnames gegenereer is asook navorsing wat verwant is aan die opnames meer bekend sal wees.  Daar is ook behoefte dat bestaande navorsing binne die kerk, maar ook ander instellings byvoorbeeld die teologiese fakulteite, bekend sal wees en ontsluit word.

## 4. VOORGESTELDE PROJEKTE

Die navorsingswerkgroep het reeds ’n verskeidenheid voorstelle van diensgroepe ontvang:
**4.1** Navorsing oor die mobiliteit, toekomstige voorsiening en emeritaat van predikante
**4.2** Navorsing oor geloofsontwikkeling en kategese in die NG Kerk
**4.3** Die huidige stand van gemeentelike diakonaat
**4.4** Uit die projek oor klein gemeentes is die behoefte geïdentifiseer dat soortgelyke navorsing ook onderneem behoort te word ten opsigte van ander tipe gemeentes, byvoorbeeld gemeentes met ’n groot aantal sekuriteitskomplekse en die eise wat dit aan die bediening stel.

## 5. BETROKKENHEID VAN DIE ANDER KERKE IN DIE NG KERKFAMILIE

Reeds in die samestelling van die aanvanklike ad hoc-taakspan was die ander kerke in die NG Kerkfamilie verteenwoordig.  Die werkgroep oordeel dat navorsingsprojekte in die toekoms so beplan moet word dat dit ook sal aansluit by die behoeftes  van die ander kerke in die NG Kerkfamilie.

## 6. AANBEVELINGS: NAVORSING

**6.1 Die Algemene Sinode**

**6.1.1 bevestig dat navorsing onontbeerlik vir die werksaamhede van die kerk is**
**6.1.2 versoek die Moderamen om ’n Taakspan: Navorsing aan te wys wat navorsing in die Algemene Sinodale sisteem, insluitend navorsing wat na ander instellings soos ISWEN uitgekontrakteer word, moet koördineer**
**6.1.3 versoek die Moderamen om ’n begroting vir die funksionering van die Taakspan beskikbaar te stel**
**6.1.4 versoek die Moderamen om jaarliks vir navorsingsprojekte wat in lyn is met die gestelde prioriteite te begroot.**

# A.12 REGTE

## 1. PERSONEEL

Drr JH Ernst (voorsitter), L Ungerer, JM vd Merwe, HJ Kleynhans (skriba), PR du Toit, di JP Theron, GJ Duursema, EGJ de G Schutte, FJ van der Merwe, HM Janse van Rensburg, DW Krüger, T Danzfuss, HJ v Zyl, proff P Coertzen en PJ Strauss.

## 2. OPDRAGTE VAN DIE ALGEMENE SINODE 2007 VIR DIE AANDAG VAN DIE ATR

### 2.1 EKKLESIOLOGIESE GESPREKSDOKUMENT

(Vergelyk Agenda 2007 Deel I, Verslag van die Algemene Diensgroep vir Gemeente-ontwikkeling, bladsy 40, punt 1.3 (Algemene Diensgroep Gemeente-ontwikkeling, Bylaag 1, bl 44)).
1. Die Algemene Sinode keur die dokument " 'n Afgebakende en praktiese gemeentelike ekklesiologie" as gespreksdokument goed.
2. Die Algemene Sinode versoek die sinode om die dokument op gepaste wyse te hanteer.
3. Die Algemene Sinode versoek die Algemene Taakspan Regte (ATR), om in samewerking met Algemene Diensgroep Gemeente-ontwikkeling (ADGO), te kyk na moontlike Kerkordelike-implikasies wat hieruit mag voortspruit en om die sinode met toepaslike tersaaklike aanbevelings te dien.
4. Die Algemene Sinode versoek die ADGO, om in samewerking met Bybelmedia, moontlikhede te ondersoek om die saak onder bespreking deur middel van gepaste publikasies bekend te stel.

Die ATR het bevind dat geen kerkordelike wysiginge op grond van die dokument gedoen moet word nie.

**2.1.1 AANBEVELING: EKKLESIOLOGIESE GESPREKSDOKUMENT**

**Die Algemene Sinode neem kennis dat daar geen kerkordelike wysiginge op grond van die dokument aanbeveel word nie.**

### 2.2 NUWE GEMEENTE-ONTWIKKELING

(Vergelyk Agenda 2007 Deel I, Verslag van die Algemene Diensgroep vir Gemeente-Ontwikkeling , bladsy 43, punt 5.1 (Algemene Diensgroep Gemeente-ontwikkeling Bylaag 5 bladsy 75))
1. Die Algemene Sinode neem kennis van die bylae.
2. Die Algemene Sinode versoek kerkrade om ernstig oor die implikasies van Nuwe Gemeente-Ontwikkeling (NGO), binne hul eie konteks, te besin en nuwe gemeentestigting as doelgerigte metode vir kerkgroei te oorweeg.
3. Die Algemene Sinode versoek sinodes om verantwoordelikheid te aanvaar om relevante uitdagings in hul sinodale gebied sinvol aan te spreek.
4. Die Algemene Sinode versoek die Algemene Teologiese Kommissie (AKTO) om toe te sien dat die saak die nodige aandag in die kurrikula van die verskillende teologiese fakulteite kry.
5. Die Algemene Sinode keur die vermeerdering, kombinering, eenwording en samesmelting van gemeentes goed. (Bylae 2)
6. Die Algemene Sinode versoek die ATR, om in oorleg met ADGO, aandag te gee aan die moontlikheid dat gemeentestigting uit meer as een kerkverband kan geskied.

Die ATR het die opdrag verreken in sy hersiening van *Kerkorde* Reglement 6.

**2.2.1 AANBEVELING: NUWE GEMEENTE-ONTWIKKELING**

**Die vergadering neem kennis dat die ATR uitvoering aan hierdie opdrag gegee het in sy hersiening van *Kerkorde* Reglement 6.**

### 2.3 BESKRYWINGSPUNT B.1.2 ALGEMENE SINODE:

(Vergelyk Aanvullende Verslae bladsy 66)
1. Die Algemene Sinode neem op advies van die Tydelike Taakgroep Regte kennis dat hierdie beskrywingspunt nie op die voorgeskrewe tyd in terme van die Kerkorde (2004) Reglement 15.6.2 ingehandig is nie, en dat die Sinode daarom oor die ontvanklikheid van hierdie beskrywingspunt moet besluit volgens die Kerkorde (2004) Reglement 15.6.3.
2. Die Algemene Sinode besluit om die Beskrywingspunt in ontvangs te neem en verwys die Beskrywingspunt na die ATR vir aanbeveling by die volgende Algemene Sinode. Sinodes kan kommentaar aan die ATR stuur.
3. Die Algemene Sinode neem kennis dat Noord-Kaap die deel van die Beskrywingspunt wat oor KO Art 43 handel, terugtrek in die lig van die besluite wat die Algemene Sinode reeds hieroor geneem het.

Die ATR het die opdrag verreken in sy hersiening van *Kerkorde* Art$^{s}$ 20, 43.

**2.3.1 AANBEVELING: BESKRYWINGSPUNT B.1.2 (2007)**

**Die vergadering neem kennis dat die ATR uitvoering aan hierdie opdrag gegee het in sy hersiening van *Kerkorde* Art$^{s}$ 20, 43.**

**2.4 ARTIKEL 48.2**

(Vgl Aanvullende Verslae bl 19, A.3.4.1 Algemene Taakspan Regte pt 5.2)
Die Algemene Sinode versoek die ATR om met Kerkorde Art. 48.2 te handel in die lig van die besluit van die Algemene Sinode by die studiestuk van ADGO oor Ekklesiologie.

Die ATR het die opdrag verreken in sy hersiening van *Kerkorde* Art 48.2.

**2.4.1 AANBEVELING: ARTIKEL 48.2**

**Die vergadering neem kennis dat die ATR uitvoering aan hierdie opdrag gegee het in sy hersiening van *Kerkorde* Art 48.2.**

**2.5 APPROBASIE BY BELYDENISWYSIGING EN/OF KERKEENHEID**

(Vgl Aanvullende Verslae bl 38 – 41 pt 1)
1. Die Algemene Sinode neem kennis van die verslag oor approbasie by kerkeenheid.
2. Nie goedgekeur nie.
Vergelyk Handelinge Algemene Sinode 2007 bladsye 104 en 206
Vergelyk Handelinge Algemene Sinode 2007, Beskrywingspunt B.5.1 (Wes-Transvaal) bladsye 104 en 207
Die Algemene Sinode neem kennis van die Beskrywingspunt en versoek die ATR om die saak ten opsigte van regsadvies te hanteer en die advies aan die Algemene Sinodale verband deur te gee.

Die ATR het die opdrag verreken in sy hersiening van *Kerkorde* Reglement 6 en doen soos volg verslag:

**2.5.1. AGTERGROND**

**2.5.1.1** Die verslag behels in hoofsaak dat die hofuitsprake wat bestudeer is en die regsadvies wat aan die hand daarvan ingewin is tot die volgende gevolgtrekkings aanleiding gegee het:

**2.5.1.1.1** Die Appèlhof het in 1998 daarop gewys dat *elke gemeente* van die kerk, deur sy verteenwoordiging in die streeksinode, inspraak in 'n moontlike wysiging van die belydenis deur die Algemene Sinode moet hê. Daarby is die Algemene Sinode nie by magte om eensydig die gemeente se aard of identiteit te verander of te ontbind nie. Regter W Viviers het toe 'n belangrike terloopse opmerking (*obiter dictum*) gemaak: "Dat een oorblywende gemeentelid die gemeente kan vorm, moet in die huidige omstandighede, in die lig van die bepalings van die Kerkorde waarvolgens die kerkraad die gesagsorgaan is wat namens die gemeente optree, moontlik *gekwalifiseer* word."

**2.5.1.1.2** Die Algemene Taakspan Regte (ATR) het hieroor regsmenings ingewin wat daarop gewys het dat indien die *Kerkorde* nie voorsiening maak vir wysiging deur *meerderheidstemming* nie, wysiging slegs met *eenstemmigheid* kan plaasvind. Die *Kerkorde* maak tans voorsiening vir 'n *tweederdemeerheid* in die kerkraad. Maar die kerkraad kan, volgens die bestaande hofuitsprake en aangevraagde regsmening, nie sonder die instemming van die gemeente oor belydenis- en/of kerkverbandwysiging besluit nie.

**2.5.1.1.3** Die ATR het 'n voorstel oor die wyse waarop die instemming en approbasie van die gemeente verkry kan word aan die Algemene Sinodale Moderamen (ASM) voorgelê. Na indringende bespreking en beginselgoedkeuring het die ASM die ATR versoek om die voorstel uit te brei en vir 'n moontlike alternatief voorsiening te maak.

**2.5.1.1.4** Die voorstel met alternatief moet nie gesien word as 'n verskuiwing van die doelpale om kerkhereniging of die aanvaarding van 'n ander belydenis onmoontlik te maak nie. Die doel van die voorstel met alternatief is om dit "tegnies" moontlik te maak dat 'n *beduidende meerderheid* in 'n gemeente die kerkraad en die res van die kerkverband tot die uitvoering van 'n besluit oor belydenis- en/of kerkverbandwysiging kan bring. Terselfdertyd moet die eenheid van die kerk bewaar en die belange van die minderheid ook gedien word.

**2.5.1.1.5** Kerklik gesproke behoort die kleiner minderheid by die besluit van die *oorgrote meerderheid* te berus, mits die besluit natuurlik in afhanklikheid voor God en op grond van die Woord en aan die hand van Belydenis en *Kerkorde* geneem is.

**2.5.2. AANBEVELING MET BETREKKING TOT INSTEMMING EN APPROBASIE BY BELYDENIS-/VERBANDWYSIGING**

**2.5.2.1 Die Algemene Sinode besluit soos volg oor die wyses waarop die instemming van en approbasie deur die gemeente verkry kan word by die voorgestelde wysiging van die belydenisgrondslag van die NG Kerk en/of die voorgestelde wysiging van die kerkverband by moontlike eenwording van die Familie van NG Kerke.**

**2.5.2.1.1. Voeg die volgende voetnota by Kerkorde Art 44.1 "Vir die wyse waarop die besluit van Kerkrade oor die verandering van die belydenisgrondslag van die NG Kerk hanteer word ten einde die instemming en approbasie van gemeentes met die besluit te verkry, sien *Kerkorde* Regl 6: 6"**

**2.5.2.1.2. Verander die opskrif van KO Reglement 6 om te lees: "Reglement vir die Vermeerdering, Kombinasie, Eenwording en Samesmelting van gemeentes, <u>en vir die Vorming van 'n nuwe Kerkverband.</u>"**

**2.5.2.1.3. Voeg 'n nuwe 6 by *Kerkorde* Regl 6, met die opskrif "<u>Die Vorming van 'n Nuwe Kerkverband</u>".**

**2.5.2.1.4. Die nuwe Regl 6: 6 lees soos volg:**

<u>"6.1 Die kerkraad lê sy voorstel oor die wysiging/handhawing van die belydenis/kerkverband éérs aan die gemeente voor vir die instemming van die belydende lidmate. Nadat die instemming van twee derdes van die lidmate verkry is, finaliseer die Kerkraad sy besluit met 'n tweederdemeerderheid, waarna die finale besluit wéér op twee agtereenvolgende Sondae aan die gemeente vir approbasie voorgelê word</u>.

6.2 Die Kerkraad besluit om die instemming van die gemeente soos in 6.1 hierbo genoem, op een van die volgende twee wyses te verkry:
6.2.1 Die instemming van belydende lidmate word per geslote stembrief verkry tydens 'n gemeentevergadering wat die kerkraad met die belydende lidmate van die gemeente belê het en waarvan daar by die erediens(te) op vier agtereenvolgende Sondae vooraf kennis gegee is van beide die vergaderdatum en die inhoud van die voorstel. By hierdie vergadering is twee waarnemers deur die ring/sy gevolmagtigde kommissie aangewys, teenwoordig. Die voorsitter en skriba van die kerkraad tree op as ampsdraers van hierdie vergadering.
6.2.1.1 Lidmate wat 'n wettige verskoning het waarom hulle nie die betrokke gemeentevergadering kan bywoon nie, kan hul stem vooraf per geslote stembrief uitbring. Hierdie stemme word getel nadat die stemming op die gemeentevergadering uitgebring is.
6.2.2 Die instemming van belydende lidmate word per geslote stembrief verkry wat persoonlik en sonder enige stemwerwing deur die kerkraad aan elke ongesensureerde belydende lidmaat van die gemeente beskikbaar gestel word. Minstens 14 (veertien) dae moet na ontvangs toegelaat word vir die inhandiging van die stembrief.
6.2.2.1 Dit is die lidmaat se verantwoordelikheid om toe te sien dat die voltooide stembrief die kerkkantoor van die gemeente voor of op die sperdatum bereik. Die stemtelling vind plaas in die teenwoordigheid van twee waarnemers deur die ring/sy gevolmagtigde kommissie aangewys.
6.3 Die tweederdemeerderheid van die gemeente se instemming word bepaal deur die getal uitgebragte stemme.
6.4 Die kerkraad kan met lidmate en die kerkverband kan met gemeentes wat in die minderheid gestem het en wat nie bereid is om deel te word van die nuwe kerkverband nie, onderhandel oor billike kompensering.
6.5 Die kerkraad stel deurgaans alle pogings in werking om kerkskeuring te voorkom."

**2.6 REGSADVIES TEN OPSIGTE VAN KERKVERENIGING**

BESKRYWINGSPUNT B.5.1 (Wes-Transvaal) (vgl Agenda Deel I Beskrywingspunt B.5.1 bladsy 495, Agenda Deel II bladsy 15 asook T.2.1 Eerste Verslag van die Tydelike Kommissie vir Algemene en Ekumeniese Sake bl 1 pt 2) – goedgekeur soos gewysig.
Die Algemene Sinode neem kennis van die Beskrywingspunt en versoek die ATR om die saak tov regsadvies te hanteer en die advies aan die Algemene Sinodale verband deur te gee.

Die ATR het die opdrag verreken in sy hersiening van *Kerkorde* Art 44.

**2.6.1 AANBEVELING: REGSADVIES TOV KERKVERENIGING**

**Die vergadering neem kennis dat die ATR uitvoering aan hierdie opdrag gegee het in sy hersiening van *Kerkorde* Art 44 en Regl 6: 6.**

**2.7 KERKLIKE TRIBUNALE / TUG EN DISSIPLINE**

(Vgl Agenda 2007 Deel I bl 331, A.3.4.2 Verslag van die Algemene Taakspan Regte pt 1.4.7, Agenda Deel II bl 24 asook Aanvullende Verslae bl 16, A.3.4.1 Aanvullende Verslag van die ATR pt 1) Die Algemene Sinode besluit dat die Verslag oor Kerklike Tribunale vir bespreking na die sinodes (met die versoek dat hulle verder raadpleeg in die sinodale gebied) verwys word vir kommentaar aan die ATR, met verslag aan die volgende vergadering van die Algemene Sinode. Die saak moet ook via die ASM met die NG kerkfamilie en die kerke binne die TKR bespreek word.
Vergelyk Handelinge Algemene Sinode 2007 bladsye 108 en 216
Die Algemene Sinode besluit dat die Verslag oor Kerklike Tribunale vir bespreking na die sinodes (met die versoek dat hulle verder raadpleeg in die sinodale gebied) verwys word vir kommentaar aan die ATR, met verslag aan die volgende vergadering van die Algemene Sinode.
Vergelyk Handelinge Algemene Sinode 2007, bladsye 142, 216 en 217
Die Algemene Sinode besluit om opdrag aan die ATR te gee om na gelang van omstandighede in die proefperiode enige wysiginge aan die voorgestelde reglement aan te bring met goedkeuring deur die ASM. Die Algemene Sinode het besluit om opdrag aan die ATR te gee om regsadvies in te win oor die geldigheid van sodanige proefneming.
AMENDEMENT: KERKLIKE TRIBUNALE (GJ Cloete/ L Ungerer) – goedgekeur
Die Algemene Sinode voeg 'n tweede punt by:
2. Die Algemene Sinode:
2.1 besluit dat, naas die bespreking en besinning deur sinodes, die reglement vir die Kerklike Tribunaal ook proefondervindelik getoets moet word;
2.2 gee gevolglik opdrag aan die ATR om twee sinodes te vind wat bereid is om ondersoeke wat volgens KO artikels 12 en 59-66 gedoen sou word en wat die bedieningsbevoegdheid van predikante raak, volgens die voorgestelde Reglement vir die Sinodale Tribunaal te doen en om oor-en-weer as appèlliggame op te tree;
2.3 gee opdrag aan die ATR om die proefondervindelike aksies te moniteer met gereelde verslag aan die ASM.
VERDERE BESLUIT - TRIBUNALE (vgl T.7.5 bl 1 pt 2)
Die Algemene Sinode besluit:
1. om die Sinode van Wes-Transvaal en die Noordelike Sinode te versoek om aan die hand van die voorgestelde Reglement vir Tribunale (slegs vanaf punt 2, Agendaboek I bladsy 333) ondersoeke wat die bevoegdheid van predikante raak, proefondervindelik te implementeer;

2. om opdrag aan die ATR te gee om na gelang van omstandighede in die proefperiode enige wysiginge aan die voorgestelde reglement aan te bring met goedkeuring deur die ASM;
3. om ter wille van die proeftydperk die volgende aanpassings te maak aan die Reglement vir die duur van die proefperiode:
3.1 punt 2.6 – vervang AT met ATR
3.2 punt 3 – vervang telkens AT met ATR
4. om die twee deelnemende sinodes te versoek om die ATR gereeld op hoogte te hou van die prosesse/ondersoeke;
5. om, in die lig van Kerkorde Art 45.2, Artikels 12, 59-66 wat betrekking het op die predikant se bedieningsbevoegdheid, vir die deelnemende sinodes op te skort tot die volgende vergadering van die Algemene Sinode;
6. dat die Sinodale Tribunaal eers in die betrokke sinodes sal geld nadat elke betrokke sinode die reglement asook deelname aan die proefneming, goedgekeur het; en
7. om opdrag aan die ATR te gee om regsadvies in te win oor die geldigheid van sodanige proefneming.

Die ATR het soos volg uitvoering gegee aan hierdie opdrag:

**2.7.1. AGTERGROND**
**2.7.1.1** Die verslag behels in hoofsaak dat die gedagte om kerklike ondersoeke deur ‘n tribunaal te laat doen, laat vaar word. Kerklike ondersoeke wat ampsdraers in diens van gemeentes raak, hoort kerkregtelik by die ring. Ringe het hierin bystand nodig en die voorgestelde Algemene Bevoegdheidsraad (ABR) kan saam met kundiges uit die sinodes ‘n waardevolle rol in dié verband speel. Daar is nie sekerheid oor die verskil tussen tugoptrede en dissiplinêre aksie nie. Ringsvergaderinge pas nie dieselfde tugmaatreëls vir dieselfde tipe oortredings toe nie. Daar moet gepoog word om in die hele NG Kerk die tug- en/of dissiplinêre optrede so ver moontlik gelykluidend te laat wees. Die hou van ‘n ondersoekregister deur die voorgestelde ABR kan hiermee help.
**2.7.1.2** Daar is nie ‘n wesenlike betekenisverskil tussen die woorde “tug” en “dissipline” nie. Kerklike tug is dissipline en kerklike dissipline is tug. Die woord “tug” kom van die Middel-Nederlandse woord “tiën”, later “tiegen”, wat “trek” beteken. Iets daarvan het in die Afrikaanse woord “tuig”, “tugtiging” en “oortuiging” oorgebly. Met die tug word opgetrek, opgevoed, tot orde gebring, gedissiplineer of gestraf. Die woord “dissipline” is ontleen aan die Klassieke Latyn, naamlik van “disciplina” wat die onderwys, opvoeding, tug en straf van ‘n “discipulus” (leerling) ten doel het.
**2.7.1.3** Alhoewel tug en dissipline nie in terme van *betekenis* van mekaar geskei kan word nie, kan die twee woorde wel vir twee onderskeibare kerklike handelinge met onderskeibare uitkomste gebruik word. Daar kan nie ‘n prinsipiële beswaar wees teen die gebruik van die term *tug* vir die kerklike handeling waarmee **lidmate en ampsdraers** in verband met gemeentelike verhoudinge opgevoed, tot orde geroep en bestraf word nie. Eweneens kan daar nie ‘n grondige beswaar ingebring word teen die gebruik van die term *dissipline* vir die kerklike handeling waarmee **werknemers** in verband met diensverhoudinge opgevoed, tot orde geroep en bestraf word nie. By *tug* kan lidmate in gemeentelike verband vermaan, bestraf, onder sensuur geplaas en afgesny word, terwyl ampsdraers in die amp vir ‘n tydperk geskors en uit die amp ontslaan word. By *dissipline* kan ‘n werknemer in diensverhoudingverband aangespreek, skriftelik gewaarsku, in diens vir ‘n tydperk geskors en uit diens ontslaan word.
**2.7.1.4** Die ergerlike aard van die oortreding, die volharding daarin en die openbare aanstoot wat dit gee, lei tot die *tug-* en/of *dissiplinêre* optrede in terme waarvan ‘n bedienaar van die Woord/proponent sy of haar bevoegdheid kan verloor. Daar is prinsipieel geen verskil tussen ‘n ouderling of diaken se afsetting uit die diens weens skuldigbevinding na ergerlike wangedrag soos owerspel, onsedelikheid, egskeiding, moord, meineed, diefstal of leerdwalings nie, en die beëindiging van ‘n bedienaar van die Woord se ampsbevoegdheid na soortgelyke oortreding nie.

**2.7.2. VOORGESTELDE WYSIGINGS AAN DIE KERKORDE**
Die gedeeltes wat onderstreep is, behels die voorgestelde wysiginge aan die *Kerkorde*:
***Artikel 58***
~~58.1~~ Werknemers se diensverhouding word per diensooreenkoms gereël (vir die diensverhouding van bedienaars van die Woord sien Art$^{s}$. 7, 9, 12 en die Bestuurshandleiding).
Skrap 58.2 en 58.3. Word deur die nuwe Artikel 63 ondervang.
**HOOFSTUK 5**
**KERKLIKE OPSIG, TUG EN DISSIPLINE**
**Artikel 59**
*Doel en voorskrifte*
59.1 Kerklike opsig word gehou en kerklike tug en dissipline word uitgeoefen
59.1.1 tot eer van God;
59.1.2 tot heil van die Kerk;
59.1.3 tot behoud van die sondaar;
59.2 volgens voorskrifte van

59.2.1 die Woord van God;
59.2.2 die Belydenisskrifte;
59.2.3 die *Kerkorde* en ander bepalinge van die Kerk;
59.2.4 die diensooreenkoms.

**Artikel 60**

*Kerklike opsig en tug*

60.1 Die kerklike opsig en tug dra 'n geestelike karakter en pas by die kerk as 'n geloofs- en 'n liefdesgemeenskap. Opsig en tug word dus op 'n kerklike wyse en met geestelike middele uitgeoefen.
60.2 Die amptelike uitoefening van die kerklike tug deur kerkvergaderinge of hulle gevolmagtigdes vervang nie die roeping van die gelowiges tot onderlinge vermaning nie, maar vul dit aan.
60.3 Amptelike kerklike opsig en tug is pastoraal-kerkregtelik van aard en moet uit 'n Bybelse en geestelike oogpunt billik en regverdig toegepas word.
60.4 Die kerklike opsig gaan oor die hele lewenswandel (leer en lewe) van al die lidmate (doop en belydend) van die gemeente, ampsdraers ingesluit.

**Artikel 61**

Tugwaardige sondes

61.1 Sondes wat tot kerklike tug kan lei, is sondes wat indruis teen die Woord van God en die belydenis van die Kerk.
61.2 Sondes wat openbare aanstoot gee of wat na aanleiding van die voorskrifte van Matteus 18:15 - 17 onder die aandag van die Kerk kom, stel die oortreder(s) bloot aan 'n amptelike tug ondersoek.
~~61.3 Die kerklike opsig gaan oor die hele lewenswandel (leer en lewe) van al die lidmate (doop en belydend) van die gemeente, ampsdraers ingesluit.~~

**Artikel 62**

*Lidmate, ampsdraers, ander gelegitimeerdes en werknemers*

62.1 Alle doop- en belydende lidmate van die gemeente val onder die opsig en tug van die kerkraad.
62.2 Alle ouderlinge, diakens, bedienaars van die Woord, emeriti en proponente staan onder die opsig en tug van die ring, sonder om die opsig van die kerkraad oor sy ampsdraers uit te sluit (vgl. Art. 31.7).
62.3 Lidmate van die kerk, wat as werknemers in diens van 'n gemeente of die kerkverband is, kan weens wangedrag getug word.

**Artikel 63**

*Kerklike dissipline*

63.1 Werknemers in diens van 'n gemeente of die kerkverband, kan in terme van hulle diensverhouding kerklik gedissiplineer word.
63.2 Kerklike dissiplinêre optrede is die gevolg van oortredings by die werkplek en het met die terme van die diensooreenkoms te doen.
63.3 Werknemers in diens van die kerkverband, staan onder die kerklike dissipline van die werkgewer.
63.4 Bedienaars van die Woord, emeriti en proponente in diens van 'n gemeente staan onder die kerklike dissipline van die ring.

**BYKOMENDE VOORSTEL**: Die inhoud van die huidige Artikel 63 word in geheel in 'n nuwe *Reglement vir die Kerklike Ondersoek* opgeneem en daarom as kerkordelike artikels uit die Kerkorde verwyder.

**Artikel 64**

**Tug- en dissiplinêre maatreëls**

64.1 Die onderstaande tug- en/of dissiplinêre maatreëls kan deur ondersoekliggame toegepas word.[10]
64.2 Dooplidmate
64.2.1 'n bestraffing in 'n privaatgesprek of ter vergadering van die ondersoekliggaam;
64.2.2 sensuur wat bestaan uit onthouding van die nagmaal en/of weerhouding van die aflegging van belydenis van geloof;
64.2.3 afsnyding van die gemeente deur die gebruik van die betrokke formulier.
64.3 Belydende lidmate
64.3.1 'n bestraffing in 'n privaatgesprek of ter vergadering van die ondersoekliggaam;
64.3.2 sensuur wat bestaan uit die onthouding van die sakramente en die opskorting van ander lidmaatsregte;[11]
64.3.3 afsnyding van die gemeente nadat sensuur en voortgesette herderlike sorg nie tot berou gelei het nie, en deur die gebruik van die betrokke formulier.
64.4 Ouderlinge en diakens
64.4.1 'n bestraffing in 'n privaatgesprek of ter vergadering van die ondersoekliggaam;
64.4.2 skorsing met of sonder onthouding van die sakramente en met of sonder opskorting van lidmaatsregte totdat daar bewys van grondige berou is;
64.4.3 afsetting uit die diens met opskorting van lidmaatsregte en onthouding van die sakramente
64.5 Bedienaars van die Woord, emeriti en proponente/werknemers met verslag aan die Algemene Bevoegdheidsraad in die geval van gelegitimeerdes
64.5.1 'n bestraffing in 'n privaatgesprek of ter vergadering van die ondersoekliggaam, of 'n skriftelike waarskuwing deur die werkgewer;
64.5.2 skorsing vir 'n vasgestelde tydperk met een of meer van die volgende maatreëls:
64.5.2.1 opskorting van lidmaatsregte;

64.5.2.2 onthouding van die sakramente;
64.5.2.3 gedeeltelike of volle weerhouding van lewensonderhoud en toelaes deur die werkgewer.
64.5.3 Indien die ondersoekliggaam nie oortuig is van die egtheid van die berou nie, kan hierdie skorsing verleng word.[12]
64.5.4 Ontslag uit diens van die gemeente of uit diens van die kerkverband met een of meer van die volgende maatreëls:
64.5.4.1 opskorting van lidmaatsregte vir 'n vasgestelde tydperk en/of totdat daar berou is;
64.5.4.2 onthouding van die sakramente vir 'n vasgestelde tydperk en/of totdat daar berou is;
64.5.4.3 kennisgewing aan die Algemene Bevoegdheidsraad dat die betrokke persoon se legitimasie vir 'n vasgestelde tydperk opgeskort word;
64.5.4.4 kennisgewing aan die Algemene Bevoegdheidsraad dat die betrokke persoon se legitimasie met onmiddellike effek beëindig word, wat die nietigverklaring van die akte van legitimasie beteken.

**Artikel 65**

**Appèl**

65.1 Ooreenkomstig Artikel 23 kan daar teen die bevindinge en tug- en/of dissiplinêre maatreëls van ondersoekliggame geappelleer word.
65.2 Oor leerstellige sake kan tot by die Algemene Sinode geappelleer word (vgl Art. 44.4).
65.3 Oor ander sake wat met die tug en/of dissipline verband hou, kan daar nie verder as die sinode geappelleer word nie.[13]

**Artikel 66**

Opheffing van tug- en/of dissiplinêre maatreëls

66.1 Tugmaatreëls het berou en inkeer ten doel en word, met inagneming van Artikel 59.1, opgehef in die geval van
66.2 Lidmate
66.2.1 Wanneer 'n belydende lidmaat berou betoon nadat hy/sy onder sensuur geplaas is, hef 'n ondersoekliggaam of kerkraad wat oortuig is van die egtheid van die berou, die sensuur op.
66.2.2 Wanneer belydenis van geloof weerhou is, laat die kerkraad die dooplidmaat toe tot belydenisaflegging wanneer die tugliggaam oortuig is van die egtheid van berou.
66.2.3 Wanneer 'n lidmaat wat van die gemeente afgesny is, berou betoon en verlang om weer in die gemeente opgeneem te word, neem die kerkraad, as hy oortuig is van die egtheid van die berou, die persoon weer in die gemeente op met die gebruik van die betrokke formulier. By dooplidmate kan hierdie stap gepaard gaan met belydenisaflegging.
66.3 Ouderlinge en diakens
As die ring of sy gevolmagtigde kommissie as ondersoekliggaam oortuig is van die egtheid van berou, kan die ~~sensuur of~~ skorsing opgehef word. Ouderlinge en diakens wat afgesit is, kan dan weer verkies word tot die kerkraad.[14]
66.4 Bedienaars van die Woord, emeriti en proponente
66.4.1 As die ring of sy gevolmagtigde kommissie as ondersoekliggaam/kerkverband as werkgewer oortuig is van die egtheid van berou, word die ~~sensuur en~~ skorsing as tug- en/of dissiplinêre maatreël opgehef met verslag aan die Algemene Bevoegdheidsraad.
66.4.2 In geval van ~~By~~ ontslag van 'n werknemer volgens Artikel 64.5.4~~.2~~, moet die ring die opskorting van lidmaatsregte en die onthouding van die sakramente ophef voor die Algemene Bevoegdheidsraad die legitimasie kan herstel.[15]
66.4.3 Herstel in diens van die gemeente/kerkverband kan alleen geskied na suksesvolle appèl en indien die appèlliggaam so beslis ~~deur 'n beroep geskied of na 'n suksesvolle appèl teen die ontslag-tugmaatreëls genoem in Artikel 64.5.4.1 – 64.5.4.3.~~
66.4.4 'n Gelegitimeerde wie se legitimasie deur tug- en/of dissiplinêre optrede beëindig is, kan slegs na *colloquium doctum* by 'n eksamenkommissie en na aanbeveling van 'n kuratorium deur die Algemene Bevoegdheidsraad opnuut gelegitimeer word (vgl Reglement 3: 7).
66.4.5 In die geval van beëindiging van legitimasie deur tug- en/of dissiplinêre handeling as gevolg van ergerlike sondes/wangedrag soos owerspel, onsedelikheid, egskeiding, moord, meineed, diefstal of na beëindiging van legitimasie as gevolg van leerdwaling, mag toestemming tot legitimasie alleen by hoë uitsondering, nadat gunstige aanbevelings van alle betrokke kerkvergaderinge ontvang is, deur die Algemene Sinodale Moderamen op aanbeveling van die Algemene Bevoegdheidsraad, verleen word.
**BYKOMENDE VOORSTEL**: Die inhoud van die huidige Artikel 63 en die besluite by Artikel 12 word na 'n werkwinkel van kundiges verwys om die nodige reglement(e) saam te stel en so spoedig moontlik na die Algemene Sinode aan die ASM vir goedkeuring voor te lê. Die ATR word versoek om die werkwinkel te reël en kundiges daarna uit te nooi. Artikel 63 en besluite by Artikel 12 bly van krag totdat dit deur 'n nuwe goedgekeurde *Reglement(e)* vervang is.

**2.7.3. AANBEVELINGS: TUG EN DISSIPLINE**

**Die Algemene Sinode**

**2.7.3.1 keur die voorgestelde wysigings aan *Artikel* 58 tot *Artikel* 66 (Hoofstuk 5 van die Kerkorde) met 'n tweederdemeerderheid goed.**

**2.7.3.2 keur die bykomende voorstel by *Artikel 63* met 'n tweederdemeerderheid goed.**
**2.7.3.3 keur die bykomende voorstel by *Artikel 66* met 'n tweederdemeerderheid goed.**

**2.8 PREDIKANTE A tot Z / ALGEMENE BEVOEGDHEIDSRAAD**

(Vgl Aanvullende Verslae bl 21 A.3.4.1 pt 10)
1. Die Algemene Sinode neem kennis dat in die bespreking van hoofstuk 6 van die Predikante A tot Z Agtergrond, die verslag oor Ekklesiologie (Agenda 44-56) in berekening gebring moet word.
2. Die Algemene Sinode neem ook kennis dat in die bespreking van hoofstuk 6, die sake ter sprake omvattende ekklesiologiese en daarom ook diepgrypende kerkordelike implikasies het.
3. Die Algemene Sinode besluit dat hoofstuk 6 van die Predikante A tot Z: Beleidsagtergrond saam met die verslag oor Ekklesiologie vir verdere studie na ADGO en die ATR verwys word.
4. Die Algemene Sinode besluit dat die saak ook via die ASM met die NG Kerk-familie en die kerke binne die TKR bespreek word.

Die volgende besluit van die Algemene Sinode dien ook hier vir kennisname:

(Vgl T.7.5 bl 2 pt 3)
1. Die Algemene Sinode besluit dat geen Kerkorde-wysiginge as gevolg van die aanvaarding van die A tot Z Beleid op hierdie stadium aangebring word nie, maar dat die periode tot by die volgende vergadering van die Algemene Sinode sal dien as infasseringstydperk. Die ATR sal die volgende Algemene Sinode bedien met voorstelle vir Kerkordewysiginge.
2. Die Algemene Sinode neem kennis dat die aanvaarding van die A tot Z beleid die volgende moontlike Kerkordelike implikasies inhou:
a KO Art 3 met die oog op Beleid punt 1.3
b KO Art 5 met die oog op Beleid punt 2, 4.5
c KO Art 6 met die oog op Beleid punt 8.1.1
d KO Art 7 met die oog op Beleid punt 10
e KO Art 8 met die oog op Beleid punt 11
f KO Art 9 met die oog op Beleid punt 1.4
g KO Art 10 in die lig van die missionêre ekklesiologie (Sien ook Regl.3-1.3; Funksionele besluit 16)
h KO Art 11 met die oog op Beleid punt 7
i KO Art 12 met die oog op Beleid punt 7.3, 9
j KO Art 13 met die oog op Beleid punt 5, 8
k KO Art 14 met die oog op Beleid punt 11
l KO Regl 3 (die A tot Z Beleid kan met aanvulling uit die bestaande Regl 3 hierdie reglement vervang. Die plek van die ring na ordening tot by die beroeping van die predikant moet kerkordelik verreken word)
m KO Regl 12 & 19 (Jeugwerkers & Tentmakers – hang saam met die ontwikkeling van die ampsbegrip)
'n KO Regl 14 (Opleiding & Legitimasie – in die lig van Beleid punte 5 en 6)
o KO Regl 20 (AKTO – in die lig van Beleid punt 4.5)
p KO Regl 25 (Diensverhoudinge – in die lig van Beleid punt 9)
q KO Regl 27 (AKPB – in die lig van Beleid punte 7,8)

Hierdie opdrag is gedeeltelik deur die ATR afgehandel by die hersiening van die *Kerkorde*. Wat *Kerkorde* Regl[e] 3 en 17 betref, bedien die ATR die Algemene Sinode met die volgende:

**ALGEMENE BEVOEGDHEIDSRAAD**

Vergelyk Handelinge Algemene Sinode 2007 bladsye 108 en 216
Die Algemene Sinode besluit dat die Verslag oor Kerklike Tribunale vir bespreking na die sinodes (met die versoek dat hulle verder raadpleeg in die sinodale gebied) verwys word vir kommentaar aan die ATR, met verslag aan die volgende vergadering van die Algemene Sinode.
Vergelyk Handelinge Algemene Sinode 2007, bladsye 142, 216 en 217)
Die Algemene Sinode besluit om opdrag aan die ATR te gee om na gelang van omstandighede in die proefperiode enige wysiginge aan die voorgestelde reglement aan te bring met goedkeuring deur die ASM. Die Algemene Sinode het besluit om opdrag aan die ATR te gee om regsadvies in te win oor die geldigheid van sodanige proefneming. (Handelinge Algemene Sinode 2007, bl 142, 216 en 217.)
Vergelyk Handelinge Algemene Sinode 2007, bladsye 117 en 215
Die Algemene Sinode besluit op versoek van die ATR om 'n klein taakspan van kundiges aan te wys en om daarvoor te begroot, met die doel om 'n omvattende ondersoek te doen na: 1. Alle sake rakende die toetrede tot die bediening en die behoud van bedieningsbevoegdheid; 2. Die problematiek rondom die predikant "as werknemer van die kerkraad" aan die een kant en sy/haar ampsbevoegdheid kragtens sy legitimasie en bevestiging aan die ander kant.
Vergelyk Handelinge Algemene Sinode 2007, bladsye 143 en 218.
Die Algemene Sinode besluit dat geen Kerkorde wysiginge as gevolg van die aanvaarding van die A-Z Beleid op hierdie stadium aangebring word nie, maar dat die periode tot by die volgende vergadering van die Algemene

Sinode sal dien as infasseringstydperk. Die ATR sal die volgende Algemene Sinode bedien met voorstelle vir Kerkorde wysiginge.

**2.8.1. AGTERGROND EN OPDRAG**

**2.8.1.1** Die verslag behels in hoofsaak dat almal wat bedieningsbevoegdheid in die NG Kerk wil verkry en behou by die Algemene Bevoegdheidsraad (ABR) registreer. Die bevoegdheidsfunksies van die ATR word hiermee aan die ABR oorgedra.

**2.8.1.2** In die praktyk sal dit onder meer die volgende inhou:

**2.8.1.2.1** Wanneer 'n student vir teologiese opleiding in die NG Kerk gekeur is, word daar vir hom/haar 'n lêer by die ABR-kantoor geopen. Alle tersaaklike inligting oor die student word daarin gehou, soos biografiese besonderhede, ringsverslae oor toelatingsvereistes, akademiese vordering en moontlike dissiplinêre aksie deur die kuratorium.

**2.8.1.2.2** 'n Student wat aan die vereistes vir die opleiding voldoen, word deur die kuratorium vir legitimasie aanbeveel. Legitimasie geskied deur die ABR.

**2.8.1.2.3** Die ABR is verantwoordelik vir die administrasie van die bedieningsvereistes waaraan persone met bevoegdheid in die NG Kerk moet voldoen, waaronder voortgesette bedieningsontwikkeling.

**2.8.1.2.4** Die ABR is behulpsaam met die verskaffing van toepaslike inligting by beroeping, waaronder beroepbaarheid, stand van bedieningsontwikkeling, ontwikkeling van bedieningsvaardighede en behoefte aan standplaasruiling.

**2.8.1.2.5** Indien 'n bedienaar van die Woord of proponent se voortgesette bedieningsbevoegdheid in die gedrang kom, onder meer deur nie-nakoming van vereistes vir voortgesette bedieningsontwikkeling, tug- en/of dissiplinêre optrede of bedanking, word die aangeleentheid, waar nodig op aanbeveling van die betrokke ondersoekliggaam, deur die ABR hanteer.

**2.8.1.2.6** Die ABR word in stand gehou deur 'n jaarlikse registrasiefooi wat deur studente, proponente, bedienaars van die Woord (waar moontlik met behulp van die werkgewer) en emeriti betaal word.

**2.8.2. FUNKSIES**

**2.8.2.1 Onderskeid tussen bedieningsbevoegdheid en diensooreenkoms**

**2.8.2.1.1** Wanneer 'n student die vereiste teologiese opleiding deurloop het en aan die toelatingsvereistes voldoen het, word hy/sy deur middel van legitimasie vir die bediening van die Woord bevoeg verklaar en beskikbaar gestel vir beroeping (vgl KO Artikel 5 en die Reglement vir die Reëling van die Bevoegdheid van Bedienaars van die Woord en Proponente). Die ABR is in opdrag van die Algemene Sinode verantwoordelik vir die verlening of ontneming van bedieningsbevoegdheid. 'n Gemeente of die kerkverband kan 'n persoon as bedienaar van die Woord beroep en bevestig slégs indien die persoon oor 'n geldige akte van legitimasie beskik.

**2.8.2.1.2** Wanneer 'n gelegitimeerde in diens geneem word, word die diensverhouding deur 'n diensooreenkoms gereël. Die werkgewer is verantwoordelik vir die instandhouding van die diensooreenkoms. Die ABR is verantwoordelik vir die verlening of ontneming van die bevoegdheid.

**2.8.2.1.3** Indien daar dissiplinêr teen 'n werknemer met bedieningsbevoegdheid opgetree word, word daar onderskei tussen optrede wat in terme van diensverhouding geskied en optrede wat in terme van bedieningsbevoegdheid geskied.

**2.8.2.2 Onderskeid tussen kerklike dissipline en kerklike tug**

**2.8.2.2.1** Dissiplinêre optrede in terme van bedieningsbevoegdheid en diensverhouding hef nie die toepassing van die kerklike tug op nie. Wangedrag deur 'n bedienaar van die Woord kan lei tot 'n dissiplinêre verhoor en dissiplinêre aksies (waaronder tydelike of permanente opskorting van bedieningsbevoegdheid), maar kan ook lei tot 'n kerklike tugondersoek en kerklike tugoptrede (waaronder tydelike of permanente opskorting van lidmaatsregte). Tughandeling volg op die tugwaardige sonde deur 'n lidmaat of ampsdraer wat indruis teen die Woord van God en die Belydenis van die Kerk (vgl Artikel 61); dissiplinêre aksie het te doen met die toepassing van die bevoegdheidsvereistes en/of die bepalings van die diensooreenkoms (vgl Artikel 12).

**2.8.2.2.2** Tugmaatreëls en dissiplinêre maatreëls verskil van mekaar:

**2.8.2.2.2.1** Tugmaatreëls is byvoorbeeld onthouding van die sakramente en opskorting van lidmaatsvoorregte wat deur die kerkvergadering op sy lidmate en ampsdraers toegepas word;

**2.8.2.2.2.2** Dissiplinêre maatreëls is byvoorbeeld wanneer die werkgewer, waar nodig op aanbeveling van die ring en in oorleg met die Algemene Bevoegdheidsraad, 'n werknemer skriftelik waarsku of uit diens ontslaan.

**2.8.2.2.3** Die doel van die kerklike tug en dissipline is die eer van God, die heil van die gemeente en die behoud van die sondaar (na luid van Art 59). Die tugproses eindig by opregte berou en bekering. 'n Dissiplinêre aksie neem die aard van die oortreding en die omstandighede in ag. Ten spyte van berou kan diensbeëindiging en verlies van bedieningsbevoegdheid die gevolg wees.

**2.8.2.2.4** Dissiplinêre aksie sluit nie tughandeling uit nie. Tydens 'n dissiplinêre aksie kan die ondersoekliggaam ook 'n tughandeling onderneem, en omgekeerd.

**2.8.2.3 Onderskeid tussen funksies van die ABR en die ATR**

**2.8.2.3.1** By die totstandkoming van die ABR word alle aangeleenthede rakende bedieningsbevoegdheid deur die ATR aan die ABR oorgedra. Die ABR en die ATR funksioneer in terme van hulle eie onderskeie reglemente.

**2.8.2.3.2** Daar behoort 'n baie noue samewerking tussen die ABR en die ATR te wees. Wedersydse advies is noodsaaklik.

**2.8.2.4 Onderskeid tussen reglementêre bepalings en kerkordelike artikels**

**2.8.2.4.1** Die funksionering van die ABR behoort nie in die Kerkorde bepaal te word nie. Die Kerkorde behoort slegs die beginsels uit te spel, waaronder die vereistes vir toelating en voortgesette bedieningsontwikkeling asook die doel van die ABR. Sake soos die samestelling van die ABR en die prosedures wat by dissiplinêre aksies en appèlle gevolg moet word, behoort in 'n reglement opgeneem te word.

**2.8.2.4.2** Gevolglik sal bepaalde artikels van die Kerkorde en reglemente hersien moet word, waaronder Artikel 12 (diensverhoudinge), Artikel 23 (appèl), Artikels 59-66 (kerklike tug) en die Reglement vir die Reëling van die Bevoegdheid van Predikante en Proponente. Nuwe reglemente sal saamgestel en goedgekeur moet word.

**2.8.2.5 Onderskeid tussen die bevoegdheidsfunksies van die ABR en diensverhoudinge**

**2.8.2.5.1** Die ABR hanteer sake wat *bedieningsbevoegdheid* raak. Die werkgewer hanteer die *diensooreenkoms* van 'n bedienaar van die Woord en ander personeel in diens van die gemeente of kerkverband. Riglyne hiervoor word deur die Taakspan vir Diensverhoudinge van die Algemene Sinode opgestel en in die Bestuurshandleiding vir Diensverhoudinge gepubliseer. Die ABR adviseer kerkvergaderinge oor die toepassing van die Bestuurshandleiding vir Diensverhoudinge**.**

**2.8.2.5.2** Die ABR tree ook as Taakspan vir Diensverhoudinge vir die personeel van die Algemene Sinode op.

**2.8.3. PRAKTIESE FUNKSIONERING VAN DIE ABR**

**2.8.3.1 Verhouding met kerkvergaderinge en ander kerklike instansies**

**2.8.3.1.1** Die ABR funksioneer as taakspan van die Algemene Sinode.

**2.8.3.1.2** Die begeleiding van studente tot by legitimasie word deur die kuratoria hanteer.

**2.8.3.1.3** Persone wat aan die toelatingvereistes voldoen, word na eksaminering of na *colloquium doctum* by die ABR vir legitimasie aanbeveel.

**2.8.3.1.4** Ondersoeke na optredes wat 'n gelegitimeerde se bedieningsbevoegdheid kan raak, word deur die ring of sy gevolmagtigde ondersoekliggaam in oorleg met die ABR gedoen. Die ABR doen nie self die ondersoeke nie. Binne die sinodaal-presbiteriale kerkregeringstelsel hou die ring toesig oor die leer en lewe van bedienaars van die Woord, proponente en emeriti. Die ondersoekliggaam kan kundiges uit die kerkverband koöpteer en kontroleer deurlopend sy optrede met die ABR. Die ABR gee opleiding aan kerkvergaderinge of gemagtigde ondersoekliggame met die oog op tug- en dissiplinêre optrede.

**2.8.3.1.5** Die ABR hou rekord van alle bedienaars van die Woord en proponente se verdere bedieningsontwikkeling. Indien 'n gelegitimeerde op enige gegewe stadium nie aan die vereistes vir verdere bedieningsontwikkeling voldoen nie, bring die ABR dit onder aandag van die betrokke sinode vir toepaslike optrede deur die betrokke ring. Herhaalde versuim om aan die vereistes te voldoen, kan na ondersoek deur die ring, tot die verlies van bedieningsbevoegdheid deur die ABR lei.

**2.8.3.2 Instandhouding van die bevoegdheidsregister**

**2.8.3.2.1** Die instandhouding van die bevoegdheidsregister word 'n funksie van die ABR.

**2.8.3.2.1.1 I**n die register word die besonderhede van gekeurde teologiese studente, proponente, bedienaars van die Woord in diens van gemeentes of die kerkverband, ander persone met die bevoegdheid van bedienaar van die Woord, emeriti en persone wie se bevoegdheid hulle ontneem is, gehou.

**2.8.3.2.1.2** Alle inligting rakende 'n persoon se voortgesette bedieningsontwikkeling word ook in die bevoegdheidsregister aangeteken.

**2.8.3.2.2** Elke gelegitimeerde is verantwoordelik vir die opdatering van persoonlike besonderhede en krediete vir verdere bedieningsontwikkeling.

**2.8.3.3 Instandhouding van die ondersoekregister**

**2.8.3.3.1** 'n Ondersoekregister word aangelê waarin alle ondersoeke en die maatreëls wat getref is, aangeteken word ter wille van groter koördinering van ondersoeke en die toepassing van min of meer dieselfde maatreëls in sake wat in hoofsaak met mekaar ooreenkom. Verslae van alle tug-, dissiplinêre en appèlondersoeke word deur ringe/sinodes aan die ABR gestuur en deur die ABR in die ondersoekregister opgeteken.

**2.8.3.3.2** Die ABR bestudeer vergelykbare sake in die ondersoekregister en gee daaruit konsekwente advies aan ondersoekliggame met die oog op eenvormige toepassing van tug en dissipline.

**2.8.3.4 Kundigheid**

**2.8.3.4.1** Die sake waaroor die ABR leiding wil gee, kan ernstige regsgevolge inhou. Dit is gevolglik noodsaaklik dat die ABR oor gespesialiseerde kundigheid beskik, veral ten opsigte van kerkregtelike, arbeidsregtelike en gemeenregtelike aangeleenthede.

**2.8.3.4.2** Die lede van die ABR kan op grond van kundigheid 'n bydrae lewer tot die verbetering van die Bestuurshandleiding vir Diensverhoudinge en die toepassing van die inhoud daarvan.

**2.8.3.5 Toerusting en advies deur die ABR**

**2.8.3.5.1** Die ABR bied toepaslike opleiding en toerusting ten opsigte van kerkregtelik-arbeidsregtelike aangeleenthede en die toepassing van tug en dissiplinêre aksies.

**2.8.3.5.2** Die ABR gee by die aansoek om herstel van bevoegdheid advies aan aansoekers en kerkvergaderinge oor die hantering daarvan en die vereistes daarvoor.

**2.8.3.5.3** Die ABR is deurlopend vir advies oor bevoegdheidsaangeleenthede beskikbaar.

**2.8.4. REGLEMENT VIR DIE ALGEMENE BEVOEGDHEIDSRAAD (ABR)**

**REGLEMENT VIR DIE ALGEMENE BEVOEGDHEIDSRAAD (ABR)**

**1. SAMESTELLING**

1.1 Die ABR word deur die Algemene Sinode of sy gevolmagtigde aangewys en bestaan uit sewe permanente lede (sien 1.3.1 tot 1.3.4 hieronder) wat gesamentlik oor kundigheid beskik op die terreine van die kerkreg, arbeidsreg en die gemene reg. Ervaring op die gebied van tug- en dissiplinêre optrede, geskilbeslegting, arbeidsaksies en die bestuur van diensverhoudinge is noodsaaklik.
1.2 Minstens twee lede van die ABR moet afgevaardigdes na die Algemene Sinode wees.
1.3 Die ABR word saamgestel uit:
1.3.1 Die aktuarius van die Algemene Sinode;
1.3.2 Die koördineerder/uitvoerende amptenaar van die ABR;
1.3.3 Die verteenwoordiger van die Algemene Taakspan Teologiese Opleiding/Algemene Kuratorium;
1.3.4 Vier kundiges, waarvan minstens twee nie-gelegitimeerdes moet wees.
1.3.5 Die ABR word, wanneer nodig, bygestaan deur een lid uit elke sinode, deur die betrokke sinode of sy gevolmagtigde aangewys. Wanneer die ABR ‘n bevoegdheidsaangeleentheid vanuit ‘n bepaalde sinodale gebied hanteer, geskied dit in oorleg met die betrokke sinodale verteenwoordiger.
1.3.6 Die ABR het die reg om twee addisionele lede te koöpteer.
1.4 Die koördineerder/uitvoerende amptenaar hanteer die skribaat van die ABR.
1.5 Die voorsitter en ondervoorsitter word deur die ABR aangewys.
1.6 Vakatures in die ABR word deur die ASM aangevul.
1.7 Die voorsitter, koördineerder en nog ‘n lid deur die ABR aangewys, tree as dagbestuur op.
1.8 Die dagbestuur hanteer alle administratiewe en spoedeisende sake met verslag aan die ABR.

**2. OPDRAG**

Die ABR se opdrag is:
2.1 Die verlening van bedieningsbevoegdheid (legitimasie) op aanbeveling van die kuratoria;
2.2 Die administratiewe handeling rakende ontneming en/of opskorting van bedieningsbevoegdheid op aanbeveling van ‘n ring of sy gevolmagtigde ondersoekliggaam;
2.3 Die instandhouding van die bevoegdheidsregister;
2.4 Die administrasie van krediete vir voortgesette bedieningsontwikkeling;
2.5 Die instandhouding van die ondersoekregister van alle tug-, dissiplinêre en appèlsake waarby studente en gelegitimeerdes betrokke is;
2.6 Advies en leiding aan streeksinodes en ringe met die oog op eenvormige en gekoördineerde optrede ten opsigte van hantering van tug- en dissiplinêre ondersoeke, appèlsake en beslissings oor bedieningsbevoegdheid;
2.7 Opleiding en toerusting ten opsigte van kerkregtelike, arbeidsregtelike en gemeenregtelike aangeleenthede in tugoptrede, dissiplinêre aksie en bevoegdheidsaansoeke;
2.8 Verskaffing van advies aan ondersoekliggame;
2.9 Verskaffing van tersaaklike inligting aan kerklike vergaderings en die Jaarboek oor bedieningsbevoegdheid van proponente, bedienaars van die Woord en emeriti;
2.10 Advies aan aansoekers en kerkvergaderinge oor die hantering van aansoeke om herstel van bevoegdheid en die vereistes wat daarvoor nagekom moet word;
2.11 Help en gee advies in verband met standplaasruiling;
2.12 Verslagdoening aan die Algemene Sinode.

**3. VERGADERINGS**

3.1 Die ABR-Dagbestuur vergader wanneer nodig.
3.2 Die ABR vergader minstens een maal per jaar.

**4. KANTOOR VIR DIE ABR**

4.1 Vir groter effektiwiteit het die ABR ‘n koördineerder/uitvoerende amptenaar in diens.
4.2 Die belangrikste funksies van so ’n koördineerder/amptenaar is:
4.2.1 Die gereelde instandhouding van die bevoegdheidsregister;
4.2.2 Die hantering van alle korrespondensie rakende die bevoegdheidsregister;
4.2.3 Die gee van leiding aan die ABR oor bevoegdheidsake;
4.2.4 Die instandhouding van ondersoekregister;
4.2.5 Die hantering van die skribaat van die ABR.
4.3 Die begroting vir die kantoor en werksaamhede van die ABR word deur die ATF en die Bestuurspan van die Moderamen in oorleg met die ABR hanteer. Die werksaamhede van die ABR word befonds uit die registrasiefooi en hierdie geld mag slegs vir die funksionering van die ABR aangewend word. Die jaarlikse registrasiefooi word deur die Bestuurspan van die Moderamen op aanbeveling van die ABR en die ATF vasgestel.
4.4 Die koördineerder/uitvoerende amptenaar word deur die Moderamen aangestel op aanbeveling van die ABR en die ATF. Die ABR bepaal die posvereistes. Die pos kan deeltyds of voltyds, afhangende van die omvang van die werksaamhede en die beskikbaarheid van fondse, gevul word.

**2.8.5. AANBEVELINGS: ALGEMENE BEVOEGDHEIDSRAAD**
**Die Algemene Sinode**
**2.8.5.1 besluit om 'n Algemene Bevoegdheidsraad (ABR) daar stel om alle sake rakende bedieningsbevoegdheid namens die Algemene Sinode te hanteer;**
**2.8.5.2 versoek die Bestuurspan van die ASM om so gou moontlik kantoorfasiliteite tot beskikking van die ABR te stel;**
**2.8.5.3 keur die Reglement vir die Algemene Bevoegdheidsraad (ABR) goed (Punt 2.8.4 hierbo);**
**2.8.5.4 gee opdrag aan die ATR om te kontroleer watter wysigings aan die reglemente deur die instelling van die ABR nodig sal wees en die voorgestelde wysigings aan die Moderamen vir goedkeuring voor te lê;**
**2.8.5.5 Die Algemene Sinode besluit verder**
**2.8.5.5.1 dat alle proponente, bedienaars van die Woord in diens van gemeentes en die kerkverband, ander persone met die bevoegdheid van bedienaar van die Woord en emeriti by die ABR registreer en dat 'n jaarlikse registrasiefooi betaalbaar word.**
**2.8.5.5.2 om werkgewers te versoek om minstens 50% van die registrasiefooi vir 'n bedienaar van die Woord/proponent/emeritus in diens van 'n gemeente/kerkverband te betaal;**
**2.8.5.5.3 dat die jaarlikse registrasiefooi deur die Bestuurspan van die Moderamen op aanbeveling van die ABR en die ATF vasgestel word;**
**2.8.5.5.4 om op aanbeveling van die Tydelike ATR die eerste lede van die ABR aan stel.**
**2.8.5.6 Die Algemene Sinode gee opdrag aan die Moderamen om, nadat advies van die ABR en die ATF ontvang is, die koördineerder/uitvoerende amptenaar aan te stel.**
**2.8.5.7 Die Algemene Sinode besluit om die aanvanklike registrasiefooi soos volg vas te stel: Bedienaars van die Woord en proponente in voltydse betrekkinge: R500 per jaar; Bedienaars van die Woord en proponente in deeltydse betrekkinge: R100 per jaar; Proponente sonder 'n betrekking, emeriti en teologiese studente: R50 per jaar.**

**2.9 SABBATSJAAR VIR PREDIKANTE**

(F Schoeman/ A Cilliers) – goedgekeur.
Die Algemene Sinode dra dit aan AKPB /ATR op om die konsep van 'n Sabbatsjaar vir predikante as sinvolle aanwending van langverlof te ondersoek en indien werkbaar na goeddunke te implementeer.

Die ATR het die voorstel van ATPB ontvang na die ATR se laaste vergadering. Die ATPB óf ADGO doen self hieroor verslag aan die Algemene Sinode.
**2.9.1 AANBEVELINGS: SABBATSJAAR VIR PREDIKANTE**
**2.9.1.1 Die Algemene Sinode neem kennis dat die ATR geen aanbeveling kan maak oor 'n Sabbatsjaar vir predikante nie. Die AKPB óf ADGO doen hieroor verslag aan die Algemene Sinode.**
**2.9.1.2 Gee opdrag aan die ATR om die nodige wysigings in die Kerkorde en Reglement aan te bring**

**2.10 BEDIENINGSBEVOEGDHEID**

(Vgl Agenda 2007 Deel I bl 326, A.3.4.1 Verslag van die Algemene Taakspan Regte pt 1.2.3 asook Agenda Deel II bl 23)
Die Algemene Sinode besluit op versoek van die ATR om 'n klein taakspan van kundiges aan te wys en om daarvoor te begroot, met die doel om 'n omvattende ondersoek te doen na:
1. Alle sake rakende die toetrede tot die bediening en die behoud van bedieningsbevoegdheid;
2. Die problematiek rondom die predikant "as werknemer van die kerkraad" aan die een kant en sy/haar ampsbevoegdheid kragtens sy legitimasie en bevestiging aan die ander kant;
3. Of daar seker bedieningstake (bv. Sakramentsbediening) slegs aan die bevestigde leraar toevertrou kan word en of sodanige take ook deur nie-bevestigde leraars uitgevoer mag word;
4. die moontlikheid van verskillende kategorieë van predikante, beide wat opleiding, legitimasie en verantwoordelikhede betref;
5. Verdere sake deur die Algemene Sinode geïdentifiseer.
6. Hierdie ondersoek moet spoedeisend afgehandel word met verslag en afhandelingsbevoegdheid aan die Moderamen.

Hierdie opdrag is deur die ATR afgehandel by die hersiening van die *Kerkorde* asook met die aanbevelings soos vervat in punt 2.8 hierbo.
**2.10.1 AANBEVELING: BEDIENINGSBEVOEGDHEID**
**Die vergadering neem kennis dat die ATR uitvoering aan hierdie opdrag gegee het in sy hersiening van *Kerkorde* asook met die aanbevelings soos vervat in punt 2.8 hierbo.**

**2.11 BEVOEGDHEID VAN PROPONENTE TOV SAKRAMENTE**

(Vgl Aanvullende Verslae bl 16, A.3.4.1 Algemene Taakspan Regte pt 2)
Die Algemene Sinode neem kennis dat die ATR na ontvangs van die verslag van die ADGO na bevind van sake sal handel.

Die ATR het nie hieroor verslag van die ADGO ontvang nie. Die ATR het die opdrag verreken in sy hersiening van *Kerkorde*.

**2.11.1 AANBEVELING: BEVOEGDHEID VAN PROPONENTE TOV SAKRAMENTE**

**Die vergadering neem kennis dat die ATR uitvoering aan hierdie opdrag gegee het in sy hersiening van die *Kerkorde*.**

**2.12 KONTRAKPOSTE**

(Vgl Agenda Deel I bl 338 pt 2 asook Aanvullende Verslae bl 16-17, A.3.4.1 Algemene Taakspan Regte pt 3)
Die Algemene Sinode neem kennis van die stuk en versoek die ATR om 'n reglement vir termyn- en taakbepaalde poste voor te berei.

Die ATR het uitvoering gegee aan hierdie opdrag en beveel soos volg aan by die Algemene Sinode:

**2.12.1 Agtergrond**

Die Algemene Sinode het in 2007 Artikel 11 soos volg gewysig en daarmee saam is die onderstaande besluite in die Kerkorde boek opgeneem:

**Artikel 11**

11.1 Predikante kan die kerkdiens slegs om ernstige en gewigtige redes verlaat. Hulle hou op om predikant te wees indien hulle hulle gemeente of werkkring in die kerkverband verlaat om 'n ander betrekking te aanvaar. Hulle kan egter vooraf van die ATR verlof ontvang om hulle bevoegdheid as proponent te behou.
11.2 Sodanige behoud van die bevoegdheid kan alleen verleen word indien die betrekking wat hulle aanvaar, 'n geestelike karakter dra wat regstreeks met die verkondiging van die Woord in verband staan en ten bate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk geag word.
11.3 Indien daar ander gewigtige redes is, kan sodanige behoud van die bevoegdheid alleen verleen word indien die ATR, op grond van aanbevelings van die kerkraad en die ring, oordeel dat daar genoegsame *bona fide*[1] redes is om 'n ander betrekking[2] te aanvaar.

Besluit by Artikel 11
*11b1 Dit staan kerkrade vry om predikante vir 'n bepaalde termyn en vir 'n bepaalde taak te beroep in gevalle waar dit nie gaan om 'n permanente pos nie.*
*11b2 'n Emeritus, ouer as 65 jaar maar jonger as 70 jaar, kan met goedkeuring van die ring, vir 'n bepaalde termyn en vir 'n bepaalde taak beroep word.*
*11b3 Die termynbepaalde pos word geskep met approbasie/goedkeuring van die Ring/Ringskommissie wat die meriete daarvan moet oorweeg.*
*11b4 Aan die einde van die termyn behou so 'n persoon die bevoegdheid wat hy/sy gehad het voor hy/sy in die pos bevestig is.*

**2.12.2 Reglement vir 'n Vaste Termynpos**

**REGLEMENT VIR 'N VASTE TERMYNPOS**

**1. BESTAANDE POSTE**

1.1 Indien 'n voltydse predikantspos in 'n gemeente vakant raak en die gemeente nie meer finansieel in staat is om 'n bestaande voltydse predikantspos langer ten volle te dra nie, mag daar met inagneming van Artikel 7.6 en die besluite by *Kerkorde* Artikel 11 en Artikel 12 (bedryfsvereistes) tot die skep van 'n vaste termynpos oorgegaan word.

**2. NUWE POSTE**

2.1 Indien 'n gemeente 'n behoefte het aan 'n spesifieke leraarspos met die oog op 'n beperkte termyn en/of bepaalde taak, maar nie in staat is om 'n volle predikantspos te dra nie, mag daar tot die beroeping van 'n leraar vir 'n vaste termyn en/of bepaalde taak oorgegaan word.

**3. PROSEDURE VIR IMPLEMENTERING**

3.1 Indien 'n kerkraad 'n bestaande voltydse pos wat nie meer volledig finansieel gedra kan word nie en vakant raak, in 'n vaste termynpos wil omskep, moet die kerkraad vooraf die ring/ringskommissie oortuig het dat die gemeente nie meer 'n voltydse pos finansieel kan dra nie en dat 'n vaste termynpos die aangewese wyse is om die vakature te vul. Die kerkraad vervat die vereistes, voorwaardes en diensvoordele verbonde aan die pos in 'n konsepooreenkoms. 'n Verteenwoordiger van die ring adviseer die kerkraad hierin.
3.2 Indien 'n kerkraad oorgaan tot die skepping van 'n nuwe vaste termyn en/of bepaalde taak-pos, moet die kerkraad vooraf die ring/ringskommissie oortuig het dat die gemeente nie 'n voltydse pos finansieel kan dra nie en dat 'n vaste termynpos die aangewese wyse is om die vakature te vul. Die kerkraad vervat die vereistes,

[1] *Bona fide* redes is wanneer 'n leraar bedank uit sy werkkring sonder dat daar enigsins sprake is van dissiplinêre en/of tug optredes teen die predikant. Redes kan inhou dat die leraar vir die huidige nie sy weg oopsien om voort te gaan met die bediening nie.

[2] Met die toekenning van proponent bevoegdheid, kan die volgende ook oorweeg word, naamlik "dra die ander betrekking 'n geestelike karakter wat regstreeks met die verkondiging van die Woord in verband staan en ten bate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk geag word."

voorwaardes en diensvoordele verbonde aan die pos in 'n konsepooreenkoms. 'n Verteenwoordiger van die ring adviseer die kerkraad hierin.
3.3 Die Kerkraad bring 'n beroep in ooreenstemming met die voorgeskrewe kerklike bepalings en by wyse van 'n groslys uit. Die kerkraad sien toe dat die vereistes van die plegtige legitimasieverklaring nagekom word en dat daar geen ooreenkoms of afspraak is nie. By oorweging en aanvaarding van die beroep, word uitvoering gegee aan *Kerkorde* Artikel 7.4 - 7.8.
**4. SAKE WAT DIE AANDAG VAN DIE KERKRAAD MOET GENIET BY DIE IMPLEMENTERING VAN 'N VASTE TERMYN- EN/OF BEPAALDE TAAK POS**
4.1 'n Vaste termynpos moet die karakter van 'n gewone leraarspos vertoon. 'n Leraar in 'n vaste termynpos is 'n gemeenteleraar wat voltyds of deeltyds, soos ooreengekom, die ampspligte van Artikel 9 van die *Kerkorde* onder lidmate van die gemeente of onder ander persone binne die gemeentegrense vervul.[3]
4.2 Die kerkraad moet te alle tye daarteen waak dat 'n vaste termynpos geskep en/of misbruik word bloot vir die verkryging/behoud van predikantsbevoegdheid of om sitting in kerklike vergaderinge te verkry.
4.3 Wanneer 'n vaste termynpos geskep word, moet die termyn verkieslik nie langer as twaalf maande duur nie. Indien die gemeente behoefte het aan 'n langer termyn moet tentmakerbediening oorweeg word.
4.4 By die oorweging van 'n vaste termynpos bepaal die kerkraad of dit nie eerder 'n pos vir tentmaker of pastorale hulp moet wees nie.
4.5 Die kerkraad lewer voor die implementering van 'n vaste termynpos waarborg van genoegsame finansiële voorsiening vir die gemeente se kontraktuele deel van die termynbepaaldepos se lewensonderhoud.
4.6 'n Vaste termynpos staan met die werksaamhede van die gemeente in direkte verband. Dit mag nie gebruik word as dekmantel om 'n eie bediening of gevestigde praktyk of afsonderlike werksaamheid buite gemeenteverband te vestig of voort te sit nie.
4.7 Die leraar in die vaste termynpos beoefen sy/haar bediening deurentyd ooreenkomstig Art 9 van die *Kerkorde*.
4.8 Die Kerkraad sien toe dat 'n leraar in 'n vaste termynpos se pensioenvoorsiening in orde is.
4.8.1 Indien 'n leraar in 'n vaste termynpos ook in diens van 'n ander werkgewer staan, kan hy/sy met vooraf toestemming van die trustees van die sinodale pensioenfonds ten volle by die ander werkgewer se wetlik-goedgekeurde pensioenskema, groeplewensdekking en/of mediese fonds inskakel.
4.8.2 Indien 'n leraar in 'n vaste termynpos nie in diens van 'n ander werkgewer staan nie, of in diens staan van 'n ander werkgewer wat nie oor 'n wetlik-goedgekeurde pensioenskema, groeplewensdekking en/of mediese fonds beskik nie, moet die leraar in die vaste termynpos by die betrokke sinodale pensioenfonds, groeplewensdekking en/of mediese fonds inskakel. Die pensioenaandeel en/of lidmaatskap van die groepversekerings- en/of mediese fonds word deur die kerkraad geadministreer. Leraars in vaste termynposte mag by hulle eggenoot se mediese fonds by 'n ander werkgewer inskakel indien so versoek word.
4.9 **Die wyse van diensbeëindiging**
4.9.1 Soos met 'n voltydse predikant in kerkdiens word 'n leraar in 'n vaste termynpos se verbintenis met 'n gemeente kontraktueel vasgestel tot op die datum waarop die termyn verstryk het. Die verbintenis kan ook beëindig word wanneer 'n beroep na 'n ander gemeente/werkkring aanvaar (demissie) word of totdat die vasgestelde aftree-ouderdom (70 jaar volgens besluit 11b2 by Artikel 11, Kerkorde 2007) bereik is. Ander wyses van diensbeëindiging, soos van toepassing op 'n predikant wat ten volle deur 'n gemeente versorg word, is ook op 'n leraar in 'n vaste termynpos van toepassing.
4.9.2 Aan die einde van die termyn behou so 'n persoon die bevoegdheid wat hy/sy gehad het voor hy/sy in die pos bevestig is.
4.10 **Dienskontrakte met die ander werkgewer(s)**
By die aangaan van 'n diensooreenkoms met 'n leraar in 'n vaste termynpos bepaal die kerkraad sy voorwaarde(s) vir die betrokke leraar se diens aan die ander werkgewer(s). Die aangaan van alle toekomstige diensooreenkomste met ander werkgewers moet vooraf deur die kerkraad goedgekeur word.
**5. AFVAARDIGING NA MEERDERE VERGADERINGS**
Kerkrade behoort nie onderskeid te maak tussen 'n leraar in 'n vaste termynpos en 'n ander leraar wanneer die afvaardiging van 'n gemeente na meerdere vergaderings aangewys word nie, tensy verpligtinge deur die ander werkgewer opgelê, dit verhinder.

### 2.12.3 AANBEVELING: VASTE TERMYNPOS

**Die finalisering van die Reglement vir Vaste Termyn kontrakposte word na 'n werkwinkel van kundiges verwys om die nodige reglement(e) saam te stel en so spoedig moontlik na die Algemene Sinode aan die ASM vir goedkeuring voor te lê. Die ATR word versoek om die werkwinkel te reël en kundiges daarna uit te nooi.**

## 2.13 ALTERNATIEWE BANE

(Vgl Agenda 2007 Deel I bl 352, A.3.5 Verslag van die Algemene Taakspan Teologiese Opleiding pt 8.2 asook

[3] Die begrip 'deeltyds' verwys na die bediening van 'n leraar wat in 'n bepaalde gemeente bevestig is en wat volgens diensooreenkoms vir 'n vasgestelde gedeelte van sy tyd slegs 'n gedeelte van sy lewensonderhoud van die gemeente ontvang.

Agenda Deel II bl 24)
Die Algemene Sinode versoek AKTO en die ATR om voort te gaan en moontlike alternatiewe bane van opleiding te ondersoek en daaroor met die Familie van NG Kerke in gesprek te bly.

Die ATR het nie hieroor van die ATTO verslag ontvang nie. Die ATTO doen self hieroor verslag aan die Algemene Sinode.

**2.13.1 AANBEVELING: ALTERNATIEWE BANE VAN OPLEIDING**

**Die Algemene Sinode neem kennis dat die ATR geen aanbeveling kan maak oor alternatiewe bane van opleiding nie.**

**2.14 JEUGBEDIENING (JONK)**

(Vgl Agenda 2007 Deel I bl 284, A.3.2 Verslag van die Algemene Diensgroep vir Gemeente-Ontwikkeling pt 1.4 (vgl ook ADGO Bylaag 1 bl 290) asook Agenda Deel II bl 17)
1 Die Algemene Sinode neem met waardering kennis van die reglement van "JONK" en keur goed dat die werksaamhede soos beskryf, voortgaan as deel van ADGO se opdrag.
2 Die Algemene Sinode gee aan ATR opdrag om die nodige Kerkordelike wysigings aan te bring ten einde hierdie voorstelle met die Kerkorde te belyn.
3 Die Algemene Sinode keur goed dat "JONK" die Ned Geref Kerk amptelik mag verteenwoordig by jeugforums en -gespreksgroepe waarheen JONK genooi word. Dit word gedoen met kennisgewing aan die dagbestuur van ADGO en die kantoor van die Algemene Sinode.

Die herstrukturering van die werksaamhede van die Algemene Sinode het tot gevolg gehad dat JONK onder die ADGO tuisgekom het en nie meer 'n afsonderlike taakspan of werksaamheid van die Algemene Sinode is nie. Daarom is die voorgestelde Reglement ook nie by die hersiening van die *Kerkorde* in die Kerkordeboek opgeneem nie.

**2.14.1 AANBEVELING: JONK**

**Die vergadering neem kennis.**

**2.15 JEUGWERKERS**

(Vgl Agenda 2007 Deel I bl 284, A.3.2 Verslag van die Algemene Diensgroep vir Gemeente-Ontwikkeling pt 1.5.2.1 (vgl ook ADGO Bylaag 1 bl 290) asook Agenda Deel II bl 17)
1. Die Algemene Sinode versoek sinodes om kerkrade aan te moedig om in die aanstelling van Jeugbedienaars altyd die volhoubaarheid van die Jeugbediening in gedagte te hou en daarom nie Jeugbedienaars op eenjaar-kontrakte aan te stel nie, maar hulle sal beywer vir langtermynbepaaldekontrakte.
2. Die Algemene Sinode versoek sinodes om kerkrade aan te moedig om in die aanstelling van Jeugwerkers die amptelike opleidingskursus, nl. die driejarige B. Diak graad in Jeugwerk as eerste opsie te oorweeg.
*Dr Braam Hanekom verduidelik dat pte 3 en 4 van die aanbeveling saam hoort. ADGO vra nie goedkeuring vir punt 3 nie maar wel vir punt 4. Dit sou beteken dat die goedkeuring van pt 4 ook die hantering van die saak in pt 3 sal insluit.*
3. Die Algemene Sinode dat die Jeugwerker met 'n B. Diak graad wat geregistreer is by die KJWV, ouderlingstatus op kerkrade geniet wat impliseer dat die Jeugwerker afvaardiging na meerdere vergaderings sal geniet – nie goedgekeur nie.
4. Die Algemene Sinode gee aan JONK opdrag om saam met die ter sake kommissie (oa AKTO, ATR, ATDV ensovoorts) die saak in diepte te ondersoek en die Algemene Sinode met 'n voorstel aangaande die opleiding en amptelike status van Jeugwerkers te bedien.

Die ATR het nie 'n finale verslag van die *Ad Hoc*-Taakspan ontvang om by die hersiening van die *Kerkorde* in oorweging te neem nie. Die *Ad Hoc*-Taakspan of die ADGO doen hieroor aan die Algemene Sinode verslag.

**2.15.1 AANBEVELING: JEUGWERKERS**

**Die Algemene Sinode neem kennis dat die ATR geen aanbeveling kan maak oor die opleiding en amptelike status van jeugwerkers nie.**

**2.16 LIDMAATBEMAGTIGING**

(Vgl Agenda 2007 Deel I bl 286, A.3.2 Verslag van die Algemene Diensgroep vir Gemeente-Ontwikkeling pt 2.2 (vgl ook ADGO Bylaag 2 bl 295) asook Agenda Deel II bl 18)
2. Die Algemene Sinode keur goed dat 'n taakspan van ADGO met ATR in gesprek tree oor alle Kerkordelike bepalinge wat op een of ander wyse lidmate van die NG Kerk mag ontmagtig vir die dienswerk waartoe God hulle geroep het.

Die ADGO het nie met die ATR in gesprek getree oor die saak nie.

**2.16.1 AANBEVELING: LIDMAATBEMAGTIGING**

**Die vergadering neem kennis dat die ATR uitvoering aan hierdie opdrag gegee het in sy hersiening van *Kerkorde* Art 55.**

**2.17 KERKLIKE TUG**

(Vgl Agenda 2007 Deel I bl 288, A.3.2 Verslag van die Algemene Diensgroep vir Gemeente Ontwikkeling pt 8.2

(vgl ook ADGO Bylaag 8 bl 318) asook Agenda Deel II bl 18)
Die Algemene Sinode keur goed dat die opdrag herhaal word, nl dat ADGO en ATR ondersoek doen na die toepassing van die amptelike tug in die kerk op 'n eietydse wyse, en terug rapporteer aan die volgende sinodesitting.

Die ATR het uitvoering gegee aan hierdie opdrag.

**2.17.1 AANBEVELING: KERKLIKE TUG**

**Die vergadering neem kennis dat die ATR uitvoering aan hierdie opdrag gegee het in sy aanbevelings soos vervat in punt 2.7 hierbo.**

**2.18 INSKAKELING OOR GEMEENTEGRENSE**

(Vgl Agenda 2007 Deel I bl 288, A.3.2 Verslag van die Algemene Diensgroep vir Gemeente-Ontwikkeling pt 9.2 (vgl ook ADGO Bylaag 9 bl 318) asook Agenda Deel II bl 18)
1 Die Algemene Sinode neem kennis van die werkdokument.
2 Die Algemene Sinode versoek sinodes om aan ADGO en ATR te rapporteer oor welke reëlings tans in die onderskeie sinodes geld rakende die inskakeling van lidmate oor gemeentegrense.
3 Die Algemene Sinode versoek ADGO/ATR om `'n eenvormige beleid rakende die saak te formuleer wat voor die volgende sinode kan dien.

Die ATR het geen voorstel van ADGO óf van die Sinodes hieroor ontvang nie en kan dus géén aanbeveling aan die Algemene Sinode hieroor maak nie.

**2.18.1 AANBEVELING: INSKAKELING OOR GEMEENTEGRENSE**

**Die Algemene Sinode neem kennis dat die ATR geen voorstel van ADGO óf van die Sinodes hieroor ontvang nie en dus géén aanbeveling aan die Algemene Sinode hieroor kan maak nie.**

**2.19 BEVOEGDHEID VAN GEESTELIKE WERKERS**

BESKRYWINGSPUNT B.3.1 (Namibië) – goedgekeur
(vgl Agenda 2007 Deel I B.3 Beskrywingspunte bl 495, Agenda Deel II bl 19 asook T.7.2 Tweede Verslag van die Tydelike Taakspan Regte bl 3 pt 2.2)
Die Algemene Sinode wys die Namibiese Sinode daarop dat beperkte bevoegdheid deur die ATR verleen kan word op grond van ʼn motivering daarvan deur die betrokke Sinode by die ATR.

Die ATR het uitvoering gegee aan hierdie opdrag asook met die aanbevelings soos vervat in punt 2.8 hierbo.

**2.19.1 AANBEVELING: BEVOEGDHEID VAN GEESTELIKE WERKERS**

**Die Algemene Sinode neem kennis dat die ATR uitvoering aan hierdie opdrag gegee het asook met die aanbevelings soos vervat in punt 2.8 en 2.15 hierbo.**

**2.20 VRYWARING VAN AANSPREEKLIKHEID**

(Vgl Agenda 2007 Deel I bladsy 460, A.6.4.1 Verslag van die Algemene Taakspan Regte, pt 4 asook Agenda Deel II bl 28 pt 4))
Die Algemene Sinode besluit om die ATR te versoek om verdere aanbevelings te doen met betrekking tot:
1 Duidelike omskrywing van wat verstaan word met die inhoud van KO Artikel 20.1 en 20.2 in terme van die gesag wat aan elke vergadering verleen word.
2 Duidelike formulering van die gesag wat van ʼn meerdere vergadering aan ʼn mindere vergadering gedelegeer word.
3. Die aanspreeklikheid vir kostes van appèlliggame word deur die ondersoekliggaam wat prosedurefoute begaan, gedra.

Die ATR het die opdrag uitgevoer by die hersiening van die *Kerkorde*.

**2.20.1 AANBEVELING: VRYWARING VAN AANSPREEKLIKHEID**

**Die Algemene Sinode neem kennis dat die ATR die opdrag uitgevoer het en die saak afgehandel het met die hersiening van die *Kerkorde*.**

**2.21 ARGIEF- EN INLIGTINGSWETGEWING**

(Vgl Aanvullende Verslae bl 64 punt 5 soos gewysig deur ABID en TTR)
Die Algemene Sinode versoek die nuwe ATR (Sameroeper) en ABID om aandag te gee aan die wet op toegang tot inligting en kennis te neem van die werkswinkel "Kerk en Staat" wat van 29 Oktober - 1 November 2007 in Stellenbosch gehou word. Die nuwe ATR moet sy bevindinge aan die Algemene Sinode voorlê met die oog op bepaling van die amptelike beleid van die NG Kerk hieroor.

Die ATR het besluit dat die saak oorstaan in afwagting van die nuwe Argief-reglement.

**2.21.1 AANBEVELING: ARGIEF- EN INLIGTINGSWETGEWING**

**Die Algemene Sinode neem kennis van die ATR se besluit dat die saak oorstaan in afwagting van die nuwe Argiefreglement.**

**2.22 “VERENIGDE DIENSGROEP DIENS EN GETUIENIS”**

(Vgl T.7.1 bl 12 pt 4.14)
Die Algemene Sinode wys die AKGA daarop dat hul reglement aan die ATR voorgelê moet word vir aanbeveling by die ASM vir goedkeuring.

Die ATR het in 2008 die ASM daarop wys dat hierdie besluit saamgelees moet word met *Kerkorde 2007* Regl.6:5. Die totstandkoming van sodanige diensgroep is dus onderhewig aan die daarstelling en goedkeuring van ’n regsgeldige ooreenkoms tussen die samewerkende kerke. Die ATR wys die ASM daarop dat dit die verantwoordelikheid van die ASM is om seker te maak dat sodanige ooreenkoms in plek is. Die ATR is ook van oordeel dat in die lig van bestaande besluite, die terme *“verenigde” en “verenigende”* nie gebruik moet word nie, aangesien dit tot verwarring aanleiding gee.
Die ATR van 2009 het aanbevel dat die ASM die *“Memorandum of Agreement”* tussen die NGK, VGKSA, NGKA en RCA goedkeur met byvoeging van *“regarding United ministries for service and witness (UMSW)”* by die opskrif, en wys verder daarop dat dit nog nie ’n reglement/konstitusie is nie (sien punt 5.8 van die ooreenkoms).
Die ATR het die saak verder afgehandel in sy hersiening van die *Kerkorde*.

**2.22.1 AANBEVELING: VERENIGDE DIENSGROEP DIENS EN GETUIENIS**

**Die Algemene Sinode neem kennis van die adviese van die ATR aan die ASM, asook dat die saak afgehandel is by die hersiening van die *Kerkorde*.**

**2.23 VERKIESING VAN DIE MODERATUUR**

BESKRYWINGSPUNT B.6.1: (Noord-Kaap) (vgl T.7.1 bl 13 pt 5.3)
Die Algemene Sinode besluit om die beskrywingspunt na die ATR te verwys vir studie en rapport aan die volgende Algemene Sinode.

Die ATR het die opdrag uitgevoer by die hersiening van die *Kerkorde*. Die ASM doen ook onder herstrukturering verslag oor die verkiesing van die Moderatuur by die aanvang van die sitting van die Algemene Sinode.

**2.23.1 AANBEVELING: VERKIESING VAN DIE MODERATUUR**

**Die Algemene Sinode neem kennis dat die ATR die opdrag uitgevoer het en die saak afgehandel het met die hersiening van die *Kerkorde*.**

**2.24 HERSIENING VAN REGLEMENTE**

(Vergelyk Aanvullende Verslae bladsy 44 – 64, pt 3.2 bl 64 asook T.7.4 Vierde Verslag van die Tydelike Regskommissie. T.7.4 vervang die reglemente van ADGO en ADD in die Aanvullende Verslae. Die reglement van ADO verval aangesien die Diensgroep verval. Die reglement van die ASM is reeds goedgekeur)
1. Die Algemene Sinode keur die volgende reglemente goed: ADGO, ADD, en AKAI.
2. Die bestaande Reglement 5 en 17 verval en word vervang deur die Reglement vir die ADD.
3. Bestaande Reglement 8, 10 en 26 verval en word vervang deur die Reglement vir die ADGO.
4. Die reglement vir die ATBV is reeds gewysig en deur die ASM goedgekeur en sal in die nuwe Kerkorde opgeneem word.
5. Bestaande Reglement 6 is aangevul met bepalings oor nuwe gemeente ontwikkeling wat reeds deur die ASM goedgekeur is.
6. Bestaande Reglement 11 is aangevul met bepalings oor die personeel wat deur die ASM goedgekeur is.
7. Bestaande Reglement 12.7 word gewysig om soos volg te lui: “Die Kerklike Jeugwerkersvereniging doen verslag aan die ADGO."
8. ATR word versoek om Kerkorde Reglement19 in samewerking met die ADGO te hersien. Spesifieke ondersoek moet ingestel word na die bestaande beperking dat die skep en omskep van poste beperk is tot finansiële behoeftes, en of bedieningsbehoeftes nie ook ’n oorweging behoort te wees nie.
9. Die ATR word versoek om die numerering van die reglemente aan te pas in die nuwe Kerkorde.
10. Die Algemene Sinode verwys die reglement van die GDN na die ATR, en die ATR sal intussen nog inligting van die GDN inwin.
11. Die Algemene Sinode versoek die ATR om die nodige regstellings in die betrokke reglemente te maak ten opsigte van die verwysings na die verandering van personeel rondom kundiges en Universiteitspersoneel.

Die ATR het die opdrag uitgevoer by die hersiening van die *Kerkorde*.

**2.24.1 AANBEVELINGS: HERSIENING VAN REGLEMENTE**

**2.24.1.1 Die Algemene Sinode neem kennis dat die ATR die opdrag uitgevoer het en die saak hanteer het met die hersiening van die *Kerkorde*.**

**2.24.1.2 Die Algemene Sinode versoek die ATR om 'n werkswinkel te hou met die oog op die finalisering van die volgende reglemente:**
**1. Verlofreglement**
**2. Die Reglement vir termynbepaaldebepaalde poste**
**Die reglemente moet deur die ASM goedgekeur word.**

**2.25 VERLOFREËLINGS**

(Vgl A.6.4.2 Algemene Taakspan Diensverhoudinge bl 1 pt 1.2(*3)

Die Algemene Sinode:
1. Herinner kerkrade en ander werkgewers daaraan dat die regsgeldigheid van ooreenkomste rakende die verlof van predikante in die gedrang kan kom indien dit van die bepalings van Reglement 22 afwyk;
2. Gee opdrag aan die ATR om, in oorleg met die ATDV die locus standi van Reglement 22 te heroorweeg in die lig van die behoefte van sommige kerkrade om aanpassings te onderhandel en daaroor vir afhandeling aan die ASM verslag te doen.

Die ATR het die opdrag uitgevoer by die hersiening van die *Kerkorde*.

**2.25.1 AANBEVELING: VERLOFREËLINGS**

**Die finalisering van die Reglement vir Verlof word na 'n werkwinkel van kundiges verwys om die nodige reglement(e) saam te stel en so spoedig moontlik na die Algemene Sinode aan die ASM vir goedkeuring voor te lê. Die ATR word versoek om die werkwinkel te reël en kundiges daarna uit te nooi.**

**2.26 WERKING VAN SINODE**

(DJ Malan/ MS Janse Van Rensburg) – goedgekeur.
Die Algemene Sinode versoek die ASM om:
1. Die moontlikheid te ondersoek na die moontlike skeiding tussen beleidsake aan die een kant en ander sake soos administratiewe- en bestuursaangeleenthede aan die ander kant wat deur die ASM afgehandel kan word.
2. Om kriteria te ontwikkel waarvolgens onderskei kan word tussen beleidsake en ander sake soos in besluit 1 genoem.
3. Met behulp van die ATR die Kerkordelike implikasies van so 'n skeiding te bepaal;
4. Die volgende Algemene Sinode te adviseer in hierdie verband.

Die ATR het die opdrag uitgevoer by die hersiening van die *Kerkorde*. Die ASM doen ook onder herstrukturering verslag oor die verkiesing van die Moderatuur by die aanvang van die sitting van die Algemene Sinode.

**2.26.1 AANBEVELING: WERKING VAN DIE SINODE**

**Die Algemene Sinode neem kennis dat die ATR die opdrag uitgevoer het en die saak afgehandel het met die hersiening van die *Kerkorde*.**

## 3. BEVOEGDHEIDSAANGELEENTHEDE

**3.1** Alle bevoegdheidsaangeleenthede is ordelik deur die ATR hanteer en in die bevoegdheidsregister aangeteken. Die bevoegdheidsregister is op aanvraag ter insae by die Skriba: Bevoegdheidsregister van die ATR beskikbaar.

**3.2 AANBEVELING: BEVOEGDHEIDSAANGELEENTHEDE**

**Die Algemene Sinode neem kennis dat alle bevoegdheidsaangeleenthede behoorlik in die bevoegdheidsregister aangeteken en ter insae op aanvraag beskikbaar is.**

## 4. ANDER SAKE WAARAAN DIE ATR AANDAG GEE/GEGEE HET

Volledige inligting is op aanvraag ter insae beskikbaar by die Skriba: ATR. Die ATR gee aandag/het aandag gegee aan die volgende sake:

4.1 AFGEVAARDIGDES NA RING OF SINODE
4.2 SINVOLLE ADMINISTRASIE VAN GELEGITIMEERDES.
4.3 DIE NG KERK EN DIE HANTERING VAN SY PREDIKANTE
4.4 DOOP BY BURGERLIKE VERBINTENISSE
4.5 AKTE VAN DEMISIE NA APPèL BY TUGONDERSOEK
4.6 EKUMENIESE VERHOUDINGE MET DIE VOLKSKERK VAN AFRIKA
4.7 HULP AAN KLEINER GEMEENTES (OOSTELIKE SINODE)
4.8 VERTEENWOORDIGING DEUR 'n PROKUREUR
4.9 REG OP REGSVERTEENWOORDIGING TYDENS ADMINISTRATIEWE VERRIGTINGE
4.10 DIE BEVOEGDHEID VAN KERKLIKE DOSENTE WAT IN 'n BESTUURSPOSISIE DIEN.
4.11 DIE BEVOEGDHEID VAN DOSENTE WAT OORSEE VERTREK
4.12 KERKBODE MEI 2010
4.13 DIE LEIDING VAN EREDIENSTE DEUR OPGELEIDE LIDMATE
4.14 BEROEPSBRIEF EN DIENSKONTRAK
4.15 KERKORDE INSKRYWINGS, BESLUITE EN AANTEKENINGE OOR DIE HUWELIK
4.16 DIE STATUS VAN DIE BESTUURSHANDLEIDING
4.17 DIE PLEK EN POSISIE VAN DIE ALGEMENE TAAKSPAN DIENSVERHOUDINGE (ATDV)
4.18 PROJEKPLAN
4.19 AFTREEOUDERDOM VIR PREDIKANTE
4.20 ONDERTEKENING VAN STATE
4.21 ALGEMENE SINODE BESLUIT OOR 'n EENHEIDSARGIEF
4.22 DIENSBEEINDIGING NA FASILITERING
4.23 JEUGWERKERS
4.24 WIE MAG PREEK?

## 5. HERSIENING VAN DIE *KERKORDE*

Die ATR het die *Kerkorde* 2007 grondig hersien.

**5.1 AANBEVELINGS: HERSIENING VAN DIE KERKORDE**

**5.1.1 Die Algemene Sinode keur die reëling van die ATR goed dat persone wat wysiginge aan die Kerkorde wil bespreek die Tydelike Regskommissie voor die behandeling van die ATR-verslag ontmoet.**
**5.1.2 Die Algemene Sinode keur die daarstel van 'n *Algemene Bevoegdheidsraad* (ABR) met sy reglement goed.**
**5.1.3 Die Algemene Sinode keur die versoek van die ATR goed dat die voorstelle van die Oostelike Sinode oor die Art 7-besluite verwys word na die Algemene Taakspan Diensverhoudinge vir opname in die Bestuurshandleiding vir Diensverhoudinge van die Algemene Sinode.**
**5.1.4 Die Algemene Sinode besluit dat beleidsaanbeveling 10 van die A tot Z vir *Kerkorde* Art 7 nie in die *Kerkorde* opgeneem word nie, maar dat dit as beleid agter in die *Kerkordeboek* opgeneem word.**
**5.1.5 Die Algemene Sinode neem kennis dat na ontvangs van die verslag van die ASM die Tydelike-ATR 'n aanvullende verslag sal voorberei en sal aanbeveel dat dit as ordevoorstel aan die begin van die vergadering van die Algemene Sinode dien.**
**5.1.6 Die Algemene Sinode neem kennis dat addendum-verslae van die ATR voorberei en ingedien sal word ivm Kerkordewysiginge rakende Teologiese opleiding, taak- en termyngerigte poste en die Algemene Bevoegdheidsraad.**
**5.1.7 Die Algemene Sinode besluit dat die Handves van Godsdiensregte asook die A tot-Z-Beleid in die *Kerkorde* opgeneem word as funksionele besluite.**
**5.1.8 Die Algemene Sinode keur die volgende advies van die ATR oor telefoonvergaderings en elektroniese stemwyse of -vergaderings goed:**
**5.1.8.1 Telefoon- en elektroniese vergaderings vir die taakspanne (sluit diensrade/diensgroepe in) van die Sinode(s) is toelaatbaar vir die hantering van spoedeisende sake onder die volgende voorwaardes:**
**5.1.8.1.1 Die vereistes vir die telefoonvergadering is dieselfde as wat geld vir 'n gewone vergadering van die taakspan onder andere ten opsigte van kennisgewing, agenda, kworum en besluitneming.**
**5.1.8.1.2 Die notule van so 'n vergadering word by die volgende vergadering van die taakspan voorgelê vir goedkeuring.**
**5.1.8.2.Elektroniese stemwyse vir taakspanne van die Sinodes is toelaatbaar onder die volgende voorwaardes:**
**5.1.8.2.1 Die Dagbestuur van die taakspan stel 'n verslag op in verband met die saak waaroor die taakspan besluit(e) wil neem. In die verslag word die sake waaroor en die manier waarop daar gestem moet word, duidelik aangedui.**
**5.1.8.2.2 Die verslag word elektronies aan al die lede van die taakspan versend.**
**5.1.8.2.3 Die elektroniese stemming se uitkoms is alleen geldig as die meerderheid van die lede hulle instemming met die voorstel wat voorgelê is vir stemming betuig het.**
**5.1.8.2.4 Die notule van so 'n stemming word by die volgende vergadering van die taakspan voorgelê vir goedkeuring.**
**5.1.9 Die Algemene Sinode keur die volgende Kerkordewysiginge goed:**

**Artikel 3**

<u>3.1 Christus verrig al die dienswerk in sy kerk en koninkryk deur sy Woord en Gees. Hy doen dit ondermeer deur gebruik te maak van:</u>
<u>3.1.1 die dienswerk[4] van die drie besondere ampte in die kerk, te wete:</u>
* <u>dié van bedienaar van die Woord[5]</u>
* <u>dié van ouderling,</u>
* <u>dié van diaken,</u>
<u>om die gelowiges toe te rus vir hulle dienswerk in die kerk en die wêreld; én</u>
<u>3.1.2 die dienswerk van al die gelowiges[6].</u>
<u>3.2 Die drie besondere ampte is gelykwaardig, maar word in opdrag en werk onderskei. By die uitoefening van hulle roeping mag geen ampsdraer oor ander ampsdraers heerskappy voer nie, aangesien Christus die enigste Hoof, Koning en Meester van sy kerk is.</u>

**Artikel 6**

Die verlening van <u>bevoegdheid om</u> as bedienaar van die Woord <u>beroep te word, óf die beëindiging</u> daarvan, geskied deur die <u>Algemene Bevoegdheidsraad</u> namens die Algemene Sinode.

---

[4] Geen ampswerk word onder die lidmate van 'n ander gemeente gedoen tensy met die instemming en medewete van daardie gemeente nie.
[5] In die *Kerkorde* verwys "leraar", "evangeliedienaar" en "predikant" na "bedienaar van die Woord" en het die begrippe ooreenstemmende betekenisse. Waar in hierdie kerkordeboek na die manlike verwys word, sluit dit ook die vroulike in en omgekeerd, tensy spesifiek anders vermeld.
[6] Sien *Kerkorde* Art 55.

**Artikel 7**
7.2 Bedienaars van die Woord in diens van die kerkverband (Ring, Sinode of Algemene Sinode [vir bevoegdheid sien Regl. 3: 2.3.1 en 2.3.2]) word deur die betrokke kerkvergadering of sy gevolmagtigde kommissie beroep. Voordat die Beroepsbrief afgestuur word, moet
7.5 Binne die raamwerk van die *Kerkorde* en die sinodale besluite van toepassing is die bepalings van die beroepsbrief onderhandelbaar by oorweging van die beroep.
*7b2.1.2 Die kerkraad kan ook geskikte name van die ringskommissie, die Algemene Taakgroep vir Predikantebediening en/of die Algemene Bevoegdheidsraad aanvra om die groslys aan te vul EN*

**Artikel 8**
8.1 Die bevestiging van 'n gemeenteleraar geskied nadat:
8.1.1 die Ring of sy gevolmagtigde kommissie skriftelik bevestig het dat aan al die kerklike vereistes voldoen is;
8.1.2 die diensooreenkoms deur beide partye onderteken is.
8.1.3 In die geval van 'n bedienaar van die Woord in 'n kerklike betrekking word die volgende aan die Ring of sy gevolmagtigde kommissie voorgelê en by die beroepende kerkraad ingedien:
8.1.3.1 'n akte van demissie uit die vorige werkkring.
8.1.4 In die geval van bedienaar van die Woord in 'n nie-kerklike betrekking word die volgende aan die Ring of sy gevolmagtigde kommissie voorgelê en by die beroepende kerkraad ingedien:
8.1.4.1 'n getuigskrif van eervolle ontslag; en
8.1.4.2 'n attestaat uit die vorige gemeente.
8.1.5 In die geval van proponente:
8.1.5.1 moet die akte van legitimasie getoon word;
8.1.5.2 moet 'n attestaat by die beroepende kerkraad ingelewer word; en
8.1.5.3 geskied die bevestiging met oplegging van hande waarna predikantsbevoegdheid verkry word.
8.2 Die bevestiging in diens van die kerkverband vind plaas nadat:
8.2.1 die betrokke Sinodale Regs-/Kerkordekommissie of sy gevolmagtigde skriftelik bevestig het dat aan al die kerklike vereistes voldoen is;
8.2.2 al die verlangde stukke getoon en/of ingedien is (sien 8.1); en
8.2.3 die diensooreenkoms deur beide partye onderteken is.
8.3 Dit is die verantwoordelikheid van die betrokke kerkvergadering in wie se diens die leraar/proponent is om onverwyld kennis aan die Algemene Bevoegdheidsraad te gee van enige verandering wat mag intree ten opsigte van standplaas en/of bevoegdheid.

**Artikel 9**
9.1 Die amp van die bedienaar van die Woord fokus op die bediening van die Woord in al sy gestaltes.
9.2 Die bedienaar van die Woord is geroep om 'n volgeling van Christus te wees en sy lewe te wy in diens van die Here en sy kerk.
9.3 Die bedienaar van die Woord funksioneer in 'n gemeente, in die kerkverband en in die diens van die kerk in die wêreld.
9.4 In die gemeente aanvaar die bedienaar van die Woord verantwoordelikheid vir die bestudering en verkondiging van die Woord van God, die bediening van die sakramente, die diens van die gebede en die voortdurende ontwikkeling van bedieningsvaardighede. Die bedienaar van die Woord is ook saam met die ander ampte verantwoordelik vir:
* eredienste,
* die opbou van die gemeente,
* onderrig en toerusting van gelowiges vir hulle dienswerk,
* die gemeente se dienswerk in die wêreld,
* leiding en organisering van die gemeente,
* uitoefening van Christelike liefde en tug,
* pastorale versorging

Die Kerkraad onderskei en bepaal, saam met die bedienaar van die Woord, die wyse waarop dié verantwoordelikhede, in lyn met bepaalde begaafdhede, uitgeleef word en vervat dit in 'n diensooreenkoms.
9.5 Die bedienaar van die Woord neem ook deel aan die gesamentlike bediening van die kerkverband in die onderskeie kerklike vergaderinge en ekumeniese verhoudings.
9.6 As deel van die dienswerk van die kerkverband aan die wêreld tref die kerkverband reëlings oor wyses waarop die bedienaar van die Woord diensbaar is in die kerk en in die wêreld.

**Artikel 10**
'n Bedienaar van die Woord mag geen ampspligte (Artikel 9) onder lidmate van 'n ander gemeente verrig sonder die toestemming van daardie kerkraad nie.

**Artikel 11**

11.1 Bedienaars van die Woord kan die kerklike bediening slegs om ernstige en gewigtige redes verlaat. Hulle hou op om predikant te wees indien hulle hulle gemeente of werkkring in die kerkverband verlaat om 'n ander betrekking te aanvaar. Hulle kan egter vooraf van die Algemene Bevoegdheidsraad verlof ontvang om hulle bevoegdheid as proponent te behou.
11.3 Indien daar ander gewigtige redes is, kan sodanige behoud van die bevoegdheid alleen verleen word indien die Algemene Bevoegdheidsraad, op grond van aanbevelings van die kerkraad en die ring, oordeel dat daar genoegsame *bona fide*[7] redes is om 'n ander betrekking[8] te aanvaar.
~~Besluit by Artikel 11~~ *(Word opgeneem in 'n nuwe reglement)*

**Artikel 12**
12.1 Die bedienaars van die Woord word vir die uitvoering van hulle amp of bediening deur 'n kerkvergadering (kerkraad, ring, sinode, Algemene Sinode) beroep en in diens gestel.
12.2 Die bedienaar van die Woord is, as geroepene van die Here deur Sy kerk, aan die Here én aan die betrokke kerkvergadering verantwoording verskuldig.
12.3 Die kerkvergaderinge gee aan die bedienaars van die Woord die respek en ondersteuning wat hulle as geroepenes van die Here en sy kerk in staat kan stel om hulle amp en bediening effektief uit te voer.
12.4 Indiensneming en diensbeëindiging geskied deur die betrokke kerkvergadering in wie se diens die bedienaar van die Woord staan.
12.5 Slegs persone wat die nodige ampsbevoegdheid het (vgl. KO art. 6) kan in 'n gemeente of in die kerkverband as bedienaar van die Woord dien (vgl. voetnoot 2 by KO art. 3 en ook Reglement 3).
12.6 Die bedienaar van die Woord se dienste word met onmiddellike effek beëindig by verlies van ampsbevoegdheid ingevolge die Reglement vir die reëling van die bevoegdheid van predikante en proponente.
12.7 Die betrokke kerkvergadering kan die dienste van 'n bedienaar van die Woord in die volgende gevalle beëindig:
12.7.1 op grond van wangedrag ~~(vgl. *Kerkorde*, hoofstuk 5)~~;
12.7.2 op grond van gebrekkige bedieningsvaardigheid of dienslewering ~~(vgl. *12b 2.2* en *12b 2.4.2*)~~;
12.7.3 op grond van die gemeente of kerkverband se bedienings- en bedryfsvereistes (insluitend finansiële onvermoë) ~~(vgl. *12b 2.3* en *12b 2.4.4*).~~
~~Besluite by Artikel 12~~ *(Word in 'n reglement verwerk)*

**Artikel 13**
Die gemeente of kerkverband in wie se diens 'n bedienaar van die Woord staan, sien om na sy geestelike, emosionele en fisieke behoeftes, is medeverantwoordelik vir sy bedieningsontwikkeling en is verantwoordelik vir sy lewensonderhoud soos ooreengekom[9].

**Artikel 14**
14.1 'n Bedienaar van die Woord emeriteer op die ouderdom soos deur die Algemene Sinode bepaal[10].
14.2 'n Bedienaar van die Woord wat weens verswakte gesondheid, ouderdom of andersins uit die diens tree en daarvoor kwalifiseer, ontvang die voordele volgens die bepalinge van die betrokke pensioenfonds. Daar behoort ook voldoende voorsiening gemaak te word vir die weduwee en wese van die bedienaar van die Woord.
14.3 'n Emeritus kan, met goedkeuring van die ring, vir 'n bepaalde termyn en vir 'n bepaalde taak beroep word.
14.4 'n Emeritus wat weens verswakte gesondheid emeriteer het, moet eers weer beroepbaar gestel word deur die Algemene Bevoegdheidsraad.

**Artikel 15**
15.1 Ouderlinge en diakens onderskryf met hulle bevestiging hulle instemming met die belydenis van die kerk.
15.2 Daar behoort 'n gereelde aftrede van ouderlinge en diakens te wees. Die dienstyd van ouderlinge en diakens word deur die kerkraad gereël.

**Artikel 16**
16.1 Die amp of bediening van die ouderling is gerig op geestelike versorging, leiding, bestuur en toesig, en omvat:
16.1.8 die lei van eredienste waar die ring daartoe vergunning gegee het[11];

---

7 *Bona fide* redes is wanneer ◘ leraar bedank uit sy werkkring sonder dat daar enigsins sprake is van dissiplinêre en/of tug optredes teen die predikant. Redes kan inhou dat die leraar vir die huidige nie sy weg oopsien om voort te gaan met die bediening nie.

8 Met die toekenning van proponent bevoegdheid, kan die volgende ook oorweeg word, naamlik "dra die ander betrekking 'n geestelike karakter wat regstreeks met die verkondiging van die Woord in verband staan en ten bate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk geag word".

9 Sien die A-Z-beleid soos vervat in die Kerkordeboek.

10 Die tans geldende besluit van die Algemene Sinode (1986) vir emeritaat is op ouderdom 65 jaar.

11 Sien Kerkorde Art 48.3.5

**Artikel 20**
20.1 Die vergaderinge het, elkeen na sy eie aard en funksie, 'n kerklike gesag[12] deur Christus aan hulle toevertrou.
20.2 Die gesag van die ring, na aanleiding van sy aard en funksie, oor die kerkraad is dieselfde as dié van die sinode en Algemene Sinode, na aanleiding van elkeen se eie aard en funksie, oor die kerkverband.
~~Besluite by Artikel 23~~ ***(Staan oor tot by Hfst 5)***

**Artikel 26**
26.2 Die kerkraad bestaan uit die bedienaars van die Woord, asook die ouderlinge en diakens[13].
~~*Riglyne by Artikel 26*~~ *(Skrap in geheel)*

**Artikel 27**
27.1 'n Kerkraad mag desentraliseer en aan gedesentraliseerde kerkrade[14] duidelik omskrewe bevoegdhede gee, wat aan die ring vir goedkeuring voorgelê word.

**Artikel 28**
28.1 Die kerkraad vergader minstens vier keer per jaar. In buitengewone omstandighede en met goedkeuring van die ring kan die kerkraad minder vergader.
28.4 Indien die plaaslike bedienaar(s) van die Woord nie by 'n gewone of buitengewone kerkraadsvergadering teenwoordig kan wees nie óf indien die gemeente vakant is, woon die konsulent of 'n ander bedienaar van die Woord (dienend óf geëmeriteerd), deur die ring of sy gevolmagtigde daartoe aangewys, die vergadering adviserend namens die ring by met verslag aan die ring. Die persoon kan ook op versoek van die kerkraad as voorsitter optree.

**Artikel 30**
30.1 Die ring word saamgestel uit een bedienaar van die Woord en een ouderling/diaken as afgevaardigdes deur die kerkraad van elke gemeente binne die ringsgebied. Waar die predikantspos vakant is, kan 'n ouderling/diaken in die plek van die bedienaar van die Woord afgevaardig word.
30.2 As 'n gemeente meer as een predikantspos het, het die kerkraad die reg om meer bedienaars van die Woord en nog een ouderling/diaken vir elke bykomende bedienaar van die Woord af te vaardig, indien die sinode daartoe besluit. Waar in sodanige gemeente 'n predikantspos vakant is, mag die kerkraad 'n ouderling/diaken vir die vakante pos afvaardig.

**Artikel 31**
Tot die werksaamhede van die ring behoort:
31.2 die behandeling van sake wat óf in eerste instansie óf op appèl voor die ringsvergadering gebring word;
31.7 die aanwys van konsulente;
31.8 die vergunning van preekbevoegdheid op versoek van kerkrade.

**Artikel 33**
33.1 Sinodes word op een van die volgende maniere – waaroor elke sinode self besluit – saamgestel:
33.1.1 uit een bedienaar van die Woord en een ouderling/diaken as afgevaardigdes deur die kerkraad van elke gemeente binne die sinodale gebied. Waar die predikantspos vakant is, kan 'n ouderling/diaken in die plek van die bedienaar van die Woord afgevaardig word; óf
33.1.2 as 'n gemeente meer as een predikantspos het, het die kerkraad die reg om meer bedienaars van die Woord en nog een ouderling/diaken vir elke bykomende bedienaar van die Woord af te vaardig, indien die sinode daartoe besluit. Waar in sodanige gemeente 'n predikantspos vakant is, mag die kerkraad 'n ouderling/diaken vir die vakante pos afvaardig; óf
33.1.3 'n gelyke aantal leraars en ouderlinge/diakens uit elke ring in die sinodale gebied. Die sinode besluit op die wyse van afvaardiging en die aantal afgevaardigdes per ring.
33.2 Die teologiese opleiding word in adviserende hoedanigheid verteenwoordig deur 'n NG dosent van die Teologiese Fakulteit Stellenbosch en/of die Teologiese Fakulteit Pretoria en/of die Teologiese Fakulteit Bloemfontein.

**Artikel 38**
38 3 Die teologiese opleiding word in adviserende hoedanigheid verteenwoordig deur 'n NG dosent van elk van die teologiese fakulteite van Stellenbosch, Pretoria en Bloemfontein.

**Artikel 39**
**'n Moderatuur word by die aanvang van die Algemene Sinode verkies en lei die vergadering. Lede word vir 'n termyn van twee jaar gekies en kan slegs een keer in dieselfde hoedanigheid herkies word.**

---

[12] Sien Kerkorde Art 3 en 21

[13] Sien NGB Art 30.

[14] Gedesentraliseerde kerkrade word saamgestel uit die bedienaar/s van die Woord, ouderlinge en diakens, aangewys deur die Kerkraad. Met die term "Gedesentraliseerde kerkraad" word enige groepering in die gemeente verstaan.

**Artikel 40**
**Die Moderatuur van die Algemene Sinode, bestaande uit 'n moderator, 'n assessor, 'n aktuarius en 'n addisionele lid, lei die Sinode (Artikel 25). Die algemene sekretaris tree op as skriba van die vergadering, met adviserende stem.**
~~***Besluit by Art 40.2***~~ *(Skrap in geheel)*

**Artikel 41**
Die afgevaardigde leraar met die langste diens wat die oudste in jare is, open die vergadering en gaan voor totdat die moderator gekies is. Die algemene sekretaris help met die konstituering van die vergadering en die verkiesing van die moderator.
~~*Riglyn by art. 41*~~ *(Skrap in geheel)*

**Artikel 44**
***Besluit by Art 44.1***
***44b1 Vir die wyse waarop die besluit van Kerkrade oor die verandering van die belydenisgrondslag van die NG Kerk hanteer word ten einde die approbasie (instemming) van ten minste 80% van belydende lidmate van gemeentes met die besluit te verkry, sien Kerkorde 2011 Regl 6 par 6.***

**Artikel 48**
48.1 Die erediens is, onder die genadige werking van die Heilige Gees, die amptelike openbare samekoms van die gemeente tot ontmoeting met God en onderlinge gemeenskap van die heiliges onder leiding van die besondere ampte en deur die bediening van die Woord, die bediening van die heilige sakramente, die gebed, kerklied en dankoffers.
48.2 Die inrigting van die eredienste word deur die kerkraad vasgestel met gebruikmaking van die liturgiese grondlyne soos deur die Algemene Sinode vasgelê.
48.3.5 'n ouderling wat preekvergunning van die ring ontvang het (sien ook *Kerkorde* Art[s] 3 en 10).
Die volgende wysiging word aanbeveel by die voetnota by Art.48.3.3: "Onder 'n bevoegde bedienaar van die Woord wat eredienste kan lei, word verstaan 'n persoon met ampsbevoegdheid in die NG Kerk of 'n ander kerk van gereformeerde belydenis. Wanneer 'n kerkraad aan 'n persoon wat nie sodanig bevoeg geag word nie 'n uitnodiging rig om 'n erediens te lei, word daar strydig met die *Kerkorde* gehandel (Vgl Handelinge Algemene Sinode 1998, bl 409, 1.19.2.2). Sien ook die besluite by artikel 70: 70b.3 en 70b.7 rakende kerke met wie die NG Kerk in volle betrekkinge staan en wat dit behels ten opsigte van die toelaat van leraars op mekaar se kansels.

**Artikel 49**
**49.1 Die Doop**
Die heilige doop word deur 'n bedienaar van die Woord[15] bedien met gebruikmaking van 'n goedgekeurde liturgiese formulier. Dit word, behalwe by hoë uitsondering, in die erediens met water bedien.

**Artikel 51**
51.1 Die bedienaars van die Woord, ouderlinge en diakens moet deur die behartiging van getroue huisbesoek, herderlike sorg verleen aan alle lidmate van die gemeente, in besonder behoeftiges, siekes en oues van dae. Hulle moet besoek, bemoedig, vertroos en ondersteun word. Voorts moet lidmate voortdurend gewaarsku word teen valse leringe en dwalinge, teen wêreldsgesindheid en goddelose lewenspraktyke.
51.2 Die Christelike huwelik as 'n instelling van God moet heilig gehou word en kerkrade moet hieroor die nodige herderlike toesig hou.
51.3 Kerkrade sien toe dat afgestorwe lede van die gemeente op 'n Christelike wyse begrawe/veras word.

**Artikel 57[16]**
Elke kerkvergadering maak die nodige voorsiening vir die sorgvuldige beheer van die stoflike aangeleenthede van die Kerk en doen jaarliks verslag van sy rentmeesterskap aan die gemeente, ring, sinode of Algemene Sinode, soos die geval mag wees.

## 6. SLOT
Hiermee vertrou die ATR dat hy die taak aan hom opgedra, na behore nagekom het. Die vergadering van die Algemene Sinode word die seën van die Here toegebid.

JH Ernst (Voorsitter)
HJ Kleynhans (Skriba)

---

15 Sien art 48.3.1 tot 48.3.3 met voetnota.
16 *Kerkorde* Art 57 moet samgelees word met *Kerkorde* Regl 9 – Reglement vir die reeling van eiendomme, goedere en fondse.

# B. BESKRYWINGSPUNTE

## B.1 RUIMTE VIR DIE BEKERINGSDOOP
**(OOSTELIKE SINODE)**

Die Sinodale Diensraad lê die volgende beskrywingspunt namens die volgende vyf gemeentes aan die Algemene Sinode voor: Ermelo-Oos, kerksondermure, Moreletapark, Witbank-Klipfontein en Witrivier.

*Die Algemene Sinode besluit om gemeentes toe te laat om ’n bekeringsdoop te bedien. Dit is nie ’n herhaling of vervanging van die verbondsdoop nie, maar maak deel uit van die getuienis van lidmate se geloofsverbintenis met Jesus Christus.*

**MOTIVERING**
1. Hierdie besluit is die skepping van ruimte aan sommige lidmate in bepaalde gemeentes wat ’n behoefte het om simbolies uitdrukking te gee aan hulle sterwe en opstanding saam met Christus.
2. Dit skep ook vir gemeentes die ruimte om ’n praktyk te vestig waarin hulle lidmate so kan bedien dat die band met die gemeente en kerk nie in gedrang kom nie.
3. Hiermee erken die Sinode die diversiteit van gemeentes en ’n eie pad wat lidmate met God loop.

## B.2 DIE DOOP
**(WES- EN SUID-KAAP)**

**BESLUIT EN BESKRYWINGSPUNT VAN DIE SINODE VAN WES- EN SUID-KAAP**
1. Die Sinode is oortuig daarvan dat die verbondsdoop ’n uitdrukking is van die grondwaarheid van die evangelie dat God se getrouheid groter is as ons ontrou, dat sy genade ons geloof voorafgaan – daarvoor is ons die Here innig dankbaar.
2. Die Sinode het by die sitting van 9-13 Mei 2011 daarvan kennis geneem dat daar lidmate van die NG Kerk is wat ander oortuigings en ervarings oor die doop het, by name dat die doop na belydenis van geloof vir hulle seën gebring het. Verder, dat hierdie oortuigings terselfdertyd vir baie getroue lidmate van die NG Kerk pyn meegebring het deurdat hulle onder die indruk gebring is dat hulle om daardie rede onwelkom in die kerk is – daarvoor vra die Sinode hierdie lidmate om verskoning. Die Sinode het ook daarvan kennis geneem dat sommige lidmate van die kerk hulle siening van die doop so op die spits dryf dat dit skeuring in gemeentes veroorsaak en pleit by al sy lidmate om oor hierdie kwessie groter wedersydse respek aan die dag te lê.
3. Die Sinode het nie alle kennis in pag nie. Dit is dus noodsaaklik om met nederigheid en openheid te luister na die getuienisse van gelowiges met ander oortuiginge oor die doop as ons eie – daarom is die Sinode oortuig van die dringende noodsaaklikheid daarvan dat op alle vlakke van ons kerkregering, met name streeksinodes en die Algemene Sinode van ons kerk, weereens nagedink sal moet word oor die doop.
4. **Derhalwe versoek die Sinode die Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake (SKLAS) om voort te gaan met nadenke, studie en gesprekke oor die doop, en dat die insigte wat tydens die gesprekke by die sinode van Mei 2011 bekom is, verreken sal word.**
5. **Derhalwe versoek die Sinode die Algemene Sinode om met nadenke en studie oor die doop, die verbondsdoop asook die belydenisdoop, leiding te gee en in die besonder by sy sitting in Oktober 2011 uitsluitsel te gee oor die vraag of die regte opvatting van die doop ’n kernwaarheid van die evangelie is, ‘n saak waaroor daar geen verskille onder gelowiges kan wees nie.**
6. **Ten einde hierdie nadenke te stimuleer, lê die Sinode van Wes- en Suid-Kaap aan die Algemene Sinode die volgende opsies voor om vir NG-lidmate wat ’n ander doopoortuiging as die verbondsdoop huldig in die kerk ruimte te gee. Ons versoek dat die volgende opsies by die Algemene Sinode van Oktober 2011 bespreek sal word:**
Opsie 1: “Ons verstaan dat mense verskillende standpunte oor die doop kan huldig.” (**Aanvaar deur Sinode van Wes- en Suid-Kaap**).
Opsie 2: “Niemand sal verplig word om hulle kinders te laat doop nie.” (**Aanvaar deur Sinode van Wes- en Suid-Kaap**).
Opsie 3: “Die kerk sal nie tugstappe onderneem teen lidmate wat die belydenisdoop ondergaan het, of oortuig is dat hulle, as gevolg van ’n ander siening van die doop, nie hulle kinders ten doop moet bring nie.” (**Aanvaar deur die Sinode van Wes- en Suid-Kaap**).
Opsie 4: “Die kerk laat spesiale kategorie-gemeentes toe om, onder toesig van ringe, die belydenisdoop te bedien”. (**Geen besluit deur die Sinode van Wes- en Suid-Kaap nie**).
Opsie 5: “Lidmate word by wyse van uitsondering spesiale verlof gegee om die belydenisdoop te ondergaan”. (**Geen besluit deur die Sinode van Wes- en Suid-Kaap nie**).
Opsie 6: “Lidmate het die reg om ’n keuse uit te oefen of hulle die belydenisdoop wil ondergaan”. (**Geen besluit deur die Sinode van Wes- en Suid-Kaap nie**).

7. **Die Sinode voeg by die SKLAS-voorlegging kommentaar deur belangegroepe wat voor 30 Mei 2011 by SKLAS ingehandig moet word.**
8. **Die Sinode versoek die skribaat van die Algemene Sinode om alle tersaaklike rolspelers, byvoorbeeld die Algemene Diensgroep Diens en Getuienis (ADD) en die Algemene Diensgroep Gemeente-ontwikkeling (ADGO), te vra om kommentaar wat by die voorlegging gevoeg moet word.**

**BEGELEIDENDE BRIEF VAN DIE MODERATUUR VAN WES- EN SUID-KAAPLAND OOR DIE BESKRYWINGSPUNT TOV DIE DOOP**
Dit het die afgelope tyd al hoe duideliker geword dat daar talle stemme binne die sinodale gebied van die Wes- en Suid-Kaapland, asook die breër NG Kerk, opgaan wat sterk daaroor voel dat die Kerk ’n ruimer standpunt oor die doop moet huldig. Dit het duidelik geword uit getuienisse dat die sogenaamde “bekeringsdoop” deur talle lidmate en kerkraadslede ondergaan is en nou voorgestaan word. Die saak word verder gekompliseer deur die feit dat hierdie standpunt juis deur baie betrokke en toegewyde lidmate gehandhaaf word. Dit is egter verder duidelik dat hierdie kwessie al die potensiaal het om ’n verdelende en selfs destruktiewe invloed op die Kerk te hê.

Die Sinode van Wes- en- Suid-Kaapland het dus geoordeel dat die kwessie nie langer geïgnoreer kan word nie. Ons verstaan dat dit ’n komplekse kwessie is wat die hart van ons belydenisgrondslag raak. Juis daarom is dit belangrik dat daar uiters genuanseerd en met omsigtigheid hiermee gehandel word.
Die Sinode se eerste oogmerk was nie om die belydenisgrondslag van die kerk te verander nie. Daarom is daar ook nie ’n gravamen geformuleer nie. Die sinode wil ook nie afwyk van ons huidige standpunt oor die kinderdoop/verbondsdoop nie (kyk punt 1 van ons besluit).

Ons versoek die Algemene Sinode egter dringend om saam met ons te soek na maniere om hierdie saak op gepaste wyse te hanteer en vra dus dat die voorstelle, wat wel geformuleer is, op gepaste wyse by die Algemene Sinode aan die orde sal kom. Die besluite soos dit geneem is, is deur ons sinode geneem en behoort dus nou aan die “sinode”. Ons oordeel dat dit uiters belangrik is dat die Algemene Sinode die saak so sal hanteer dat die boodskap duidelik uitgestuur word dat ons binne die gees en waardes van die Luisterseisoen hierdie kwessie met erns en sensitiwiteit hanteer.

## B.3 BELHAR
**(WES- EN SUID-KAAP)**

Die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika het tydens sy afgelope sitting van 9-13 Mei 2011 die onderstaande beskrywingspunt aanvaar:

*Die Algemene Sinode word versoek om “die Belydenis van Belhar op ’n kerkordelike wyse deel van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se belydenisgrondslag te maak.”*

Die volledige besluit lui soos volg:
“Die sinode is oortuig dat die Bybelse eis vir geregtigheid vir alle mense, versoening tussen alle mense en die eenheid van die kerk tot die kern van die evangelie behoort. Die Belydenis van Belhar verwoord hierdie evangeliese eis om geregtigheid, versoening en eenheid op ’n ander wyse as die ander belydenisskrifte van die kerk. Die sinode aanvaar as kerkvergadering die Belydenis van Belhar en daarom versoek hierdie vergadering die Algemene Sinode om die Belydenis van Belhar op ’n kerkordelike wyse deel van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se belydenisgrondslag te maak.”

**AGTERGRONDSKRYWE EN VERDERE MOTIVERING**

**1 Historiese agtergrond en motivering**

**Die Moderamen het gedurende 2009 die gesprek oor die Belydenis van Belhar heropen en wel om die volgende redes:**
Die moratorium wat die VGK op kerkeenheidsgesprekke geplaas het, het ‘n ruimte geskep waarin die Moderamen los van die drukgang van kerkhereniging ’n objektiewe teologiese gesprek oor die Belydenis van Belhar as belydenisskrif kon voer.

Die Moderamen het ook die afgelope termyn telkens te staan gekom voor samelewingskwessies wat ons genoop het om diepgaande na te dink oor God se verstaan van die belangrikheid van alle mense en hulle verhouding met mekaar. Sake soos geweld teen vroue en kinders, fetale alkoholsindroom, onderwys, misdaad en armoede was van die begin van die termyn op ons agenda. Dis was asof hierdie sake, vanweë die wêreld waarin ons leef, hulle net aan ons opgedring het. Ons betrokkenheid by hierdie kwessies het telkens ons deernis vir mense wat ly, uitgedaag. Dit het opgeval dat die Belydenis van Belhar die evangelie van liefde, deernis en respek vir mense

glashelder verwoord. Die Belydenis van Belhar is soos ‘n vergrootglas wat die omvangryke liefde en geregtigheid van God waarvan ons in die Bybel lees helder in fokus bring.

Daar was by die moderamen ’n groeiende oortuig dat die kerk nie alleen oor die Belydenis van Belhar nie, maar oor belydenisskrifte in die algemeen ‘n grondige gesprek moes voer. Die bekommernis is uitgespreek dat terwyl ons ons graag ’n belydeniskerk noem, ons bestaande belydenisskrifte al minder funksioneel is en dat lidmate al minder kennis van die inhoud daarvan dra. Die moderamen het daarom aandag geskenk aan ons gereformeerde geskiedenis ten aansien van belydenisskrifte. Belydenisskrifte is oor die eeue in die protestantse tradisie as van die sterkste vorme van getuienis beskou. Wanneer die kern van die evangelie in gedrang gekom het, is belydenisskrifte aanvaar om die verstaan van die Skrif so duidelik as moontlik te artikuleer. Die Drie Formuliere van Eenheid (Heidelbergse Kategismus, Nederlandse Geloofsbelydenis, Dordtse Leerreels) is na intense stryd aanvaar. Die geloofstryd het indertyd gepaard gegaan met geweld en vervolging en politieke onrus. Die waarheid van die evangelie was op die spel en niks is ontsien om hierdie waarheid op die sterkste moontlike wyse te proklameer nie.

Dit het ook duidelik geblyk dat belydenisvorming nooit as ’n afgehandelde proses beskou kan word nie, maar dat ons juis met *semper reformanda* as uitgangspunt kan en moet voortgaan met nuwe belydenisvorming wat eie is aan die konteks en uitdagings van die dag.

Die Moderamen is ook deeglik bewus van ons kerk se historiese rol om verdeeldheid, onversoendheid en ongeregtigheid in die samelewing teologies te regverdig. Hoewel ons al by talle geleenthede ons berou hieroor te kenne gegee het, besef ons dat ons steeds geroep word tot die herstel van die eenheid van die kerk, versoening tussen mense en geregtigheid vir almal. Die moderamen wil deur die aanvaarding van die Belydenis van Belhar baie duidelik en ondubbelsinnig getuig van sy oortuigings ten aansien van eenheid, geregtigheid en versoening. Ons wil deur hierdie getuienis en met dade wat daarmee gepaard gaan, bydra tot die herstel van mense se posisie voor God en verhoudings met mekaar. Ons is oortuig dat die NG Kerk nou geroep word om ‘n besondere rol in hierdie verband in Afrika en die wêreld te speel.

**Dit is van uiterste belang dat verstaan sal word dat dit vir die Sinode van Wes- en Suid- Kaapland gaan oor ’n wesenlike besluit wat die NG Kerk onafhanklik moet neem oor ’n eie aanvaarding van die belydenis al dan nie. Dit gaan nie hier oor ’n plekkie wat bloot aan die belydenis in die toekoms gegee moet word na eenheid met die VGK nie. Hierdie is ’n selfstandige besluit waarvoor die NG Kerk nou te staan kom.**

**Meer oor die Belydenis van Belhar self:**

Die Belydenis van Belhar verwoord na ons wete die evangeliese eis om eenheid, versoening en geregtigheid soos geen ander dokument in die geskiedenis van die kerk nie. Die belydenis verklank ‘n universele protes teen alle vorme van verskeurdheid van verhoudings en magsmisbruik teen mense. Die belydenis is geskryf in die tipiese taal van die gereformeerde belydenisskrifte. Dit is vol lof aan God. Dit is in ooreenstemming met die Skrif. Dit gee erkenning aan die gesag van die Skrif. Dit sluit aan by en brei uit op die belydenisse van die Drie Formuliere van Eenheid. Dit verwoord die bevrydende waarheid van die evangelie vir miljoene lydende mense in die eeu waarin ons leef. Dit sal relevant bly totdat alle kerklike verskeurdheid, onversoendheid tussen mense en ongeregtigheid in die wêreld uitgewis is. Die belydenis is gebore in Afrika, maar is ‘n getuienis met die oog op die transformasie van die wêreld.

Die moderamen is deeglik bewus daarvan dat daar toegewyde gelowiges is wat nie hulle weg oopsien om die Belydenis van Belhar as belydenisskrif te aanvaar nie. Sommiges voer teologiese redes aan, bv hulle siening van wat die aard van ‘n belydenisskrif is. Tog glo ons die tyd het wêreldwyd ryp geraak vir die kerk om die evangelie so helder as moontlik te laat weerklink oor die gelyke posisie van mense voor God. Daar is ook nie-teologiese redes waarom mense nie hierdie belydenisskrif wil aanvaar nie. Sommige sien die belydenisskrif as ‘n polities-geïnspireerde dokument en betwyfel dus die oorsprong daarvan. Die waarheid is dat die evangelie nog altyd direk ingegryp het teen politieke magsmisbruik. Sommige dink dat die aandrang om die belydenisskrif te aanvaar net gaan om eenheid met die Verenigende Gereformeerde Kerk. Hoewel die herstel van die eenheid met die Verenigende Gereformeerde Kerk vir ons eie getuienis en van die kerk in die algemeen van baie groot belang is, kan ‘n kerk nooit ‘n belydenisskrif aanvaar vir enige ander rede as om oor die waarheid van die evangelie te getuig nie. Ons diepste motief is die waarheid wat gehoor en geleef moet word waar en wanneer dit misken word.

Die Belydenis van Belhar is ‘n kosbare geskenk aan die kerk wat aan ons woorde gee om prontuit te sê dat die evangelie ‘n nuwe hemel en nuwe aarde in die oog het waarin God se geregtigheid en versoening in en deur Jesus Christus die verhoudinge tussen mense bepaal.

**Die Algemene Sinode en Belhar**

Die Algemene Sinode het reeds in 1998 besluit die sinode “aanvaar dat die Belydenis van Belhar op sigself genome nie met die Drie Formuliere van Eenheid in stryd is nie”, en ook die sinode “aanvaar ter wille van die

eenheidsproses en sy getuienis die wesenlike inhoud van die Belydenis van Belhar”.  Nogtans het die sinode verklaar dat, “op grond van die kommentaar wat ontvang is van lidmate en kerkvergaderinge... die Belydenis van Belhar nie op die oomblik as vierde belydenisskrif aanbeveel kan word nie”. Die Algemene Sinodes van 2002 en 2004 het hierdie besluit bevestig en in 2007 is geen spesifieke besluit oor die Belydenis van Belhar geneem nie. Dus is die amptelike posisie van die NG Kerk steeds dié van 1998: Die NG Kerk aanvaar die wesenlike inhoud van die Belydenis van Belhar, maar meen nie ons kan dit as belydenisskrif  aanvaar nie.

**Waarom het die Algemene Sinode tot nou toe die inhoud van die Belydenis van Belhar aanvaar, maar gehuiwer om dit as ’n belydenisskrif te aanvaar?**
Daar is historiese, pastorale en teologiese redes waarom die Algemene Sinode tot dusver nie sy weg oopgesien het om die Belydenis van Belhar as belydenisskrif te aanvaar nie.
Daar is hoofsaaklik vier teologiese redes wat aangevoer word nl: 1) dat dit wat die Belydenis van Belhar bely, alreeds deur die ander drie belydenisskrifte bely word; 2) dat die Belydenis van Belhar oor etiese sake praat en nie oor die kern van die evangelie nie, 3) dat die Belydenis van  Belhar nie op ’n ekumeniese sinode (bestaande uit verskillende kerke) aanvaar is nie en 4) dat ’n belydenisskrif lidmate onder dwang sal plaas.

**Die moderamen oordeel dat nie een van die vier redes grondig genoeg is om die kerk te verhoed om die Belydenis van Belhar as belydenisskrif te aanvaar nie:**
***Eerstens*** is die moderamen van oortuiging dat ons kerk se drie belydenisskrifte wel die Belydenis van Belhar se oortuiging oor die eenheid van die kerk, versoening en geregtigheid deel, maar dat dit nie voldoende  hierin  aan die orde kom nie, en dat die Belydenis van Belhar  wat oor hierdie sake handel ‘n noodsaaklik toevoeging is.
Die Nederlandse Geloofsbelydenis praat wel  in artikels 27 tot 29 in die algemeen oor die kerk, en die Heidelbergse Kategismus in antwoorde 54 en 55 oor die gemeenskap van die heiliges. Hierdie belydenisskrifte is geskryf in die tyd van die hervorming en handel dus, in die konteks van die reformasie, met sake soos regverdiging deur geloof en ander kwessies wat indertyd ter sprake was.
Die Belydenis van Belhar is geskryf in ’n tydsgewrig waarin die eenheid van die kerk, versoening tussen gelowiges en geregtigheid in die samelewing bedreig word, en formuleer daarom sy getuienis  oor wat die Bybel oor hierdie sake sê uitgebreid en noukeurig.

***Tweedens*** is die moderamen daarvan oortuig dat die eis om die eenheid van die kerk, versoening tussen mense en geregtigheid vir alle mense tot die kern van die evangelie behoort. ‘n Dankbare en gehoorsame lewe aan God is trouens ondenkbaar sonder ‘n besondere klem op hierdie kernaspekte van die evangelie. Ons is  terselfdertyd ook deeglik bewus van die verdeeldheid van gelowiges wat eenders glo, maar op grond van eie belang, vooroordele, wantroue, liefdeloosheid en allerhande menslike voorkeure, en tot nadeel van die getuienis van die kerk, in afsondering van mekaar leef.
Die moderamen is oortuig dat die Belydenis van Belhar nie net etiese tekortkominge afwys nie, maar wel die verdeeldheid en haat, vooroordeel en agterdog, kwaadpraat en ontrou, wat in die samelewing heers, dit terwyl die evangelie ons oproep tot ‘n alternatiewe lewenstyl van versoendheid. Die wyse waarop mense steeds daagliks  in ons land en in die wêreld geminag, onteer, misbruik en met magsmiddele gemanipuleer word, stry teen alles wat die evangelie leer oor God se liefde, genade en geregtigheid vir alle mense.

***Derdens***  is die moderamen oortuig dat die Belydenis van Belhar wel die goedkeuring van baie ander kerke geniet. Ons is opgewonde daaroor dat baie gereformeerde kerke, asook kerke van ander tradisies elders in die wêreld, die Belydenis van Belhar as belydenisskrif aanvaar het.  Ons roep ook ander belydende kerke op om oorweging te skenk aan die aanvaarding van hierdie belydenis.

***Vierdens*** is die moderamen oordeel dat niemand gedwing kan word om ‘n belydenisskrif te aanvaar nie. ’n Belydenisskrif is nie ’n stok om mee te slaan nie, maar ’n staf om mee te gaan. Ons vertrou egter dat die Algemene Sinode en  ook gemeentes en sinodes ruimte sal maak vir gelowiges soos ons in wie se harte hierdie belydenis leef, om dit amptelik saam met die Drie Formuliere van Eenheid te kan bely. Ons vertrou dat namate die oortuigings van die Belydenis van Belhar saam met ons ander belydenisse in ons kerklike  lewe neerslag vind, meer en meer gelowiges die waarde en die krag daarvan sal besef. Ons is  ook daarvan oortuig dat die aanvaarding van die belydenisskrif ‘n kragtige bydrae sal lewer tot ons kerk se getuienis teenoor die komplekse samelewing van ons dag.

**Kerkordelike vereistes**
Die Moderamen is deeglik bewus van die **kerkordelike vereistes** vir die aanvaarding van ‘n nuwe belydenisskrif. Die Algemene Sinode word versoek om  hieraan gevolg te gee en te verseker dat die bepalings van die Kerkorde nagekom word. Die moderamen stel daarom voor dat die Sinode van Wes-en Suid-Kaapland die Algemene Sinode versoek om nou voort te gaan met die neergelegde proses om die Belydenis van Belhar as belydenisskrif van die Nederduitse Gereformeerde Kerk te aanvaar.

**Ten slotte**
Die Moderamen is daarvan oortuig dat die kerk met die aanvaarding van die Belydenis van Belhar helder en duidelik oor die Bybelse eis van eenheid geregtigheid en versoening behoort te getuig.
**Jesus is Here!**

**2 Belangrike vrae en antwoorde aangaande die Belydenis van Belhar**
Nadat die moderamen die voorstel aanvaar het dat die Algemene Sinode (AS) versoek gaan word om die Belydenis van Belhar as volwaardige belydenis van die NG Kerk te aanvaar, is daar uiteenlopende reaksies van lidmate ontvang. *Die moderatuur wil dit graag duidelik stel dat ons die reg op vrye mening erken en die werklikheid van diverse menings binne een kerk respekteer en aanvaar.* Dit is egter duidelik dat daar baie onduidelikhede en verwarring rondom die Belydenis van Belhar bestaan wat sterk reaksie ontlok. *Die doel van hierdie skrywe* aan lidmate is om lig te werp op van die vrae en opmerkings wat soms gehoor word:

**2.1 Waarom nou weer oor die Belydenis van Belhar praat? Is dit maar net om die VG Kerk, wat hierdie geweer voor ons kop hou, ter wille te wees?**
`n Belydenis kan nooit aanvaar word omdat iemand anders dit van jou verwag nie.`n Belydenis is `n persoonlike oortuiging. Ons is oortuig daarvan, dat wat nou van ons gevra word, `n prinsipiële, teologiese gesprek oor die Belydenis van Belhar moet wees. Die gesprek moet op eie bene staan en mag nie gedryf word deur verwagtinge uit die VGK nie.

Daar is leraars en lidmate in ons midde wat reeds `n baie lang pad met Belhar kom. Daar is baie van ons vir wie die Belydenis van Belhar 'n eie saak geword het. Ons moet onthou dat daar reeds in 1990 `n voorstel voor die Kaapse sinode gedien het om die Belydenis as volwaardige belydenis te aanvaar. Die voorstel is destyds met enkele stemme afgestem, maar daar is wel deur die sinode beslis dat daar teologies niks met die inhoud verkeerd is nie.

Alhoewel dit na `n oënskynlike teenstrydigheid mag klink, is daar tydens die moderamen se debat oor die besluit onder andere gesê dat ons juis die gesprek oor die belydenis wil losmaak van die huidige gesprek oor kerkeenheid met die VGK. Dit is wel so dat Belhar baie duidelik en onomwonde oor sigbare eenheid praat maar nêrens self ‘n model voorskryf nie. Die debat oor Belhar gaan dus beslis nie in die eerste plek oor *hoe die model* vir kerkeenheid moet lyk nie. Dit wil wel baie duidelik van die teologiese vertrekpunte waarmee die NG Kerk in hierdie dae behoort te funksioneer, uitklaar.

*Dit is ons oortuiging dat ons huidige belydenisskrifte wel oor eenheid, geregtigheid en versoening praat, maar nêrens so duidelik en reguit soos Belhar nie. Dit is daarom ons diepe oortuiging dat Belhar die teologiese skat wat daar binne die gereformeerde tradisie bestaan op ‘n unieke manier aanvul en verryk, juis vir die tyd waarin ons leef.*

Dit is al meermale gesê, maar laat ons dit weer sê: Dit is so dat Belhar opgestel is in `n tyd toe die opstellers en vroeë aanvaarders daarvan intense onreg ervaar het. Onreg is egter steeds deel van ons samelewing – op talle vlakke van die samelewing. Daar is tans ook baie NG Kerklidmate wat ly as gevolg van onreg. Ons is oortuig daarvan dat Belhar ’n tydlose belydenis is wat op veel meer kontekste van toepassing gemaak kan word. Ons sien dit ook in die feit dat talle kerke van regoor die wêreld die belydenis reeds aanvaar het of in ’n proses is om dit te aanvaar.

**2.2 Het ons nie reeds genoeg belydenisse nie?**
In ‘n sekere sin het ons die vraag reeds hierbo geantwoord, maar ons voeg graag die volgende by. Oor `n baie belangrike deel van die besluit van die moderamen is daar tot dusver nie in die openbare media gerapporteer nie, naamlik, dat die moderamen ook bekommerd is oor *die rol wat ons bestaande belydenisse tans in die kerk speel of nie speel nie.* Ons is byvoorbeeld daarvan oortuig dat min lidmate regtig nog vertroud is met die inhoud daarvan. Die vraag word ook veral deur sommige jonger lidmate gevra of die kerk in dié dae nog erns moet maak met belydenisse. Die moderamen het gevoel dat die tyd aangebreek het dat die kerk ernstig hieroor praat. In tye waar daar talle kompromieë aangegaan word oor die waarheid is daar gevoel dat daar ook nou duidelik gepraat behoort te word oor ander kernsake van die geloof.

Uit die geskiedenis blyk dit duidelik dat daar van die vroegste tye, juis vanweë die uitdagings wat die oomblik soms rig, groot erns met belydenisse gemaak is in die kerk. Nie alle gelowiges het altyd eenders oor belydenisse, belydende verklarings en die status daarvan gedink nie. Oor alle eeue heen het dit egter die kerk vergesel en begelei. Vir lank het die oer-Christelike belydenis: ***Jesus Christus is die Heer***, die vroeë kerk gerig. Daar was ook die belydenisse van Athanasius, Nicea en Chalcedon. In die Gereformeerde wêreld spesifiek vind ons die Drie Formuliere van Eenheid (Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB), Heidelbergse Kategismus (HK) en die Dordtse Leerreëls). Binne die Lutheraanse tradisie vind ons die Augsburgse Konfessie en Luther se Kategismus. Dan is

daar nog die Barmenverklaring van 1934, en die Presbyterian Confession van 1967. Hierdie is maar enkele voorbeelde.

In die Formuliere van Eenheid word omskrywings gegee van hoe die kerk onder andere dink oor God, die persoon van Christus, die Heilige Gees, die Skrif, die skepping en sondeval, maar dan ook die verlossing in Christus, die kruisiging en opstanding, die uitverkiesing, die wet en dissipline, heiligmaking, volharding, die ware kerk en die sakramente. Hierdie "antwoorde" is veral gegee in reaksie op wat die kerk gemeen het dwalinge in daardie tyd en konteks hieroor was. Die kerk het gevoel dat die hart van die evangelie op die spel is en dat daar ernstig en reguit hieroor gepraat moet word. In die jare tagtig het daar `n belydende stem uit ons eie konteks weerklink wat onomwonde sê dat die kerk ewe reguit en duidelik moet praat oor eenheid, die versoening van mense onderling met mekaar en geregtigheid. Dit word nie tans so in ons bestaande belydenisse omskryf nie. Soos oor alle eeue glo ons egter dat die Skrif ons rig en dat die kerk `n verantwoordelikheid het om helder en duidelik te getuig oor sake wat ons lewe en samelewing tot op die been raak. Ook hieroor wil ons dus praat en bely.

Ons glo dat die Belydenis van Belhar ons op `n verrassende manier kan help om oor veel meer as net die inhoud daarvan te praat. Gelowiges skuld mekaar die gesprek dringend. Ons glo dat Belhar ons kan help om met `n evangeliese stem reguit oor die uitdagings van ons dag te praat, maar terselfdertyd die kern-waarhede van ons geloof te herwin.

**2.3 Gaan ons dit nou in die kerk moet opsê?**
Nee, ons voorsien dit nie, net soos wat ons ook nie ons bestaande drie formuliere van eenheid opsê nie (HK, NGB en Dordt). Ons sê wel steeds die Apostoliese geloofsbelydenis op. So was dit deur die jare en is dit op die oomblik. Belhar is nie bedoel om opgesê te word nie, maar om, soos ons ander belydenisse, *uitgeleef* te word. Ons sal waarskynlik wel daarvan wil leer, omdat dit so Bybels is en deur tientalle Skrifgedeeltes gerugsteun word. Die temas wat aangeraak word, is immers so ontsaglik belangrik vir ons dag.

**2.4 Roep Belhar mense op om met geweld op te staan teen die staat?**
Die *Belydenis van Belhar* bestaan uit 5 artikels. Dit begin met die verklaring van ons geloof in die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees. Daarna volg drie artikels wat handel oor die temas van 1) die eenheid van die kerk, 2) die oproep tot versoening en 3) die verbintenis tot geregtigheid. Dit word met Bybels-teologiese formulerings uitgewerk, terwyl die laaste artikel soos volg lui:

**"**Ons glo dat die kerk geroep word om dit alles te bely en te doen, in gehoorsaamheid aan Jesus Christus sy enigste Hoof, al sou ook die owerhede en verordeninge van mense daarteen wees en al sou straf en lyding daaraan verbonde wees. (Ef 4:15-16, Hand 5:29-33, 1 Pet 2:18-25, 1 Pet 3:15-18). Jesus is die Heer. Aan dié enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, kom toe eer en heerlikheid in ewigheid."

Om hieruit – en veral in die konteks van die voorafgaande drie artikels – af te lei dat hierdie belydenis "opstand teen die staat/regering" bepleit, is 'n totaal en al wanvoorstelling van die *Belydenis van Belhar*. Hierdie aangehaalde sin druk eenvoudig die vaste oortuiging uit dat met hierdie belydenis die hart van die Evangelie van Jesus Christus op só 'n wyse op die spel is dat dit die Christen-geloofsgemeenskap oproep tot volharding daarmee, selfs al sou dit beteken dat ons daardeur bepaalde lyding op onsself bring. En dis presies wat met Jesus self gebeur het: die kruisdood.

**2.5 Belhar is `n politieke ("UDF") geskrif wat deur Allan Boesak geskryf is.**
Die ontstaangeskiedenis van die Belydenis van Belhar kan teruggevoer word na gesprekke onder teologiese studente aan die UWK in die laat sewentiger jare en wat later uitgeloop het in 'n beskrywingspunt aan die sinode. Hieruit het die versoek om die opstel van 'n belydenis gevolg. Dr. Boesak was deel van die kommissie wat daaraan moes werk, maar (en dit is welbekend) die belydenis is in wese een nag tydens die sinode deur prof Dirkie Smit geskryf, daarna deur die hele kommissie, wat bestaan het uit prof Gustav Bam (sameroeper), prof Jaap du Randt, dr Dirkie Smit, ds Izak Mentor (moderator) en dr Allan Boesak (assessor), verfyn en na die sinode geneem. **Wat egter belangriker is**, is dat dit 'n besluit van 'n kerkvergadering was (die sinode van die NG Sendingkerk) en nie 'n besluit van enkelinge nie.

**2.6 Wanneer gaan die NGK leer om eers (lands-) politiekery te staak en eerder te konsentreer op die "Koninkryk"?**
Ons dink dit is 'n baie gevaarlike teenstelling. Die Evangelie van Jesus Christus maak dit baie duidelik dat die lot van gewone mense vir God ongelooflik belangrik is. Dit is presies waaroor die profete gegaan het. Gaan lees maar weer Amos, Miga en al die ander. Dit was in die dag intense (lands)politiek wat aangespreek is EN die profete is daarvoor verguis. Toe die NG Kerk in die dertigerjare die armblanke kwessie aangespreek het en politici na hul vergaderings genooi het, het geen haan daarna gekraai nie. Toe was dit reg, want dit het "ons" mense en "ons" belange geraak. Belhar spreek dieselfde kwessies aan, maar dié keer net vir almal – regoor die wêreld! – en wel in suiwer Bybelse en teologiese (selfs gereformeerde as jy wil) taal. Die Koninkryk van God het baie kante. Ons erken

die wesenlike belang van Matt. 28: Jesus se laaste woorde, maar daar is ook ’n Luk 4 :18-19, van Jesus se *eerste* woorde...

**2.7 Waarom nou die saak weer op lidmate af forseer?**
Die moderamen het gevra dat die Algemene Sinode oor Belhar ’n besluit moet neem. Dit was ’n 100% kerkordelik-korrekte versoek (Sien Art 6.1 van prosedures re AS). Art 44 van die Kerkorde (KO) bepaal ook baie duidelik hoe dinge nou moet verloop. Art. 44 is ook ’n sogenaamde “verskanste artikel” wat dit onmoontlik maak dat enigiets op lidmate af forseer word. Ons stel voor dat diegene wat daaroor bekommerd is hulself deeglik van die inhoud van die artikel vergewis. Die moderamen versoek nou die AS om die korrekte prosedure te volg. Ons glo dat leierskap ’n verantwoordelikheid het om leiding te gee. ’n Mens hoor die versugting deesdae dikwels. Dit is ons roeping en dit is wat ons nou doen.

**2.8 Moet die VGK nie eerder voor hulle eie deur vee nie?**
Ja, natuurlik moet ons elkeen voor ons eie deur vee. Voor ons deur gaan dit egter nooit skoon kom as ons heeltyd na ander se deur sit en kyk nie. Die moderamen het hul eie frustrasies met onder andere die moratorium wat die VGK oor gesprek met die NGK uitgeroep het. Die VGK is egter nie die punt nie! Dit is nou ons en die Liewe Here. Is ons gereed om regtig met hart en siel ’n strewe na eenheid, versoening en geregtigheid in die land te na te jaag? Ons is absoluut oortuig daarvan dat die wêreld die Belydenis nou nodig het! Elke dag se koerant en nuus bevestig die verskriklike konflik wat oral heers. Belhar wil in eenvoudige taal sê dat Christus se versoeningswerk die onmoontlike moontlik maak. Belhar wil eintlik net sê dat diegene wat dink dit is nie moontlik nie en ander (politieke planne) maak om ’n mensgemaakte orde te probeer skep, dit verkeerd het.

**2.9 ’n Laaste gedagte:**
Ons hele land en samelewing het heling nodig. Ons dink dat die Belydenis van Belhar die NGK se Rubicon is om heel te raak van die wonde van die verlede. Ons sukkel steeds meer daarmee as wat ons self sal wil erken. Die emosionele reaksie van sommige mense op die hernude bekendstelling van Belhar, bevestig DIT. Iemand vra nou die dag: “Kan ons nie maar net ’n klipstapeltjie pak, ’n os slag en aangaan nie?” Wel, ons dink Belhar is ons klipstapeltjie! Dit sal ons help om met waardigheid en integriteit na die ongeregtighede van die verlede te leef. Dominees sal met nog groter vrymoedigheid kan preek oor eenheid, versoening en geregtigheid - nie polities korrek nie - maar soos die Evangelie ons leer! Belhar sluit af met die woorde: *Jesus Christus is die Heer!* Dit bly ons diepste oortuiging.

## B.4 LEERDWALING
**(VRYSTAAT)**

*In die lig van langdurige en herhaalde uitsprake van leraars en leiers wat afwyk van die gereformeerde verstaan van die Skrif, soos dit in die Belydenisskrifte saamgevat en verduidelik is, en die onnoembare skade wat dit aan die geloofservaring van lidmate en die beeld van die NG Kerk veroorsaak, versoek die Moderamen van die NG Kerk in die Vrystaat die Algemene Sinode om dringend aan hierdie saak aandag te gee en na weë te soek om die leerstellige vrysinnigheid te bekamp.*

## B.5 ABORSIE
**(VRYSTAAT)**

*In die lig van die toenemende aantal tienerswangerskappe en groot getal aborsies wat jaarliks in SA plaasvind, gee die Algemene Sinode opdrag aan ATLAS om ‘n ondersoek te doen oor die hele aangeleentheid.*

**MOTIVERING**
Die Moderamen van die NG Kerk Vrystaat het weereens onder die indruk gekom van die groot aantal aborsies wat jaarliks uitgevoer word en steeds toeneem en dien daarom die bogenoemde beskrywingspunt in vir behandeling deur die Algemene Sinode.
Die standpunt en besluit van die Algemene Sinode soos geneem in 1982 mbt aborsie word deur die Vrystaatse Moderamen onderskryf en terselfdertyd word ‘n beroep gedoen op die owerheid om te herbesin oor die groot aantal aborsies wat daagliks op willekeurige wyse uitgevoer word.
*Besluit Algemene Sinode 1982 mbt aborsie:*
*Die Sinode bevind, in die lig van die Skrifgegewens en die stand van wetenskaplike gegewens, dat aborsie ontoelaatbaar is. In die hoog uitsonderlike gevalle van volkome onafwendbaarheid, bly dit nog steeds ‘n saak wat nie volgens God se geopenbaarde wil is nie en daarom slegs met diepe worsteling, skuldbelydenis, pyn en onder felle protes aanvaar kan word.*

## B.6 BEFONDSING ALGEMENE SINODE
**(OOSTELIKE SINODE)**

*Die Algemene Sinode besluit dat die fondse vir die werk en bedryf van die Algemene Sinode sover as moontlik uit die beleggingsopbrengs van die Algemene Sinode voorsien word.*

**MOTIVERING**

1. Die werksaamhede van die Algemene Sinode word tans geherstruktureer. Dit skep die geleentheid om koste te verminder en slegs op die noodsaaklike te fokus. Hierdeur word uitdrukking gegee aan die feit dat hoe verder ’n vergadering van ’n gemeente verwyder is, hoe minder permanensie behoort daar te wees en hoe minder behoort die koste daarvan te wees.
2. Die koste vir die Algemene Sinode word uit sinodale bydraes befonds – wat van gemeentes afkomstig is. Gemeentes verkeer onder druk, sodat die oorhoofse koste soveel moontlik verminder behoort te word.
3. Die omvang van die beleggings van die Algemene Sinode maak dit moeilik aanvaarbaar dat gemeentes en Sinodes wat onder druk is, steeds ’n wesenlike bydrae vir hierdie werk moet lewer.
4. Meeste van die werksaamhede van die Algemene Sinode is so ver verwyderd van die gemeentes dat dit selde, indien ooit, enige waarde aan die gemeentes toevoeg.
5. Die Algemene Taakspan Fondse tree met die betrokke taakgroepe van die tien Sinodes in gesprek oor hoe om die besluit so spoedig moontlik te implementeer.

## B.7 AFTREE-OUDERDOM VAN PREDIKANTE
**(NOORDELIKE SINODE)**

*Die Algemene Sinode herroep sy besluit van 1986 oor die aftreeouderdom van predikante en vervang dit met die volgende:*
*1 Die aftree-ouderdom van persone wat na 14 Oktober 2011 tot die bediening in die NG Kerk toegelaat word, is 70 jaar.*
*2 Die aftree-ouderdom van persone wat vroeër tot die bediening toegetree het, bly steeds 65 jaar tensy ‘n nuwe ooreenkoms met sy/haar kerklike werkgewer onderhandel word in welke geval die aftree-ouderdom hoogstens 70 jaar kan wees.*
*3 Kerkrade en ander kerklike werkgewers word versoek om dit vir leraars moontlik te maak om na die ouderdom van 65 steeds in die bediening voort te gaan en om hulle pensioenkontribusies in stand te hou. Kerkrade en ander kerklike werkgewers kan egter, as deel van die onderhandelinge rakende ‘n hoër aftree-ouderdom, sekere vereistes vir voortgesette dienslewering stel.*
*4 Vereistes wat gestel kan word sluit in ‘n bewys van genoegsame gesondheid, byvoorbeeld deur die jaarlikse indiening van ‘n mediese sertifikaat, asook ‘n bewys van suksesvolle deelname aan die program vir voortgesette bedieningsontwikkeling. Werkgewers kan ook spesifieke kritiese prestasie areas stel waaraan die leraar in sy/haar dienslewering moet voldoen.*
*5 Die ooreenkoms wat ‘n hoër aftree-ouderdom moontlik maak kan op ‘n termynbasis bepaal word wat byvoorbeeld jaarliks heroorweeg sal word.*
*6 Alle gevalle van gewysigde diensooreenkomste moet deur die ring goedgekeur en gemoniteer word. Ringe moet veral seker maak dat die leraar se dienslewering steeds tot voordeel van die gemeente se bediening is.*

**MOTIVERING**
**1 Agtergrond**
1.1 Na aanleiding van ‘n beskrywingspunt vanaf die “Sinodale Kommissie Wes-Kaapland” het die Algemene Sinode, op aanbeveling van die Tydelike Kommissie vir Ampsbediening en Evangelisasie, in 1982 besluit om die aftree-ouderdom van leraars van gemeentes en predikante in sinodale diens op 65 te stel. Die kwalifisering in die beskrywingspunt (“… mits hy na die oordeel van die kerkraad/kommissie in goeie gesondheid verkeer en in staat is om sy pligte behoorlik na te kom”) is nie deur die tydelike kommissie of die sinode gevolg nie. Al beperking wat gestel is, was dat “hierdie die reëling slegs betrekking het op persone wat na 1 April 1983 in diens van die Kerk tree.” (Handelinge 1982:1436:6)
1.2 In 1986 het die Sinodale Kommissie OVS in ‘n beskrywingspunt gevra insake regsadvies of die verpligte aftree-ouderdom van 65 jaar ook verpligtend gemaak kan word op predikante wat voor 1 April 1983 in diens getree het. Op aanbeveling van die Tydelike Regskommissie is die aftree-ouderdom van alle leraars van gemeentes, predikante in sinodale diens en aan inrigtings verbonde, op 65 jaar gestel. Saam met hierdie besluit is ‘n aantal bykomende besluite geneem wat hoofsaaklik met regstegniese aspekte oor die infasering van die besluit te doen het. (Handelinge 1986:712:64).
1.3 Ongelukkig word die motivering(s) vir die twee besluite nie in die agendas of handelinge weergegee nie. Waarskynlik was daar twee belangrike oorwegings, naamlik dat die groot aanbod van proponente meer vakatures noodsaaklik gemaak het, en tweedens dat die pensioenfondse vir hulle eie doel vaste aftreeouderdomme bepaal het.

**2 Veranderings sedert 1986**

2.1 Sedert bogenoemde besluite geneem is, het daar 'n aantal veranderings ingetree wat dit nodig maak om weer die meriete van die 1982- en 1986-besluite te toets.

2.2 Die algemene lewensverwagting (in die besonder van diegene wat reeds die ouderdom van 60 jaar bereik het) het die afgelope paar dekades weens verskeie redes baie toegeneem. 'n Ouderdom van 65 in 2011 is nie sonder meer dieselfde as in die 1980's nie.

2.3 Hiermee saam het 'n tendens van algemene veroudering van die samelewing en die NG Kerk gevolg. Die bedieningsbehoeftes aan die ouer lidmate bring nuwe perspektiewe ten opsigte van die ouderdom van die bedienaars van die Woord.

2.4 In die 1980's was daar 'n ooraanbod van proponente. Die situasie het intussen so verander dat daar selfs 'n tekort aan predikante verwag word.

2.5 Die pensioenfondse is almal van vaste voordeelfondse na vaste bydraefondse verander. Predikante ontvang dus net 'n bepaalde pensioenwaarde by emeritaat wat dan belê moet word ten einde die nodige pensioen te voorsien. Moontlike inflasie-aanpassings word nie meer aangebied nie.

2.6 Waar sinodes vroeër emeriti se mediese premies gesubsidieer het, word hierdie reëling tans oral uitgefaseer. Waar sinodes dit reeds uitgefaseer het, is daar wel meestal kompenserende reëlings getref.

2.7 Die effek van die veranderings in 2.2.4 en 2.2.5 genoem is dat die verantwoordelikheid vir 'n predikant se versorging na emeritaat nou volledig na hom/haarself oorgedra word. Dit is 'n verstaanbare praktiese reëling maar moet gesien word teen die agtergrond van die beginsel dat "die kerk" vir 'n leraar se lewensonderhoud verantwoordelikheid neem.

2.8 Die Predikante Pensioenfonds (PPF, Transvaalse sinodes) het sy reglement gewysig om dit moontlik te maak dat 'n predikant tot op 70 jaar bydraes kan maak.

2.9 Die Algemene Sinode het in 2007 besluite geneem wat inhou dat daar reeds 'n presedent geskep is oor die moontlikheid dat 'n leraar tussen 65 en 70 nog beroepbaar is (vgl KO art 11, begeleidende besluit 11b2).

**3 Tendense**

3.1 Dit is 'n wêreldwye tendens dat mense al ouer word en ook dat die bejaardes 'n al groter persentasie van die totale bevolking begin word. Dit het onvermydelik 'n effek op sake soos mediese kostes en bydraes tot mediese fondse. Dit is in belang van die hele samelewing dat 'n bejaarde so lank as moontlik selfversorgend (ook finansieel selfversorgend) sal wees.

3.2 Saam met die hoër lewensverwagting kom ook die feit dat bejaardes langer gesond is en dus ook langer produktief kan wees. Ouer persone beskik dikwels oor besondere kundigheid wat nie sonder meer verlore kan gaan nie. 'n Voorbeeld: in die "bloudruk" vir arbeidsbeleid van die Europese Unie (European Employment Strategy) word dit as 'n prioriteit gestel dat indiensneming verhoog moet word. Reeds in 2000 by die Lissabon spitsberaad is by regerings van alle lidlande aangedring om enige bestaande aftree-ouderdom met vyf jaar te verhoog. Hierdie noodsaak is by elke daaropvolgende spitsberaad weer bevestig. (Opmerking: grondliggend tot die EES se aandrang is onder meer die druk wat "werklose" bejaardes op die land se ekonomie plaas.)

3.3 In verskeie lande is daar 'n debat of 'n verpligte aftree-ouderdom nie diskriminasie teen bejaardes is nie. 'n Voorbeeld: die Verenigde State het reeds in 1967 in die Age Discrimination in Employment Act werkgewers verbied om werknemers te verplig om voor 65 af te tree. In 1978 is die perk verhoog na 70 en in 1986 is alle ouderdomsbeperkings volledig geskrap. (Opmerking: soos met enige wet het ook hierdie wet baie uitsonderings – maar die kern is dat 'n persoon wat in staat is om 'n sekere werk te doen nie verhinder kan word bloot omdat hy/sy te oud of te jonk is nie.)

3.4 In 'n belangrike studie wat in 2003 vir die Britse Departement van Handel en Nywerheid gedoen is, word aangetoon dat funksionaliteit min verskil tussen die ouderdomme 65 tot 70. Soos dit in die verslag gestel word: "An important part of the overall context to this discussion is the general health and capacity context within which the retirement debate is operating. Serious incapacity tends to be concentrated in the last two years of life, and those two years of incapacity are happening later as life expectancy rises. The prevalence of severe disability before the age of 80 is falling. Thus, the number of years that older people can expect to live without disability is increasing. In Britain, at age 65, life expectancy free of severe disability is now 11.8 years for men and 15 years for women. People are generally physically and mentally fit to work up to the age of 70. Dementia is rare before this age. It starts to develop in the 70s, so that by the age of 80 around five per cent of the population have dementia. After the age of 80, the incidence grows rapidly." (Pamela Meadows: Retirement ages in the UK: a review of the literature. Employment Relations Research Series No.18.)

**4 Voordele en risikos indien die aftree-ouderdom verhoog word**

4.1 Daar is baie voordele vir 'n leraar indien hy/sy nie verplig word om op 65 te emeriteer nie maar tot 70 kan voortgaan:

4.1.1 Die eerste voordeel is bloot finansieel. Eerstens kan hy/sy nog sowat 5 jaar lank 'n volle vergoedingspakket ontvang. Tweedens kan hy/sy vir nog vyf jaar tot die pensioenfonds bydra. Hierdie vyf jaar kan weens die effek van saamgestelde rente 'n verskil van meer as 50% op sy totale pensioenwaarde beteken!

4.1.2 'n Tweede voordeel is dat die emeritus se "tyd van werkloosheid" heelwat minder word. Die gemiddelde ouderdom van pensioenarisse van die PPF is tans byna 88 jaar. Dit beteken dat 'n leraar gemiddeld 23 jaar na sy/haar emeritaat leef en basies net sy/haar pensioenopbrengs as inkomste het.

4.1.3 Heelwat leraars word na emeritaat deur gemeentes as pastorale helpers (en volgens KO Art 11 2b2 ook as kontrakleraars) gebruik. Dit is goed vir die leraar se finansiële posisie en ook vir sy/haar gevoel van bruikbaarheid – maar dit stel hom/haar nie in staat om sy bydraes tot die pensioenfonds in stand te hou nie. Indien 'n leraar langer tot die pensioenfonds kan bydra, kan dit vir hom/haar meer sekuriteit en sinvolheid van lewe inhou. 'n Langer werktyd kan uit die aard van die saak ook beteken dat hy/sy vir 'n langer tyd 'n bydrae tot die kerk se bediening kan maak.
4.2 Vir gemeentes is daar egter groot risikos:
4.2.1 Baie gemeentes kan nie wag dat hulle leraar tog uiteindelik 65 kan word en met 'n nuwe leraar vervang kan word nie.
4.2.2 Dit kan gebeur dat 'n leraar teen 65 in 'n gemaksone ten opsigte van sy/haar bediening kom en nie meer in staat is om sy/haar gemeente kreatief te begelei nie. Dit is veral die geval waar 'n leraar reeds vir 'n lang tydperk aan die betrokke gemeente verbonde is.
4.3 Indien die sinode dit sou oorweeg om die aftree-ouderdom te verhoog, moet deeglik met hierdie faktor rekening gehou word. Die voordele van 'n langer dienstyd vir die leraar moet opgeweeg word teen die frustrasie en selfs langtermynskade wat die gemeente oor 'n verdere vyf jaar kan ervaar.
4.4 Dit is egter 'n legitieme vraag of die probleem die dominee op 65 is en of dit nie dalk die betrokke dominee op enige ouderdom is nie. Gemeentes se frustrasie het dikwels eerder met die leraar se funksionaliteit as met sy/haar ouderdom te doen. Hier sal die Algemene Sinode 'n ander oplossing as blote aftree-ouderdom moet vind.

**5 Die vraag is nou of dit moontlik is om die gemeentes se belange met die leraars se moontlike voordele te versoen**

5.1 Die belangrike vraag is of die leraar se funksionaliteit op 70 veel anders gaan wees as op 65. Volgens die studie waarna in 2.3.4 verwys word, is dit waarskynlik nie die geval nie. Dit word bevestig deur die gretigheid waarmee gemeentes nog van emeriti as pastorale helpers en selfs kontrakleraars gebruik maak.
5.2 Die vraag is dus eerder of gemeentes van *alle* emeriti wil gebruik maak en of dit nie dalk 'n geval is nie dat *sekere* leraars se bedieningsvaardigheid van so 'n aard is dat gemeentes huiwerig is om hulle te gebruik. Ouderdom is dan nie meer die bepalende faktor nie. Faktore soos toewyding, entoesiasme, kreatiwiteit en algemene bedieningsbevoegdheid kom dan in die spel; faktore wat deur 'n lang tyd in 'n gemeente versterk word.
5.3 Indien 'n leraar na 65 steeds in 'n gemeente wil voortgaan, sal daar duidelike vereistes moet wees waaraan hy/sy moet voldoen om moontlike frustrasie en skade in die gemeente tot 'n minimum te beperk. Twee faktore moet in aanmerking geneem word:
5.3.1 Eerstens moet die bykomende vyf jaar op geen manier die indruk van 'n "gemaksone" skep nie. Die leraar moet begelei word om van die bykomende vyf jaar 'n hoogtepunt van kreatiwiteit en entoesiasme in sy/haar bediening te maak. Sy/haar bedieningsvaardigheid moet steeds opgeskerp word, onder meer deur deelname aan die program van voortgesette bedieningsontwikkeling. Hy/sy sal ook aan sy kerkraad/werkgewer bewys moet lewer dat hy/sy steeds oor genoegsame gesondheid beskik om sy/haar werk bevredigend te doen.
5.3.2 Daarmee saam moet die waarskuwing ook uitgespreek word dat spesifieke eise wat aan leraars bo 65 opgelê word maklik as diskriminasie teen ouer persone beskou sal kan word. Indien daar op 65 gevra word of die leraar nog in staat is om die gemeente met vrug te bedien, behoort dieselfde vraag ook van 'n leraar op 55, of op 45, gevra te word.

**6 Diensooreenkomste**

Enige leraar wat na die Algemene Sinode van 1986 in diens van 'n kerkraad of ander kerklike werkgewer getree het, is volgens die sinodebesluit verplig om op 65 af te tree. Hierdie aftree-ouderdom word gewoonlik ook in die diensooreenkoms gereflekteer. 'n Blote besluit van die Algemene Sinode kan nie nou die leraar of kerklike werkgewer dwing om die aftree-ouderdom te wysig nie. Selfs al sou die sinode besluit om die aftree-ouderdom te verhoog, moet die bepaling ten opsigte van aftree-ouderdom opnuut tussen die leraar en sy/haar werkgewer onderhandel te word.

**7 Ten slotte**

Hierdie beskrywingspunt word ingedien met die hoop dat aan 'n hele aantal leraars die geleentheid gebied word om 'n beduidende bydrae tot die bediening toe te voeg – en om daarmee saam ook in hulle eie lewens groter sinvolheid en sekuriteit te ontvang.

## B.8 SONDE IN DIE GELEDERE VAN DIE REGERING
**(HOËVELD STUUR DIE VOLGENDE VAN DR SM VAN VUUREN DEUR SONDER KOMMENTAAR)**

*1. The General Synod of the Nederduitse Gereformeerde Kerk has noted with grave concern the tendency in Government circles for office bearers to enrich themselves through irregular practices eg corrupt and fraudulent dealings, "tenderpreneur" actions, the appointment of incompetent cadres in offices in statal and para-statal instances requiring highly skilled people, the abandoning by the Government of the declared policy of transparency and of accountability to the people of the Republic of South Africa, by clamping down on the media. The General*

*Synod, together with all the people of South Africa wish our country to be the non-racial democratic success story of the 21st century.*
*2. Therefore the General Synod draws the attention of the Government to the following important facts:*
*2.1 These, and other similar practices, are contrary to the Commandments of the Highest Authority, viz, the Almighty God, and are therefore sin.*
*2.2 These, and other similar sinful practices, function to the detriment of our Country and its people.*
*2.3 The poor in South Africa are the ultimate victims of these sins.*
*3. The General Synod:*
*3.1 Assures the Government of its co-operation and constant prayers in fighting these heinous crimes; and*
*3.2 Call upon the Government to refrain from these practices itself, and to take serious and effective steps to eradicate these sinful practices of its office bearers.*

**MOTIVERING**
1. Ons is almal bewus van die afgryslike sondes van korrupsie, bedrog en nepotisme wat onophoudelik en op groot skaal in regeringskringe gepleeg word. Daar word oral gekla daaroor en daar gaan talle stemme op daarteen, sommiges openlik en onbevrees, maar die Regering gaan voort asof die grootste deel van die bevolking onkundig is daaroor. Hy vrees die onthulling van sy sondes, en daarom moet die media gemuilband word. Dit is interessant dat die media tans die sterkste vegters is vir reg en geregtigheid in Suid-Afrika.
2. Die stemme wat teen die Regering se sondes opgaan, wys op die staatkundige, ekonomiese, maatskaplike en ander aspekte van die vergrype, maar die SONDE-aspek kom nooit ter sprake nie. Dit is tog die heel grootste gevaar! Daardie aspek behoort juis vir die Kerk van Christus die swaarste te weeg, want sonde bly in die oog van die Heilige God 'n gruwel wat Hy straf!
3. Maar die Christelike kerke swyg soos die graf oor al die sondes. Selfs die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, wat sulke sterk vegters was teen die "sondes" van apartheid, weet van hierdie sondes maar verhef nie sy stem daarteen nie. Die sondes botvier en die kerk aanvaar dit gelate. Sommige van die voormalige kampvegters teen apartheid in die Raad deel self daarin.
4. Het die Christelike Kerke in Suid-Afrika die stadium bereik waarteen Openbaring 11:7-10 waarsku? Verwag die Koning van die Kerk nie juis dat die NG Kerk die Woord van God laat spreek nie? Het die sout laf geword?
Dit is my oortuiging dat as die Kerk verder swyg, sy haar doodvonnis onderteken. Ek roep die Kerk op om weer waarlik Kerk van CHRISTUS te wees.

## B.9 WYSIGING VAN DIE BELYDENISGRONDSLAG VAN DIE KERK
**(WES- EN SUID-KAAP)**

Die Moderamen besluit om die Algemene Sinode te versoek om Kerkorde Artikel 44.1 en 44.2 te wysig om as volg te lees:
*"44.1 Die Algemene Sinode het die bevoegdheid om die belydenisgrondslag van die Nederduitse Gereformeerde Kerk met 'n tweederdemeerderheidstem te wysig of uit te brei (vergelyk Artikel 43.1.4).*
*44.2 Wysiging geskied nadat elke sinode afsonderlik met 'n tweederdemeerderheidstem ten gunste daarvan besluit het. Die uitslag van die stemming van die sinodes moet in elke geval, met opgaaf van die getal stemme wat uitgebring is en die getal stemme ten gunste van die mosie, en gewaarmerk deur die handtekeninge van die voorsitter sowel as die skriba, aan die Algemene Sekretaris van die Algemene Sinode gekommunikeer word op 'n datum soos vasgestel deur die Algemene Sinode."*